

LIBERTAS TOT MAHLAMBA NDLOPFU

**‘N KULTUURHISTORIESE STUDIE VAN DIE AMPSWONING VAN DIE
UITVOERENDE HOOF VAN SUID-AFRIKA IN PRETORIA, 1940-2000**

deur

Xenia Barnard

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (KULTUURGESKIEDENIS)

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2001

Leier: Prof. O.J.O Ferreira

Medeleier: Me. M. Van Heerden.

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN ILLUSTRASIES.....	V
VOORWOORD.....	IX
HOOFSTUK I.....	1
AMPSWONINGS.....	1
A INLEIDING	1
1. Praktiese funksie van ampswonings	1
2. Simboliese funksie	4
B ENKELE BEKENDE AMPSWONINGS	6
1. Die Wit Huis, Washington DC, Verenigde State van Amerika.....	6
2. 10 Downing Street, Londen, Groot-Brittanje.....	7
3. Palais de l' Elysée, Frankryk.....	9
4. Hôtel Matignon, Parys, Frankryk.....	10
5. The Lodge, Canberra, Australië.....	11
C AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA.....	12
1. Die volksplanting en begin van ampswonings in Suid-Afrika.....	12
2. Kaapprovinsie	12
a. Fort aan die Kaap die Goeie Hoop.....	12
b. Kasteel aan die Kaap die Goeie Hoop.....	13
c. Newlands, Nuweland	15
d. Tuynhuis, Tuine, Kaapstad	15
e. Groote Schuur, Rondebosch	17
f. Westbrooke, tans Genadendal, Rondebosch	20
g. Old Residency, King William's Town	22
h. Fort Selwyn, Grahamstad.....	23
3. Natal.....	23
a. Government House, Pietermaritzburg.....	23
b. King's House, Durban	24
4. Oranje-Vrystaat.....	25
a. Die Presidensie in Bloemfontein - Warden se woning.....	25
b. Die Presidensie in Bloemfontein van 1861 tot 1886.....	25
c. Die Presidensie in Bloemfontein van 1886.....	26
d. Olieenhuis, Bloemfontein	28
5. Transvaal.....	29
a. Presidensiële wonings.....	29
b. Government House, later die Presidensie, Bryntirion, Pretoria	32
6. Die woonbuurt Bryntirion	33
HOOFSTUK II.....	37
DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING WORD ONTWERP.....	37
A ONTWERP	37
1. Kompetisie vir die ontwerp.....	38
a. Besluit om die kompetisie uit te skryf.....	38
b. Algemene gebruik van kompetisies om oor ontwerpe te besluit.....	38
c. Beoordeling van die kompetisie.....	41
d. Voorwaardes vir die kompetisie	41
e. Inskrywingsprosedures	42
f. Voorwaardes met betrekking tot die toekenning van die kontrak	43
2. Akkommodasievereistes.....	44
3. Kommentaar op die kompetisie.....	45
4. Bekendmaking van die weners.....	48
5. Kommentaar op die ontwerpe	48
B GERARD MOERDYK, WENNER VAN DIE KOMPETISIE	54
1. Afkoms.....	54



2.	Opleiding	56
3.	Loopbaan	62
4.	Siening oor die boukuns	71
	a. Aard van argitektuur	71
	b. Ontwikkeling van boukuns in Suid-Afrika	73
	c. Uitsprake oor die boukuns	74
5.	Geskille met die Departement van Openbare Werke	76
	a. "Verengelsing" van die Departement	76
	b. Onnodige oprigtingskoste van staatsgeboue	78
	c. Aanstelling van buitelandse argitekte	78
	d. Gebruik van onvanpaste boumateriaal	80
	e. Opslae in die Parlement	80
6.	Moerdyk se oorspronklike wenontwerp vir die eerste-ministerswoning	83
7.	Kritiek op die ontwerp	86
8.	Wrywing met die Departement van Openbare Werke	87
HOOFSTUK III		90
OPRIGTING VAN DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING		90
	A AANVANG VAN DIE BOUWERK	90
	B BOUKOSTE	92
	1. Begrote koste	92
	2. Kostebesparende veranderinge aan die oorspronklike wenontwerp	93
	C STADIGE VORDERING MET DIE BOUWERK	97
	D KLAGTES OOR DIE GEHALTE VAN DIE BOUWERK	99
HOOFSTUK IV		101
DIE VOLTOOIDE WONING TEEN 1940		101
	A DIE WONING TEEN 1940	101
	1. Die woning van buite	101
	2. Ligging van die woning	102
	3. Die voltooide woning	103
	a. Ingangsportaal	105
	b. Hoofontvangsvertrek	109
	c. Eetkamer	113
	d. Sitkamer	114
	e. Môrekamer	116
	f. Eerste Minister se studeerkamer	116
	g. Ontbytvertrek	118
	h. Galery	118
	i. Slaapkamers	119
	j. Dienstevleuel	119
	k. Tuine	120
HOOFSTUK V		123
SMUTS VERKIES DOORNKLOOF BO NUWE EERSTE-MINISTERSWONING, 1939-1948		123
	A GENL. JC SMUTS EN GESIN	123
	B SMUTS EN LIBERTAS	125
	1. Die Smutsfamilie verkies Doornkloof	125
	2. Naamgewing van Libertas	131
	3. Inrigting	134
	4. Libertas word gebruik	139
	5. Inwoners van Libertas tydens die Smuts-regering	144
	6. Smuts neem afskeid	149
HOOFSTUK VI		151
LIBERTAS WORD BEWOON DEUR EERSTE MINISTER DF MALAN, 1948-1954		151
	A DF MALAN EN GESIN	151

B	MALAN IN LIBERTAS	159
1.	Inrigting	162
2.	Personeel.....	165
3.	Voorraadopnames	165
4.	Onthale en besoekers aan Libertas.....	168
5.	Bestuur van die huishouding	169
6.	Strukturele instandhouding van Libertas.....	171
7.	Malan se uitrede uit die politiek.....	172
HOOFSTUK VII.....		174
JG STRIJDOM SE VERBLYF IN LIBERTAS KORT GEKNIP DEUR SY DOOD, 1954-1958.....		174
A	JG STRIJDOM EN GESIN	174
B	DIE STRIJDOMS IN LIBERTAS	184
1.	Inrigting	185
2.	Tuine	190
3.	Onthale en besoekers aan Libertas	191
4.	Dood van Strijdom.....	194
HOOFSTUK VIII.....		197
LIBERTAS WORD 'N WARE GESINSWONING IN DIE TYDPERK VAN DIE VERWOERDS, 1958-1966		197
.....		
A	HF VERWOERD EN GESIN	197
B	DIE VERWOERDS IN LIBERTAS	207
1.	Inrigting	211
2.	Tuine	217
3.	Personeel.....	220
4.	Voorraadopname.....	222
5.	Onthale en besoekers aan Libertas	223
6.	Vertrek uit Libertas	233
HOOFSTUK IX.....		237
GROOT VERANDERINGE AAN LIBERTAS IN DIE VORSTER-TYDPERK, 1966-1976		237
A	BJ VORSTER EN SY GESIN	237
B	DIE VORSTERS IN LIBERTAS	243
1.	Inrigting	247
2.	Tuine	258
3.	Personeel.....	260
4.	Onthale en besoekers aan Libertas	262
5.	Nuwe voorwaardes vir bewoning van die woning.....	264
6.	Veiligheidsmaatreëls.....	265
7.	Uitrede van Vorster.....	266
HOOFSTUK X		270
LIBERTAS WORD PRESIDENTSWONING IN DIE TYD VAN DIE BOTHAS, 1976-1989.....		270
A	PW BOTHA EN SY GESIN	270
B	DIE BOTHAS IN LIBERTAS.....	276
1.	Inrigting	278
2.	Tuine	283
3.	Personeel.....	283
4.	Onthale en besoekers aan Libertas	284
5.	Uitrede van Botha	287
HOOFSTUK XI.....		291

LIBERTAS WORD TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID VERKLAAR IN DIE TYD VAN DIE DE KLERKS, 1989-1994	291
A FW DE KLERK EN SY GESIN.....	291
B DIE DE KLERKS IN LIBERTAS	298
1. Libertas word tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar	300
2. Inrigting	301
3. Tuine	315
4. Personeel.....	316
5. Onthale en besoekers aan Libertas.....	318
6. Libertas moet vir Overvaal verruil word.....	320
HOOFSTUK XII	324
LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU IN DIE ERA VAN NR MANDELA, 1994-1999	324
A NELSON MANDELA EN SY GESIN.....	324
B LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU ONDER MANDELA.....	333
1. Inrigting	336
2. Tuine	343
3. Personeel.....	344
4. Onthale en besoekers aan Libertas.....	346
5. Uittrede van Mandela.....	349
HOOFSTUK XIII.....	350
MAHLAMBA NDLOPFU BELEEF 'N RENAISSANCE ONDER TM MBEKI, 1999-	350
A THABO MBEKI EN SY EGGENOTE	350
B MBEKI EN MAHLAMBA NDLOPFU.....	354
1. Vroeëre voorstelle vir die herstel van die woning.....	357
2. Benarde toestand van die woning.....	362
3. Bewaringsbeleid van die Departement van Openbare Werke rakende Mahlamba Ndlopfu.....	372
4. Herstelwerk in 1999-2000.....	374
5. Die woonbuurt verander.....	383
HOOFSTUK XIV.....	386
EVALUASIE VAN LIBERTAS, TANS MAHLAMBA NDLOPFU.....	386
A KRITIEK OP MOERDYK SE ONTWERP.....	386
B VOLDOEN DIE WONING AAN MOERDYK SE EIE VEREISTES?	388
C VOLDOEN DIE WONING AAN DIE VEREISTES VIR 'N AMPSWONING?	390
D VOLDOEN MAHLAMBA NDLOPFU AAN DIE VEREISTES VIR 'N GESINSWONING?	395
E VERGELYKING MET ANDER AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA	398
1. Groote Schuur	398
2. Presidensie, tans die presidensiële gastehuis.....	400
3. Westbrooke, tans Genadendal.....	401
F WAT IS DIE HISTORIESE BETEKENIS VAN MAHLAMBA NDLOPFU?	402
BRONNE.....	404
OPSOMMING.....	420
SUMMARY	422

LYS VAN ILLUSTRASIES

Figuur Verkorte byskrif

Figuur 1: Die ampswoning van die Amerikaanse president, die Wit Huis, Washington DC.....	6
Figuur 2: 10 Downing Street, die Britse eerste minister se woning in Londen.....	8
Figuur 3: De Kat in die Kasteel in Kaapstad.	15
Figuur 4: Tuynhuis.	17
Figuur 5: Groote Schuur na die veranderinge deur Herbert Baker.....	20
Figuur 6: Westbrooke, nou Genadendal.....	22
Figuur 7: Die Presidensie van die Oranje-Vrystaat.	27
Figuur 8: M. W. Pretorius se woning regs voor, Pretoria ca. 1885.	30
Figuur 9: Die voorstel vir die nuwe presidensiële woning in Pretoria wat nooit uitgevoer is nie.....	31
Figuur 10: President S.J.P. Kruger se private woonhuis in Pretoria.....	32
Figuur 11: Die Presidensie.	33
Figuur 12: Spotprent oor die koste verbonde aan die nuwe eerste-ministerswoning, 1938-07-15.	47
Figuur 13: Die oorspronklike Moerdyk-wenontwerp.	50
Figuur 14: Die ontwerp wat in die tweede plek geplaas is.	51
Figuur 15: Die G le Sueur-ontwerp wat in die derde plek geplaas is.	52
Figuur 16: Gerard Moerdyk, ca. 1913.....	60
Figuur 17: Een van die kerkontwerpe van Moerdyk.	63
Figuur 18: Die N.G kerk Pretoria-Oos.	65
Figuur 19: Bynabo, Moerdyk se eie woning in Pretoria.....	66
Figuur 20: Sketse deur Moerdyk van die elemente van die Kaaps-Hollandse boustyl.	68
Figuur 21: Die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria.	70
Figuur 22: Moerdyk se siening oor die Afrikaanse woning.....	75
Figuur 23: Moerdyk by 'n model van die wen-ontwerp van Libertas.....	84
Figuur 24: Voorstelle van Moerdyk vir die Premier se studeerkamer.....	91
Figuur 25: Die foto van die bouwerk aan die amper voltooide woning op 1939-09-13.	92
Figuur 26: Oorspronklike ontwerp vir die eerste verdieping.....	94
Figuur 27: Die gewysigde grondvlakontwerp vir Libertas.	94
Figuur 28: Die ontwerp vir die eerste verdieping van Libertas.	96
Figuur 29: Die fondament van Libertas in wording.....	98
Figuur 30: Die keermure van Libertas in aanbou.	98
Figuur 31: Die voltooide ampswoning in 1944.	102
Figuur 32: Die noordelike aansig van die woning.	103
Figuur 33: Die boligte wat inheemse blomme uitbeeld.	104
Figuur 34: Een van twee Karel XI-stoele in die voorportaal.....	105
Figuur 35: Die inkstander.....	108

Figuur 36: Die geskenk van generaal JBM Hertzog en 'n skildery deur F. Oerder.	109
Figuur 37: Die koperdeurhandvatsels.	110
Figuur 38: Die kiaatkamer in 1944.	111
Figuur 39: Een van die staanhorlosies saam met die inlegwerkstoele.	112
Figuur 40: Die uitleg van die kelder voor die veranderinge in 2000.	120
Figuur 41: Die uitleg van die tuine.	121
Figuur 42: Generaal J.C. Smuts.	123
Figuur 43: Die woning op Doornkloof kort na die aankoop daarvan in 1909.	126
Figuur 44: Spotprent oor die feit dat Smuts eerder op Doornkloof as in Libertas gewoon het.	130
Figuur 45: Mevrouw Isie Smuts.	132
Figuur 46: Mevrouw Smuts se ouerhuis in die tyd dat Libertas in Pretoria gebou is.	133
Figuur 47: Mevrouw Smuts by die viering van Libertas se voltooiing, 1940-11-21.	140
Figuur 48: Spotprent oor mev Smuts se "Gifts and Comforts Organization".	141
Figuur 49: Genl. Smuts tydens die oorhandiging van die publikasie Veldtog vir Vryheid in Libertas.	142
Figuur 50: Louis Smuts en haar bruidegom, Denis McIlldowie, op hulle troudag, 1943-10-23.	143
Figuur 51: Smuts en Churchill saam met hooggeplaaste offisiere.	145
Figuur 52: Smuts saam met prinses Frederika en haar man, kroonprins Paul.	147
Figuur 53: Dr D.F. Malan en mev Malan.	154
Figuur 54: Malan en sy dogter Marietjie.	157
Figuur 55: Libertas in die tyd van Malan.	160
Figuur 56: 'n Duidelike bewys dat Malan by die huis was.	162
Figuur 57: Die kiaatkamer in die tyd van Malan.	163
Figuur 58: Die silwerwarekluis in Libertas.	164
Figuur 59: J.G. Strijdom, s.a.	175
Figuur 60: Strijdomhuis op Nylstroom, 1999.	177
Figuur 61: Die Strijdomgesin.	178
Figuur 62: Middagskof.	187
Figuur 63: Koffietyd.	189
Figuur 64: Studente van die Pretoriase Onderwyskollege saam met mev Strijdom.	192
Figuur 65: Estelle Strijdom en T. Langley met hulle verlowing in Libertas, 1958-06-07.	193
Figuur 66: Dr H.F en mev Betsie Verwoerd.	198
Figuur 67: Verwoerd uitgebeeld as 'n persoon met 'n onwrikbare wil.	201
Figuur 68: Verwoerd word na die sluipmoord-aanval uit die Parlement geneem.	203
Figuur 69: Verwoerd op die strand saam met sy familie.	204
Figuur 70: Stokkiesdraai.	206
Figuur 71: Libertas tydens die verblyf van die Verwoerds.	208
Figuur 72: Verwoerd tydens die ontvangs van die Boedts-beeld.	216
Figuur 75: Die tuinonthaal vir die John X. Merriman-tak van die Nasionale Party by Libertas.	227
Figuur 73: Libertas se eetkamer gereed vir 'n onthaal.	225
Figuur 74: 'n Tafelplan in Verwoerd se handskrif.	226

Figuur 76: Die Verwoerds en hulle kleinkinders op die stoep van Libertas.	232
Figuur 77: Die Verwoerd-gesin by Libertas na die begrafnis.	234
Figuur 78: Mevrou Verwoerd groet lede van die huishouding voor haar vertrek na Duitsland.	235
Figuur 79: Mevrou Verwoerd in die woning op Stokkiesdraai.	236
Figuur 80: Die Vorster-gesin op die troudag van Elsa.	240
Figuur 81: Mnre. B.J. Vorster en H. Kissinger, Junie 1976.	242
Figuur 82: Noord-aansig van Libertas voordat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot.	248
Figuur 83: Moerdyk se oorspronklike grondvlakplan met die oop stoepe.	249
Figuur 84: Die vergrote eetkamer en die Pierneefkamer.	249
Figuur 85: Noord-aansig van Libertas nadat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot.	250
Figuur 86: Die vergrote eetkamer gereed vir 'n onthaal.	250
Figuur 87: Een van die tapisserieë wat tans in Grootte Schuur hang.	258
Figuur 88: Vorster voor sy strandhuis op Oubos.	267
Figuur 89: Die Botha-egpaar op hulle troudag, 1943-03-13.	274
Figuur 90: Mnr. PW Botha lewer sy eerste toespraak as Eerste Minister, 1967-09-28.	275
Figuur 91: Westbrooke (nou Genadendal)	278
Figuur 92: Die Pierneefvertrek in Libertas in die Bothas se tyd.	279
Figuur 93: Mnr. en mev Botha in Libertas se kombuis.	280
Figuur 94: Die hoofslaapkamer van Libertas, ca. 1989.	281
Figuur 95: Die oorspronklike planne vir die hoofslaapkamer van Libertas.	281
Figuur 96: Die inryportaal ("porte-cochère").	282
Figuur 97: Die tent wat soms gebruik is om die onthaalruimte te vergroot.	285
Figuur 98: Die uitslae van die referendum oor 'n driekamer-parlement word by Libertas afgewag.	286
Figuur 99: Botha na sy beroerte-aanval.	287
Figuur 100: Die Anker, die Bothas se woning by Wilderness.	288
Figuur 101: Die De Klerk-gesin.	294
Figuur 102: Marike de Klerk en Elita Georgiades.	297
Figuur 103: Veranderinge wat deur die De Klerks aangebring is.	302
Figuur 104: Die oorspronklike Moerdyk-planne vir die eerste verdieping.	303
Figuur 105: Die vergrote damesgastekleedkamer in die voorportaal.	304
Figuur 106: Die nuwe damesgastekleedkamer.	305
Figuur 107: Die braaiplek op die oostelike vleuel se dak.	306
Figuur 108: Van die slaapkamers wat gelaat is soos dit in die Bothas se tyd was.	306
Figuur 109: 'n Slaapkamer wat herversier is. Dit is die slaapkamer waarin die Georgiadis-egpaar gewoonlik oornag het.	307
Figuur 110: Mevrou De Klerk se sitkamer regoor die President se kantoor.	308
Figuur 111: Die Pierneefkamer met sy sagte mentgroen kleurskakering.	309
Figuur 112: Die kiaatkamer in die tyd van die De Klerks.	309
Figuur 113: Die voorportaal.	310
Figuur 114: Die kiaatkamer met die staanhorlosie en inlegstoele.	312

Figuur 115: Die Pierneefkamer met die skildery Stellenberg deur Gwelo Goodman teen die muur.	313
Figuur 116: Die President se studeerkamer.	314
Figuur 117: Nelson en Winnie Mandela op hulle troudag, 1958-06-14.	327
Figuur 118: Die beskuldigdes in die hoogverraadsaak in 1957.	326
Figuur 119: Graça Machel en Elize Botha tydens die ondertekening van die Verdrag van Nkomati, Maart 1984.	330
Figuur 120: Mandela omring deur sy kleinkinders.	333
Figuur 121: 'n Skildery van die President in die voorportaal van Mahlamba Ndlopfu.	342
Figuur 122: Die eetkamer met die groot seetoneel deur João Tavares teen die muur.	337
Figuur 123: 'n Tafel in die Pierneefkamer gedek vir een.	338
Figuur 124: Die President se slaapkamer.	337
Figuur 125: "Eyewitness", een van die nuwe kunswerke in die woning.	342
Figuur 126: Mandela op sy tagtigste verjaarsdag, 1999-07-18.	348
Figuur 127: Thabo Mbeki in ontspanne luim met sy pyp.	352
Figuur 128: Voorstelle vir die westelike vleuel met die gasteslaapkamers en waskamers.	359
Figuur 129: 'n Voorstelling van die woning se oostelike aansig met stoepe.	360
Figuur 130: Voorstelle vir 'n Presidensiële suite op die eerste verdieping.	361
Figuur 131: Voorstelle vir die noordelike terras se tuine.	362
Figuur 132: Duidelike krake in die mure bokant die President se kantoor.	363
Figuur 133: Die onooglike groot lugversorgingseenheid buite die vensters van die môrekamer.	366
Figuur 134: Die bome wat die uitsig na die noorde belemmer.	367
Figuur 135: Die eetkamer met die opvallende pilare.	368
Figuur 136: Die pilare in die Pierneefvertrek.	369
Figuur 137: Een van die slaapkamers wat later in 'n kantoor verander is.	378
Figuur 138: Die slaapkamer wat in 'n administratiewe kantoor verander is.	380
Figuur 139: Die oorspronklike veiligheidsheining aan die agterkant.	381
Figuur 140: Opvallende lugversorgings-uitlate is deur kleiner eenhede vervang.	382

VOORWOORD

Die ligging van Libertas, tans Mahlamba Ndlopfu, is simbolies van die geskiedskrywing oor die huis - soos wat die woning opsigtelik hoog teen die koppie geleë is, is dit ook in die kultuurgeskiedenis belangrik. Die ampswoning staan gewortel in die wel en wee van die land soos deurleef deur die inwoners daarvan – die Eerste Ministers en Presidente van Suid-Afrika - maar net soos dit in die woonbuurt Bryntirion agter ontoeganklike heinings en wagte versteek is, was die geskiedenis van die woning verborge en onopgeteken en die waarde daarvan vir die land nie erken nie.

Die belangrikheid van ampswonings blyk uit die feit dat verskeie ampswonings binne en buite Suid-Afrika reeds deeglik nagevors en 'n aantal boeke daaroor gepubliseer is. In die Verenigde State van Amerika word die geskiedenis van die presidensiële ampswoning, die Wit Huis, as so belangrik beskou dat 'n organisasie, die White House Historical Association, gestig is wat hom op die geskiedenis daarvan en verbandhoudende aspekte toespits. Die Wit Huis was reeds die onderwerp van uitgebreide studies, soos W Seale se tweedelige werk, *The President's House* (Washington, 1986). Ander bekende ampswonings is ook gereeld die onderwerpe van studies. Downing Street 10 is 'n bekende landmerk en word ingesluit in algemene argitektoniese naslaanbronne soos A Saunders se *The art and architecture of London* (Oxford, 1984). Op die Internet het verskeie bekende ampswonings hulle eie webtuistes soos die Franse Presidentswoning by www.elysee.fr, of vorm dit 'n onderafdeling van 'n regeringswebtuiste soos www.pm.gov.au van Australië. Ten spyte van dié duidelike belangstelling in die tuistes van lande se regeringshoofde, bestaan nog geen vergelykbare bron oor die ampswoning van die Suid-Afrikaanse President in Pretoria nie.

In Suid-Afrika is die bekendste ampswoning waarskynlik Groote Schuur. Selfs al word dit tans nie as ampswoning gebruik nie, wek dit steeds belangstelling en is verskeie boeke daaroor gepubliseer. Dit sluit in publikasies soos B Maree se *Groote Schuur, 'n kosbare erfenis* (Pretoria, 1993) en meer onlangs PB Simons se *Groote Schuur, great granary to stately home* (Vlaeberg, 1996). Die Kaapse presidensiële ampswoning wat tans gebruik word, is Genadendal, voorheen Westbrooke. Die Departement van Openbare Werke het 'n brosjure oor Westbrooke uitgegee en

dieselfde eer het King's House, die ampswoning in Durban, te beurt geval, ten spyte daarvan dat die woning baie min gebruik was. Hierdie publikasies is in samewerking met die gades van die ampsdraers saamgestel. Mevrou Elize Botha het hulp verleen met die een oor Westbrooke en mev Marike de Klerk met die publikasie oor King's House.

Ander voormalige ampswonings was ook reeds die onderwerp van studies. Oor die Presidentswoning van die Republiek van die Oranje-Vrystaat bestaan die studie van M Botes *Van Residensie tot Presidensie: 'n kultuurhistoriese studie van die ampswonings in Bloemfontein* (MA-verhandeling, UP, 1993) en dié woning word gereeld gemeld in algemene bronne oor die landstreek en die argitektuur. Daar bestaan eweneens verskeie bronne oor die woning van president SJP Kruger, soos WJ de Kock se boek, *Die Krugerhuis, Pretoria* (Pretoria, 1955).

Selfs oor die ampswonings van minder bekende ampsdraers het publikasies die lig gesien. 'n Goeie voorbeeld hiervan is Overvaal, die woning van die voormalige Administrateur van die Transvaal, wat die onderwerp was van J Ploeger se studie, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, (Pretoria, 1963). Voormalige Suid-Afrikaanse ampswonings, soos Government House in Pietermaritzburg en The Old Residency in King William's Town, word ook vermeld in algemene bronne soos DJ Potgieter (Ed.) se *Standard encyclopaedia of Southern Africa* (II, IV, Cape Town, 1971), G Viney se *Colonial houses of South Africa* (Cape Town, 1981), D Picton-Seymour se *Historical buildings in South Africa* (Cape Town, 1989) en K Schoeman se *Vrystaatse erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu* (Kaapstad, 1971).

In vergelyking met ander ampswonings skiet die geskiedskrywing oor Libertas erg tekort. Dié ampswoning word wel kortliks vermeld in ensiklopedieë soos DJ Potgieter (Ed.) se *Standard encyclopaedia of Southern Africa* (II, IV, Cape Town, 1971) en in werke soos Ploeger se *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning* en P Hartdegen se *Our building heritage: an illustrated history* (Halfway House, 1988).

Die belangrikste bestaande sekondêre bron oor Libertas is die glansbrochure van R Simpson, *Libertas*, (s.a., s.p.) van sowat twintig bladsye. Die brochure is uitgegee met die oog op die ope dae wat mev Marike de Klerk vroeg in die laaste dekade van die 20ste eeu gehou het. Dit is nie 'n volledige kultuurhistoriese studie nie, want daar word net op die meubels en kunswerke in die woning gekonsentreer. Die argitek en die geskiedenis van die woning word net vlugtig bespreek

en min verwysings na die opeenvolgende leiers en die gepaardgaande veranderinge aan die woning word gemaak.

Hierdie verhandeling is 'n kultuurhistoriese studie van Libertas, tans Mahlamba Ndlopfu. Die studie kan breedweg in drie gedeeltes verdeel word: die oprigting, die opeenvolgende inwoners en 'n waardebeplanning van die woning as amptelike verblyfplek van die President. Al die temas word chronologies behandel. Hoofstuk een tot vier bespreek die kompetisie vir die ontwerp, die aangewese argitek, die oprigting van die woning en die voltooide ampswoning. Die tweede gedeelte beslaan 'n aantal hoofstukke wat handel oor die opeenvolgende inwoners en hulle invloed op die woning. In hierdie hoofstukke is 'n verdere onderverdeling gemaak. Eerstens bevat dit 'n kort biografiese skets van elk van die inwoners en hulle betrokkenheid by die woning. Verder word die inrigting daarvan, die tuine, belangrike besoekers en onthale aan die woning bespreek. Soms was daar 'n tema wat nie by die ander hoofstukke vermeld is nie en wat uniek aan 'n sekere inwoner was. Voorbeelde hiervan is die naamgewing van Libertas tydens die bewind van JC Smuts, die naamsverandering met die presidentskap van NR Mandela en die kritiek oor die woning se toestand met die huidige presidentskap van T Mbeki. In die laaste hoofstuk word die sukses van die woning aan die hand van verskeie deskundiges soos die argitek self, voormalige inwoners en bekende argitekte geëvalueer. Ten slotte word 'n waardebeplanning van die woning vir die land en sy mense gedoen.

Die opeenvolging van inwoners het veranderinge aan die voorkoms, inhoud en funksie van die woning tot gevolg gehad. Van 'n staatsgastehuis in die Smuts-era met sy wortels diep in die Afrikanernasionalisme tot 'n werkende ampswoning as deel van 'n huidig veelrassige regering, is veranderinge 'n deurlopende tema van die studie. Vandaar die titel wat hierdie veranderinge deur die naam aandui: *Van Libertas tot Mahlamba Ndlopfu: 'n Kultuurhistoriese studie van die ampswoning van die uitvoerende hoof van Suid-Afrika in Pretoria, 1940-2000.*

Tydens die navorsingsproses is van 'n groot verskeidenheid bronne gebruik gemaak. Argivale bronne en dokumente wat deur staatsdepartemente geberg is, was uiters belangrik. By die Nasionale Argief van Suid-Afrika (voortaan NASA) in Pretoria was die argiewe van die Eerste Minister en van die Departement van Openbare Werke van groot waarde. Verder is inligting by staatsdepartemente soos die Kantoor van die Presidensie, Pretoria en die Departement van Openbare Werke, Pretoria opgespoor. Die woning self beskik oor drie lêers oor die woning.

Twee van dié lêers bestaan uit 'n opname van die kunswerke in die jare sestig van die vorige eeu. Dit toon groot leemtes oor inligting aangaande meubels en kunswerke wat tans werklik in die woning is. Die laaste lêer bevat inligting wat tydens die skryf van die brosjure *Libertas* deur Simpson versamel is.

Die feit dat minstens vier verskillende staatsdepartemente by die woning betrokke was, het die opspoor van inligting bemoelik. Eerstens was die inligting versprei. Inligting is dus broksgewys op verskillende plekke deur die navorser opgespoor om die studie so volledig as moontlik te maak. As gevolg van die betrokkenheid van verskillende departemente is dieselfde tipe inligting ook nie deurlopend gehou nie. Party eras se argief lêers bevat voorraadopnames en interne bestuursregulasies van die woning, maar ander lêers uit latere tydperke het daardie tipe inligting glad nie bevat nie.

'n Bykomende probleem was dat 'n groot gedeelte van die argiefstukke as gevolg van die regulasies van NASA nog nie vir die algemene publiek beskikbaar is nie. Spesiale toestemming om dit te bestudeer, is hiervoor verkry. Toestemming is verleen, maar met beperkings op die gebruik van die inhoud. Huidige regeringsdokumente oor die woning is nog nie in NASA beskikbaar nie en was gevolglik nie vir die navorser toeganklik nie.

Die dokumente in die Departement van Openbare Werke, Pretoria, wat tans vir die instandhouding van die woning verantwoordelik is, bevat byna geen bruikbare inligting nie. As gevolg van die aard van die woning en die veiligheidsaspekte daaraan verbonde, is bepaalde dokumente nie vir navorsers toeganklik nie. Resente inligting soos planne en foto's wat die sekuriteit van die woning in die gedrang bring, is nie deur die Departement van Openbare Werke vir navorsing beskikbaar gestel nie.

Sekondêre bronne was van groot waarde. Aangesien hierdie navorsing juis aangepak is omdat geen vergelykende sekondêre bron bestaan nie, is op bronne gesteun wat handel oor mense wat met die woning te doen gehad het. Hier was die boeke van Annatjie Boshoff oor HF Verwoerd en sy eggenote van ontskatbare waarde. Aspekte soos onthale, besoekers en die lewe van die Verwoerds in die woning is noukeurig opgeteken. Dié inligting het meegebring dat party van die hoofstukke, soos dié oor Verwoerd, heelwat langer is as ander, want oor Verwoerd is baie meer oor sy privaatlewe geskryf as byvoorbeeld oor dié van DF Malan en BJ Vorster.

Die bestaan van sekondêre bronne oor persone wat direk by die woning betrokke was, was geen waarborg dat inligting oor die woning verkry sou word nie. 'n Baie breedvoerige outobiografie soos NR Mandela se *Long Walk to Freedom* (Randburg, 1994) en J D'Oliveira se biografie *Vorster - the man* (Johannesburg, 1977) lewer min inligting oor die onderwerp van studie op, nl. kultuurhistoriese aspekte van die woning en die inwoners se belewing daarvan. In die meeste gevalle word die woning bloot terloops vermeld by die bespreking van 'n ander onderwerp, soos oor GL Moerdyk, 'n biografie oor 'n staatsman en publikasies oor die politiek en argitektuur.

Daar is veral in die latere hoofstukke gesteun op mondelinge en skriftelike mededelings van voormalige inwoners, personeellede verbonde aan die ampswoning of die Departement van Openbare Werke en kontrakteurs. Dié mense se deelname was van groot waarde waar ander bronne tekort geskiet het en sodanige mense meer onlangse inligting kon verskaf.

Met persoonlike mededelings is verskeie probleme ondervind. Van die eertydse inwoners en hulle gesinne het deelname aan die studie geweier omdat hulle nie uitsprake wou maak wat reaksie tot gevolg kon hê of hulle privaatheid kon skend nie. Die feit dat die ampswoning as 'n simbool van die "Ou Suid-Afrika" of die "Nuwe Suid-Afrika" gesien kan word, het baie persone waarskynlik afgeskrik om kommentaar te lewer. 'n Nuwe vertolking van die geskiedenis sou dalk familieleden of leiers in 'n ongunstige lig plaas.

'n Aantal persone het hulle samewerking geweier omdat hulle bekommerd was dat hulle uitsprake moontlik in die pers kon beland en hulle nie hulle posisie, besigheid of kontakte met die staat in die gedrang wou bring nie. Baie voormalige personeellede verbonde aan die huishouding het die staatsdiens verlaat en is moeilik om op te spoor en onwillig om kommentaar op voormalige leiers en hulle doen en late te lewer. Met die nuwe politieke bedeling in die land is min mense bereid om hulle herinnerings aan die ampswoning en voormalige inwoners te deel. Party se werklading het dit vir hulle onmoontlik gemaak om aan die studie deel te neem.

Persone wat tans by die woning betrokke is, is nog nie met die woning se geskiedenis bekend nie en soms word dit nog as 'n simbool van die vorige bedeling beskou en het dit glad nie 'n geliefde plekkie in die hart nie. Personeellede van staatsdiensdepartemente soos die Departement van

Openbare Werke en die Kantoor van die Presidensie is in baie gevalle nuut aangestel in poste en is nie op die hoogte van sake met die woning nie.

Niemand by die woning of by die verantwoordelike staatsdepartement is amptelik opdrag gegee om rekord te hou van gebeure, besoekers of veranderinge aan die woning nie. Selfs die besoekersboek van die woning is wisselvallig deur gaste geteken. Dokumente is ook nie altyd van belang geag nie en soms is planne, dokumente en inligting weggegooi of vernietig, want die waarde daarvan is nie besef nie. 'n Groot hoeveelheid inligting het verlore gegaan omdat die kulturele en sosiale sy van die geskiedenis deur baie mense as onbelangrik beskou is en daarom nie bewaar is nie. In dié opsig is dit te betreur dat daar nie meer boeke soos dié van me. Boshoff oor die privaatlewens van staatshoofde verskyn nie, aangesien dit die kultuurhistoriese aspekte weerspieël. Die omvattendste bron oor die woning, *Libertas*, bevat ook min inligting oor die belewing van die woning deur sy inwoners of gaste.

Dit was van onskatbare waarde om die ampswoning persoonlik te kon besoek. Tydens sodanige besoeke kon die onpersoonlike inligting en koue feite in 'n belewenis van die atmosfeer, afmetings en ontwerp omgesit word. Baie inligting is tydens dié besoeke oor die toestand van die woning ingesamel, die probleme wat met die woning geassosieer word, die skoonheid van die ontwerp asook oor die binneversiering. Dit was voorwaar 'n plesier om die woning te kon besigtig en bestudeer hoewel die tydsduur van besoeke beperk was.

Besoeke kon net in die inwoners se langdurige afwesigheid gereël word om nie die personeel en die inwoners te verontrief nie. 'n Hele aantal afsprake om die woning te besoek, is afgestel as gevolg van die staatshoof se veranderde program of die aanwesigheid van besoekers aan die woning. Omdat die woning as 'n privaatwoning gebruik word, mag die navorser tydens besoeke daaraan nie privaatvertrekke soos kantore of slaapkamers besoek nie, hoewel die beperkinge van inwoner tot inwoner verskil het. Besoeke aan die woning kon dus net met moeite gereël word. Die neem van foto's is deur die Departement van Openbare Werke beperk.

Om die geskrewe feite toe te lig, is relevante en insiggewende illustrasies in die studie geplaas. Planne van die woning is verkry van privaat-argitekte, die Nasionale Argief, die Universiteit van Pretoria, die Stadsraad van Pretoria en die Departement van Openbare Werke. Die veranderinge aan die vloerplan van die woning kon nagevors word deur die planne van die oorspronklike

ontwerp tot latere veranderinge aan die woning te bestudeer. Planne met voorstelle om die akkommodasieprobleme van die woning op te los deur byvoorbeeld die stoepe toe te bou of slaapkamers in privaat-eetkamers te verander, het waardevolle inligting verskaf oor watter probleme met die woning bestaan het. Van die ouer planne was egter reeds in 'n gevorderde toestand van verwerping en was dus nie vir insluiting in die studie kopieerbaar nie.

Om sekuriteitsredes is die jongste planne van veranderinge in 2000 nie deur die Departement van Openbare Werke beskikbaar gestel nie en moes van besoeke aan die woning en gesprekke met die argitek gebruik gemaak word om dié veranderinge te beskryf.

Eweneens is ook nie veel foto's van die binnekant van die woning gepubliseer nie. Wanneer die voer van onderhoude en die neem van foto's aan tydskrifte en koerante toegestaan is, is nie al die vertrekke afgeneem nie en is inligting en foto's meestal tot ontvangsvertrekke beperk. Dit is gevolglik byvoorbeeld onduidelik hoe die slaapkamers en selfs die kantoor van die Eerste Minister in die tyd van dr DF Malan of adv JG Strijdom gelyk het.

Soms het foto's van 'n persoonlike aard, van die woning of geleentheid daar, in die biografieë van leiers verskyn. Hier is die boeke van Boshoff nogmaals van ontskatbare waarde deurdat foto's van die Verwoerd-gesin en hulle lewe in die woning daarin verskyn het. In latere jare het baie van die sosiale geleentheid ook nie meer by die ampswoning plaasgevind nie, maar in die Kaap of by die presidensiële gastewoning in Pretoria.

In slegs een geval was 'n lid van die voormalige personeel bereid om persoonlike foto's vir plasing beskikbaar te stel. Dit verskyn in die hoofstuk oor PW Botha en gee 'n intieme dimensie aan die hoofstuk.

Daar is by slegs een geleentheid tydens die inwoningstyd van NR Mandela aan die navorser toestemming gegee om foto's van die woning te neem. Voorts is die neem van foto's in spesifieke vertrekke soos die badkamers en sommige slaapkamers verbied. Foto's waarvan die neem wel toegelaat is, is met vrug in die studie gebruik.

Die naamgewing en naamsverandering van die woning het tot gevolg dat daar drie name vir die verblyfplek in die verhandeling gebruik word. Tot en met die naamgewing deur mev IM Smuts

word in die studie net na die woning as die amnpswoning van die Eerste Minister in Pretoria verwys. Mevrou Smuts het in die veertigerjare van die vorige eeu die naam Libertas aan die woning gegee. Daarna word deurgaans na die woning as Libertas verwys totdat die naam deur NR Mandela na Mahlamba Ndlopfu verander is. In die laaste hoofstuk - waar baie voormalige inwoners, personeellede en betrokkenes hulle menings uitspreek - word die benaming Mahlamba Ndlopfu gebruik, al het die betrokke persone moontlik van Libertas gepraat.

Daar bestaan twee aanvaarde spellingswyses van Moerdyk/ Moerdijk. In die werk is verkies om die spelling Moerdyk te gebruik. Dit blyk om die weergawe te wees wat GL Moerdyk self verkies het.

Aan die einde van so 'n projek moet mense en instansies bedank word wat 'n bydrae tot die sukses van die studie gelewer het. Eerstens my studieleier, prof OJO Ferreira. Hy het my met praktiese raad en deeglike leeswerk gelei en gemotiveer. Sonder hom sou die studie nie suksesvol gewees het nie.

My dank gaan ook aan mej M van Heerden, my medestudieleier. Haar navorsing oor aanverwante onderwerpe, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960): 'n Kultuurhistoriese studie*, (MA-verhandeling, UP, 1997) en *Stokkiesdraai, die Verwoerdversameling in beeld en dokument*, (Pretoria, 1984) was besonder bruikbaar.

Verskeie persone en instansies het gewaardeerde bystand aan my verleen. Die Universiteit van Pretoria se departemente Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Argitektuur, Interieurontwerp en Landskapsargitektuur en die Akademiese Inligtingsdiens. Die Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria, Nasionale Biblioteek, Pretoria, Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria, Smutshuismuseum, Doornkloof, en veral me. Penny Grimbeeck, die voormalige kurator van dié museum, die Strijdomhuis op Nylstroom en die Schoemansdal-museum by Louis Trichardt. Waardevolle hulp is ook van die Departement van Openbare Werke en die kantoor van die Presidensie ontvang, Pretoria.

Waardering word betuig teenoor privaatpersone wat tyd ingeruim het om my te spreek, soos voormalige en huidige personeellede, staatsamptenare, argitekte en deskundiges op hulle onderskeie gebiede.

Daar is 'n aantal mense wat in hulle privaathoedanigheid vir hulle bydrae tot die studie bedank moet word. My skoonouers, prof CJ en mev MW Barnard, wat menigmaal met die lankgesoekte feite, name en telefoonnommers na vore gekom het. Dr Rob en Sally Hurlin, Monique en Kalla van Staden, Mientjie Carbonell, Susan Bakker, Irma Joubert en Qwen Barnard vir tegniese bystand. My ouers, mnr GG en mev JL Sinden, Tiny en Leonie Sinden en Zander Sinden vir die motivering en ondersteuning. Aan Faan Barnard - my man - dankie vir die luister, hulp en belangstelling; dankie dat jy elke nuwe brokkie inligting met net soveel opwinding soos ek bestudeer het.

HOOFSTUK I

AMPSWONINGS

A INLEIDING

Die belangrikheid van die ampswoning blyk nêrens duideliker as in die Verenigde State van Amerika (VSA) nie, waar byna uitruilbaar na die uitvoerende President en sy huis, die Wit Huis (fig.1), verwys word. Hierdie voorbeeld word bevestig deur ampswonings in ander groot demokrasieë van die wêreld, soos Groot-Brittanje se 10 Downing Street (fig.2) in Londen.

‘n Ampswoning is die tuiste van die politieke leier van die land. Hierdie tipe woning toon ‘n duidelike verskil van die paleise wat deur konings bewoon word. Paleise het ten doel gehad om indrukwekkende en spoggerige geboue te wees om die belangrikheid van die monargie of land uit te beeld. Dit is gebou in die oortreffende trap met al die koninklike prag en praal. Die paleis van Versailles is ‘n voorbeeld hiervan.

In teenstelling daarmee is ampswonings die verblyfplekke van uitvoerende staatshoofde wat die verkose leiers van die volk is. Die staatshoof is dus die verteenwoordiger van die gewone man en die woning moet by die amp pas. Ampswonings het ‘n baie groter werkgerigte funksie. Dit is verblyfplekke waarin geleef en gewerk word, terwyl dit erkenning aan die status van die amp gee.

1. Praktiese funksie van ampswonings

Om ‘n vergelyking tussen ampswonings te tref, moet van die bekendste ampswonings van naderby beskou word.

President George Washington (1789-1797) het kort nadat hy President van die VSA geword het, besef dat besluit moes word watter vorm die presidensie ooreenkomstig met die statuur daarvan sou aanneem. Die President moes ook bepaal watter vorm die presidensie moes aanneem as die leier van ‘n demokrasie en nie van ‘n monargie nie. Moes die President in afsondering met sy werksaamhede voortgaan of moes die bevolking onbeperkte toegang tot hom hê? Daar kon van die voorbeelde van koningshuise en ander leiersgroepe geleer word hoe om te werk te gaan. Die besluite sou ‘n invloed

op die status van sy woning hê, aangesien die woning in daardie stadium die verblyfplek, onthaalplek en kantore van die President gehuisves het. Die woning was reeds te klein om al die personeel en die verskillende funksies van die President se kantoor te huisves. 'n Nuwe verblyfplek sou in elk geval in die nuwe federale hoofstad Washington, DC gebou moes word en die nuwe akkommodasie sou aan al die vereistes moes voldoen.¹

Die meeste ampswonings toon sterk ooreenkomste met mekaar. Dit is veral sigbaar in die akkommodasieskedules van dié wonings. Die praktiese funksies van ampswonings kan uit 'n vergelykende studie van bekende ampswonings afgelei word.

Ampswonings soos The Lodge in Australië en die Wit Huis in die Verenigde State van Amerika, is doelspesifiek as woning van die staatshoof opgerig. Ander wonings, soos die Palais de l'Élysée en 10 Downing Street, is tradisionele geboue wat as die ampswonings van staatshoofde nuwe funksies gevind het. Talle Europese staatswonings is nie gebou met die oog daarop dat dit die verblyfplek van die uitvoerende gesag sou wees nie. Tradisieryke geboue gevul met volksskatte is nuut aangewend om as akkommodasie vir staatshoofde te dien. As sodanig het 'n ampswoning soos die Palais de l'Élysée, die Franse Presidentswoning, reeds simboliek en geskiedenis aan die amp van die inwoner verskaf. Nuwe nasies en demokrasieë het vir hulle staatshoofde wonings opgerig of gekies wat nasietrots en identiteit uitgebeeld het.

Die wonings word gewoonlik verdeel in private woongedeeltes en openbare werkgedeeltes. Die woongedeelte behels slaap-, eet- en ontspanningsgeriewe vir die inwoners. Die grootte van die privaatgedeelte van ampswonings wissel van woning tot woning. In party wonings beslaan dit amper die hele woning, maar in ander is dit beperk tot klein gedeeltes van die ampswoning.

As woonhuis van die uitvoerende hoof huisves dit meestal kantore vir die staatshoof en 'n vergaderplek vir die kabinet. Daar is ook ontvangsplekke vir besoekers, onthaalplekke vir groter en kleiner groepe mense en soms ook oornagplekke vir gaste soos in die Wit Huis. Sommige ampswonings, soos die Wit Huis, het ook gedeeltes wat permanent of tydelik vir besigtiging deur die

¹ W. Seale, *The President's house, a history*, I, pp. 5-7.

publiek oopgestel is, terwyl ander, soos die Hôtel Matignon, die Franse Eerste Minister se amptelike verblyfplek, op spesifieke dae oopgestel word.²

Die ampswoning is ingerig met die oog op die taak wat die inwoners verrig en daarom moet die kantore, kamer vir die kabinet en onthaalvertreke aan spesifieke vereistes voldoen. George Washington het gevoel dat die Wit Huis altyd aan die veranderende vereistes van die President moes voldoen. Hy het dus verwag dat dié woning deur die jare verander, verbou en vergroot sou word.³

Een van die pligte van die uitvoerende staatshoof is om onthale vir gaste van die staat aan te bied. Vir dié doel moes die ampswoning oor onthaalvertreke beskik wat wissel van staatsbanketkamers, kleiner eetkamers, vertreke geskik vir middagonthale en vir die ontvangs van diplomatieke groepe. Met die beperkte tyd tot die leiers van lande se beskikking, was en is dit seker gerieflik vir die betrokke leiers om sulke onthale so na as moontlik aan hulle woon- en werkplekke te hê. Logisties en administratief was dit net geriefliker om alles onder een dak te versamel met toegang tot kombuisgeriewe wat die hele situasie sou vergemaklik.

By baie ampswoning vorm die tuine deel van die nalatenskap van die woning aan die mense van die land. The Lodge het 'n inheemse tuin in een gedeelte van die tuin⁴ en die tuine van die Hôtel Matignon is 'n spog-aspek van die woning.⁵ In die tuin van die Wit Huis is spesifieke bome en gedeeltes van die tuin wat direk met voormalige Presidente en hulle gades geassosieer kan word.⁶

Die ampswoning het ook 'n beskermplek van die staatshoof geword waar na sy veiligheid omgesien kan word. Die feit dat die uitvoerende hoofde opeenvolgend op een plek bly, het die verskaffing van sekuriteit vergemaklik. Die verblyfplek se sterk en swak plekke sover dit die veiligheid van die inwoners aangaan, is bekend eerder as wat 'n ondersoek na die sekuriteitsaspekte by 'n ander huis elke paar jaar nagegaan moet word. Die noodsaaklikheid vir die beveiliging van die inwoners van

2 [www. pagesjaunes.fr](http://www.pagesjaunes.fr).

3 W. Seale, *The President's house, a history*, I, p. 1057.

4 www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm

5 www.premier-ministre.gouv.fr.

6 White House Historical Association, *The White House an historic guide*, n.p.

so 'n verblyfplek het ook mettertyd toegeneem en een vaste verblyfplek sou die taak aansienlik vergemaklik.

'n Vereiste van 'n ampswoning is dat dit naby aan die regeringskantore moet wees. Die Palais de l'Elysée en die Wit Huis is voorbeelde van ampswonings wat naby aan die administratiewe kantore van die regerings geleë is. Dit sou administratiewe take en kommunikasie met die President of die Eerste Minister vergemaklik.

2. *Simboliese funksie*

Die ampswonings van lande is onmiddellik herkenbare simbole wat die uitvoerende gesag van die President of Premier verteenwoordig. Die woning van die staatshoof het die setel van gesag en deel van die identiteit van die staatshoof geword. In verskeie lande word die uitvoerende gesag aan die woning gekoppel en so daarna verwys. Die Wit Huis en 10 Downing Street is, onderskeidelik, sinoniem met die Amerikaanse President of die Britse Eerste Minister.

Die feit dat die uitvoerende staatshoof die verblyfplek bewoon, is ook simbolies in dié opsig dat die burgers van die staat die woning onderhou en die staatshoof in die posisie en ook in die ampswoning plaas. Die bevolking het hom as verteenwoordiger van die gewone mense daar geplaas.

Politiese situasies in Amerika is ontlont deur die blote feit dat die President na die Wit Huis teruggekeer het. So is die krisis van 1955 in Little Rock, waar rassetspanning uitbreek het oor die vryheid van swart kinders om staatskole by te woon, opgelos deurdat president DD Eisenhower sy vakansie op Rhode Island onderbreek het en na die Wit Huis teruggekeer het. Sy terugkeer is op televisie bekend gemaak en die kalmerende uitwerking daarvan op die bevolking was opvallend.⁷

Eisenhower se voorganger, HS Truman, het ook die waarde van die Wit Huis as simbool besef. Gedurende die tyd waartydens aan die Wit Huis gewerk is en Truman in Blair House moes tuisgaan,

⁷ W. Seale, *The President's house, a history*, II, p. 1052.

het hy gereeld tydens televisie-uitsendings oor die straat gestap en gesorg dat die Wit Huis tydens sy toesprake die agtergrond gevorm het.⁸

Die Amerikaanse Wit Huis is meer as net 'n woning en amptelike onthaalgeriewe. Die bestuur van die Wit Huis probeer om aan besoekers die gevoel van kontinuïteit en stabiliteit van die presidensie en dus ook van die land oor te dra.⁹

Staatswonings bevorder eenheid onder die burgers van 'n land, omdat die woning nie aan partypolitiek met verskillende beleide en sienings verbind word nie. Die ampswoning is simbool van die uitvoerende gesag oor administrasies heen en word nie noodwendig met net een inwoner of een politieke party verbind nie.

'n Verdere funksie van staatswonings wat later ontwikkel het, was die uitbeelding en verteenwoordiging van die land se geskiedenis. Talle ampswonings dien as versamelplekke vir volkskatte, nasionale kunswerke en geskiedkundige voorwerpe. As sodanig is die ampswoning 'n nalatenskap van die geskiedenis van die land en soms ook van herinneringe aan vorige inwoners. In dié opsig is wonings soos die Palais de l'Elysée en die Wit Huis uitstekende voorbeelde. Die Palais de l'Elysée is vol kunsskatte en historiese versamelstukke wat oor drie eeue strek. In die Wit Huis is 'n daadwerklike poging aangewend om meubels en kunswerke uit vorige bedelings te versamel. Die Australiese Premierswoning, The Lodge, in Canberra, is in 1985 gerestoureer om die twintigerjare van die vorige eeu uit te beeld en Australiese kunswerke uit dié tyd deur is die Australian National Gallery aan die woning geleen. Margaret Thatcher het gedurende haar jare in 10 Downing Street sowel verskeie beeldhouwerke van Henry Moore as beelde en skilderye van bekende Britse figure van museums geleen en in die amptelike verblyfplek uitgestal.¹⁰

'n Verdere ooreenkoms tussen ampswonings is dat hulle die nasionale karakter van daardie land verbeeld. Die Georgiïaanse wonings in 10 Downing Street is in 'n onopvallende doodloopstraat en

⁸ W. Seale, *The President's house, a history*, II, p. 1052.

⁹ W. Seale, *The President's house, a history*, II, pp. 1054-1057.

¹⁰ M. Thatcher, *The Downing Street years*, p. 24.

dien as 'n goeie voorbeeld van Engelse gedemptheid.¹¹ Die Palais de l'Elysée en Hôtel Matignon is deurspek van die Franse geskiedenis en boukuns en die Wit Huis is in die Amerikaanse klassieke boustyl wat deur Thomas Jefferson (1743-1826) aangehang is.¹²

B ENKELE BEKENDE AMPSWONINGS

1. *Die Wit Huis, Washington DC, Verenigde State van Amerika*



Figuur 1: Die ampswoning van die Amerikaanse President, die Wit Huis, Washington DC.

Uit: W. Seale, *The President's house*, (Washington DC, 1986.), n.p.

Met die totstandkoming van die Verenigde State van Amerika moes op 'n nuwe hoofstad besluit word omdat elke onafhanklike staat sy eie hoofstad gehad het. Daar is besluit om 'n nuwe federale hoofstad, Washington DC, naby Georgetown langs die Potomacrivier, tot stand te bring en dus 'n

¹¹ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹² J. Glancey, *The story of architecture*, p. 124.

nuwe ampswoning vir die President aldaar op te rig. In 1792 is die ontwerp van die ampswoning by wyse van 'n kompetisie bepaal. Die kompetisie is in Julie 1792 deur James Hoban (ca. 1758-1831) gewen uit slegs 'n paar inskrywings waarvan een onder 'n skuilnaam was. Later is bespiegel dat dit die latere president Thomas Jefferson, (1801-1809) se eie inskrywing was. Toe die tweede president van die Verenigde State van Amerika, John Adams (1797-1801), in 1800 as die eerste inwoner ingetrek het, was die bouwerk nog nie afgehandel nie.¹³ Die Wit Huis is van daardie tyd af die amptelike woning van die President van Amerika en is deur al die Amerikaanse Presidente bewoon.

2. *10 Downing Street, Londen, Groot-Brittanje*

Die straat waarin die woonhuis van die Britse Eerste Minister in Londen geleë is, is vernoem na sir George Downing. Downing het sy loopbaan as kapelaan vir die parlementêre magte in die burgeroorlog (1642-1646, 1648) in Brittanje begin, maar hy het spoedig besef dat die gety in die guns van koning Karel II (Charles II) gedraai het en hy het hom daarom aan die kant van die koning geskaar. Hy het grond in Whitehall gekoop en huise daar gebou. In 1731 het koning George II 10 Downing Street as geskenk aan sir Robert Walpole, die toenmalige Eerste Minister, aangebied. Walpole het dit as persoonlike geskenk geweier en dit het die amptelike woning van die Premiers van Brittanje geword. Een van die ander huise in Downing Street word deur die Britse minister van finansies, beter bekend as die "Chancellor of the Exchequer", bewoon. Verskeie veranderinge is aan die huise aangebring en nommers 10, 11 en 12 skakel aan mekaar.¹⁴ Dit is in der waarheid twee huise, die een voor die ander, wat met gange verbind is. Die voorste woning is 'n tipiese sewentiende-eeuse dorpswoning en die woning daaragter 'n herehuis met 'n ommuurde tuin met 'n uitsig op die Horse Guards' Parade. Die huise is in 1732 met mekaar verbind en Walpole het in 1735 ingetrek.¹⁵

Die woning het deur die eeue baie veranderinge, restourasie en bouwerk oorleef. Dit het verander om die nuwe funksies van die woning, die modes van die tyd en die persoonlike smake van die inwoners te akkommodeer. Selfs die basiese vereiste om die struktuur van die woning te ondersteun,

¹³ W. Seale, *The President's house, a history*, I, pp. 4-88.

¹⁴ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹⁵ M. Thatcher, *The Downing Street years*, p. 21; www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

het 'n invloed op die voorkoms gehad.¹⁶ Die feit dat die woning ten spyte van die onopgesmukte voorkoms daarvan, nogtans baie simboliese waarde het, is 'n les vir moderne argitekte.¹⁷



Figuur 2: 10 Downing Street, die Britse Eerste Minister se woning in Londen.

Uit: E. Jones & C. Woodward, *A guide to the architecture of London* (London, 1983.), p. 198.

10 Downing Street het 'n uitstalling van die beste Britse kunswerke op bruikleen van die Government Art Collection. Die kunswerke word gereeld gewissel om die besoeker aan Britse kuns bekend te stel.¹⁸

¹⁶ www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

¹⁷ E. Jones, & C. Woodward, *A guide to the architecture of London*, p. 198; A. Saunders, *The art and architecture of London*, p. 117.

¹⁸ www.number-10.gov.uk/default.asp?pageID3794

3. *Palais de l' Elysée, Frankryk*

As gevolg van die unieke grondwet van Frankryk het dié land twee uitvoerende regeringshoofde, elk met sy eie ampswoning. Die President is in beheer van buitelandse sake en woon in die Palais de l'Elysée en die Premier is in beheer van binnelandse beleid en woon in die Hôtel Matignon.¹⁹ In Frankryk is die Palais de l'Elysée en die Hôtel Matignon sinoniem met die twee ampte: so sal byvoorbeeld van kommentaar van die Elysée gepraat word.

Die argitek Armand-Claude Mollet is aangesê om op die stuk grond tussen die Rue du Fauborg St-Honoré en die Grand Cours, beter bekend as die Champs-Elysée, 'n woning vir die hertog van Evreux te bou. Die woning is sedert die oprigting daarvan tussen 1718 en 1722 reeds as een van die mooistes in Parys beskou. Die ontwerp is een van die beste modelle van die klassieke styl en op versoek van die hertog was die woning se ontwerp majestueus om by sy prestige te pas. Die uitgebreide tuine is in die Franse styl uitgelê, maar later na die Engelse styl verander. Die oorspronklike styl van die woning het toekomstige veranderinge daaraan baie maklik gemaak.²⁰

Oor die jare is aansienlike veranderinge aan die woning aangebring soos wat die gebruik van die woning, modes van die dag en die smaak van die opeenvolgende eienaars vereis het. Die basiese dekor, soos die houtwerk in die Salon des Ambassadeurs en die Salon Pompadour, het deur die eeue dieselfde karakter behou. Na die dood van die hertog van Evreux het die woning etlike kere van eienaar en funksie verwissel en het dit selfs as 'n opbergplek vir meubels gedien. In 1797 is die woning die naam Elysée gegee met verwysing na die aanliggende straat.²¹

In 1808 kom die woning in die besit van die Franse keiser en dit is van daardie datum af nou verbonde aan die geskiedenis van Frankryk. Keiser Napoleon het daar gewoon en die woning het as die Elysée-Napoléon bekend gestaan. Hy het die woning met hulle egskeiding aan sy vrou Joséphine

¹⁹ A. Pretorius, Franse oefen al vir eleksie, *Beeld*, 2000-07-07, p. 11.

²⁰ www.elysee.fr.elysee/histo_.htm.

²¹ www.elysee.fr.elysee/histo_.htm.

gegee, maar dit in 1812 teruggeneem en hy het later sy abdikasie in die Boudior d'Argent onderteken.²²

Latere bekende besoekers aan die woning was tsaar Alexander van Rusland en die hertog van Wellington. In 1816 het die woning weer kroonbesit geword en in 1948 het die nasionale vergadering, of parlement, die woning deur 'n dekreet die woning van die President van die Franse republiek gemaak. Met verloop van tyd is baie veranderinge aangebring om dit as ampswoning vir sy nuwe funksie geskik te maak en die huidige ampswoning is grootliks die resultaat van dié veranderinge. Daar moes telefone, elektrisiteit, sentrale verhitting en ander moderne geriewe geïnstalleer word. Die gebruik van vertrekke en meubelment sou na die behoeftes en smaak van die inwoners verander.²³

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die woning van 1940 tot 1946 gesluit, maar tydens die vyfde republiek is dit as ampswoning behou. Die eerste verdieping se kamers van die Pavillion Central word kantore, die Salon Doré word die President se kantoor en die Salon Murat word die kamer vir die kabinet nadat byeenkomste aanvanklik in die eetkamer gehou is. Die woonvertrekke beslaan die oosvleuel, waarvan die eerste verdieping privaatkamers en die grondvlak semi-amptelik is. Hierdie verdeling stem met die tradisionele wonings van die agtiende eeu ooreen en is so deur die opeenvolgende inwoners behou.²⁴

Ten spyte van al die veranderings het die woning sy argitektoniese eenheid behou en as setel van die presidensie 'n hoogs simboliese woning van die Franse republiek geword.²⁵

4. *Hôtel Matignon, Parys, Frankryk*

Die Hôtel Matignon is deur die argitek Jean Courtonne vir Charles-Louis de Montmorancy ontwerp. Die bouwerk is in 1725 afgehandel en kort daarna is die woning aan die graaf van Matignon verkoop. Die luukse vertrekke van die woning het dit een van die elegantste en mees

22 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

23 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

24 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

25 www.elysee.fr/elysee/histo_.htm.

besoekte wonings in Parys gemaak. As gevolg van geldelike probleme het die Matignon-familie die woning verkoop en teen 1815 het Lodewyk XVII die woning besit. Hy het dit vir die Palais de l' Elysee verruil en dit het die besitting van die hertogin van Bourbon geword. Die woning is aan die suster van Louis Phillipe bemaak en het daarna in die hande van verskeie eienaars geval. In 1886 het drieduisend gaste die huweliksonthaal van die graaf van Parys se dogter, prinses Amélie, in die woning bygewoon. Die woning het later die Habsburgse ambassade in Frankryk geword.²⁶

In 1922 het die woning, na uitgebreide onderhandelinge met die Habsburgse ryk, weer die besitting van Frankryk geword. Verskeie voorstelle oor die benutting van die woning is oorweeg, waarna besluit is om dit die hoofkwartier van die President van die raad te maak. Veranderinge is daaraan aangebring en in 1935 het PE Flandrin die eerste nuwe inwoner geword.²⁷

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) is die regering na Vichy verskuif, maar in 1958 het generaal Charles de Gaulle weer die ampswoning bewoon. Sedertdien het al die Franse Eerste Ministers, die opvolgers van die President van die raad, daarin gewoon.²⁸

5. *The Lodge, Canberra, Australië*

In 1925 is opdrag aan Oakley and Parks in Melbourne gegee om 'n tydelike ampswoning vir die Premier in Canberra te bou. Oorspronklik is beplan dat die Premier die verblyfplek tydelik sou gebruik totdat " a monumental Prime Minister's residence is constructed."²⁹

Die woning en 2,8 hektaar grond is teen 'n koste van £28 319 ontwikkel en is in 1927 deur premier Bruce betrek. In 1929 het die nuwe premier, JH Scullin, die woning as te deftig beskryf en geweier om daarin te woon, maar teen 1931 het die volgende Premier weer daarin gewoon. Tot in die sestigerjare van die vorige eeu is nie veel aandag aan die woning gegee nie, maar toe is 'n swembad gebou, 'n inheemse tuin aangelê en 'n binnehof gebou. Later is die kombuis- en personeelgeriewe opgegradeer en is die eetkamer vergroot. In 1985 is broodnodige aandag aan ernstige veiligheids- en

26 www.premier-ministre.gouv.fr; www.pagesjaunes.fr.

27 www.premier-ministre.gouv.fr.

28 www.premier-ministre.gouv.fr; www.pagesjaunes.fr.

29 www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm.

strukturele probleme gegee en die openbare areas is hervorsier om die tweede dekade van die vorige eeu uit te beeld. Kunswerke vir vertoon is van die Australian National Gallery geleen. Teen 1990 was werk aan die opgradering van die eerste verdieping afgehandel.³⁰

C AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA

1. Die volksplanting en begin van ampswonings in Suid-Afrika

Die organisasie onder wie se bewind die Kaap gestaan het, was die Generale Vereenighde Nederlantsche Geoctroyeerde Oostindische Compagnie (VOC). In 1602 het die VOC 'n handelsmonopolie van die State-generaal, die hoogste gesag in Nederland, vir die gebied oos van die Kaap die Goeie Hoop tot aan die Straat van Magellaan ontvang. Hy kon ooreenkomste met inboorlinge sluit en goewerneurs, soldate en amptenare aanstel om sy gebiede te bestuur.³¹

Die eerste permanente blanke vestiging aan die Kaap in 1652 was daarop gemik om die vloot te beveilig en van voldoende goeie voorrade te voorsien. Die amptenare moes probeer om in vrede met die inboorlinge aan die Kaap saam te leef en is verbied om ander moondhede lastig te val wat hulle in die gebied vestig. Die vestiging aan die Kaap was nie veronderstel om die begin van 'n volksplanting te wees nie. Dit was slegs 'n nuttigheidsmaatreël, 'n roetine uitbreiding in belang van die VOC se skeepsverkeer. Dit was destyds nie 'n gebeurtenis wat baie aandag getrek het nie.³²

2. Kaapprovinsie

a. Fort aan die Kaap die Goeie Hoop

Kommandeur Jan Anthonisz van Riebeeck (1652-1662) het op 6 April 1652 in die Kaap aangekom met die opdrag om 'n fort te bou om nagenoeg 80 mense te huisves. Hy is aangeraai om die koste verbonde daaraan so laag as moontlik te probeer hou.³³

³⁰ www.pm.gov.au/aust%5Ffocus/kids/residences.htm.

³¹ C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 17-21.

³² C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 17-21.

³³ C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 21.

Die eerste akkommodasie wat deur die blanke bewoners van Suid-Afrika gebou is, is die Fort van die Kaap die Goeie Hoop genoem. Binne die eerste paar dae nadat Van Riebeeck voet aan wal gesit het, is 'n ligging vir die fort gekies. Die gebou is naby die strand en na aan 'n varswaterstroompie opgerig en moes as beskerming teen menslike en dierlike vyande dien. Die fort het gestaan aan die seekant van wat vandag Kasteelstraat, Kaapstad is. Van die ou spoorwegplatforms het oor die plek gestrek waar die fort was, maar die fort het tot by die Parade gestrek. Basies was die fort 'n vierkant met twee onversterkte vleuels aan die voor- en agterkant. In die voorste gedeelte was die hospitaal en werksinkels en die agterste vleuel het as beskerming vir lewende hawe gedien. Houthuise binne die fort het behuising aan soldate en amptenare verskaf. Van Riebeeck het in die fort gewoon en dit kan dus as die eerste ampswoning in Suid-Afrika beskou word.³⁴

Die oorspronklike afmetings van die fort is 'n paar keer verander. By voltooiing was die afstand tussen die twee verste punte 286 Kaapse voet (90 meter). Water is van die bergstroompie gelei om 'n grag om die fort te vorm. Met hoogwater het die seewater so naby as dertig meter van die ingang van die werksinkels en hospitaal gekom. Die mure was van kleigrond en op die grond amper ses meter dik en aan die bokant vyf meter. Die hoogte was vier meter met 'n vierkantige kliptoring wat bo die mure uitgestaan het. Die toring was bedoel vir verdedigers om uit die hoogte op 'n aankomende vyand te kon vuur. Die fort is in 1656 voltooi, maar is later deur die Kasteel vervang.³⁵

b. Kasteel aan die Kaap die Goeie Hoop

Die Kasteel van die Kaap de Goede Hoop (fig. 3) is die oudste bestaande en mees historiese gebou in Suid-Afrika. In 1664 is besluit om die fort aan die Kaap as gevolg van die dreigende oorlog tussen Nederland en Groot-Brittanje te versterk. Die VOC het gevoel dat die grondwal van die fort nie 'n aanval sou kon afweer nie. 'n Plan vir 'n klipvesting met vyf bastions is van Amsterdam na die Kaap gestuur. Die ontwerp was waarskynlik dié van die bekende Nederlandse militêre argitek Menno van Coehoorn.³⁶

³⁴ D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 4, p. 653.

³⁵ D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 4, pp. 653- 654.

³⁶ D.J. Potgieter, (red.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 3, p. 122.

Kommissaris, later goewerneur, Isbrand Goske (1626-1689)³⁷ het in Augustus 1665 die terrein gekies. Die terrein was 'n gelykte ongeveer 227 meter suidoos van Van Riebeeck se fort. Gedurende die tweede helfte van 1665 het sowat 300 soldate en etlike slawe boumateriaal vir die gebou begin versamel. Baie van die boumateriaal het van Nederland gekom, maar ander materiale soos die skulpe vir die leem het van Robbeneiland en hout van Houtbaai af gekom. Werk aan die Kasteel het met rukke en stote verloop. In 1667 is werk aan die Kasteel as gevolg van die beëindiging van vyandelikhede tussen Nederland en Groot-Brittanje gestaak. In 1672 is die werk hervat omdat oorlog weer tussen die twee lande gedreig het. Teen 1674 het die werk al so gevorder dat die garnisoen sy intrek kon neem. Teen April 1679 was die bouwerk aan die Kasteel voltooi en goewerneur Simon van der Stel (1679-1699) kon die volgende jaar sy intrek in die goewerneurswoning in die Kasteel neem.³⁸

'n Muur bedoel vir verdediging, is later dwarsoor die binneplein gebou. Die muur wat 11,9 meter hoog was, het as De Kat bekend gestaan. 'n Balkon wat in 1695 voltooi is, is die Nieuwe Kat genoem. In die mure van die Kasteel was dubbelverdiepinghuise met plat teëldakke. Aan weerskante van die kasteelmuur is verskeie amptelike geboue opgerig. Een hiervan was die Goewerneur se woning. Die woning het 'n groot onthaalsaal gehad waarin tot in 1704 kerkdienste gehou is.³⁹ Die vertrek is deur lady Anne Barnard (1750–1825), vrou van die Kaapse Koloniale Sekretaris, in 'n balsaal verander. Lady Anne Barnard het as gevolg daarvan dat goewerneur Macartney (1797-1798) nie sy vrou na die Kolonie saamgebring het nie, as gasvrou opgetree. As sodanig het sy en haar man die grootste woning in die Kasteel bewoon. Met die volgende Goewerneur, Francis Dundas, het dié reëling probleme geskep.⁴⁰ Vir baie lank was De Kat die middelpunt van gesag en die sosiale lewe aan die Kaap. Selfs nadat die Goewerneurs die Kasteel as ampswoning verlaat het, was die Kasteel steeds die setel van die staatsdiens en die militêre afdeling.⁴¹

37 W.J. de Kock & D. W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 272.

38 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa 3*, p. 123.

39 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopedia of Southern Africa 3*, pp. 123-125.

40 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 56.

41 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa 3*, pp. 124-125.



Figuur 3: De Kat in die Kasteel in Kaapstad.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa* (Cape Town, 1989), p.12.

c. Newlands, Nuweland

Dié woning in Nuweland is in 1751 in opdrag van goewerneur Ryk Tulbagh (1751-1771) gebou en in 1791 deur die VOC verkoop toe die Kompanjie in geldnood was. Dit was tot met die tweede Britse besetting van die Kaap in private besit toe dit deur die waarnemende Goewerneur, genl David Baird (1806-1807), bekom is. Onder goewerneur lord Charles Somerset (1814-1826) is baie veranderinge aan die woning aangebring, maar na sy vertrek uit die Kaap is dit in 1830 deur die staat verkoop. Of dit as amptelike woning erken is, is onbekend maar dit is vir 'n betreklike lang tydperk deur die Kaapse Goewerneurs as somerverblyf gebruik.⁴²

d. Tuynhuis, Tuine, Kaapstad

Die Goewerneurs het sowel 'n landelike verblyfplek, in wat vandag Nuweland is, as 'n woning in die Kasteel gehad.⁴³ Die woning in Nuweland was te ver vir die mense wat die Goewerneur wou spreek en was reeds in 'n betreklike swak toestand. Verblyf in die Kasteel het in vergelyking met

⁴² H. Fransen & M.A. Cook, *The old buildings of the Cape*, p. 98.

⁴³ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.

die elegansie van die res van Kaapstad, minder aanloklik geword en is as “melancholy as a cloister” beskryf. Daar moes dus na ‘n alternatiewe woning vir die Goewerneur gekyk word.⁴⁴

Aan die einde van die sewentiende eeu is in die Kompanjiestuin ‘n kleinerige huisie gebou. Dit is in 1674 deur goewerneur Isbrand Goske (1672-1676) opgerig as ‘n geboutjie om die tuingereedskap van die tuine in te berg.⁴⁵ Die oorspronklike geboutjie is later in die tyd van Simon van der Stel in ‘n woning omgeskep. Die doel van die woning was om ‘n onthaalarea te hê en om gaste te ontvang wat nie in die Kasteel toegelaat was nie of prakties nie daar onthaal kon word nie. Besoekers aan die Kaap het die woning beskryf as ‘n klein onbewoonde pawiljoen van so ses by twaalf meter.⁴⁶

Goewerneur CJ de Graaf (1785-1791) het uitvoerige veranderinge aan die woning laat aanbring, waarskynlik deur die bekende vakman Anton Anreith (1754-1822). Goewerneur Macartney het in 1797 verkies om glad nie in die Kasteel te gaan woon nie en daardeur ‘n presedent vir opvolgende Goewerneurs geskep.⁴⁷ Verskeie Goewerneurs het voortdurend aan die woning verander. Die baie aandag en geld wat aan Tuynhuis bestee is, toon dat dit die gunstelingwoning van die Goewerneurs was.⁴⁸

Die woning se basiese vorm het deur die eeue nie baie verander nie, maar verskeie aanbouings en veranderinge het genoodsaak dat dit in 1971 uitvoerig gerestoureer moes word. Die woning is hernoem tot Tuynhuis nadat dit in die koloniale tydperk as Government House bekend gestaan het.⁴⁹

⁴⁴ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 70.

⁴⁵ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 180.

⁴⁶ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, pp. 70-71.

⁴⁷ G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 71.

⁴⁸ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.

⁴⁹ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, pp. 285-286.



Figuur 4: Tuynhuis.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, (Cape Town, 1989), p. 14.

Na Uniewording in 1910 het die Goewerneys-generaal Tuynhuis as winterwoning gebruik en in die somer Westbrooke (fig 6) bewoon. Met republiekwording in 1961 is die gebruik voortgesit totdat in 1976 besluit is dat Tuynhuis die enigste woning vir die Staatspresident sou wees en dat die Premier in Westbrooke sou woon. Groote Schuur sou 'n museum word. Deur die samevoeging van die ampte van Premier en Staatspresident in 1983, het Tuynhuis kantore vir die Staatspresident geword en het die President in Westbrooke gewoon.⁵⁰

e. Groote Schuur, Rondebosch

Groote Schuur se geskiedenis dateer terug tot in 1657 toe Jan van Riebeeck 'n graanskuur op 'n buitepos laat bou het. Die graanskuur wat aan die VOC behoort het, was vir dekades in gebruik.⁵¹

⁵⁰ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 181.

⁵¹ B. Maree, *Groote Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.

Die geboue was nie net graanskure nie, maar het ook huisvesting aan 'n plaasopsigter, sy gesin, 'n paar assistente en slawe verskaf.⁵²

'n Eeu later het die VOC geldelike probleme ondervind en van die buiteposte aan die burgers verkoop. Een van die eiendomme was die landgoed Grootte Schuur met drie geboue daarop – De Schuur (Grootte Schuur), De Onder Schuur en De Kleine Schuur. Die landgoed is in 1791 aan Hendrik Christiaan Herold toegeken. 'n Voorwaarde van die verkoop was dat die bome tussen die opstalle van De Schuur en De Onder Schuur nie afgekap mag word nie.⁵³ Dit is waarskynlik in dié tyd dat die verblyfplek vergroot en verbeter is om Herold se groot gesin te akkommodeer. 'n Latere eienaar van De Schuur, David Anosi, het die landgoed Grootte Schuur genoem.⁵⁴

Gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu het die landgoed in besit van die familie De Smidt gekom. De Smidt het die gedeelte van die landgoed bekend as De Onder Schuur, wat in 1821 verkoop is, teruggekoop.⁵⁵

Na 1828 het die Britse Goewerneurs geen plattelandse woning vir hulle gebruik gehad nie. Hulle het graag na die platteland verhuis om van die Kaapse somerhitte te ontsnap. Gunsteling huurhuise van baie van die Goewerneurs van die negentiende eeu was Grootte Schuur en De Onder Schuur.⁵⁶ Een van die Goewerneurs wat Grootte Schuur by De Smidt gehuur het, was Henry Barkly (1870-1877).⁵⁷

In 1879 het Hester Anna van der Byl die eienares van die woning geword en dit herdoop tot The Grange. Van die Goewerneurs wat die woning by haar gehuur het, was Hercules Robinson (1881-1889) en Henry Loch (1889-1895). CJ Rhodes (1890-1896) het die woning vir twee jaar van haar gehuur voordat hy dit in 1893 gekoop het.⁵⁸ Rhodes het in sy pogings om die woning na 'n brand

52 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 9.

53 B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 4.

54 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 9.

55 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 11.

56 D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 5, p. 405.

57 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, p. 12.

58 P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 12-13.

tot sy volle glorie te restoureer, saam met die jong argitek Herbert Baker (1862–1946) gewerk.⁵⁹ Die resultaat was die woning (fig 5) soos dit vandag daar uitsien.

Rhodes het die Grootte Schuur-landgoed in sy testament as volksbesit aan die mense van Suid-Afrika bemaak. Hy het gespesifiseer dat die woning deur die Premier van die “federale regering van die Suid-Afrikaanse state” bewoon moes word.⁶⁰ Generaal Louis Botha (1862–1919)⁶¹ het agt jaar na Rhodes se dood Grootte Schuur betrek en dus die eerste Premier geword om daarin te woon. Daarna het al die Suid-Afrikaanse Eerste Ministers Grootte Schuur bewoon totdat PW Botha in 1976 as Premier in Westbrooke aangebly het en Grootte Schuur deur staatspresident Marais Viljoen bewoon is.⁶²

Die amp van Premier en Staatspresident is in 1983 in Suid-Afrika verenig en Grootte Schuur was nie meer as ampswoning vir die bekleër benodig nie. PW Botha het verkies om in die naburige Westbrooke te bly en Grootte Schuur het ‘n gastehuis geword. Politici het die voorreg gehad om Grootte Schuur as onthaalarea te gebruik en in die volgende sewe jaar is duisende mense aldaar onthaal, maar niemand het dit bewoon nie.⁶³

⁵⁹ W.J. de Kock, (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 45; D.Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 40.

⁶⁰ B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2

⁶¹ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* IV, p. 42.

⁶² P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 31-34.

⁶³ P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 35-36.



Figuur 5: Grooten Schuur na die veranderinge deur Herbert Baker.

Uit: P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, (Vlaeberg, 1996), p. 4.

In 1990 is aan Westbrooke gewerk. Grooten Schuur is ook gerestoureer en staatspresident FW de Klerk het sy intrek daar geneem. In 1994 het De Klerk as Vise-President van Suid-Afrika in Grooten Schuur gebly en het president Mandela in Westbrooke ingetrek.⁶⁴

f. Westbrooke, tans Genadendal, Rondebosch

Soos reeds vermeld is, was die drie eiendomme, De Schuur, Kleine Schuur en De Onder Schuur (Westbrooke) deel van een landgoed bekend as De Schuur. Die landgoed het in 1657 ontstaan toe die VOC besluit het om 'n graanskuur te bou.⁶⁵ In 1821 was die eienaar van De Schuur en De Onder Schuur, David Anosi, in 'n geldelike verknorsing en moes hy 'n gedeelte van sy landgoed, De Onder Schuur, verkoop.⁶⁶

De Onder Schuur is in 1831 gekoop deur regter William Westbrooke Burton wat dit tot Westbrooke herdoop het. Abraham de Smidt het Westbrooke later teruggekoop. Na sy dood in 1868 het sy seun,

⁶⁴ B. Maree, *Grooten Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.; P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, pp. 36-37.

⁶⁵ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, p. 7.

⁶⁶ P.B. Simons, *Grooten Schuur, great granary to stately home*, p. 10.

Willem, Westbrooke geërf.⁶⁷ George Pigot-Moodie het die woning in 1888 gekoop en in 1912 is Westbrooke deur George Frederick Arthur Moodie aan die Unieregering verkoop.⁶⁸ Dit het na 1961 die amptelike somerverblyf van die Staatspresident geword.⁶⁹

Westbrooke is nie volgens die tradisionele Kaaps-Hollandse boustyl ontwerp nie. Dit kan veel eerder beskryf word as 'n weelderige plattelandse woning wat mettertyd verskeie argitektoniese veranderings ondergaan het, maar sterk aan 'n woning uit die Eduardiaanse era herinner.⁷⁰

Die swak sekuriteitstelsel van Tuynhuis het veroorsaak dat BJ Vorster in 1979 as president in Grootte Schuur gaan bly het en PW Botha as Premier in Westbrooke gewoon het. As president het Botha steeds in Westbrooke gebly en was Grootte Schuur 'n gastehuis.⁷¹

In 1987 het opknappings by Westbrooke plaasgevind. Natuurlik het dit groot reaksie uitgelok. "One would think that the State President would set an example in these difficult times in curbing all unnecessary expenditure," het mev. H Suzman gesê. Die totale koste aan die werk sou R1 870 000 beloop.⁷²

Die werk sou hoofsaaklik aan beveiliging gedoen word en het op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Polisie geskied. Noodsaaklike opknappingswerk aan die woning sou nietemin ook gedoen word. Elektriese bedrading moes vervang word, verbeterings aan die riolering en stormwaterdreinerings en algemene instandhouding is gedoen.⁷³

⁶⁷ P.B. Simons, *Grootte Schuur, great granary to stately home*, pp. 10-11.

⁶⁸ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, pp. 19-20.

⁶⁹ B. Maree, *Grootte Schuur, 'n kosbare erfenis*, p. 2.

⁷⁰ Department of Public Works and Land Affairs, *Westbrooke, the residence of the State President*, p. 7.

⁷¹ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 181.

⁷² J. Reinderslêer, *Cape Times*: R1.8-m facelift for P.W.'s house, 1987-06-05; *Die Burger*, Westbrooke-bouwerk geregverdig, 1987-06-06., n.p.

⁷³ J. Reinderslêer: *Cape Times*: R1.8-m facelift for P.W.'s house, 1987-06-05; *Die Burger*, Westbrooke-bouwerk geregverdig, 1987-06-06., n.p.



Figuur 6: Westbrooke, nou Genadendal.

Foto: J. Reinders, s.a.

Na die verkiesing van 1994 het Mandela in Westbrooke ingetrek en De Klerk het in Groote Schuur aangebly.⁷⁴ Westbrooke, Mandela se amptelike woning in die Kaap, het 'n naamsverandering ondergaan. Hy het die woning *Genadendal*, na die eerste Morawiese sendingstasie in Suid-Afrika, vernoem. Volgens Mandela was Genadendal 'n simbool van hoop waar mense van verskillende rasse deur samewerking hulle ophef het deur verskeie selfhelpprogramme. Die naam sou die regering se voorneme simboliseer om alles reg te maak, op te bou en te laat herleef wat deur jare se ongeregtighede vernietig is.⁷⁵

g. *Old Residency, King William's Town*

Sir Henry (Harry) George Wakelyn Smith (1787 – 1860),⁷⁶ Goewerneur van die Kaapkolonie van 1847 tot 1852, het in 1847 na die uitbreek van vyandelikhede in die vyfde grensoorlog Brits-Kaffraria tot kroonkolonie verklaar. King William's Town is gevestig op die plek waar daar eers 'n

⁷⁴ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 496.

⁷⁵ C. Landman, Die susters van die Broederkerk - 'n verhaal van vrouens in die Morawiese Kerk, *Skrif en kerk* 16(2), 1995, p. 361.

⁷⁶ W.J. de Kock & D. W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* II, p. 691.

115992585
615387999

sendingstasie was. Die ampswoning, die “Old Residency” was van klip met ‘n grasdak. Dit was vir ‘n tyd lank die ampswoning en het later as die magistraat se woning gedien.⁷⁷

h. Fort Selwyn, Grahamstad

Fort Selwyn, Gunfire Hill, Grahamstad, is aanvanklik as woning vir die bevelvoerder van die Royal Engineers gebou. Charles Jasper Selwyn (1793 – 1847)⁷⁸ is gekritiseer omdat hy staatsgeld- en mannekrag vir die oprigting van die woning gebruik het, maar die eindproduk was so indrukwekkend dat die woning die ampswoning van luitenant-goewerneur Andries Stockenström (1844 – 1880) en sy opvolgers geword het. Die woning is in 1860 aan private persone verkoop.⁷⁹

3. Natal

a. Government House, Pietermaritzburg

Natal is in 1842 deur die Britte beset en Pietermaritzburg het die regeringsetel geword. Die landmeter-generaal is in 1845 gelas om ‘n ampswoning vir die Luitenant-goewerneur te laat oprig. Die resultaat was ‘n eenverdieping-grasdakwoning met vyf vertrekke omring deur ‘n stoep. Deur die jare is verskeie kere by die woning aangebou. Die bouwerk het een keer saam met ander staatsbouwerk saamgeval en daar is bespiegel dat van die materiaal van die ander geboue vir die woning gebruik is.⁸⁰ Die verblyfplek was ‘n dubbelverdiepinggebou met rooi baksteenmure en ‘n rooi teëldak met gewels in die Tudor-styl. Daar was agthoekige erkervensters met ‘n torinkie op die tweede verdieping en steenboë op die stoepe.⁸¹

Die woning is van 1850 tot 1910 deur die Goewerneurs en Administrateurs van Natal bewoon. Na Uniewording in 1910 is dit nie meer as ampswoning in gebruik nie en is dit deur die

⁷⁷ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 119.

⁷⁸ D. W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 756.

⁷⁹ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 111.

⁸⁰ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 139.

⁸¹ B. Bassett, *The buildings of Pietermaritzburg*, p. 277.

Pietermaritzburgse Onderwyskollege oorgeneem. Dit is in 1950 tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.⁸²

b. King's House, Durban

Die fundamente vir King's House is in 1872 tydens Luitenant-goewerneur A Musgrave (1872-1873) se besoek aan die dorp gelê en die burgemeester het die hoop uitgespreek dat die dorp spoedig 'n woning vir die Luitenant-goewerneur beskikbaar sou hê. Volgens die burgemeester moes dit “ 'n kuswoning wees wat pas by U Eksellensie (die Luitenant-goewerneur) se hoë amp en waardigheid.” Daar is gehoop dat die Luitenant-goewerneur elke jaar 'n deel van sy ampstyd in Durban sou deurbring.⁸³

Die bouwerk het eers in 1902 begin en in Augustus 1904 het die eerste inwoner, sir Henry Bale, hoofregter van Natal, daar ingetrek. Sommige mense was ontevrede oor die koste aan die woning en ander was verheug omdat die Goewerneur nou 'n verblyfplek in Durban gehad het.⁸⁴ Sir Henry Edward McCallum (1852 –1919) was die eerste Goewerneur wat die woning amptelik bewoon het. Hy was baie gewild omdat hy die oprigting van die kuswoning bespoedig het.⁸⁵

Met Uniewording in 1910 is besluit om alle amptelike verblyfplekke van die Goewerneur-generaal, behalwe dié in Kaapstad en Pretoria, af te skaf. Generaal JC Smuts het King's House in 1910 besoek en voorgestel dat dit verkoop word. Die woning se status is gered deur 'n bepaling in die oorspronklike transportakte dat die woning na die Stadsraad van Durban terugval as dit nie meer deur die Goewerneur gebruik word nie.⁸⁶

Vir die volgende paar jaar is die woning nog deur die Goewerneur-generaal gebruik. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog was dit 'n militêre hospitaal en hersteloord.⁸⁷ Die Britse koningsgesin het

⁸² B. Bassett, *The buildings of Pietermaritzburg*, p. 277.

⁸³ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁴ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁵ W. J. de Kock & D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p 427.

⁸⁶ R. Simpson, *King's House*, n.p.

⁸⁷ R. Simpson, *King's House*, n.p.

tydens hulle besoek in 1947 aan Suid-Afrika in King's House tuisgegaan.⁸⁸ Republiekwording het die woning se status weer in die gedrang gebring omdat daar geen verteenwoordiger van die Britse koning meer was nie. Die verblyfplek is daarna deur opeenvolgende Suid-Afrikaanse Staatspresidente gebruik. In 1984, met die vereniging van die ampte van Staatspresident en Eerste Minister van Suid-Afrika, was die woning se toekoms weer in die weegskaal. Dit is gerestoureer en is later jare weer deur die Administrateur van Natal en president De Klerk gebruik.⁸⁹

4. *Oranje-Vrystaat*

a. *Die Presidensie in Bloemfontein - Warden se woning*

Die woning van JN Brits in Bloemfontein is tydelik deur majoor HD Warden (1846-1852), Britse verteenwoordiger, as sy ampswoning gebruik. 'n Amptelike woning is vir Warden op die perseel van die huidige Presidensie gebou. In 1852 is Warden deur Henry Green as die Britse verteenwoordiger in Bloemfontein opgevolg. Warden se woning is as sy private eiendom beskou en is gevolglik teen £1 700 vir gebruik deur Green van hom gekoop.⁹⁰

Die woning is in 1854 deur die Oranje-Vrystaat oorgekoop om as Presidensie diens te doen en is deur drie opeenvolgende Presidente van die Oranje-Vrystaat, Josias Phillip Hoffman (1854-1855), Jacobus Nicolaas Boshof (1855-1859) en Marthinus Wessel Pretorius (1860-1863), bewoon.⁹¹ Die woning is beskryf as "a small house with a thatched roof, whitened with lime on the inside and outside."⁹²

b. *Die Presidensie in Bloemfontein van 1861 tot 1886*

In Pretorius se tyd is besluit dat die woning "a disgrace to the country" geword het en is besluit dat 'n nuwe Presidensie gebou moes word. Die gebou het ongeveer £2 500 gekos om op te rig en het nege of tien vertrekke gehad. Die eenvoudige, elegante woning het baie soos die vroeë Kaapse

88 R. Simpson, *King's House*, n.p.

89 R. Simpson, *King's House*, n.p.

90 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 5-6.

91 D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 353.

92 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, p. 6.

woninge gelyk. Die twee vleuels het breë stoepe gehad met breë, hoë vensters en wye deure. Die woning is verskeie kere verbeter, soos 'n balsaal wat in 1875 aangebou is, asook opgeknop. Dié verblyfplek is tot in 1886 gebruik.⁹³

c. *Die Presidensie in Bloemfontein van 1886*

Die ekonomiese toestand van die Vrystaat het veroorsaak dat die onkoste aan die ampswoning so vermoontlik beperk is. Onoordeelkundige uitbreidings en swak vakmanskap het die woning ontsier. Die toestand van die woning is na 'n deeglike ondersoek beskryf as “ellendig en 'n skandaal”. Daarby het die hoë lopende uitgawes om die woning in stand te hou en die vraag na beter akkommodasie vir belangrike besoekers ook 'n nuwe Presidensie vereis.⁹⁴

Die woning is op dieselfde perseel as die vorige een, in President Brandstraat net suid van Bloemspruit opgerig, en die nuwe woning het gedeeltes van die ou een ingesluit om koste te beperk.⁹⁵

Vir die ontwerp van die woning is 'n kompetisie uitgeskryf. Die kompetisie is deur Canning and Goad van Queenstown gewen. Finansiële oorwegings het besparings nodig gemaak en die oorspronklike wenplanne is gewysig.⁹⁶

Die nuwe Presidensie (fig. 7) is in 1886 voltooi nadat die argitek Francis Lennox Canning (1856 (?)-1895) tot 'n driekwart van die oorspronklike boukoste beperk is. Die woning is as gevolg van die kostebesparing heelwat vereenvoudig sodat 'n besoeker dit later as 'n “denuded French chateau” beskryf het.⁹⁷

93 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 6-7.

94 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, p. 7.

95 M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 5-7.

96 K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, p. 99.

97 K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 99-101.



Figuur 7: Die Presidensie van die Oranje-Vrystaat.

Uit: D. Picton Seymour, *Historical buildings of South Africa* (Cape Town, 1989), p.127.

Die Presidensie is in die Middeleeuse kasteel- of sogenaamde “Scottish Baronial”-styl gebou. Die woning is opgerig in ‘n tyd van eklektisisme – die vermenging van verskillende style in een gebou. Canning het gevoel dat die besparings meegebring het dat die gebou gestroop was van die dekoratiewe elemente wat die belangrikste was in sy ontwerp maar in *The Friend* van 19 Augustus 1886 word die woning beskryf as ”een volkomen eenvoudig, doch waardig en schoon gebou.”⁹⁸

Dit is in dié verblyfplek waar president Johannes Henricus Brand (1864-1888) oorlede is. Francis William Reitz (1889-1895) en Marthinus Theunis Steyn (1896-1902)⁹⁹ het hulle ampstermyne in die woning uitgedien en lord FS Roberts het dit tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) bewoon.¹⁰⁰

Dit is tot Government House herdoop en is tot 1910 deur die Goewerneur van die Oranjerivierkolonie bewoon. Na Uniewording 1910 het die ampswoning, wat staatseiendom geword

⁹⁸ M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 7-10.

⁹⁹ D.J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 353.

¹⁰⁰ K. Schoeman, *Vrystaatse Erfenis, bouwerk en geboue in die 19de eeu*, pp. 99, 101.

het, 'n tyd lank leeg gestaan en toe kort-kort nuwe bewoners gehad.¹⁰¹ Baie skade is deur opeenvolgende inwoners aangerig en in die sewentigerjare van die vorige eeu is begin met intensiewe resourasiewerk sodat dit kon dien as 'n museum wat die tydperk van oprigting uitbeeld.¹⁰²

d. Oliewenhuis, Bloemfontein

Oliewenhuis is in 1935 ontwerp deur William Mollison, hoofargitek van die Departement van Openbare Werke, en sy assistent, John Stockwing Cleland, latere Sekretaris van Openbare Werke tydens die oprigting van Libertas. Bouwerk aan die neo-Kaaps-Hollandse woning, in Harry Smithstraat 16, Bloemfontein, is in 1941 afgehandel, byna dieselfde tyd as wat Libertas voltooi is. Dit het van 1942 af as die woonplek van die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika in Bloemfontein gedien. In 1947 het die Britse koninklike familie tydens hulle besoek aan Bloemfontein daarin tuisgegaan. Na Republiekwording in 1961 het dit die Vrystaatse woning van die Staatspresident van Suid-Afrika geword. Dit is gemiddeld een keer elke vier jaar deur die Staatspresident gebruik. Die verblyfplek is eers in 1972 amptelik Oliewenhuis genoem. Dit is na aanleiding van die talryke wilde-olyfbome wat in die tuine van die woning groei.¹⁰³

In 1985 het staatspresident Botha na lang onderhandelinge die woning aan die Nasionale Museum in Bloemfontein oorgedra. Dit moes in 'n kunsmuseum omgeskep word. Na strukturele veranderinge om dit vir 'n kunsmuseum geskik te maak, is die Oliewenhuis-kunsmuseum, as 'n satelliet van die Nasionale Museum, amptelik in 1989 geopen. Die museum gebruik die beste tegnologie om plaaslike kunswerke in ideale klimaats- en sekuriteitsomstandighede te huisves.¹⁰⁴

¹⁰¹ M. Botes, *Museum Ou Presidensie*, pp. 19-25.

¹⁰² S.M. Botes, *Van Residensie tot Presidensie*, p. 296.

¹⁰³ Skriftelike mededeling: L. Marais, Department of Public Works, Private bag X65, Pretoria, 2000-05-16.

¹⁰⁴ Skriftelike mededeling: L. Marais, Department of Public Works, Private bag X65, Pretoria, 2000-05-16.

5. *Transvaal*

a. *Presidensiële wonings*

Potchefstroom is in 1838 deur die Voortrekkers uitgelê en het die hoofstad van die Transvaalse Republiek geword. President Marthinus Wessel Pretorius (1819-1901)¹⁰⁵ se plaas was deel van die groepering van plase wat met die uitbreiding van die dorp later “plase in die dorp” was. Die woning is volgens oorlewering deur Pretorius self gebou en hy het nadat hy hom aan die openbare lewe onttrek het daarin gewoon. Die grondplan van die woning is simmetries en die drie slaapkamers en kombuis lei direk uit die sentrale voorhuis. Drie glasdeure aan die voorkant vorm deel van die fasade. Van 1894 is die woning deur verskeie eienaars besit en deur instansies soos die Potchefstroomse Onderwyskollege gebruik. Die gebouekompleks is in 1973 aan die Potchefstroomse Stadsraad getranspoteer en restourasiewerk het kort daarna begin. Die President Pretorius-museum het kort daarna tot stand gekom in die gebouekompleks wat die buitegeboue ook insluit.¹⁰⁶

Pretorius was benewens die eerste President van die Zuid-Afrikaanse Republiek ook President van die OVS. Hy het ‘n ampswoning in Pretoria gehad op die noordwestelike hoek van wat destyds Markstraat en Kerkplein was. Die woning, wat deur die regering gebou is, is nooit deur hom bewoon nie, maar is deur ds. AJ Begemann gebruik.¹⁰⁷ President Thomas Francois Burgers (1831-1881)¹⁰⁸ het in sy eie woning in Prinsloostraat oorkant die Markplein gewoon.¹⁰⁹


¹⁰⁵ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 678.

¹⁰⁶ Anoniem, *Die President Pretorius-museum, Potchefstroom*, n.p.

¹⁰⁷ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

¹⁰⁸ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* I, p. 138.

¹⁰⁹ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.




Figuur 8: M.W. Pretorius se woning regs voor, Pretoria ca. 1885.

Uit: Z.L. Pretorius, *Marthinus Wessel Pretorius 1819-1901*, (Pretoria s.a.), p. 15.

President SJP Kruger het ook in sy eie huis (fig. 10) in Kerkstraat gewoon. Daar is wel gepoog om vir die President 'n ampswoning (fig. 9) te bou. Die ontwerp was vol torings en tierlantyntjies en is nooit uitgevoer nie. Klaarblyklik het Kruger sy eie verblyfplek verkies omdat dit beter by sy lewenstyl ingepas het.¹¹⁰

¹¹⁰ D. Picton-Seymour, *Victorian buildings in South Africa*, p. 283.



Figuur 9: Die voorstel vir die nuwe presidensiële woning in Pretoria wat nooit uitgevoer is nie.

Uit: R. C. Fisher, (ed.), *Architecture of the Transvaal*, (Pretoria, 1998), p. 72.

Die huis was Kruger se persoonlike eiendom en die staat het 'n huistoelae aan hom betaal.¹¹¹ Dit is 'n tipiese voorbeeld van woningbou wat as "stoepkamerhuise" bekend staan. Die pedimentgewels, die lys om die voordeur en die gepleisterde lyswerk skep 'n laat-Renaissance voorkoms, maar die verandas is weer Oosters. Dit is 'n stewige, ruim en eenvoudige woonhuis wat soms deur besoekers as 'n kothuis of landhuis beskryf is.¹¹²

Op die stoep van sy huis het hy graag besoekers ontvang, of dit nou amptenare, burgers of vreemdes was. Daar was reeds wagtendes as hy om sesuur die oggend op die stoep uitkom en hy was in die namiddag toeganklik vir nog besoekers. Hier kon hy met baie meer vrymoedigheid as in die Raadsaal praat en het dikwels op die stoep die weg voorberei vir sake wat in die Raadsaal wrywing kon veroorsaak.¹¹³

¹¹¹ D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 473.

¹¹² W.J. de Kock, *Die Krugerhuis*, Pretoria, p. 26.

¹¹³ W.J. de Kock, *Die Krugerhuis*, Pretoria, p. 26.



Figuur 10: President S.J.P. Kruger se private woonhuis in Pretoria.

Foto: Poskaart, Krugerhuis-museum, Pretoria.

Kruger het hier gewoon totdat hy Pretoria met die Anglo-Boereoorlog op 29 Mei 1900 verlaat het. Mevrou Kruger het tot met haar dood op 21 Julie 1901 in die woning gebly. Gedurende die tweede helfte van 1901 is dit deur Britse troepe beset.¹¹⁴ Die woning het in 1933 in die besit van die Transvaal-museum gekom en is drie jaar later tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar.¹¹⁵

b. Government House, later die Presidensie, Bryntirion, Pretoria

Na die Anglo-Boereoorlog moes die Britse regering behuising aan sy amptenare verskaf. Tydens die Anglo-Boereoorlog het die Britse verteenwoordiger in Ultimatum House gewoon. Later gedurende die Anglo-Boereoorlog het Melrose-huis die ampswoning geword en het Horatio Herbert Kitchener (1850-1916) daarin gewoon nadat hy die opperbevel by lord Roberts oorgeneem het.¹¹⁶ Die Vrede van Vereeniging is in Mei 1902 in Melrose-huis onderteken.¹¹⁷ Genl. sir Neville Gerald Lyttelton (1845-1931)¹¹⁸ het een van die woninge wat Herbert Baker ontwerp het in Roberts Heights (later Voortrekkerhoogte, nou Thaba Tswane) sy ampswoning gemaak.¹¹⁹

114 D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 8, p. 473.

115 D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 163.

116 Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

117 D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 169.

118 D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 7, p. 43.

119 Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

Reeds in 1902 is 'n bedrag vir die bou van 'n ampswoning in Pretoria beskikbaar gestel. Die grond is in 1903 aangekoop. Baker is as argitek aangestel en drie jaar later was die bouwerk aan die woning afgehandel. Die oorspronklik begrote bedrag het van £25 000 tot £94 000 gestyg. Die bedrag het die buitegeboue, tuinuitleg en doeltgemaakte meubels ingesluit.¹²⁰ Lord William Palmer Selborne (1859-1942), was die eerste Britse amptenaar om die nuwe Government House (nou die Presidensie) (fig. 11) te bewoon. Na Selborne het al die Goewerneurs-generaal van Herbert John Gladstone (1910-1914) tot CR Swart (1960-1961), die woning bewoon.¹²¹

Na republiekwording in 1961 het dit die woning van die Staatspresident geword en is dit deur die Staatspresidente bewoon totdat PW Botha die ampte van Eerste Minister en Staatspresident in 1984 verenig het. Botha het verkies om in Libertas aan te bly en die Presidensie is daarna as staatsgastehuis benut.¹²²



Figuur 11: Die Presidensie.

Uit: G. Viney, *Colonial Houses of South Africa*, (Cape Town, 1987), p. 245.

6. *Die woonbuurt Bryntirion*

John Robert Pritchard het die stuk grond met die baie mooi suidelike en noordelike uitsig oor die omgewing in 1899 by EPA Meintjes gekoop. Hy was die bestuurder van TW Beckett se winkel en

¹²⁰ D. Picton Seymour, *Historical buildings in South Africa*, p. 174.

¹²¹ Mondelinge mededeling: T. Andrews, Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

¹²² G. Viney, *Colonial houses of South Africa*, p. 245.

het die grond na sy geboorteplek in Wallis vernoem.¹²³ *Bryntirion* is 'n Walliese naam uit Carnarvonshire, Wallis. *Bryn* beteken 'heuwel' en *Tirion* "pragtige uitsig." As "heuwel met 'n mooi uitsig" is die naam baie gepas vir die omgewing.¹²⁴

Pritchard se grond is in 1902 aan die Transvaalse koloniale regering verkoop. Majoor GH Fowke, Sekretaris van Openbare Werke, het voorgestel dat die terrein vir die oprigting van vyf verskillende tipes staatswonings benut word. Dit was 'n staatsbehuisingskema weens 'n tekort aan akkommodasie vir staatsamptenare. Die bedoeling was dat die buurt se inwoners van die beter besoldigdes sou wees.¹²⁵

Volgens die waarnemende Sekretaris van Openbare Werke, WE Davidson, was die terrein "undoubtedly the finest building site in Pretoria." Hy het vroeg reeds aanbeveel dat die hele area gekoop word, anders sou die moontlikheid later bestaan dat die ampswoning deur spekulatiewe ontwikkelings omring kon word. "If this block is now secured the Government House cannot be overlooked" het hy aangevoer. Die gevolg was dat 'n aangrensende deel van die Wesleyaanse sendinggenootskap se grond in 1903 gekoop is.¹²⁶ Nog gedeeltes van die plase Koedoespoort 299 en Rietfontein 24 is later aangekoop.¹²⁷

Die Bryntirion-landgoed of Government Village, soos dit eers bekend gestaan het, is die gebied wat strek van Kerkstraat tot op die kruin van Meintjeskop. Die eerste wonings is in die Milner-tydperk opgerig en is aanvanklik deur 'n groep senior staatsamptenare bewoon. In 1904 was daar dertien wonings en 'n opsigterswoning op die landgoed. Na Uniewording in 1910 is van die huise deur Kabinetslede bewoon wat van ander provinsies afkomstig was. Dit het daartoe gelei dat in 1927

123 Anoniem, Bryntirion-huise uit Milner-tydperk, *Beeld, Huisgids*, 1997-08-22, p. 46.

124 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 12.

125 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, pp. 31-32.

126 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 32.

127 D. J. Potgieter (red.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* 2, p. 545.

besluit is om die wonings uitsluitlik vir Kabinetslede te reserveer.¹²⁸ Van die wonings het 'n geskiedenis van prominente inwoners soos woning 19 waarin onder andere DF Malan, JG Strijdom en HF Verwoerd gewoon het. Woonhuis 20 was deur bekendes soos A Fischer, JCG Kemp, FC Stallard en E Louw bewoon.¹²⁹

Met Uniewording het Louis Botha premier geword. Hy het in sy eie woning in Cellierstraat 147, Sunnyside, gewoon.¹³⁰ Sy woning was vir enige persoon toeganklik.¹³¹

In 1913 het JBM Hertzog in Vermeulenstraat 590 gewoon.¹³² Van 1926 tot 1936 was woning 20 in Bryntirion Hertzog se amptelike woning. Dit is dieselfde woning waarin lord Selborne tot in 1906 gewoon het. Die woning is later verander om die Premier se motorbestuurder en die hoofkelner van Libertas te huisves.¹³³

In die dertigerjare van die vorige eeu is besluit om 'n nuwe woning vir die Eerste Minister op die hoogste gedeelte van die Bryntirion-landgoed op te rig. Hoewel die oprigting van die woning reeds

-
- 128 Anoniem, Bryntirion-huise uit Milner-tydperk, *Beeld, Huisgids*, 1997-08-22, p. 46.
129 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 43.
130 *Lockhead's guide, handbook and directory of Pretoria, 1913*, pp. 316, 343.
131 C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 42.
132 *Lockhead's guide, handbook and directory of Pretoria, 1913*, pp. 316, 343.
133 J. Ploeger, *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 39.

in 1940 afgehandel was, sou dit eers teen 1948 vir die eerste keer deur 'n premier, DF Malan, bewoon word. Die volle verhaal van die woning se ontwerp, oprigting en bewoning word in die volgende hoofstukke beskryf.

HOOFSTUK II

DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING WORD ONTWERP

A ONTWERP

Die redes vir die bou van die nuwe eerste-ministerswoning is nie gegee tydens die bekendmaking van die kompetisie om die ontwerp van die woning nie. Daar is nie gemeld of die woning wat in gebruik was in daardie tyd ontoereikend of ondoelmatig was nie, en ook nie of dit 'n amptelike woning was nie. Die meeste sekondêre bronne soos Simpson se brosjure, die argiewe van die Departement van Openbare Werke en die koerante van die tyd begin met die aankondiging van die kompetisie vir die ontwerp van die verblyfplek. Die destydse Hansard en Staatskoerant werp ook nie veel meer lig op die redes vir die bou van die woning nie. Die notules van die die Uitvoerende Raad se besluite en die Hertzog-versameling was ook nie van nut om die redes op te spoor nie.

Daar is nie duidelikheid oor waar die Eerste Minister, JBM Hertzog, van 1936 tot 1939 gewoon het nie. Gevolglik kon geen studie van daardie woning gemaak word om 'n moontlik rede vir die oprigting van 'n nuwe ampswoning te identifiseer nie. Of die woning en sy gebreke aanleiding kon gegee het tot die dringendheid om 'n nuwe verblyfplek te bou, is nie duidelik nie.

Die feit dat die Eerste Minister ses maande van die jaar in Pretoria en die ander ses maande in Kaapstad moes deurbring, het die noodsaaklikheid vir 'n ampswoning verhoog. Daar kon nie van die Premier verwag word om self twee verblyfplekke in te rig en te onderhou nie. Die koste daaraan verbonde sou astronomies gewees het.

Om die Eerste Minister in 'n amptelike woning te laat bly, het administrasie, sy veiligheid en kommunikasie met hom vergemaklik. Voorbeelde van ampswonings soos 10 Downing Street in Groot-Brittanje, die Wit Huis in die Verenigde State van Amerika, en die verblyfplek van die Britse Goewerneur-generaal in Suid-Afrika en elders het reeds bestaan en kon nagevolg word.

'n Moontlike rede vir die oprigting van die ampswoning kan gevind word in Hertzog se pogings om Suid-Afrika se internasionale status vergelykbaar met die van Brittanje te kry soos deur die Statuut van Westminster bepaal rakende 'n eie munt- en seëlstelsel, eie diplomate in die

buiteland en 'n eie vlag.¹ Dalk was die oprigting van 'n eerste-ministerswoning deel van die aspirasies van Hertzog en sy Nasionale Party.

1. *Kompetisie vir die ontwerp*

a. *Besluit om die kompetisie uit te skryf*

Die Sekretaris van Openbare Werke het in 'n brief van 2 Maart 1935 aan die Sekretaris van Finansies gemeld dat CF Clarkson, Minister van Openbare Werke, besluit het om 'n kompetisie vir die ontwerp van 'n nuwe eerste-ministerswoning uit te skryf. Die redes waarom ontwerpe aangevra is, was omdat die Departement van Openbare Werke reeds 'n baie druk program gehad het en dat daar 'n lewendige belangstelling van argitekte in die ontwerp van die woning was.²

Volgens JS Cleland (FRIBA), Sekretaris van Openbare Werke, was dit die “policy of this Department during the last few years to place out certain of the work, as an encouragement to the architectural profession.”³

'n Advertensie vir die kompetisie is in Afrikaans en Engels in publikasies soos *The Pretoria News*, *Die Vaderland*, *The Star* en *Architectural Record*, geplaas. Die advertensie het in negentien publikasies tot so ver as *The Cape Times* verskyn.⁴ Die kompetisie was oop vir argitekte wat in Suid-Afrika woonagtig was en wat ingevolge Wet 18 van 1927 by die Instituut van Argitekte geregistreer was.⁵ Die voorwaardes vir die kompetisie is deur die sentrale raad van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte goedgekeur.

b. *Algemene gebruik van kompetisies om oor ontwerpe te besluit*

Die ampswoning van die Suid-Afrikaanse Eerste Minister is een van talle bekende geboue wat die resultaat was van kompetisies vir die ontwerp daarvan. Bekende voorbeelde van sodanige

¹ M. van Heerden, *Eerbetoninge aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1919-1966)*, p. 64.

² Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Pretoria. PWD 566, 2/1310/5477: Secretary Public Works Department (hierna PWD) - Secretary Finances, 1935-03-02.

³ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: Sec. PWD - Director PWD, Nairobi, 1935-07-13.

⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Government Printer, 1935-01-02.

⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Government Printer, 1935-05-15.

geboue is die Amerikaanse President se woning, die Wit Huis, die parlamentsgebou in Londen, die Reichstag in Berlyn, Duitsland, die Eiffeltoring in Parys, Frankryk, en die operahuis in Sydney, Australië.⁶

Die eerste aangetekende geval waar 'n kompetisie gebruik is om die ontwerp van 'n gebou te bepaal, is in 448 v.C. toe die Raad van Athene na die Persiese Oorlog 'n gedenkteken op die Akropolis wou oprig. Verskeie kunstenaars is genader om ontwerpe in te dien en die gemeenskap is gevra om die wen-ontwerp te kies.⁷

Die redes vir die besluit deur die stadsleiers is maklik om te begryp. Openbare geboue beïnvloed omgewings vir 'n baie lang tydperk daadwerklik en wek emosies, veral as so 'n gebou simbolies van aard is. Die Raad van Athene het hom teen toekomstige kritiek gevrywaar deur die mense vroegtydig toe te laat om kommentaar op die ontwerpe te lewer.⁸

'n Kompetisie was nogtans nie altyd ideaal vir al die betrokke partye nie. Soms was die keuse van die wen-ontwerpe nie vir die publiek aanvaarbaar nie, omdat die wenner van die verkeerde nasionaliteit was en partykeer is daar nie op 'n wen-ontwerp besluit nie, maar aspekte van verskeie inskrywings saamgevoeg deur die jurie wat die ontwerpe moes beoordeel. Omdat daar net een wenner is, is al die ander deelnemers per definisie verloorders en dit lei soms tot jaloesie en nydigheid. Kompetisies is gereeld gekenmerk deur argumente, beskuldigings van plagiaat en konfrontasies tussen die betrokkenes. Dit alles geskied in die geval van kompetisies in die openbaar en gee daaraan 'n negatiewe reputasie.⁹

Organiseerders van kompetisies hoop om soveel moontlik voorstelle te ontvang wat die waarskynlikheid van 'n uitstaande ontwerp verbeter. Kompetisies het soms ook ten doel om rewolusionêre oplossings vir probleme voor te stel. Die kompetisievoorwaardes is dikwels nie baie voorskriftelik nie en gee aan deelnemende argitekte groot vryheid om ontwerpe na die beste van hulle vermoëns te produseer. In die meeste gevalle word egter streng bepalinge neergelê

⁶ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁷ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁸ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, p. 9.

⁹ H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 9-12.

waarby die argitek moet hou, soos die begrote bedrag en die ligging van die bouperseel¹⁰ en dit baat die deelnemende argitek ongetwyfeld om nougeset aandag daaraan te gee.

Die jurie is die belangrikste faktor met die sukses van 'n kompetisie. Gewoonlik bestaan die jurie uit mense met diverse agtergronde soos politici, staatsamptenare en boukontrakteurs. Die diversiteit van die jurielede is veronderstel om 'n beter en ewewigtiger besluit tot gevolg te hê, maar soms is dit juis die swakheid van die jurie. Sy lede kan nie tot 'n eenparige besluit oor die beste ontwerp kom nie.¹¹

Vir enige deelnemer aan 'n kompetisie is dit altyd die moeite werd om eers vas te stel wie die lede van die jurie is voordat daar met die ontwerp begin word. In 1922 het die koerant die *Chicago Tribune* 'n kompetisie vir die ontwerp vir 'n nuwe kantoorgebou aangekondig. Die jurielede wat die koerant aangestel het, was konserwatief en die koerant self het aangedui dat geen ontwerp verwag is wat die grense van argitektuur sou verskuif nie. Die deelnemende argitekke kon hieruit aflei hoe hulle ontwerpe daar moes uitsien om enigsins 'n kans te hê om te wen.¹²

Partykeer is daar nie 'n jurie aangestel om die besluit te neem nie en het die besigheid of persoon wat die kompetisie uitgeskryf het self as beoordelaar opgetree. Dié opsie sluit van die probleme met 'n jurie uit, maar dit bemoeilik dit om onontdekte talent op te spoor, veral as die deelnemers aan die kompetisie net uit genooide argitekke bestaan.¹³

Verskeie van die kenmerke van 'n kompetisie soos hierbo aangedui is, sou gedurende die kompetisie vir die ontwerp vir die woning van die Eerste Minister ter sprake kom, hoewel daar slegs een beoordelaar was.

10 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 12-13.

11 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 13-14.

12 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 14-15.

13 H. de Haas, & I. Haagsma, *Architects in Competition*, pp. 16-17.

c. Beoordeling van die kompetisie

Die Sekretaris van Openbare Werke, JS Cleland, is deur die Minister van Openbare Werke as die beoordelaar van die kompetisie aangewys. Waarskynlik is op Cleland besluit omdat daar voorheen klagtes was dat oorsese argitekte nie die land, klimaat of geografiese omstandighede ken nie en dus nie vir plaaslike argitekte as beoordelaars aanvaarbaar was nie.¹⁴

Vantevore is gereeld van oorsese beoordelaars gebruik gemaak om plaaslike kompetisies te beoordeel. 'n Voorbeeld hiervan was die Johannesburgse Stadsbiblioteek. Dié praktyk het kritiek uitgelok, onder meer van Gerard Moerdyk (1890-1958) wat gevoel het dat 'n lokale beoordelaar meer kennis van plaaslike omstandighede sou gedra het en dus beter sou kon beoordeel. Die kompetisies vir die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Kaapstad en die Tegniese Kollege in Pretoria sou as voorbeelde van suksesvolle beoordeling deur plaaslike beoordelaars kon dien.¹⁵

Vir die woning van die Eerste Minister sou van 'n plaaslike beoordelaar gebruik gemaak word. Volgens die bepalinge van die kompetisie sou die Minister van Openbare Werke die beoordelaar se keuse onvoorwaardelik aanvaar en nie die voorgelegde planne sien voordat dit beoordeel is nie.¹⁶

d. Voorwaardes vir die kompetisie

Deelnemers aan die kompetisie moes konsep-ontwerpe vir die woning en die terrein voorstel. Die voorwaarde is gestel dat daar van die argitek verwag kon word om, indien dit nodig was, veranderings of verdere tekeninge en sketse te verskaf.¹⁷

¹⁴ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: *The Star*, 1929-12-12.

¹⁵ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: *The Star*, 1929-12-12.

¹⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence for the Prime Minister of the Union of South Africa at Pretoria, Transvaal. s.a.

¹⁷ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

'n Lys van vertrekke, waarna as 'n skedule van akkommodasie verwys is, is aan voornemende deelnemers verskaf. Die beoordelaar het hulle gemaan om streng by die skedule te hou, tensy hulle baie voordelige veranderinge kon aanbring.¹⁸

e. Inskrywingsprosedures

Elke ontwerp en die gepaardgaande instruksies van die argitek moes sonder naam, slagspreuk of kenteken van enige aard voorgelê word. Dit moes vergesel wees van 'n verklaring van die argitek dat die werk sy eie is en dat die tekening deur homself of onder sy toesig opgestel is. Die argitek moes sy naam, kwalifikasies en adres in 'n verseëlde koevert plaas wat die ontwerp moes vergesel. Om die anonimiteit van die deelnemers en so ook die onpartydigheid van die beoordelaar te verseker, sou die beoordelaar slegs met nommers op die ontwerpe werk. Dit sou verseker dat die ontwerpe slegs volgens meriete beoordeel word.¹⁹ Die argitek is daaraan herinner dat die ontwerpe slegs eenvoudige maar realistiese planne moes wees.²⁰ Daar is selfs aanwysings gegee oor die tipe papier, lyntipe, aanwysings en kleure wat die argitek kon gebruik. Deelnemende argitek is uitgenooi om enige vrae oor die skedule van akkommodasie aan die Sekretaris van die Departement te rig.²¹

Die sluitingsdatum is op 11 Maart 1935 vasgestel,²² maar na verskeie versoeke deur die deelnemende argitek is die datum na die einde van Maart 1935 verskuif.²³ Kontantpryse van 150, 100 en 70 pond sou, onderskeidelik, aan die eerste drie wenontwerpe toegeken word.

18 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

19 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

20 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - PWD, Pretoria. 1935-02-15.

21 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

22 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

23 NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Reid and Martin Architects, Stanley House, Commissioner Street, Johannesburg - Sec. PWD. 1935-02-15.

f. Voorwaardes met betrekking tot die toekenning van die kontrak

Die Minister van Openbare Werke het dit duidelik gestel dat die Departement nie verbind was om met die oprigting van die woning voort te gaan nie. As die Departement wel met die bou van die woning sou voortgaan, sou van die argitek wat die kompetisie gewen het, verwag word om die planne uit te voer. Indien, volgens die beoordelaar, 'n geldige rede sou ontstaan waarom die wenner se planne nie gebruik kon word nie, sou die naaswenner se planne gebruik word of sou van die wenner verwag word om met 'n argitek van Cleland se keuse saam te werk.

Die Minister sou met die begin van die projek 'n bourekenaar aanstel om die argitek by te staan, maar die argitek moes al die nodige tekeninge vir die aanlê van water en elektrisiteit asook vir die installering van brandblussers voorsien. 'n Geografiese kaart van die erf met die kontoere, ligging van paaie en die riolering sou deur die Departement aan deelnemers verskaf word om hulle met hulle ontwerpe te lei.²⁴ Lugfoto's van die Bryntirion-landgoed kon vir gebruik in die kompetisie via die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekke van die Sekretaris van Verdediging verkry word.²⁵

In die kontrak is gespesifiseer dat die begrootte bedrag van £25 000 sowel alle boukoste as elektriese ligte, die aanlê van koue water en warm water, rakke en kookapparaat moes insluit. Meubels en losstaande voorwerpe wat die woning bewoonbaar sou maak, was nie by die bedrag ingesluit nie.²⁶

Cleland het van die argitek wat die kompetisie wen, verwag om sy ontwerp te verander. Hy het dit so gestel: "I personally consider a competition as being a means only for the appointment of architects and the competition design as purely preliminary sketches for discussion purposes."²⁷

²⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a

²⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - Secretary of Defence, 1935-01-10.

²⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

²⁷ NASA, Pretoria. PWD 7/2969 1327: Sec. PWD - Director PWD, Nairobi, 1935-07-13.

2. *Akkommodasievereistes*

As Eerste Minister was Hertzog van mening dat die woning “should reflect an atmosphere of dignity and quiet simplicity, typical of and in keeping with the best traditions of the architecture of this country.”²⁸

‘n Inryportaal of *portico* was die eerste aanwysing op die skedule. Uit die ingangsportaal op die grondvlak moes mans- en dameskleedkamers op diskrete plekke geplaas wees. Die ingangsportaal kon, indien dit nodig was, uit ‘n boonste en onderste vlak bestaan. Die Eerste Minister en sy sekretaris moes beide kantore met ‘n besoekerswagkamer naby, op die grondvlak hê. Dié gedeelte moes toeganklik tot die res van die woning wees, maar moes ook ‘n afsonderlike buitetoegang vir besoekers hê.²⁹

Agt slaapkamers is benodig, waarvan twee hulle eie *en suite*-badkamers en aantrekkamers moes hê. Die ander slaapkamers moes badkamers met ‘n deur in die gang deel. Verder moes vir personeelkwartiere, linnekamers, waskamers, ‘n wynkelder, ‘n spens, ‘n silwerwarekluis, ‘n tweede trap vir die bediendes en stoepe voorsiening gemaak word. Die buitegeboue het ‘n motorhuis vir vyf motors, stalle vir vier perde, ‘n werkkamer en verblyf vir nie-blanke werkers ingesluit. ‘n Baie interessante vereiste was ‘n baba- en klaskamer wat elkeen 250 vierkante voet nagenoeg (25 m²) groot moes wees.³⁰

Voorts is aanbeveel dat die ontwerp twee verdiepings moet beslaan en omdat die gebou ‘n belangrike een sou wees, is deelnemende argitekte gemaan om die argitektoniese waarde van hulle voorgestelde geboue deeglik te oorweeg.³¹

Volgens die aanwysings moes die vertrekke eenvoudig, maar in goeie verhoudings en smaakvol wees. Ook is voorgestel dat die boumateriaal en die afwerking deurgaans van gepaste en praktiese gehalte moes wees en dat Suid-Afrikaanse hout vir die houtwerk gebruik word. Die

²⁸ NASA, Pretoria. PWD 2/1310/P4/1007: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1937-02-25.

²⁹ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence..., s.a.

³⁰ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³¹ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

ligging hoog op die koppie en die klimaat moes in ag geneem word. Noord was die beste front, in soverre dit klimaat en uitsig betref. Daar is 'n asemrowende uitsig van die erf oor die vallei na die koppies noord en noordoos daarvan.³²

Die hoofingang moes met 'n gepaste oprit in George Washington-boulevard wees. Verder moes vir ruim parkering naby die hoofingang en nog meer parkering daar naby vir groter onthale voorsiening gemaak word. Die voorgelegde ontwerpe moes ook 'n groot grasperk vir onthale, blomtuine, roostuine, terrasse, watertuine, dammetjies, fonteine, pergolas en bome insluit. Ten slotte moes vir 'n tennisbaan en 'n kleinerige swembad voorsiening gemaak word.³³

Baie gou het navrae oor die skedule ontstaan. Vrae wat ontvang is, is genommer en saam met die antwoorde aan deelnemers teruggestuur. Vraag twee was byvoorbeeld waarom 'n babakamer en klaskamer vereis word, maar geen "night nursery, nurse's room or bathroom" nie.³⁴ Vraag veertien het verneem wat die doel van die voorgestelde "morning room" was. Die beoordelaar het geantwoord dat die vertrek bedoel was vir die dame van die woning of vir die gebruik van besoekers om gesellig te verkeer. Dan het die Departement die argitek na die *Webster's International* en die *Oxford Dictionary* vir 'n verklaring van die funksie van die "morning room" verwys.³⁵ Op nog 'n vraag het die Departement geantwoord dat daar ses bediendekamers moes wees, een elk vir die hoofbediende, huishoudster, kok en drie ander bediendes.³⁶

3. *Kommentaar op die kompetisie*

Baie gou het die Departement van Openbare Werke 24 inskrywings vir die kompetisie ontvang.³⁷ Saam met die inskrywings het kritiek en 'n woordstryd gekom. Op 22 Maart 1934 het 'n artikel in *Die Burger* verskyn waarin die skrywer gepleit het dat die argitek van die nuwe Premierswoning "iets moet voortbring wat werklik simbolies is van die karakter van ons volk en land, en die karakter op 'n beter en meer intense wyse weerspieël moet word as by enige ander

³² NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³³ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ..., s.a.

³⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - All competitors, 1935-01-28.

³⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - All competitors, 1935-02-14.

³⁶ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Works Cape Town - Works Pretoria, 1935-02-07.

³⁷ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Works Pretoria - Works Cape Town, 1935-02-11.

gebou.” Die skrywer het dit veral gehad teen die “talle monstrositeite wat bestaan uit ‘n iets van alles.”³⁸

‘n Artikel in die *Die Burger* het ook aangevoer dat die boustyle uit vroeëre tye nageaap moes word sonder dat die klimaat in ag geneem word nie. Daarin is ook beswaar gemaak teen openbare geboue en woonhuise wat “nooit gebou is met die oog op enige styl nie, maar slegs mure en ‘n dak (is) wat die inwoners teen die wind en weer beskerm.” Volgens die skrywer het die meeste ontwerpers ‘n groot gebrek aan smaak getoon.³⁹

In die *South African Architectural Record* is gepleit dat genoegsame vryheid van uitdrukking by die ontwerp van die woning aan argitekte gegun moes word. Dit is as ‘n uitstekende geleentheid beskou as ‘n rigtingwyser by die argitektuur van wonings te skep. Volgens die skrywer van die artikel moes die woning die eenvoud van die Suid-Afrikaanse sosiale lewe uitbeeld. Dit moes “...joyously renounce everything tawdry, flamboyant and vulgar: let it be a conscious departure from every idea that savours of cliché and hackneyed style.” Doriese pilare was ewe onvanpas as barokgewels en daar moes nie ‘n woning gebou word vir hemelbeddens en bedverwarmers nie maar vir die elektriese stoof, lugversorging en die radio. Daar is gepleit vir groot vensters wat uit een paneel bestaan en ‘n vloedgolf van moderne ligte; nie vir kiaatsierroosters oor vensters en antieke kandelare en lanterns nie. Die wye horisonne van die land moes weerklank kon vind in die eenvoudigheid en ruimte wat moderne boumateriale bied. Om die Kaaps-Hollandse boustyl te kopieer, sou ‘n miskening van die gees en die kreatiwiteit van die ou Kaapse boumeesters wees, aldus die skrywer van die artikel. Hy het ook gekla omdat dit wat die Departement van Openbare Werke as “fine” en “traditional” beskou, steeds net op steriele nabootsing uitgeloop het.⁴⁰

In Mei 1935 het *Die Burger* aangevoer dat die Departement hoop om vir £25 000 ‘n woning met ‘n Suid-Afrikaanse karakter te bou. Die argitekte moes hulle nougeset by die voorskrifte hou. Een daarvan het die oppervlak van die nuwe ampswoning vasgestel op twee maal so groot soos Groote Schuur. Volgens die skrywer maak net dié bepaling dit al baie moeilik om met die beperkte begroting iets met karakter te skep. Die skrywer was van mening dat dit uiteindelik soos ‘n reuse skoolgebou gaan lyk as gevolg van die vasgestelde aantal slaapkamers wat die

38 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

39 J. Ploeger, *Overvaal - geskiedenis van 'n ampswoning*, p. 37.

40 Professional notes and news, *The South African Architectural Record*, 1935, p. 48.

woning moes hê. Die groot aantal slaapkamers en die motorhuis, groot genoeg vir 'n hele aantal motors, put die begroting in so 'n mate uit dat die argitek nie Suid-Afrikaanse hout of klip sou kon spesifiseer nie. Dit sou daartoe lei dat daar geen kreatiwiteit by die ontwerp bestaan nie. Die deelnemer wat hom die naaste aan die voorskrifte hou, maar waarskynlik die woning met die minste karakter ontwerp, sou waarskynlik die argitek wees wat die kompetisie wen.⁴¹



Figuur 12: Spotprent oor die koste verbonde aan die nuwe eerste-ministerswoning, 1938-07-15.

Uit: *Die Transvaler*, Gerard Moerdykversameling, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versameling, UP.

In Augustus 1934 het 'n brieffskrywer aan 'n Engelse dagblad aangevoer dat hy voel dat die uitgawes aangegaan in moeilike tye soos daardie 'n absolute noodsaaklikheid was - omdat die uitgawes die algemene publiek en die werker spesifiek bevoordeel. Volgens hom sou dit werk verskaf en sou die woning ongetwyfeld die man waardig wees. Die Premierswoning in Pretoria het swak met Groote Schuur vergelyk.⁴² Later in Augustus is nog 'n brieffskrywer in die *Sunday Express* berispe omdat hy sou beweer het dat die Premier gratis in die nuwe woning gaan woon.⁴³

⁴¹ Universiteit van Pretoria, (hierna UP), Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Moerdykversameling: *Die Burger*, 1935-05-06.

⁴² NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Koerantknipsel, 1934-08-02.

⁴³ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: *Sunday Express*, 1934-08-19.

In Januarie 1934 het die Departement van die eerste voorstelle van die publiek oor die inrigting van die nuwe woning ontvang. J Connell, stadsorrelis van Johannesburg, het voorgestel dat die nuwe woning met 'n klein orreltjie toegerus word. Die Departement het geantwoord dat hy dit in gedagte sou hou en het versoek dat 'n raming vir die koste van so 'n orrel verstrek word!⁴⁴

4. Bekendmaking van die wenners

Op 25 Maart 1935 is die wenners van die kompetisie in die media bekend gemaak. Die beoordelaar sou sy beslissing aan elke deelnemer gee, waarna 'n uitstalling van al die ontwerpe gehou sou word. 'n Algemene verslag van die beoordelaar sou saam met hulle ontwerpe aan al die deelnemers gestuur word.⁴⁵

Die beoordelaar het die nommers in wenvolgorde geplaas en toe die verseëelde koeverte in die teenwoordigheid van die Uniekabinet oopgemaak. Die wenner was Gerard Moerdyk van Pretoria, gevolg deur JZ Stekhoven van Lyon en Stekhoven, Kaapstad, en GE le Sueur van Durban.⁴⁶ Volgens Cleland se verslag was daar geen uitstaande ontwerp nie en die argitektoniese waarde was volgens hom oor die algemeen teleurstellend. Tog was dit vir hom duidelik dat die vyftig deelnemers baie tyd en aandag aan die ontwerpe bestee het. Hy het herhaal dat al die ontwerpe verbeteringe nodig gehad het en dat die wenontwerpe net as 'n vertrekpunt sou dien.

5. Kommentaar op die ontwerpe

Ontwerp 21 - (fig. 13) die Moerdyk-ontwerp - is eerste geplaas, hoofsaaklik omdat "the competitor having visualised the requirements and the architectural tradition considered desirable for a house of this description and for its simple economic lines and right shape to suit the site."⁴⁷

⁴⁴ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Sec. PWD - J. Connell, 1934-01-10.


⁴⁵ NASA, Pretoria. PWD 566 2/1310: Competition for the proposed residence ...s.a.

⁴⁶ UP: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-25.

⁴⁷ NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.


Die voorportaal was ruim en gepas. Die Eerste Minister se studeerkamer en die môrekamer is geskik geplaas en goeie stoepe vorm deel van die ontwerp. Hy was ook tevrede met die plasing van die kombuis en die uitleg van die eerste verdieping. Volgens hom was die ontwerp eenvoudig en gepas en die uitleg van die tuin aanvaarbaar, maar veranderinge sou gewis aan die ontwerp aangebring moes word.⁴⁸

⁴⁸ NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.




Figuur 13: Die oorspronklike Moerdyk-wenontwerp.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 121.



Figuur 14: Die ontwerp wat in die tweede plek geplaas is.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 123.



Figuur 15: Die G le Sueur-ontwerp wat in die derde plek geplaas is.

Uit: *South African Architectural Record*, May 1935, p. 124.

Ontwerp 43 (fig. 14) is tweede geplaas vanweë die breë eenvoudige ontwerp met 'n gepaste voorportaal, kledkamer en galery. Die babakamer en klaskamer was nie op die beste plekke geplaas nie. Cleland het aangevoer dat die uitleg van die terrein, kombuis en slaapkamers baie

bevredigend was. Sy samevatting was dat dit 'n ontwerp met baie foute, maar ook met baie moontlikhede was.⁴⁹

Die ontwerp wat derde geplaas is, nommer 22, (fig. 15) was volgens die beoordelaar op goeie lyne met 'n bevredigende voorportaal, studeerkamer, kombuis en loggia. Die klaskamer en die babakamer sou meer noord gepas gewees het en die tuinuitleg was maar gewoon.⁵⁰

Sommige van die ander ontwerpe is geag as té groot. Verdere opmerkings was dat die vorm van die gebou onvanpas was vir die erf, vertrekke te veel westeson sou kry, nou gange, te veel gange, 'n babakamer wat uitloop op 'n stoep en die kombuis wat te ver van die eetkamer was. Van die ander ontwerpe was "little palatial" en "too elaborate and costly." "Ontwerp 15 was heeltemal ongeskik omdat dit "too broken up and inconvenient" was.⁵¹

Skaars is die wen-ontwerpe bekend gemaak of lofprysinge en kritiek het van oral opgeklank. Norman Eaton (1902-1966), bekende argitek van die tyd, het geskryf dat hy gevra is om die vyftig ontwerpe te kritiseer. Volgens hom is daar niks om te kritiseer nie, want hy het nie vyftig ontwerpe voor hom gehad nie, maar vyftig verbeeldingsvlugte. Die meeste van die ontwerpe was net geskik vir 'n suksesvolle koloniale Kaapse slagter van twee eeue vantevore. Eaton het aangevoer dat die argitektuur nog vyftig doodgebore babas gebaar het. Wat Cleland as tradisionele argitektuur aangeprys het, het Eaton afgemaak as 'n "retrograde attitude of mind". Hy het bygevoeg dat dit opvallend was dat geen ontwerpe deur die jonger, moderne argitekte gelewer is nie - dalk vanweë die Departement van Openbare Werke se voorkeur aan "tradisionele" argitektuur.⁵²

Volgens Eaton het die Moerdyk-ontwerp gewen bloot omdat dit 'n poging aangewend het om die noordelike uitsig te gebruik. Hy het gevoel dat dit net 'n besoek aan die beoogde ligging van die woning vereis het om die idee te vernietig dat dit die gepaste vorm vir die ligging is. Die uitgestrekte horisontale lyne van die Magaliesberg en die parallelliggende heuwels wat in die

49 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

50 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

51 NASA, Pretoria. PWD 560 2/1310: Secretary PWD report on competition. s.a.

52 *The South African Architectural Record*, 20 (5), May 1935, pp. 125 - 126.

niet verdwyn, maak die hele ontwerp belaglik. Sy opsomming was dat die produk 'n gedwonge huwelik van 'n skaam Hollandse meisie met 'n wilde man van die Noorde sou wees.⁵³

The South African Architectural Record beskryf die planne van Libertas as 'n "unhappy example of the meddling timidity of our bureaucracy that dare not trust unfettered originality."⁵⁴ *Die Volkstem* van 26 April 1935 het die hoop uitgespreek dat die woning onder Moerdyk se leiding al die beste en mooiste eienskappe van die Kaaps-Hollandse styl met die mees moderne tegnieke sou verenig, om 'n verblyfplek te produseer wat aan al die eise van die moderne lewe voldoen. Die ampswoning moes nie 'n afgeslote ivoortoring wees nie, maar die atmosfeer van gasvryheid en geselligheid uitbeeld, wat so reg uit die bodem van ons land kom. Dalk sou die ontwerp 'n positiewe invloed op die ontwikkelende woning-argitektuur in Transvaal hê. Moerdyk is aangemoedig om te sorg vir 'n groot stoep, nie te ver van die kombuis nie, sodat president Kruger se tradisie van koffie op die stoep kon voortduur.⁵⁵

B GERARD MOERDYK, WENNER VAN DIE KOMPETISIE

1. Afkoms

Daar bestaan 'n oorlewering in die familie Moerdyk dat 'n voorvader met die bou van die Moerdykbrug in Nederland 'n belangrike rol gespeel het - vir 'n geruime tyd die langste brug in die wêreld. Oorlewering of waarheid, daardie voorvader sou baie trots gewees het op die prestasies van Gerard Moerdyk (fig. 16).⁵⁶

Gerard Leendert Pieter Moerdyk is op 4 Maart 1890 in die distrik Waterberg gebore as die seun van J.L. Moerdyk, latere inspekteur van skole.⁵⁷ Moerdyk se vader was van Nederlandse afkoms, maar het 'n burger van die Zuid-Afrikaanse Republiek geword net soos wat sy seun volkome Afrikaner geword het.⁵⁸ In 1888 het Jan Leendert Moerdyk van Ierseke, Nederland, in

⁵³ *The South African Architectural Record*, 20 (5), May 1935, pp. 125 - 126.

⁵⁴ Professional notes and news, *The South African Architectural Record*, 1935, p.48

⁵⁵ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Volkstem*, 1935-04-26.

⁵⁶ Nasionale Film-, Video- en Klankargief (hierna NFKVA), Pretoria: Moerdykversameling, 154/766, biografiese besonderhede.

⁵⁷ Anoniem, Dr. Gerard Moerdyk – in memoriam. *Pretoriana*, mondstuk van die Genootskap Oud-Pretoria, April 1959. p. 2.

⁵⁸ F.C.L. Bosman, In memoriam Gerard Leendert Pieter Moerdyk, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks XVIII, 2, 1958, p. 9.

reaksie op president Kruger se oproep aan onderwysers uit Nederland om hulle in Transvaal te vestig, na die ZAR gekom. Cornelia Dorst van Brouwershaven het hom 'n jaar later gevolg en hulle het in 1889 op Nylstroom in die huwelik getree en hulle in die distrik Waterberg gevestig. Gerard Moerdyk was die oudste van hulle nege kinders.⁵⁹

Moerdyk se moeder se opgeruimde geaardheid, deursettingsvermoë en ondernemingsgees was duidelik in hom te bespeur en van sy vader het hy die leergierigheid van 'n gebore akademikus gekry. By sy vader het hy ook geleer om by sy besluite te bly en voet by stuk te hou wanneer hy eers 'n standpunt ingeneem het en om hom nie te steur aan watter kritiek hy hom op die hals gehaal het nie.⁶⁰ Moerdyk het sy aanvanklike akademiese onderrig by sy vader ontvang.

In 1893 het sy vader assistent-onderwyser aan die Staatsmodelschool in Pretoria geword, maar die gesin het twee jaar later na Volksrust verhuis en tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in Oktober 1899 daar gewoon.⁶¹ Nadat Moerdyk se vader op kommando gegaan het, het die hele familie later na Amersfoort getrek waar dit veiliger sou wees. Tydens die gesin se verblyf op Amersfoort is Moerdyk se blindedermswam verwyder. Tot Moerdyk se groot verbasing het hy dertig jaar later weer akute blindedermsontsteking gekry waarvoor hy ook geopereer is. Dit blyk toe dat die vorige operasie nooit voltooi is nie. Nadat die dokter die swam gemaak het, het hy klaarblyklik koue voete gekry en nie die blindedermswam verwyder nie. Hulle het op Amersfoort gewoon totdat hulle later deur Britse soldate na die konsentrasiekamp by Standerton geneem is. Met hulle vertrek is die woning op Amersfoort deur Britse soldate afgebrand, waarna die gesin Moerdyk die Britse magte vir ses weke in 'n ossewa moes volg. Tydens 'n skermutseling met die Boeremagte, waartydens die Britse soldate agter die Moerdyk-ossewa weggekrui het, is Moerdyk in die been gewond. Hy het die litteken tot met sy dood toe gedra.⁶²

Die tydperk wat die negejarige Moerdyk in die konsentrasiekamp deurgebring het, het 'n onuitwisbare indruk op hom gelaat. Die kinders moes elke dag miskoeke gaan optel sodat sy

⁵⁹ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 638.

⁶⁰ C. A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, (B.A. -Skripsie), UOVS, s.a. p. 5.

⁶¹ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 638.

⁶² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 5.

moeder kon vuurmaak en hulle klere skoon kon kook. Hulle het dan kaal in die tent gesit en die luise van hulle liggame afgetrek en doodgemaak.⁶³

Hy het later vertel dat dit net vanweë sy moeder se wysheid met die aktiewe bevegting van die luise was wat hulle gered het. Die luise was oral en hy het dit as een van die plae van Egipte beskryf; stof word luise. In sy eie woorde: “ Ons was magteloos, ons was rou gevreet.” As betaling vir sy werk by die kampslagpale het Moerdyk derms en afval gekry, wat sy ma vir hulle gaargemaak het. Cornelia Moerdyk het besef dat as sy haar kinders wou red, sy uit die konsentrasiekamp moes kom. Sy het daarin geslaag om met behulp van Nederlandse vriende uit die kamp na Pretoria weg te kom, waar sy op haar man gewag het.⁶⁴

2. Opleiding

Na die beëindiging van die oorlog in Mei 1902, het die gesin in Pretoria aangebly, aangesien Moerdyk se vader op sy erf in Villieria ‘n klein tentskooltjie geopen het. Hy is spoedig deur die Transvaalse Onderwysdepartement as Hollandse onderwyser aangestel. In 1908 word hy by die Normaalkollege in Pretoria aangestel en in 1913 word hy inspekteur van skole. Hy het die betrekking tot met sy aftrede in 1926 beklee.⁶⁵ Gerard Moerdyk het sy skoolopleiding aan die Pretoria College, die latere Pretoria Boys’ High School, voortgesit.⁶⁶ In 1906 het die Departement van Openbare Werke ‘n wedstryd vir die ontwerp van ‘n nuwe skoolgebou elders in die land uitgeskryf. Die kompetisie wat vir alle skoolkinders oop was, is deur Moerdyk gewen.⁶⁷ Die kompetisie vir die ontwerp vir Libertas was dus nie die eerste een van die Departement van Openbare Werke wat Moerdyk gewen het nie.

Nadat hy die kompetisie gewen het, het die Departement hom opdrag gegee om die hele skoolterrein te ontwerp. Die uitstaande ontwerp van die sestienjarige Moerdyk het daartoe gelei dat die Departement aan Moerdyk die betrekking van assistent-tekenaar teen ‘n vergoeding van £10 per maand aangebied het. Hoewel hy nog baie jonk en ongematrikuleerd was, was die

63 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 5.

64 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 6.

65 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

66 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 639.

67 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

versoeking om soveel uur te teken vir hom onweeraanbaar en het hy die pos aanvaar. Later het hy sy matriek deur deelydse studie behaal.⁶⁸

In 1910 het Moerdyk na Londen vertrek om argitektuur aan die Architectural Academy te bestudeer.⁶⁹ Voor sy vertrek uit Kaapstad het Moerdyk eers Groote Schuur besoek. Hy skryf dat hulle die opsigter se hart vermurwe het en dat hy hulle toe die landgoed gewys het. Vir Moerdyk was die woning “pragtig mooi.” Hy het ook ‘n aantal ander besienswaardighede besoek voordat hy Kaapstad verlaat het.⁷⁰

Sy studiejaar het met baie persoonlike opoffering en min geld gepaard gegaan. Hy het gereeld met sy ouers gekorrespondeer en hulle op hoogte van sake gehou. Hy het aan hulle geskryf van sy soektog na ‘n goedkoop losieshuis en van sy teleurstelling oor die hoë pryse en onverwagte uitgawes verbonde aan sy studies.⁷¹

Die finansiële druk wat sy studies op sy ouers geplaas het, blyk duidelik uit ‘n brief wat sy ouers aan hom skryf waarop hulle antwoord op sy geldelike situasie. Sy pa skryf dat dat hulle op so ‘n moontlikheid glad nie voorbereid was nie en as hulle dit vroeër geweet het, hulle hom waarskynlik nie sou laat gaan het nie. Hulle het hulle nietemin voorgeneem om te doen wat hulle inderdaad nie kon bekostig nie en hom laat voortgaan. Hulle het hulle vertrou uitgespreek dat hy geen opoffering te groot vind om sy doel so spoedig moontlik te bereik nie. Hulle skryf dat hulle tevrede is met die manier waarop hy sy geld bestee, maar spreek hulle kommer daaroor uit dat hy vir middagete net ‘n glas melk en ‘n sny brood nuttig.⁷²

68 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 7.

69 *Architect and Builder*, November 1953, p. 70.

70 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 9.

71 I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 22-23.

72 I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 24-25.

Dit was vir sy ouers moeilik om Moerdyk finansiëel in Londen te onderhou, maar hy het nie sy kans verspeel nie. By inskrywing het hy 'n mondelinge eksamen afgelê, waarna hy direk tot die vierde studiejaar toegelaat is. Dit het beteken dat hy vrystelling van sowel die tweejarige voorbereidende kursus as die preliminêre eksamen gekry het. Hy het gehoop om die goedkoper aandklasse aan die Architectural Academy by te woon, maar die hoof van die Academy het daarop aangedring dat hy eers drie kwartale dagskool bywoon. Op die feit dat hy die duurder dagklasse sou moes bywoon, het hy en sy ouers nie gereken nie. Hulle het hom nogtans toestemming vir die ekstra uitgawe gegee en Moerdyk het hom hart en siel in sy studies gewerp.⁷³

Hy het spoedig van die sewende plek uit 28 studente tot die eerste plek gevorder. In 'n brief meld hy dat daar selfs 'n foto van hom geneem is wat in die Academy opgehang is.⁷⁴ Hy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om alles te bestudeer wat Londen hom op die terrein van argitektuur, museums en kunsgalerye kon bied.

As deel van die opleiding was daar elke week besoeke aan geboue van argitektoniese waarde wat opgemeet, geteken en beskryf moes word.⁷⁵ Een van die Britse geboue wat 'n blywende indruk op hom gelaat het, was die Westminster-abdy. Die graf van die Britse digter Ben Johnson in die 'Poets Corner' van die abdy, met die woorde "O rare Ben Johnson" daarop, het hom bygebly. Baie jare later het Moerdyk vertel van die inspirasie wat dit hom vir die Voortrekkermonument se senotaaf gegee het. Volgens Moerdyk het hy van soortgelyke simboliek gebruik gemaak om die verhaal van die Groot Trek uit te beeld.⁷⁶

Moerdyk het sy gesin en vriende baie gemis en hy het nie juis vriende met sy medestudente gemaak nie. Die uitsondering was Geoffrey Files, seun van die Engelse skilder, sir Luke Files. Van hom sê Moerdyk dat hy nooit meer van enige vriend gedink het as van Files nie.⁷⁷ Hy het nie baie sosiaal met die ander studente verkeer nie; moontlik omdat geld maar aan die min kant

⁷³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 10.

⁷⁴ I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 26.

⁷⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 10, 14.

⁷⁶ A.J. van Niekerk, The man who made the monument, *The Outspan*, 1955-04-01, p. 33.

⁷⁷ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 11.

was, maar ook omdat sy studies vir hom van die allergrootste belang was. Een van sy medestudente het van Moerdyk gesê :

“He was very reserved, we never really got to know him. We were all of one group, all public school boys. He was younger than we were but far better equipped to absorb the lectures through his greater practical knowledge. He kept to himself and worked like a demon.”⁷⁸

Sy voorliefde vir die klassieke argitektuur het tot die keuse van sy tesis, die Franse en Italiaanse Renaissance-boustyl, gelei. Hy het gevoel dat dit vir hom in Suid-Afrika van groot waarde sou wees. Die tesis moes van tekeninge en opgawes van opmetinge vergesel wees. Hy het dus besluit om navorsing in Europa te gaan doen. Om geld vir die studiereis te verkry, het Moerdyk vir die Britse Public Works Department gewerk, waar hy ontwerpe en tekeninge vir die aanbou van bediendekwartiere by Buckingham-paleis gemaak het.⁷⁹

⁷⁸ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 11.

⁷⁹ I. Vermeulen, *Man en monument*, pp. 30-31.



Figuur 16: Gerard Moerdyk, ca. 1913.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p.56.

In Rome het hy die beeldhouer Anton van Wouw (1862-1945) ontmoet. Van Wouw was besig met die figure vir die Vrouemonument in Bloemfontein. Dit was die begin van 'n lang vriendskap met Van Wouw, asook 'n kennismaking met die beeldhoukuns. Hy het beroemde geboue en die Ecole des Beaux Arts in Parys en die British School of Archeology in Rome vir meer inligting besoek. Wat hy daar waargeneem het, sou later in sy eie skeppings neerslag vind.⁸⁰

In Verona het hy een aand in die tronk deurgebring omdat die militêre owerhede baie agterdogtig was oor die meetinstrumente wat hy gebruik het om die geboue op te meet. Hulle het gedink dat hy 'n Duitse spioen was. Hy kon eers die volgende oggend bewys dat hy 'n student was en is

⁸⁰

C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 29, 11, 14, 16.

daarna vrygelaat. Hy voeg vrolik in sy brief aan sy ouers oor die eskapade by dat dit hom darem drie lira vir 'n bed gespaar het!⁸¹

Oor Venesië het Moerdyk in vervoering geraak; “O, wat is Venetië mooi! prachtig, heerlik, zo heel anders dan al het andere dat ik ooit gezien heb...” Italië het as bron van inspirasie vir Moerdyk gedien. Volgens hom was die land baie soos Suid-Afrika; ewe droog, warm en stowwerig. Hy het gevoel dat die argitektuur vir hom baie insiggewend was en dat hy dit in Suid-Afrika in sy eie ontwerpwerk baie nuttig sou vind.⁸²

Dat die gedagte aan die komende eksamen hom die hele tyd bygebly het, is duidelik uit sy briewe aan sy ouers. In 'n brief van 20 Desember 1913 het hy sy ouers op 'n moontlike teleurstelling probeer voorberei. Hy het gevoel dat as hy nie in die eksamen sou slaag nie, hy in Londen sou aanbly en 'n betrekking sou soek. Sonder 'n graad sou hy nie huis toe gaan nie. Hy het homself tot die uiterste toe gedryf en alle plesier in sy studies verloor.⁸³

In sy brief aan sy ouers waarin hy die eksamen bespreek, vertel hy dat een eksaminator aan hom gesê het dat: “myn ontwerp de 'most artistic' was dat op die eksamen gemaak is, maar vertelden my ook dat ze konden zien dat ek nog nooit een huis gebou had.”⁸⁴ Hy het Londen verlaat voor die uitslae bekend was en het gereël dat 'n vriend sy uitslae na hom in Kaapstad telegrafeer. Met sy aankoms in Kaapstad het die telegram hom ingewag. Hy het homself onder die top twintig argitektuurstudente in Engeland bevind en is as die topstudent in klassieke argitektuur in die hele Britse Gemenebes aangewys.⁸⁵

Terug in Suid-Afrika met sy nuutverworwe ARIBA, het Moerdyk vir Sylva Henriette Pirow, (1896-1973), suster van die bekende politikus, Oswald Pirow, ontmoet en hulle het in 1918 in die huwelik getree. Sylva Moerdyk was vir hom van groot hulp en sy het die boekhouding en korrespondensie van sy praktyk behartig. Sy het ook begin om 'n boek oor sy lewe te skryf, maar het dit nooit voltooi nie. Sy het al haar geskrifte en Moerdyk se persoonlike

81 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 34.

82 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 15, 16.

83 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 17.

84 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 26.

85 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 18.

korrespondensie en aandenkings bewaar.⁸⁶ Uit hierdie huwelik is drie kinders gebore, een seun Gerard Michel (1920-1997) en twee dogters, Irma Leonora (1923) en Cornelia Sylva (1930).⁸⁷ Sowel die een dogter Irma Vermeulen, as haar seun, Gerard Vermeulen, het die Moerdyk-tradisie voortgesit deur hulle as argitek te bekwaam.⁸⁸

3. *Loopbaan*

Terug in Suid-Afrika, was Moerdyk vir 'n jaar by die Departement van Openbare Werke werksaam. Hy het gehoop om in die bekende argitek Herbert Baker (1862-1946) se kantoor in Johannesburg werksaam te wees of om die Baker-beurs vir verdere studie in Europa te verower. Hy het wel die Baker-beurs verower, maar die toekenning is as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) gekanselleer. Die oorlog het ook daartoe gelei dat sy dienste as oortollig beskou is en hy sonder werk was. Tot ongeveer 1917 het hy 'n pos as 'n tekenaar by 'n Randse mynmaatskappy, Robinson Deep, bekleed. Moerdyk het die teken van mynkaarte sielododend gevind,⁸⁹ sy eie praktyk begin en sy eerste opdrag - 'n kerkgebou vir Bothaville - ontvang.⁹⁰

Van 1918 af het Moerdyk saam met die argitek Gordon Leith (1886-1965) in Johannesburg gepraktiseer. Saam het hulle die nuwe Johannesburgse stasie ontwerp. Hulle het baie moeite gedoen om aan die versoek van die publiek te voldoen dat die ou Hollandse spreuke op die mure van die bestaande stasie behoue bly. By nadere ondersoek het dit aan die lig gekom dat die spreuke nie op hout nie, maar op 'n doek geskilder was. Die doek is met sorg verwyder en van die letters is onder Moerdyk se toesig presies nagemaak; party op blou en wit teëls vir gebruik in die nuwe stasie. Moerdyk het in 'n vennootskap met Wynand Louw (1883-1967) van Kaapstad gewerk. Na 'n tyd het die afstand die samewerking bemoeilik en is die vennootskap met Louw in 1924 ontbind,⁹¹ maar nie voordat hulle die Suid-Afrikaanse kerkargitektuur vernuwe het nie.⁹² Hulle het die Noordkerk en sinodale saal in Bloemfontein, twee kerke op Reddersburg in 1927,

86 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, pp. 20,21.

87 F.C.L. Bosman, In memoriam Gerard Leendert Pieter Moerdyk, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Nuwe reeks, XVIII, 2, 1958, p. 11.

88 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 640.


89 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk* pp. 20-21.

90 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 639.

91 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 26, 21.

92 H. Franssen, *Drie eeue Suid-Afrikaanse kuns*, p. 155.

en die NG kerke op Marquard en Pietersburg gebou.⁹³ Dit is slegs enkele van die bykans 80 kerkgeboue wat Moerdyk ontwerp het. Sy geboue was te sien van die Kaap tot in die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe), van die Oos-Transvaalse Laeveld (nou Mpumalanga) tot in die toenmalige Suidwes-Afrika (nou Namibië).⁹⁴



Figuur 17: Een van die kerkontwerpe van Moerdyk.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p. 8.

Moerdyk het 'n boekie gepubliseer oor kerkgeboue waarvan die ontwerpe vir Suid-Afrika geskik is. Dit het sy eie ontwerpe, idees en perspektiewe oor kerkbou bevat (fig.17). Ds. JD Kestell (1854-1941), Afrikanerkultuurleier, en Anton van Wouw het beide die boekie onder oë gehad en Moerdyk in sy werk aangemoedig.⁹⁵

Volgens Moerdyk moes kerkgeboue van plaaslik gekapte klip wees. Plafonne moes nie van staal wees nie, want dit roes en ook nie van hout nie, want dit verwing. Dit was 'n radikale afwyking van die bestaande kerkplanne van die tyd. Moerdyk was van mening dat die afstand

⁹³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 21.

⁹⁴ Skriftelike mededeling: Prof. R.C.Fisher, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, 0002, 1997-07-17, p. 2.


⁹⁵ A. Kuijers, *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca. 1860 tot 1940)* (M-A verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1980), p. 131.

tussen die prediker en die gemeente beperk moes wees. Die akoestiek van die kerk was ook belangrik en Moerdyk het uit sy pad gegaan om dit korrek uit te werk. Hy was teen die Neo-Gotiese styl vir Afrikaanse kerke omdat die klimaat van die Noord-Europese lande, waarvandaan dié styl kom, baie kouer as in Suid-Afrika is. Volgens hom was die Suid-Europese klimaat baie meer soos dié van Suid-Afrika en is die argitektuur van Suid-Europa dus pasliker. Hy het aangevoer dat die Italiaanse kerkstyl baie beter by die Afrikaner se Calvinistiese liturgie gepas het. Die styl van die Spaanse sendingkerke in Suid-Amerika was funksioneel ook pasliker vir Suid-Afrikaanse kerke.⁹⁶

Die langwerpige basilika of saalvorm van kerkgeboue is deur Moerdyk verander in 'n meer gesentraliseerde of kompakte vorm. Die ontwerp was gewoonlik 'n veelhoek met die preekstoel in een van die hoeke en die banke in 'n halwe sirkel daaromheen gerangskik. Moerdyk se ontwerpe toon sterk histories-ontleende vormkenmerke. Die NG kerk Sunnyside (fig.18), Pretoria, vandag beter bekend as die NG kerk Pretoria-Oos, het 'n Baroktoring, 'n Bisantynse koepel en klassieke pilare en suile. Die kerk in Delmas se grondplan is in die agthoekvorm met vier vleuels wat die vorm van 'n Griekse kruis aanneem en toon dat Moerdyk later daarin geslaag het om historiese detail uit sy geboue te weer. Sy ontwerpe het mettertyd suiwerder geword, maar sy voorkeur vir natuurlike materiaal en goeie vakmanskap het behoue gebly.⁹⁷

⁹⁶ Skriftelike mededeling: Prof. R.C.Fisher, Departement Argitektuur, Universiteit van Pretoria, 0002, 1997-07-17, p. 3.

⁹⁷ H. Franssen, *Drie eeue Suid-Afrikaanse kuns*, p. 155.



Figuur 18: Die N.G kerk Pretoria-Oos.

Uit: Universiteit van Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens,
Afdeling Besondere Versamelings; Gerard
Moerdykversameling.

Buiten die groot aantal kerke wat Moerdyk ontwerp het, was hy ook 'n suksesvolle ontwerper van wonings, sale en openbare geboue waarin funksionaliteit altyd beklemtoon is. Sy voorkeur vir gekapte klip het steeds na vore gekom.⁹⁸

Sy eie woning, Bynabo (fig.19), in Muckleneuk, is 'n goeie voorbeeld van sy geloof in plaaslike bouprodukte. Dit was destyds die enigste woning wat van Brooklyn-leiklip gebou is en die klip is spesiaal uitgesoek met die kleineres bo en die grotes onder. Die dubbelverdiepinggebou het 'n

⁹⁸

D.J. Potgieter (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa* VII, p. 842.

teëlstaandak met skuins plafonne. Die slaapkamers is bo en die woonkamers op die onderste vlak. Moerdyk het self die meubels van Rhodesiese mahonie ontwerp.⁹⁹ Dieselfde soort hout is ook gebruik om die woonkamer se mure tot 7 voet (ongeveer 2 m) hoog te beklee. Die klip waarvan die woning gebou is, is vandag onverkrygbaar. Volgens mev Moerdyk was die woning baie jare later nog steeds modern in ontwerp en, soos Libertas, was dit 'n woning waarin 'n mens gerieflik kon woon. Volgens haar het die ontwerp en bou van Bynabo aan Moerdyk baie plesier verskaf. Gewoonlik het Moerdyk nie veel plesier uit die bou van wonings geput nie, want dit was baie moeilik om aan sy artistieke gevoel uiting te gee, die huisvrou met die ontwerp tevrede te stel en dan nog binne die perke van die begroting te bly.¹⁰⁰



Figuur 19: Bynabo, Moerdyk se eie woning in Pretoria.

Uit: I.Vermeulen, *Man en monument*, (Pretoria, 1999) p. 7.

Een woningontwerp wat vir Moerdyk genot verskaf het, was die woning van Douw van der Merwe, destyds provinsiale raadslid van Transvaal. Met die ontwerp van die woning, vandag die Gerard Moerdyk-restaurant in Parkstraat, Pretoria, het Van der Merwe Moerdyk ongehinderd sy gang laat gaan en daar was geen tekort aan geld nie. Nadat die woning voltooi is, het Van der Merwe Moerdyk versoek om gepaste meubels vir die woning te ontwerp.¹⁰¹

In 1932 het Moerdyk die nuwe Engelse laerskool in Pietersburg ontwerp. Die ontwerp is groot lof toegeswaai. Volgens *The Star* het Moerdyk weggebreek van die gevangenis-tipe ontwerp vir

⁹⁹ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 85.

¹⁰⁰ NFVKA: Moerdykversameling: 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁰¹ NFVKA: Moerdykversameling: 154/766: Biografiese besonderhede.

skoolgeboue waarmee die Departement van Openbare Werke die land oorlaai het. Sonder om die funksionaliteit van die skool uit die oog te verloor, het Moerdyk 'n uitsonderlike mooi skoolgebou geskep. Die ontwerp het uit vier vleuels met 'n agtkantige amfiteater in die middel bestaan. Aangesien geen laerskool destyds toegelaat is om 'n saal te hê nie, is die ruimte in 'n buitelug-bymekaarkomplek met 'n verhoog onder 'n dak verander. Vir die eerste keer is die toilette binne die gebou geplaas en is van verskillende kleure verf gebruik gemaak. Dit was, sover as wat regulasies dit toegelaat het, 'n algehele wegbreking van die ou ontwerpvorm vir skole.¹⁰²

Nog 'n skool wat deur Moerdyk ontwerp was, is die Hoërskool Monument in Krugersdorp, in 1935. Dit was die eerste openbare gebou waarvan die planne en spesifikasies deurgaans in Afrikaans opgestel is.¹⁰³ Volgens Hans Botha, wat as jong argitek van Moerdyk se tekeninge te sien gekry het, was hy verras deur die min byskrifte op die tekeninge en dié wat daar was, was altyd in Engels. Soms het die hele ontwerp uit slegs een tekenvel bestaan. Botha voer aan dat die rede vir die Engelse byskrifte waarskynlik was omdat Moerdyk sy opleiding in Groot-Brittanje ontvang het. Die min byskrifte daarop toon dat vakmanne in Moerdyk se tyd baie beter geskool was as dié van vandag en veel minder byskrifte nodig gehad het om hulle te lei.¹⁰⁴

Moerdyk het altyd nadruk gelê op die feit dat die Afrikaanssprekende tweetalig moes wees. *The Star* het hom in 1936 aangehaal waar hy aangevoer het dat: "Because it is our desire to be constructively Afrikaans, it should not be accepted from the negative side that we are anti-English."¹⁰⁵

¹⁰² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.


¹⁰³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 36.

¹⁰⁴ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

¹⁰⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 88.

‘n Anekdote oor Moerdyk wek die vermoede dat die vakmanne dalk nie heeltemal so oplettend was nie. Die verhaal is dat Moerdyk ‘n gas was by die inwyding van een van sy kerkgeboue op die platteland. Alles het goed afgeloop totdat die koor op die galery wou gaan sit en daar geen trap na die galery was nie. Die egtheid van die staaltjie kon nie bevestig word nie.¹⁰⁶

In 1920 het Moerdyk die Carnegie-beurs vir navorsing verwerf. Hy het dit vir die bestudering van die Kaaps-Hollandse boustyl aangewend. Na die voltooiing van sy studie het hy ‘n verslag opgestel, lesings gegee en persoonderhoude daarvoor toegestaan. Dié boustyl het ‘n duidelike invloed op sy eie boustyl gehad.¹⁰⁷



Figuur 20: Sketse deur Moerdyk van die elemente van die Kaaps-Hollandse boustyl.

Vergelyk die skets van die bolig met die boligte in Libertas (fig. 33).

Uit: Universiteit van Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens,
 Afdeling Besondere Versamelings: Gerhard Moerdykversameling.

¹⁰⁶ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

¹⁰⁷ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 21.

‘n Handgeskrewe weergawe van sy navorsing oor die onderwerp is in die biblioteek van die Universiteit van Pretoria beskikbaar. Dié referaat *Die oorsprong en ontwikkeling van die “Ou Hollandse” styl in Suid-Afrika en die invloed daarvan op die argitektuur in die land* in sy netjiese kursiewe handskrif en pragtig geïllustreer met sy eie tekeninge (fig.20) lewer kommentaar op die Kaaps-Hollandse boustyl. Hy het bevind dat die gebrek aan oordadige versiering vir die rustige effek van die boustyl verantwoordelik was. Hy voer aan dat argitektuur “die resultaat van werklike konstruksie moet wees en nie bloot die toepassing van idees uit die buiteland nie.”¹⁰⁸

Die jare tussen 1918 en 1928 was die bedrywigste tydperk van sy loopbaan. Sy praktyk het gefloreer met ‘n groeiende aantal assistente en takke in Johannesburg en Bloemfontein. Dit is in hierdie tyd dat die kerkargitektuur en die Afrikaner se kultuurstryd die meeste van Moerdyk se tyd in beslag geneem het. Moerdyk se lewensverhaal en die Afrikaner se kultuurstryd is byna onlosmaaklik ineengewef.¹⁰⁹

Moerdyk se belangstelling in kuns was nie beperk tot argitektuur nie, maar hy was ook die eienaar van ‘n kosbare versameling Afrikaanse kuns. Hy het self beeldhou en waterverf vir ontspanning beoefen. Hy was Afrikaans, Engels, Nederlands, Italiaans, Duits en Frans magtig en het vir hom ‘n biblioteek in dié tale opgebou.¹¹⁰ Hy het nietemin die Afrikanerseun gebly wat tot die hart van die kerkrade kon spreek voor wie hy dikwels moes verskyn het.¹¹¹

Hy was lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het in die Raad van die Universiteit van Pretoria gedien en was vir baie jare die voorsitter. In 1936 het hy ‘n erepenning vir argitektuur van die Akademie ontvang en in 1950 is ‘n eredoktorsgraad deur die Universiteit van Suid-Afrika aan hom toegeken. Hy het in die direksies van Saambou en die maatskappy Afrikaanse en Handelsbeleggings gedien en was ‘n stigterslid van laasgenoemde maatskappy.¹¹²

108 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

109 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 639.

110 Anoniem, Dr. Gerard Moerdyk – in memoriam. *Pretoriana, mondstuk vir die Genootskap Oud-Pretoria*, April 1959. p. 2.

111 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 639

112 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek* III, p. 640

Moerdyk se belangrikste en seker mees omstrede werk is die Voortrekkermonument buite Pretoria, maar daar was ook baie ander belangrike opdragte soos die Johannesburg-stasie (1932), die verbeteringe aan die ruskampe van die Krugerwildtuin (1935), die Merensky-biblioteek by die Universiteit van Pretoria (1938) (fig. 21), en die Suid-Afrikaanse Reserwebank in Bloemfontein, (1939).¹¹³



Figuur 21: Die Merensky-biblioteek, Universiteit van Pretoria.

Foto: X. Barnard. 1999.

Volgens *Die Transvaler* van 7 Junie 1939 het Moerdyk ‘n beskeie, eenvoudige Afrikaner gebly al het hy geprester. Volgens die skrywer van die artikel het hy ‘n egte Afrikanerhumorsin, mensliewendheid en vriendelikheid uitgestraal.¹¹⁴ Moerdyk beskryf homself as “a farmer at heart, and in my spare time I rarely have the inclination or the necessary personality to do anything other than farming”¹¹⁵ maar daar moet in gedagte gehou word dat hy hierdie uitspraak in sy 64ste lewensjaar gemaak het.

Op sy plaas Modderpoort het Moerdyk die gesinsmens ontspan. Hier het hy saam met sy vrou en kinders die plaasvermaak geniet. Op die plaas kon hy al sy sorge vergeet en die speelmaat en vriend van sy kinders wees. Hy en sy gesin was veral lief vir hulle ryperde en elkeen het sy eie

¹¹³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 102.

¹¹⁴ UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1939-06-07.

¹¹⁵ A.J. van Niekerk, The man who made the monument, *The Outspan*, 1955-04-01, p. 33.

perd gehad. Hier het hy tyd gehad om te skilder en beeldhou te beoefen. Sy biblioteek het 'n groot aantal boeke oor die kunste ingesluit.¹¹⁶

Blykbaar was Moerdyk 'n voortreflike skut. Hans Botha wat as 'n junior argitek by Moerdyk se firma gewerk het, het vertel dat Moerdyk en sy seun op sy Bosveldplaas deur 'n gewonde leeu bekruipt is. Die leeu het hulle skielik uit die bosse bestorm en Moerdyk het die leeu op die rug van sy seun doodgeskiet.¹¹⁷

In 1958, op die ouderdom van 68 jaar, het hy in die Nylstroomse hospitaal aan Parkinson se siekte gesterf.¹¹⁸ Hy is op sy plaas Modderpoort buite Nylstroom begrawe. Die diens is bygewoon deur sowat vierhonderd mense waaronder mev Susan Strijdom, eggenote van die destydse dienende Eerste Minister, JG Strijdom (1893-1958). Huldeblyke het gekom van politici soos DF Malan (1874-1959), CR Swart (1894-1982), HF Verwoerd (1901-1966) en BJ Schoeman (1905-1986). *Die Transvaler* het in sy huldeblyk aan Moerdyk geskryf: "Indien u behoefte het aan sy monumente, kyk rondom u."¹¹⁹

4. *Siening oor die boukuns*

a. *Aard van argitektuur*

Moerdyk was waarskynlik die eerste Afrikaanse kunsteoretikus en -historikus wat 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse boukunsliteratuur en kunshistoriografie gelewer het. Baie vroeg in sy professionele loopbaan het hy sy boek *Kerkgeboue vir Suid-Afrika* (1918) met voorstelle en planne vir kerke in Suid-Afrika gepubliseer. Sy latere publikasie, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns* (Pretoria, 1935), is 'n uiteensetting van sy idees oor die ontwikkeling van die argitektuur in Suid-Afrika (fig. 22).¹²⁰

116 UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1939-06-07.

117 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

118 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 640.

119 UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Transvaler*, 1958-04-21.

120 A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens ...*, p. 131.

Moerdyk het aangevoer dat argitektuur meer as net boukuns was; dit was wetenskaplik en kultureel van aard. Dit was nie goed genoeg om bloot volgens die mees wetenskaplike metodes te werk te gaan nie, maar daar moes ook kuns en kultuur by die boukuns ingeweeft wees. Argitektuur was, volgens hom, suksesvol as dit nasionaal van aard was en saam met die nasionale bewussyn gegroei het.¹²¹ Volgens Moerdyk was die kuns van die skilder JH Pierneef (1877-1951) en die beeldhouwerk van Anton van Wouw Afrikaans omdat hulle die ideale en die kunsgevoel van die Afrikaanse volkslewe verwesenlik het.¹²² Kuns moet vir die nageslag as bewys van ons karakter, beskawing en ideale dien.¹²³ So het die primitiewe Voortrekkerhartbeeshuis die eenvoud, hartlikheid en vasberadenheid van die Voortrekkers uitgebeeld. Die dorps huis van latere jare het aangedui dat die Trekker 'n burger geword het met die gepaardgaande belang in dorpsuitleg, dorpsbestuur, handel en nasionale aangeleenthede. Gevolglik het sy woning heelwat anders as die oorspronklike hartbeeshuis gelyk.¹²⁴

Die argitektuur van 'n land word bepaal deur sy geskiedenis en daarom was dit vir Suid-Afrika van groot belang om nie Europese boustyle slaafs na te volg nie. Indien dit wel gebeur, sal Suid-Afrikaanse argitektuur style produseer wat van geen belang vir Suid-Afrikaners of iemand anders is nie. Volgens Moerdyk sou 'n unieke inheemse styl, slegs uit plaaslike omstandighede, die natuur en klimaat tot stand gebring word wat vir ander en vir onself interessant sou wees.¹²⁵ Die bewys daarvan was oorsese besoekers se gunstige reaksie op die ou Kaapse wonings met hulle kenmerkende gewels, breë oop stoepe en elegante standvastigheid.¹²⁶

Met "styl" het Moerdyk bedoel die herhaalde gebruik van sekere motiewe wat die bouwerk kenmerk. So 'n styl is nie die produk van een persoon of selfs 'n aantal persone se idees nie, maar dis 'n langsame groeiproses, met 'n verskeidenheid invloede en die geskiedenis van die land.¹²⁷ Hy was die mening toegedaan dat om die argitektuur van 150 jaar gelede te herhaal, nie

121 NFVKA: Moerdykversameling 38(61): *Castalia*, p. 21.

122 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 66.

123 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 66.

124 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 96-97.

125 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-08-24.

126 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-09-19.

127 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 67.

‘n oplossing bied nie. Die oplossing het gelê in die ontwikkeling van wat reeds gedoen is en ‘n uitkaskeling van dit wat in Suid-Afrika onbruikbaar was.¹²⁸

b. *Ontwikkeling van boukuns in Suid-Afrika*

Volgens Moerdyk het die ware boukuns in Suid-Afrika eers met Simon van der Stel (1639-1712), Goewerneur van die Kaap en stigter van Stellenbosch begin.¹²⁹ Van die oorspronklike vroeë geboue het nie veel voorbeelde behoue gebly nie. Die geboue wat vandag nog te sien is, is op verskeie wyses beïnvloed om uiteindelik die Kaaps-Hollandse styl voort te bring. Daar was ‘n definitiewe Hollandse invloed, aangesien die meeste koloniste Hollanders was. ‘n Duitse invloed is ook te bespeur as gevolg van die groot aantal Duitsers wat vir die VOC gewerk het. Maleiers is in groot getalle in die bouproses gebruik en het beslis hulle invloed laat geld,¹³⁰ soos die kenmerkende twee banke op die stoep.¹³¹ Nog ‘n duidelike invloed het van die skepskrynerkers gekom wat meesterstukke van hulle skepe gemaak het en dikwels in die Kaap agtergebly het.¹³²

Die inwoners van die Kaap het nie op een spesifieke boustyl besluit nie. Veel eerder het hulle die mees bruikbare kenmerke van elke styl in ‘n eie styl omgeskep. Hollandse, Franse en Belgiese gewels is met Maleise stoepe en inlegwerk gekombineer. Vensters en versierings van die Franse styl is hierby gevoeg. Opmerklik van die vroeë wonings is dat ‘n onderdakstoep byna nooit gevind is nie, maar eerder rankplantbedekte priële.¹³³

Met die Britse verowering van die Kaap in 1806 het ‘n einde aan die ontwikkeling van die Kaaps-Hollandse styl gekom. Dit is later aan Transvaal en die Oranje-Vrystaat oorgelaat om die inheemse boukuns voort te sit en te ontwikkel. Hier het die eenvoudige hartbeeshuis vir die dorps huis plek gemaak; volgens Moerdyk ‘n ontwikkeling saam met die land. Die ontdekking van diamante en goud het ‘n heeltemal nuwe fase in die boukunde ingelei. Skielike rykdom het

128 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Star*, 1935-08-24.

129 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 67.

130 C. A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 25

131 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, p. 93.

132 C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 25.

133 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*. Handgeskrewe referaat, U.P., s.a.

tot 'n oordrewe styl gelei, soos die Paleis van Justisie in Pretoria en die Raadsaal in Bloemfontein. Volgens Moerdyk was sulke geboue heeltmal gepas in Weenen, Oostenryk, maar nie in die Suid-Afrikaanse klimaat nie.¹³⁴

Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het die Britte Transvaal en die Oranje-Vrystaat verower en volgens Moerdyk het Milner "wel (geweet) hoe om 'n land te verower." Openbare geboue is ontwerp deur 'n departement wat beman is deur ingevoerde persone wat geen liefde vir of kennis van Suid-Afrika se geskiedenis of tradisies gehad het nie. Intendeel, hulle was hier om die politieke nut van argitektuur met die verowering van 'n land uit te voer.¹³⁵

Die Goewerneur-generaal se woning in Pretoria het, net soos die Uniegebou, ook onder Moerdyk deurgeloopt. Selfs al is die woning as 'n teken van respek teenoor die Afrikaner deur Baker in die Kaaps-Hollandse styl ontwerp, was dit volgens Moerdyk net die bakstene en sement wat Kaaps-Hollands is. Die woning is 'n Engelsman se visie van die Britse heer se woning in die Kaaps-Hollandse styl.¹³⁶

Oor die res van die openbare geboue wat sedert die Anglo-Boereoorlog ontwerp is, het Moerdyk ook nie veel te sê gehad wat goed is nie. Dit is ontwerp deur 'n Engelse departement wat nie eens beseft het dat die skaduwees hier in Suid-Afrika anders as in Europa val nie.¹³⁷

c. *Uitsprake oor die boukuns*

Oor die boumateriaal vir en ontwerp van geboue het Moerdyk definitiewe idees gehad. 'n Gebou moes sterk en duursaam van aard wees met korrekte verhoudings en moes 'n harmoniese geheel vorm. Die korrekte oriëntasie van die gebou was volgens Moerdyk van die grootste belang. In Suid-Afrika moet die belangrikste kant na die noorde staan. Die woonkamer, belangrikste slaapkamers en die stoep, wat 'n buitensmuurse woonkamer is, moet na die noordekant wys; die spens en kombuis moet aan die suidekant wees. Daar moet matige lig en lug ingelaat word, maar nie noodwendig deur groot vensters nie. Dit laat te veel skerp sonlig in. Die woonkamer, spens


¹³⁴ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 69.

¹³⁵ G. Moerdyk, Ons argitektuur, *Die Volksblad*, 1935-05-29.

¹³⁶ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 70.

¹³⁷ G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, p. 70.

en kombuis behoort naby aan mekaar te wees en die slaapkamers en badkamers hoort eenkant bymekaar.¹³⁸



Figuur 22: Moerdyk se siening oor die Afrikaanse woning.

Uit: G.L. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*. (Pretoria, 1935), p. 21.

Die bouterrein moet deur die argitek bestudeer word om te bepaal of dit op 'n oop vlakte, op 'n berg of teen 'n helling lê. Daar moet bepaal word waar noord is en waar die sonlig of skadu's gaan val. Hy moes op die klimaat ag slaan en die beste daarvan maak. Dit is 'n groot verlies vir die huisbewoners as die argitek nie 'n moontlike uitsig in ag neem nie, want dit verleen baie rustigheid aan die woning.¹³⁹

Indien argitektuur 'n nasionale karakter moet weerspieël, is dit vanselfsprekend dat van plaaslike materiale gebruik gemaak moet word. As voorbeeld dien die hartbeeshuis wat eenvoudig en doelmatig uit die produkte van die land self gebou is; nie die prag en praal van torings, koepeltjies en stoepe met ornamentele houtwerk, soos in die Paleis van Justisie, nie.¹⁴⁰

138 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 21, 22.
 139 G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 21, 22
 140 G. Moerdyk, Geskiedenis van boukuns in Suid-Afrika, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* 9, 1930, pp. 68-69.

Teen gegolfde sink het Moerdyk dit erg gehad. Dit is volgens hom lelik, roes, veroorsaak lekke en is boonop nie Afrikaans nie. Hy het voorgestel dat gras of Suid-Afrikaanse leiklip eerder gebruik word. Dit pas in elk geval beter by ons natuur aan. Die plaaslik gekapte klip is te eniger tyd net so mooi en bruikbaar as ander as dit met oorleg benut word. Plaaslike marmer is ook van so 'n gehalte dat dit deur hom in die eetsaal van die nuwe Johannesburgse stasie gebruik is. Inheemse hout kan met sukses vir vloere, panele en meubels gebruik word. In die Johannesburgse stasie se galery is op die vloer van sewe inheemse houtsoorte gebruik gemaak.¹⁴¹

Dit is duidelik dat Moerdyk spesifieke idees gehad het waarmee hy die eerste-ministerswoning sou aanpak. Dit het 'n definitiewe invloed op die ontwerp van die woning gehad.

5. *Geskille met die Departement van Openbare Werke*

a. *“Verengelsing” van die Departement*

Met die oopmaak van die wen-ontwerp se verseëde koevert moes die naam van Gerard Moerdyk vir die Departement van Openbare Werke 'n onaangename verrassing gewees het. Hy was nie verniet al 'n aantal jare in 'n polemiekk met dié Departement betrokke nie. Vir Moerdyk moes dit 'n duidelike oorwinning oor die Departement in die jarelange stryd gewees het.

Moerdyk het gevoel dat argitektuur 'n politieke doel het: “Openbare geboue is die ornamente van 'n land, dit grondves 'n nasie, trek mense en handel, boesem by die volk vaderlandsliefde in.” Volgens Moerdyk is bogenoemde deur die beroemde Britse argitek Christopher Wren (1632-1723) geskryf en het dit as besieling vir Rhodes gedien.

Dit is ook na die Anglo-Boereoorlog deur lord Alfred Milner (1854-1925) met die herstrukturering en verengelsing van Suid-Afrika gebruik. Na die oorlog het Milner, die Goewerneur van die verowerde Transvaal en Oranje-Vrystaat, die Departement van Openbare Werke geskep en met Britse personeel beman. Moerdyk het aangevoer dat Milner die Departement as gevolg van die geestelike invloed daarvan op die bevolking as baie belangrik beskou het.¹⁴² Milner het probeer om die boukuns van die land stelselmatig te verengels deur

¹⁴¹ G. Moerdyk, *Kuns deur die eeue: die geskiedenis van die boukuns*, pp. 15-16, 19-20.

¹⁴² NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

openbare geboue volgens die ontwerpe en metodes van die Engelse op te rig. Die karakter wat deur geboue soos skole, hospitale en kantore op die land afgedruk is, was volgens Moerdyk, dié van 'n vyandiggesinde kultuur.¹⁴³ Die geboue het nie die nasionale kunsbesef, strewes of lewenswyse van die Afrikaner weerspieël nie.¹⁴⁴ 'n Uitheemse boustyl is op Suid-Afrika afgedwing.¹⁴⁵

Die Volkstem het in 1935 beaam dat die Departement van Openbare Werke gefaal het om by te dra tot 'n boukuns wat kenmerkend aan Suid-Afrika is.¹⁴⁶ Selfs die Uniegebou het deurgeloop as Moerdyk in *Die Vaderland* betoog het dat dit wel doelmatig, maar nie 'n eg-Suid-Afrikaanse produk is nie. Dit is 'n Engels-Italiaanse Renaissance-ontwerp wat impliseer dat geen inheemse argitektuur in Suid-Afrika voor 1910 bestaan het nie.

Die enigste groot projekte wat sedert die Anglo-Boereoorlog aangepak is, was regeringsgeboue wat, ten spyte van hulle hoë koste, glad nie tot die ontwikkeling en vooruitgang van die Suid-Afrikaanse boukuns bygedra het nie.¹⁴⁷ Die gevolgtrekking wat *Die Volkstem* gemaak het, was dat die bou-eienskappe, soos dit deur Moerdyk gepropageer is, deur hulle afwesigheid in die geboue van die Departement geskitter het en dat daar 'n vervelende herhaling van styl in openbare geboue was.¹⁴⁸

Moerdyk wat aan die voorpunt van die stryd teen die Departement gestaan het, het dikwels die stryd vir die Afrikaner se regte in die koerante gevoer. Selfs die Engelse koerante het sy kritiek gepubliseer, hoewel die Afrikaanse koerante hom meer simpatiekgesind was. Volgens mev Sylva Moerdyk het die joernaliste goed geweet dat Moerdyk altyd beskikbaar was om kommentaar oor die onderwerp te lewer en het hulle dikwels op sy knoppie gedruk om hulle koerante gevul te kry. Hy het lesings aangebied, toesprake gehou en parlaments- en provinsiale raadslede oor die saak genader. Reeds in 1920, tydens die onthulling van die klein Vrouemonument by die Klerksdorpse konsentrasiekamp, het Moerdyk die geleentheid gebruik om met Hertzog oor die onderwerp te

143 NFKVA: Moerdykversameling: 38(61): *Castalia*, p. 20.

144 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

145 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Vaderland*, 1932-09-17.

146 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

147 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Vaderland*, 1932-09-17.

148 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

gesels. Hertzog was simpatiekgesind, maar het Moerdyk jare later teleurgestel deur die Engelssprekende T Boydell (1882-1967) as sy Minister van Openbare Werke aan te stel.¹⁴⁹

b. *Onnodige oprigtingskoste van staatsgeboue*

Die Volkstem het die Departement se kosteberekenings vir staatsgeboue gekritiseer. Dit het dikwels gebeur dat dié geboue heelwat meer gekos het as waarvoor oorspronklik begroot is. Die skrywer het gewonder of dit amptelike taktiek is om die publiek in die duister te hou en of dit net eenvoudige onbekwaamheid van die personeel van die Departement was. Die artikel het verder vermeld dat die Departement in vergelyking met privaatbouers heeltemal te duur gebou het. As dit sou wees omdat privaatkontraakteurs dadelik hulle pryse opstoot sodra hulle vir die staat werk, was dit die Departement se plig om 'n einde daaraan te maak. *Die Volkstem* het voorgestel dat die bedryf gestimuleer moes word deur die staat se bouprogramme in goeie tye te vertraag en in moeilike tye aan te spoor.¹⁵⁰

Moerdyk het aangevoer dat privaat-argitekte geboue goedkoper en met meer waarde vir geld as die regering kon oprig. Die funksie van die regering was uitvoerend, wetgewend en administratief; nie om iets te doen wat die privaat-argitek in elk geval beter kon doen nie. Hy het opgemerk dat as die regering hom by sy primêre taak sou hou, daar minder probleme sou wees om die begroting te laat klop.¹⁵¹

The Friend, die Bloemfonteinse koerant, het voorgestel dat die Departement baie kon leer by die totalitêre state van Europa waar tyd en geld hoë prioriteit geniet het. *The Friend* het aan die hand gedoen dat alle groot besigheids- en tegniese instellings van die sentrale regering ontnem en onder nie-politieke beheerliggame geplaas word.¹⁵²

c. *Aanstelling van buitelandse argitekte*

Nog 'n geskilpunt van Moerdyk met die Departement van Openbare Werke was sy siening dat Britse argitekte die omgewings- en klimaatsomstandighede van die land heeltemal verontagsaam

149 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

150 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1939-02-10.

151 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Star*, 1931-04-03.

152 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Friend*, 1938-11-07.

het. Daar is aangevoer dat die Departement geboue volgens vasgestelde planne ontwerp het wat nie plaaslike omstandighede, soos die klimaat, in ag geneem het nie. Soms is die doel van die gebou ook geïgnoreer en skole, hospitale en gevangnisse is oor dieselfde kam geskeer. In party gevalle is beweer dat die betrokke argitek nooit die terrein besoek het nie waar die gebou opgerig moes word. In een so 'n geval is 'n skool op Rustenburg ontwerp en gebou met dosyne skoorstene wat baie opvallend was as gevolg van die feit dat hulle nooit gebruik is nie en die skool soos 'n onooglike fabriek laat lyk het. Dit was ook 'n onnodige uitgawe in die matige Rustenburgse klimaat. Presies dieselfde ontwerp is vir 'n skool in die meer gepaste koue omgewing van Delmas gebruik.¹⁵³

Volgens *The Friend* het staatsdepartemente alewig dieselfde redes vir hulle onbekwaamheid aangevoer, soos 'n tekort aan opgeleide vakmanne, geskoolde werkers en probleme met die verkryging van geskikte boumateriaal. Dit was alles net 'n rookskerm waaragter staatsamptenare, politici en ander goedgebetaalde werkers geskuil het, terwyl hulle amper ongehinderd die belastingbetaler se geld verkwis het. Die gevolgtrekking van *The Friend* was dat dit alles gebeur het omdat die amptenare geweet het dat die belastingbetaler so te sê geen invloed in sy eie regering gehad het nie.¹⁵⁴

Dit is dus duidelik dat Moerdyk nie die positiewe bydrae ingesien het nie van die groot aantal bekwame Engelse argitekte wat hier werksaam was. Selfs oor Herbert Baker het hy die gevoel gehad dat hy nie tot die Suid-Afrikaanse argitektuur bygedra het nie. Oor Baker merk hy op: "Was hy 'n Afrikaner, sou hy die land groot dienste kon lewer."¹⁵⁵

Moerdyk self is as gevolg van sy skerp oordele deur die Engelssprekendes uitgesluit. Hulle het hom as kunstenaar-argitek geen erkenning gegee nie.¹⁵⁶

153 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

154 NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *The Friend*, 1938-11-07.

155 A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens...*, p. 132.

156 D.W. Krüger & C.J. Beyers(reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 640.

d. Gebruik van onvanpaste boumateriaal

In 'n koerantartikel het Moerdyk sy mening uitgespreek oor die onvanpaste boumateriale wat die Departement van Openbare Werke gebruik het. Onder die Departement se leiding moes koel rietdakke vir sinkdakke plek maak en is priële deur oop stoepe vervang. Groot vensters, geskik vir lande met min sonlig, is ook in ontwerpe gebruik. Dit was vir hom duidelike aanduidings dat die Departement se argitekte hulle by hulle benadering van 'n opdrag nie deur die plaaslike klimaat laat beïnvloed het nie.¹⁵⁷

Die gebruik van plaaslike boumateriale, al dan nie, het 'n verdere twis veroorsaak. Moerdyk het oor die invoer van uitheemse boumateriale na Suid-Afrika gekla. Daar is van te min plaaslike materiaal gebruik gemaak en die klagte oor die gehalte van plaaslike klip was, volgens hom, ongeldig. Daar was baie goeie klip en ander materiale beskikbaar, maar die argitek moes dit self gaan uitsoek. Dit sou nie vanself in 'n regeringskantoor opduik nie.¹⁵⁸

Volgens Moerdyk was dit vir die Britse handel baie voordelig as die plaaslike argitektuur van so 'n aard was dat dit van Groot-Brittanje vir boumateriaal afhanklik was. As die argitektuurstyl so sou verander dat dit meer van plaaslike materiale gebruik kon maak, sou dit vir die Britse handel nadelig wees. Dit was gevolglik vir die Britse handel belangrik om in beheer van die argitektuur in Suid-Afrika te bly om sy afset te beskerm.¹⁵⁹

e. Opslae in die Parlement

In 1929 het die Departement van Openbare werke 'n kompetisie vir die ontwerp van die nuwe Johannesburgse biblioteek geloods. 'n Londense argitek sou as beoordelaar optree. 'n Protesaksie het onder leiding van Moerdyk ontstaan en hulle het hulle standpunt in die pers gestel. In *The Star* van 9 Desember 1929 het Moerdyk aangevoer dat iemand wat nie die klimaats- en ander omstandighede ken nie, nie geskik was om as 'n beoordelaar van ontwerpe vir Suid-Afrikaanse geboue op te tree nie.¹⁶⁰ Behalwe dat die beoordelaar geen kennis van plaaslike

¹⁵⁷ NASA, Pretoria. PWD 26/4374: Boukuns in SA, koerantknipsel, s.a.

¹⁵⁸ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁵⁹ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁶⁰ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 33.

omstandighede gedra het nie, was hy ook geen spesialis op die gebied van biblioteke nie; intendeel, hy het in stadsale gespesialiseer. Die feit dat hy 'n praktiserende argitek was, het, volgens Moerdyk, die situasie vererger. Dit sou vir die deelnemende argitekke baie voordelig wees om die beoordelaar se werke te bestudeer en dan hulle geboue so na as moontlik aan sy smaak te ontwerp. Die resultaat sou weer geboue in 'n uitheemse styl wees.¹⁶¹ Moerdyk se voorstel was 'n paneel plaaslike argitekke as beoordelaars met 'n wêreldwye kompetisie of net een plaaslike beoordelaar. Die twis het voortgeduur en Moerdyk en HJ Crocker, die visevoorsitter van die Johannesburgse Biblioteekkomitee, het mekaar deur middel van die pers in die hare gevlieg. Tog het die die Stadsraad met sy planne voortgegaan en Moerdyk se ontwerp is tweede geplaas.¹⁶²

Tydens die Nasionale Party se kongres in Bloemfontein in 1931 is 'n voorstel aanvaar dat die regering versoek word om die Departement van Openbare Werke se werkswyse te ondersoek. Die saak is daarna tydens die 1931-parlementsitting bespreek. Dit is later weer deur volksraadslede van die Nasionale Party opgehaal. As gevolg van syfers wat aan hulle voorgelê is en ander privaat-inisiatief, is besluit om 'n kommissie van ondersoek aan te stel. Argitekke kon voor die kommissie getuig. Saam met ander verteenwoordigers het Moerdyk in die kommissie gedien.¹⁶³

Verslae wat aan die kommissie voorgelê is, het getoon dat die koste van die Departement in 1923 altesaam £209 000 was en dat uitgawes aan geboue onder die Departement se beheer £472 000 bedra het. Gedurende 1931-1932 het die 307 argitekke, bourekenaars, ingenieurs en ander amptenare se salarisse op £136 000 te staan gekom, terwyl die uitgawes aan geboue £300 000 beloop het. Argitekke het aangevoer dat hulle die staat veel minder uit die sak sou gejaag het teen hulle privaatgelde, wat 8% op die koste van 'n gebou was.¹⁶⁴ Daar is ook voorgestel dat die Departement slegs 'n administratiewe funksie moes vervul en dat die regering projekte aan private argitekke moes uitkontraakteer.

¹⁶¹ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

¹⁶² C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 33.

¹⁶³ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.

¹⁶⁴ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

Al die ywer van die kommissie het geen verandering teweeggebring nie en in 1934 is die debat in die Volksraad hervat. 'n Aantal Parlementslede het hulle aan die kant van die argitekte geskaar. Een van dié Parlementslede, JS Smit, het later Administrateur van Transvaal geword en tydens sy ampstermyn het argitekte meer geleenthede gekry om provinsiale geboue te ontwerp.¹⁶⁵

Teen 1935 was die debat nog nie verby nie. Daar is in die Parlement aangevoer dat die Departement van Openbare Werke steeds dié Departement vir Engelssprekende persone was, aangesien die 50-50-beginsel nog nie daarin toegepas is nie. Dié beginsel het bepaal dat die werknemers van die staat om die helfte Engels- en Afrikaanssprekend moes wees. 'n Ontleding van die Departement van Openbare Werke se personeelkorps het getoon dat die oorgrote meerderheid amptenare wat in die Departement werksaam was, Engelse vanne gehad het. Hoewel toegegee is dat dit misleidend kon wees om slegs op vanne te oordeel, want 'n Engelse naam het nie noodwendig beteken dat die persoon Engelssprekend was nie, is die argument nietemin aangevoer dat die Afrikaner erg afgeskeep is. Tydens dieselfde debat is aangevoer dat die afdelings vir ingenieurs, argitekte en bestekopnemers van die Departement van Openbare Werke verklein moes word. Volgens Moerdyk was dié Departement dié plek om staatsdiensuitgawes te besnoei, aangesien daar genoeg private argitekte was om dié taak by die staat oor te neem. Die Provinsiale Raad van Transvaal en die Onderwysdepartement van Kaapland het reeds 'n geruime tyd private argitekte aangestel ten spyte daarvan dat daardie instansies dieselfde diens gratis by die Departement kon kry. Parlements lid PO Sauer (1889-1976) het bygevoeg dat die Departement die reputasie gehad het dat hy geboue baie duurder opgerig het as wat die private boubedryf dit kon doen. Die Departement het geld verspil op maniere wat die private boubedryf nooit sou gedoen het nie. Die geboue wat die Departement opgerig het, is as stereotiep beoordeel. Verder is aangevoer dat die enigste geboue van gehalte die ontwerpe van Baker was.¹⁶⁶

Oor die uitkontraktering van projekte gegrond op kompetisies, waarvan hy etlike gewen het, was Moerdyk ook nie ingenome nie. Hy wou eerder mededinging op prestasie grond. Die probleem met die kompetisiesstelsel was dat dit dikwels te rigiede riglyne neergelê het waarvolgens die deelnemers moes werk. Dit het nie net hulle oorspronklikheid aan bande gelê nie, maar hulle

¹⁶⁵ C.A. Cooper, *Gerhard Moerdyk - sy lewe en werk*, p. 34.

¹⁶⁶ Debatte van die Volksraad, deel 25, pp. 4886- 4893.

kon ook gediskwalifiseer word as hulle nie by die riglyne gehou het nie.¹⁶⁷ *Die Volkstem* van 12 April 1935 het Moerdyk se standpunt beaam dat ervaring geleer het dat die argitek wat hom slaafs en tot vervelings toe by die voorgestelde riglyne van die Departement gehou het, gewoonlik die kompetisie gewen het.¹⁶⁸

Volgens Sylva Moerdyk was Moerdyk van mening dat dit beter sou wees as 'n opdrag direk aan 'n argitek gegee word eerder as om 'n kompetisie uit te skryf. Hoewel Moerdyk dus teen die kompetisie-opset gekant was, het hy byna nooit 'n kompetisie laat verbygaan sonder om deel te neem nie. Hy sou, volgens haar, dit as pligsversuim beskou het om nie deel te neem nie.¹⁶⁹

6. *Moerdyk se oorspronklike wenontwerp vir die eerste-ministerswoning*

Getrou aan sy aard, het Moerdyk met die bekendmaking van sy wen-ontwerp gesê dat die woning die uitbeelding van die kulturele en staatkundige karakter van die Suid-Afrikaanse nasie sal wees. Die woning moes tot die kulturele lewe en nasionale trots van die land se mense bydra. Die woning sou in die ou Kaaps-Hollandse styl wees, maar omdat daar nie bestaande voorbeelde in Suid-Afrika is wat die waardigheid en deftigheid van 'n staatshoof se woning verteenwoordig nie, sou ook van die invloede van die Franse boustyl uit die ontstaanstyd van die Kaaps-Hollandse boustyl gebruik gemaak word.¹⁷⁰ Dit was volgens Moerdyk 'n toepassing van die Franse Renaissance-boustyl in Europa op die Kaaps-Hollandse boustyl.¹⁷¹

Die Kaaps-Hollandse boustyl sou uiteraard ook by die Transvaalse klimaat en die spesifieke ligging hoog op Meintjeskop aangepas word.¹⁷² Die bouperseel is waarskynlik een van die mooistes in die land. Die uitsig strek noordoos tot by die Cullinanmyn, noordwes tot in die Bosveld, noord tot by die Magaliesberg en wes tot naby die Hartebeespoortdam.¹⁷³ Moerdyk sou ongetwyfeld die beste van die uitsig wou maak, soos hy self in sy boek aanbeveel het argitekte moes doen.

¹⁶⁷ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede

¹⁶⁸ NASA, Pretoria. PWD 26/4374: *Die Volkstem*, 1935-04-12.

¹⁶⁹ NFVKA, Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.


¹⁷⁰ Anon. Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁷¹ H.J. Jonker, Die woning van ons eerste burger, *Die Brandwag*, 1944-09-29, p. 15.

¹⁷² UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-26.

¹⁷³ Anon. Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

Die boumateriaal van die nuwe woning sou, behalwe vir 'n paar stukke glas-, koper- en ysterware, plaaslike produkte wees.¹⁷⁴ Die woning sou as 'n spogstuk vir die skoonheid en bruikbaarheid van plaaslike hout, klip en klei geld. Al die amptelike vertrekke sou panele van inheemse hout hê en die vloere met blokkies inheemse hout bedek word.¹⁷⁵



Figuur 23: Moerdyk by 'n model van die wen-ontwerp van Libertas.

Uit: *Natal Advertiser*, 1935-05-01, n.p., Universiteit van Pretoria:
Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings, Gerard
Moerdykversameling.

Moerdyk se konsep-ontwerp vir die kompetisie was 'n dubbelverdiepinggebou met ses gewels (fig. 23). Die ontwerp toon die tradisionele Kaaps-Hollandse seweledige verdeling, soos sewe vensters langs mekaar.¹⁷⁶ Die middelste gedeelte, wat vir amptelike gebruik bedoel was, was na die voorbeeld van die ou herehuise ingedeel en die twee vleuels, bedoel vir die gesin se private gebruik, sou in die styl van die ou Boerehuise ingedeel word.¹⁷⁷

¹⁷⁴ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

¹⁷⁵ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Rand Daily Mail*, 1935-05-31.

¹⁷⁶ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versameling: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

¹⁷⁷ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning. *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

Die ingang van die woning sou van 'n inryportaal of 'n *portico* na 'n portaal met marmertappe aan weerskante lei. Aan weerskante van die portaal was daar diskreet versteekte kleedkamers vir mans en dames. Toegang tot die ontvangskamer was deur 'n oud-Hollandse *Porte pour le Visites*. Uit die ontvangskamer is 'n groot oop stoep beplan met 'n asemrowende noordelike uitsig. Hier is ook 'n ruim grasperk vir onthale in die vooruitsig gestel waar die gaste die uitsig werklik kon waardeer.¹⁷⁸

Aan die linkerkant van die ontvangskamer sou die eetkamer wees wat deur spense aan die kombuis en bediendekwartiere verbind is. 'n Ontvangslokaal vir dames sou die ontvangskamer aan die regterkant begrens. Sowel die eetkamer as die ontvangskamer sou uitloop op stoepe agttien voet (ongeveer 5 m) wyd. Aan die oostekant van die stoep is die Eerste Minister se studeerkamer, die privaatsekretaris se kantoor en 'n wagkamer vir besoekers. Aangrensend aan die studeerkamer is 'n môrekamer waarin besoekers soos ambassadeurs ontvang kan word. Die môrekamer en studeerkamer word in die oggende deur die son verwarm. Die studeerkamer sou sy eie stoep na die ooste hê. Die stoep sou hopelik volgens die tradisie van ou-Kaapse wonings in die somer koelte van 'n prieel ontvang, maar in die winter sou die son die vertrekke heerlijk verwarm. In die kombuise sou tradisie beslis nie gevolg word nie, maar alles sou die mees moderne toerusting wees.¹⁷⁹

Op die tweede verdieping is twee groot stoepe na die noorde met 'n uitsig na die Bosveld beplan. Volgens Moerdyk se plan was daar 'n groot galery vir skilderye, geskiedkundige prente en kulturele voorwerpe op die boonste verdieping. Ook op die boonste verdieping was die agt slaapkamers, elk met sy eie balkon.¹⁸⁰

Die Premier se suite sou bestaan uit 'n hoofslaapkamer, aantrekkamer en badkamer en drie van die oorblywende slaapkamers sou *en suite* wees. Die kinderkamer en badkamer was ook op hierdie vlak, maar die ses slaapkamers vir bediendes was op die grondvlak.

¹⁷⁸ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁷⁹ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁸⁰ UP, Pretoria: Akademie se Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *Die Vaderland*, 1935-04-26.

Die tuin sou teen die noordelike hang van Meintjeskop uitgelê word met behoud van die inheemse plantegroei. Met die oog op onthale en voldoende parkering vir omtrent honderd motors is vir groot grasperke voorsiening gemaak. 'n Roostuin is ook beplan, maar die werklike spogstuk sou die tuinteater van natuurlike terrasse wees. Dit sou 'n opelugteater, geïnspireer deur die antieke Griekse teaters wees. Die uitleg van die tuin sou vir vloeiende panoramas voorsiening maak.¹⁸¹ Die tuinuitleg sou ook fonteine, 'n swembad en tennisbaan insluit. Die oprit van sowat honderd en vyftig tree (150 m) sou van George Washington-boulevard, verby die hekwag se huis na die hoofingang van die woning lei.¹⁸²

Volgens mev Moerdyk het Moerdyk die woning met sorg beplan. Hy het elke vertrek spesifiek ontwerp met die oog daarop dat dit nie net 'n deftige woning vir 'n regeringshoof nie, maar ook 'n tuiste vir 'n Afrikanerfamilie sou wees.¹⁸³

Dit is merkwaardig hoe naby aan die neergelegde vereistes van die kompetisie Moerdyk gebly het. Hy het vir die gevraagde inryportaal, die gepaste oprit van George Washington-boulevard af voorsiening gemaak en die tuinuitleg verskaf. Die skedule vir akkommodasie is getrou deur hom gevolg; daar is die agt slaapkamers, die korrekte aantal ontvangsvertreke en die stoepe. Die voorwaardes van die kompetisie het aanbeveel dat die woning uit twee verdiepings in die tradisionele boustyl van die land moes bestaan en hieraan het Moerdyk ook voldoen. Hy het goed van die ligging gebruik gemaak en die uitsig soos dit in die voorwaardes gestel is.

7. *Kritiek op die ontwerp*

Moerdyk het die kritiek oor die koste verbonde aan die woning betreur. Indien die woning slegs die ydelheid en gemak van die Premier sou dien, kon hy nog met die kritiek saamstem, maar dit het om baie meer gehandel. Dit het die nasionale trots en die kultuurlewe van die mense van die land behels. Hy het die betekenis van die woning vergelyk met dié van George Washington (1732-1799), 'n voormalige President van die VSA, wat jaarliks op 'n soort pelgrimstog deur duisende Amerikaners uit pligsbesoek teenoor hulle volk en geskiedenis besoek word. Die

181 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Pretoria News*, 1935-04-29.

182 UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling: *The Rand Daily Mail*, 1935-04-26.

183 NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

woning van George Washington het 'n groot invloed op die boustyl van die Amerikaners gehad¹⁸⁴ en Moerdyk het gehoop dat sy skepping 'n invloed op die boukuns in Suid-Afrika sou hê. Volgens hom is die argitektoniese waarde van die woning net so groot soos dié van Groote Schuur en hy was daarom baie trots daarop om die argitek van die woning te kon wees.¹⁸⁵

Die *Rand Daily Mail* het die siening van Moerdyk bevestig deur dit te stel dat die begroting van £25 000 vir die woning baie min is as in ag geneem word dat die land tot £30 000 000 per jaar aan geboue bestee. Die woning het 'n belangrike toevoeging tot die argitektuur van die land verteenwoordig en daarom was dit van baie meer belang as 'n ander gebou wat heelwat meer gekos het.¹⁸⁶

8. *Wrywing met die Departement van Openbare Werke*

Op 25 April 1935 is 'n telegram met gelukwensinge van die Departement van Openbare Werke by Moerdyk se kantoor afgelewer. Die telegram het gelui: "Please accept my congratulations on winning competition Prime Minister's Residence, Pretoria." Sy vrou het vir Moerdyk 'n telegram na die Vereeniging-stasie gestuur omdat hy onderweg van die Kaap na Pretoria was. Sy wou gehad het hy moes die goeie nuus so gou moontlik ontvang. Toe dit bekend geword het dat hy die kompetisie gewen het, het sy kollegas hom per brief, telegram en persoonlik gelukgewens.¹⁸⁷

Moerdyk se trots op die ontwerp sou dalk, in die woorde van sy eggenote, Sylva Moerdyk, "getemper gewees het as hy toe geweet het hoeveel sonde en ergernis hy van daardie gebou sou ondervind." Die Departement van Openbare Werke het die lewe vir Moerdyk so versuur dat sy beweer het dat geen ander gebou hom soveel moeite, ergernis en verdriet besorg het nie. Uit die staanspoor was die aard van die samewerking eerder een van vyandskap tussen Moerdyk en die Departement. Waarskynlik was sy langdurige stryd met die Departement een van die oorsake daarvan. As voorbeeld van die wrywing noem Sylvia Moerdyk 'n insident waar Moerdyk 'n spesifieke vloerbekleedsel vir 'n vertrek voorgeskryf het en die Departement toe 'n ander een

¹⁸⁴ Anoniem, Betekenis vir S.A. van nuwe Eerste Ministerswoning, *Die Vaderland*, 1935-05-24, p. 14.

¹⁸⁵ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling; *The Pretoria News*, 1935-04-29.

¹⁸⁶ UP, Pretoria: Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling; *The Rand Daily Mail*, 1935-05-31.

¹⁸⁷ NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

laat insit het. Die gevolg was dat die vertrek se deur nooit behoorlik toegemaak kon word nie. Die kritiek daarvoor het dan na die argitek se kant gegaan.¹⁸⁸

In dié tyd het twee interessante skinderstories oor die Libertas-projek die ronde gedoen. Die een was dat Moerdyk 'n plan uitgedink het om sy identiteit geheim te hou omdat hy gevoel het dat die netjiese en professionele gehalte van sy tekeninge herkenbaar sou wees. Volgens die stories sou hy die voorskrifte van die planne aan 'n junior assistent gegee het om te maak sodat dit nie heeltemal soos sy werk sou voorkom nie. Dit is nie bekend of daar waarheid in die storie steek nie.¹⁸⁹

Nog 'n verhaaltjie wat vertel word, is dat die die beoordelaar onder die indruk was dat die ontwerp deur 'n argitek van die kantoor van sir Herbert Baker ingestuur is. Die vermoede was gegrond op die feit dat Baker graag Kaaps-Hollandse wonings ontwerp het en dat die Libertas-projek baie was soos die projek wat Baker in 1930 in Indië afgehandel het.¹⁹⁰

Moerdyk het aangevoer dat al die argitek se styl van ontwerp en teken baie goed aan mekaar bekend was. Hy het gevoel dat die beoordelaar definitief geweet het met wie se werk hy te doen gehad het, ten spyte van die feit dat hulle nie toegelaat is om hulleself op die ontwerpe te identifiseer nie. Mevrou Moerdyk was van mening dat die beoordelaar beslis nie geweet het wie se ontwerp hy bekroon het nie. Sy het aangevoer dat as die beoordelaar geweet het wie se ontwerp hy bekroon het, waarom die lewe later vir sy keuse so suur maak? Volgens haar het die Departement van Openbare Werke Moerdyk net waar hy kon in die wiele gery. Die feit dat die Departement so Engels in karakter was, het veroorsaak dat daar by die Departement geen simpatie vir Moerdyk bestaan het nie.¹⁹¹

188 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

189 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 108.

190 I. Vermeulen, *Man en monument*, p. 109.

191 NFKVA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

Volgens Sylva Moerdyk het teenkating van die Nasionale Party se kant die situasie nog verder versuur. As amptelike opposisie het die Nasionale Party dit op hom geneem om alles te kritiseer wat die regering doen.¹⁹²

192

NFVKA: Moerdykversameling 154/766: Biografiese besonderhede.

HOOFSTUK III

OPRIGTING VAN DIE NUWE EERSTE-MINISTERSWONING

A AANVANG VAN DIE BOUWERK


Op 5 Junie 1935 het Moerdyk die kontrak onderteken waarvolgens hy as toesighoudende argitek aangestel is. Die kontrak het bepaal dat die begrote bedrag die argitek, bourekenaar en werkeklers se betaling, die tuinuitleg, meubels en los goedere in die woning moes uitsluit. Die fisiese uitleg van die tuine sou deur die Departement van Openbare Werke self, maar volgens die planne van die argitek gedoen word. Die argitek moes planne vir die woning, dreinerings, watertoevoer, brandtoerusting, verhitting, elektrisiteit en beheerpunte vir dienste verskaf. Hy is duidelik daarop gewys dat die begrote bedrag onder geen omstandighede sonder die Departement se skriftelike toestemming oorskry mag word nie en dat hy in beheer van die projek geplaas is.¹

Moerdyk is deur die Departement versoek om dadelik met die finale sketsplanne te begin met die nodige veranderings soos deur hulle bespreek is. Die Departement het die voorlopige sketsplanne van die grondwerk gevra sodat hy spoedig met die werk kon begin.² Dit is duidelik dat Moerdyk nie algehele vryheid met die ontwerp van die woning gegun is nie. In 1937 is Moerdyk deur die Departement aangespreek omdat die bespreekte veranderinge aan die voorgestelde ontwerpe nie op die bouplanne verskyn het nie. Daar was duidelike aanwysings vir beter beligting, wyer stoepe en groter vertrekke. Die voorstel is gemaak dat van die deure in die ontvangsvertrekke verminder moes word omdat dit anders te veel na 'n kantoorgebou sou lyk en die huislikheid verlore sou gaan. Moerdyk is daaraan herinner dat Hertzog 'n eenvoudige ontwerp in gedagte gehad het en is aangesê om onnodige ornamentasie en spieëls in die voorportaal te verwyder. Daar is ook voorgeskryf hoe die trapreling, trappe en deure verander moes word om na die Departement se mening "very disappointing results" te vermy.³

¹ Nasionale Argief van Suid-Afrika, (hierna NASA) Pretoria. PWD 560, 2/1310 : Memorandum of Agreement, Sec. Public Works Department (hierna PWD) - G.L. Moerdyk. 1935-06-05.

² NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1935-06-05.

³ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Sec. PWD - G.L. Moerdyk. 1937-02-27.



Figuur 24: Voorstelle van Moerdyk vir die Premier se studeerkamer.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

‘n Bourekenaar, DS Mann,⁴ en ‘n strukturele ingenieur, T Strömsöe,⁵ is aangestel om met die projek te werk. Na ‘n vertraging van 63 dae is die fundamente van die woning in Februarie 1938⁶ voltooi en is ‘n tender vir die res van die gebou uitgegee. Later in dieselfde jaar het die kontrakteur, HA Nebel, met die bou van die struktuur begin.⁷

Die bouproses is aansienlik vertraag deur planne, ontwerpe en details wat nie betyds deurgegee is nie of tydens die proses verander is. Die boukontrakteur het ook gedurende die bouproses finansiële probleme ondervind wat tot verdere vertraging gelei het. Soms was daar net vyf werkers op die terrein besig⁸ en subkontraakteurs is partykeer nie betaal nie. Moerdyk se reaksie op die klagtes was dat daar geen haas met die projek was nie en daarom sou hy nie die kontrakteur aanjaag nie.⁹ Nebel het weer op sy beurt in 1939 gewaarsku dat hy as gevolg van

⁴ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Memorandum of Agreement, Sec. PWD - D. Mann, 1935-06-05.

⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1937-03-18.


⁶ NASA, Pretoria. PWD 560, 2/1310: Report on delay of completion of contract, 1937-04-08.

⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁸ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.R. Pta. PWD - Sec. PWD, 1939-11-02.

⁹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.S. Mann - Sec. PWD, 1939-10-05.

verdragings van plan is om 'n geldelike eis teen die Departement in te stel.¹⁰ Ontwikkelinge het wel tot so 'n eis gevorder en in 1946 was die staat bereid om tot soveel as £300 te betaal om die saak afgehandel te kry.¹¹



Figuur 25: Die foto van die bouwerk aan die amper voltooide woning op 1939-09-13.

Uit: Universiteit van Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings, Gerard Moerdykversameling, *Rand Daily Mail*, 1939-09-13, n.p.

B BOUKOSTE

1. *Begrote koste*

Die bourekenaar, DS Mann, het reeds in 1937 gewaarsku dat hy nie glo dat die projek vir so 'n klein bedrag (£25 000), afgehandel kon word nie.¹² Teen Desember 1937 het die Departement van Openbare Werke die Ouditeur-generaal ingelig dat die begrote bedrag nie voldoende sou wees om die gebou te voltooi nie. Die Tesourier is versoek om addisionele fondse te bewillig. As redes vir die versoek is aangevoer dat boukoste baie skerp gestyg het en dat die

¹⁰ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G.Moerdyk, 1937-06-9; Sec. PWD - T.Strömsöe, 1937-06-30, PWD 641, 2/1310: H.A. Nebel - Sec. PWD, 1939-01-10.

¹¹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Memorandum, Pretoria Prime Minister's House, H.A. Nebel versus P.W.D, 1946-06-27.

¹² NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.S. Mann - Sec. PWD, 1937-06-22.

oorspronklike bedrag begroot was voordat die planne afgehandel was en die werklike koste bepaal kon word.¹³

2. *Kostebesparende veranderinge aan die oorspronklike wenontwerp*

In Januarie 1938 het die Sekretaris aan die Minister van Openbare Werke gerapporteer dat die nuwe kosteberaming vir die Premier se woning op £46 000 te staan gekom het. Hy het deur 'n skedule van weglatings en veranderings aan die woning 'n vermindering van die koste bewerkstellig (fig. 27). Dit het 'n groot hoeveelheid marmer en ander afwerkings ingesluit, waarsonder die woning volgens hom verbeter is.¹⁴


Waarskynlik die grootste verandering was die verlaging van die twee syvleuels van 'n dubbel- na 'n enkelverdieping. Dit sou noodwendig die uitleg van die woning radikaal verander. Dit het die weglating van die bediendeslaapkamers in die westelike vleuel (fig. 26) en die Premier se suite in die oostelike vleuel teweeggebring. Ander besparingsmaatreëls wat deur die Departement aangevra is, was die verandering van die dak na 'n plat dak met 'n borswering. Die gewels het heeltemal weggeval en die aansig van die woning is dus ingrypend gewysig.

Die marmer is in etlike vertrekke vervang. In die ingangsportaal is dit deur 'n *terrazzo*-afwerking op die vloere, dado en basis van pilare vervang. Die ingangsportaal se akoestiese pleisterwerk moes ook weggelaat word. Die hooftrap se marmer is deur wit *terrazzo* vervang en die trappe moes van Filippyse mahonie wees. Die kolomme en die vuurherdversierings in die ontvangskamer moes nou van kiamat wees. In die ontvangskamer moes die geelhoutmuurpaneel, -deure en -vensters weggelaat word. Dit moes deur gewone pleisterwerk, kiamatdeure en -vensters vervang word. Oral deur die woning is marmer en duur hout deur goedkoper alternatiewe vervang, vuurherde weggelaat en die pleisterwerk baie vereenvoudig.¹⁵

¹³ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - The Controller and Auditor-General, 1937-12-15.

¹⁴ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - Minister PWD, 1938-01-15.


¹⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister's residence Pretoria, Summary of alterations and omissions, 1938.



Figuur 26: Oorspronklike ontwerp vir die eerste verdieping.

Let op die personeelhuisvesting bo by die wesvleuel wat nie gebou is nie en die omskepping van die kinderkamers en personeelkamers in gasteslaapkamers.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.



Figuur 27: Die gewysigde grondvlakontwerp vir Libertas.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

Met die weglatings en gebruik van eenvoudiger boumateriale sou die die boukoste volgens nuwe berekening op £39 000 te staan kom, wat veel minder as die voorlopige berekening van £46 000 was. Die Departement van Openbare Werke het toestemming gevra om die bedrag vir die boekjaar 1938 - 1939 aan te vra, waarna die tender vir die bou van die struktuur uitgegee sou word.¹⁶

Die veranderings en die nuwe begroting is in 1938 deur die Departement aan Moerdyk oorgedra. Terselfdertyd is 'n maandelikse vorderingsverslag van hom gevra.¹⁷

In 1938 het Hertzog die planne van die buitegeboue gesien en sy tevredenheid daarmee te kenne gegee.¹⁸ In 1938 is verdere veranderinge aan die planne aangebring toe die Departement 'n hyser vir die woning aangevra het. Dit het veranderinge aan die struktuur en die verskuiwing van deure in die gang vereis, wat in elk geval deur die Departement as verkeerd geplaas beskou is.¹⁹ Op 'n besoek aan die ampswoning is dit aan die Premier uitgewys dat probleme in verband met die verkryging van die hyser ontstaan het. Die Premier het daarop aangedring dat die hyser by die planne ingesluit word. In daardie stadium is daar ook geredekawel oor die feit dat die woning net vyf slaapkamers sou hê en oor waar die Premier se privaatsekretaris dan sou moes inwoon.²⁰

Die argitek het in 1939 voorgestel dat 'n kleinerige noordvleuel oor die kombuisvleuel, en nie op die hoofvleuel van die woning nie, die probleem van akkommodasie vir die privaatsekretaris sou oplos. Dit sou die bediendekamers in die noorde en suidweste van die woning vir die gebruik van die Premier beskikbaar stel. Volgens Cleland het Moerdyk die weglating van die hoofvleuels van die tweede verdieping as 'n verbetering beskou en wou hy dit nie weer in die planne insluit as oplossing vir die verblyfprobleem nie. Dit sou ook uitgawes laer hou. Cleland het gemeld dat die argitek by die veranderinge van die planne gehou het, soos dit deur die Departement

16 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - Minister PWD, 1938-01-15.

17 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1938-10-10.


18 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Private Secretary Prime Minister - J.S. Cleland, 1938-02-02.

19 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - G. Moerdyk, 1938-10-27.

20 NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister Private Sec. - Cilliers, 1938-09-02.

gespesifiseer was (fig.28), behalwe in gevalle waar die weglatings geen kosteverskil gemaak het nie, soos die plafonne van die eetkamer en die ontvangskamer.²¹

'n Voorstel vir die akkommodasie van die Premier se privaatsekretaris was dat 'n nabygeleë bestaande woning in twee verdeel word met afsonderlike ingange. Die voorste gedeelte kon vir die privaatsekretaris en die agterste gedeelte vir die chauffeur dien.²² Dit is waarskynlik die huis waarin die kok en hoof van die huishouding tans woon.



Figuur 28: Die ontwerp vir die eerste verdieping van Libertas.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke.

²¹ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: J.S. Cleland - Sect. PWD, 1939-08-29.

²² NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Sec. PWD - J. Jooste, 1939-05-24.

C STADIGE VORDERING MET DIE BOUWERK

Teen 1939 was die klagtes oor die stadige vordering met die bouwerk volop. Moerdyk het aangevoer dat Nebel finansiële probleme ondervind het en dit moeilik gevind het om materiaal aan te koop.²³ In November 1939 het die amptenaar van die Departement van Openbare Werke wat met die woning belas was, gekla dat baie min werkers op die terrein aanwesig was. Volgens hom was die loodgieter twee weke nie daar nie en het die materiaal vir die inrig van die badkamersuites nog nie opgedaag nie. Die inrigting van die kombuis het toe al vir maande stilgestaan, geen teëlwerk is gedoen nie en slegs een persoon was met die waterdigting van die dak besig. Weens die feit dat daar in daardie stadium net twee skrynwerkers en vier pleisteraars op die perseel besig was, het hy verwag dat die projek nog maande sou neem om af te handel.²⁴


In Mei 1940 het die Sekretaris van Openbare Werke na die voltooiingsdatum van die woning verneem. Hy is meegedeel dat as gevolg van die stadige pas van die kontrakteur die woning nie voor Oktober 1940 voltooi sou wees nie. As tydelike toerusting in die kombuis gebruik sou word, kon dié datum moontlik 'n maand vorentoe geskuif word.²⁵ Die werk is wel in Augustus 1940 voltooi,²⁶ maar dit het nie lank geduur nie voordat klagtes oor die bouwerk ontvang is.

²³ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.R. Pta.PWD - Sec. PWD, 1939-11-02.

²⁴ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: F. Whittaker - D.R. PWD, 1939-11-27.


²⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: D.R. Pta. PWD - Sec. PWD, 1940-06-06.

²⁶ R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Figuur 29: Die fondament van Libertas in wording.

Uit: P. Hardegen, *Our building heritage*, (Halfway House, 1988) n.p.



Figuur 30: Die keermure van Libertas in aanbou.

Uit: P. Hardegen, *Our building heritage*, (Halfway House, 1988) n.p.

D KLAGTES OOR DIE GEHALTE VAN DIE BOUWERK

In November 1940 is gemeld dat die noordelike vensters, 'n aantal deure, asook die dak op verskeie plekke, onder andere in die biblioteek, gelek het. Die argitek is daarvan in kennis gestel en herstelwerk is gedoen, maar dit het steeds gelek.²⁷ As gevolg van die lekplekke is 'n gedeelte van die vloer herlê, maar die gevoel was dat die kombuisvloer nie ook van hout moes gewees het nie.²⁸

In Desember 1940 het 'n reënstorm die woning getref en 'n lys van klagtes oor die verblyfplek het van die opsigter, E Bennington, gekom. Al die deure en vensters aan die suidekant het so gelek dat emmers water opgevee is. Van die gordyne was ook sopnat en die plafonne in twee vertrekke het deurgeloop. Onaangename reuke het van twee badkamers gekom en probleme is met die werking van die sanitasiestelsel ondervind. Drie van die hoofdeure het nog nie deurslotte gehad nie. Bennington het gemeld dat die probleme reeds onder die argitek se aandag gebring is, maar dat die woning onder die omstandighede nie vir gebruik gereed is nie.²⁹

Die Sekretaris van Openbare Werke was van mening dat dit teleurstellend is dat so 'n groot bedrag geld op die woning bestee is en dit dan in so 'n swak toestand is. Hy het sy vrees te kenne gegee dat as daar nie dringend iets gedoen word nie, dit 'n skandaal tot gevolg sou hê.³⁰

Die koste verbonde aan die bou van die woning het drasties toegeneem en in 1941 het die Departement gespekuleer of hy gevra gaan word of hy hoegenaamd enige beheer oor die proses gehad het. Die Departement het aangevoer dat die kontrak met die argitek gestipuleer het dat die argitek in volle beheer van die bouproses was, en sou verseker dat die produk nie sy naam oneer aandoen as gevolg van 'n klein begroting nie. As gevolg van die veranderinge wat aan die planne aangebring was, was dit vir die bourekenaar nodig om al die uitgawes later te heroorweeg. In daardie stadium was die gebou byna voltooi. Die Departement het derhalwe eers baie laat die volle kosteberekening ontvang.³¹

27 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D.R. Pta. PWD – Sec. PWD, 1940-11-12.

28 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D.Roux - Sec. PWD, 1941-04-17.

29 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: E. Bennington - District Representative PWD, 1940-12-11.

30 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: E. Bennington - J.S. Cleland, 1940-12-21.

31 NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: D. Roux - Sec. PWD, 1941-03-21.

Die Departement van Openbare Werke is oor die vingers getik oor sy hantering van die saak. Die Sekretaris van Finansies, JE Holloway, het aangevoer dat die Departement van Openbare Werke die finansiële prosedures van die staat heeltemal verontagsaam het. Hy het sy sterkste afkeur uitgespreek oor die manier waarop die Departement opgetree het en die gevolglike spandabelrigheid.³²

Die sesde verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge het kritiek uitgespreek op die onderskatting van die koste verbonde aan die bou van die woning en die daaropvolgende bewilliging van fondse aan ander afdelings om die werk te voltooi. Erger was die feit dat die Departement die Parlement mislei het deur koste te verdeel en onder ander finansiële hoofde te versteek.³³ Teen die voltooiingsdatum het die woning die staat £68 000 uit die sak gejaag.³⁴ In 1994 is die waarde van die woning op nege miljoen rand geraam.³⁵

Die woning was nou gereed om deur die premier van die dag, genl JC Smuts, bewoon te word maar hy sou sy eie woonhuis op Irene verkies. Die nuwe ampswoning van die Eerste Minister sou tydens die Smuts-bewind as gastehuis deur die staat gebruik word.

³² NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310: J.E. Holloway - Sec. PWD, 1941-04-28.

³³ NASA, Pretoria. PWD 641, 2/1310 / 2843: Sec. PWD - Chief Clerk, 1942-11-12.

³⁴ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

³⁵ Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

HOOFSTUK IV

DIE VOLTOOIDE WONING TEEN 1940

A DIE WONING TEEN 1940

Dit is duidelik dat die eerste-ministerswoning in 1940 heelwat verskil het van die oorspronklike planne wat Moerdyk opgestel het. Hoewel die Departement van Openbare Werke aangevoer het dat Moerdyk ten volle in beheer van die projek gestaan het, is baie veranderinge en aanwysings op aanbeveling van die Departement gemaak, sodat die finale produk eerder as 'n samevoeging van idees beskou kan word.¹

1. *Die woning van buite*

Die woning wat uiteindelik tot stand gekom het, was 'n Kaapse neo-Georgiaanse dubbelverdiepingdorpshuis (fig. 31). Die Hollandse styl is verteenwoordig in die lae kothuisruite, die krullyste aan die sentrale erker en die hoofpawiljoendak wat volgens die vyf-erkerstelsel verdeel is; elemente van die styl wat in die negentiende eeu aan die Kaap gewild was.²

Die dubbelverdiepinggebou se deure en vensters is simmetries aan die kante van die hoofingang geplaas met 'n daklyn wat geleidelik van die kerngebou aftrap tot 'n eenverdiepingdak met borswering wat die plat sinkdakke versteek. Die kroonlyns in die pleistering beklemtoon die borswering aan die bokant van die woning. Die pleistering herinner sterk aan die groot stadshuise in Kaapstad. Houtskuifraamvensters met luike wat die onderste gedeelte van die venster bedek, versterk verder die ou Kaapse karakter. Die buitedeure het houtraamboligte met klein ruitjies bokant die deure. Omdat die terrein van die woning van oos na wes 'n effense helling het, het Moerdyk die hele woning op 'n voetstuk van gekapte klip geplaas.³

¹ Universiteit van Pretoria (hierna UP), Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 1, 2.

² R. Simpson, *Libertas*, n. p.

³ M. Naudé, *Libertashuis en tuine*, *Arcadian*, 1992-10, p. 7.



Figuur 31: Die voltooide ampswoning in 1944.

Uit: *Architect and building News*, 1944-08-18, p. 99.

Die ingang is deur 'n voorportaal met gange wat na oos en wes daaruit loop. Van die portaal word toegang tot die hoofontvangsvertrek in die middel met die eetkamer links daarvan en die woonkamer regs daarvan verkry. Die grondvlak is in 'n oostelike en westelike vleuel verdeel. Die kombuis, spense en eetkamers is aan die westekant en die sitkamers, musiekkamer, kantore en studeerkamer aan die oostekant. Op beide vloere loop die sentrale gang oos-wes. Die grondvlak is hoofsaaklik vir amptelike gebruik en die boonste verdieping vir private gebruik bedoel.⁴ Die totale vloeroppervlakte is ongeveer tweeduisend tweehonderd vierkante meter.⁵

2. *Ligging van die woning*

Die ligging van die woning is van so 'n aard dat die beste gebruik gemaak is van die seisoenale veranderinge wat so getrou aan Pretoria is. Dit is duidelik dat hoewel die woning in die formele sin van die woord suid gewys het, elke belangrike vertrek aan die noordekant is. Die eetkamer, ontvangskamer, Premier se slaapkamer en private stoepe is almal aan die noordekant. In die

⁴ M. Naudé, Libertashuis en tuine, *Arcadian*, 1992-10, pp. 7-8.

⁵ Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

somer sou die vertrekke slegs vroeg in die oggend son ontvang en vir die res van die dag koel bly. In die wintermaande sou die noordelike vertrekke heerlik deur die son verhit word (fig. 32).⁶



Figuur 32: Die noordelike aansig van die woning.

Foto: X.Barnard, 1999.

3. *Die voltooide woning*

In 1940 het die Departement van Openbare Werke in samewerking met Moerdyk 'n verklaring uitgereik hoe die woning en ameublement na voltooiing gelyk het.⁷


Baie vroeg in die bouproses het die Departement begin om meubels en ander voorwerpe vir die woning aan te skaf. Dit was in die meeste gevalle waardevolle antieke stukke uit die Kaaps-Hollandse tydperk.⁸

⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 5-6.

⁷ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 1-2.

⁸ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 6-7.

Baie tyd en aandag is aan die afwerking van die woning bestee sodat geen opvallend lelike afwykings van die Kaaps-Hollandse boustyl sou bestaan nie. In die ontvangsvertrekke is eksklusief van Suid-Afrikaanse hout gebruik gemaak. Elkeen van die vertrekke het 'n vloer van 'n spesifieke hout en die boligte van al die glaspaneeldeure is in formele ontwerpe van aalwyne en ander Suid-Afrikaanse blomme gekerf.⁹ Die boligte is in die ateljee van Anton van Wouw ontwerp en gemaak deur Italiaanse vakmanne wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog naby Cullinan in 'n krygsgevangenskap aangehou is (fig.33). Die blokkieshoutvloere is ook deur dieselfde vakmanne gemaak.¹⁰ Moerdyk was tydens sy studie van die Kaaps-Hollandse boustyl deur die houtwerk van die Kasteel in die Kaap beïndruk¹¹ en dit het 'n duidelike invloed op sy ontwerp van die eerste-ministerswoning gehad.



Figuur 33: Die boligte wat inheemse blomme uitbeeld.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁹ UP, Pretoria, Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

¹⁰ Mondelinge mededelings: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14; V. Giacchetti, voormalige Italiaanse krygsgevangene, Shongweni 201, Schreuderstraat, Groenkloof, 0181, Pretoria, 1999-04-26.

¹¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*, s.a.

a. *Ingangsportaal*

Die ingangsportaal bepaal met die intrapslag die elegante atmosfeer van die woning. Die marmervloere is van plaaslike marmer van Marble Hall in Mpumalanga. Die marmer in 'n lieflike goue kleur met die aartjies in grys en wit, is vergelykbaar met enige oorsese produk. Die trapreling is van goudgeverfde smeedyster. In die dak is 'n ronde opening na die galery op die tweede verdieping.¹²



Figuur 34: Een van twee Karel XI-stoele in die voorportaal.

Foto: X. Barnard, 1999.

12

R. Simpson, *Libertas*, n. p.

Die vertrek het gespog met 'n paar besondere meubelstukke. In die regterhandse hoek is 'n oorspronklike Karel XI eikestoel geplaas wat teen £22 gekoop is (fig. 34),¹³ met 'n damaskoortreksel. In die hoek regoor was 'n plaaslik vervaardige kopie van dié stoel.¹⁴ Die kopie was van beukehout. Die stoele het rottangrugstukke en Rococo-houtsneewerk met 'n skulpmotief.¹⁵

Daar is ook 'n pragtige Kaaps-Hollandse armoire van stinkhout met panele van balatahout en silwerpasstukke. Die bekende Kaapse silwersmid Daniel Heinrich Schmidt (1779-1811) het die silwerpasstukke aan die deure en laaie gemaak en sy monogram "DHS" is duidelik op die silwerbeslag leesbaar. Die houtsneewerk van 'n vrou se profiel op die basis van die kas is 'n interessante kenmerk.¹⁶ Mevrouw Vorster het geglo dat dit die profiel van die eerste eienares van die kas is. ¹⁷Schmidt se kenmerkende roosmotief is oral op sy silwerwerk te sien. Die kroonstuk bo-op die kas bestaan uit 'n klein gerub omring deur 'n krans van druiwe. Die druiwetrosse rank af na beide kante van die kroonstuk.¹⁸

Die kas is teen £175 van mev James Donald van Broadview, Elandspoort, in Klerksdorp, gekoop. Dit het oorspronklik aan haar moeder, mev Beyers, van Stellenbosch behoort. Rhodes, wat dit waarskynlik vir Groote Schuur wou bekom, het mev Beyers na bewering een keer vyfhonderd pond daarvoor aangebied, maar sy het dit om sentimentele redes van die hand gewys.¹⁹

'n Antieke houtkis met koperpasstukke is op 15 Junie 1936 teen £120 van Evans & Company, Kaapstad aangekoop en in die vertrek geplaas.²⁰ In die openinge weerskante van die trappe was seldsame voorbeelde van Chinese keramiek.²¹ Op die voorgrond was 'n stinkhouttafel met 'n blad van ertsdraende kwarts, gepoleer om soos marmer te lyk. Dit is in 1936 deur die goudprodusentekomitee van die Transvaalse Kamer van Mynwese aan die woning geskenk. 'n

¹³ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

¹⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09. p. 13.

¹⁵ R.Simpson, *Libertas*, n. p.

¹⁶ R.Simpson, *Libertas*, n. p.

¹⁷ Libertaslêer, Libertas. V. Allen, *Libertas and its treasures*, *Pretoria News*, 1971-11-12. n.p.

¹⁸ Libertaslêer, Libertas. 'n tuiste vir waardevolle Africana, s.a.

¹⁹ NASA, Pretoria, A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

²⁰ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

²¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09. p. 13.

Soortgelyke tafel is deur dié komitee aan Suid-Afrika-huis in Londen geskenk.²² In 1948 is nog een van dié tafeltjies deur mev MT Steyn as 'n geskenk aan koningin Wilhelmina vir haar jubileumvieringe na Nederland geneem.²³ Dié tafel is deur die Departement ontwerp en deur RH Moon van Johannesburg gemaak.²⁴ 'n Beeldhouwerk van JBM Hertzog deur Anton van Wouw, vriend van Moerdyk, is op die tafel geplaas.²⁵ Dit is van Evans & Company aangekoop teen ongeveer £34.

Anton van Wouw (1862-1945) was van Hollandse afkoms. Hy is in Driebergen, Nederland, gebore en het deelyds tekenkuns aan die Rotterdamse Akademie bestudeer. Hy het eers later in beeldhoukuns begin belangstel. Hy kom in 1900 na Pretoria waar hy bedags by 'n wapensmid werk. Saans na werk het hy klas in teken- en skilderkuns gegee. Sammy Marks het hom in 1896 opdrag gegee om 'n standbeeld van Paul Kruger te maak en dit het tot verdere opdragte gelei. Hy het in 1908 na Johannesburg verhuis, maar in 1938 na Pretoria teruggekeer. In 1937 het hy die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se erepenning vir beeldhouwerk ontvang en die Universiteit van Pretoria het 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.²⁶

'n Baie interessante voorwerp in die voorportaal was 'n inkstander (fig. 35). Dié inkstander is op 29 Januarie 1937 deur die destydse eerste minister, Hertzog, aan die woning geskenk. Dit is vervaardig uit dele van twee telefone wat deur president Kruger en lede van die Volksraad van die Transvaalse Republiek gebruik is. Die telefone is tydens die ampstyd van dr WJ Leyds, Staatssekretaris van die Transvaalse regering (1884-1901), aan die President en die Raad geskenk. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1898-1902) was 'n aansienlike aantal Britse soldate in Pretoria gestasioneer en was dit noodsaaklik om die telefoondienste uit te brei. In die proses is met die unieke instrumente weggedoen. Van die instrumente is uitmekaar gehaal om as aandenkings te dien. Van die oorspronklike dertien instrumente het minstens drie behoue gebly. Twee is na Engeland geneem en het vir meer as dertig jaar vergete gebly. Toe die eienaars van

22 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

23 *Pretoria News*: Onderskrif by foto, 1948-09-20, p. 1.

24 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

25 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 13.

26 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

die telefone die waarde daarvan beseft het, is dit na Suid-Afrika teruggestuur. Die instrumente is aangepas om as inkstander diens te doen en aan Hertzog geskenk.²⁷



Figuur 35: Die inkstander.

Foto: X. Barnard, 1999.

'n Beeldhouwerk van C Verrain, 'n swart luiperd in marmer, is ook in die vertrek uitgestal.²⁸ Waar nog 'n geskenk van Hertzog aan die woning, 'n beeldhouwerk van twee voëls in goud en silwer geplaas is, is onseker (fig. 36).²⁹

²⁷ NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p.2.

²⁸ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

²⁹ Libertaslêer, *Libertas*. V. Allen, *Libertas and its treasures*, *Pretoria News*, 1971-11-12. n.p.



Figuur 36: Die geskenk van generaal JBM Hertzog en 'n skildery deur F. Oerder.

Foto: X. Barnard, 1999.

b. Hoofontvangsvertrek

Drie glasdeure lei van die voorportaal na die hoofontvangsvertrek. Die vertrek word in die tradisionele Kaaps-Hollandse styl die voorkamer genoem. Die glasdeure is ryklik versier met koperslotte waarop die letters 'PM' en 'EM' (Prime Minister, Eerste Minister) voorkom (fig.37). Die boligte is met houtsneewerk van Suid-Afrikaanse plante versier (fig.33).³⁰

30

R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Figuur 37: Die koperdeurhandvatsels.

Die deurhandvatsels met die voltooiingsdatum van die woning en die letters EM en PM daarop gegraveer.

Foto: X. Barnard, 1999.

Daar word vertel dat die glasdeure na die voorportaal deel van 'n stel vorm. Die ander deure van die stel is deur Rhodes in Grootte Schuur geplaas. Die drie in Libertas is deur die Rhodes-trustees as 'n gebaar van erkentlikheid aan Smuts en die mense van Suid-Afrika vir hulle bydrae tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) geskenk.³¹ Daar kon nie bo alle twyfel vasgestel word of dit wel die geval was nie.

Die hoofontvangslokaal is 'n ruim vertrek, wat in die Renaissance-styl gemeubileer maar tog Suid-Afrikaans in karakter is. Die mees uitstaande kenmerk van dié lokaal is die plafon van Suid-Afrikaanse kìaat.³² Moerdyk het simbolies van die plafon as 'n brandsolder gebruik gemaak.³³ Tydens sy studie van die Kaaps-Hollandse boustyl het die gebruik van die brandsolder hom opgeval en skryf hy dat 'n baie bekende voorbeeld van so 'n brandsolder in Groot Constantia te vinde was.³⁴ Die plafon het plooi-panele van soliede kìaatbalke en die versierde panele het 'n warm gevoel in die vertrek geskep. 'n Bo- en onderdeur van soliede Burmese kìaat

³¹ Skriftelike mededeling: F.Erasmus, Nasionale Monumenteraad, Johannesburg. 1999-04-13.

³² UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Departement PWD -G. Moerdyk, 1940-12-09, p. 13.

³³ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

³⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. G. Moerdyk, *Old Dutch buildings and their influence on architecture*. s.a.

en wat 1,3 meter wyd is, lei na die noordelike stoep. Omdat kiaat so mildelik hier gebruik is, het die vertrek later as die kiaatkamer bekend gestaan (fig. 38).³⁵

Daar was twee vuurmaakplekke aan weerskante van die kamer wat met kiaat en teëls met simboliese rotstekeninge uitgevoer was. Die ontwerp van die kiaatblokvloer het die plafonontwerp weerspieël. In 1940 was die kleurskema 'n ryk rooi en room. Die noordelike vensters was behang met gordyne van diep rooi gevoer met room.³⁶ Die kothuisvensters waarvan die boonste rame horisontaal draai met skuiframe onder, is 'n treffende kenmerk van die vertrek. Dit is 'n ontwerp wat nader aan die Kaaps-Hollandse as die Georgiïese styl is.³⁷



Figuur 38: Die kiaatkamer in 1944.

Uit: *Die Brandwag*, 1944-09-29, p. 15.

'n Mat, wat spesiaal vir die vertrek ontwerp is, was in die proses van vervaardiging. Die ontwerp het bestaan uit die wapen van die destydse Unie van Suid-Afrika en die wapens van die toenmalige vier hoofstede van Suid-Afrika. Die meubels het twee pragtige oud-Hollandse

³⁵ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

³⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G.Moerdyk, 1940-12-09, p. 14.

³⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

kabinette ingesluit.³⁸ 'n Antieke staanhorlosie, gekoop van Evans & Company vir meer as £117, is ook in die vertrek geplaas (fig. 39).³⁹ Die horlosie is tussen 1765 en 1775 deur die Hollandse klokmaker JP Kroese gemaak. Hy het 'n winkel in Kalverstraat, Amsterdam, besit. Die klok het kwartfineersel en dui sowel die tyd as die dae van die week en die fases van die maan aan. Reproduksies van 18-eeuse koperkandelare is aan die plafon gehang.⁴⁰



Figuur 39: Een van die staanhorlosies saam met die inlegwerkstoel.

Foto: X. Barnard, 1999.

38 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 14.

39 NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 6.

40 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

Op 7 Mei 1937 is Maggie Laubser (1886-1973) se werk *Bantoemeisie* deur die staat vir *Libertas* aangekoop.⁴¹ Maggie Laubser is in 1886 op Malmesbury, Kaapprovinsie, gebore. Sy het aan die Slade School, Londen, onder McEvoy en Wilson Steer gestudeer. Na 'n studietydperk van tien jaar in Engeland, Italië en Duitsland keer sy in 1924 na Suid-Afrika terug. Sy was een van Suid-Afrika se pionier 'moderne' skilders met haar kragtige maar naïewe styl uitgevoer in kinderlike eenvoud.⁴² Laubser kon die individuele persoonlikheid en gemoedstoestand van elke model deur middel van kragtige en positiewe kwashale, vorm en kleur uitbeeld.⁴³

c. Eetkamer

In 1937 bied die Goewerneur van Uganda, HE Mitchell, aan Hertzog hout uit Uganda aan om vir die vervaardiging van eetkamermeubels vir die nuwe Premierswoning gebruik te word.⁴⁴ Die mvulihout is aanvaar en die skrynwerkers van die Departement van Openbare Werke het al die eetkamermeubels daarvan vervaardig.⁴⁵ Die eetkamermeubels wat gemaak is, is tafels en stoele in die Regency- en Queen Anne-styl.⁴⁶ Die oorspronklike planne van die eetkamermeubels word in *Libertas* bewaar.

Die eetkamer, langs die hoofontvangskamer, loop deur groot houtdeure uit op die noordelike stoep. In 1940 het die wit koordfluweelgordyne in die vertrek bygedra tot die formele atmosfeer van die kleinerige eetkamer. In die eetkamer het twee skilderye deur JH Pierneef, een van die Karoo en van die Alkmaarvallei, gehang.⁴⁷ Die skilderye is spesifiek vir die woning direk van die kunstenaar teen £85 elk aangekoop.⁴⁸

-
- 41 Libertaslêer. Privaatsekretaresse vir Mev. B. J. Vorster – Mev. E. Delmont, Departement Kunsgeskiedenis, Randse Afrikaanse Universiteit, 1973-08-13.
- 42 Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.
- 43 R. Simpson, *Libertas*, n. p.
- 44 NASA, Pretoria. EM 4/2 152: Sec. PWD - Secretary for External Affairs, 1937-07-28.
- 45 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 5.
- 46 R. Simpson, *Libertas*, n. p.
- 47 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 9.
- 48 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 6.

Jacob Hendrik Pierneef (1877 -1951) is in Pretoria gebore, maar met die val van Pretoria tydens die Anglo-Boereoorlog, het sy ouers na Holland gegaan.⁴⁹ Hier het hy sy eerste kunsonderrig aan die Rotterdamse Akademie ontvang. Na sy terugkeer na Suid-Afrika studeer hy onder FD Oerder, en hou sy eerste uitstalling in 1913. Pierneef het, anders as Oerder se ander studente, hom nie bloot nagevolg nie, maar die beginsels van gekonsentreerde waarneming gebruik om sy eie oorspronklike styl te skep. Pierneef het geen tekort aan steun gehad nie en is vroeg reeds erken as die voorste vertolker van die Suid-Afrikaanse landskap. Die twee landskappe in *Libertas* is geskilder in wat beskryf word as sy tydperk van konsolidasie en herhaling.⁵⁰ Hy was moontlik die eerste Suid-Afrikaanse kunstenaar om stylvorme soos kubisme en abstraksie in sy kuns toe te pas.⁵¹

d. Sitkamer

Die opvallendste kenmerk van die sitkamer is die agtkantige plafonpaneel met die ingelate ligte. Die muurversiering was baie eenvoudig en soos die eetkamer loop die vertrek op die groot noordelike stoep uit. Die vensters was behang met seegroen tafsy. Aan die oostelike muur is 'n antieke Brusselse tapisserie uit die sestende eeu gehang. Dit het die jag op 'n eenhoring uitgebeeld. Dit is 'n tipiese uitbeelding van Christelike mitologie verweef met romantiese landskappe. In 'n oop grasveld begrens deur bome en waterplante is diere en die eenhoring wat gejag word. In die agtergrond op 'n heuwel is 'n kasteel en in die voorgrond 'n meer liriese prentjie van rustig weiende hase en patryse. Die uitbeelding van die plante toon, net soos die diere, 'n liefde vir detail in ontwerp en uitvoering. Die randpatroon bestaan uit allegoriese uitbeeldings van vroue, vrugte, blare en blomme. Die ontwerp van die tapisserie het getoon dat België die land van oorsprong was. In die hoofstad Brussel, was die vervaardiging van muurbehangsels van dié aard gedurende die Renaissance aan die orde van die dag. Die weefmerk in die onderste rand wat bestaan uit 'n groot Romeinse A en 'n vis kan waarskynlik die voorletters van die wewer wees. Dit is egter onseker of die werk gekom het van die bekende Van Aelst-familie of van een van die meesters wat 'n vis as teken gebruik het. In 1921 het

⁴⁹ Libertaslêer, *Libertas*. . Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

⁵⁰ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

⁵¹ Libertaslêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

professor E Haenel, Direkteur van die Historiese Museum in Dresden, Duitsland bevind dat die tapisserie baie goed bewaar gebly het en dat die kleure goed gebalanseerd was.⁵²

Die meubels het 'n stel egte Chippendale-stoele en 'n stel stoele met los oortreksels ingesluit wat van 'n ou Adam-ontwerp gekopieer is. Twee uitstaande meubelstukke word in die vertrek aangetref.⁵³ Die eerste is die 18-eeuse skryftafel van okkerneuthout met inlegwerk en wat in Holland gemaak is en langs die klavier staan. Die ander een is die knoetsokkerneutfineersels-buro met koperhandvatsels en geheime laaitjies. Dit is in 1751 deur Michael Donk van Amsterdam gemaak.⁵⁴

Teen die westelike muur is 'n skildery deur Gwelo Goodman van die ou Kaaps-Hollandse woning ⁵⁵ *Stellenberg*. Die kunswerk is vir £140 uit die boedel van sir Hugh Levick, Burleigh House, Kenilworth, Kaapstad gekoop.⁵⁶

Goodman (1871-1939) is in Engeland gebore en het in 1886 na Suid-Afrika gekom waar hy kunslesse by John Morland geneem het. In 1895 vertrek hy na Parys.⁵⁷ By die Academie Julian studeer hy onder Bougureau, Constant Bachet en Gabriel Ferrier.⁵⁸ In 1900 keer hy na Suid-Afrika terug, waar hy tonele uit die Anglo-Boereoorlog skets. Hy hou sy eerste tentoonstelling in Kaapstad en vertrek in 1915 weer na Engeland. Na sy terugkeer na Suid-Afrika werk hy in Kaapstad, Johannesburg en Durban. Die Kurator van die Pretoriase Kunsmuseum beskryf in 1969 sy styl as essensieel akademies van aard. Sy werk is gegrond op groot tegniese kennis sonder intellektuele diepte.⁵⁹

52 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 2.

53 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 15.

54 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

55 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 15.

56 NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 3.

57 *Libertaslêer*, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

58 R. Simpson, *Libertas*, n. p.

59 *Libertaslêer*, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

Berman beskryf sy werk as ‘n “voortreflike uitbreiding van die romantiese akademiese tradisie.” Die wisselwerking van lig en skaduwee op die woning word deur Goodman se tipiese intense palet verkry.⁶⁰

e. Môrekamer

Die môrekamer is informeel ingerig met etlike meubelstukke in die Chippendale-styl. Die meubels het ‘n mahonie-reproduksie van ‘n porseleinvertoonkas in die Chinese Chippendale-styl ingesluit. Die porselein in die vertoonkas is beskryf as: “a cheap lot from a dealer for space filling.” Dit het Dresden- en Staffordshire-vase, Chinese borde en Coalport-borde gedateer 1750, ingesluit.⁶¹

‘n Tafeltjie in die Hollandse ontwerp uit die Lodewyk XVI-tydperk met inlegwerk, is ook in die vertrek. ‘n Baie interessante tafeltjie is die plaaslik vervaardigde kaarttafel wat ‘n kopie is van ‘n William-en-Mary-stuk uit die Victoria-en-Albert-museum. Wanneer dit oopgemaak word, beeld dit ‘n ontwerp van speelkaarte en ander voorwerpe uit. Die gordyne was Engelse handgeverfde linne en die mure is behang met agtiende eeuse spieëls en blomstudies deur Terence McCaw (1913-1978).⁶²

Terence McCaw is in 1913 op Pelgrimsrus gebore. Hy het aan die Witwatersrandse Tegnieuse Kollege onder Sydney Carter en Emily Fern en aan die Central School of Art in Londen gestudeer. Van 1940 tot 1943 was hy oorlogskunstenaar in Egipte en Italië. Hy het graag landskappe in die Kaap en Basoetoland (nou Lesotho) geskilder. As lid van die Nuwe Groep het hy ‘n groot bydrae tot die ontwikkeling van ons skilderkuns gelewer - veral in die dertigerjare.⁶³

f. Eerste Minister se studeerkamer

Oorkant die môrekamer was die Premier se studeerkamer. In 1937 skenk die Nederlandse gevolmagtige minister, dr HA Lorentz, ‘n vuurplaat aan Hertzog. Die vuurplaat, met die datum

⁶⁰ R. Simpson, *Libertas*, n. p.

⁶¹ NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 10.

⁶² UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 10.

⁶³ *Libertas*lêer, *Libertas*. Kurator Pretoriase Kunsmuseum - Mev. B.J.Vorster, 1969-12-04.

1663 daarop, was bestem vir die vuurherd in die Premier se studeerkamer. Dit is van gietyster en die Bybelse toneel van die bruilof by Kanaän word daarop uitgebeeld. Dit was eers gebruik in die kasteel van die landgoed Schaffelaer, die familiesetel van mev Lorentz. Moerdyk het die vuurplaat as as hoogs waardevol en interessant beskou. Die vuurplaat sou by die kaggel gebruik word wat baie sou uitsien soos die een in die beroemde ou Kaaps-Hollandse woning Meerlust. Dit sou 'n marmerraam gehad het, met stinkhoutdeure wat die vuurmaakplek afsluit as dit nie gebruik word nie.⁶⁴ As gevolg van kostebesparings is die kaggel egter weggelaat.⁶⁵

Die meubels was in 'n ryk rooi leer oorgetrek en die tafel van stinkhout gemaak. 'n Bronsplaar van president Kruger,⁶⁶ deur AWB Petersen⁶⁷ en 'n Amschwitz-kunswerk het die mure versier.⁶⁸

John Henry Amschwitz (1882-1942) is in Ramsgate, Engeland, gebore en sy talent het tot 'n beurs gelei om aan die Royal Academy te studeer. Hy het etlike opdragte van veral muurskilderinge soos dié van die stadsaal, Liverpool, en die koninklike beurs, Londen, ontvang. In 1916 toer hy deur Suid-Afrika as deel van 'n dramagroep en bly vir ses jaar in Suid-Afrika. Hier word hy raadgewer en kritikus vir kunstenaars. Teen 1922 keer hy na Engeland terug en kom eers teen 1936 weer na Suid-Afrika toe.⁶⁹

Vandag is die neiging om Amschwitz tot 'n vergete fase van die Suid-Afrikaanse kuns te relegier. Hoewel sy kuns geensins 'n plaaslike gees uitgebeeld het nie, het Amschwitz baie tot die ontwikkeling van plaaslike kunstenaarsaktiwiteite bygedra. In 'n tydperk toe amateurs hoogty gevier het, het hy deur sy vaardigheid en professionaliteit uitgemunt.⁷⁰

⁶⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

⁶⁵ NASA, Pretoria. PWD 640, 2/1310: Prime Minister's residence Pretoria, Summary of alterations and omissions, 1938.

⁶⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 8.

⁶⁷ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 10.

⁶⁸ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 10.

⁶⁹ E. Berman, *Art and Artists of South Africa*, pp. 34-36.

⁷⁰ E. Berman, *Art and Artists of South Africa*, pp. 34-36.

g. Ontbytvertrek

Die klein informele ontbytvertrek het 'n interessante deur gehad. Dit was van die staldeurtipe wat 'n groot venster gehad het wat boontoe geskuif het en die onderste gedeelte was 'n deur wat na binne oopgeswaai het.⁷¹

Die meubels in die private ontbytvertrek is soos die eetkamertafels ook deur die Departement van Openbare Werke van die mvulihout uit Uganda vervaardig.⁷²

h. Galery

Die trap gee toegang tot 'n galery op die boonste verdieping. Die matte in die gange was 'n vrolike wit en rooi. Langs die mure is 'n aantal antieke kiste geplaas. Ander meubels het 'n ou Chinese konfoor wat bykans 'n honderd jaar tevore uit Nederland ingevoer is, 'n kis wat minstens 400 jaar oud was en 'n kas uit die Kasteel in die Kaap ingesluit.⁷³

In 1935 het sir Herbert Baker 'n sewentiende eeuse Kaaps-Hollandse Barok-stinkhoutkas⁷⁴ aan die Eerste Minister vir die Premierswoning geskenk. Daarmee saam het hy 'n jagterstoel vir Groote Schuur oorhandig.⁷⁵ Hierdie kas het saam met nog 'n Kaap-Hollandse kas in die galery gestaan.

Op daardie tyd is die mening uitgespreek dat die galery na 'n mors van ruimte gelyk het. Dit is egter met 'n spesifieke doel ontwerp. Die galery moes gebruik word om die inwoners se huldeblyke, geskenke en aandenkings uit te stal. Met verloop van tyd sou die galery dus tot die geskiedkundigheid van die woning bygedra het.⁷⁶

⁷¹ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11, 16.

⁷² NASA, Pretoria. A286: *Libertas*, Pretoria: Besonderhede in verband met meubels, p. 12.

⁷³ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11, 16.

⁷⁴ R.Simpson, *Libertas*, n.p.

⁷⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 152: Sec. PWD - Secretary to the Prime Minister, 1935-06-18.

⁷⁶ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 11.

i. Slaapkamers

Uit die galery is toegang tot die slaapkamers verkry. Die slaapkamers, almal op die boonste verdieping, is gerangskik in selfonderhoudende eenhede, elk in sy eie kleurskema. Die eenhede bestaan uit een dubbelkamer, drie enkelkamers, aantrekkamers en badkamers. Die twee suites het elkeen sy eie ingangsportaal. Die meubels was alles in die Kaaps-Hollandse styl. Die hoofsuite se badkamer is donkerblou geteël. Die aangrensende suite het groen teëls. Daar is op 'n ongewone kleurskakering vir die ander suite besluit. Die badkamer het Persiese rooi teëls met kurkvloere gehad. Dit het 'n warm gerieflike atmosfeer geskep.⁷⁷

j. Dienstevleuel

Baie moeite is gedoen sodat die dienste-afdeling van die woning nie die inwoners deur klanke of reuke steur nie. Dié afdeling is in die westelike vleuel rondom 'n oop vierkant gerangskik. Die binnemure was met wit geglasuurde teëls uitgevoer en die toerusting was van die modernste.⁷⁸

Die kelderkamers was 'n deel van die planne aan die westelike kant (fig. 40). Op planne van 1936-25-01 het Moerdyk in die kelder 'n wynkelder en 'n ketelkamer met afdelings vir die berging van hout en steenkool geplaas.⁷⁹ Dit is die kelderkamers wat later in veilige vertrekke vir die inwoners van die woning verander is. 'n Kluisdeur is in die deur van die wynkelder ingebou asook 'n klein kluisdeur vir uitgang na die stoep buite die woning. Daar is kleiner vertrekke in die vroeëre wynkelder ingebou en plek is vir 'n toekomstige toilet ingeruim. Wanneer die veranderinge aangebring is, is nie duidelik nie, maar die kelder was teen 2000 so ingerig.⁸⁰

Volgens die kontroleur van die huishouding uit die tyd van die De Klerks, F Ferreira, moes die huishoudingpersoneel gereeld seker maak dat daar vars water en mediese voorrade in die


77 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., p. 12.

78 UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 11-12.

79 Argiewe van die Stadsraad van Pretoria, Erasmuskloof-brandweerstasie, Pretoria. Mahlamba Ndlopfu, erf 1, 26, 27 Bryntirion, 0083, Pretoria, Kelderplanne, 5/6.

80 Waarnemings deur skrywer op besoek aan die huis, 2000-06-08.

vertrekke is.⁸¹ Gedurende die restourasiewerk aan die woning in 2000 is veranderinge aan dié gedeelte aangebring, maar daar kon as gevolg van sekuriteitaspekte geen inligting hieroor bekom word nie.



Figuur 40: Die uitleg van die kelder voor die veranderinge in 2000.


Uit: Plan oorgeneem en aangepas van planne van die Departement Argitektuur, UP, rekordnr. 00748.

k Tuine

Die tuine van Libertas is so groot dat dit eerder as ‘n landgoed beskryf kan word. Die tuine is gedeeltelik binne en buite die omheining aangelê. Die gedeelte buite die omheining kon deur ‘n sirkelroete besigtig word. Die sirkelroete het deel van die straatpatroon van die woonbuurt Bryntirion gevorm. Die roete is later vir die publiek gesluit.⁸²

81 Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

82 M. Naudé, Libertashuis en tuine, *Arcadian*, 1992 Oktober, p. 7.



Figuur 41: Die uitleg van die tuine.

Die grasperk vir onthale is links en die preeel is teen die oostelike helling. In die middel is die fonteine en die leliedammetjies.

Uit: Oorgeneem en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke, nr. 22728.

Die woning het asemrowende uitsigte uit al die vertrekke verskaf en nie een uitsig was dieselfde nie. Die Departement was van voorneme om inheemse bome al om die woning te plant. Daar is gesê dat dit maklik was om die tuine uit te lê, wat in die verte met die blou, groen en pers van die horison wegsmelt. Die tuine aan die suide het na die straatkant geval in 'n reeks breë terrasse, met lang smal leliedamme wat dieselfde spilpunt as dié van die woning gehad het. Die informele fonteine in die leliedamme sou, so is beweer, wanneer die bome groot was, 'n mens aan die tuine van die Taj Mahal herinner (fig. 41).⁸³

83

UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 2, 3.

Die boonste een van die vier terrasse het uit 'n sirkelroetepaadjie en parkering bestaan. Die tweede terras is met dammetjies omring met ruim grasperke, en is geskik vir groot buitenshuise onthale. Die laaste twee terrasse het uit grasperke, blombeddings en rotstuine bestaan. Teen die oostelike helling was 'n prieel wat die kontoer van die heuwel gevolg het. Hier is ook 'n aantal terrasse gebou. Die noordelike helling was vir die private gebruik van die bewoners van die woning gereserveer. Van hier af het onderdak- en oop stoepe uitgekyk oor die noordelike terras wat tot by 'n lae keermuurtjie gestrek het. Die Departement van Openbare Werke het beplan om in die toekoms op een van die terrasse 'n swembad te bou.⁸⁴

Die woning was gereed vir die gebruik van die Eerste Minister, maar sou eers in die tyd van DF Malan gebruik word vir die doel waarvoor dit geskep is.


⁸⁴ UP, Pretoria. Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings: Gerard Moerdykversameling. Publicity Department PWD - G. Moerdyk, 1940-12-09., pp. 3, 4.

HOOFSTUK V

SMUTS VERKIES DOORNKLOOF BO NUWE EERSTE-MINISTERSWONING, 1939-1948

A GENL. JC SMUTS EN GESIN

Generaal JBM Hertzog het nooit die nuwe eerste-ministerswoning bewoon nie omdat die voltooiingsdatum daarvan eers tydens die bewindstyd van generaal JC Smuts was (fig. 42).



Figuur 42: Generaal J.C. Smuts.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Jan Christian Smuts (1870-1950) was die Afrikanersoldaat-staatsman wat teen die Britte in die Anglo-Boereoorlog geveg het en later 'n gerespekteerde staatsman van die Britse Ryk geword het. Smuts het saam met sy drie broers en twee susters op Bovenplaats naby Riebeeck-Wes opgegroei. Sy pa, Jacobus Abraham Smuts, het later in sy lewe tot die politiek toegetree as lid

van die Volksraad vir Malmesbury. In 1887 het JC Smuts met lof aan die Victoria-kollege (tans die Universiteit van Stellenbosch) op Stellenbosch gematrikuleer en aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verder gaan studeer. Die tyd wat hy daar deurgebring het, het 'n blywende invloed op hom gelaat. Dit is hier waar hy sy toekomstige vrou Sybilla Margaretha (Isie) Krige (1870-1954) (fig.45) leer ken het; hier het die politieke idees van JH ("Onze Jan") Hofmeyr by hom aanklank gevind en het hy sy belangstelling in die plantkunde ontwikkel. Sy uitstekende eksamenuitslae besorg aan hom 'n beurs om aan die Universiteit van Cambridge te gaan studeer.¹

Hy het van 1891 tot 1894 aan Christ's College, Cambridge, studeer. Hier is hy beskou as een van die briljantste studente ooit. Hy het albei dele van die regs kursus waarvoor hy ingeskryf het in een jaar en met lof afgehandel. Hy is die Suid-Afrikaner wat tot dusver verreweg die meeste onderskeidings aan Cambridge behaal het. Die feit dat hy nie baie geld gehad het nie, het tot die besondere prestasie bygedra, want hy kon deelname aan min buitemuurse aktiwiteite bekostig. Die *fellowship* wat Christ's College hom in die regte aangebied het, het hy van die hand gewys.²

In 1895 het hy hom na sy terugkeer na Suid-Afrika in die Kaap as advokaat gevestig. Hier het hy die politieke idees van Hofmeyr en Rhodes aangehang, maar na die Jameson-inval het hy 'n Afrikanernasionalis en 'n republikein geword. Hy het in 1897 met sy bruid na Transvaal verhuis en 'n jaar later Staatsprokureur van Transvaal geword waar hy hom besonder goed van sy taak gekwyt het. In dié tyd skryf hy ook *Een eeuw van onrecht*.³

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is hy as verteenwoordiger van die regering in die hoofstad gelaat nadat die regering na Middelburg, Transvaal (nou Mpumalanga) verhuis het. Later in die oorlog het hy ook die wapen opgeneem en 'n baie suksesvolle generaal geword en selfs die Kaapkolonie binnegeval. Met die vredesonderhandelings by Vereeniging en in Pretoria was hy die woordvoerder vir die Zuid-Afrikaansche Republiek. Na die oorlog het hy weer by die politiek betrokke geraak.⁴

¹ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 15.

² A. Pretorius, Smuts se reputasie staan nog sterk by Cambridge, *Beeld*, 1999-03-23, p. 13.

³ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 16.

⁴ D.J. Potgieter, (ed.), *Standard encyclopaedia of Southern Africa*, 10, p. 16.

Hy het later as Koloniale Sekretaris in genl Louis Botha se regering gedien en het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog aan die kant van sy ou vyand geveg. In die oorlog verslaan sy troepe die Duitsers in Duitswes-Afrika (nou Namibië). In 1917 word hy lid van die Britse imperiale oorlogskabinet. Na die Eerste Wêreldoorlog het hy gehelp om die Handves van die Volkebond op te stel. Tussen die Eerste Wêreldoorlog en die Tweede Wêreldoorlog het hy as Premier van Suid-Afrika gedien. Smuts, wat tydens die Tweede Wêreldoorlog nou met sir Winston Churchill (1874-1965) saamgewerk het, het na die oorlog gehelp om die Verenigde Nasies tot stand te bring.⁵ Hy was die enigste staatsman wat beide die Vrede van Versailles in 1919 en die vredesluiting in 1946 bygewoon het.⁶

B SMUTS EN LIBERTAS

1. *Die Smutsfamilie verkies Doornkloof*

Die Smutsgesin het Libertas nooit permanent bewoon nie. Doornkloof by Irene, die Smuts plaas, was skaars tien myl (sestien km) buite Pretoria en die familie het verkies om daar te woon. Die woning op Doornkloof het 'n interessante geskiedenis (fig.43). Dit was oorspronklik die offisiere se menasie by Kitchener se hoofkwartier op Middelburg, Transvaal. Smuts het dit na die Anglo-Boereoorlog van die Britte gekoop en na Doornkloof vervoer waar dit as familiewoning opgerig is. Die hout-en-sinkwoning het hom oorspronklik driehonderd pond gekos. Die heroprigting het 'n jaar geduur en het hom nog duisend pond uit die sak gejaag. 'n Aantal kamers is met verloop van tyd bygevoeg en die stoepe toegemaak, maar die woning lyk vandag nog baie soos die oorspronklike gebou. Die vierkantige eenverdiepinggebou met sy nou stoepe⁷ was ver verwyder van die moderne Libertas.

In die biografie oor sir James Sommerville, *Fighting Admiral* (1942), beskryf kaptein Donald Macintyre die Doornkloof-huis as “made out of galvanized iron - like a collection of cowsheds.”⁸ Lady Daphne Moore word aangehaal in Hancock se boek oor Smuts waar sy haar verbasing uitspreek oor die feit dat die Smutse “this tin hovel” bo die elegante Libertas verkies het. Volgens haar was Doornkloof gevul met skreeuende kinders en opgegaarde dinge, die lawaai was

⁵ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, pp. 769-791.

⁶ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 143.

⁷ P.S. Lean, *One man in his time*, p. 41.

⁸ P. Grimbeek, *Recreating the historic house interior*, p. 44.

onophoudelik en luid en dit het voorgekom asof al die inwoners van die woning so daarvan gehou het.⁹



Figuur 43: Die woning op Doornkloof kort na die aankoop daarvan in 1909.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Vir Smuts was Doornkloof sy ontsnapping aan die politieke lewe. Hy sou vroeg in die oggend opstaan en in gemaklike ou klere in die veld gaan stap. Plantkunde en die studie van grasse was sy gunstelingtydverdryf en het hy met wêreldberoemde kenners op dié gebiede gekorrespondeer.¹⁰ Hy sou dikwels op die uitstappies aan metgeselle seldsame voorbeelde van plaaslike flora uitwys met die opdrag om dit nie te pluk nie. Sy graspers sou op die wandelinge altyd saam met hom geneem word.

Ten spyte van sy liefde vir die plantkunde het Smuts nie van aangeplante tuine gehou nie. Mevrouw Smuts het aanvanklik 'n pragtuin op Doornkloof gehad, wat sy prysgegee het sodat Smuts die veld en bome kon geniet.¹¹ Smuts en sy vrou het baie bome rondom die woning aangeplant. Daar was ook baie diere op die plaas soos volstruise, wildeganse, koedoes, elande en rooibokke. Die kinders het gereeld wilde diere as troeteldiere aangehou. In 'n stadium was daar selfs twee leeuwepies en 'n luiperd op Doornkloof.¹² Baie van die foto's van Doornkloof toon

⁹ W.K. Hancock, *Smuts II*, p. 390.

¹⁰ P.S. Lean, *One man in his time*, p. 42.

¹¹ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 247.

¹² T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 56.

die generaal in die tuin saam met sy kleinkinders. Dit was vir hulle 'n groot plesier om saam met hulle oupa in so 'n wilde tuin te kuier.¹³ Smuts het gereeld op lang staptogte deur die veld gegaan, selfs tot so ver as die Rietvleldam, etlike kilometer van Irene. Dit was die stilte, die vrede van die platteland en die eensaamheid van die veld wat tot hom gespreek het.¹⁴

Die luukse van Groote Schuur, sy ander amptelike woning, het Smuts nie geraak nie. Wat hom na sy Kaapse verblyf gelok het was die feit dat hy kon bly in die skadu van Tafelberg, waarvoor hy so lief was. Hy het soos Rhodes 'n slaapkamer gekies wat 'n uitsig op die berg gehad het, maar dit was weer een van die kleiner, eenvoudige slaapkamers wat hy verkies het. Sondag het hy en soms vriende en familie op die berg gaan stap en eers laat na Groote Schuur terugkeer. Hy het Tafelberg 'n bron van geluk, ontspanning en bepeinsing gevind.¹⁵

In 1911 skryf Smuts aan sy vriend Arthur Gillett dat hy hom alleen vir die Parlementsitting in Kaapstad bevind. Sy vrou wou nie sy kinders wat skool moes bywoon, alleen laat nie. Volgens hom was die 'penal servitude' soos hy dit genoem het, nie eers verlig deur God se seëning aan hom - sy vrou - nie. Hy het verlang na die tyd wanneer hy sy lewe ontspanne en in vrede kon deurbring.¹⁶ Wanneer dit vir Smuts gevoel het dat hy moes wegkom van die 'hell into which he had wandered', het hy vrede in die veld, sy biblioteek en by sy vrou gevind. Sy was kalm met vrede in haar siel.¹⁷ In 1919, na die ondertekening van die Verdrag van Versailles beskryf hy sy tuiskoms op Doornkloof so :

“Isie and the children were great, and Doornkloof was a dream. And the air and the nights and the days! I have simply plunged into it with all my heart, and it is soaking into me like a blissful opiate and making me forget the great world of sorrow and suffering I have left behind me.”¹⁸

13 P.S. Lean, *One man in his time*, p. 42.

14 F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 248.

15 NASA, Pretoria. A1: Smutsverameling, persknipsels: *Cape Times*, 1939-11-04.

16 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 64.

17 T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 82.

18 T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 81.

Op Doornkloof het hy elke dag geniet. Hy het die minimum aandag aan politieke sake gegee en net gelees en gepeins. Hy het dit alles so vreedsaam en bevredigend gevind. Sy siel het letterlik begin verdor in die barre wêreld van die politiek. In 1926 het Smuts die siek Emily Hobhouse genooi om op Doornkloof te kom herstel. Hy het 'n idilliese prentjie geskilder van hoe sy onder die wilgerbome op Doornkloof sou sit met 'n uitsig oor die koppies en die vet koeie wat in die son wei. Sy het egter nooit die uitnodiging aanvaar nie en is kort daarna oorlede.¹⁹

Volgens Smuts was die openbare lewe een van konstante opofferings van 'n normale gesinslewe. In 1919 het hy gevoel dat sy vrou maer en uitgeput gelyk het. Die feit dat hy in 1919 Premier geword het, het ook tot die spanningsvolle situasie bygedra.²⁰

Die deftige Libertas met sy antieke meubels en marmervloere was nie vir mev Smuts aanloklik nie. Daphne, Jannie Smuts se eggenote, wat op oorsese besoeke as mev Smuts se sekretaresse diens gedoen het, het vertel hoe ongemaklik Ouma Smuts was as sy by deftige mense moes tuisgaan. Sy het niks van seremonie en status gehou nie en was altyd ontstig as 'n bediende vir haar wou uitpak of badwater wou intap.²¹

Volgens van die Smutskinders het waarskynlik niks wat by Doornkloof ingegaan het in die tyd wat hulle die woning bewoon het, ooit weer daar uitgekom nie. Dieselfde wankelrige tafel waarby die kinders tydens die eerste jare op Doornkloof gesit het, is nog steeds deur die kleinkinders gebruik. Van die meubels in die woning is twintig jaar tevore van familie gekoop. Mevrouw Smuts het gevoel dat dit nie goed in daardie familie se woning vertoon het nie, maar dat dit heeltemal goed genoeg vir hulle was.²²

Macintyre het die leefvertrek beskryf as 'n mengsel van vervalde vroeg-Victoriaanse meubels en foto's van koninklikes wat skeef teen die mure gehang het. Op die tafel was 'n versierde ere-adres uit Londen, diep versteek onder 'n verouderde, voorgelese *London News*. Volgens hom: "It looked like a real home and they all go to bed at 9:30... I wouldn't have missed it for the

¹⁹ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, pp. 101, 107.

²⁰ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 83.

²¹ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 95.

²² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1940-05-24.

world”.²³ ‘n Kenmerk van Doornkloof wat almal opgeval het, was dat daar orals boeke was. Die studeerkamer het ongeveer 6 000 boeke bevat, die leefkamer ongeveer 75 en byna elke vertrek het boekrakke met boeke op gehad. “Everywhere there were books - large numbers of them strewn about in every room and passage of the house.” Smuts se studeerkamer met die duisende boeke was sy toevlug. Hancock noem dit die “symbol of his solitude.” Smuts het gesê dat hy in sy studeerkamer net die stilte van Doornkloof hoor. Net die dood kon meer vrede as Doornkloof verskaf. Van boeke het hy gesê dat hy die digters, dromers en filosowe kon ontmoet en die geluk kon ervaar wat boeke kan verskaf.²⁴

Soms het die Smutsgesin aangesit aan ‘n tafel wat nie ‘n tafeldoek oor gehad het nie, sommer uit die oopgemaakte blikkies opgeskep en sout uit ‘n eierkelkie gestrooi. Smuts het dit nie eens opgemerk nie, totdat familielede hom gevra het om Isie daarvoor aan te spreek. Sy antwoord was dat hulle haar moes uitlos - sy was ‘n kind van die natuur.²⁵

Etenstye in Doornkloof was baie rigiede geleenthede. Sodra Smuts aansit vir ontbyt, moes al die ander lede van die familie of vriende ook dadelik vir ontbyt aansit. Slegs siek persone of babas is van ontbyt verskoon. Gaste het nooit ontbyt in die bed ontvang nie.²⁶

Terwyl Smuts die wêreld vol gereis het, was mev Smuts die matriarg wat sake op Doornkloof bestuur het. Sy was die een wat die kinders grootgemaak het en ‘n ontspanne en liefdevolle omgewing vir haar man geskep het. Isie Smuts se natuurlike, ongekunstelde optrede saam met haar akademiese opleiding en haar intelligensie het baie mense bekoor. Toe koning George VI en sy familie Doornkloof in 1947 vir tee besoek het, het sy met die koning en koningin gepraat asof sy hulle al vir altyd geken het. Koningin Mary, aan wie Isie Smuts simpatie betuig het met die sterwe van haar seun George VI, skryf aan mev Smuts as “My Dear Ouma Smuts.”²⁷

²³ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 44.

²⁴ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, pp. 72, 90, 92, 109.


²⁵ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 249.

²⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Pretoria News*, 1946-04-27.

²⁷ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 58.

Sy het Doornkloof verkies, want na byna veertig jaar van leef in die woning, was dit gevul met herinneringe. Die prente teen die mure en familiefoto's was deel van haar. Sy kon byna dadelik alles vind wat sy gesoek het, so georganiseerd was Ouma Smuts. Vir Isie Smuts was Doornkloof 'n tuiste, maar Libertas 'n paleis wat haar aan Libertas Parva herinner het. Tog was baie van Libertas eg Suid-Afrikaans en dit het haar bekoor. Sy was tuis tussen die seldsame boeke en die blomme van die veld wat op die deure te sien is.²⁸

Groote Schuur het aan haar slegs estetiese plesier verskaf en Libertas het sonder enige twyfel nie die plek in haar hart ingeneem wat Doornkloof gehad het nie.²⁹



Figuur 44: Spotprent oor die feit dat Smuts eerder op Doornkloof as in Libertas gewoon het.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M. Smuts.

²⁸ T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

²⁹ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1941-05-24.

Wanneer sy en die Premier verplig was om in Libertas te oornag, het sy nie die hoofsuite gekies nie, maar een van die eenvoudige enkelkamers, waarskynlik vir 'n bediende bedoel.³⁰ Smuts self het ook altyd een van die eenvoudiger slaapkamers verkies. Op Doornkloof het hy op die stoep op 'n harde ongemaklike enkelbed geslaap. Sy bedtafeltjie was 'n kombuisstoel met net genoeg plek vir 'n lamp, 'n koppie koffie en 'n boek.³¹ Net na dagbreek sou die voëls baie na aan sy bed, wat agter 'n net versteek was, na saadjies kom soek.³²

Sy slaapkamer in die woning was "little better than a broad passage." Teen die mure was familiefoto's en kindertekeninge. Daar was sy skeergoed, 'n waterbeker en op die vloer naby sy bed die eenvoudige leersandale wat Mahatma Ghandi vir hom gemaak het. Hy het die sandale gereeld gedra, al het hy soms gevoel dat hy dié skoene nie waardig was nie.³³

Die onopgesmukte woning van Jan Smuts dien as 'n herinnering dat jy nie is wat jy besit nie, maar dat jy is wat jy dink.³⁴

2. *Naamgewing van Libertas*

Tot en met die voltooiing, is slegs na die woning verwys as die nuwe woning van die Eerste Minister in Pretoria. Mevrouw Smuts het besluit om die woning te vernoem na haar geboortehuis in Stellenbosch, Klein Libertas. Dat Suid-Afrika in daardie stadium in 'n oorlog betrokke was, het dit nog pasliker gemaak, omdat geglo is dat om vryheid geveg word.³⁵

Tot 1941 is na die verblyfplek as die woning van die Eerste Minister in Pretoria verwys en daarna het die naam Libertas in amptelike korrespondensie verskyn.³⁶

Die plaas Libertas of 'Oude Libertas' was een van die eerste plase in die omgewing van Stellenbosch (fig.46). Op 23 November 1689 was die plaas reeds op die naam van Jan Coernelisz

³⁰ T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

³¹ F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 246.

³² T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 101.

³³ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 79.

³⁴ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 127.

³⁵ J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, pp. 387-388.

³⁶ NASA, Pretoria. 641, 2/1310 : Sect.PWD - Chief Quantity Surveyor, 1941-12-15.

“Bombar” van Oude Beyerland. Soos die ander ou plase in die Stellenbosch-omgewing het Libertas aan die waterryke gebiede langs die Eersterivier en sy sytakke gelê.³⁷

Libertas was later die eiendom van Adam Tas (1668-1722), ‘n Hollandse Vryburger wat in 1697 in die land aangekom het. Tas, ‘n opgevoede man, het ‘n dagboek gehou wat waarskynlik die eerste literêre poging in die land was. Uit die dagboek leer mens hom ken as ‘n sosiale persoon wat die taal doeltreffend kon aanwend, veral om sy vyande te laat deurloop. Dit het gelei tot die skrywe teen WA van der Stel waarmee hy hom ‘n jaar gevangenskap op die hals gehaal het.³⁸



Figuur 45: Mevrouw Isie Smuts.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

³⁷ F. Smuts, *Stellenbosch drie eeue*, p. 68.

³⁸ C. de Bonsari, *Cape Dutch Houses and Farms*, p. 74.

Die verhaal bestaan dat hy die plaas die naam Libertas gegee het omdat dit dan “Tas is vry” sou beteken het. Maar die naam is lank voor Tas al aan die plaas gegee. “Liber” beteken “vryheid” in Latyn. Tas het die geleentheid aangegryp om die woordspeling te gebruik.³⁹ Klein Libertas, ook bekend as Libertas Parva, het bestaan uit ‘n gedeelte van Adam Tas se Libertas, wat in 1771 gekoop is en twee morge van Oude Molen wat in 1783 gekoop is. In 1869 het JD Krige, mev Smuts se vader, dit van Paul Ryk Roux gekoop. Dit het die Krige-woning geword.⁴⁰

Smuts het tydens sy studiejare op Stellenbosch naby Libertas Parva geloseer en elke oggend saam met Isie na hulle klasse gestap. Smuts en Isie is na ‘n verhouding van tien jaar in 1897 in die voorkamer van Libertas Parva in die eg verbind.⁴¹ Dus moes die naam Libertas baie herinneringe vir die Smuts-egpaar ingehou het.



Figuur 46: Mevrouw Smuts se ouerhuis in die tyd dat Libertas in Pretoria gebou is.

Foto: Smutshuismuseum, Irene.

Volgens Tom Macdonald, skrywer van ‘n biografie oor mev Smuts, was dit ‘n delikate saak om name aan staatseiendom van die Unie van Suid-Afrika te gee. Sowel die Afrikaans- as die Engelsprekende gemeenskap se oortuigings moes altyd oorweeg word, maar hy is van mening dat die naam Libertas almal gepas het, selfs die Nasionaliste!⁴²

³⁹ F. Smuts, *Stellenbosch drie eeue*, p. 353.

⁴⁰ H. Fransen & M.A. Cook, *The Old Houses of the Cape*, p. 51.

⁴¹ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, pp. 14, 26.

⁴² T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 84.

3. *Inrigting*

Kathleen Mincher beskryf hoe Libertas in die Smuts-tydperk daar uitgesien het. Die woning was so modern soos wat Groote Schuur oud was. Al die slaapkamers en die badkamers was versier in pastelkleure met muurpapier en volvloermatte. Die slaapkamers het lieflike uitsigte gehad. Na die noorde was byna geen teken van huise te bespeur nie. Die ampswoning was smaakvol gemeubileer en ideaal vir onthale ontwerp. Volgens haar het die Smutsgesin slegs een of twee keer in Libertas oornag en betreklik klein slaapkamers verkies. Sy het self daarna gesmag om in een van die pastelkleurige kamers te oornag met sy eie badkamer en meer kaste as waarvan sy ooit kon droom.⁴³

Die tuine het sy beskryf as elegante terrasse met visdammetjies met waterlelies en goudvissies en waarin fonteintjies geborrel het. Daar was klip-inhamme waarin tropiese varings koel en verleidelik gegroei het. 'n Kronkelende teerpaadjie begrens met bome het tot voor die woning gelei.⁴⁴

Smuts was tog in 'n noue mate by die woning betrokke. Die bestuur en beheer van die woning het direk onder die Departement van Buitelandse Sake geval, waarvan Smuts die politieke hoof was.⁴⁵ In 1946 is gevra dat die uitstalkabinet verlig word sodat die generaal se waardevolle persoonlike silwerversameling daarin uitgestal kon word.⁴⁶

Na 'n besoek aan J Stalin (1879-1953) het Smuts en Churchill in Kaïro oorgebly. Churchill het tyd gevind om 'n aantal skilderye van die piramides te maak. Hy het twee van hulle aan Smuts geskenk waarvan een in Libertas gehang is.⁴⁷

⁴³ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁴⁴ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁴⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec. PM, 1945-12-11.

⁴⁶ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec. PWD - Sec. External Affairs, 1946-01-18.

⁴⁷ J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, p. 448.

In 1941 het die Rhodes-trustees twee sewentiende-eeuse Vlaamse tapisserieë wat Amerika en Europa voorstel, gekoop. Hulle het dit uit erkenning vir die werk wat hy vir die Britse Gemenesbes gedoen het aan Smuts geskenk.⁴⁸ Hy het die twee in Libertas laat ophang.

Op die Departement van Openbare Werke se voorstel dat 'n seildakkie oor die voorste skuifdeure opgerig word om die gietende somerrëen uit te hou, het die Kantoor van die Premier gereageer deur daarop te wys dat Smuts erg gekant was teen 'n dakkie wat die aansig van die woning sou skaad. Die dakkie moes van die wegskuif tipe wees sodat dit uitgeplaas kan word vir die ontvangs van gaste tydens rëen, maar weer verwyder kon word. Dit mag nie van 'n permanente aard gewees het nie.⁴⁹ Die probleem is later met die inryportaal opgelos.

Natuurlik was dit soms moeilik om met die Premier kontak te maak, aangesien hy hom gereeld in die buiteland bevind het.⁵⁰ Tydens die beplanning van 'n waghuis vir Libertas in 1946, kon die Departement van Openbare Werke selfs nie met die Eerste Minister se sekretaris kontak maak nie, aangesien hy hom ook in Londen bevind het.⁵¹ Uiteindelik het dié Departement daarin geslaag om die planne vir die waghuis goedgekeur te kry, deur dit via die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen aan Smuts te stuur.⁵²

Nie alle versoeke van die Departement van Openbare Werke is so maklik deur Smuts goedgekeur nie. Gedurende 1945 is 'n versoek van dié Departement vir 'n spiëel, geraam om by die eetkamermeubels te pas, en twee olieverfskilderye deur die Eerste Minister afgekeur. Die versoeke moes oorstaan tot 'n latere datum wanneer meer fondse beskikbaar was.⁵³

Die huishoudingbestuurder van Libertas, AH Marsh, het in 1946 voorgestel dat 'n naamplaat op die hekke geplaas word, nadat hy gemerk het hoe genooide gaste verby die hekke ry.⁵⁴ Op dié

48 NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Birmingham Post*, 1941-10-24.

49 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec. External Affairs - Sec. PWD, 1945-09-01.

50 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec External Affairs, 1946-04-09.

51 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Sec External Affairs, 1946-04-09.

52 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PWD - Mnr.Spies, 1946-05-01.

53 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PWD - Sec.PM, 1945-07-21.

54 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Prime Minister and Minister of External Affairs, 1946-2-16.

versoek was die antwoord dat Marsh taktvol ingelig moes word dat die Premier nie ten gunste van die voorstel was nie.⁵⁵

Uit die staanspoor het Libertas nie 'n volledige stel silwerware gehad nie. Die tafelware was Amerikaanse sterlingsilwer in die "King's pattern" geskik vir 32 persone. Dié silwerware wat vir tweehonderd pond gewaardeer is, is van die stoomskip *Visut Kasatri Nawa* gekonfiskeer. Dit is gedoen volgens die ooreenkoms wat bestaan het tussen lidlande die Gemenebes met betrekking tot skepe en hulle vragte. Die silwerware is in 1941 deur die hof tot wettige oorlogsbuit verklaar en deur Libertas gebruik.⁵⁶

Vroeg in 1944 versoek die hoof van die huishouding dat aandag aan die gebrek van silwerware in Libertas gegee word. Die tekort aan silwerware het veroorsaak dat hulle soms silwerware vir gebruik in Libertas moes leen.⁵⁷ In 1944 gelas die Departement van Openbare Werke dat die silwerware van Libertas en Goewermentshuis vir spesiale geleenthede saamgevoeg word. Die Departement het aangevoer dat onthale in die oorlogsomstandighede in elk geval tot die minimum beperk word en min of geen ongerief sou dus verduur hoef te word as gevolg van dié reëling nie. Geen ander plan kon gemaak word nie, aangesien 'n tekort aan silwerware tydens die oorlog bestaan het. Ware wat wel af en toe beskikbaar was, was onbekostigbaar duur.⁵⁸

Die Libertas-huishouding het gevoel dat die leen van silwerware 'n ongerieflike reëling was wat maklik tot verleentheid kon lei. Soms was dit selfs nodig om silwerware van die huishoudingpersoneel of by ander amptelike woninge te leen. Dit het groot verleentheid veroorsaak as die gaste dan die silwerware herken as behorende aan ander persone. Volgens die huishoudingbestuurder was dit nie gepas dat die silwerware nie aan die eise van waardigheid en die smaak verbonde aan die status van die Eerste Minister voldoen het nie. Hulle het nogtans die opdrag aanvaar om silwerware oor en weer te leen.⁵⁹

⁵⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.PM - PWD, 1946-04-27.

⁵⁶ NASA, Pretoria. A286: Libertas, Pretoria, Besonderhede in verband met meubels, p. 14.

⁵⁷ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PM - Sec.PWD, 1944-06-21.

⁵⁸ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PWD -Sec.PM, 1944-06-30.

⁵⁹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec.PM - Sec.PWD, 1944-07-08.

Daar is ook van die silwerware van Groote Schuur gebruik gemaak as die Volksraad nie in sitting was nie. Die silwerware wat deel van Rhodes se boedel gevorm het, is aan die einde van die Parlementsitting deur die hoof van die huishouding per passasierstrein van Kaapstad na Libertas gebring. Met die begin van die volgende Parlementsitting is die silwerware per trein na Groote Schuur teruggeneem.⁶⁰ Self al was die silwerware van Groote Schuur gebruik, was daar steeds 'n tekort aan silwer en dan is Goewermentshuis se silwer ook gebruik.⁶¹ Soms is onthale gedurende 'n Parlementsitting by Libertas aangebied en moes silwerware van die Suid-Afrikaanse Spoorweë geleen word.⁶²

Teen 1947 het dié stand van sake Libertas se huishouding die harnas in gejaag. In Januarie 1947 lê die hoof van die huishouding 'n lys van silwerware geleen vir 'n klein middagete aan die Departement van Buitelandse Sake voor. Hy voeg by: "This is the sort of business that has been going on since Libertas has been built."⁶³

In Februarie 1948 gelas die Eerste Minister sy privaatsekretaris om 'n amptelike middagete by Libertas te reël. Tot sy groot ontsteltenis ontdek die privaatsekretaris dat daar onvoldoende silwerware by Libertas is, aangesien die silwerware reeds na Groote Schuur gestuur is. Die gaste was ook reeds na die middagete genooi! Die privaatsekretaris het gevolglik aanbeveel dat daar dadelik werk van die saak gemaak word, aangesien Marsh die saak reeds lankal onder die Departement van Buitelandse Sake se aandag gebring het.⁶⁴

Behalwe dat die heen en weer vervoer van die silwerware prakties moeilik was, het die Eerste Minister gevoel dat die silwerware uit Groote Schuur nie by die atmosfeer van Libertas gepas het nie. Die Eerste Minister het besluit dat daar dadelik aandag aan die silwerware gegee moes word. Daar is aan hom uitgewys dat die koste van nuwe silwerware tot soveel as twee duisend pond kon wees. Sy antwoord daarop was dat as dit gedoen moes word, dit goed gedoen moes word.⁶⁵

⁶⁰ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sekr.DOW - Ondersekr., 1948-02-10.

⁶¹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sec.External Affairs - Secretary to the Treasury, 1948-04-06.

⁶² NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: PM Libertas - Catering Departement SAR, 1947-12-30.

⁶³ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H Marsh - Sect.External Affairs, 1947-01-21.

⁶⁴ NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.PM - The Accountant, 1948-02-10.

⁶⁵ NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. - Sekr.EM, 1948-02-10.

Daar is besluit om die nodige bestellings deur die Hoë Kommissaris in Londen te plaas en dat die silwerware in gebruik by Libertas aan ander ampswonings beskikbaar gestel sou word.⁶⁶

Al die silwerware moes van 'n goeie gehalte en met die Suid-Afrikaanse staatswapen daarop gegraveer wees. Die lys van silwerware wat vir Libertas benodig was, het interessanthe soos vier vrugtebakke, twaalf spyskaarthouers en een sigaarhouer ingesluit.⁶⁷ Deur die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen is 'n tender van die firma Walker & Hall Ltd aangevra,⁶⁸ maar daar is besluit om ook 'n plaaslike vervaardiger om 'n kwotasie te nader.⁶⁹ Die Departement van Buitelandse Sake het die Suid-Afrikaanse Munt genader maar dié was van mening dat hy nie die silwerware sou kon vervaardig nie, aangesien sy personeel nie daarvoor opgelei was nie. Die Munt het onderneem om 'n plaaslike vervaardiger te vind. Die South African Cutlery Manufacturers, Johannesburg, is deur die Munt aangewys as die geskikste om die taak te onderneem.⁷⁰

Waar die silwerware uiteindelik bekom is, is nie duidelik nie, maar in 1948 het mev DF Malan artikels gekies wat deur Walker & Hall verskaf moes word⁷¹ en in 1951 is nog silwerware op sir Abe Bailey se boedelvendusie vir gebruik in Libertas gekoop.⁷²

In 1952 is Libertas se silwerware afgelewer en is die huiskelner versoek om seker te maak dat alle items wat aan Groote Schuur behoort, dadelik terugbesorg word.⁷³ Dat Libertas wel silwerware gekry het, is duidelik uit die feit dat die Goewernewoning in 1953 silwerware by Libertas geleen het!⁷⁴

66 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.External Affairs - Sec.Treasury, 1948-04-08.

67 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. EM - Die Voorsitter, Unie-Tenderraad en Leweransierskantoor, 1948-04-09.

68 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec. External Affairs H. Olivier - Secretary High Commissioner, 1948-06-07.

69 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec. PWD - Metal Art Creations, Pty. Ltd. , 1948-05-15.

70 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sec.External Affairs D.D. Forsyth - Sec.Treasury, 1948-12-03.

71 NASA, Pretoria. PM EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake J.D. Pohl - Sekretaris van die Tesourie, 1948-09-02.

72 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - A.J. Neethling. 1951-02-22.

73 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Visser - Scholtz. 1952-06-12.

74 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr.EM - G.Oosthuizen, 1953-06-12.

4. *Libertas word gebruik*

Die voltooiing van die nuwe eerste-ministerswoning is op 21 November 1940 met 'n inwy-tee gevier (fig.47).⁷⁵

In November 1940, kort na die voltooiing van Libertas het Smuts tydens 'n toespraak aangekondig dat mev Smuts besluit het om Libertas as 'n soort hoofkwartier van die "Gifts and Comforts Organization" te gebruik. Hy het voorspel dat Libertas dan binnekort soos sy eie woning daar sou uitsien: gevul met die produkte van mev Smuts se harde werk. Hy kon hom geen beter gebruik van Libertas indink nie.⁷⁶

Dié organisasie waarvan sy die nasionale Presidente was, het die lewe vir die Suid-Afrikaanse soldate wat in die Noorde geveg het, probeer veraangenaam. Sy het alle vroue aangespoor om vir die soldate tuisgemaakte artikels te stuur. Sy self was byna nooit sonder haar kaki-breiwerk nie. Sy het dit selfs een keer by die Parlement ingesmokkel met die gedagte dat dit agter die lysesie van die ministeriële galery versteek sou wees, maar sy is daarmee betrap en is byna uit die Parlement verwyder, breiwerk en al.⁷⁷ Die "Gifts and Comforts Organization" het mev Smuts se woorde "Al wat ons, vrouens, kan doen, is om by ons mans te staan en hulle aan te help," beliggaam.⁷⁸

⁷⁵ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

⁷⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels : *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

⁷⁷ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 94.

⁷⁸ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels, s.a.



Figuur 47: Mevrou Smuts by die viering van Libertas se voltooiing, 1940-11-21.

Uit: NASA, Pretoria A1 Smutsversameling: *Rand Daily Mail*, 1940-11-22.

Sy het werksgrøpe by Libertas en Groote Schuur gereël. Na dié oggendgeleenthedē het sy almal genooi wat ‘n inset kon lewer, diē vrouens van ambassadeurs, bekende burgers, diē vrouens van Parlementslede en haar baie vriende. ‘n Heerlike, besige oggend is dan deurgebring. Soms het Ouma Smuts gereël dat ‘n iemand hulle vermaak en so het Elsie Hall dikwels vir hulle klavier gespeel.⁷⁹

As gevolg van haar bydrae het sy onder diē soldate bekend geraak as diē “geliefde Ouma Smuts” (fig.48). Na diē oorlog is sy ‘n eerbewys deur diē Britse koning vir haar bydrae aangebied, maar sy het dit van diē hand gewys omdat sy gevoel het dat daar mense was wat dit meer as sy verdien het.⁸⁰

⁷⁹ K. Mincher, *I lived in his shadow*, pp. 94-95.

⁸⁰ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p.141.

RAND DAILY MAIL, THURSDAY, AUGUST 22, 1940.

"OUMA"!

By Bob Connolly



"The Oubaas and I regard you soldiers as our children."— Mrs. Smuts.

Figuur 48: Spotprent oor mev Smuts se "Gifts and Comforts Organization".

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M. Smuts.

In 1939 - net voor Kersfees - het een van die senior personeellede in die Premier se departement aan Smuts vertel dat Hertzog altyd net voor Kersfees saam met die personeel vir 'n bier uitgegaan het. Hy het gewonder of Smuts hom die keer by hulle wou aansluit. Smuts het dit met graagte gedoen en 'n toespraakie afgesteek waarin hy gesê het dat hy besef dat nie al sy personeellede sy politiek deel nie, maar hy verwag net lojaliteit en harde werk van hulle, afgesien van hulle politiek. Kersfees 1940 het Smuts weer dieselfde uitnodiging ontvang, maar dit dié keer van die hand gewys. Op die vraag of die personeel hom dan die vorige jaar geaffronteer het, het hy geantwoord dat hulle die vorige keer die geleentheid gereël het en dat dit daarna sy beurt was. Hy het almal, insluitende die boodskappers, na 'n genotvolle geleentheid in die splinternuwe Libertas uitgenooi.⁸¹

⁸¹

F.S. Crafford, *Jan Smuts - a biography*, p. 299.



Figuur 49: Genl. Smuts tydens die oorhandiging van die publikasie *Veldtog vir Vryheid* in Libertas.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev. I.M. Smuts.

In 1941 is die publikasie *Veldtog vir Vryheid* wat die Abessiniese veldtog beskryf, deur Uys Krige en Conrad Norton uitgegee. 'n Kopie van die boek is tydens 'n geleentheid by Libertas aan Smuts oorhandig (fig.49). Gaste by die onthaal was onder andere luitenant-generaal sir Pierre van Ryneveld, Hoof van die Generale Staf en adv HG Lawrence, Minister van Binnelandse Sake.⁸²

Tydens 'n banket in 1941 in Libertas is die toenmalige Belgiese Kongo (nou die Demokratiese Republiek van die Kongo) se Goewerneur-generaal, Pierre Ryckmans, en sy vrou in Suid-Afrika verwelkom. Tydens die banket het Ryckmans gesê dat België dapper voortveg en dat hulle na die oorlog na goeie betrekkinge met Suid-Afrika uitsien.⁸³

⁸² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels, s.a.

⁸³ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Suiderstem*, 1941-10-07.



Figuur 50: Louis Smuts en haar bruidegom, Denis McIldowie, op hulle troudag, 1943-10-23.

Uit: NASA, Pretoria A1:
Smutsversameling - koerantknipsels soos
saamgestel deur mev I.M. Smuts.

Libertas is ook gebruik vir die huweliksonthaal van die jongste Smutsdogter, dokter Louis (fig.50).⁸⁴ Generaal Smuts kon die huweliksbevestiging op 23 Oktober 1943 nie bywoon nie, want hy was in die buiteland. Hy het egter aan haar 'n telegram van gelukwense gestuur. Sy seun, kaptein Japie Smuts, het die bruid weggegee. Die hele bruidsgevolg was in uniform geklee. Die bruid was in die uniform van 'n kaptein in die mediese korps en die bruidegom, luitenant Denis McIldowie het die Transvaal Scottish se uniform aangehad. Die gaste in die kerk het vir mev Smuts hande geklap toe sy die kerk na die bevestiging verlaat het. Mevrouw Smuts het aan die hoof gestaan van die onthaal wat later by Libertas aangebied is. Die gaste het bekende persone van die tyd soos generaal J Pienaar, WB Madeley, Minister van Arbeid, die

⁸⁴

T. Macdonald, *Ouma Smuts*, p. 85.

waarnemende eerste minister, JH Hofmeyr, en kol. CF Stallard, Minister van Mynwese, ingesluit.⁸⁵

Kathleen Mincher, aangenome dogter van Smuts, se huweliksonthaal is ook op die terrein van Libertas gehou. Volgens Mincher was die woning en tuine die perfekte plek vir die hou van elegante onthale. Ouma Smuts het nie die onthaal bygewoon nie, omdat sy nie gesond was nie en het direk na die bevestiging na Doornkloof teruggekeer. Die bruid was in uniform geklee omdat Smuts gevoel het dat dit nie gepas sou wees dat een van sy gesin in 'n tyd van oorlog nie in uniform was nie. Dus was die hele bruidsgroep in uniform geklee, van die veldmaarskalk tot die bruidegom, 'n korporaal. Een van die gaste, 'n vise-lugmaarskalk, het opgemerk dat dit die eerste keer was dat hy in 'n ry moes staan om 'n korporaal geluk te wens.⁸⁶

5. *Inwoners van Libertas tydens die Smuts-regering*

Smuts het Libertas slegs by uitsondering vir persoonlike doeleindes gebruik en dit vir die res van die tyd aan die gaste van die regering of ander openbare figure afgestaan.⁸⁷ In Januarie 1941 was die Goewerneur-generaal van Mosambiek, generaal Jose Tristao de Bellencourt,⁸⁸ een van die eerste gaste van die regering wat in Libertas gewoon het.⁸⁹ In 1946 het lugmaarskalk sir Charles Nedhurst in Libertas tuisgegaan⁹⁰ en in 1948 het die graaf en gravin van Athlone Libertas gebruik.⁹¹ Ander gaste was die Portugese Minister van Kolonies, dr Marcelo Caetano⁹² en lugmaarskalk sir Arthur Tedder (1890-1967) (fig.51) en sy vrou.⁹³ Lugmaarskalk Tedder het gedurende die oorlog baie met Smuts te doen gehad⁹⁴ toe Tedder as die tweede in bevel van operasie Overlord in Europa diens gedoen het⁹⁵ en hy en sy eggenote het na die oorlog die land

⁸⁵ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Star*, 1943-10-23; *Rand Daily Mail*, 1943-10-25.

⁸⁶ K. Mincher, *I lived in his shadow*, pp. 93, 140.

⁸⁷ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Sekr. van Buitelandse Sake - Sekretaris van die Tesourie, 1953-04-23.

⁸⁸ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Rand Daily Mail*, 1941-10-28.

⁸⁹ NASA, Pretoria. PWD 2/1310: Sec.PWD - J.S.Cleland, 1940 - 12 - 12.

⁹⁰ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Prime Minister and Minister of External Affairs, 1946-11-01.

⁹¹ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: PWD - Onder Sekretaris, 1948-02-10.

⁹² NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Star*, 1945-07-24.

⁹³ NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 152: Sec of External Affairs - PWD, 1945-07-13.

⁹⁴ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *African World*, 1942-08-22.

⁹⁵ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 155.

besoek. Sy vrou het met hulle aankoms opgemerk: “I cannot believe we are really here. It is too wonderful.”⁹⁶



Figuur 51: Smuts en Churchill saam met hooggeplaaste offisiere.

Heel links agter staan lugmaarskalk A. Tedder.

Uit: NASA, Pretoria A1: Smutsversameling-koerantknipsels soos saamgestel deur mev I.M. Smuts.

Hooflugmaarskalk sir Arthur Harris (1892-1984), beter bekend as “Bomber Harris” - hoof van die bomkommandement van die Koninklike Lugmag (RAF)⁹⁷ en sy gesin het ook in ‘n stadium daar ingewoon toe hulle op ‘n amptelike besoek aan Pretoria was. Peter Tomlinson, assistent van Harris, het vertel dat hy een oggend besig was om in ‘n sy adamsgewaad oefeninge te doen, toe een van die dames van ‘n koninklike groep, waarskynlik die Griekse koninklikes, sy kamer onverwags binnegestorm het. Sy het heeltemal ongesteurd by hom verbygetrippel - iets uit die

⁹⁶ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Natal Daily News*, 1945-08-24.

⁹⁷ J. Keegan, (ed.), *Who's who in the Second World War*, p. 155.

kas, die enigste kas lank genoeg vir lang aandrokke - geneem en die vertrek verlaat. Intussen het hy 'n vergeefse poging aangewend om homself met die volvloermat te bedek.⁹⁸

Van die bekendste gaste aan Libertas was seker prinses Frederika van Griekeland, haar suster Konstantina en Frederika se kinders (fig.52). Frederika was die kleindogter van keiser Wilhelm II van Duitsland.⁹⁹ Die Griekse koningsgesin het Griekeland in 1941 verlaat nadat dit deur Duitsland verslaan is. Hulle het na Egipte gevlug, maar dit het gevaarlik geword en toestemming is gegee dat hulle na Suid-Afrika kom. Kort nadat die koningsgesin in die land aangekom het, het Smuts hulle vir middagete by Libertas ontvang. Die koningsgesin was vir Smuts baie interessant, maar dit was Frederika vir wie hy 'n sagte plekkie ontwikkel het.¹⁰⁰ Oor Frederika het hy gesê: "She is a remarkable woman, with great gifts of the heart and head." Volgens hom was sy 'n denker, belese, baie jonk, aangenaam om na te kyk en 'n student van die holisme.¹⁰¹

Nadat die Griekse koning Suid-Afrika verlaat het om hom in Londen te vestig en die kroonprins hom in Egipte bevind het,¹⁰² het prinses Frederika en haar kinders op Smuts se uitnodiging Libertas en Groote Schuur vir ongeveer twee jaar bewoon.¹⁰³ Smuts het hom gereeld tydens middagete by hulle aangesluit. Daar is nie baie tydens die etes gesels nie, want Smuts wou altyd na die nuus oor die radio luister.¹⁰⁴ Smuts en Frederika het gereeld vir oefening op lang wandelings gegaan en om met die natuur te kommunikeer. Hulle is dikwels gesien waar hulle in die veld om Pretoria of in die Kaapse berge gestap het of by Muizenberg gaan swem het.¹⁰⁵

Frederika het soms op Doornkloof gaan kuier. Die woning op Doornkloof moes na die luukses van Libertas vir haar 'n groot verrassing gewees het. Lord Harlech het dit in 1942 nie verniet as 'completely unmodernized and gloriously untidy' beskryf nie. Frederika was verbaas oor die feit dat elkeen homself moes help en dat jy self die bad se kraan moes oopdraai as jy wou bad.¹⁰⁶ 'n

⁹⁸ K. Mincher, *I lived in his shadow*, p. 93.

⁹⁹ A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 2.

¹⁰⁰ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 111.

¹⁰¹ K. Ingam, *Jan Christiaan Smuts, the conscience of a South African*, pp. 227, 223.

¹⁰² P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 112.

¹⁰³ A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 2.

¹⁰⁴ Queen Frederica of the Hellenes, *A Measure of Understanding*, p. 63.

¹⁰⁵ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 114.

¹⁰⁶ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 115.

Staatjie lui dat mev Smuts vir Frederika oor die vingers getik het omdat sy die verwarmer te naby die beddegoed geplaas het en omdat sy te skraps gekleed geslaap het!¹⁰⁷



Figuur 52: Smuts saam met prinses Frederika en haar man, kroonprins Paul.

Uit: A. van Wyk, Koningin Sophie nie die eerste keer in SA, *Rapport 2000 Revue*, 1999-02-07, p. 1.

Smuts het 'n lewenslange vriendskap met die prinses opgebou en haar 'Freddie' genoem.¹⁰⁸ Gerugte het die rondte gedoen oor die goeie vriendskap tussen Smuts en die prinses. Hierdie gerugte is nog verder versterk deur die feit dat Frederika in Libertas en Groote Schuur ingewoon het. Toe die gerugte te algemeen word, het Smuts gereël dat Frederika die land oor die radio toespreek om haar dank teenoor die Suid-Afrikaners uit te spreek vir hulle gasvryheid aan haar en haar kinders. Dit het egter nie 'n einde aan die skinderstories gemaak nie.¹⁰⁹ Isie Smuts was

¹⁰⁷ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 59.

¹⁰⁸ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 148.

¹⁰⁹ P. Beukes, *The Romantic Smuts, women and love in his life*, p. 12.

of onbewus van die gerugte of het voorgegee om nie daarvan te weet nie en het Frederika as 'n troue en liefdevolle eggenote beskou. Sy het haar teer 'Dear Little Princess' genoem.¹¹⁰

In 1942 het Smuts peetpa vir een van prinses Frederika se dogters geword. Dit was die eerste keer dat 'n persoon sonder koninklike bloed peetouer van 'n Griekse koninklike geword het. Sy is gedoop "Irene" wat in Grieks "Vrede" beteken. Dit was ook die naam van die omgewing van Doornkloof en die woonbuurt aldaar.¹¹¹ Die twee klein dogters - Sophia was net twee jaar oud - Sophia en Irene kan nie veel van Libertas onthou nie, maar "keep the impression of a very pleasant house, where they spent a very happy part of their childhood". Vandag nog is Sophia, koningin van Spanje en Irene, prinses van Griekeland, dankbaar teenoor Suid-Afrika vir die feit dat hulle in die land kon bly.¹¹²

Smuts het noue bande met koning George V (1865-1936) en koningin Mary (1867-1953) gehad en gedurende die Tweede Wêreldoorlog ook 'n goeie verhouding met George VI (1895-1952) en sy gesin opgebou. Na die oorlog het hy die koninklike gesin genooi om in Suid-Afrika te kom vakansie hou om van die stres van die oorlog te herstel. Hy het gemeen dat hulle sou ontspan en was verstom oor die aantal geleenthede wat hulle bygewoon het en die uitputtende reisplan wat hulle gevolg het. Hulle het in Februarie 1947 hier aangekom en meer as 16 000 km gereis. Prinses Elizabeth (1926 -) het haar een en twintigste verjaarsdag in Suid-Afrika gevier en die koninklike besoek was 'n groot sukses wat 'n mate van feestelikheid na die ontberinge van die oorlog gegee het.¹¹³

Vir die besoek van die Britse koninklike familie het daar baie voorbereidings by Libertas plaasgevind. Hoewel die koningsgesin in Goewermentshuis, die Herbert Baker-woning, sou tuisgaan, was dit die Eerste Minister se wens dat Libertas ook vir hulle gebruik beskikbaar moes wees. Die woning moes dus vir die besoek voorberei word. Dit het binnens- en buitenshuise verbeterings soos meubilering en versiering ingesluit.¹¹⁴ Vir die verbetering en instandhouding van Libertas se tuine ter voorbereiding vir die besoek, het die Departement van Openbare Werke

¹¹⁰ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 148.

¹¹¹ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, *Suidstem* 1942-06-01.

¹¹² Skriftelike mededeling: Her Majesty, Sophia, Queen of Spain, Palacio de la Zarzuela, Madrid, 1998-07-27.

¹¹³ T. Cameron, *Jan Smuts, an illustrated biography*, p. 171.

¹¹⁴ NASA, Pretoria. PWD 8439: PWD Sec.Governor General - Sec. PWD, 1946-03-09.

tweeduisend tweehonderd pond ontvang.¹¹⁵ Daar is opdrag gegee dat die sade wat vir die verbetering van die tuine bestel word, slegs ‘the purest strains of the best seeds in the world’ moes wees.¹¹⁶

Die huishouding het eenduisend tweehonderd pond ter voorbereiding aan die besoek ontvang¹¹⁷ en in Februarie 1947 het die KWV ‘n besending drank aan Libertas vir gebruik deur die besoekers gestuur.¹¹⁸

Van die probleme wat voor die koninklike besoek opgelos moes word, was die steeds lekkende dakke en probleme met die motorhuisdeure. Op ‘n versoek om ‘n tikmasjien vir gebruik deur die koninklike besoekers,¹¹⁹ reageer die Staatsdrukker dat hy ‘n masjien van sy tikpoel, uitgemaak aan die Departement van Buitelandse Sake, aan die woning sal leen.¹²⁰ Hy kon egter net ‘n tweedehandse versiene tikmasjien aan die koninklike besoekers beskikbaar stel.¹²¹

6. *Smuts neem afskeid*

Op 1 Junie 1948, ‘n dag voordat Malan Libertas sou betrek, het Smuts by Libertas ‘n afskeidsmiddagete vir sy uitgaande Kabinet gehou. Hy het glimlaggend met die versamelde joernaliste en fotografe gesels en gespot dat hulle die verkiesingsuitslae sou veroorsaak het. Hulle sou dit gedoen het deur Malan so af te neem dat hy soos ‘n reus lyk!¹²² Hoewel Smuts sy hand oor die woning gehou het, is Libertas in Smuts se tyd nie werklik as ampswoning vir die

115 NASA, Pretoria. PWD 8439: 2892: Chief Superintendent - Sec. PWD, 1946-03-27.

116 NASA, Pretoria. PWD 8439: Chief Superintendent of Gardens - Sec.PWD, 1946-03-27.

117 NASA, Pretoria. PWD 2/6022, 1835: Sec.PWD - Mr.Terry, 1946-06-02.

118 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Douglas Green and Co - Sec .PM., 1947-02-21.

119 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: A.H. Marsh - Sec. PM and External Affairs, 1946-10-16.

120 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: G.Tillema - Government Printer, 1946-11-21.

121 NASA, Pretoria. PM EM 4/2, 153: Acting Government Printer - Acting Sec. PM, 1946-11-26.

122 Anoniem, Smuts vacates his office, *Pretoria News*, 1948-06-01, p.1.

Premier se gesin gebruik nie en sou dit eers in Malan se tyd die doel vervul waarvoor dit opgerig is.

HOOFSTUK VI**LIBERTAS WORD BEWOON DEUR EERSTE MINISTER DF
MALAN, 1948-1954****A DF MALAN EN GESIN**

Daniël Francois Malan is op 22 Mei 1874 op die plaas Allesverloren, Riebeeck-Wes, gebore. Malan se ouers was goeie vriende met hulle bure, die ouers van Jan C Smuts. Smuts en Malan het na dieselfde skool gegaan en hulle het saam op Stellenbosch gestudeer. Malan se vader, Daniël Francois (1844-1908), was 'n gesiene, welgestelde kerkman en lid van die Afrikanerbond. Van sy moeder, Magdalena du Toit (1847-1893) wat 'n besadige minsame mens was, het Malan sy karakter- en fisiese eienskappe geërf. Sy was 'n vrou van min woorde met 'n gesonde oordeel en ewewigtige temperament. Na die dood van sy moeder in 1893, het Malan se vader met Esther Fourie van Beaufort-Wes getrou, wat 'n groot invloed op Malan uitgeoefen het.¹

As jong kind was dit reeds duidelik dat Malan fisies nie baie sterk was nie. Sy akademiese prestasies is ook beïnvloed deur die feit dat hy bysiende was. In 1891 het Malan by die Victoria-kollege op Stellenbosch ingeskryf waar Smuts ook gestudeer het. As student het Malan nie aan sport deel geneem nie, maar hy het graag gestap en ten spyte van sy afgetrokke en swygsame persoonlikheid het hy graag gedebatteer. Malan het juis op uitnodiging van die buurseun, Smuts, lid van die Uniedebatsvereniging op Stellenbosch geword.² Winston Churchill het een maal gesê dat hy nog nie tevore iemand met Malan se beredeneerdheid gevind het nie. Hy het gevoel dat Malan werklik respek afdwing.³

In 1895 behaal Malan sy B.A.-graad en besluit om predikant te word. In September 1900 het hy na Utrecht, Nederland, vertrek om verder in die teologie te gaan studeer.⁴

¹ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

² W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

³ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 58.

⁴ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 577.

Toe pres. SJP Kruger in Desember 1900 Utrecht op sy deurreis na Den Haag aangedoen het, was Malan aanwesig en in Januarie 1901 het Malan Kruger in sy hotel in Utrecht besoek. Die besoek van die Boeregeneraals Louis Botha, CR de Wet en JH de la Rey aan Kruger ten tyde van sy verjaarsdag in 1902 het 'n diep indruk op Malan gelaat. Malan het ook verskeie besoeke gebring aan pres. MT Steyn en sy vrou, waar hulle in Duitsland vertoef het. Daar het 'n hegte vriendskap tussen hulle ontstaan wat Malan se politieke en kulturele sienings beïnvloed het.⁵

In 1905 verwerf hy die doktorsgraad in godgeleerdheid en in dieselfde jaar het hy die hulpprediker van die NG gemeente op Heidelberg, Transvaal, geword. Hier word Malan bewus van talle mense wat nog onder die gevolge van die Anglo-Boereoorlog gebuk gaan. Na 'n paar maande op Heidelberg neem Malan 'n beroep na Montagu aan waar hy hom tydens sy bediening van ses jaar beywer vir die opheffing van die verarmde Afrikaner. Gedurende dié tyd tree Malan reeds as moontlike volks-, kultuur- en akademiese leier op die voorgrond. Hy het belangrike insette by sinodesittings, in die Afrikaanse Taalvereniging en De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (tans die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns) gelewer.⁶

In 1914 word die Nasionale Party deur Hertzog gestig en daar ontstaan die behoefte aan 'n spreekbuis vir die party. Malan word die redakteur van die blad. Die eerste uitgawe van *Die Burger* het in 1915 verskyn en in dieselfde jaar word Malan tot die hoofbestuur van die Nasionale Party verkies. As redakteur van *Die Burger* tot 1923, het hy rigting aan die Afrikaner se nasionale aspirasies gegee en partybeleid help formuleer.⁷

In 1924 word Malan in die Kabinet van Hertzog opgeneem as Minister van Binnelandse Sake, van Onderwys en van Volksgesondheid. Malan het 'n belangrike bydrae tot die erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1925) gelewer en het die beleid van tweetaligheid in die staatsdiens kragdadig deurgevoer. Hy was ook aan die voorpunt van delikate onderhandelinge (1925-1928) oor Suid-Afrikaanse burgerskap en die vlag.⁸

⁵ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 578.

⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 579.

⁷ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 579.

⁸ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 580.

Malan het op vyftigjarige ouderdom vir die eerste keer getrou nadat sy huishouding jare lank uit sy stiefmoeder en drie stiefsusters bestaan het. Die bruid, 'n weduwee, Mattie van Tonder, was drie en twintig jaar jonger as Malan.⁹ Danie Malan onthou hoe hy saam met sy moeder en broer die dubbelkamer gedeel het en sy vader in 'n klein kamertjie op sy eie geslaap het. Die rede daarvoor was dat dr Malan erg gesnork het. Klein Danie het dan dikwels douvoordag by sy pa gaan inkruip.¹⁰ In 1930 het mev Malan gesterf en Malan met twee klein seuntjies agtergelaat. Malan moes sorg dat sy twee seuns goed versorg word. Die oplossing was 'n jonger suster van sy stiefmoeder wat by Malan ingewoon en na die gesin omgesien het.¹¹

Malan was baie geheg aan sy seuns. As Minister het hy in Bryntirion in huis nr. 19 ingewoon reg onderkant die bult waar Libertas later gebou is. Hy het dikwels vir oefening met die seuns gaan stap en vir die Kaapse seuntjies gewys om nie vir donderweer bang te wees nie. Hy het dit baie geniet om vir die klein seuntjies op die lang wandelinge stories te vertel. Malan se gehegtheid aan sy twee seuns het veral na die dood van sy eerste vrou toegeneem.¹² Danie onthou dat hy dikwels saam met sy vader teen die berghang tussen Leeukop en Seinheuvel gaan sit en na die see gekyk het. Daar het sy pa se gedagtes blykbaar goed gewerk, want hy het aantekeninge in sy notaboekie gemaak, terwyl die seuntjies in die veld gespeel het.¹³ Voordat Malan tot Premier verkies is, het hy dikwels saam met die kinders naby Seepunt, eers by Ostende en later by Belle France gaan vakansie hou. Hier het hy ure saam met die seuns op die strand en rotse gespeel.¹⁴

Kinderlawaaï het hom nie gepla nie. Personeel het gevra of hulle die lawaaierige kinders wat buite sy kamer gespeel het, moes stilmaak sodat hy in stilte kon werk. Sy antwoord was dat kindergeluide hom gehelp het om te konsentreer.¹⁵

⁹ H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 308, 310, 314.

¹⁰ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

¹¹ H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 308, 310, 314.

¹² H.B. Thom, *DF Malan*, p. 315.

¹³ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

¹⁴ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 315.

¹⁵ E. Robins, *This man Malan*, p. 57.

In 1937 het hy vir die tweede keer getrou met Maria Anne Sophia Louw van Calvinia (fig.53). Die huwelik was kinderloos.¹⁶ Maria Anne Sophia was die tweede kind van dertien uit die tweede huwelik van haar vader. Haar vader, Willie Louw, het een en twintig kinders uit sy twee huwelike gehad. Hy was een van die eerstes om die Nasionale Party in die Parlement te verteenwoordig. Hy het sy setel aan Malan afgestaan toe Malan besluit het om die teologie vir die politiek te verruil. Mevrouw Malan het vertel dat Malan etlike kere aan haar voorgestel was en dit die volgende keer nie kon onthou nie. Tydens hulle getroude lewe het hy dikwels gedeeltes van sy toesprake aan haar voorgelees om die publiek se reaksie daarop te toets.¹⁷



Figuur 53: Dr D.F. Malan en mev Malan.

Uit: P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, (Kaapstad & Johannesburg 1972) n.p.

Dis duidelik dat hy die tipe man was wat 'n eie woning en 'n eggenote baie nodig gehad het. Dat die eggenote baie geduld en begrip moes gehad het, is ook nie te betwyfel nie. Malan was baie onprakties met die alledaagse lewe. Aan tafel het hy dikwels nie geweet wat hy eet nie en sou sit en wag dat iemand anders vir hom opskep. Iemand moes toesien dat sy hemp en sokkies by

¹⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 585.

¹⁷ P.A.K, Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

die pak pas en selfs die baadjie by die broek.¹⁸ Mevrouw Malan het haar man soveel moontlik van die daaglikse bekommernisse probeer bespaar. Sy het gesorg dat hy genoeg rus kry, sy motor vir hom bestuur en sy klere uitgesit. Volgens haar, was hy altyd in die wolke en sy moes na al die dinge op die grond omsien.¹⁹

Volgens Danie Malan het die gesinsopset met die tweede huwelik verander. Sy vader was meer “afwesig” en die huishouding is al meer aan sy stiefmoeder oorgelaat. Dit was asof sy vader nie gesinskonflikte kon hanteer nie. Een maal tydens ‘n rusie tussen die seuns en hulle stiefmoeder het Malan net die woning verlaat en by die visdammetjie gaan staan en tuur. Sy vrou, Maria, het gesê dat Malan ‘n krisis in die politiek uitgestel het totdat dit nie meer ‘n krisis was nie.²⁰ Malan kon deur die hewigste krisisse kalm en rustig bly. Hy was gedissiplineerd en het nooit spanning getoon nie. Slegs waar dit gekom het by die gesondheid van sy gesin, het hy hom ontstel. As iemand siek was, het hy dadelik ‘n dokter ingeroep.²¹

Een keer het Malan sy slaapkamer verlaat, netjies uitgevat in ‘n nuwe pak maar sonder ‘n hemp, want een was nie vir hom uitgesit nie en toe het hy vergeet om een aan te trek! By ‘n ander geleentheid het hy met die baadjie van een pak en die broek van ‘n ander by ‘n funksie opgedaag. Tydens bankette moes mev Malan ‘n wakende oog oor hom hou, want terwyl die ander gaste nog die voorgereg geniet het, sou hy, onbewus van wat om hom aangaan, reeds die nagereg bestel.²²

Interne woelinge binne die Nasionale Party het ‘n geleidelike verswakking in die regeringsparty tot gevolg gehad. Na onderhandelinge agter die skerms het Hertzog gesê dat hy Smuts se aanbod om ‘n koalisieregering aanvaar. Malan was bevrees dat die samewerking Afrikanerbelange sou bedreig. Teen meer as net ‘n koalisieregering het Malan hom sterk uitgespreek. Hy het gevoel dat die samesmelting nie kon slaag nie, solank as wat daar verskille tussen Hertzog en Smuts was oor beginsels soos die deelbaarheid van die kroon, die reg tot neutraliteit en die soewereine status van die Unie. In 1934 kom die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party (die Verenigde

18 H.B. Thom, *DF Malan*, p. 308.

19 P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

20 H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

21 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 56.

22 E. Robins, *This man Malan*, pp. 52, 56.

Party (VP) tot stand, terwyl die Kaaplandse Nasionale Party onder Malan die opposisie in die Volksraad word.²³

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 was die VP-kabinet verdeeld oor deelname aan die oorlog. Malan het Hertzog, wat neutraliteit voorgestaan het, gesteun. Die neutraliteitsmosie is in die Volksraad verslaan en Hertzog het as Premier bedank. Smuts het Eerste Minister geword. Hertzog en Malan is 'n paar dae later by Monumentkoppie naby Pretoria met mekaar 'versoen'. In 1940 het Hertzog weens botsende belange uit die politiek getree. Malan het die leier van die opposisieparty geword.²⁴

Mevrou Malan het gevoel dat die jare in opposisie baie eise aan die gesin gestel het. Sy het Malan meestal op sy reise vergesel omdat sy die mening toegedaan was dat niks belangriker as sy versorging was nie. Hy het verkies dat sy saam met hom gaan, want hoewel hy nog sterk vir sy ouderdom was, het hy goeie sorg nodig gehad. Elke afspraak van hom het haar dus ingesluit, wat groot opofferings vir die gesin meegebring het. Hulle het die kinders dan in die sorg van bekwame huishoudelike personeel gelaat. Maar voor dit het sy eers spyskaarte en programme uitgewerk. Hoewel afsprake met die kinders dikwels in die slag gebly het, het hulle later daarvoor vergoed.²⁵

Later was die seuns groot en uit die huis en al het hulle gedurende universiteitsvakansies kom kuier, was Malan en sy eggenote alleen. In 1948 het hulle 'n Duitse weeskind, Hermine Sonnichen, aangeneem. Hulle het dit gedoen om 'n voorbeeld aan die publiek te stel, maar ook omdat hulle 'n kindjie in die huis wou gehad het. Marie Anna Malan, of Marietjie soos sy bekend geword het, het die jongste Malan geword (fig.54).²⁶ Volgens mev Malan was die dag toe Marietjie opgedaag het, die grootste gebeurtenis in hulle lewe saam. Malan was baie gretig dat hulle die lewendige witkoppie uit Schleswyk-Holstein moes aanneem en baie van hulle vriende het getuig hoe die koms van die dogtertjie Malan met 'n dekade of meer verjong het.²⁷

23 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 581.

24 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 581.

25 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 57.

26 H.B. Thom, *DF Malan*, p. 327.

27 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 55.



Figuur 54: Malan en sy dogter Marietjie.

Uit: E. Robins, *This man Malan*, (Cape Town, 1953) n.p

Die uitslag van die 1948-verkiesing was 'n groot verrassing wat die oorwinning aan Malan besorg het. Smuts het dit as 'n frats beskou, maar Malan het dit as 'n Godswonder bestempel. Op vier-en-sewentigjarige ouderdom het Malan die vierde Premier van die Unie van Suid-Afrika geword.²⁸

Die bekende politikus Helen Suzman (1917-), het Malan beskryf as 'n sedige dominee wat meer agting as liefde by sy partylede gekry het. Sy het gevoel dat hy nie die tipe persoon was aan wie 'n mens warmte getoon het nie.²⁹ Die latere eerste minister PW Botha het Malan beskryf as 'n kragfiguur en 'n groot orator, maar iemand wat in sy studeerkamer en sy huis 'n huislike mens was.³⁰

28 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 582.

29 H. Suzman, *In no uncertain terms*, p. 29.

30 J. Reindersleërs: koerantknipsel, *Die Transvaler*. s.a.

Danie Malan beskryf sy pa se lewenstyl as altyd dié van ‘n ou man. Malan het grootgeword in die Victoriaanse tyd waarin die pa die gesagsfiguur was. Hy het vertroue ingeboesem en rustig en selfversekerd met gesag gepraat. Hy het sulke selfdissipline aan die dag gelê dat hy ter enige tyd ‘n paar minute kon slaap.³¹ Hy sou maklik deurgeslaap het as iemand hom nie wakker gemaak het nie. Hy kon selfs te midde van ‘n krisis rustig slaap.³²

Malan was bekend vir sy kalmte, geduld en langzaamheid. Hy het nooit oorhaastig opgetree nie. “Doktor is tog so stadig!” is dikwels gesê, maar wanneer hy opgetree het, was dit berekend en onverbiddelik.³³ In sy openbare lewe het hy selde sy gevoelens getoon. Opposisiekoerante het hom dan as ‘n sfinks voorgestel.³⁴ Malan het vertel dat ‘n sekere joernalis geskryf het dat een van sy uitstaande kenmerke was dat hy nooit gelag het nie. Volgens Malan het die opmerking hom amper laat lag.³⁵

Hy was uiterlik terughoudend en afgetrokke, maar sy vriende en huisgenote het by hom ‘n warm menslikheid en spontane humorsin aangetref.³⁶ Sy humor het uiting gevind in dinge soos dat hy sy tuin op Stellenbosch tot Maria Louwpark, na sy vrou, gedoop het. Omdat sy vrou baie van koejawels gehou het, het hy een van die koejawelbome in die tuin ook ‘Maria’ genoem.³⁷ Na sy uittrede uit die politiek het Malan ‘n besoek van dr HF Verwoerd in Stellenbosch ontvang. Verwoerd het ‘n bos krismisrose aan Malan oorhandig met die woorde dat dit eintlik Malan se eie blomme was wat hy gebring het. Malan se antwoord was: “Gee dan my goed hier, moenie maak of jy vir my ‘n persent gebring het nie.”³⁸

As hy vakansie gehou het, soos in die Strand, sou hy dikwels gaan stap, die koerante lees en slaap. Hy sou glad nie werk nie en selfs begin om ‘n ontspannende speurverhaal te lees. Later sou hy die boek eenkant neersit met die opmerking dat dit gemors is en begin werk. Hy het so

31 H. Retief, *My Pa, die Premier*, *Sarie*, 1990-02-07, p. 16.

32 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 90.

33 H.B. Thom, *DF Malan*, pp. 202, 212.

34 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 584.

35 E. Robins, *This man Malan*, p. 46.

36 W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek I*, p. 584.

37 E. Robins, *This man Malan*, pp. 53-54.

38 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 82.

verdiep geraak in sy werk dat hy, volgens mev Malan, 'n koppie tee sou drink as jy dit aan sy lippe hou. Anders sou dit net daar staan en koud word.³⁹

Die strandhuis *Rustig*, by Voëlklip, Hermanus, het gedien om Malan na liggaam en gees te verkwik. Die stilte van die bosse tussen die woning en die see het hy altyd baie geniet. Hy kon lank sit en peins en aantekeninge maak. Hy het dit al nodiger gevind as gevolg van sy kwynende gesondheid.⁴⁰

B MALAN IN LIBERTAS

Malan was die eerste Premier om Libertas gedurende sy ampstermyn permanent te bewoon.⁴¹ Volgens Thom, skrywer van *DF Malan*, het Malan Libertas op 2 Junie 1948 betrek. Dit was die dag nadat hy die Goewerneur-generaal, Gideon Brand van Zyl (ampstermyn 1945-1951), ontmoet het om sy pligte as Premier te bespreek. Die aand vantevore het die Malan-gesin in die Union Hotel, Kerkstraat, geslaap en die volgende dag na Libertas getrek. Die eerste vergadering met moontlike ministers het reeds op 2 Junie 1948 in Libertas plaasgevind.⁴² Op 4 Junie 1948 het 'n fakkeloptog van studente en lede van die Nasionale Jeugbond van Libertas na die Uniegebou beweeg vir 'n amptelike ontvangs van Malan en die nuwe Kabinet.⁴³ Van Libertas kon Malan afkyk op Bryntirion 19, die woning waar hy jare vantevore as Minister in Hertzog se Kabinet gewoon het.⁴⁴

³⁹ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 55-56.

⁴⁰ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 292.

⁴¹ NASA, Pretoria, PM EM 4/2 153: Sekretaris van Buitelandse Sake - Sek. van die Tesourie, 1953-04-23.

⁴² H.B. Thom, *DF Malan*, p. 212.

⁴³ Welcome for the cabinet tonight, *Pretoria News*, 1948-06-04, p.1.

⁴⁴ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 327.



Figuur 55: Libertas in die tyd van Malan.

Uit: Libertaslêer, Libertas. n.p.

Dit het 'n nuwe era vir Libertas ingelui. Tot en met Malan was Libertas maar eintlik as 'n staatsgastehuis vir gaste van Smuts gebruik. Met Malan het die woning nou 'n nuwe tydvak vir gebruik as die amptelike woning van die land se politieke leier binnegegaan.

Malan is na die verkiesing op Vrydag, 28 Mei 1948, per telegram deur die Goewerneur-generaal genooi om na Pretoria te kom en sy Kabinet saam te stel. Malan het dit noodsaaklik gevind dat mev Malan moes saamgaan en hy wou op Maandag, 31 Mei 1948, met die Bloutrein na Pretoria vertrek. Sy het dus net die naweek gehad om al hulle besittings in te pak en Môrewag in orde te kry met die verwagting dat hulle vir 'n geruime tyd nie weer in Stellenbosch sou kom nie. Sy het dit reggekry om vir die treinreis gereed te wees, ten spyte van die toestroming van gelukwense, joernaliste en byna drieduisend mense wat Malan kom besoek het.⁴⁵

Malan was by sy bewindsoorname van plan om Libertas te betrek.⁴⁶ Anders as Smuts het Malan nie 'n eie woning in Transvaal gehad nie en dit was dus logies dat hy die amptelike woning sou bewoon. Malan se privaathuis was Môrewag in Stellenbosch. Môrewag was 'n mooi woning op 'n ruim erf in 'n gesogte buurt waar die Malans gelukkig gewoon het.⁴⁷ Die woning is in 1942

⁴⁵ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 206.

⁴⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.Treasury - Office of the Prime Minister, 1948-06-15.

⁴⁷ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 206.

deur Malan gekoop⁴⁸ en hy het daar gewoon totdat hy tot Premier verkies is. Soos wat Smuts verkies het om op Doornkloof te bly, het Malan sy woning in Stellenbosch verkies. Die gevolg was dat Groote Schuur in die Kaap min deur Malan bewoon is.⁴⁹

Met Malan se verkiesing het hulle hulle woning op Stellenbosch, Môrewag, in die hande van 'n kweekskoolstudent gelaat. Hulle kinders, toe studente, kon dus in die woning bly inwoon, terwyl hulle ouers in Pretoria gewoon het.⁵⁰ Die woning is vandag nog in familiebesit.

Met die Malans se intrek in Groote Schuur, het Malan gesê dat dit 'n groot verandering vir hulle en 'n groot verandering vir Groote Schuur was. 'n Paar maande later het hulle veranderinge aan Groote Schuur aangebring. Van die veranderinge was hout- en marmervloere wat met mat bedek is, die groot hemelbed in die hoofslaapkamer is deur twee enkelbedjies vervang en nuwe groen bekleedsel is vir sommige meubels gebruik. Die veranderinge het verontwaardigde uitroepe van "vandalisme" en "beledigings teenoor Rhodes" uitgelok.⁵¹

Marietjie Malan het graag in die aande as haar pa by die ampswoning gekom het, hom by die voordeur van Libertas ingewag. Soms sou hulle dan 'n entjie gaan stap. Een so 'n aand het hulle by die Goewerneur-generaal se woning in Bryntirion verbygestap toe sy wou weet wie daar sou woon as Brand van Zyl aftree. Malan, wat toe al die antwoord geweet het, het geantwoord dat dit 'n geheim was wat hy nie aan haar kon vertel nie. Sy het belowe om dit ook 'n geheim te hou en hy het aan haar gesê dat dit dr EG Jansen sou wees. Baie maande later na die inswering van Jansen as Goewerneur-generaal het 'n aantal ministersvroue gesels oor hoe 'n goed bewaarde geheim dit was, maar dat die inligting tog iewers uitgelek het. Marietjie het aan haar pa gemeld dat dit nie sy was wat die waarheid uitgelap het nie, want sy kon baie goed 'n geheim bewaar. Beter as haar pa wat die geheim aan haar vertel het!⁵²

⁴⁸ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 56-57.

⁴⁹ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 33.

⁵⁰ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 56-57.

⁵¹ E. Robins, *This man Malan*, p.40.

⁵² P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 88.

1. Inrigting

Volgens Lettie Neethling was daar met die Malans se intrek nie veel versierings en skilderye in Libertas nie. Daar was nie juis veel meer as waarmee die woning in 1940 ingerig is nie. Sy herinner haar wel die borsbeeld van Hertzog in die voorportaal. Geen nuwe binnenshuise versiering is vir die Malans gedoen nie, selfs klein Marietjie se kamer is nie verander om by 'n jong dogtertjie te pas nie. Tog voel sy dat Libertas 'n heerlik leefbare ampswoning was. Dit was veral baie huisliker om in te woon as Groote Schuur wat eintlik maar 'n museum was.⁵³ Mevrouw Malan was die eerste gasvrou en inwonende Premiersvrou en het met haar intrek gevoel dat die woning maar onpersoonlik was. Sy het gou na hulle intrek gesê dat die verblyfplek spoedig 'n warm en persoonlike atmosfeer sou aanneem.⁵⁴



Figuur 56: 'n Duidelike bewys dat Malan by die huis was.

As sy jas, hoed, kiere en aktetas - wat altyd op dieselfde kis in Libertas se voorportaal neergesit is - daar was, was Malan tuis.

Uit: A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, (Braamfontein, s.a) p. 55.

⁵³ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.
⁵⁴ P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

‘n Probleem was die feit dat die huishoudingbestuurder, AH Marsh, wat uit die Smuts-tydperk gekom het, nie Afrikaans kon praat nie. Malan, die persoon wat die tweetaligheidsbeleid so kragdadig deurgevoer het, het hom nie gemaklik gevoel met die Engelssprekende Marsh nie en hy is deur ‘n Afrikaanssprekende persoon vervang. Lettie Malan voer aan dat dit die gevoel was dat Libertas die Malans se tuiste was en dat hulle nie kon saamleef met ‘n vreemde figuur wat nie hulle taal kon praat nie.⁵⁵

Die veiligheid van die inwoners van Libertas is verseker deur wagte wat in die aand buite die ampswoning gewaak het. Gedurende die dag was daar slegs wagte by die hekke. Lae muurtjies en plante was die enigste ander veiligheidsmaatreëls. Daar was geen hoë veiligheidsheining om Libertas se terrein nie.⁵⁶



Figuur 57: Die kwaatkamer in die tyd van Malan.

Uit: P.A.K., Mrs. Malan is busy making Libertas more homely, *Pretoria News*, 1948-06-09, p.3.

⁵⁵ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

⁵⁶ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

In 1953 het Malan gevra dat 'n kleinerige brandkluis in die slaapkamer van mev Malan aangebring word sodat sy haar juweliersware veilig daarin kon bewaar. Toe navraag gedoen is oor die grootte van die kluis, het Malan sommer so met die hand 'n vierkant aangedui wat op 'n gepaste stander gemonteer moes word.⁵⁷

In 1948 het 'n twis ontstaan oor die Singer-naaldwerkmasjien wat in Libertas gebruik is. Dit is gebruik om huishoudelike instandhouding te doen en soms het die bediendes van besoekers dit gebruik as dit nodig was.⁵⁸ Mevrouw Isie Smuts het bevestig dat dié masjien haar persoonlike besitting was wat sy vir die "Gifts and Comfort Organization" gebruik het. Sy was bereid om dit vir tien pond aan Libertas te verkoop.⁵⁹ Of dit ooit gekoop is, is nie duidelik nie.

In afwagting van die nuwe silwerware vir Libertas, is besef dat die bestaande silwerwarebrandkluis onvoldoende was. Tekeninge van voorstelle vir 'n nuwe brandkluis ter waarde van £920 is aan die Eerste Minister vir goedkeuring voorgelê (fig.58).⁶⁰ Die Eerste Minister het die volgende maand reeds toestemming vir die voorgestelde verbeteringe gegee.⁶¹



Figuur 58: Die silwerwarekluis in Libertas.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁵⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.PM - Under Sec. Mr. Scholtz, 1953-04-24.

⁵⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Buitelandse Sake, 1949-02-24.

⁵⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: I. Smuts - EM, 1948-01-25.

⁶⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. P. M, 1949-05-17.

⁶¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. P.M. - Sekr. Buitelandse Sake, 1949-06-15.

2. *Personeel*

Malan het graag mense geterg. Jack Bruce het diens gedoen as die *Chef de Protocol* in Malan se tyd en as sodanig het hy dikwels voor sosiale funksies met mev Malan saamgewerk. By een so 'n geleentheid moes hy haar weer gaan raadpleeg net om te vind dat sy met verkoue in die bed was. Hy het erg ongemaklik gevoel maar so uit die deur van haar slaapkamer met haar gesels. Skielik het 'n bediende met 'n skinkbord met drankies daarop sy opwagting gemaak en Bruce was verplig om op 'n stoel langs mev Malan se bed te gaan sit en sy drankie te drink. Daarop maak Malan sy verskyning en speel die verontregte eggenoot met die woorde dat hy Bruce in sy vrou se slaapkamer gevang het, nogal met sterk drank in die hand! Malan het self die drankie vir Bruce laat haal!⁶²

Die privaatsekretaresse Aletta Johanna (Lettie) Neethling, nou mev Malan, wat van 1948 tot 1953 vir mev Malan gewerk het, het soms ook Malan se korrespondensie behartig. Volgens haar was Malan nie 'n persoon wat oppervlakkige grappies gemaak het nie. Hy was 'n sober, ernstige man wie se gedagtes altyd by sy werk was. Hy was 'n gawe werkgewer wat self die moeite sou doen op die trap op te stap om iets te gaan haal, terwyl hy ewe maklik die personeel kon gestuur het. Die enigste beslommernis was die taak wat die huishoudingpersoneel gehad het om Malan se hond, wat per trein heen en weer tussen Libertas en Grootte Schuur vervoer is, op die stasie te gaan haal!⁶³

3. *Vorraadopnames*

Jaarlikse voorraadopnames is by Libertas gemaak waartydens van elke item bewys gelewer moes word. Daar is ondersoek ingestel na oortollige, ontbrekende, verslete, nuttelose, beskadigde, onbruikbare of verouderde eiendom.⁶⁴ Daar moes deeglik verslag van alle items gelewer word. Alle gebreekte en onbruikbare items moes gehou word om tydens die ondersoek voorgelê te word. Ontbrekende items moes, sodra dit opgemerk is, aangeteken word met die gepaardgaande

⁶² P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 87.

⁶³ Mondeling mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

⁶⁴ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: G.Tillema, Sec. External Affairs, 1949-02-16 tot 1949-02-18.

verduideliking daarvoor.⁶⁵ So moes ou gordyne gehou word tot die volgende voorraadopname⁶⁶ en soms is dit namens die Departement van Openbare Werke per openbare veiling verkoop.⁶⁷

Tydens die 1952-inventaris is 'n aantal damastafeldoeke vermis en mej Van Zyl, die huishoudster, is versoek om 'n verduideliking te gee.⁶⁸ Sy kon geen verduideliking vir die vermiste artikels gee nie. Volgens haar het sy noukeurige aantekeninge gehou oor al die linne wat na die wassery gegaan het. Terwyl Libertas onder haar toesig was, het geen tekorte van dié aard ontstaan nie. Sy het aangevoer dat die huiskelner nie die huishoudster vir die verlore linne aanspreeklik kan hou nie, aangesien dit vir slegs ses maande van die jaar onder haar toesig was. Soos met Groote Schuur bly die verantwoordelikheid vir vermiste items dié van die huiskelner.⁶⁹ Verskeie huisbediendes het ook toegang tot die artikels gehad en dit is onmoontlik om die verantwoordelikheid vir die verlies van artikels te bepaal. Aangesien die artikels voortdurend in gebruik was, was dit uiters moeilik om die noodsaaklike beheer uit te oefen.⁷⁰

Met die inventaris in 1953 was daar weer linnetekorte. Volgens die huiskelner, Christiaan Christoffel Brand, het die artikels tussen die opnames in Februarie en Maart verlore geraak. Brand het saam met konstabel BJ Smit die kamer van een van die bediendes van Libertas deurgesoek. Hulle het wit gordyntjies, vyf kussingslope en rooi gordyne opgespoor. Die linne was gemerk met die naam Libertas en mog nie in die bediende se besit gewees het nie. Die linne was gewoonlik toegesluit in kaste in Libertas en hoewel die bediende nie die sleutels gehad het nie, was hy gewoonlik met die linne werksaam.⁷¹ Die linne was in 'n ingeboude kas in Libertas waarvan die sleutels in die huiskelner se besit was. Gedurende die tydperk wat die Eerste Minister in Libertas gewoon het, is die sleutels deur die huishoudster gehou. Sy was vir die uitreiking van skoon linne en die versameling van vuil linne verantwoordelik. Die skoon linne is dan aan die bediendes gegee om die beddens op te maak.⁷² Die tydperk wanneer die Eerste Minister nie in Libertas gewoon het nie, is die linne in mottegif weggepak en toegesluit. Die

⁶⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: House Steward, Libertas - G.Tillema, Sec. External Affairs, 1949-08-11.

⁶⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Waarnemende Sekr. Buitelandse Sake - A.J. Neethling, Assistant-privaatsekretaresse, 1951-11-24.

⁶⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Huiskelner, Libertas - G.S. Oosthuizen, Privaatsekr, EM, 1953-04-09.

⁶⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - G.S. Oosthuizen, 1952-06-10.

⁶⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - G.S. Oosthuizen, 1952-06-16.

⁷⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. van Tesourie - G.S. Oosthuizen, 1952-08-11.

⁷¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring in die hof, 1953-04-28.

⁷² NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring deur C.C. Brand, 1953-04-13.

gevolgtrekking was dat die linne tydens die tydperk van inwoning deur die gesin weggeraak het.⁷³

Die bediende, John Monase, het aangevoer dat die betrokke items deur Marsh, die vorige huiskelner en ook deur Brand aan hom gegee is. Volgens hom is ou linne dikwels aan die werkers gegee sodra dit nie meer in Libertas gebruik is nie. Sy lakens, komberse en selfs sy slaapklere was as staatseiendom gemerk. Monase het die feit benadruk dat Libertas altyd oopgestaan het.⁷⁴

Die gevolg was dat die bediende deur die Polisie op 'n klag van diefstal gearresteer is⁷⁵ en dat beheer oor die linne opgeknop moes word. Na bespreking met mev Maria Malan en die Tesourie is stappe gedoen om die beheermaatreëls te verskerp. Die verantwoordelikheid vir Libertas se eiendom sou steeds by die huiskelner berus en hoewel die Tesourie gevoel het dat die verdwyning van iets soos 'n silwerkoekvurkie toegeskryf kon word aan iemand wat 'n aandeking wou gehad het, is die verlies van iets soos 'n souspot duidelik as gevolg van agtelosigheid. Die Tesourie het aanbeveel dat die koste van verlore items in die toekoms van die verantwoordelike persoonneellid verhaal word.⁷⁶

In 1953 is gevind dat Brand nie verslag gedoen het oor die tekorte vir Augustus nie. Brand het in daardie stadium nie meer in Libertas gewerk nie en briewe wat by sy laaste adres aan hom gerig was, het teruggekeer met "Left, address unknown".⁷⁷ Die Polisie is opdrag gegee om Brand op te spoor en die saak is aan die Prokureur-generaal oorhandig.⁷⁸ Nadat iemand gemeld het dat Brand in 'n uniform gesien is,⁷⁹ het die Polisie Brand opgespoor waar hy as kroegman by die offisiërsmenasie in Voortrekkerhoogte gewerk het.⁸⁰ Twee van die bediendes by Libertas het aangevoer dat daar by verskillende geleenthede beddegoed na Brand se woning geneem is en daar gebruik is. 'n Lasbrief is uitgereik en Brand se woning is deurgesoek, maar niks kon

⁷³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr EM - C.C. Brand, 1953-04-14.

⁷⁴ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Verklaring in die hof, 1953-04-28.

⁷⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. EM - C.C.Brand, 1953-04-14.

⁷⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec. Treasury - G.S. Oosthuizen, Sec. External Affairs, 1953-05-13.

⁷⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - G.S. Oosthuizen, 1953-10-19.

⁷⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Binnelandse Sake, 1953-12-12.

⁷⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Kommissaris van SA Polisie - Sekr Buitelandse Sake, 1954-01-06.

⁸⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitlandse Sake - Kommissaris van SAP, 1954-01-22.

gevind word nie. Die bediende wat vroeër aangekla is, is ook onskuldig bevind en die Polisie het toegegee dat al hulle pogings misluk het en dat hulle die saak nie verder kon voer nie.⁸¹

In 1952 was kelner Hesselman besig om 'n kandelaar skoon te maak, toe hy dit laat val het. Die voetstuk is in so 'n mate beskadig dat dit deur die vervaardigers herstel moes word. Die Tesourie wou van mej Neethling weet hoe Hesselman gewoonlik met regeringseiendom te werk gegaan het. Volgens mej Neethling het Hesselman nie onverskillig met staatseiendom gewerk nie en sy het aanbeveel dat die Tesourie nie die koste vir die herstelwerk van Hesselman verhaal nie. Die Tesourie het die verduideliking aanvaar en die herstelkoste van £6.10 betaal.⁸²

So is daar jaarliks deeglike inventaris geneem en moes redes en verduidelikings vir afwykings aangevoer word, maar toe twee kussings in 1954 vermis is, het geen haan daarna gekraai nie. Die kussings is deur Malan se hond verskeur⁸³ en geen kommissie van ondersoek is daarna aangestel nie.

Die inwerkstelling van die nuwe reëls en regulasies was 'n aanduiding dat die woning nou vir die eerste keer bewoon is deur permanente, verantwoordelike inwoners wat die behoefte aan die regulasies ingesien het.

4. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Die Malans het nie veel onthaal nie en het 'n stil, rustige lewe in Libertas gelei. Indien hulle onthaal het, was dit met 'n aandete, gevolg deur gesellige kuier. Daar was nie uitgebreide kontak met die buiteland nie en buitelandse besoekers was min. Vriende, lede van die Nasionale Party en diplomate is onthaal maar geen skemerpartytjies is gehou nie. Daar is die normale teepartytjies, dinees en onthale aangebied soos van die staatshoof verwag is, maar nooit uitspattig of op groot skaal nie. Hoewel Malan en Smuts mekaar goed geken het, kan Lettie Malan haar nie herinner dat sy Smuts ooit by Libertas opgemerk het nie.⁸⁴

⁸¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - H.J. du Plooy, Kommissaris van SAP, 1954-04-26.

⁸² NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Tesourie - Sekr. Buitelandse Sake, 1952-10-27.

⁸³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: G.S. Oosthuizen, Secr. External affairs - Secr. Treasury, 1954-03-23.

⁸⁴ Mondelinge mededeling: A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

Mevrou Betsie Verwoerd het vertel dat die vroue van Kabinetslede gereeld deur mev Malan vir tee na Libertas en Groote Schuur genooi is. Toe dr Verwoerd as nuwe Kabinetslid aangestel is, het mev Malan haar na Libertas genooi. Volgens mev Verwoerd het mev Malan 'n moederlike houding teenoor 'n mens ingeneem.⁸⁵

Daar was belangstelling van die publiek in die woning van die Eerste Minister. Die Eerste Minister het voortdurend versoeke ontvang vir besoeke aan Libertas om die ampswoning te besigtig. Dit is geredelik toegestaan en die besoekers is deur die opsigter deur die woning begelei. So het lede van die Voortrekkerkommando van Sannieshof Libertas in 1953 besoek.⁸⁶ Daar was in Smuts se tyd nie besoekers aan Libertas nie, omdat daar baie gaste in die ampswoning gewoon het, maar in Strijdom se tyd het besoeke van dié aard toegeneem.

5. *Bestuur van die huishouding*

Aangesien Malan die eerste Premier was wat Libertas heeltyds tydens sy ampstermyn bewoon het, was die voorwaardes waaronder hy die ampswoning sou bewoon, een van die eerste sake waaraan aandag gegee moes word. Daar moes bepaal word hoe te werk gegaan moes word om huishoudelike uitgawes soos dié vir persoonlike wasgoed te betaal en hoe die huishouding se uitgawes tussen die Eerste Minister en die Departement van Openbare Werke verdeel moes word.⁸⁷ Met sy bewindsaanvaarding is aan Malan verduidelik hoe onbevredigend en verwarrend die finansiële reëlings met verversings en ander aspekte van die huishouding gedurende die regeringstyd van sy voorganger was. Die vorige reëlings moet gesien word in die lig daarvan dat dit ingestel is tydens die oorlogsjare en in omstandighede toe die woning nie permanent bewoon was nie.⁸⁸

Die reëling in Smuts se tyd was dat die ampswoning gratis aan die Premier beskikbaar gestel is en dat die staat die nodige personeel verskaf en betaal het. Alle uitgawes soos dié vir voedsel en wasgoed moes deur die inwoners self betaal word. Vir 'n hele aantal jare was hierdie reëling onbevredigend, maar Smuts wou nie die bestaande praktyk verander nie. Die reëling was veral

⁸⁵ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 104.

⁸⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: H. Muller, Kommandant Voortrekkerbeweging - J.W. Louw, Sekr. EM, 1953-09-09.

⁸⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec.Ministerial Affairs - Sec. PWD, 1949-03-27.

⁸⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Office of Prime Minister - Sec. to Treasury, 1948-06-15.

verwarrend waar dit gehandel het oor die onthaal van amptelike gaste en etes wat aan die huishoudingpersoneel verskaf is. Dit het gereeld gebeur dat die Eerste Minister die uitgawes uit sy eie sak gedek het. Dit was prakties onmoontlik om afsonderlike voorrade vir die gesin se gebruik en vir amptelike gebruik te hou. Dit was ook baie moeilik om uitgawes wat aangegaan is vir amptelike en huislike gebruik te skei.⁸⁹

In Malan se tyd is as voorlopige maatreël besluit dat die regering volle verantwoordelikheid vir alle uitgawes sou aanvaar. Die Eerste Minister sou dan maandeliks £50 bydra as dekking vir die persoonlike voordeel wat hy en sy gesin uit so 'n reëling trek.⁹⁰

Die reëling is later in Malan se tyd verander om die verdeling van verantwoordelikhede duideliker uit te stip. Die staat sou al die ameublement en toerusting verskaf vir die normale huishoudelike benodighede van die Eerste Minister, sy gesin en gaste wat hy amptelik onthaal. Dit het huishoudelike linne, breekgoed en kombuisgereedskap ingesluit. Die staat sou ook sorg dat die meubels en die toerusting in stand gehou word. Daarvoor sou die staat middele voorsien soos politoer, besems en seep. Die nodige personeel sou deur die staat gehuur en besoldig word om die woning, tuine en ameublement in stand te hou. Uitgawes soos dié vir water en ligte sou ook deur die staat gedra word. Benodighede vir die gebruik van gaste, maar nie deur die Eerste Minister en sy gesin nie, sou ook deur die staat verskaf word.

Die Eerste Minister was verantwoordelik vir die dra van die huishoudelike uitgawes vir die woning. Die staat sou £1000 per jaar bydra, hoofsaaklik as vergoeding vir onthale wat hy ampshalwe byvoorbeeld vir diplomate, aanbied. Die bedrag sou gereeld hersien word om die uitgawes te dek. Groote Schuur en Libertas sou onder dieselfde voorwaardes bewoon word.⁹¹

Mej Neethling of die Eerste Minister se privaatsekretaris moes 'n ogie oor die uitgawes hou, asook 'n rekord van uitgawes wat in verband met die onthaal van regeringsgaste aangegaan is, sodat 'n behoorlike berekening aan die einde van elke twaalf maande gemaak kon word.⁹²

89 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Office of Prime Minister - Sec. to Treasury, 1948-06-15.

90 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. van Tesourie, 1953-04-23.

91 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr. van Tesourie, 1953-04-23.

92 NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sec. PM - Under Sec. PM, 1948-07-24.

Op 17 Augustus 1949 het mej Neethling die opgawe van maandelikse uitgawes van *Libertas* en Groote Schuur vir die tydperk 1 Junie 1948 tot 31 Mei 1949 voorgelê. Van die £1265 was nagenoeg £535 aan amptelike onthale bestee. Die uitgawe-opname het getoon dat die Eerste Minister drie maande in *Libertas* en nege maande in Groote Schuur gewoon het. Sy het gesê dat die gemiddelde maandelikse uitgawes aan *Libertas* £124 en Groote Schuur £100 was. Die maandelikse uitgawes by *Libertas* was dus ongeveer 20% hoër as dié by Groote Schuur. Op sigwaarde is die bevinding ietwat verrassend, aangesien *Libertas* heelwat kleiner en nuwer as Groote Schuur is. Die verskille het sy daaraan toegeskryf dat die Groote Schuur-landgoed sy eie melk, vrugte en groente geproduseer het; dus was die uitgawes heelwat laer as wat in die toekoms verwag kon word. Verder was die lae syfers vir Desember 1948, Maart, April en Mei 1949 vir Groote Schuur daaraan toe te skryf dat die Eerste Minister met vakansie was.⁹³

Nog 'n moontlike rede vir die verskille was dat van die nege maande wat hy in Groote Schuur gewoon het, Malan waarskynlik baie van die tyd in Stellenbosch by sy private woning was. Die onkoste aan die onderhoud aan Groote Schuur is in dié tyd deur die Rhodes-trust gedra en dit het die staat dus minder aan onderhoud gekos.⁹⁴ Hierdie syfers kan dus nie gebruik word om afleidings oor die instandhouding of lewenskoste verbonde aan die twee ampswonings te maak nie.

6. *Strukturele instandhouding van Libertas*

Soos reeds aangedui is, het klammigheid gedurende elke reënseisoen aan die voorste muur van die woning uitgeslaan en het die verf gevolglik in verskeie vertrekke afgedop. Die Departement van Openbare Werke het na elke reënseisoen en net voordat die inwoners na *Libertas* sou terugkeer, die plekke herstel waar verf afgedop het. Die oorsaak van die probleem kon egter nie opgelos word in die tyd tot hulle beskikking nie. Die Departement wou in 1952 weet of hy die nodige hertelwerk aan *Libertas* kon doen. Die Eerste Minister sou van 2 Desember 1952 tot die einde van April 1953 in Kaapstad wees. Dit sou beteken dat die Departement van Openbare Werke vyf maande tot sy beskikking sou hê om die nodige werk te doen.⁹⁵

⁹³ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: A.J. Neethling - Tillema, 1949-08-17.

⁹⁴ NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling: *Cape Times*, 1939-11-04.

⁹⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Dir. PWD - Sekr. Buitelandse Sake, 1952-12-02.

Volgens die Departement sou hy minstens ses maande vir die herstelwerk nodig hê. Hy het 'n rooster opgestel waarvolgens hy van April tot September nodig om die werk te doen. April sou gebruik word om die pleister af te kap en die mure vir nuwe pleister voor te berei. Mei tot Junie moes die mure uitdroog en die oorblywende drie maande sou gebruik word om die binne- en buitemure te pleister en te verf. Dit was noodsaaklik om dit in die droë maande te doen. Die probleem was dat die Eerste Minister Libertas weer van 30 April 1953 wou bewoon en dit die Departement nie genoeg tyd sou laat nie.⁹⁶ Daar is besluit dat tot tyd en wyl 'n geskikter tyd vir die behoorlike herstel van die woning gevind kon word, herstelmetodes van die verlede voortgesit moes word.⁹⁷ So is die lekkende dakke weer nie herstel nie.

7. *Malan se uittrede uit die politiek*

Vroeg in Februarie 1954 het mev Malan ernstig siek geword. Dit was vir Malan 'n groot slag, want hy was baie afhanklik van haar hulp en het swaar gekry. Besoekers aan Libertas het Malan aangetref waar hy sy vrou in 'n rolstoel rondstoot. Hy het dit afgemaak met: "En toe, het jy ooit gedink dat ek nog eendag 'n kinderoppasser sal word!"⁹⁸ Haar siekte sou 'n invloed op sy besluit gehad het om uit die politiek te tree.

Sy gesondheid het verswak en in 1953 het hy sy uittrede as Kaaplandse leier van die Nasionale Party aangekondig. Die aand van Maandag, 11 Oktober 1954 het 'n buitengewone Kabinetsvergadering in Libertas plaasgevind. Tydens dié vergadering in die onderste ontvangskamer het Malan die Kabinet ingelig dat hy die tuig gaan neerlê. Die ouderdom het hom ingehaal, sy vrou - sy bron van steun - was verswak en die Nasionale Party het nie meer sy leidende hand nodig gehad nie. Hy het dus uitgetree⁹⁹ en op 30 November 1954 het hy die politiek finaal vaarwel toegeroep.

Terug in Môrewag, Stellenbosch, was dit rustiger. Die mense van die omgewing het hulle vriendelik ontvang en hulle het 'n huisliker lewe gelei.¹⁰⁰ Hy kon rus en met die lewenslustige Marietjie speel. Sy sou sê: "Dis nie nou politiek-tyd nie, Pappa, dis nou jakker-tyd". In

⁹⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. Buitelandse sake - Dir. PW, 1952-12-06.

⁹⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 153: Sekr. EM - Sekr. Buitelandse sake, 1953-01-07.

⁹⁸ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 291.

⁹⁹ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 293.

¹⁰⁰ H.B. Thom, *DF Malan*, p. 307.

Stellenbosch het hy nou tyd gehad om saam met Marietjie die natuur te bestudeer.¹⁰¹ Hy het begin om sy outobiografie te skryf, maar het dit nooit afgehandel nie¹⁰² want op 7 Februarie 1959 is hy na twee beroerte-aanvalle oorlede.¹⁰³ Hy is in Stellenbosch se begraafplaas begrawe.¹⁰⁴

Libertas was 'n duidelike deel van Malan se bewindstydperk. Hy was die eerste Premier om in die ampswoning te woon. Hy het met die samestelling van sy eerste Kabinet hier begin en dit was ook in Libertas dat hy sy uittrede aangekondig het. Advokaat JG Strijdom sou daarna in die ampswoning intrek as sesde Premier van Suid-Afrika en iemand wat aanklank by Moerdyk se werk gevind het.

101 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 55.

102 D.W. Krüger(red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 584.

103 M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1919-1966)*, p. 91.

104 D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 584.

HOOFSTUK VII

JG STRIJDOM SE VERBLYF IN LIBERTAS KORT GEKNIP DEUR SY DOOD, 1954-1958

A JG STRIJDOM EN GESIN

Johannes Gerhardus Strijdom was die tweede Premier om Libertas tydens sy ampstermyn permanent te bewoon (fig.59). Strijdom is op 14 Julie 1893 op Klipfontein, distrik Willowmore, gebore en het in 1958 as Premier van Suid-Afrika gesterf. Petrus Gerhardus Strijdom en Ellen Elizabeth het hulle seun in 'n rustige landelike atmosfeer grootgemaak en hy het sy lewe lank na aan die grond geleef. Hy het sy laerskoolloopbaan op Willowmore en sy hoërskoolopleiding op Franschhoek voltooi. So 'n sterk vaderlandsliefde het by die skool op Franschhoek geheers dat soms van dislojaliteit teenoor die regering gekla is en dit het inslag by hom gevind.

Na matrikulasie word Strijdom 'n student in tale aan die Victoria-kollege (tans die Universiteit van Stellenbosch) op Stellenbosch. Hy was 'n aktiewe lid van die debats- en filosofiese vereniging, die Afrikaanse Taalvereniging en 'n geesdriftige rugby- en tennisspeler. Strijdom was 'n vurige vaderlander wat Afrikanerbelange vooropgestel het, gelyke regte vir Afrikaans wou verseker en wal teen verengelsing gegooi het. In 1912 het hy sy BA-graad verwerf en besluit om met volstruise te gaan boer. Met die ineenstorting van die volstruisveremark het hy na Pretoria getrek en in die staatsdiens gaan werk.¹

In 1914 het Strijdom innerlik met die versetbeweging gesimpatiseer, maar omdat hy 'n staatsamptenaar was, is hy opgekommandeer. Met sy terugkeer na Pretoria begin hy in die regte aan die Transvaalse Universiteitskollege (nou die Universiteit van Pretoria), studeer. Nadat hy sy studies voltooi het, het hy as advokaat gepraktiseer. Sy aansoek as advokaat was die eerste een wat in Afrikaans by die hooggeregshof in Pretoria ingedien is. Hy het Pretoria verlaat en prokureur op Nylstroom geword. In 1918 het hy afdelingsekretaris van die Nasionale Party in die Waterberg geword. In sy kragtige toesprake het hy hom sterk ten gunste van 'n republiek uitgespreek. Hy het die stryd om Afrikaans op Nylstroom voortgesit deur kort na sy aankoms 'n huwelikskontrak in Afrikaans by die Aktekantoor in te dien. Die Registrateur van Aktes het eers

¹ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, pp. 785-790.

die registrasie geweier todat Strijdom hom met 'n *mandamus* (bevelskrif) van die hooggeregshof gedreig het.²



Figuur 59: J.G. Strijdom, s.a.

Uit: NASA, Pretoria A131: Strijdomversameling
1910-1973.

Hy het die plaas Elsjeskraal op die Springbokvlakte besit en later op die plaas Sandvlakte naby Warmbad saam met sy broer geboer.³ Strijdom se eerste liefde was boerdery en sy plaas Elsjeskraal is volgens die nuutste boerderypraktyke bestuur. Hy het sy liefde vir boerdery met sy liefde vir die natuur gekombineer en gesorg dat inheemse bome op sy plaas en later ook by Groote Schuur aangeplant word, toe hy agtergekom het hoeveel uitheemse bome daar gegroei het.⁴

² D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, pp. 785-790.

³ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, pp. 786-787.

⁴ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, pp. 38-39.

Sy bekendheid in landboukringe het meegebring dat hy in 1923 tot President van die Waterberg-landbouvereniging verkies is. In die algemene verkiesing van 1929 behaal hy 'n groot oorwinning in die Waterberg-kiesafdeling en hy verteenwoordig dié kiesafdeling tot met sy dood in die Volksraad. Sy eerste toespraak in die Volksraad was oor waterbewaring en besproeiing, sake wat vir hom as boer belangrik was.⁵

Strijdom het in die laat twintigerjare vir hom 'n woonhuis in Kerkstraat, Nylstroom, laat bou. In 1943 is die woning vergroot en in 1948 het Strijdom, wat 'n voorliefde vir die Kaaps-Hollandse boustyl gehad het, die woning verder laat verander. Onder leiding van Gerard Moerdyk het die woning sy neo-Kaaps-Hollandse voorkoms gekry. Strijdom het seker min vermoed dat hy later in die huis wat deur Moerdyk as Premierswoning ontwerp is, Libertas, sou bly. Toe Strijdom in 1948 in die Kabinet opgeneem is, het hy die woning op Nylstroom verhuur.⁶ In 1960 het die toenmalige Transvaalse Provinsiale Administrasie die woning gekoop as woning vir die inspekteurs van die onderwysdepartement en nog later is dit deur die hoof van die Susan Strijdomskool gebruik. In 1975 is die woning in die Strijdommuseum omgeskep wat dit teen 2000 nog is.⁷

Hy het die woning vir 'n hele paar jaar voor sy tweede huwelik bewoon. Die veranderinge wat Moerdyk aangebring het, het 'n nuwe dak met 'n gewel en drie vertrekke ingesluit (fig.60). Die houtblokkiesvloere, koperkandelare en die groot voordeur met sy bolig herinner sterk aan Libertas. Moerdyk het selfs 'n koffietafel vir die woning ontwerp wat deur 'n plaaslike vakman gemaak is.⁸

Strijdom se eerste huwelik met Marda Vanne was van korte duur en is ontbind.⁹ Strijdom het haar een aand op 'n partytjie ontmoet en sy hart op haar verloor. Dit was 'n baie onwaarskynlike verhouding. Marda Vanne was passievol oor toneelspeel en het beplan om haar loopbaan in Londen voort te sit. Sy het haar verblyf in Londen onderbreek om haar moeder tydens 'n egskeiding by te staan. Na hulle ontmoeting het hulle baie gou hulle verlowing aangekondig en

⁵ W.J.de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, pp. 786-787.

⁶ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 107.

⁷ R. Odendaal (red.), *Strijdomhuis Joernaal*, amptelike nuusbrieff van die Strijdom-stigting, (1) 1997-12.

⁸ A. Cremer & D. Esterhuizen, *Strijdomhuis*, 'n monument vir die Leeu van die Noorde, *Rooi Rose*, 1979-07-18, p. 100.

⁹ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, p. 16.

trouplanne gemaak. Sake wou nie vlot toe sy haar op Nylstroom moes gaan vestig en nie toneel kon speel nie. Sy wou 'n kompromis aangaan waarvolgens sy nog haar loopbaan kon voortsit, maar daarvoor sou hulle na Pretoria moes trek en daarvoor was Strijdom nie te vinde nie. Hulle huwelik was na 'n jaar op 'n einde. Marda Vanne het nooit weer getrou nie.¹⁰



Figuur 60: Strijdomhuis op Nylstroom, 1999.

Foto: Poskaart, Strijdomhuismuseum.


Strijdom het Susanna de Klerk, dogter van ds. WJ de Klerk, oortuigde Nasionalis, op Nylstroom ontmoet. Sy was musiekonderwyseres op die dorp en het aan die begin gevoel dat Strijdom darem te oud vir haar was. Hy het hom nie laat ontmoedig nie en twee maande nadat hulle mekaar ontmoet het, het hy haar gevra om met hom te trou. Sy het verbaas geantwoord dat hy haar nog nie eens goed geken het nie, waarop sy antwoord was dat mens nooit iemand anders ten volle ken nie.¹¹

¹⁰ P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, pp. 98-99.

¹¹ P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, pp. 100, 105.

Strijdom en sy tweede vrou het mekaar een aand aan huis van vriende ontmoet en die volgende oggend het hy vir haar rooi rose uit sy eie tuin gestuur. Hy het daarna twee jaar lank twee aande per week by haar gaan kuier. Nooit meer as twee aande per week nie en dan ook net stiptelik tot tienuur die aand.¹²

In 1931 het hulle in die huwelik getree. Sy het ook in die politiek belang gestel en het by geleentheid in sy plek as spreker opgetree. Twee kinders, Estelle en Gerhardus, is uit die huwelik gebore (fig.61).¹³



Figuur 61: Die Strijdomgesin.

Uit: P. B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, (Vlaeberg, 1996) p. 33.

Sy was die tante van die latere Eerste Minister en President, FW de Klerk. So is Libertas bewoon deur twee Premiers uit dieselfde familie. Na 1933 het Strijdom baie meer by die politiek betrokke geraak en mev Strijdom het onthou van die baie geleenthede wanneer sy by familie op Potchefstroom gebly het, terwyl hy die Nasionale Party in Transvaal opgebou het.¹⁴

¹² A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 88.

¹³ W.J.de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 793.

¹⁴ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 89.

In dié tyd het hy die land met sy blou Chevrolet deurkruis en was byna net Sondag by die huis en sy praktyk het bitter min aandag van hom gekry. As hy tuis was, sou hulle nie oor politiek gesels nie, maar net tot rus en bedaring kom. Hulle sou na musiek luister of lees.¹⁵

Tussen Hertzog en Strijdom was daar 'n goeie verstandhouding, maar in 1933 het Strijdom geweier om Hertzog in die onderhandelinge met Smuts te steun. Hy was die enigste Transvaler van die slegs 18 Volksraadslede wat Malan gevolg het. In die proses om die Transvaalse NP op te bou, het hy die bynaam 'Die Leeu van die Noorde' gekry. Hy was 'n man van vaste beginsels. Hertzog het van hom gesê dat as Strijdom aanhou om van hom verskil, sal hy dit verstaan want hy is 'n man wat by sy beginsels hou. Baie van die geld wat vir die opbou van die Party nodig was, het uit Strijdom se sak gekom sonder dat hy ooit later vergoeding aanvaar het. 'n Deel van die fondsinsameling was om 'n NP-dagblad te stig. *Die Transvaler* het tot stand gekom met dr HF Verwoerd as die eerste redakteur. Strijdom het 'n geesgenoot in Verwoerd gevind.¹⁶

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Strijdom hom weer in dieselfde party as Hertzog bevind, maar nadat Hertzog die Party verlaat het, het Strijdom die naasgrootste leier in die Nasionale Party geword. Met die verkiesingsoorwinning in 1948 het Strijdom die minder belangrike portefeulje van Minister van Lande en Besproeiing aanvaar. In dié hoedanigheid het hy goeie werk gedoen soos om die grondslag vir die waterbewaringsprogram te lê en die sub-departement tot 'n selfstandige staatsdepartement uit te bou.¹⁷

Met die uittrede van Malan was Strijdom sy vanselfsprekende opvolger, al het Malan voorkeur aan NC Havenga gegee. In 1954 het Strijdom op die ouderdom van een en sestig jaar die vyfde Premier van Suid-Afrika geword en sy intrek in Libertas geneem.¹⁸ Mevrouw Strijdom het haar herinner dat hy op die dag van sy verkiesing die stilste was wat sy hom ooit gesien het. Hy was bly, maar ook onder die indruk van die verantwoordelikheid wat hy gehad het.¹⁹

¹⁵ P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, pp. 104-105.

¹⁶ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, pp. 787-790.

¹⁷ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 790.

¹⁸ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 792.

¹⁹ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 89.

Hy was van gemiddelde lengte met vurige blou oë, wat beklemtoon is deur die donker kringe daarom. Die donker kringe is veroorsaak deur die ernstige siekte waaraan hy in die laaste jare van sy lewe gely het. Hy het 'n indrukwekkende voorkoms gehad en is, volgens FW de Klerk, deur sy Transvaalse ondersteuners verafgod.²⁰

Hy was 'n sjarmante leier en 'n man wie se politieke styl deur vurige toesprake gekenmerk is. Hy was amper magneties op die verhoog, maar sy gesondheid het hom later in die steek gelaat.²¹

Die kinders was skrikkerig vir hulle streng pa, maar hy was altyd bereid om hulle met die huiswerk te help. Hy het aangedring op suiwer Afrikaans en was baie ontstoke as sy kinders Engelse woorde gebruik het. Sy dogter, Estelle, sê dat sy hom byna aanbid het.²²

Die mislukking van sy eerste huwelik was vir hom 'n groot skok.²³ Estelle, sy dogter, het vertel dat sy verniet na haar pa se “verlede” uitgevis het. Hy het nooit 'n woord oor sy eerste huwelik gerep nie. Net een maal het hy gesê: “'n Vrou se plek is in die huis. Studeer, ja, maar as jy trou, moet jy kyk na jou huis, kinders en tuin.”²⁴ So was dit ook met sy tweede vrou wat 'n musikonderwyseres was. Na hulle huwelik het Strijdom vereis dat sy staak om onderwys te gee.²⁵

Volgens Estelle was hy uiters “korrek”. So mag die vroue in die huis nooit in skrapse klere geklee gewees het selfs in hulle eie huis nie, want daar kon personeel hulle sien.²⁶ Daar was 'n heerlike gespot met sy weiering om enige vrou te soen wat nie familie was nie. Tot sy gesin se groot vermaak het baie vroue hom probeer soengroet, maar Strijdom het altyd sy hand uitgesteek.²⁷ Hy was 'n volksmens wat deur die mense op die hande gedra is, maar niemand het ooit te familiêr met hom geraak nie. Niemand het dit ooit gewaag om hom op die skouer te klop en te groet met 'n “Dag, ou Hans” nie.²⁸

²⁰ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 40.

²¹ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

²² H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

²³ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, p. 16.

²⁴ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

²⁵ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

²⁶ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

²⁷ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

²⁸ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 89.

Goeie maniere was vir Strijdom onder alle omstandighede belangrik. In daardie tye het die vrouebeweging, die *Black Sash*, dikwels in protesgelid buite die Parlement en ander regeringsgeboue gestaan. Malan het voorgegee dat hy hulle nie sien nie, maar Strijdom het altyd sy hoed afgehaal en hulle in die verbygaan met ‘n kopknik gegroet.²⁹

Hy was nie ‘n man wat baie geglimlag het nie. Hy het eerder na jou gekyk asof hy jou gemeet het. Saam met kinders het hy gelag wanneer hulle gespeel het. Mevrouw Strijdom was altyd by die kinders. Sy het dikwels Sondagoggende vir die kleintjies lekkers uitgedeel sodat hulle soet in die kerk sou wees.³⁰

Strijdom was ‘n man wat vir grappies kon lag, al was hy stillerig en ernstig. Hy kon ook grappies maak as dit die regte geleentheid was. Een so ‘n geleentheid was die eerste Volksraadsitting wat ‘n nuwe lid en swaer van Strijdom, J de Klerk, sou bywoon. Die reëling was dat as die Speaker of die President van die Senaat ‘n vraag gestel het, die hele huis in hulle banke moes bly sit en nie beweeg nie. Net nadat so ‘n vraag gestel is, het ‘n glimlaggende Strijdom vir De Klerk nader gewink. De Klerk het gehuiwer omdat hy die bestaan van die reëling vermoed het. Maar dit was darem sy swaer en die Premier wat sy aandag vereis het en toe staan hy maar op. Die Speaker het dadelik “Orde! Orde!” uitgeroep en De Klerk het met ‘n rooi gesig in die bank teruggesak.³¹

Mevrou Betsie Verwoerd vertel dat haar man en Strijdom oor die meeste dinge saamgestem, saamgewerk en saam gestry het. Sy self het baie goed met Susan Strijdom oor die weg gekom. Sy was vir mev Verwoerd ‘n ware vriendin wat lief en leed met haar gedeel het.³²

²⁹ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

³⁰ Strijdomhuisargief, Nylstroom: *Die Vaderland*, 1983-04-26, p.13.

³¹ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

³² A. Boshof, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 106.

Met die jong PW en Elize Botha het die Strijdoms voor hulle Premiersdae ook 'n baie hartlike verhouding gehad. Tydens Parlementsittings het hulle dikwels oor en weer by mekaar gaan eet. Die verwydering wat tussen Malan en Strijdom ontstaan het, het ook 'n einde aan dié verhouding gemaak, want Botha het Malan ondersteun.³³

Strijdom het tydens sy vierjarige Premierskap nooit kontak met Malan op Môrewag gemaak nie. Dit het baie mense, soos PW Botha, gehinder wat Strijdom reguit aangeraai het om vrede met Malan te gaan maak. Strijdom het nooit nie.³⁴ In ag geneem dat Malan van Strijdom in die koukus dinge soos: "Nouja, sy naam is Strijdom - en hy stry dom" gesê het, is dit nie verbasend dat die verhouding tussen hulle swak was nie.³⁵ Meiring beweer dat Strijdom wel besoek by Malan afgelê het, maar dat dit 'n baie ongemaklike tien minute was.³⁶

Estelle vertel dat haar pa een keer in Johannesburg per ongeluk met sy motor in 'n swart massa-optog beland het. Hy het sy hand huiwerig gelig om hulle te groet, want hy het gedink hulle sou die kar met klippe bestook. Hy was verras toe hulle geglimlag en teruggegroet het.³⁷

Strijdom was van nature baie spaarsaam en het altyd sy bes probeer om die staat geld te bespaar. Hy het daarop aangedring om self te betaal vir uitgawes wat nie direk met sy ampspligte verband gehou het nie. Dit het vir telegramme, oproepe en seëls gegeld. Toe daar aan hom gevra is waarom hy as boer nie aansoek doen om 'n subsidie vir sy plaasdamme nie, het hy geantwoord dat dit bedoel was vir boere wat dit nie kon bekostig nie. Mense soos hy het nie gekwalifiseer nie.³⁸

Hy het warm onder die kraag geword as hy gesien het hoe ander Parlementslede hulle staatsmotors gebruik het om na nie-amptelike geleenthede te gaan. Hy het treinkaartjies gekoop as sy familielede met sy amptelike treinwa gery het.³⁹

33 D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 37.

34 D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 37.

35 A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 82.

36 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 82.

37 H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

38 G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, p. 35.

39 P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 111.

Die latere eerste minister PW Botha het gevoel dat die grootste indruk wat op hom gemaak is, Strijdom se integriteit was. Hy was nie iemand wat hom met agterbakshede of bedrog opgehou het nie. Met hom het jy presies geweet waar jy gestaan het. Hulle het 'n baie spesiale verhouding gehad en Botha het later steeds briewe bewaar wat Strijdom aan hom geskryf het.⁴⁰

In die huis van die musikonderwyseres het musiek altyd 'n groot rol gespeel. Strijdom het gereeld die musiekkrubriek in die koerante gelees en sy plateversameling aangevul. Hulle het elke moontlike geleentheid wat hulle kon vind, na 'n simfonie-orke gaan luister.⁴¹

Volgens mev Strijdom moes elke vrou sorg dat sy gedurig haar uitkyk verbreed deur te studeer. Sy moes dit vermy dat die man vooruitstrewende en die vrou agterbly, tevrede met haar vroeëre opleiding.⁴² As jong vrou het 'n senuagtige Marike Willemse vir die eerste keer aan die arm van FW de Klerk besoek by die ampswoning van die Eerste Minister en FW se oom, JG Strijdom, gaan aflê. Sy beskryf Susan Strijdom as 'n vriendelike vrou wat so natuurlik opgetree het dat sy dadelik tuis in Libertas gevoel het. Mevrouw Strijdom het gevra dat sy tant San genoem moes word, eerder as mevrou Strijdom en toe sommer dadelik die skaam Marike Willemse gevra om die koek te sny wat hulle saam met die tee sou geniet. Die senuwees het geknaag en om die harde laag marsepein te sny, was maar moeilik. 'n Stuk het afgebreek en op die vloer beland, waar Marike Willemse dit onopsigtelik onder 'n bank ingeskop het.⁴³

Mevrou Strijdom het geglo dat sy vir haar man 'n hawe van rus, vrede en liefde moes skep. Sy het gevoel dat die gesinslewe die spil was waarom alles moes draai. Volgens haar kon die vrou se grootste bydrae wees om haar man by te staan en die gesinslewe gesond te hou. Hulle het inbreuk op hulle intieme huislike oomblikke erg aangevoel. Sy het gesorg dat daar gereeld van Strijdom se gunstelinggeregte voorberei is sodat dit vir hom 'n bederf was.⁴⁴ Die Premier het matig geëet en van goed voorbereide Boerekos gehou. Hy was lief vir appels en vrugteslaai, het verkies om rooibostee te drink en het graag pikniek gehou en in die veld geëet.⁴⁵ Hy kon

⁴⁰ J. Reinders-lêers: koerantknipsel, *Die Transvaler*. s.a.

⁴¹ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, S.Strijdom, *My man, Hans Strijdom*, p. 88.

⁴² NASA, Pretoria. A 131 4: Koerantknipsel. 'n *Dagtaak van mev. Strijdom*, 1958-01-20.

⁴³ M. Maartens, *Marike, a journey through summer and winter*, p. 45.

⁴⁴ NASA, Pretoria. A 131, 4 : Koerantknipsel. 'n *Dagtaak van mev. Strijdom*, 1958-01-20.

⁴⁵ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, pp. 38-39.

ongelukkig raak as 'n soutpot leeg, klam of te klein was. Volgens hom moes daar 'n wet gewees het wat die werking en grootte van soutpote beheer.⁴⁶

Hy was 'n man vir die buitelug en het graag gaan stap en na die inheemse bome gekyk. Hy en mev Strijdom het in hulle jonger dae graag teen Tafelberg uitgeklim, maar hy was nie lief vir jag of hengel nie. Hy het laggend opgemerk dat hengel " 'n lui man se werk is."⁴⁷

Hy was 'n rustelose gees wat nie bedags kon slaap nie. So vertel FW de Klerk dat Strijdom tydens familievakansies in die Nasionale Krugerwildtuin die kinders op opvoedkundige uitstappies geneem het, wanneer die ander grootmense middagslapies geneem het. By dié geleentheid het hy hulle die name van die bome probeer leer.⁴⁸ Hy kon nie maklik of lank slaap nie en was lank voor sonop aan die werk, was diep godsdienstig en 'n gesinsman by uitnemendheid, hy het nie gerook nie en selde alkoholiese drank gebruik⁴⁹ Soms het hy aan sy kinders in Libertas tafelwyn bedien, want hy het gevoel dat kinders van hulle ouers moes leer hoe om drank te hanteer.⁵⁰

Die gebruik van alkoholiese drank deur die Malan- en Strijdom-egpaar was so beperk dat die drank aangekoop vir die koninklike besoek van 1947 teen 1956 nog steeds by Libertas geberg was. Die huishouding het dit aan die Departement van Buitelandse Sake aangebied, aangesien die huishouding self dit nie sou gebruik nie. Die Departement van Buitelandse Sake kon dit dan gebruik as hulle hooggeplaaste buitelandse gaste onthaal. Met die inspeksie van die drank is gevind dat die grootste hoeveelheid daarvan al so agteruitgegaan het dat dit eintlik onbruikbaar was.⁵¹

B DIE STRIJDOMS IN LIBERTAS

Of sy Libertas of Grootte Schuur verkies het, het mev Strijdom diplomaties geantwoord dat sy liefs geen vergelyking tussen hulle wou tref nie, aangesien elkeen sy eie aantreklikhede gehad

46 Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

47 G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, pp. 38-39.

48 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 41.

49 W.J.de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p.793.

50 Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a .

51 NASA, Pretoria. EM 4/2 153 : Sec.Treasury - G.S. Oosthuizen, Sec.PM, 1956-03-04.

het.⁵² Vir die skrywer van die boek *Groote Schuur - great granary to stately home* moes die inwoning in Groote Schuur vir Strijdom met sy openlike anti-Britse gevoel, maar moeilik gewees het, aangesien die woning so duidelik Victoriaans is.⁵³ In dié sin het Strijdom hom seker baie meer tuis gevoel in Libertas met sy eg Afrikaanse geskiedenis. Hulle het Kerskaartjies uitgestuur waarop die naam Libertas op die buitekant gedruk was.⁵⁴

Groote Schuur was in elk geval 'n museum met baie waardevolle en onvervangbare artikels, waar hulle kinders Estelle en Gerhard altyd gevoel het dat niks aangeraak mag word nie.⁵⁵

'n Bekommerde Parlements lid het een aand laat by Libertas verbygery en aangesien die Premier se kantoorlig nog gebrand het, besluit om oor sy probleem met hom te gaan praat. Die Premier self het die voordeur oopgemaak en aangebied om vir hulle te gaan koffie maak. Dit was duidelik dat hy baie goed bekend was met die inhoud van die kombuiskaste en die yskas. Hy het dikwels laat wakker gebly en dan nie van die personeel verwag om hom te bedien nie. Hy het aan 'n familielid vertel dat hy voordat hy getroud was, baie goed na homself omgesien het en dat hy dit steeds kon doen.⁵⁶

1. *Inrigting*

In 1956 doen die Transvaal-museum navraag oor stukke porselein, silwer en geskenke wat Hertzog ontvang en na bewering in Libertas agtergelaat het toe sy Premierskap voltooi was.⁵⁷

Die Kantoor van die Eerste Minister het geantwoord dat die Museum verkeerd ingelig was aangesien Libertas nie in Hertzog se tyd voltooi is nie en hy nie daarin gewoon het nie. Dit was ook onwaarskynlik dat Hertzog enige van sy persoonlike eiendom sou geskenk het om daar bewaar te word.⁵⁸ Indien daar wel artikels was wat deur Hertzog geskenk was, wou die Eerste Minister dit eers self besigtig voordat hy 'n besluit daaroor neem. Die Museum is daarop gewys dat Libertas en Groote Schuur op sigself museums is, aangesien waardevolle artikels van die

⁵² NASA, Pretoria. A 131 4 : Artikels in pers en uitsaaiwese, 1955.

⁵³ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 32.

⁵⁴ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

⁵⁵ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 32.

⁵⁶ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

⁵⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: EM - K.Roodt - Coetzee, Transvaal Museum, 1956-03-01.

⁵⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Transvaal - Museum - Eerste Minister, 1956-03-15.

Eerste Ministers daar bewaar word en vir besigtiging deur die publiek beskikbaar is. In 'n nota onderaan die brief is die huiskelner gevra om die betrokke items aan Strijdom uit te wys.⁵⁹ Watter items aan Strijdom getoon is, is onbekend maar items wat deur Hertzog aan die woning geskenk is, is vandag nog in Libertas te sien, soos die inkstander en die goud-en-silwer-voëls. Die bewys van die ereburgerskap van Londen wat aan Hertzog toegeken is, is egter nie meer in die woning nie.

In 1954 word die Bybel wat deur die eggenote van wyle senator TC Stoffberg aan Malan gegee is aan Malan teruggestuur. Die huishouding was onder die indruk dat dit Malan se persoonlike eiendom was en dat dit as sodanig nie in Libertas kon bly nie.⁶⁰ Malan het geantwoord dat die Bybel nie sy persoonlike besitting was nie, maar vir die Eerste Minister as bewoner van Libertas bedoel was. Dit moes met groot onthale in die eetkamer gebruik word. Dit was dus vir 'n spesifieke plek in Libertas bedoel en moes daar gehou word.⁶¹

Op 2 Augustus 1956 is 'n rusbank en twee stoele van tambotiehout deur die weduwee van kaptein JJ Naudé, hoof van die spioenasiediens van die ZAR gedurende die Anglo-Boereoorlog, aan Strijdom oorhandig. Die meubels is op Zeerust gemaak deur 'n plaaslike persoon wat nooit enige formele opleiding as skrynwerker gehad het nie. Voor sy dood het Naudé die wens uitgespreek dat die meubels aan Strijdom, met wie hy goed bekend was, geskenk moes word. Dit is in Libertas gebruik.⁶²

Die Strijdoms het geen groot veranderings in Libertas aangebring nie. Selfs toe die ampswoning geverf is, het hulle vereis dat die kleurskema dieselfde moes bly soos dit tot in daardie stadium was.⁶³ 'n Nuwe tapyt vir mev Strijdom se privaat sitkamer is uit Brittanje bestel⁶⁴ en 'n staande leeslamp en enkele stukke porselein moes aangekoop word.⁶⁵

⁵⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: K. Roodt - Coetzee - J.P. Nel, 1956-05-30.

⁶⁰ NASA, Pretoria. MEM: Priv.sekr. EM - D.F. Malan, 1954-12-21.

⁶¹ NASA, Pretoria. MEM : D.F. Malan - Priv.sek. EM, 1954-12-30.

⁶² Libertaslêer, Libertas. T. Vorsterversameling P10/4 Deel I, s.a.

⁶³ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Scholtz - Aucamp, s.a.

⁶⁴ NASA, Pretoria. MGO 4 2/3/1-1: Minister PWD- Dir.PW, 1957-04-26.

⁶⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.EM - N. du Buisson. Priv.sekr, 1957-11-23.

Die enigste klagte was dat die waterverhittingstelsel nie goed gewerk het nie. As gevolg van die lang sirkulasie-afstand van die warmwaterpepe het die water redelik lous by die badkamers aangekom. Die oplossing was om waterverhitters van 60 gelling (270 l) elk in die badkamers te installeer.⁶⁶

Tydens die Strijdom-jare is die twee tapisserieë *Middagskof* en *Koffietyd* vir Libertas aangekoop. *Middagskof* (fig.62) beeld Voortrekkers te perd langs 'n ossewa in die veld teen skemertyd uit en *Koffietyd* toon 'n Kaaps-Hollandse gewelhuys met paartjies wat kom kuier (fig.63).⁶⁷



Figuur 62: Middagskof.

Uit: NASA, Pretoria A131: Strijdomversameling 1910-1973.

Die twee tapisserieë van 9 voet by 7 voet (ongeveer 2,7m x 2m) is ontwerp en gemaak deur Juanita H Grant van Natal, wat ook 'n groot rol in die naaldwerk van die Voortrekkermonument gespeel het. In 1949 beskryf sy in 'n persoonlike brief die werke. Die man voor op die perd in *Middagskof* het volgens haar baie goed uitgekom. In Grant se eie woorde beeld *Koffietyd* 'n Kaaps-Hollandse woning met pragtige gewels en die allerliefste ou meneer in keil, manel, en wandelstok met mevrou aan sy arm, gekleed in 'n toentertydse lang rok met valletjies in pers sy, geborduurde sjaal en hoed uit. Volgens haar lyk hy soos generaal Hertzog. Grant het gevoel die

⁶⁶ NASA, Pretoria. MGO 4 2/3/1-1: EM - Dir.PW, 1955-08-17.

⁶⁷ NASA, Pretoria. MEM: Sekr. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - E. Wilken, Streekorganiseerder Afdeling Opvoeding vir Volwassenes, 1955-08-11.

werk was 'n "lady's piece" en die perde, gewere en osse van *Middagskof* het meer tot die man gespreek.⁶⁸

Kenners het die werke as 'n bietjie stereotiep, maar eg Suid-Afrikaans beoordeel. By party figure is 'n gebrek aan ritme en lewe en die kleure van een van die rokke was te skerp omdat dit nie met die geheel saamsmelt nie. In *Middagskof* was die kleure eg dié van die Karoo. Dit het die effek van die deinsrigheid teen skemeraand baie goed weergegee. Die wa se kleure was nogtans te skoon; dit het nie gelyk soos 'n wa wat al 'n lang tog agter die rug het nie. Die kunsgehalte was nie hoog nie, maar die beoordelaars het gevoel dat daar nie uit die oog verloor moes word nie dat borduurwerk 'n baie moeilike medium is om in te werk. Daar is besluit om aan te beveel dat beide werke aangekoop word, aangesien dit van nasionale belang was. Grant het £2000 elk gevra, maar die paneel kenners het aanbeveel dat die staat haar net 800 en 850 ghienies aanbied.⁶⁹ Die staat het haar uiteindelik 1000 ghienies vir *Koffietyd* en 750 ghienies vir *Middagskof* aangebied.⁷⁰

⁶⁸ Libertaslêer. Brief van J.H. Grant aan Nellie, Amanzimtoti, 1994-03-27.

⁶⁹ NASA, Pretoria. MEM: Sekr. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap - E. Wilken, Streekorganiseerder Afdeling Opvoeding vir Volwassenes, 1955-08-11.

⁷⁰ NASA, Pretoria. MEM: Privaatsekretaris EM - Priv. sekr PW, 1956-01-16.



Figuur 63: Koffietyd.

Foto: X. Barnard, 1999.

In Januarie 1956 het die Tesourie toestemming verleen vir die aankoop van die werke van mnr. Grant – mev Grant was reeds oorlede - maar dit is eers in Augustus aangekoop na ‘n brief van Strijdom aan die Minister van Openbare Werke, J de Klerk, om hom daaraan te herinner.⁷¹ Teen Oktober 1956 is dit per spoor van Durban na Libertas versend.⁷²

Grant het die aanbod aanvaar, want sy vrou het gevoel het dat dit aan die volk behoort het en dat dit in ‘n gepaste plek moes hang. Sy het haar vroeër so daaroor uitgedruk: “want onthou tog ek is Afrikaner gebore en getogen.”⁷³ Die twee tapisserieë het tot in die tyd van president Mandela in die woning gehang.

⁷¹ NASA, Pretoria. MEM: J.de Klerk - J.G. Strijdom, 1956-08-21.

⁷² NASA, Pretoria. MGO 4 PW 2/3/1-1: EM - H.S.J. van Wyk, waarnemende Dir.PW, 1956-10-30.

⁷³ Libertaslêer, Libertas. Brief van J.H. Grant aan Nellie, Amanzimtoti, 1994-03-27.

2. Tuine

Strijdom en sy vrou het graag gestap en hulle het vroeër tydens hulle huwelik dikwels Tafelberg uitgeklim. As hy smiddae van kantoor af gekom het en deur die tuine van Libertas gery het, het hy elke arbeider en tuinier gegroet. Sy hond, 'n geskenk van 'n vriend, het hom dan eerste bestorm. As hy in die tuine gewandel het, was die hond altyd by Strijdom.⁷⁴

Strijdom, die natuurliefhebber, het sy hand oor die tuine van Libertas en Grootte Schuur gehou. Hy het kort nadat hy by Grootte Schuur ingetrek het, besef dat die tuine gevul was met uitheemse bome. Hy het dadelik gevra dat meer inheemse bome aangeplant word.⁷⁵ In 1955 is vier bome in Libertas se tuine wat as ongewens beskou is, verwyder en deur geskikter inheemse bome vervang.⁷⁶

Mevrou Strijdom het gevra dat die tuine van Libertas van die volgende jaar af plukblomme en groente aan die huishouding moes verskaf.⁷⁷ In Libertas kon Strijdom nooit by 'n blommerangskikking verbyloop sonder om dit te bewonder en die verantwoordelike dame geluk te wens en te bedank nie.⁷⁸

Die woning se terrein was op daardie tydstip nog redelik toeganklik vir die publiek. In 1956 is gekla oor die 'naturelle' wat deur die hek aan die oostekant van Libertas verby die tennisbaan na Soutpansbergweg loop. Daar is gevra dat die hek na ure gesluit word en mense verbied word om te eniger tyd deur die terrein te loop.⁷⁹ Die oplossing was om 'n swart konstabel by die hek te plaas om diegene weg te wys wat daar wou deurstap. Daar moes addisionele *Streng Privaat-kennisgewingborde* op die noordelike grens aangebring word en planne moes gemaak word om die noordelike en westelike grense van heinings te voorsien.⁸⁰

⁷⁴ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, pp. 38-39.

⁷⁵ G. Coetsee, *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*, p. 38.

⁷⁶ NASA, Pretoria. MEM: Priv.sekr PWD - Priv.sekr. EM, 1955-11-04.

⁷⁷ NASA, Pretoria. MGO 4 PW 2/3/1-1 : PWD - C.J. Liebenberg, Priv.sekr, 1957-11-11.

⁷⁸ NASA, Pretoria. A 131 15: Gedigte en lewensketse.

⁷⁹ NASA, Pretoria. MEM: Privaat sekretaris .PWD - G.A. Keyser, Priv.sekr EM, 1956-11-12.

⁸⁰ NASA, Pretoria. MEM: Sekr.EM - Priv.sekr PW, 1956-12-10.

3. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Strijdom was ten gunste daarvan dat die ampswoning vir besoekers oopgestel word gedurende die tye wanneer dit nie bewoon is nie. Dit moes op dieselfde wyse geskied as wat met Groote Schuur die geval was.⁸¹ Wat met die aanbeveling gebeur het, is nie duidelik nie, maar 'n versoek deur die Emzimvubu Country School, Meadowlands, om Libertas slegs van buite te besigtig “to show and prove how happy parents and scholars are in Meadowlands”⁸² is afgekeur. Die rede daarvoor was dat die woning op daardie tydstip deur die gesin bewoon sou wees.⁸³

Die Strijdoms het graag besoekers aan Libertas ontvang. Studente van die Pretoriase Onderwyskollege (fig.64) en lede van die Nasionale Jeugbond is onthaal op versnaperinge en het vir die egpaar gesing.⁸⁴ Aan die leerlinge van die Doornfonteinskool by Nylstroom is koeldrank bedien⁸⁵ en die hoof van 'n ander skool is later op besoek aan die huis gevra om nie 'n toespraak tydens die besoek te hou nie. Die Strijdoms het nog 'n ander afspraak kort na die besoek gehad. Die leerlinge kon wel koeldrank drink en die woning besigtig.⁸⁶

81 NASA, Pretoria. MEM: Priv.Sekr. EM - Priv.Sekr. PW, 1958-05-01.

82 NASA, Pretoria. MEM: Chief Caretaker, Libertas - Principal Emzimvubu Country School, Meadowlands, s.a.

83 NASA, Pretoria. MEM: Pincipal E C School - G.A. Keyser, Priv.Sec, 1956-08-25.

84 NASA, Pretoria. A 131 4 : *Die Transvaler*, 1956-10-22.

85 NASA, Pretoria. MEM: Hooforganiseerder Opvoedkundige Skoolreisdien, Pta - J.P. Nel, Privaatsekr. EM, 1958-02-07.

86 NASA, Pretoria. MEM: Priv.sekr.EM - G. Grobbelaar, Hoof Rietfonteinskool, 1958-05-19.



Figuur 64: Studente van die Pretoriase Onderwyskollege saam met mev Strijdom.


Uit: NASA, Pretoria A131: Strijdomversameling 1910-1973.

Een van die belangrikste besoekers aan Libertas was prins Bernard van die Nederlande. Hy is getroud met die voormalige koningin van die Nederlande, Juliana. Hy het nie in Libertas oornag nie, maar was slegs vir 'n ete daar.⁸⁷

Een van die intieme huislike oomblikke in Libertas was die verlowing van die Strijdoms se dogter Estelle aan Thomas Langley (fig.65). Die verlowing is saam met familieleden en 'n klein groepie vriende in Libertas gevier en die gedagte was ook om in November 1958 in Libertas te trou. Ongelukkig is Strijdom dood voor die huweliksbevestiging en het die troue nie in Libertas plaasgevind nie⁸⁸ en is Estelle Strijdom nie met Langley getroud nie.

⁸⁷ Geskrewe inligting: S. van Zyl, Posbus 138, Clocolan, 9753, 1998-08-11.

⁸⁸ NASA, Pretoria. A 131 4: *Die Transvaler*, 1958-06-09.



Figuur 65: Estelle Strijdom en T. Langley met hulle verloving in *Libertas*, 1958-06-07.

Uit: NASA, Pretoria A131: Strijdomversameling 1910-1973.

Dit is in *Libertas* dat Strijdom deur sy dokter meegedeel is dat hy sy gesondheid van so 'n aard is dat hy uit die politiek moes tree of net met beperkte deelname aan die politieke lewe kon voortgaan. Strijdom het 'n paar minute deur die venster van die slaapkamer na die tuine van die stad uitgekyk en toe die dokter vir sy raad bedank.⁸⁹

⁸⁹

P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers*, p. 115.

4. *Dood van Strijdom*

In 1957 word hy in Pretoria ernstig siek met griep en longontsteking en die geneesheer skryf behandeling en rus voor. Dit bring mee dat hy die eerste Parlementsitting van 1958 nie kon bywoon nie.⁹⁰ Teen Januarie 1958 het hy reeds so herstel dat hy 'n dag op sy plaas kon deurbring.⁹¹ In 'n brief aan 'n familiëvriendin – Florence Amery van Londen - het hy hom so oor sy gesondheid uitgespreek: “I am afraid that during quite a number of years I have exerted myself too much and it is only natural having to pay the penalty now.”⁹² Later in 1958 word hy weer siek en hy moet as gevolg van 'n letsel aan sy hartklep in die bed bly. Hy is in die Volkshospitaal in Kaapstad opgeneem en 'n verdere terugslag lei tot sy dood op 24 Augustus 1958.⁹³

Sy vrou is ook gedurende die laaste weke van sy lewe in die hospitaal opgeneem. Sy is drie dae voor sy dood deur die hospitaalpersoneel gehelp om hom te gaan besoek, omdat hulle gemeen het dit sou hom goed doen om haar verbeterde gesondheid self te sien. Hy was baie bly om haar soveel beter te sien en sy oë het blou gevonkel. Hy was die volgende twee dae in 'n koma en sy laaste woorde aan haar was 'n sagte “Tot siens.”⁹⁴

Sy dogter onthou dat die routrein wat sy kis na Pretoria geneem het, twee of drie dae geneem het om sy bestemming te bereik, want dit moes op elke stasie stilhou sodat die mense rou kon betuig. Mense het die trein oral ingewag en het gehuil asof hulle 'n naasbestaande verloor het. Volgens haar was dit omdat die mense kon aanvoel dat haar pa 'n warmte vir sy volk gehad het.⁹⁵

Die gesin het tydens die begrafnis nog in Libertas gewoon. 'n Diens is in die amfiteater by die Uniegebou gehou en vandaar af het die stoet na die kerkhof in Kerkstraat-Wes beweeg. Voor die beeld van Paul Kruger, die staatsfiguur wat Strijdom so bewonder het, het die stoet vir tien

⁹⁰ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p. 792.

⁹¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Persoonlike brief Gideon - Bokkie, Pretoria 1958-01-29.

⁹² Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

⁹³ W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III, p.792.

⁹⁴ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 90.

⁹⁵ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

minute stilgestaan en daarna voortbeweeg. ‘n Handvol grond van Strijdom se plaas is oor sy kis gestrooi.⁹⁶

‘n Groot teleursteling vir Strijdom was dat hy nooit ‘n republiek kon uitroep nie. Met die verkiesing in 1958 was hy reeds ‘n baie siek man wat na die uitslag gesê het dat hy eintlik toe ‘n republiek moes uitgeroep het, maar “ek het nie die krag nie.”⁹⁷ Hy het gevoel soos Moses wat sy mense tot by die beloofde land gelei het, maar die voorreg daarvan nie kon smaak nie.⁹⁸

Strijdom se regeringstydperk was van korte duur en het hy nie veel tyd gehad om ‘n eie stempel op Libertas af te druk nie. Tog sou sy tyd van inwoning nie vir hom onaangenaam gewees het nie, aangesien Libertas en die woning op Nylstroom soveel ooreenkomste gehad het soos die houtvloere, groot ontvangsvertreke en die houtvensters en -deure. ‘n Mens kan die hand van Moerdyk baie duidelik in beide wonings sien.

⁹⁶ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

⁹⁷ H. Retief, *My Pa, die Premier*, *Sarie*, 1990-02-07, p. 17.

⁹⁸ Strijdomhuisargief, Nylstroom: Ongepubliseerde notas, s.a.

HOOFSTUK VIII

LIBERTAS WORD 'N WARE GESINSWONING IN DIE TYDPERK VAN DIE VERWOERDS, 1958-1966

A HF VERWOERD EN GESIN

Hendrik Frensch Verwoerd is op 8 September 1901 in Amsterdam, Nederland, gebore en was die tweede kind van Wilhelmus Johannes Verwoerd en Anje Strik. Die Verwoerd-egpaar het in 1903 na Suid-Afrika geïmmigreer, waarskynlik as gevolg van Verwoerd se vader se simpatie met die Afrikaner en veral met die Boerestryd tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Die Verwoerds het hulle in Wynberg in die Kaap gevestig waar WJ Verwoerd in die boubedryf was.¹ Hendrik Verwoerd het sy skoolopleiding aan die Wynberg High School for Boys begin en nadat sy ouers na Bulawayo verhuis het, dit aan die Milton High School in die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe) voortgesit. Hier het hy as gevolg van sy Afrikaansgesindheid baie onaangenaamheid ervaar. Van 1917 tot 1918 was hy op Brandfort in die Vrystaat op skool nadat sy ouers daarheen verhuis het. Hier het hy hom in die Afrikaanse omgewing tuis gevoel. Hy het sy briljante skoolloopbaan met die matriekeksamen voltooi en in dié eksamen die eerste plek in die Oranje-Vrystaat en die vyfde plek in Suid-Afrika behaal.²

Verwoerd het begin om Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer, maar het van rigting verander en hom in die Sielkunde bekwaam. In 1924 het hy die graad D.Phil. in Sielkunde behaal en is as lektor in Sielkunde aangestel. Twee jaar later het hy 'n studiebeurs verwerf en het in Duitsland aan die universiteite van Leipzig, Hamburg en Berlyn gestudeer. In 1927 is Hendrik Verwoerd in Hamburg, Duitsland met Elizabeth (Betsie) Schoombie getroud (fig.66). Hulle het mekaar sedert 1919 geken en was in 1925 saam dosente - hy in Sielkunde en sy in Afrikaans - aan die Universiteit van Stellenbosch. Uit die huwelik is agt kinders gebore van wie die eerste

¹ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 779.

² M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 117.

een kort na geboorte oorlede is.³ Aan die begin het dit met so ‘n groot gesin maar moeilik gegaan en het Betsie Verwoerd na dié dae as die “lap-en-stop-dae” verwys.⁴



Figuur 66: Dr H.F en mev Betsie Verwoerd.

Uit: P. Meiring, *Ons eerste ses Premiers* (Kaapstad & Johannesburg, 1972), teenoor p. 105.

Die vrou agter die man moet nooit misgekyk word nie, veral nie as daardie vrou Betsie Verwoerd was nie. Volgens G.D. Scholtz sou “ ‘n diepe en innige sielegemeenskap hulle tot sy (Verwoerd se) dood verbind.” Haar dagboekinskrywing van 8 Maart 1964 maak dit duidelik: “Vandag so ‘n heerlike rustige Sondag saam, net ons twee. Lekker rondgeloopt, baie gesels in ‘n besondere kameraadskaplike gees. So baie saam deurgemaak, so saamgegroeï, sulke goeie maats.”⁵

³ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 118.

⁴ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

⁵ G.D. Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, II*, p. 5.

Mevrou Verwoerd was vir haar man 'n groot bron van steun. Sy het selde voor hom gaan slaap en was altyd naby sodat sy kon help as dit nodig was. Soms het hy briewe of memorandumms aan haar gedikteer en sy het ook vertaalwerk en die nasien van Hansard-verslae gedoen. Wanneer sy iets gekontroleer het, was Verwoerd tevrede met die gehalte daarvan.⁶

Vir Wilhelm Verwoerd, die oudste van die sewe kinders, het sy ouers 'n ideale verhouding gehad. 'n Engelse dagblad het sy ma een keer as "vol van die gloed van geluk" beskryf. Wilhelm Verwoerd onthou hoe sy ouers in die aande in Libertas se tuine gaan stap het, waartydens Verwoerd sy gedagtes met sy vrou gedeel en georden het. Hulle was 'n besonder hegte, gelukkige gesin.⁷ Verwoerd het teenoor 'n vriend opgemerk dat sy kinders die grootste bydrae is wat hy en sy vrou aan die Suid-Afrikaanse nasie gelewer het.⁸

Vir die kunstenaar Tessa Lotter was dit opvallend hoe heg die band tussen die Verwoerd-gesin was. Volgens haar was Betsie Verwoerd die spil waarom alles gedraai het. Sy het alles wat moontlik is, gedoen sodat Verwoerd nie na huislike probleme ook moes omsien nie.⁹ Volgens Anna Boshoff, dogter van Verwoerd, het hy hom nie met mev Verwoerd se hantering van die huishouding ingemeng nie en haar selfs laat begaan as sy iets gedoen het wat hy nie so sou doen nie. Volgens mev Verwoerd het sy getrou om vrou en moeder te wees. Sy het doelbewus gekies om nie 'n professionele, sosiale of politieke lewe te volg nie. Haar belangrikste taak was om na haar man om te sien.¹⁰

In 1928 is Verwoerd as hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Die Verwoerd-egpaar het Stellenbosch goed geken en het maklik daar aangepas. Volgens sy studente was hy 'n uitsonderlike dosent.¹¹ Aletta Johanna Neethling, privaat sekretaresse vir mev Maria Malan, was een van Verwoerd se studente. Sy het hom as 'n briljante dosent en mens beskryf.¹²

⁶ F. Barnard, *13 Jaar in die skadu van dr. H. F. Verwoerd*, pp. 17-19.

⁷ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

⁸ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 118.

⁹ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 79.

¹⁰ Garry Allighan, *The private life of dr. Verwoerd, Personality*, 1961-03-23, pp. 23, 28.

¹¹ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 118.

¹² Mondelinge mededeling: mev. A.J. Malan, Lynnwoodoord 72, The Hillside, 0001, Pretoria, 1996-10-17.

In dié tyd het Verwoerd by die armbankevraagstuk betrokke geraak. Na 'n studie van die vraagstuk het hy tot die besef gekom dat daar 'n dringende vraag na opgeleide maatskaplike werkers in Suid-Afrika bestaan het. Dit het gelei tot die totstandkoming van die Departement Sosiologie en Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy was vyf jaar by die opleiding van maatskaplike werkers betrokke en het steeds by die armbankevraagstuk betrokke gebly.¹³

In 1936 het Verwoerd die eerste redakteur van die dagblad *Die Transvaler* geword. Hy het daarmee die eerste tree op sy politieke loopbaan gegee. Hy wou die republikeinse ideaal versterk en die armbankevraagstuk aan die Witwatersrand probeer oplos.¹⁴ Verwoerd het die koerant gebruik om in die oorlog 'n neutrale posisie te handhaaf. Wilhelm Verwoerd vertel dat sy vader daarom ongewild was by Afrikaners wat met die Duitsers gesimpatiseer het.¹⁵

Tenstanders van Verwoerd het hom gesien as 'n onwrikbare persoon wat vir geen oortuiging vatbaar was nie. Niks minder nie as 'n diktator.¹⁶ Wilhelm Verwoerd het sy vader nooit onbuigsaam gevind nie en beskou dit as een van die wanopvattinge oor hom. Die woorde van die Engelse pers wat Verwoerd as van "graniet" uitgebeeld het, sou sy vader as 'n kompliment beskou het (fig.67). Die Afrikaner het in daardie dae beginselvastheid baie belangrik geag. Sy oorredingsvermoë was legendaries, tog was hy intelligent genoeg om die verdienste van 'n redelike teenargument in te sien.¹⁷ Verwoerd se Kabinet is heeltemal deur sy intellek en sterk persoonlikheid oorheers. Kantaantekeninge deur hom op regeringsverslae is byna as heilig beskou en kon jare lank beleid beïnvloed.¹⁸

¹³ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 119.

¹⁴ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 119.


¹⁵ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

¹⁶ C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 779.

¹⁷ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

¹⁸ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 60.

Hy het grenslose selfvertroue gehad wat uit 'n diepe oortuiging en godsdienstige lewensopvatting gespruit het. Hy was innemend, vriendelik en nederig met persoonlike sjarme en lewensblyheid. Piet Meiring, wat vir jare met hom saamgewerk het, het getuig dat net so hartlik soos hy kon wees, net so hard kon hy wees. Sy geheue vir teenstand en teenstanders was lank en sy genade min.¹⁹



Figuur 67: Verwoerd uitgebeeld as 'n persoon met 'n onwrikbare wil.

Uit: G. Allighan, *Verwoerd - the end* (England, 1961), volg op titelblad.

¹⁹

C.J. Beyers (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek IV*, p. 779.

Volgens Helen Suzman, (1917-) vir ses en dertig jaar Parlements lid, was Verwoerd die enigste persoon waarvoor sy werklik bang was en sy vermoed dat dit ook vir Verwoerd se eie volgelinge en die hele Verenigde Party, toe die opposisie, gegeld het. Hy kon in die Parlement opstaan en 'n toespraak van twee uur hou sonder om na enige aantekeninge te verwys. Hy was 'n oortuigende spreker wat 'n mens byna van sy standpunt kon oortuig, al het jy nie soos hy, aan apartheid geglo nie.²⁰

In 1948 is Verwoerd tot senator verkies en in 1950 is hy as Minister van Naturellesake in Malan se Kabinet aangestel. In 1958, na die dood van sy vriend JG Strijdom, is hy tot Premier verkies. Hy het dit as die geleentheid beskou om Suid-Afrika na 'n republiek binne of buite die Statebond te lei. Op 9 April 1960 het 'n sluipmoordaanval op sy lewe plaasgevind. Hy is geskiet en in die kop gewond, maar het wonderbaarlik herstel. In Oktober 1960 het 'n referendum beslis dat die blanke bevolking van Suid-Afrika hom in sy ideaal van 'n republiek gesteun het. Die Statebondslande wou egter nie die Republiek van Suid-Afrika in die Statebond toelaat sonder dat die land sy rassebeleid verander nie. Daarop het Verwoerd verklaar dat Suid-Afrika uit die Statebond tree en op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom.²¹

²⁰ H. Suzman, *In no uncertain terms*, p. 65.

²¹ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, pp. 119-120.



Figuur 68: Verwoerd word na die sluipmoord-aanval uit die Parlement geneem.

Uit: J. J. J. Scholtz, *Die moord op dr. Verwoerd* (Kaapstad, 1967), p. 1.

Projekte wat in sy ampstermyn aangepak is, het selfbestuur vir die Transkei, die Oranjerivierprojek, die stigting van 'n eie wapenbedryf en die bou van 'n eksperimentele kernreaktor ingesluit. Hy het ook die weg gebaan vir toekomstige onderhandelings met swart leiers deur sy samesprekings met die Premier van Lesotho, Leabua Jonathan, op 3 September 1966. Verwagtinge het bestaan dat 'n beleidsverklaring oor die samesprekings op 6 September gedoen sou word. Op dié dag is Verwoerd egter in die Parlement deur Demetrio Tsafendas, 'n immigrant uit Mosambiek, met 'n dolk doodgesteek (fig.68).²²

Sy kinders het hom as 'n gawe persoon ervaar wat nooit vir iemand 'n lelike woord te sê gehad het nie. Hy was die een na wie hulle gegaan het as een van hulle 'n doring in die voet of iets in die oog gehad het. Hy het as die "gesinsdokter" opgetree en hulle versorg. Mevrouw Verwoerd het nooit haar man herken in die beskrywing wat in die pers van hom gegee is nie. Volgens haar,

²²

M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, pp. 122-123.

was hy altyd sorgsaam teenoor haar en hulle kinders. Haar enigste klagte was hulle te min tyd gehad het om saam deur te bring.²³



Figuur 69: Verwoerd op die strand saam met sy familie.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 158.

Verwoerd was 'n gesinsman wat graag tyd saam met sy gesin deurgebring het. Daar was altyd gesinsaktiwiteite, speletjies, stokperdjies en uitstappies. Hy het sy vriende uit sy familieverband gekies en sy vrou en sewe kinders was die mense op wie hy sy liefde uitgestort het (fig.69).²⁴

Hy het in 1942 - toe hy die redakteur van *Die Transvaler* was - 'n stuk grond, Wonderfontein, op die Transvaalse Hoëveld, naby Devon, gekoop en hom hoofsaaklik op suiwelboerdery toegespits. Daar kon hy ontspan en hom met sy vaardige hande besig hou.²⁵ Wilhelm Verwoerd het vertel dat sy pa die rit daarheen die heerlikste geselstyd gemaak het. Hy het altyd uitgesien daarna om sy Frieskudde te sien. Hy het die plaas nog in 1958 gehad toe hy Premier geword het, maar al hoe minder tyd gevind om daar deur te bring en dit verkoop. Vakansietye het hulle op

²³ Garry Allighan, The private life of Dr. Verwoerd, *Personality*, 1961-03-23, p. 23.

²⁴ Garry Allighan, The private life of Dr. Verwoerd, *Personality*, 1961-03-23, p. 23.

²⁵ G.D. Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, II*, p. 5.

Bettysbaai deurgebring, waar sy pa tyd aan sy geliefkoosde tydverdryf - hengel - kon afstaan. Tydens sy koerantjare het hy ook tyd gehad om sy gunsteling Zane Grey-cowboyboeke te lees.²⁶

Hy het nie daarvan gehou om uithuisig te wees nie en het verkies om in sy eie bed te slaap. Naweke wou hy by die huis wees om saam met sy gesin deur te bring. Hy het gereeld in Brandfort by sy vader aangegaan en 'n hele dag daar deurgebring. By sulke geleenthede het hy sy vader se gunstelingsigare as geskenk saamgeneem.²⁷

Stokkiesdraai was die Verwoerds se vakansiehuis aan die oewer van die Vaalrivier in die distrik Vanderbijlpark (fig.70). Die woning en terrein is deur die Perskorporasie van Suid-Afrika aan die Verwoerds geskenk. Die rus- en uitspanningsplek is as blyk van waardering aan die Premierspaar geskenk en moes dien as wegkomplekkie wanneer hulle in Pretoria was. Verwoerd was baie ingenome met die stukkie grond en het dit as sy aftreepark gesien. Hy het begin om 'n klein boerdery op die been te bring. Hy het die naam van Vredeplaas na Stokkiesdraai verander omdat hy daar van sy amptelike pligte kon ontvlug.²⁸

Stokkiesdraai was nie 'n luukse huis nie, maar net gerieflik. Dit het groot vertrekke gehad en is van klip gebou. Die stoep het 'n pragtige uitsig op die rivier waarop Verwoerd graag met sy motorboot gevaar het. Voordat die woning aan die Verwoerds geskenk is, het dit 'n lang tyd leeg gestaan. Werk moes dus daaraan gedoen word voordat hulle dit in Julie 1965 kon betrek. Daar moes kaste ingesit word en die woning moes nuut geverf word. Muurpapier is uit Amerika vir die sitkamer en die hoofslaapkamer ingevoer. Baie van die meubels wat in die woning gebruik is, is deur vriende of organisasies aan die Verwoerds geskenk om in die woning te gebruik.²⁹

²⁶ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

²⁷ F. Barnard, *13 Jaar in die skadu van dr. H. F. Verwoerd*, p. 25

²⁸ M. van Heerden, *Stokkiesdraai*, pp. 28-31.

²⁹ M. van Heerden, *Stokkiesdraai*, pp. 32-33.



Figuur 70: Stokkiesdraai.

Uit: M. van Heerden, *Stokkiesdraai* (Pretoria, 1984), p. 35.

Verwoerd het graag tyd op Stokkiesdraai deurgebring. Die grootste deel van die langnaweek voor Verwoerd se dood was die gesin juis op Stokkiesdraai. Hy was die naweek vol planne wat hy op die plaas wou doen en het orals op die plaas rondgeloop. Hy het na sy boerdery op die stukkie grond oorkant die rivier gaan kyk en 'n nuwe motorboot aangeskaf. 'n Amptenaar van die vistelery het opgedaag en almal het gehelp om die eerste visse vir 'n beplande vistelery in die dam te plaas. Sy toekomsplanne was nou verweef met die stukkie grond.³⁰

By Stokkiesdraai het hy saam met die messelaars gewerk wat 'n pomphuisie gebou het en later saam met hulle op boomstompe gesit en aan hulle sy beleid verduidelik. Hy het gemaklik met mense van alle stande oor die weg gekom en kon ontspanne met hulle gesels.³¹

Wilhelm het aan sy senator-vader vermeld dat die universiteitskoerant van Stellenbosch 'n aantal politici aan die woord wou stel waarvan Verwoerd een was. Hulle wou ook 'n Kaapstadse Parlements lid, Sam Kahn, gebruik om die Kommunistiese standpunt te stel. Verwoerd het geweier om verder saam te werk omdat hy nie met 'n man soos Kahn vereenselwig wou word

³⁰ J.J.J. Scholtz, *Die moord op Verwoerd*, p. 6.

³¹ G.D. Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, II*, p. 19.

nie. Verwoerd het hulle aangeraai om eerder ‘n “moeite werd” Kommunis te kry. Hy het ‘n sekere jong advokaat van Johannesburg, Bram Fischer, aanbeveel.³²

B DIE VERWOERDS IN LIBERTAS

Op die vraag oor watter van die amptelike wonings sy as haar ‘tuiste’ beskou het, het mev. Verwoerd Libertas uitgesonder. Die woning was nuut en gebou met die Eerste Minister in gedagte. Dus was die ontwerp en uitleg van die woning baie meer kompak, modern en funksioneel as die ander verblyfplekke.³³ Volgens Annatjie Boshoff was die Verwoerds besonder lief vir Libertas. Hulle het dit as hulle ware tuiste ingerig omdat hulle hulle woning in Johannesburg vroeër verkoop het en dus geen ander verblyfplek gehad het tot veel later met Stokkiesdraai nie.³⁴


Na elke sitting van die Parlement was Libertas die familiewoning, want dan het die kinders na ses maande se koshuisinwoning huis toe gekom. Die tyd by Libertas het korter as by Groote Schuur gevoel, want dit was die skoolvakansies wat die Premierspaar gebruik het om saam met die kinders in die Nasionale Krugerwildtuin of by Bettysbaai of Stokkiesdraai deur te bring. Die verblyf in Libertas was ook besonder besig met die Nasionale Party se werksaamhede soos kongresse en verslagvergaderings. Mevrouw Verwoerd het haar man op talle van sy besoeke vergesel en daarom was onthale en besoekers aan Libertas baie minder as aan Groote Schuur.³⁵

³² H. Retief, *My Pa, die Premier*, *Sarie*, 1990-02-07, p. 18.

³³ Garry Allighan, *The private life of Dr. Verwoerd*, *Personality*, 1961-03-23, p. 28.

³⁴ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, “Baie Dankie”, Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999.

³⁵ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 77.



Figuur 71: Libertas tydens die verblyf van die Verwoerds.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p.12.

Die kleiner sitkamer aan die oostekant van die ampswoning teenoor Verwoerd se studeerkamer, het onder almal as die familiesitkamer bekend gestaan. Dit is die vertrek wat deur die seuns wat nog in die woning was, gebruik is vir hulle skoolaktiwiteite en hier is die kinders en kleinkinders ontvang wat kom kuier het. Die oostelike stoep aangrensend aan die sitkamer, is ook dikwels met die kuiers gebruik. Dit is waar die egpaar na ete saans vir 'n rukkie ontspan het en as dr Verwoerd dan weer gaan werk het, was sy eggenote naby aan hom. Mevrouw Verwoerd het die vertrek gebruik om korrespondensie af te handel, te lees en later in die aand weer saam met haar man tee te drink. Hulle het gewoonlik baie laat gaan slaap omdat sy vir hom gewag het om sy werk af te handel. Dan het hulle saam gaan slaap.³⁶

Na sy tuis-koms saans en 'n vroeë aandete, sou hulle in die klein sitkamer na die radio luister. Hier het hy dan met sy kop op haar skoot gelê en sy moes met sy hare speel. Baie gou sou hy aan die slaap raak en heerlijk slaap tot met die nege-uurnuus. Dan het hy in die studeerkamer aan briewe, verslae en toesprake gaan werk en koerante gaan lees. Hy het dikwels tot vroeg in die oggend gewerk. As mev Verwoerd gekla het omdat hy nog die vrag koerante in die aand wou

³⁶

Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999.

lees, het hy opgemerk dat sy nie moet neul nie, dit was sy werk. Hy moes weet wat in die wêreld aangaan.³⁷

Wanneer Verwoerd iets gedikteer het, het hy dikwels kaalvoet op en af in die vertrek gestap. As hy agterstallige leeswerk moes inhaal, het hy sy skoene en kouse uitgetrek, sy das afgehaal en op die rusbank gaan lê; dikwels met sy kop of voete op mev Verwoerd se skoot, terwyl sy met haar eie dinge aangegaan het. So het hulle saam gelees of gesels. Verwoerd het nie baie ure in die bed deurgebring nie, maar hy het goed geslaap. Hulle het altyd 'n vroeë ontbyt in hulle slaapkamer gehad en dan die oggendkoerante gelees.³⁸

Mevrou Verwoerd het nooit afsprake gemaak wat met haar man se program sou bots nie. Hy het op sy beurt verkies dat die kookus van die Nasionale Party nie middagete-afsprake met hom maak nie, want hy wou die tydjie tuis saam met sy vrou deurbbring. Hulle het geen middagete-afsprake aanvaar nie.³⁹ Sy het ook nooit uitgegaan as hy tuis was nie en gesorg vir hulle gereelde stappie in die tuin.⁴⁰

Hulle het, as hy tyd gehad het, deur al die Libertas-tuine gestap, rantjie en al. By Groote Schuur het hulle deur die hele landgoed en die omliggende strate gestap. Verwoerd was baie gesteld op die vertroulikheid van Kabinetsvergaderings en ander belangrike gesprekke. Mevrouw Verwoerd het gevoel dat, hoewel sy baie nuuskierig was, sy haar man nooit kon uitvra nie. As hy wel soms op hulle wandeling deur die tuine sake met haar bespreek het, het sy dit waardeer. Dit het haar vrese verdryf dat hulle mekaar dalk sou verloor.⁴¹

Mevrou Verwoerd het nooit die taak om kinders groot te maak aan bediendes oorgelaat nie. Dit was haar taak en voorreg as moeder. Daar het altyd 'n natuurlike en gemaklike atmosfeer geheers. Die eenvoudige dinge in die lewe is by die kinders ingeskerp. Hulle moes alles vir hulleself doen. Hulle moes nie van die bediendes verwag om hulle beddens op te maak of hulle

³⁷ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, p. 118.

³⁸ F. Barnard, *13 Jaar in die skadu van dr. H. F. Verwoerd*, pp. 17-19.

³⁹ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 115.

⁴⁰ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 38.

⁴¹ A.M. van Schoor, *Die Nasionale Boek*, pp. 118-119.

skoene skoon te maak nie. So het Wynand self in Libertas se agterplaas gewerskaf om sy fiets vir die rit skool toe gereed te kry. Wynand was die enigste Verwoerdkind wat in Libertas ingewoon het. Hy het eksperimente in die kombuis op die stoof, sommer so tussen die kospotte, begin uitvoer. Een keer het hy selfs 'n stinkbom in die woning laat afgaan. Sy ouers het 'n plan gemaak en 'n klein pakkamertjie is afgestaan as sy eie 'laboratorium'. Hy moes dit met sy sakgeld inrig.⁴²

Die klein eetkamer aan die einde van die gang naby die kombuis het ook as die familie-eetkamer bekend gestaan. Die Verwoerds het hulle etes baie geniet en rondom die ronde tafel is kopstukke gesels en saam met die kinders gekuier. Die formele eetkamer is net met besondere familiegeleenthede gebruik of as daar te veel mense vir die klein eetkamertjie was, gewoonlik Sondag. Geleenthede in die formele eetkamer was baie spesiaal. In die formele eetkamer het die gesin ook vir laas vir middagete saamgekom na Verwoerd se begrafnis, om daarna vir goed van Libertas afskeid te neem.⁴³

Die kinders en kleinkinders, asook hulle vriende, was welkom by Libertas. Die dogters en kleindogters kon met vrymoedigheid die kinders by Libertas aflaai wanneer dringende dokters- of ander afsprake nagekom moes word. Dikwels moes hulle vir ete bly om ook sommer vir 'Pappa' te sien. Toe Anna 'n operasie moes ondergaan, is die vier klein Boshoffies Libertas toe vir die tydperk. Daar kry hulle nog waterpokkies ook! Oupa Verwoerd het minder tyd gehad, maar het met die kleintjies op die grasperk gaan stap, hulle in die lug geswaai of sommer net 'n bietjie gesels.⁴⁴

Sondag was ook gesinsdae, wanneer die familie na die oggendkerkdiens vir die dag hulle ouers besoek het. Op dié dae het hulle nie besoekers uitgenooi of toegelaat nie. Hulle het die dag vir die tradisionele gesinsamesyn opsy gesit.⁴⁵ Na ete sou almal op die stoepe in gemakstoele sit en

⁴² A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 40-41.

⁴³ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999.

⁴⁴ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 46, 48-49

⁴⁵ Garry Allighan, The private life of Dr. Verwoerd, *Personality*, 1961-03-23, p. 28.

ontspan. Later sou hulle na die een of ander mooi deel van die tuin stap voordat die Premierspaar gaan rus en almal uiteengegaan het.⁴⁶

Dit was altyd 'n groot gebeurtenis as die hele familie saamgekom het om 'n paar dae bymekaar deur te bring. By sodanige geleenthede het Verwoerd saam met die kinders tennis en krieket gespeel.⁴⁷

Annatjie Boshoff het gevoel dat haar kantoor baie goed geleë was, want kommunikasie was die hartklop van die telekommunikasie- en administratiewe bedrywigheede en direk aan mev Verwoerd, die huishouding en Verwoerd se kantoor gekoppel.⁴⁸

1. *Inrigting*

Dr en mev Verwoerd het graag die skilderye en meubels in Libertas verskuif. Hulle het dit geniet om met die kunswerke te 'speel'. Hulle het sowel hulle eie versameling as die staat se skilderye dikwels laat in die aand rondgeskuif. Verwoerd het sommer in die aand die meubels in die personeel se kantore ook verskuif. In die oggend het die personeel die verskuiwings ontdek of Verwoerd het hulle gevra of hulle al gesien het hoe die woning nou lyk.⁴⁹ So is die borsbeeld van generaal Louis Botha, (kunstenaar onbekend), wat gedurende April 1962 in Libertas was, deur die Premier na Kaapstad geneem waar dit in die Parlementsuis uitgestal sou word.⁵⁰

Wanneer Verwoerd in 'n meubelskuifgees was, is die polisieman aan diens ingeroep om te help waar mev Verwoerd nie kon help nie. Verwoerd het dikwels gehelp met die huishouding. So het hy self op die naat van sy rug gelê om met die verstelling van die eetkamertafels te help.⁵¹ Die personeel het dikwels gesien hoe hy 'n skildery wat skeef hang of 'n meubelstuk wat nie op sy regte plek staan nie of 'n ornament wat skeef was, op sy plek terugskuif. Hy was 'n man wat van netheid gehou het en aan die begin van hulle huwelik het dit mev Verwoerd se lewe baie moeilik

⁴⁶ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999.
⁴⁷ G.D. Scholtz, *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, II*, p. 4.
⁴⁸ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999.
⁴⁹ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 70, 155.
⁵⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Buitelandse Sake - Sekr.PW, 1962-08-22.
⁵¹ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 70.

gemaak, maar met tyd het sy daaraan gewoon geraak. Dit is maklik vir 'n kantoor om netjies te bly, maar 'n woning is moeiliker. Sy het dus maar geleer om met hom saam te leef en net elke aand voordat hy tuisgekom het, vinnig alles netjies gemaak.⁵²

Wanneer veranderinge aan die binnenshuiseversiering gemaak moes word is die besluite deur beide Verwoerds geneem. Verwoerd was baie belangstellend met definitiewe idees en het meermale die woord gevoer. Hulle was baie spaarsaam en moes dikwels aangeraai word om iets te vervang. Voorbeelde van gordyne, matte en materiale is deeglik bestudeer en in die aande saam bespreek. Hulle het opsies wat te duur was, verwerp, want dit was staatsgeld wat gebruik word.⁵³ Baie nuwe meubels is nie vir Libertas aangeskaf nie. Die meubels in Verwoerd se kantoor was in sy voorganger se leeftyd al oud, maar hy het gevoel dat nuwe meubels nie nodig was nie. “Waarom nou daardie uitgawe vir 'n bietjie prag en praal aangaan?” was sy woorde.⁵⁴

Mevrou Verwoerd het elke interessante meubelstuk in Libertas geken en kon breedvoerig en ingelig oor die tapisserieë in die woning gesels.⁵⁵

Een van die eerste probleme waarmee die nuwe inwoners van Libertas te doene gekry het, was die polemieë oor 'n skildery deur Winston Churchill wat in Libertas gehang het. Churchill het dié skildery van die piramides gemaak met sy besoek aan Egipte in 1943 en twee daarvan aan generaal JC Smuts geskenk. Volgens die seun van Smuts het sy vader een skildery in Libertas en die ander een in Doornkloof geplaas. Volgens hom was daar geen sprake daarvan dat dit formeel aan Libertas geskenk is nie. Smuts het nooit gedurende sy leeftyd die skildery teruggeëis nie en die Smuts-gesin het dit na sy dood in Libertas gelaat. Hulle het gevoel dat dit die mees gepaste plek vir die skildery was, maar dit het nie beteken dat hulle afstand van die eiendomsreg daarvan gedoen het nie. Die feit dat min Churchill-skilderye in private besit was, was 'n aanduiding van die persoonlike vriendskap tussen Churchill en Smuts. Nie een van Churchill se skilderye is aan regerings- of openbare liggame geskenk nie. Churchill se gevoelens oor die aangeleentheid was welbekend. Die skildery in Libertas kon dus ook nie as die eiendom van die staat beskou word

⁵² Garry Allighan, *The private life of Dr. Verwoerd*, *Personality*, 1961-03-23, p. 29.

⁵³ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 69.

⁵⁴ F. Barnard, *13 Jaar in dr. H.F. Verwoerd se skadu*, p. 158.

⁵⁵ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 78.

nie. Die skildery is na Smuts se dood aan sy seun en naamgenoot bemaak en hoewel hy gevoel het dat die skildery maar in Libertas kon hang, moes die eiendomsreg daarvan duidelik bepaal word.⁵⁶

Met 'n grondige ondersoek deur die huishouding self, kon geen bewyse gevind word dat die skildery aan Libertas behoort het nie. Daar is aanbeveel dat JC Smuts (junior) gevra moes word om sy skildery in besit te kom neem, aangesien die staat nie die verantwoordelikheid vir private eiendom wou aanvaar nie. Die Premier het die wens uitgespreek dat die oorhandiging van die skildery sonder ophef of publisiteit moes geskied en definitief ook nie by Libertas moes plaasvind nie. Die saak moes met die grootse omsigtigheid gehanteer word om te voorkom dat aanstoot geneem word.⁵⁷

Die skildery op sigself is nie as 'n kunswerk van hoogstaande gehalte beskou nie, want "Churchill is nie eintlik 'n kunstenaar op hierdie gebied nie." Tydens 'n onthaal in 1950 in Libertas het Malan al bepaalde eienaardighede van die skildery aangetoon soos dat die piramides in die lug hang en dat die son aan die verkeerde kant geplaas is. Ongunstige kommentaar van besoekers uit die Verenigde Koninkryk is ook oor die kunswerk gehoor en 'n hele polemieks het in die media oor die besitreg van die skildery ontstaan. Daar het dus geen rede bestaan waarom die Departement van Openbare Werke die skildery moes behou nie.⁵⁸

Die skildery is aan die Smuts-gesin terugbesorg. Een van die skilderye is nog in die besit van Smuts se dogter, mev Mary Tait, en die ander is geskenk aan die Universiteit van die Witwatersrand, wat dit in die voorportaal van Jan Smuts House gehang het. Die skildery is egter later uit die raam gesny en het verdwyn.⁵⁹

Dit is moontlik dat die verwarring oor die kunswerke in Libertas aanleiding gegee tot die opdrag dat 'n inventaris van al die kunswerke in die ampswoning gemaak moes word.⁶⁰ Die lys van

⁵⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Dir.PWD - J.C. Smuts, 1958-11-24.

⁵⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: G.S. P. Oosthuizen - T.C. de Vries, 1959-04-17.

⁵⁸ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Koos - Gawie (G.S. Oosthuizen), 1959-03-05.

⁵⁹ P. Grimbeeck, *Recreating the historic house interior*, p. 31.

⁶⁰ NASA, Pretoria. EM4/2 154: Hoofrekenmeester - Sekr.PWD, 1963-08-27.

kunswerke van November 1963 het die kunswerke in Libertas en Groote Schuur ingesluit. Van die een en veertig kunswerke in Libertas wat op die lys verskyn het, was drie tapisserieë, drie beeldhouwerke en die balans skilderye. Twee werke van Pierneef is gewaardeer vir £170 elk, die werk “Old Dutch Homestead” (*Stellenberg*) van Gwelo Goodman vir £280 en die swartgraniet beeld van ‘n luiperd deur F Cuairan vir £330. Die kosbaarste kunswerk was die Vlaamse tappiserie wat vir £490 gewaardeer is.⁶¹ Die beeldhouwerke het twee deur Van Wouw, *Kruger in stoel* (waarskynlik eerder getiteld *Kruger in ballingskap*) en *Slegte nuus*, ingesluit wat in Verwoerd se tyd aangekoop is.⁶²

Vir Groote Schuur is ook twee werke deur Van Wouw, *Die Verkenner* en *Boerenooientjie* aangekoop.⁶³ Op foto’s uit FW de Klerk se tyd, staan die werke van Van Wouw wat vir Groote Schuur aangekoop is in die voorportaal van Libertas. Waarom dit in Libertas geplaas is eerder as in Groote Schuur is nie duidelik nie.

Libertas en die kunswerke daarin, is van soveel waarde geag dat daar gereeld versoeke was om die woning of van die kunswerke vir insluiting in publikasies te fotografeer. So wou dr Anton Rupert ‘n boek oor die werk van Goodman publiseer. Hy wou graag foto’s van die skilderye in Libertas daarby insluit.⁶⁴ HA Opper wou ‘n reeks artikels met die naam *Stately homes of SA* publiseer waarin ‘n artikel oor Libertas ingesluit sou word.⁶⁵

Toestemming is gewoonlik vir die neem van die foto’s gegee, maar duidelike riglyne is neergelê. Daar moes geen berigte oor die neem van die foto’s in enige tydskrifte of koerante verskyn nie. Die fotograaf moes van ‘n amptenaar van die Departement van Openbare Werke vergesel wees en moes geen inbreuk op die privaatheid van die inwoners maak nie.⁶⁶

61 NASA, Pretoria EM 4/2 154: Sekr. PE - Sekr.EM, 1963-11-29.

62 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr. Buitelandse Sake - Sekr.PWD, 1959-12-21.

63 Libertaslêer, Libertas. Priv.sekr.PWD - F. Barnard, Priv.sekr EM, 1959-06-18.

64 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr. EM - Prof. A.L. Meiring, President SA Kunsvereniging, 1964-06-02.

65 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: PWD - H.A. Opper, 1965-10-13.

66 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: A.L. Meiring, President SA Kunsvereniging - Sekr.EM, 1964-06-16.

Daar is aangevoer dat die fotografe soms die huisgesin betrek en feitlik onderhoude met hulle voer en daarom word dit verkies dat foto's geneem word wanneer die huisgesin nie tuis is nie. 'n Opdrag van Verwoerd aan sy privaatsekretaris was dat die foto's nie geneem moes word wanneer daar verbouery of verskuiwings plaasvind wat tot skinderberigte aanleiding kon gee nie. Verwoerd het onthou dat foto's van die Presidentswoning in Pretoria geneem is toe daar sommige ou portrette verwyder is en dat dit 'n hele onnodige bohaai in die pers veroorsaak het.⁶⁷

Die Verwoerds het 'n groot privaatversameling kunswerke gehad wat hulle deur die jare opgebou het. Natuurlik is baie kunswerke aan die Verwoerds geskenk. Party was bedoel as amptelike geskenke, maar ander was persoonlike geskenke wat vir die Verwoerds self bedoel was.⁶⁸

Die landskap- en seeskilder Johannes van der Walt (1915 - 1986) het op Verwoerd se versoek vir hom 'n skildery van 'n stormagtige see gemaak. Die skildery, wat lank in Libertas gehang het, het volgens Verwoerd hom herinner aan die stormagtigheid van die lewe. Die versoek het gespruit uit die besigtiging van 'n skildery, *Renosterberg*, van 'n berg net buite Middelburg, Kaapprovinsie, waar mev Verwoerd grootgeword het.⁶⁹ Die skildery het later sy weg na Stokkiesdraai gevind.

'n Borsbeeld van dr Verwoerd is deur die Belgiese kunstenaar Jean Boedts gemaak. Met die oorhandiging daarvan in 1961 in Libertas het sowat veertig vlugteling uit die voormalige Belgiese Kongo (nou die Demokratiese Republiek van die Kongo) die geleentheid bygewoon (fig.72). Die beeld is uit dankbaarheid teenoor die Suid-Afrikaanse volk deur die vlugteling aan Verwoerd geskenk. Verwoerd het asiel aan die vlugteling uit die Afrikaland gegee. Die beeld was in Stokkiesdraai geberg.⁷⁰

⁶⁷ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr. EM - H.F. Verwoerd, 1965-11-02.

⁶⁸ M. van Heerden, *Stokkiesdraai*, pp. 61, 102, 112-113.

⁶⁹ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers, (1919-1960)*, p. 121.

⁷⁰ M. van Heerden, *Stokkiesdraai*, pp. 61, 102, 112-113.



Figuur 72: Verwoerd tydens die ontvangs van die Boedts-beeld.

Uit: M. van Heerden, *Stokkiesdraai* (Pretoria, 1984), teenoor p. 112.

Op Verwoerd se sestigste verjaarsdag is 'n kruithoringhanger in Libertas aan hom oorhandig. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge het die goue hanger - wat vir 'n horlosieketting bedoel was - aan hom gegee. Die goud waarvan die hanger gemaak is, was oorblyfsels van die goud waarvan die goue pen gemaak is waarmee die Staatspresident in 1961 die republikeinse ampseed onderteken het.⁷¹

'n Skildery deur 'n mev Johnson van 'n leeu se kop, is in Mei 1966 as 'n gebaar van dankbaarheid van die mense van die toenmalige Rhodesië teenoor Suid-Afrika aan dr Verwoerd geskenk en het in die hoofsitkamer gehang. Die skildery is na Verwoerd se dood deur mev Verwoerd aan Libertas geskenk. 'n Muurbord is ook deur mev Verwoerd aan Libertas geskenk. Die bord is aan die Republiek geskenk by geleentheid van die opening van die SAUK se Afrikasender in 1965.⁷² Dit is nie meer in Libertas te sien nie.

Die Transvaler se redaksie en lede van die Nasionale Party wou graag 'n skildery van Verwoerd laat skilder en aan hom oorhandig. Verwoerd het nie tyd gehad om vir die skildery nie te sit

⁷¹ M. van Heerden, *Stokkiesdraai*, pp. 61, 102, 112-113.

⁷² NASA, Pretoria. EM 4/2 II, 1965.

nie, maar die kunstenaar was welkom in sy studeerkamer in Libertas terwyl hy gewerk het.⁷³ Tessa Lötter, portretkunstenaar van Alberton wat reeds hoogwaardigheidsbekleërs soos CR Swart, JG Strijdom en J Fouché geskilder het,⁷⁴ het 'n mooi skildery van 'n glimlaggende Verwoerd gemaak.⁷⁵ Lötter het dit moeilik gevind om hom te kry om vir die studie stil te sit. Hy wou kort-kort weet hoe lank dit nog sou duur. Hy het nie baie daarvan gehou om vir die studie te sit nie.⁷⁶ Later is 'n skildery van mev Verwoerd gemaak en die twee skilderye het lank langs mekaar in hulle private familiekamer in Libertas gehang. 'n Latere skildery van Verwoerd wat vir die Parlement gemaak is, maar deur die staat afgekeur is, het ook baie lank in Libertas se groot sitkamer gehang.⁷⁷

Op Verwoerd se ses en sestigste verjaardag het 'n aantal organisasies soos die FAK en Afrikaanse Handelsinstituut saam 'n koek aan hom geskenk. Die simboliese verjaarsdagkoek het Verwoerd se lewe in versiersuiker uitgebeeld. 'n Glaskas is spesiaal vir die koek gemaak en vir baie jare was die koek deel van die besienswaardighede in Libertas.⁷⁸

Die inwoners van Libertas het ook baie ander geskenke ontvang soos boeke, vrugte, blomme, plaatmusiek, geborduurde kussings, koper-asbakke en sjokolade. Selfs 'n troeteldierhanslam is by Libertas afgelewer.⁷⁹

2. Tuine

Verwoerd en sy vrou het saans 'n tydjie ingeruim om saam in die tuin te gaan wandel. Hy en mev Verwoerd het die tuine van Libertas en Grootte Schuur in lushowe omgeskep.⁸⁰ Die tuine was 'n groot vreugde vir mev Verwoerd. Die Verwoerds het byna elke plant, struik of boom in die tuine goed geken. Hulle het inheemse plante verkies en by Libertas het hulle 'n lieflike proteatuin aangelê. Voorheen was daar geen proteas in die tuin nie en die natuurlike koppie aan

⁷³ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 79.

⁷⁴ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 161.

⁷⁵ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 79.

⁷⁶ M. van Heerden, *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960)*, p. 161.

⁷⁷ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 79.

⁷⁸ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 90.

⁷⁹ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 103.

⁸⁰ F. Barnard, *13 Jaar in die skadu van dr. H. F. Verwoerd*, pp. 17, 134-135.

die westekant van Libertas het gou 'n verandering ondergaan. Tussen die Transvaalse suikerbosse, wildepeer, stamvrugte en ander wilde bome is protea- en heidesoorte geplant en die silwerbome het vinnig gegroei. Dit het 'n geliefde wandelplek geword om met die proteas te spog. Vreemde plante het ook hulle weg na die tuine gevind, soos die olifantspoot, die Sabiester en die jaarlemoen uit die Caprivi.⁸¹

Die veranderinge is met behulp van plantkenners gedoen. Hulle het eers 'n studie van die plantegroei op Libertas se rante gemaak met die oog daarop om slegs inheemse plante aan te plant. Spesifieke uitheemse plante is op aanbeveling van die plantkenners verwyder en deur inheemse plante vervang. Daar moes 'n kraan by die boonste groentetuin aangebring word sodat water beskikbaar was vir mev Verwoerd se proteatuin wat ook daar aangelê is.⁸²

Mev Verwoerd het gereeld deur die tuine gestap en behoeftes bespreek, aanbevelings gemaak en dankie aan die tuiniers gesê. Die arbeiders kon sien hoedat die Premierspaar die tuin geniet en waardeer.⁸³ Volgens die voormalige huishoudster, mej Sarie van Zyl, het die huishouding nooit nodig gehad om blomme vir die woning te koop nie, aangesien Libertas se eie tuine altyd genoeg blomme geproduseer het.⁸⁴

'n Groot proteaskildery wat spesiaal vir mev Verwoerd deur die kunstenaars Phoebe Heunis gemaak is, het sy na Verwoerd se dood met haar saamgeneem. Sy het saam met die kunstenaar die proteas op Libertas se koppie gepluk. Sy het geweet waar elke proteabos gestaan het. Jare later het sy nog proteas en heide op Libertas se koppie gaan pluk om op dr Verwoerd se graf te plaas. Later, met die huweliksbevestiging van Wynand Verwoerd, het hulle foto's by Libertas gaan neem. Die proteas vir die onthaal se tafelrangskikkings het ook uit Libertas se tuine gekom. Mevrouw Verwoerd het die stukkie sentiment waardeer.⁸⁵

81 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 57.

82 NASA, Pretoria. MGO 4 PW 2/3/1-1 : Priv.sek PWD - Priv.sekr.EM, 1958-12-13.

83 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 60.

84 Skriftelike mededeling: S. van Zyl, Posbus 138, Clocolan, 9735, 1998-08-11.

85 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, pp. 185, 319.

Mevrou Verwoerd se amptelike en sosiale bedrywighede is met uitstappies deur die tuine gekombineer en baie kere het sy saam met die kleinkinders in die tuine gestap en vir hulle van die blomme vertel.⁸⁶ Dorothy Mason skryf in *The Daily News* van 13 Desember 1963 dat mevrou Verwoerd die tuine van Libertas geken het soos niemand anders nie. Sy was veral trots daarop dat silwerblaarbome in die tuine van Libertas gefloreer het. Volgens oorlewering sou hulle net teen die hange van Tafelberg groei.⁸⁷

Met die dinee ter ere van van mnr V Carpio en dr M De Alva, van die Verenigde Nasies se sending na Suid-Afrika in 1962, het hulle ook deur die tuine gestap. De Alva het baie in die inheemse plante en veral die proteas belanggestel. Hy het gewonder of die plante in Mexiko sou groei, aangesien die klimaat eners was. Mevrou Verwoerd het hom toe saad saamgegee om te gaan plant. Later het hy aan haar saad gestuur van 'n komkommeragtige vruggie wat onbekend in Suid-Afrika was.⁸⁸ Mevrou Verwoerd het soms plante geskenk gekry en dit is dan na bespreking met die tuiniers in die tuine geplant. Sy het dikwels 'n spesifieke plekkie in die tuin vir elke geskenk in gedagte gehad.⁸⁹

Sir Robert Menzies (1894-1978), die Australiese Premier⁹⁰ en sy vrou het Libertas later tydens die Vorster-era besoek. Mevrou Verwoerd was ook genooi en het by dié geleentheid aan Menzies se vrou, dame Patty, varkblombolle gegee om in Australië te gaan plant.⁹¹ Dikwels is vrugte, groente en blomme uit Libertas se tuine aan die een of ander liefdadigheidsorganisasie geskenk.⁹²

Die laning witstinkhoutbome by Libertas se ingang het altyd bewondering uitgelok. Mevrou Verwoerd het een keer opgemerk dat sy baie graag so 'n laning witstinkhoutbome op Stokkiesdraai sou wou plant. Sy het spoedig genoeg van die verlangde boompies van

86 A. Boshof, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 49.

87 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, pp. 57, 78.

88 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 127.

89 A. Boshof, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 195.

90 P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, 10, p. 510.

91 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, pp. 72.

92 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 60.

bewonderaars ontvang om wel so 'n laning op Stokkiesdraai te plant, waar hulle baie goed geaard het.⁹³

Met haar vertrek uit Libertas het mev Verwoerd tyd ingeruim om vir oulaas deur die tuine te gaan stap en die verskillende proteasoorte aan die fotograaf uit te wys. Dit was 'n hartseer afskeid.⁹⁴

In 1963 het die staat onderhandelinge met eienaars van grond aangrensend aan Libertas aangeknoop om hulle grond aan te koop. Daar kon nie met een van die eienaars van die grond oor die verkoopprijs van hulle eiendom ooreengekom word nie. Gevolglik is besluit om die grond te onteien. Die gedeelte, Rietfontein 321, nagenoeg 4, 2435 (ongeveer 3.6 hektaar) groot, was benodig om die terrein uit te brei waarop Libertas geleë is.⁹⁵ Verwoerd het gevoel dat daar geen ander uitweg was nie, as voorkom wou word dat die omgewing verkeerd ontwikkel word.⁹⁶

3. *Personeel*

Verwoerd het al die personeel, ongeag ras, met bedagsaamheid behandel en tyd gehad om na hulle persoonlike probleme te luister.⁹⁷

Die Verwoerds het vertroue in hulle huishoudingpersoneel gehad en die personeel het geweet van die vertroue. Spyskaarte vir onthale is altyd eers deur mev en dr Verwoerd goedgekeur, maar hulle het dit daarna sonder kommer in die personeel se hande gelaat met die wete dat die personeel hulle beste sou lewer.⁹⁸

⁹³ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 199-200.

⁹⁴ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 192.

⁹⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: UR-minuut 279 Kantoor EM - H.F. Verwoerd, C.R. Swart. 279. 1963-02-20.

⁹⁶ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: UR-minuut 279. Kantnota deur H.F. Verwoerd. 1963-02-21.

⁹⁷ Garry Allighan, *The private life of Dr. Verwoerd, Personality*, 1961-03-23, p. 23.

⁹⁸ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 71.

Die huispersoneel, behalwe die polisie, het mekaar afgelos om saam met die Verwoerds met vakansie na Bettysbaai of Stokkiesdraai te gaan. Dit was baie informeel en dan moes die personeel ook informeel aantrek. Hulle het graag gehelp met al die bedrywighede van die Verwoerds. Op Bettysbaai het Verwoerd 'n woonstel bo-op die motorhuis laat bou. Dit was nie net vir familie en vriende nie, maar ook vir die gesinne van die huispersoneel beskikbaar. Doktor en mev Verwoerd het probeer om die huweliksgeleentheid van die personeel en hulle kinders by te woon en daar is gereeld by kol. Richter, sy lyfwag, se moeder besoek afgelê.⁹⁹

Die woning op die Bryntirion-landgoed wat vroeër deur die Premier se motorbestuurder bewoon is, het in 1958 leeg gestaan. Die Premier het toe gevra of sy privaatsekretaris, Fred Barnard, nie in die woning kon woon nie.¹⁰⁰ Die rede was waarskynlik sodat Barnard nader aan Libertas kon wees, sodat hy maklik beskikbaar was. Verwoerd was altyd baie besig sodat hy sy werk in die aande tuis moes voortsit, al het hulle byna nooit die kantoor voor sonder verlaat nie. Dan het sy privaatsekretaris ook tot baie laat saam met hom gewerk. Verwoerd het gereeld spottenderwys vir Barnard gevra of sy kinders hom al 'oom' noem en hoeveel keer sy eie hond hom al gebyt het. Dit was naby aan die waarheid, want as gevolg van die Premier se werkklas en -ywer het Barnard se gesin hom vir lang tydperke baie ongereeld gesien.¹⁰¹

Adjutant-offisier WJ Pelser, wat 'n paar jaar Verwoerd se motorbestuurder en lyfwag was, het vertel van Verwoerd se bedagsaamheid teenoor sy personeel. Verwoerd en die kinders het op Muizenberg gaan swem. As lyfwag het hy warm gekry en baie ongemak in 'n pak op die strand verduur. Verwoerd het hom gevra of hy 'n swembroek saamgebring het. Toe hy ontkennend antwoord, het Verwoerd hom verplig om een van syne te leen en te gaan swem. Pelser het beswaar gemaak omdat daar nie iemand sou wees om die Eerste Minister op te pas nie. Verwoerd het toe Pelser se rewolwer geneem en beskermingsdiens op die strand gedoen terwyl Pelser en die kinders in die see baljaar het.¹⁰²

⁹⁹ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 71-72.

¹⁰⁰ NASA, Pretoria. MGO 4 2/3/1-1: PWD - F. Barnard Priv.sekr. EM. 1958-11-10.

¹⁰¹ F. Barnard, *13 Jaar in dr. H.F. Verwoerd se skadu*, p. 17.

¹⁰² P.W. Grobbelaar, *Man van die Volk*, p. 97.

Met die Verwoerds se Desembervakansie by die strand het hy die huispersoneel vir Kersdag huis toe gestuur sodat hulle by hulle mense kon wees. Hy het hulle verder geterg deur te sê dat sy vrou geruime tyd laas vir hom gekook het. Die volgende dag het hy vertel dat hy lanklaas so lekker geëet het.¹⁰³

4. Voorraadopname

Die jaarlikse voorraadopname het nog, soos in die verlede, probleme opgelewer. Aangesien die Departement van Buitelandse Sake en die Kantoor van die Eerste Minister nou vir die eerste keer van mekaar geskei was, was genoemde Departement nie meer by die voorraadopname in Libertas betrokke nie. Voorheen het die Eerste Minister ook Buitelandse Sake behartig en was beide departemente by die voorraadopname betrokke. Die Departement van Openbare Werke was nou alleen in beheer van die voorraadopname. Die lys van meubels en toerusting in Libertas moes jaarliks as korrek gesertifiseer word. Die probleem was dat die lys met die voorraad vergelyk moes word en dat ondervinding geleer het dat dit moeilik was om 'n gepaste geleentheid vir so 'n opname te kry. Dit is moeilik om 'n opname te maak terwyl die gesin die ampswoning bewoon en wanneer hulle na Kaapstad verhuis het, het hulle van die gelyste artikels saamgeneem.¹⁰⁴ 'n Volledige voorraadopname het volgens Fred Barnard twaalf dae in beslag geneem.¹⁰⁵

Van die meubelstukke is museumstukke wat nie deur 'n leek beskryf kon word nie en as daar nie gepaardgaande foto's was nie, was dit moeilik om volgens beskrywings die stukke uit te ken. Die waarde van staatseiendom in Libertas en Groote Schuur is in daardie stadium op £250 000 beraam. 'n Ander probleem was dat een van die wonings vir baie lank deur een persoon bewoon kon word en vergeet kon word of 'n artikel privaat- of staatseiendom is.¹⁰⁶

Fred Barnard beweer dat daar 'n baie volledige inventaris bestaan het van alles wat in Libertas gehuisves was: "Daar is absoluut niks, nie 'n boek of glas uitgelaat wat die eiendom van die

103 P.W. Grobbelaar, *Man van die Volk*, p. 97.

104 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Tesourie - Dir.PWD. 1959-01-17.

105 NASA, Pretoria. MEM: A. Boshoff, Priv.sekr mev. Verwoerd - F.Barnard.Priv.sekr EM. 1959-06-04.

106 NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Tesourie - Dir.PWD. 1959-01-17.

staat is nie.”¹⁰⁷ Later kon dus met groot sekerheid gesê word watter meubels in Libertas die privaatbesit van die Verwoerds was en uit Libertas verwyder kon word.¹⁰⁸

Nog ‘n probleem was dat dit onsinnig was om skoonmaakmiddels soos politoer en seep op die voorraadlys te plaas, aangesien dit baie gou verbruik is. Daar bestaan geen behoorlike kontrole nie of dié produkte wel deur die werkers in die uitvoering van hulle pligte gebruik is en of hulle dit vir hulleself geneem het. ‘n Voorstel is gemaak dat die hoofkelner die fakture gereeld aan die Departement van Openbare Werke moes voorlê. Groot skaalse afwykings daarvan sou dadelik gemerk en opgevolg kon word.¹⁰⁹

5. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Volgens mev Verwoerd was haar onthaalpligte as Premiersvrou in oorleg met haar man tot die minimum beperk. Twee keer per jaar was sy die amptelike gasvrou by formele dinees, een vir lede van die diplomatieke korps en die ander een vir die lede van die Kabinet en hulle gades. Voorts het sy net intieme teepartytjies vir amptelike of spesiale gaste gegee. Dan was dit ook slegs dames wat sy uitgenooi het.¹¹⁰

Mevrou Verwoerd was ‘n uitstekende gasvrou wat besoekers op hulle gemak laat voel het. Sy het ‘n joernalis van *The Daily News*, wat daar was om ‘n artikel te skryf, persoonlik haar slaapkamer gaan wys en haar vir die res van die dag in die tuine en Libertas onthaal. Dit was ten spyte daarvan dat sy die oggend nog ander gaste gehad het om te onthaal!¹¹¹

Baie ander mense het die gasvryheid van mev Verwoerd opgemerk. Die Britse premier, Harold Macmillan (1894-1986) en sy vrou, lady Dorothy, was in 1960 as gaste van die Verwoerds in Suid-Afrika. Die Verwoerds het hulle eie slaapkamer in Groote Schuur aan die Macmillans afgestaan omdat dit die enigste een was met ‘n eie badkamer.¹¹² Met hulle aankoms in Suid-

¹⁰⁷ NASA, Pretoria. MEM: A. Boshoff, Priv.sekr. mev. Verwoerd - F.Barnard. Priv.sekr EM. 1959-06-04.

¹⁰⁸ NASA, Pretoria. MEM: P.W. Botha, Minister OW - H.F. Verwoerd. 1964-12-02.

¹⁰⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Tesourie - Dir.PWD. 1959-01-17.

¹¹⁰ Garry Allighan, *The private life of Dr. Verwoerd, Personality*, 1961-03-23, p. 29.

¹¹¹ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 78.

¹¹² P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 33.

Afrika het die Macmillans eers 'n paar dae in Libertas uitgerus voordat hulle hulle take aangepak het. Hulle en hulle gevolg het vir 'n week in die ampswoning tuisgegaan. Verwoerd moes dus gasheer speel vir 'n gas wat later 'n baie kritiese toespraak oor sy gasheerland sou lewer.¹¹³

Hoewel Macmillan se historiese toespraak oor die winde van verandering wat oor Afrika waai, nie veel vir die verhoudinge tussen die gasheer en sy gaste gedoen het nie, het Macmillan opgemerk: "I have seldom met a couple with greater charm than Dr Verwoerd and his wife". Mevrouw Verwoerd het hy geprys as 'n aantreklike vrou wat op haar stil, vriendelike manier met egte warmte na lady Macmillan omgesien het.¹¹⁴

Volgens Sarie van Zyl, huishoudster van Libertas van 1951 tot 1975, was die onthale in Libertas goed georganiseer.¹¹⁵ Formele onthale in Libertas was altyd 'n grootskaalse geleentheid. Annatjie Boshoff vertel hoedat die verantwoordelikheid vir die uitnodigings 'n groot invloed op die beplanning gehad het. Die tafel is gedek met die gehekelde matjies, silwer- en glasware, die voorgeregbordjies reg geplaas en die servette is uiters korrek neergesit (fig.73). Die tafelpasings is dikwels in sentimeter afgemeet en daarom wou hulle nie aan die rangskikking verander nie. As die aantal gaste nie reg vasgestel is nie en daar moes aan die pasings verander word, het dit die pasings heeltemal omvergewerp en was die personeel ontevrede.¹¹⁶

113 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 103-104.

114 P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 33.

115 Skriftelike mededeling: S. van Zyl, Posbus 138, Clocolan, 9735, 1998-08-11.

116 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 78.



Figuur 73: Libertas se eetkamer gereed vir 'n onthaal.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*
(Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 78.

Die plasing van die gaste aan die tafel het volgens protokol geskied. Die voorlopige tafelplan is aan dr en mev Verwoerd vir goedkeuring voorgelê. Indien die personeel onseker oor die tafelorde was, het hulle die plasings in Verwoerd se hande gelaat. Hy het dan self oor die plasings besluit en ook voor die dinee persoonlik die eetkamer bekyk om sy tevredenheid daarmee te kenne te gee (fig.74).¹¹⁷

117

A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 78.



Figuur 75: Die tuinonthaal vir die John X. Merriman-tak van die Nasionale Party by Libertas.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 96.

In 1962 het 'n afvaardiging van twee van die Verenigde Nasies, mnr. Vitorio Carpio en dr Martinez De Alva Suid-Afrika besoek. 'n Dinee is by Libertas vir hulle aangebied. Die protokol het vereis dat Carpio aan mev Verwoerd se regterkant sit en De Alva aan Verwoerd se regterkant. Verwoerd het gevoel dat mev Verwoerd nie veel met Carpio in gemeen gehad het nie en dat De Alva 'n meer gekultiveerde persoon was. Om dié rede het hy die protokol verander en Carpio by hom laat sit en De Alva by mev Verwoerd. Carpio was in elk geval gevlei om by dr Verwoerd te sit en mev Verwoerd het 'n aangename aand gehad.¹¹⁹

Tydens formele dinees moes die personeel in donker pakke geklee wees. Die bestuurder en sy assistent moes 'n swaelstertpak en 'n swart das dra. Verwoerd was 'n baie goeie gasheer wat die verloop van die ete bepaal het met slegs 'n kopknik wat die teken was dat die volgende gereg

¹¹⁹ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 127.

bedien moes word. Na elke onthaal het dr en mev Verwoerd na die kombuis gegaan om almal vir hulle harde werk te bedank.¹²⁰

Elke jaar kort voor Kersfees is vir die tuiniers en die arbeiders wat vir die tuine verantwoordelik was, 'n onthaal by Libertas gehou. Hulle het 'n swierige ete in die eetsaal met sy duur koperkandelare saam met die Verwoerds geniet. Soms het die onthaal onder die bome in die tuine plaasgevind.¹²¹ Die huishoudingpersoneel, polisiewagte, kantooramptenare en kantoordames en hulle families is ook gereeld na Libertas en Groote Schuur vir 'n onthaal genooi. Die vrouens het nooit vertrek sonder 'n bossie blomme wat mev Verwoerd help pluk het nie. Na 'n dienstydperk van dertien jaar het dr Verwoerd se privaatsekretaris, Fred Barnard, in 1965 die Premier se diens verlaat. Daar is tydens 'n geleentheid by Libertas van hom en sy vrou afskeid geneem.¹²²

Die Kabinetsministers en hulle gades is jaarliks by Libertas en Groote Schuur met 'n dinee onthaal. Aan die begin van Verwoerd se bewindsjare was die Kabinet nog klein met hoogstens sestien ministers. Dus kon hulle gemaklik in Libertas se eetkamer inpas. In teenstelling met Libertas se groot eetkamer het Groote Schuur beperkte ruimte gehad, wat beteken het dat die Kabinet daar in twee groepe onthaal is.¹²³

Bejaardes en personeel van die tehuse vir senior burgers Ons Tuis en Machteld Postmus is ook jaarliks uitgenooi om by Libertas te gaan tee drink.¹²⁴ Die verpleegpersoneel van die Pretoriase Algemene Hospitaal (nou die Pretoriase Akademiese Hospitaal), waar dr Verwoerd na die aanslag op sy lewe in 1960 versorg is, is ook na die ampswoning genooi. Hulle het eers die tuine besigtig en daarna aandete genuttig. Elkeen het 'n klein aandenking ontvang om hulle aan die geleentheid te herinner. Dit was 'n item van glas, silwer, halfedelgesteentes of 'n klein meubelstukkie soos 'n tafeltjie. Die dokters van die hospitaal is by 'n ander geleentheid ook in Libertas ontvang om Verwoerd se dank te betoon. Elke jaar daarna het Verwoerd nog 'n tydjie

120 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 78-79.

121 F. Barnard, *13 Jaar in dr. H.F. Verwoerd se skadu*, pp. 157-158.

122 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 72, 4.

123 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 92.

124 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, pp. 94, 96.

ingeruim om die verpleegsters na Libertas te nooi en selfs saam met hulle deur die ~~time~~ te stap.¹²⁵

Ander interessante besoekers aan Libertas was die Oostenrykse volkspelers wat tydens 'n dinee aan Libertas onthaal is. Die blinde lord Fraser van Lonsdale, 'n Britse vriend van Verwoerd, het ook 'n dinee in Libertas bygewoon en die sitkamer moes gereserveer word, sodat Verwoerd en Fraser na die ete rustig kon gesels.¹²⁶

Met die aanstelling van dr Hilgard Muller as Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen is die egpaar na Libertas genooi om die aanstelling te vier.¹²⁷ 'n Aantal afskeidsetes is ook daar gehou. Die afskeidsete vir adv en mev FC Erasmus het ook in Libertas plaasgevind voor hulle vertrek na Italië as die ambassadeurspaar aldaar. Minister PO Sauer (1898-1976) se afskeidsete is ook in Libertas aangebied. Annatjie Boshoff herinner haar dat hulle die vorige dag al 'n koejawelpoeding uitgetoets het om te besluit of dit vir die ete geskik was. Dit was blykbaar voortreflik. Minister JJ Serfontein, Vrystaatse leier van die Nasionale Party, het in 1965 aangekondig dat hy uit die politiek gaan tree en in April die volgende jaar is sy afskeidsete by Libertas gehou. Hy en sy vrou het as eregaste aan die Verwoerds se regterhand gesit. Aan die Premierspaar se linkerhand het minister en mev MCD de Wet Nel gesit. Nel sou ook uittree en was vir die laaste keer daar. Ingesluit by die gaste was twee nuutaangestelde ministers, asook drie nuutaangestelde adjunk-ministers en hulle eggenotes.¹²⁸

Daar is ook van tyd tot tyd by beide ampswonings etes vir die plaaslike NG gemeentes se predikante gehou. Soms het hulle saam met die Verwoerd-familie of saam met die Kabinetslede geëet. Die teologiese professore aan die Universiteit van Pretoria is ook dikwels na Libertas genooi. 'n Spesiale dinee vir die personeel van die Afrikaans Hoër Seunskool is in 1964 gehou toe die laaste Verwoerd-kind, Wynand, sy skoolloopbaan daar afgesluit het.¹²⁹

125 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 91.

126 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 75, 87.

127 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 112.

128 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 91, 93, 208.

129 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 94, 96.

Mnr. Dag Hammarskjöld (1905-1961) die toenmalige Sekretaris-generaal van die Verenigde Volke-organisasie (VVO), het in 1960 'n uitgebreide toer deur Afrikalande onderneem.¹³⁰ In Januarie 1961 het hy Suid-Afrika besoek en is by Libertas 'n ete vir hom aangebied. Die ete was net vir mans, aangesien die eregas 'n alleenloper was.¹³¹ Dr en mev Verwoerd was nie in daardie stadium in Libertas woonagtig nie en moes saam met die huispersoneel spesiaal vir die dinee na Pretoria gaan. Die sjef het die aspersie-voorgereg in die vorm van die VVO-gebou aangebied. Hammarskjöld het dit opgemerk en was vol waardering vir die gebaar.¹³²

Sir Roy Welensky (1907-1991), die Premier van die toenmalige Federasie van Rhodesië en Njassaland,¹³³ en sy vrou het ook besoek by Libertas afgelê. Hulle het gesels oor die pragtige eetkamertafels wat van umvuli-hout gemaak is. Die gevolg van die gesprek was dat Welensky met sy terugkeer na Rhodesië (nou Zimbabwe) 'n pragtige kis aan die Verwoerds gestuur het. Dit was as geskenk vir hulle bedoel en nie vir Libertas nie. Die kis is na hulle woning op Bettysbaai geneem.¹³⁴

Ian Douglas Smith (1919-) was nog 'n Rhodesiese Premier wat in 1964 by Libertas besoek afgelê het. Hy en dr Verwoerd het die middag by Libertas vir foto's geposeer. Dr Verwoerd het opgemerk dat "Nog net een foto" fotografe se beroemde laaste woorde is. Daardie aand is 'n formele dinee vir die Smith-egpaar in Libertas aangebied. Na Rhodesië se eensydige onafhanklikheidsverklaring is 'n spesiale Kabinetsvergadering laataand by Libertas belê om die situasie te bespreek. Daar is daardie aand tot laataand deur die Kabinet in Libertas gewerk.¹³⁵

130 P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography* 7, p. 100.

131 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 126.

132 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 80.

133 P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, 16, p. 188.

134 A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 127.

135 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 82, 85.

Die eerste onthaal wat die Verwoerds in Libertas gehou het, was in Desember 1959. Dit was vir Verwoerd se kiesafdeling en die organiseerders van die Nasionale Party in die kiesafdeling. Elke jaar daarna is 'n geleentheid aangebied om die Verwoerd-egpaar se waardering te toon. Die grootste en geesdriftigste byeenkoms van die kiesafdeling by Libertas het in April 1966 in die tuine aan die agterkant van die woning plaasgevind. By die tee-ontvangs was 507 gaste en hulle was honger. Annatjie Boshoff het haar bekommer dat daar nie genoeg te ete sou wees nie. Die gaste is die geleentheid gebied om Libertas te besigtig en deur die tuine te stap. Eers laat daardie aand het rustigheid oor Libertas se koppie neergedaal.¹³⁶

Een van die heerlikste onthale was die viering van oupa Verwoerd se verjaarsdag in 1964. Die kleinkinders kon saam met hulle ouers in Libertas se deftige eetkamer aansit en aan die geregte op die spesiale spyskaart smul. Een jaar is 'n geskiedkundige foto van al die kleinkinders en ouma en oupa Verwoerd op Libertas se stoepe geneem. Daardie foto is ongetwyfeld 'n kleinood vir die kleinkinders (fig.76). Die kinders het gereeld Sondae by hulle ouers gaan eet, maar daar was ook meer spesiale geleenthede by Libertas. Met Daniël en Rina Verwoerd se vertrek na Duitsland in 1960 is 'n familie-afskeidsete in Libertas gehou.¹³⁷

136 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 94, 210.

137 A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 50, 96.



Figuur 76: Die Verwoerds en hulle kleinkinders op die stoep van Libertas.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 49.

Libertas was die woning waarheen Verwoerd teruggekeer het om aan te sterk na die aanslag op sy lewe in 1960. Hy het die volk op 2 Mei 1960 uit Libertas oor die radio toegesprek.¹³⁸ Sy tuiskomsboodskap het gelui dat hy sy "intrek in Libertas neem, vol moed en vertroue in die toekoms." Hy het 'n lang tyd in Libertas gebly om aan te sterk. Hy het egter gou weer in Libertas begin werk. 'n Menigte besoekers, soos die studente van die Universiteit van Pretoria wat vir hom gaan sing het, het op die ampswoning toegestroom om hom die beste toe te wens. Tog was dit vir die huispersoneel skokkend om te sien hoe pynlik en stadig hy etes moes nuttig as gevolg van die wonde wat hy opgedoen het. Mettertyd het dit beter gegaan, totdat hy weer gesond genoeg was om na sy kantoor in die Uniegebou terug te keer. Een middag het hy met 'n geskenkie vir mev Verwoerd van sy kantoor af teruggekeer. Toegevou in 'n stukkie papier was die twee koeëls wat die dokters uit sy kop gehaal het, waar dit vasgesteek het.¹³⁹

¹³⁸ P.W. Grobbelaar, *Man van die Volk*, p.80.

¹³⁹ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, pp. 105-107.

Een van die belangrikste dae in die Verwoerd-era was die dag waarop 'n referendum oor die vraag van 'n republiek gehou is. Libertas se bydrae tot die dag was 'n groot pot sop wat saam met die Verwoerds na die stembus gegaan het.¹⁴⁰ Verwoerd het om agtuur in Libertas se deur verskyn om sy stem oor republiekwording te gaan uitbring. Hy het ook na Libertas teruggekeer na die feesvieringe van die republiekwording van Suid-Afrika in 1961.¹⁴¹

Die Verwoerds het in 1960 uit Libertas reëlings getref vir die reis na Londen vir die Statebondskonferensie, waar hy sou poog om Suid-Afrika as 'n republiek binne die Gemenebes van Nasies uit te roep. Die huishouding is oorval met ruikers, telegramme en kaartjies van goeie wense vir die reis. Verwoerd het reeds in Libertas begin werk aan die toespraak wat hy in Londen voor die Suid-Afrika-klub sou lewer om Suid-Afrika se standpunt te stel en die personeel het die toespraak hoor vorm aanneem.¹⁴²

Maandag 5 September 1966, die dag voor Verwoerd se dood, het die Verwoerd-gesin in Libertas deurgebring. Vier van die Verwoerd-kinders en hulle eggenotes en kinders het die middagete saam met hulle geniet en het vir aandete oorgebly. Die volgende dag sou Verwoerd na Kaapstad terugkeer vir die Parlementsitting op die noodlottige 6 September.¹⁴³

6. *Vertrek uit Libertas*

Na die sluipmoord op dr Verwoerd moes mev Verwoerd van Libertas afskeid neem. Libertas was met blomme en boodskappe van simpatie gevul. Annatjie Boshoff het haar intrek in Libertas geneem om te help met die reëlings deur mev Verwoerd en met die begrafnis. Die begrafnisdiens het by die Uniegebou plaasgevind en die Verwoerdfamilie het van Libertas na die begrafnisplegtigheid vertrek. Na die begrafnis het die familie vir koffie na Libertas teruggekeer.

¹⁴⁰ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 108.

¹⁴¹ F. Barnard, *13 Jaar in die skadu van dr. H. F. Verwoerd*, pp. 126-127.

¹⁴² A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 114.

¹⁴³ J.J.J. Scholtz, *Die moord op Verwoerd*, p. 8.

Daar is 'n foto aan die agterkant van die ampswoning geneem van al die familieleden wat op dié dag by Libertas teenwoordig was (fig.77).¹⁴⁴



Figuur 77: Die Verwoerd-gesin by Libertas na die begrafnis.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 241.

Mevrou Verwoerd se geestestoestand het almal bekommer. Daar is besluit dat sy saam met van haar kinders na Duitsland sou gaan. Al die reëlins is met die grootse omsigtigheid getref, want die koerante moes niks daarvan te hore kom nie. Met haar vertrek uit Libertas is 'n foto geneem waar sy van die huishoudingbestuurder, mnr. Van der Westhuizen, afskeid geneem het (fig.78). Teen die tyd dat die foto die volgende oggend in die koerant verskyn het, was sy reeds byna in Duitsland.¹⁴⁵

¹⁴⁴ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 243.

¹⁴⁵ A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds*, p. 243.



Figuur 78: Mevrouw Verwoerd groet lede van die huishouding voor haar vertrek na Duitsland.

Uit: A. Boshoff, *Sekretaresse vir die Verwoerds* (Kaapstad & Pretoria, 1974), p. 243.

Van die Verwoerds se privaat-eiendom is uit Libertas geneem en na Stokkiesdraai gestuur. Meubels soos die vleuelklavier en Verwoerd se olienhoutlessenaar en -stoele, is na die woning van haar skoonseun, prof Carel Boshoff, geneem waar mev Verwoerd haar later sou tuismaak (fig.79).¹⁴⁶

¹⁴⁶ A. Boshoff, *Betsie Verwoerd, die vrou*, p. 146.



Figuur 79: Mevrou Verwoerd in die woning op Stokkiesdraai.

Uit: M. van Heerden, *Stokkiesdraai* (Pretoria, 1984), p. 21.

Die Verwoerd-egpaar het 'n groot invloed op veral die tuine van Libertas gehad. Daar is baie inheemse plante en soms ook interessante uitheemse flora aangeplant. Die woning het inwoners gehad wat Libertas hulle eie gemaak het deur daarin te leef. Meubels en kunswerke is deur hulle geplaas waar hulle dit wou gehad het en dit aan hulle die meeste genot verskaf het. Hulle was tot in die fynste besonderhede by onthale en spyskaarte betrokke. Hulle het die ampswoning ten volle vir ontspanning en onthaal benut. Die Verwoerds het nie gevoel dat hulle, soos latere bewoners, hulle in 'n hoofslaapkamersuite moes terugtrek omdat die onthaalvertrekke te groot en onpersoonlik was nie. Die Verwoerd-egpaar het die klein sitkamer gebruik om in te ontspan en te werk. Hulle het daarin geslaag om die enorme ampswoning na 'n gesinswoning te laat voel deur hulle betrokkenheid daarby.

HOOFSTUK IX

GROOT VERANDERINGE AAN LIBERTAS IN DIE VORSTER- TYDPERK, 1966-1976

A BJ VORSTER EN SY GESIN

Met die verkiesing van Balthazar Johannes (John) Vorster tot Premier 'n week na die sluipmoord op Verwoerd, het die tydskrif die *Economist* hom as 'n skrikwekkende keuse bestempel. Die *Financial Times* het 'n foto van 'n norske Vorster gepubliseer en gewonder of 'n mens met hom sake sou kon doen.¹ Vorster het dit moeilik gevind om onder die omstandighede van Verwoerd se moord die regering oor te neem. Sy manier van lei, sou van Verwoerd s'n verskil, want soos hy dit gestel het: "Elke man soen sy vrou op sy manier."²

Vorster was een van dertien broers en susters wat op 'n Karoo-skaapplaas naby Jamestown in die noordooste van Kaapland op 13 Desember 1915 gebore is.³ Hy het op Sterkstroom gematrikuleer en in September 1934 by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf. Twee van sy dosente was HF Verwoerd en TE Dönges (1898-1968), latere Minister van Binnelandse Sake, wat die die vrymoedige, amper astrante jong man as gevolg van sy skerp intellek en vinnige tong raakgesien het.⁴ Vorster was die voorsitter van die debatsvereniging en ondervoorsitter van die verteenwoordigende studenteraad. Hy het gou by die politiek betrokke geraak en was die voorsitter van die Nasionale Party se studentetak op Stellenbosch. Op vergaderings was hy en nog 'n belowende jong man, PW Botha, die belangrikste vraestellers.⁵

Vorster was 'n onderhoudende spreker en 'n baasverteller met 'n droë humorsin wat hy uiters doeltreffend benut het om 'n gedugte opponent in 'n debat te wees.⁶ Hy het stug en ontoeganklik voorgekom omdat hy hom nie aan mense opgedring het nie. Die mense wat hom geken het, het van beter geweet.⁷ Een keer is hy deur 'n jong fotograaf aangemoedig om te glimlag sodat 'n

¹ P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama* 21(8), Augustus 1976, p. 2.

² H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

³ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

⁴ P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama* 21(8), Augustus 1976, p. 2.

⁵ P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 2.

⁶ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 99.

⁷ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

foto geneem kon word. Na nog 'n versoek om te glimlag, het Vorster aan die fotograaf gesê dat hy dan besig was om te glimlag!⁸

Op Stellenbosch het Vorster sy toekomstige vrou, Martini (Tini) Steyn Malan, ontmoet. Hy het haar op 'n politieke vergadering met sy "lewendige debat" beïndruk.⁹ Sy het BA Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer.¹⁰

Sy was die eerste Suid-Afrikaner wat as 'n beroepsmaatskaplike werker gekwalifiseer het en het daarna as proefbeampte by die magistratuur gewerk.¹¹ Mevrouw Vorster het gedurende die Depressie twee jaar navorsing vir die staat gedoen oor die omstandighede waaronder spoorwegwerkers in die Kaapse binneland geleef het. Daarna het sy as maatskaplike werker op Graaff-Reinet gespesialiseer. Haar agtergrond het haar goed vir haar taak as Premiersvrou voorberei.¹²

Hulle is in 1941 getroud.¹³ Volgens mev Vorster het hulle nie getrou terwyl hulle nog studente was nie, want "we were too poor."¹⁴ Tini Malan was die ideale vrou vir John Vorster. Sy was 'n uitstekende huisvrou en het haar eie vrugte en groente ingemaak.¹⁵ Hulle het elke jaar geslag en self die vleis bewerk. Hulle het dit in Pretoria gedoen en daarna die vleis na Groote Schuur gestuur.¹⁶ Sy kon maklik voedsel aan net haar man of vyftig gaste voorsit. Sy was betrokke by maatskaplike werk en het haar eie toesprake geskryf nadat sy 'n onderwerp nagevors het en soms selfs die betrokke staatsdepartemente geraadpleeg het. Sy het baie in Groote Schuur belanggestel en is as 'n kenner van dié woning beskou.¹⁷

Volgens haar dogter, Elsa, was Tini Vorster ver van die hoed-en-handskoene-parlements vrou. By politieke vergaderings het sy fluks by die pannekoektafels gehelp en dan haar voorskoot afgehaal

⁸ T. Heard, *The Cape of Storms*, p. 133.

⁹ H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

¹⁰ Libertaslêer, *Libertas*. A. Malan, *At home with Mrs. Vorster*, *Personality*, 1972-12-15, p. 26.

¹¹ P.H. Muller, (red.), *Vorster na tien jaar*, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 3.

¹² Libertaslêer, *Libertas*. A. Malan, *At home with Mrs. Vorster*, *Personality*, 1972-12-15, p. 26.

¹³ P.H. Muller, (red.), *Vorster na tien jaar*, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 3.

¹⁴ Libertaslêer, *Libertas*. A. Malan, *At home with Mrs. Vorster*, *Personality*, 1972-12-15, p. 26.

¹⁵ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 275.

¹⁶ Anoniem, *John Vorster - 10 jaar*, pp. 14 -15.

¹⁷ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 275.

en netjies saam met haar man op die verhoog verskyn.¹⁸ Sy het gevoel dat sy meer geleentheid as die gemiddelde getroude vrou gegee is om haar belangstellings uit te leef en daarvoor was sy dankbaar. Haar betrokkenheid by die maatskaplike sy van die gemeenskap kon sy selfs doeltreffender as die Premier se vrou voortsit.¹⁹

Volgens FW de Klerk was Vorster 'n man onder manne en het hy grootliks op sy vrou staatgemaak vir hulle sosiale verantwoordelikhede. Sy het 'n baie aktiewe rol in die mobilisering van die Nasionale Party se vroue gespeel. Haar bedagsaamheid teenoor Parlementslede se vrouens en haar gereelde onthale wat sy vir die koukus by Groote Schuur gereël het, het baie tot die Nasionale Party se spangees bygedra.²⁰

Die latere Presidentsvrou, Marike de Klerk, het Tini Vorster bewonder. Marike de Klerk het opgemerk hoe mev Vorster haar man ondersteun en aangevul het. Haar diplomاسie en takt het talle moontlike verleenthede voorkom. Sy het haar man se aanvullende geheue geword en hom deur die sosiale slaggate gelei met opmerkings soos: “Hier is die jong man van Vereeniging ... het sy middelste kind nie baie gegroei vandat ons hom laas gesien het nie?”²¹

Van Vorster het mev Vorster toegewyd 'n plakboek oor al sy bedrywighede bygehou, net soos Isie Smuts jare vroeër van Smuts gemaak het. Sy het elke dag agt koerante gelees en dan alles wat betrekking op haar man gehad het, in die bande, in 1976 reeds 88, geplak. Sy het kort na hulle huwelik in 1941 daarmee begin. Dit het nie net koerantuitknipsels nie, maar ook besondere briewe, uitnodigingskaarte en spyskaarte bevat.²²

Die Vorsters het drie kinders gehad, twee seuns, Willem en Pieter, en 'n dogter Elsa (fig.80). Sy kinders het hom byna verafgod en het enige raad wat hy aan hulle gegee het, getrou gevolg, want hy het hulle nooit swak raad gegee nie. Sy seun Pieter het gevoel dat as hy ooit sy pa sou teleurstel, dit vir hom onaanvaarbaar sou wees. Hy was so lojaal as moontlik aan sy vader, want

18 H. Retief, *My Pa, die Premier, Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

19 J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 275.

20 F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, p. 67.

21 M. Maartens, *Marike, a journey through summer and winter*, p.80.

22 Libertaslêer, *Libertas*. A. Boshoff, *Mev.Vorster: tien vervulde jare as Premiersvrou, Die Huisgenoot*, 1976-09-17, p. 58.

sy vader was altyd lojaal teenoor hom.²³ Sy kinders onthou hoe hulle ma hom in die middag by sy prokureurskantoor gaan haal het. Elsa het hom gaan roep en dan by die drie-verdiepingtrapreling afgegly. Hulle het nooit die hyser gebruik nie, want haar pa het geweet hoe sy die glyery geniet het. Daarna het hy altyd vir haar lekkergoed gekoop. Hy was 'n kindervriend.²⁴



Figuur 80: Die Vorster-gesin op die troudag van Elsa.

Uit: Anoniem, *John Vorster-10 Jaar* (Kaapstad 1976), foto 31.

Na Vorster die grade B.A. en LL.B. verwerf het, was sy eerste pos dié van registrateur van die Regter-president van Kaapland. In 1939 het Vorster in Port Elizabeth as prokureur begin werk. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was hy 'n 'generaal' in die Ossewa-Brandwag. Vanweë sy bedrywighede in dié organisasie is hy vir sewentien maande sonder verhoor deur die destydse regering in 'n kamp by Koffiefontein in die Vrystaat geïnterneer.²⁵ Tini Vorster moes alleen aangaan en kon hom slegs een keer per jaar besoek. Hulle het 'n lewendige briefwisseling gevoer wat hulle positief gehou het.²⁶

²³ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 272.

²⁴ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

²⁵ P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 3.

²⁶ H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

Hy is in 1944 vrygelaat en het 'n regspraktyk op Brakpan in Transvaal (nou Gauteng) begin. Die politiek het sy eerste liefde gebly en in 1948 het hy in die algemene verkiesing as onafhanklike Afrikanerparty-kandidaat gestaan. Hy het met net vier stemme verloor. In 1953 het hy die Parlement as die lid van die Nasionale Party vir Nigel betree. Hy het in 1958 'n adjunk-minister geword en in 1960, na die Sharpeville-gebeure, het hy Minister van Justisie in Verwoerd se Kabinet geword. 'n Week na die sluipmoord op Verwoerd, op 13 September 1966, is Vorster deur die kookus van die Nasionale Party as nuwe Premier van Suid-Afrika aangewys.²⁷

Vorster het soos geen leier voor hom nie, Suid-Afrika as deel van die vasteland van Afrika beskou. Suid-Afrika was volgens hom "nie 'n voorstad van Europa nie." Bande met Afrikalande sou vir alle partye voordelig wees. Dié diplomatieke rigting het al in 1967²⁸ begin toe hy hoofman Joseph Leabua Jonathan (1914-1987),²⁹ Premier van Lesotho, ontvang het. Die program van verhoudinge is in 1971 versnel. Hy het 'n besoek aan Malawi gebring wat tot 'n besoek van president Hastings Kamuzu Banda (1905-) van Malawi aan Suid-Afrika gelei het. Hy het geheime samesprekinge met die President van die Ivoorkus gevoer en Liberië, Paraguay en Uruguay besoek. Hy het met premier Y Rabin (1922-1995) van Israel onderhandel en handels- en diplomatieke bande met dié land aangeknoop.³⁰

Vorster het hom bewys as 'n uitstekende onderhandelaar in sy ontmoetings met mense soos die Oostenrykse politikus en diplomaat Kurt Waldheim(1918-), Henry A Kissinger (1923-) (fig.81) , die Amerikaanse Minister vir Buitelandse Sake, en Amerikaanse presidentskandidaat Walter F Mondale (1928-).³¹

27 P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 3.

28 P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 5.

29 P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, 8, p. 330.

30 P.H. Muller, (red.), Vorster na tien jaar, *Suid-Afrikaanse Panorama*, 21(8), Augustus 1976, p. 5.

31 P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, 11, p. 97; 9, p. 43; 16, p. 54.



Figuur 81: Mnre B.J. Vorster en H. Kissinger, Junie 1976.

Uit: Anoniem, *John Vorster-10 Jaar* (Kaapstad 1976), foto 31.

Hy het ook die siek president Seretse Kgama van Botswana ontvang. 'n Foto van Vorster by 'n aantal swart vroulike gaste is met groot vreugde deur die Herstigte Nasionale Party vir propagandadoeleindes gebruik. As gevolg van sy beleid van détente was hy baie betrokke by die state van Afrika en het 'n hele aantal geheime besoeke aan lande in Noord-Afrika gebring. Die krediet vir die brugberaad tussen die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe) en Zambië in Augustus 1974, het aan hom gegaan. Volgens PW Botha het Vorster waardevolle kontakte vir Suid-Afrika opgebou en het die land nog later baie van die vrugte van sy werk op handels- en diplomatieke gebied gepluk.³²

Die Inligtingskandaal het ontstaan oor openbaringe in die pers oor geheime bedrywighede van die Departement van Inligting om die regering se beeld binne- en buitelands te verbeter. Dit is

³²

D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 99.

gereël deur die toenmalige Sekretaris van Inligting, Eschel Roodie en sy Minister, Connie Mulder. Later sou dit aan die lig kom dat Vorster ook kennis van die bedrywighede gedra het.³³

'n Afvaardiging bestaande uit PW Botha, Pik Botha, Chris Heunis en andere het Vorster in 1978 by Libertas oor die Inligtingskandaal gaan spreek.³⁴ Op 20 September 1978 het hy tydens 'n groot internasionale perskonferensie by die Uniegebou sy uittrede aangekondig.³⁵ Later het hy die amp van Staatspresident bekleed. Die seremoniële posisie het hom nie aangestaan nie en hy het al hoe meer omstrede geword hoe meer onthullings oor die Inligtingskandaal na vore gekom het. Hy het op 4 Junie 1979 as Staatspresident bedank en in sy vakansiewoning op Oubos aan die Kaapse kus gaan woon.³⁶

B DIE VORSTERS IN LIBERTAS

Die ampswonings kon volgens mev Vorster maklik koud en onpersoonlik wees omdat hulle so groot is. Sy het haar bes gedoen om dit te voorkom deur honde aan te hou om 'n huislike atmosfeer te skep. Sy het nooit te veel met die huishouding ingemeng nie, want sy het goeie personeel gehad.³⁷

Sy het die uitsig uit elke venster, veral in jakarandatyd, as onbeskryflik mooi ervaar. Libertas was volgens mev Vorster 'n heerlike ampswoning met die groot trap wat so 'n statige indruk gemaak het, die gerieflike ontvangslokaal en die vergrote eetkamer. Sy het die private eetkamer en die groot kantoor vir die Eerste Minister as aanwinste beskou. Die studeervertrekke het ruim rakke vir elke moontlike boek en tydskrif gehad en sy het een van die kleiner sitkamertjies as haar privaatkantoor ingerig. Die personeel se kantoor- en slaapafdeling het ook 'n pragtige uitsig oor die stad of die tuin gehad. Die waskamer, koelkamer, spens en kombuis was ruim en gerieflik.³⁸

³³ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 78.

³⁴ B. Pottinger, *The imperial presidency, P.W. Botha, the first ten years*, p. 14.

³⁵ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 99; B. Pottinger, *The imperial presidency, P.W. Botha, the first ten years*, p. 14.

³⁶ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 81.

³⁷ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, pp. 14-15.

³⁸ Skriftelike mededeling: Tini Vorster, Serenitas 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

Die groot ruimte van die ontvangslokaal aan weerskante van die voordeur het dit uitnemend geskik vir onthale gemaak. Hier het die Vorsters onthale vir hulle groot vriendekring gehou en ook hulle amptelike pligte in Transvaal nagekom. Mevrou Vorster het ook haar ontvangste van vroue-organisasies hier gehou.³⁹

Die Vorsters het die groot slaapkamer met sy uitsig na die noorde as hoofslaapkamer gebruik. Mevrou Vorster het waardering vir Libertas se ruim kamers, gange en portale gehad. Dieselfde sitkamer en eetkamer vir die gesin, met die ronde tafel is, soos in die tyd van die Verwoerds, deur die Vorsters gebruik.⁴⁰

Mevrou Vorster het Libertas as 'n gesellige familiewoning beskou. Die woning met sy interessantheide en terrein was ideaal vir haar seuns wat hulle hoërskooljare daar deurgebring het. Ten spyte van die feit dat dit 'n ampswoning was, kon sy steeds vir haar kinders 'n gesellige tuiste skep waarheen hulle hulle maats kon bring en tuis kon voel.⁴¹ Die amptelike verblyfplekke was altyd vir die Vorster-kinders toeganklik. Spesiale etes is vir maats en onderwysers gehou, die kerkjeugaksies kon Sondagaande na kerk daar kom sing en later is studente- en vlootmaats ook tuis laat voel. Met eksamentyd was Libertas en Groote Schuur die plekke waarheen hulle gevlug het om in stilte te studeer. Mevrou Vorster het altyd gesê: "Kom trek maar in, eet en slaap soos en wanneer dit julle pas ..."⁴²

Mevrou Vorster het gevoel dat dit haar plig was om die huishouding so vlot moontlik te laat loop. Haar man moes geen huishoudelike probleme ervaar wat met sy werk kon inmeng nie. Sy verblyfplek moes 'n hawe van rus vir hom wees.⁴³ Hy moes kon voel dat hy maar sy baadjie en skoene kon uittrek en net kon ontspan. Sy sou hom nie met onbenullighede opsaal nie. Die woning en die gesin was haar verantwoordelikheid. Sy het hom nooit gepla met iets wat maar tot die volgende dag kon oorstaan nie. Hy hoef nooit te gewonder het waarom die venster oop is of wat nou weer in die vertrek aangaan nie.⁴⁴ Hy het hom glad nie met die huishouding bemoei

³⁹ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 12-08-1999.

⁴⁰ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 12-08-1999

⁴¹ Skriftelike mededeling: Tini Vorster, Serenitas 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

⁴² A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot*, 36/2837, 1976-09-10, p. 72.

⁴³ Libertasleër, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 29.

⁴⁴ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, pp. 276, 277., A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 72.

nie en het haar net aan die begin van die maand 'n tjek vir die huishouding gegee. Hy was volgens mev Vorster nie veeleisend teenoor sy personeel of huismense nie. ⁴⁵

As hulle na die vakansiehuis by Oubos (fig.88) gegaan het, het mev Vorster 'n bediende voor die tyd daarheen gestuur sodat alles met hulle aankoms reg was. Dit moes so gewees het dat Vorster net by Oubos kon aankom, hom op sy bed kon uitstrek en dan moes sy glas water langs die bed staan, net soos by Libertas en Grootte Schuur.⁴⁶

Hy het nie in kos belanggestel nie en sou nie maklik disse eet wat deur iemand anders op sy bord geskep is nie. By onthale waar hulle nie langs mekaar gesit het nie, sou hy oorleun om haar te vra wat 'n gereg was en of hy daarvan moes eet. As hy eers gevra het wat die gereg was, was die kanse skraal dat hy daarvan sou eet. So het hy en die eerste minister van Lesotho, Leabua Jonathan, saam in 'n Kaapstadse hotel geëet aan die uithanggeregte wat die hotel voorgesit het. Hulle het saamgestem dat hulle albei nie van die kos gehou het nie. Vorster het van kos sonder fieterjasies gehou.⁴⁷

Dit was moeilik om 'n privaatlewe te voer, maar hulle het tyd gemaak om aande alleen deur te bring. So het mev Vorster daarop aangedring dat hulle wanneer dit moontlik was, middagete saam nuttig en dan rustig met mekaar kon gesels.⁴⁸ Vorster self het aangevoer dat hy nie in die gewoonte was om vir middagetes uit te gaan nie. Hy sou eerder iemand saam met hom vir middagete huis toe neem. Dit was 'n gewoonte wat ontstaan het toe hy nog 'n regsgeleerde was. Dikwels sou hy na middagete 'n uiltjie knip en dan verfris terug werk toe gaan.⁴⁹

⁴⁵ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, pp. 14–15.

⁴⁶ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, pp. 276-277.

⁴⁷ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, pp. 13-14.

⁴⁸ Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 29.

⁴⁹ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 279.

Hulle etes het uit regte Boerekos bestaan. Vars volkoringbrood, tuisgemaakte marmelade en lamsvleis. Hulle het nooit aangeleer om deftige disse te geniet nie.⁵⁰ Vir ontbyt het Vorster altyd dieselfde ete verkies: mieliepap, eiers, spek of wors, tuisgebakte brood en swart koffie. Aandetes het hulle voor die beeldradio genuttig en daarna het hy verder gewerk.⁵¹

Volgens mev Vorster was Libertas ouma se verblyfplek. Dit is 'n woning wat anders is as Ma of Pa se woning. By Ouma se huis is daar altyd roomys en koeldrank - nie net tydens spesiale geleenthede of wanneer Ma of Pa so sê nie. Mevrouw Vorster het ook speelgoed vir die kleinkinders in Libertas gehad waarmee hulle kon speel. Die kleinkinders moes ook by Ouma en Oupa in die kamer kon slaap as hulle wou. Hulle moes kon rondhardloop en speel soos hulle wou en voel hulle word bederf. By Libertas kon die kleinkinders die speletjies geniet wat hulle op geen ander plek kon speel nie; soos om in die groot tuine rond te hardloop en saam met die polisie wagte wag te staan by die hekke.⁵²

Mevrou Vorster het vir die kleinkinders gekamofleerde kamma-uniforms gekoop en Vorster het later die bypassende velskoene verskaf. Hulle het selfs in die warmste son 'diens' gedoen, hulle sakboekies is deur die sersant aan diens geteken en hulle het later ook 'medaljes' ontvang. Die uiteinde van die speletjie was dat mev Vorster later vir elkeen sy eie uniform van byna dieselfde materiaal as dié van die polisiemanne laat maak het.⁵³ Mevrouw Vorster wou nie hê dat hulle bang moes wees vir die groot amptelike woning nie. Hulle moes tuis voel. Dieselfde moes geld vir premier Vorster. Al was hy by 'n funksie of onthaal moes hulle nog voel hy is hulle Oupa.⁵⁴

Soms is 'n kleinkind se verjaarsdagpartytjie by Libertas gehou. Dan was die deftige eetkamer 'n feestoneel van ballonne, koeldrank en 'n treintjekoek. Daarna kon hulle in die tuin met sy heerlikhede baljaar.⁵⁵ Die kleinkinders het die 'ver sien' oor Pretoria en die trappe ten volle geniet.⁵⁶

⁵⁰ Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 26.

⁵¹ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 279.

⁵² Libertaslêer, Libertas: M. Viljoen, 'n Ouma moet op haar tone wees..., *Root Rose* 32(15) 1976-02-18, pp. 16,18.

⁵³ A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 67.

⁵⁴ Libertaslêer, Libertas: M. Viljoen, 'n Ouma moet op haar tone wees..., *Root Rose* 32(15) 1976-02-18, pp. 16,18.

⁵⁵ A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 70.

⁵⁶ Skriftelike mededeling: Tini Vorster, *Serenitas* 55 Strand, 7140, 1997-02-26.

'n Tipiese dag in Libertas sou begin met koffie in die bed, gevolg deur die oggendgodsdienste om halfsewe oor die radio. Daarna het hulle na die nuus geluister en die oggendkoerante gelees. Terwyl die Premier in die badkamer was, sou mev Vorster vir hom klere uitsit wat hy sonder enige kommentaar sou aantrek. Sy het dit gedoen omdat hy "nie weet waar 'n ding is nie".⁵⁷ Volgens hom, sou hy 'n bruin en 'n swart skoen saam aangetrek het as sy dit so vir hom reggesit het. Hy het jare lank nie meer sy eie klere gekies nie.⁵⁸ Hy het selfs nie winkels toe gegaan vir klere nie. Sy het bestel wat hy nodig gehad het en hy het dit tuis aangepas.⁵⁹

Kort na agtuur het hulle ontbyt genuttig en daarna het hy na sy kantoor vertrek. Hy het probeer om so min as moontlik afsprake vir middagete te maak en het so omstreeks eenuur by die huis gekom. Sy sou sorg dat haar program so verloop dat sy tuis is wanneer hy daar aankom. Hy het probeer om na middagete 'n bietjie te rus en sou om twee-uur weer na sy kantoor teruggaan. Saans het hy gewoonlik na vyf uur teruggekeer en as hulle geen amptelike afspraak gehad het nie, sou hy werk of ontspan. Hy het graag na die beeldradioprogramme, veral die nuus, gekyk.⁶⁰

Vorster was baie lief vir pakkies en geskenke. Hy het graag pakkies oopgemaak en was baie nuuskierig oor die inhoud van 'n pakkie. As iemand iets gekoop het, maar dit eers die volgende dag laat aflewer het, kon hy omtrent sterf van nuuskierigheid. Hy was baie teleurgesteld omdat een van sy kinders op wittebrood gegaan het sonder om eers hulle huweliksgeskenke oop te maak.⁶¹ Hy het 'n stryd gehad om die rookgewoonte te laat vaar. Hy het dan soos 'n stout skoolseun sy vriende betrek as hy skelm gerook het.⁶²

1. Inrigting

Tydens die besige diplomatieke jare van Vorster se premierskap het die noodzaak vir 'n groter eetkamer in Libertas ontstaan. Mevrou Vorster het ook 'n baie aktiewe sosiale lewe in eie reg gelei as gevolg van haar jarelange verbintenis met talle verenigings en organisasies en het dus

⁵⁷ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, p. 15

⁵⁸ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 278.

⁵⁹ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, p. 15.

⁶⁰ Anoniem, *John Vorster – 10 jaar*, p. 14.

⁶¹ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 272.

⁶² H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

dikwels onthaal. Sy het jaarliks by Groote Schuur en Libertas groot onthale aangebied. Mevrouw Vorster het die eetkamer van Libertas te klein gevind en baie goue die moontlikheid raakgesien om die eetkamer te vergroot deur die stoepe toe te bou.⁶³

Die eetkamer moes sewentig in plaas van vier en twintig gaste kon akkommodeer. Die oplossing was om die wye kleiteëlstoep van 4.5 m toe te bou wat uit die kookkamer geloop het (fig.84). Die houtdeure is verwyder en in die oorspronklike stoepopening ingebou (fig.85). Die resultaat was dat die noordelike stoepe met hulle asemrowende uitsigte heeltemal toegebou is en dat die vertrekke nie stoepe gehad het om die sonlig en die hitte uit te weer nie. Die vergrote eetkamer het 'n muur-tot-muur-mat gekry. Voor die noordelike vensters is swaar gordyne gehang om die helder sonlig uit te hou. Groot lugversorgingsmasjinerie was nodig om die warm eetkamer te verkoel. Dié masjinerie is versteek deur 'n sipresboom daarvoor te plant. Die veranderinge sou later baie kritiek uitlok (fig.86).⁶⁴




Figuur 82: Noord-aansig van Libertas voordat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot.

Uit: *Pretoriana*, mondstuk vir die Genootskap Oud-Pretoria, (29) 1959-04, keerblad teenoor p. 1.


⁶³ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 12-08-1999.

⁶⁴ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 07-1997.



Figuur 83: Moerdyk se oorspronklike grondvlakplan met die oop stoepe.

Uit: Oorgeneem en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke.



Figuur 84: Die vergrote eetkamer en die Pierneefkamer.

Uit: Oorgeneem en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke.



Figuur 85: Noord-aansig van Libertas nadat die stoepe toegebou is om die eetkamer te vergroot.
Hier word die deure en boligte getoon wat verskuif en weer gebruik is.

Foto: X. Barnard, 1999.



Figuur 86: Die vergrote eetkamer gereed vir 'n onthaal.

Let op die opsigtelike pilaar in die vertrek.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a.) . n.p.

Uiteraard moes ekstra tafels en stoele vir die eetkamer gemaak word.⁶⁵ Die Departement van Openbare Werke het verskeie lang tafels laat maak wat by die oorspronklikes gepas het. Volgens die toenmalige sekretaresse van mev Vorster, sou 'n mens baie noukeurig moes kyk om die verskil tussen die meubels raak te sien.⁶⁶ Die maak van die bykomende tafels kon nie te moeilik gewees het nie, want van die oorspronklike tafelplanne van die 1930's is nog in die huis. In 1967 is binnenshuise veranderinge by Libertas gemaak. Die kiamer moes nuwe gordyne kry en die meubels moes heroorgetrek word. Die hoofontvangsvertrek se meubels was rooskleurige en blou fluweelleunstoel en swaar blou brokaatgordyne met antieke stoele en tafels met inlegwerk. Die atmosfeer was een van statigheid en elegansie.⁶⁷ Die môrekamer het 'n blou mat met 'n klein radio en konsertklavier gehad. Op die galery op die grondvlak was 'n pragtige ou kis wat vroeër aan JH Hofmeyr se moeder behoort het. Eienaardighede het 'n volstruisvellamp ingesluit.⁶⁸

Vir die dameskleedkamer moes muurspieëls, poeierrakke en stoeltjies aangeskaf word. Die hoofgastebadkamer moes 'n nuwe vloerbedekking en gordyne kry. Die hoofslaapkamer het nuwe gordyne, bedspreie en stoelootreksels nodig gehad. Die sonstoep van die hoofslaapkamer moes met glas toegemaak word en die stoele in die gange moes ook nuut oorgetrek word. Die tweede gastekamer moes ook nuwe gordyne en bedspreie ontvang.⁶⁹ Op daardie tydstip is besluit dat die blokkiesvloere in die gange met 'n muur-tot-muur-tapyt bedek moes word.⁷⁰ Die vier en tagtig gehekelde tafellappe wat in Libertas benodig was, moes deur die Departement van Gevangenisdienste (nou Korrektiewe Dienste) vervaardig word. Enige aankope vir Libertas moes eers met mev Vorster bespreek en monsters aan haar getoon word voor besluite geneem is.⁷¹ Verder is servette met die afbeeldings van Libertas en Groote Schuur vir die onderskeie wonings bestel.⁷²

⁶⁵ G. Cluver, Pragtige oudhede versier Libertas, *Die Huisgenoot*, 42(2464), 1969-06-20, p.52.

⁶⁶ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 12-08-1999

⁶⁷ Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs.Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 25.

⁶⁸ Libertaslêer, Libertas. H.A. Opper, Libertas pearl of Pretoria, *Personality*, 1967-02-16, pp. 70, 75.

⁶⁹ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Priv.Sekr - Sekr.DOW, 1967-08-01.

⁷⁰ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/II: J.B.W. Meyer, Priv.sekr EM – Priv.sekr. DOW, 1966-11-11.

⁷¹ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Priv.Sekr - Sekr.DOW, 1967-08-07.

⁷² NASA, Pretoria. MGO 184 MO2/6: Sekr. EM - Sekr.DOW, 1977-09-01.

'n Stel agtiende-eeuse stoele met inlegwerk is tussen Libertas en Groote Schuur verdeel. Die inlegwerk op die stoele het voëls, blomme, goddelike figure en dolfyne uitgebeeld. Gedeeltes van die blomme is van perlemoen gemaak. Mevrouw Vorster het gevoel dat die stel bymekaar hoort, maar kon nie besluit of dit in Libertas of Groote Schuur geplaas moes word nie.⁷³ Vier van die stoele is tans nog in die kiamtkamer.

Met die silwerware van Libertas is in 1967 ooreengekom dat mev Vorster en waarnemende staatspresident Tom Naude (1967-1968) se vrou, mev SM Naudé onderling sal reël om silwer vir groot funksies tussen die twee wonings te leen.⁷⁴ Dit was klaarblyklik nodig om silwer vir geleentheid soos die onthaal in 1972 in Libertas se tuine waarvoor 200 messe, vurke en lepels nodig was. Die onthaal het in 'n tent op die grasperk plaasgevind. Die tent met sitplek vir 200, is vir die geleentheid verlig en versier.⁷⁵

Voor 1973 is 'n aantal vertrekke in Libertas deur die Suid-Afrikaanse Polisie vir die uitvoering van hulle beskermingspligte gebruik. Mettertyd is groter en doelmatiger akkommodasie vir hulle gebou en die vertrekke in Libertas kon deur die huishouding benut word. Die gebrek aan 'n informele sitkamer vir die huisgesin is reeds in dié tyd aangevoel, want een van die voorstelle vir die gebruik van die vertrekke was dat dit in 'n informele sitkamer verander word. Die Departement van Openbare Werke het gevoel dat so 'n vertrek 'n besliste aanwinst vir die ampswoning sou wees en het ook aanbeveel dat van die vertrekke in woonvertrekke vir die kok en ruskamers vir die ander personeel omgeskep word. Die bouveranderinge sou baie min wees, want daar sou net een muur uitgebreek, een muur gebou en deure en ingeboude kaste aangebring word. Die totale koste sou R2 500, 00 bedra en die werk sou slegs twee weke duur.⁷⁶ Van die informele sitkamer vir die gesin het toe nie veel gekom nie.

⁷³ Libertaslêer, Libertas.V. Allen, Libertas and its treasures, *Pretoria News*, 1971-11-12.

⁷⁴ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Priv.Sekr - Sekr.DOW, 1967-10-23.

⁷⁵ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Priv.Sekr - Sekr.DOW, 1972-10-31.

⁷⁶ NASA, Pretoria. MGO 184 MO2/6: Sekr. DOW, 1973-03-01.

Vorster het gevra dat 'n braaiplek by die agterdeur van Libertas opgerig word. Die idee was nie dat dit 'n ten volle ingerigte braaiplek moes wees nie, maar slegs 'n plekkie waar iemand van die personeel vleis oor die kole kon braai.⁷⁷

In 1966 is 'n noodkragopwekker geïnstalleer om noodbeligting aan 'n gedeelte van die ampswoning te verskaf. 'n Versoek is gerig of die kragopwekker nie na die hele woning, kombuis met stowe en ander toerusting uitgebrei kon word nie. Die versoek het gevolg omdat 'n munisipale kragonderbreking kon plaasvind wat groot ongerief kon veroorsaak. So moes die personeel voorheen reeds halfgekookte kos uit Libertas se kombuis na die opsigter se woning verskuif sodat dit daar verder gaargemaak kon word.⁷⁸

Tydens die Vorster-egpaar se inwoning is die grootste strukturele verandering tot op hede aan Libertas aangebring. Die vergroting van die eet- en sitkamer deur die toebou van die stoepe het 'n groot verandering aan die Moerdyk-planne veroorsaak. Dit het gelei tot baie warm vertrekke omdat die stoepe wat die koelheid moes verskaf, nie meer aan dié doel beantwoord het nie. Die uitsig uit die eet- en môrekamer is verberg deur die dik gordyne wat die son en die hitte moes uithou en die buite-aansig van die woning is bederf deur groot lugversorgingseenhede wat die vertrekke koel moes hou. Van die vensters aan die noordelike kant van die môrekamer is permanent toegemaak met houthortjies omdat die uitsig net op die lugversorgingseenhede digby die venster was. Die sipresbome wat aangeplant is om die lugversorgingseenhede te versteek, het ook 'n doring in die oog geword. Dit is te betwyfel of die oplossing vir die tekort aan plek in die eetkamer wel 'n sukses was, maar waaraan nie getwyfel kan word nie, is die betrokkenheid wat mev Vorster by die ampswoning gehad het.

⁷⁷ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Sekr.EM - Sekr.DOW, 1967-05-02.

⁷⁸ NASA, Pretoria. MGO 75 M/D/ II: Sekr. DOW – EM, 1962-02-08.

Mevrou Vorster het, omdat sy in die Kaap opgegroeï het, haar baie meer met die Kaap en gevolglik met Groote Schuur vereenselwig. Sy het kort na hulle intrek in Groote Schuur 'n operasie ondergaan en was vir 'n tyd huisgebonde. Dit is in dié tyd dat sy in Groote Schuur se geskiedenis begin belangstel het en haar hart en siel in navorsing oor die woning gewerp het. Sy het dit as 'n uitdaging beskou om alles oor Groote Schuur na te vors en het verskeie medewerkers oor die onderwerp betrek. Sy het met die taak om alles gedokumenteer en elke artikel op sy plek te kry, vir die hele duur van haar man se Premierskap besig gebly en 'n groot bydrae tot Groote Schuur se geskiedenis gelewer.⁷⁹ Hoewel mev Vorster baie meer by Groote Schuur betrokke was, het sy opregte belangstelling en waardering vir Libertas se skatte en skoonheid getoon.

Baie van mev Vorster se privaatkunswerke het in Libertas gehang. Een daarvan was 'n batikwerk deur Louis Steyn van Suid-Afrikaanse voëls. Dit was teen een muur van die eetkamer gemonteer met ligte wat dit van agter verlig het. Wanneer die ligte aangeskakel was, het dit die kleure laat gloei en 'n baie effektiewe versiering gevorm. 'n Borsbeeld van Vorster, geskep deur D Geldenhuys, is ook in die hoof ontvangsvertrek uitgestal. Een van die werke van Van Wouw, 'n borsbeeld van dr Andrew Murray, was ook in die ingangsportaal, asook 'n moderne replika van 'n driepootkruik wat op Formosa gekoop is. 'n Nuwe aanwinst was 'n beeldjie van 'n smid. In mev Vorster se privaatstykamer was 'n bronsbeeld van 'n perd. Dit was 'n aandenking van 'n vakansie in Montevideo. Vorster het dit self gekoop en dit onder die arm na die skip geneem.⁸⁰

Een van mev Vorster se persoonlike besittings was 'n swart en wit ets wat Jean Welz van Maria Elisabeth Rothman (1875-1975), die skryfster MER, gemaak het. Sy het dit in Libertas gehang.⁸¹

Al het sy so lank met die kunswerke in Libertas saamgeleef, het mev Vorster gevoel dat sy elke dag iets nuuts in die kunswerke kon vind om te waardeer.⁸²

⁷⁹ Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania 8752, 12-08-1999

⁸⁰ Libertaslêer, Libertas. V. Allen, Libertas and its treasures, *Pretoria News*, 1971-11-12.

⁸¹ Libertaslêer, Libertas. A. Boshoff, Mev. Vorster: tien vervulde jare as Premiersvrou, *Die Huisgenoot*, 1976-09-17, p. 58.

⁸² Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 25.

Sy het baie in die geskiedenis van Libertas en Grootte Schuur belanggestel en onder haar leiding is die kunsversameling in Libertas gekatalogiseer. Die kunswerke is beoordeel, 'n waardasie is gemaak, biografiese besonderhede van die kunstenaars verkry en kritiek op die kunswerke gelewer. Dieselfde is met die erdewerk en porselein in Libertas gedoen. Voorts is 'n lys van proteasoorte in die tuine opgestel.⁸³

Die versameling porselein in Libertas was indrukwekkend. Die oudste stuk is in 'n Oosterse tipe vertoonkas in mev Vorster se privaatsitkamer vertoon. Die bord het 'n wit agtergrond met helder blou figure daarop en dateer uit die Kangxi-dinastie (1662-1722) van China.⁸⁴ Die versameling is in die privaatsitkamer, die hoofontvangskamer, die gang en op die wenteltrap uitgestal. In die hoofontvangsvertrek was 'n VOC-bord van ongeveer 1620 en kristalglas van nagenoeg 1820. Die meeste stukke was uit die negentiende eeu, soos borde met die Chien Lung-merk.⁸⁵

Met die opname deur die Universiteit van Pretoria se Departement Kunstgeskiedenis en Beeldende Kunste oor die kuns in Libertas, is bevind dat die gehalte van die versameling betreklik goed was. Die werke deur JH Pierneef (1886-1957), Maggie Laubser (1886-1973), Anton van Wouw (1862-1945) en die landskap van JA Smith (1886-1954) is uitgesonder. Die bevinding was dat die versameling oor die algemeen in 'n bevredigende toestand was. Die opnemers het aanbeveel dat die kunswerke in die lig van die aantal jare wat dit reeds daar hang, deur 'n goeie restourateur nagegaan word. 'n Aantal werke sou heeltemal herspan moes word en een moes heeltemal gerestoureer word. Die draad van sommige werke moes vervang word en een het net aan 'n stukkie lyn gehang, wat probleme kon skep. Verder is aanbeveel dat die werk so gou moontlik gedoen word voordat dit later intensiewer werk sou behels.⁸⁶

Afgesien van sowat 40 skilderye het Libertas se versameling ook uit bykans 75 verskillende stukke of groepe stukke bestaan.⁸⁷ In daardie stadium was vyftien beeldhouwerke deur Van Wouw in Libertas waaronder een elk van John X Merriman en JH Hofmeyr asook een wat die hande van die kunstenaar voorgestel het. Die twee skilderye deur Pierneef het langs mekaar teen

⁸³ Libertaslêer, Libertas. Brief van Sekr. van Inligting, Departement van Inligting - H.Esterhuizen, 1969-04-22.

⁸⁴ Libertaslêer, Libertas. V. Allen, Libertas and its treasures, *Pretoria News*, 1971-11-12.

⁸⁵ Libertaslêer, Libertas. Brief van Sekr. van Inligting, Departement van Inligting - H. Esterhuizen, 1969-04-22.

⁸⁶ Libertaslêer, Libertas. Brief van E.M. Hamman, Rektor, Universiteit van Pretoria - EM, 1974-11-14.

die oostelike muur van die hoofontvangsvertrek gehang⁸⁸ tesame met 'n werk deur Gwelo Goodman en *Apiesrivier* deur Frans Oerder.⁸⁹

Die twee werke van Pierneef is onderskeidelik gewaardeer op R8 000 en R9 000, en die een van Goodman op R3 500. Die Maggie Laubser se waarde het van R42 tot R4 000 gestyg. Wenning se *Spring Evening* se waarde het van R40 na R4 000 verhoog. Van die ander werke was net R15 of R20 werd⁹⁰ en dit het waarskynlik die Universiteit genoop om 'n waarskuwing oor die versameling te rig en is aanbeveel dat die staat teen onkritiese skenkings waak. Te dikwels het 'n middelmatige kunstenaar probeer om deur 'n skenking 'n plek vir sy werk in 'n versameling te vind. Later sou hy dan so 'n opname as deel van sy verkooppogings adverteer.⁹¹

Tydens die opname is die kunswerk wat vandag as by verre die waardevolste werk beskou word, naamlik WJ Huggens (1781-1845) se *Frigate and man at war*, nie as juis waardevol geag nie. Die werk se waarde het wel van R80 tot R400 gestyg, maar die werke van Pierneef en die werk van Wenning, *Spring Evening*, is as baie waardevoller geag. Op veilings behaal die werke van Huggens hedendaags honderde duisende rand. Huggens was bekend as 'n skilder van seetonele en was die seeskilder vir William IV. Hy het in 1834 in die Royal Academy uitgestal en van sy werke hang in Hampton Court. Hy is in 1845 in Londen oorlede.⁹²

Mevrou Vorster het geglo dat die werke van Van Wouw en Pierneef in die ruim vertrekke werklik tot hulle reg sou kom.⁹³ Van die werk van Van Wouw was na bewering eers in die Uniegebou, maar is deur mev Vorster na Libertas geneem en die twee Vlaamse tapisserieë is ook in die tyd van Libertas na Groote Schuur geneem om 'n eenheid te vorm met die twee wat daar was (fig.87).⁹⁴ Dit was die 400-jaar-oue tapisserieë wat *Amerika* en *Asië* uitgebeeld het. Die twee in Groote Schuur was *Europa* en *Afrika*. Al het die werke reeds tekens van ouderdom getoon, was die kleure nog warm.⁹⁵

-
- 87 Libertaslêer, Libertas. G. Cluver, *Pragtige oudhede versier Libertas*, *Die Huisgenoot*, 1969-06-20, p. 15
88 Libertaslêer, Libertas. A. Malan, *At home with Mrs. Vorster*, *Personality*, 1972-12-15, p. 25.
89 Libertaslêer, Libertas. Libertas, 'n tuiste vir waardevolle Africana, p. 3.
90 Libertaslêer, Libertas. Tini Vorster *Versameling P10/4 Deel 1: Libertas*
91 Libertaslêer, Libertas. Brief van E.M. Hamman, Rektor, Universiteit van Pretoria - EM, 1974-11-14.
92 Libertaslêer, Libertas. Brief van E.M. Hamman, Rektor, Universiteit van Pretoria - EM, 1974-11-14.
93 Skriftelike mededeling: Tini Vorster, Serenitas 55 Strand, 7140, 1997-02-26.
94 Libertaslêer, Libertas. *Geskrewe inligting*, s.a
95 Libertaslêer, Libertas. V. Allen, *Libertas and its treasures*, *Pretoria News*, 1971-11-12.

Om en by dieselfde tyd toe Rhodes Groote Schuur aangeskaf het, het sy oom tydens 'n verkoping by die Hertog van Buckingham se plattelandse woning, Stowe Park, vier tapisserieë gekoop. Twee, *Afrika* en *Europa*, is aan Rhodes geskenk en die ander twee aan Rhodes se niggie, dame Lubbock. Rhodes het haar probeer oorreed om haar twee aan hom te verkoop. Sy het geweier, maar hulle het ooreengekom dat die een wat eerste sterf syne of hare aan die ander een sou bemaak. Dame Lubbock het Rhodes oorleef, maar omdat sy testament geen bepaling oor die tapisserieë bevat het nie, het dit in Groote Schuur bly hang.⁹⁶

Kort na die Tweede Wêreldoorlog het die Rhodes-trust, Oxford, *Amerika* en *Asië* in besit geneem. Bewus daarvan dat die ander twee in Groote Schuur hang, het die trustees die twee gekoop en as 'n bewys van hulle bewondering en dankbaarheid vir sy bydrae in die oorlog aan generaal JC Smuts geskenk. Smuts se siening was moontlik dat Groote Schuur reeds twee het en daarom het hy *Amerika* en *Asië* eerder in Libertas gehang. Die tapisserieë het in Libertas bly hang totdat mev Vorster besluit het dat hulle na tagtig jaar herenig moes word. Sy het die menings ingewin van dr Irma Eckert, 'n Hongaarse kenner van tekstiele, destyds verbonde aan die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum in Kaapstad, en mnr. Anton Koot, voormalige sekretaris van die Rijksmuseum in Amsterdam en kenner van tapisserieë. Hulle het onthul dat *Asië* eerder *Oorwinning* uitbeeld.⁹⁷

Die werke is na Nederland gestuur om herstel en skoongemaak te word. Vir vier jaar was dit in Haarlem se werksinkels vir antieke tekstiele voordat dit na Groote Schuur teruggestuur is.⁹⁸

Die tapisserieë is ontwerp deur Louis (Ludwig) van Schoor wat tussen 1666 en 1728 geleef het. Die wewer van die tapisserieë het nie sy naamtekening op die werke gelaat nie, maar 'n aantal leidrade suggereer dat dit Albert Auwerkx was. Hy was 'n meesterwewer wat tussen 1657 en 1717 in Brussel gewerk het. Versteekte monogramme is te sien in al vier die werke. 'n "X" is onder 'n kroon, 'n "A.X" verskyn op die omslae van boeke in *Europa*, op die vlag van *Oorwinning* en as versiersels in al die rame.⁹⁹

⁹⁶ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 125.

⁹⁷ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 125.

⁹⁸ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 126.

⁹⁹ P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 126.



Figuur 87: Een van die tapisserieë wat tans in Groote Schuur hang.

Uit : P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*
(Vlaeberg, 1996), p. 125.

2. Tuine

Volgens mev Vorster het sy nie 'n talent met plante gehad nie, maar sy het die skoonheid van die tuine waardeer. Die tuine was volgens haar "a sight for the gods." Die tuine van Libertas het haar aan haar ouerhuis en tuin herinner. Hoewel sy 'n baie besige program gehad het, het sy tyd ingeruim om in die aande met haar honde deur die tuine te stap. Sondag het sy ook deur die tuine gestap, maar Vorster het nie tyd gehad om dit gereeld te doen nie.¹⁰⁰ As Vorster wel saam met die kleinkinders gaan stap het, het hy die gewoonte gehad om een met 'n wandelstok nader te trek. Dit het dié kind dan baie besonders laat voel.¹⁰¹

As gevolg van die grootte van die tuine is dit verdeel in 'n aantal spesialiteitstuine. Van die woning tot by die straat het die formele tuine gestrek. Die terrasse is van klip gebou en deur fonteine en dammetjies verbind. Randjies van helder bloeisels het die fluweelgladde grasperke

¹⁰⁰ Libertaslêer, Libertas. *Garden and Home* artikel, 1978-01-09, pp. 19-20.

¹⁰¹ J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 273.

omraam.¹⁰² Die formele roostuin was die groot vreugde van die dame wat Libertas se blommerangskikkings gedoen het.¹⁰³ Ander blomme vir die woning is deur 'n afsonderlike kwekery en blomtuin op die terrein verskaf.¹⁰⁴ Die groentetuin was nog in die beginstadium.¹⁰⁵

Die oprit na Libertas is begrens deur witstinkhoutbome en by die ingang na die woning is twee verskillende soorte geelhoutbome. 'n Groot deel van die tuine het 'n informele en ontspanne atmosfeer gehad. 'n Kronkelpaadjie het verby mimosabome teen 'n klipperige koppie met aalwyne gelei tot by 'n skaduryke kolletjie waar 'n houtstomp 'n rusplekkie verskaf het. Dit was een van mev Vorster se gunstelingplekkies. Van daar kon 'n mens omring deur inheemse plante die asemrowende uitsig geniet.¹⁰⁶ Die kronkelpaadjie was vir die Vorster-seuns en hulle maats ook 'n heerlike stappaadje en ontvlugting aan die alledaagse bestaan.¹⁰⁷

Die heuwel wat na die roostuin afloop, was met broodbome en aalwyne begroei. 'n Ander koppie was ideaal vir 'n protea- en heidetuin. Die aalwyne op die koppie het in die skadu van die inheemse bome gegroei. Die inheemse bome was mooi en het 'n heerlike reuk versprei. Vorster en sy vrou het die inheemse bome bewonder en hulle gelukkig geag om by hulle woning naby die Tsitsikamawoud baie inheemse bome te hê. Hulle het etlike meubelstukke uit inheemse hout laat maak.¹⁰⁸

102 Libertaslêer, Libertas. *Garden and Home*-artikel, s.a., pp. 19-20.

103 Skriftelike mededeling: T. Vorster, *Serenitas* 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

104 Libertaslêer, Libertas. *Garden and Home*-artikel, s.a., pp. 19-20.

105 Skriftelike mededeling: T. Vorster, *Serenitas* 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

106 Libertaslêer, Libertas. *Garden and Home*-artikel, s.a., pp. 19-20.

107 Skriftelike mededeling: T. Vorster, *Serenitas* 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

108 Libertaslêer, Libertas. *Garden and Home*-artikel, s.a., pp. 19-20.

3. *Personeel*

Vroeg in 1967 het Vorster versoek dat die hele aangeleentheid van die huishoudelike personeel en verwante sake ondersoek word. 'n Departementele komitee moes ondersoek instel of die betrekking van huishoudingbestuurder nie verander kon word nie sodat die bekleër voltyds aan die huishouding verbonde moes wees en soos die ander personeel saam met die Eerste Minister tussen Pretoria en Kaapstad moes reis. In daardie stadium was die situasie dat die huishoudingbestuurder by die onderskeie wonings bly, terwyl die assistent-huishoudingbestuurder, kok, huishoudster en een swart bediende tussen Groote Schuur en Libertas gependel het. Wanneer daar niemand tuis was nie, het die huishoudingbestuurder en ses bediendes die woning skoongemaak. Die komitee moes ondersoek instel of die getal swart werkers in diens by elke woning werklik nodig was, daar nie besparings aan staatsuitgawes by die twee wonings bewerkstellig kon word nie, sonder om die Eerste Minister en sy gesin se gerief in gedrang te bring en of die Departement van Openbare Werke volle verantwoordelikheid vir toesig by die wonings moes aanvaar as die Eerste Minister nie 'n huis bewoon het nie.¹⁰⁹

Die komitee se verslag het bepaal dat dit moontlik was om slegs een huishoudingbestuurder aan te stel wat dan tussen die twee wonings pendel en dat die getal betrekkings wat die huishoudelike dienste verskaf aansienlik verminder kon word. Die waardevolle versameling porselein, silwer en koper is gewoonlik in die inwoners se afwesigheid deur die agterblywende personeel versorg. Die komitee het bevind dat die silwer nie sal beskadig as dit na bewaring na ses maande skoongemaak word nie, die koper hoef net skoongemaak te word as dit 'n aanslag het en die porselein hoef net voor gebruik skoongemaak te word. Die betrokke items kon vir ses maande in brandkluis, muurkaste en ander houers toegesluit word. Dan hoef die wonings slegs afgestof, gelug en die vensters en stoepe gewas te word. Die huishoudelike personeel hoef nie daarmee gemoeid te wees nie, want skoonmakers van die Departement van Openbare Werke kon die take verrig. Gevolglik kon die personeel met een huishoudingbestuurder en nege swart huisbediendes verminder word. Die huishouding sou bestaan uit die assistent-huishoudingbestuurder, huishoudster, kok en vier bediendes wat saam met die Eerste Minister heen en weer sou reis. Die

¹⁰⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Staatsdienskommissie - J.B.W. Meyer.Priv.sekr, 1967-01-19.

Departement van Openbare Werke sou vier bediendes permanent aan elke woning toewys om die huishoudingpersoneel met algemene take te help.

Wanneer die Eerste Minister nie inwonend was nie, sou die Departement van Openbare Werke aflosspanne vir take na die woning stuur soos deur die binnenshuisversierders van die Departement bepaal. Waardevolle items sou onder die binnenshuisversierders se toesig skoongemaak word. Alle waardevolle items wat nie skoongemaak word nie, sou toegesluit bly en die woning sou in gereedheid gebring word net voordat die Eerste Minister dit sou betrek.¹¹⁰

In Oktober 1967 is die aanbevelings oor die personeelvermindering aanvaar en moes dit in werking gestel word. Daar is besluit dat die oorbodige swart werkers nie hulle werk moes verloor nie, maar dat hulle dienste deur oorplasing elders benut moes word. Die vier swart werkers by Libertas en Groote Schuur met die langste dienstydsperke se dienste moes behou word. Die aanbeveling oor die blanke werkers moes tot later oorstaan.¹¹¹

Personeel van die Suid-Afrikaanse Spoorweë (nou Transnet) is gesekeer om as kelners by Libertas te werk. Tydens die tref van die reëlings oor die aangeleentheid, is gevra of hulle ook vir die veiligheid by die woning verantwoordelik sou moes wees.¹¹² Daar was egter polisiebeamptes spesifiek vir die doel daar. 'n Blommerangskikker is ook vir die woning aangestel. Sy sou vir tien dae per maand teen R15 per dag die woning se blomme rangskik.¹¹³ Sy sou blomme uit Libertas se tuine gebruik en dit self gaan pluk. Daarvoor sou sy ekstra vergoed word omdat sy die Departement van Openbare Werke se taak in dié opsig sou oorneem.¹¹⁴ Of die planne deurgevoer is, is onseker.

Die kok was 'n blanke persoon wat reeds etlike jare in die Vorsters se diens was. Saam sou hy en mev Vorster onthale beplan en spyskaarte uitwerk. Dit was vir mev Vorster 'n saak van trots dat hulle hulle eie vrugte en groente ingemaak het. Nog 'n personeellid wat baie jare in Libertas gewerk het, was die privaatsekretaresse van mev Vorster, Annatjie Boshoff. Sy was eers mev

¹¹⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 154: Sekr.Staatsdienskommissie - J.P.V. Visser. Sekr.EM, 1967-01-20.

¹¹¹ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Sekr.Staatsdienskommissie - Sekr. EM, 1967-11-01.

¹¹² NASA, Pretoria. EM 4/2 II: EM – Sekr.DOW, 1975-06-26.

¹¹³ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Sekr.staatsdienskommissie – Sekr. EM, 1975-11-04.

¹¹⁴ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Sekr.DOW - Sekr.EM, 1976-08-31.

Verwoerd se sekretaresse en is na Verwoerd se dood deur die Vorsters versoek om in die amp aan te bly.¹¹⁵

Elias Aphane was 'n personeellid van Libertas sedert 1965. Hy het Vorster ervaar as 'n moeilike mens om te verstaan. Hy was buierig en het altyd kop-onderstebo geloop en hom nooit in die oë gekyk nie. Hy het net in sy werk belanggestel en het nie tyd gehad om met personeellede te verwyf nie. John Camala, wat in 1973 motorskoonmaker vir Vorster geword het, het duidelike herinneringe aan Vorster. Volgens hom was hy die moeilikste van al die Eerste Ministers om mee saam te werk. Hy was baie streng en take moes baie vinnig en deeglik afgehandel word. Een van Camala se take as motorwasser was om seker te maak dat daar nie 'n bom in Vorster se kar geplant is nie. Vorster se raadgewers het, volgens Camala, bang vir die Eerste Minister voorgekom, al was hy so 'n stil man.¹¹⁶

Die kinders van die huispersoneel het dikwels die geleentheid gekry om by Libertas onthaal te word, soos met 'n waatlemoenfees. Voorts was daar dié keer toe die Premier met 'n helikopter op Libertas se grasperk geland het. Die kinders het soos uit die niet verskyn om die gebeurtenis te aanskou. Die Premier het hulle aangemoedig om nader te staan en die helikopter deeglik te bekyk.¹¹⁷

4. Onthale en besoekers aan Libertas

Met Walter Schirra, een van die Amerikaanse ruimte-reisigers, se besoek aan Libertas is die personeel se kinders toegelaat om met sy vertrek hom by die voordeur te ontmoet. Voorts het die Weense Seunskoor by Libertas gekuier en nadat hulle spesiaal vir mev Vorster gesing het, is die seuns op tee en koek onthaal. Die Verwoerdburgse Meisieskoor het ook besoek aan Libertas afgelê en saam met mev Vorster op die wenteltrap vir 'n foto geposeer. Die Southern Swingers het aangebied om vir mev Vorster 'n liefdadigheidsvertoning aan te bied. Sy het gevoel dat dit jammer sou wees as slegs sy daar was en het die inwoners van drie tehuse vir bejaardes in Pretoria na die geleentheid genooi. Dit was 'n baie spesiale middag vir die 42 tromslaers en

115 Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 29.

116 E. Jayiya, Madiba's men, *Pace*, 1995-09, pp. 44-45.

117 A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 70.

trompoppies by Libertas waar hulle na hulle vertoning saam met die gaste aan verversings gesmul en die woning bekyk het.¹¹⁸

Tydens 'n intieme geleentheid in Libertas het mev Vorster die sertifikaat ontvang wat van haar die eerste geregistreerde maatskaplike werker in Suid-Afrika gemaak het.¹¹⁹

Die besoek van die lede van die Junior Stadsraad van Johannesburg aan die Premier in Libertas moes in 'n baie kort tydjie geskied, want die Premier het die Kabinetsministers in die Uniegebou agtergelaat waar hulle op hom gewag het. Na die formele inhuldigingsplegtigheid van die Junior Stadsraad is hulle met verversings onthaal, terwyl die Premier haastig na sy vergadering terugkeer het.¹²⁰

In 1968 het Vorster die hoofseun en hoofmeisie van sy ou hoërskool op Sterkstroom genooi om vir 'n week tydens die Oktobervakansie by hulle in Libertas tuis te gaan. Hulle het eersteklasreiskaartjies en sakgeld ontvang. Mevrouw Vorster het 'n interessante program vir hulle opgestel wat besoeke aan die SA Polisiekollege en -museum, die Suid-Afrikaanse Polisie se hondeskool, Fort Klapperkop en die Voortrekkermonument ingesluit het. Daar was darem ook besoeke aan die bioskoop en ander ontspanningsgeleenthede. Vir Sondagmiddagete is die hoofleerlinge van die twee ander John Vorsterskole in Pretoria en Nigel genooi. Die besoeke is gestaak toe Vorster se program te vol geword het om dit in te pas.¹²¹

118 A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 70.

119 Libertaslêer, Libertas. A. Boshoff, Mev. Vorster: tien vervulde jare as Premiersvrou, *Die Huisgenoot*, 1976-09-17, p. 56.

120 A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, pp. 71-72.

121 A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 72.

In 1976 was die Vorsters se oudste seun, Willem die hoofseun by die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Die hoofseuns en hoofmeisies van al die Pretoriase skole is genooi om saam by Libertas tee te gaan drink. Hulle is verversings aangebied en het saam met die Premierspaar gekuier en in die tuine rondgestap. Die prefekte-tee het 'n jaarlikse instelling geword wat selfs later na die Kaap oorgewaaï het en ook by Groote Schuur plaasgevind het.¹²² Willem se huweliksbevestiging is jare later by Libertas gevier.¹²³

Telleurstellend vir die Premierspaar was die feit dat hulle byna nooit hulle persoonlike vriende kon onthaal of private partytjies kon bywoon nie. Nog minder kon hulle na onthale van Kabinetsministers gaan. As hulle na die een gaan, maar nie die ander kon bywoon nie, kon dit kwade gevoelens skep.¹²⁴

5. *Nuwe voorwaardes vir bewoning van die woning*

In 1974 is nuwe voorwaardes neergelê vir die bewoning van die ampswonings deur die Eerste Ministers. Die huur van R45 per maand sou van die Eerste Minister se salaris afgetrek word. Die staat sou vir water, elektriese krag, sanitasie, vullisverwydering en eiendomsbelasting betaal. Die Eerste Minister moes sy twee toegekende ampswonings bewoon en sou huur betaal, al bewoon hy hulle nie. As hy toelaat dat sy kinders in die een woning woon en hy in die ander, sal hy dubbele huurgeld betaal. Hy mag 'n woning in oorleg met die nuwe Eerste Minister nog 'n maand na die verstryking van sy termyn bewoon en indien hy sterf, kon sy gesin die woning vir 'n maand na die sterfdatum bewoon.¹²⁵

¹²² A. Boshoff, Tien jaar saam met die Vorsters aan huis, *Die Huisgenoot* 36/2837, 1976-09-10, p. 72.

¹²³ Skriftelike mededeling: Tini Vorster, Serenitas 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

¹²⁴ Libertas lêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 29.

¹²⁵ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: EM - S.F. Marais, Sekr.DOW, 1974-12-11.

Die Eerste Minister moes deur sy privaatsekretaris die Departement van Openbare Werke tien dae voor sy verhuising van die een woning na die ander van sy dag en uur van aankoms inlig. Dit sou genoeg tyd laat om die verblyfplekke in gereedheid te kry en bewaking te reël. Hy moes meld of sy bediendes voor hom by die woning sou aankom en as die Premier van 'n private verhuisingsmaatskappy gebruik maak, sou die staat nie die koste dra of die reëlings tref nie.¹²⁶

Die Departement van Openbare Werke sou sorg vir die blom- en groentetuine en die Eerste Minister sou geen beskikkingsreg oor die groente of blomme hê nie. Versoeke om snyblomme vir funksies moes veertien dae voor die tyd skriftelik by die Departement van Openbare Werke ingedien word. Geen meubels, toerusting of tapyte mag van een woning na 'n ander verskuif word nie en geen ingevoerde artikels sou vir die twee ampswonings gekoop word nie. Alles moes plaaslik vervaardig wees. Die Departement van Openbare Werke sou alle toebehore vir funksies veskaf en weer verwyder, maar nie na-ure of tydens naweke nie.¹²⁷

6. *Veiligheidsmaatreëls*

Wanneer die woning onbewoon was, was die alarmstelsel pal aangeskakel. As die huis bewoon was, is dit slegs snags aangeskakel. Die sleutels vir die alarmstelsel was in besit van die huishoudingbestuurder, H Esterhuizen. Enige versteurings is na die polisie oorgesein en hulle moes Esterhuizen inlig om die stelsel te gaan afskakel. Die Kantoor van die Eerste Minister het gevoel dat slegs die huishoudingbestuurder in beheer van die alarmstelsel moes wees en dat die polisie nie 'n stel sleutels moes besit nie, want "gedeelde verantwoordelikheid lei tot laksheid."¹²⁸

Later is besluit dat nog veiligheidsmaatreëls om Libertas getref moes word. Die bevelvoerder van die spesiale wagenheid van die Suid-Afrikaanse Polisie het versoek dat 'n addisionele veiligheidsheining van 2,43 m parallel met die bestaande heining opgerig moes word. Daar is gevra vir trappe en opritte in die rotsagtige en onbegaanbare dele sodat patrollies maklik kon beweeg. Om nie die natuurskoon te skaad nie, moes die trappe so onopsigtelik moontlik wees. 'n Reeks ligte is ook aangevra omdat gedeeltes van Libertas, die tuin en omheining in donker gehul

126 NASA, Pretoria. EM 4/2 II: EM - S.F. Marais, Sekr.DOW, 1974-12-11.

127 NASA, Pretoria. EM 4/2 II: EM - S.F. Marais, Sekr.DOW, 1974-12-11.

128 NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Sekr. EM - Sekr.DOW, 1975-08-06.

was. Spreiligte moes op die dak van Libertas en aan die binnekant van die heining aangebring word. Die ligte sou van die polisiestasie af beheer word en slegs aangeskakel word as dit nodig was. Libertas sou dag en nag deur polisiewagte bewaak word as die huis bewoon was. Tydens Parlementsittings sou die woning slegs snags bewaak word. Verder moes die brandblusapparaat aangevul word. Die bevelvoerder was van mening dat meer beveiliging nodig was en dat dit die hoogste prioriteit moes geniet.¹²⁹ 'n Gewysigde skema van gewone draadheining, sonder ligte, met traliewerk in George Washington-boulevard is goedgekeur.¹³⁰ In daardie stadium was die hele buurt toeganklik en die strate was nog nie vir verkeer afgesluit nie.

Gewone polisiewagte was by die hoofhek aan diens en besoekers is deur 'n polisieman na die woning begelei. Buite die woning het nog polisiewagte patrollie gestap.¹³¹

In 1973 is die gedeeltes in Libertas wat voorheen deur die veiligheidspolisie gebruik is, se veiligheid ook opgeknip. Daar moes nuwe alarms in al die deure en vensters geplaas word en alle gebreekte drade moes vervang word.¹³²

7. *Uittrede van Vorster*

In 1979 het Vorster uitgetree uit die amp van Staatspresident wat hy beklee het nadat hy as Premier bedank het. Hy het dit gedoen as gevolg van die aanvullende verslag van die Erasmus-kommissie oor dié Departement. Die verslag het bevindinge bevat oor Vorster se betrokkenheid by die skandaal om die Departement van Inligting. Vorster het gedurende sy termyn bedank en Marais Viljoen is as die waarnemende Staatspresident aangestel.¹³³

Die Vorsters het hulle in die Oos-Kaapland in 'n woonstel in Port Elizabeth en hulle huis by Oubos gaan vestig. By Oubos kon Vorster afgesonderd voel omdat toegang tot die gebied baie beperk is.¹³⁴ Vir die Vorsters was dit 'n terugkeer na hulle wortels. Dit was in Port Elizabeth waar Vorster in die jare dertig en veertig van die vorige eeu as prokureur gepraktiseer het. Hy is

¹²⁹ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Sekr. EM - Sekr.DOW, 1976-10-04.

¹³⁰ NASA, Pretoria. EM 4/2 II: Kommissaris SA Polisie - Sekr.DOW, 1976-10-27.

¹³¹ Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 25.

¹³² NASA, Pretoria. MGO 184 MO2/6: Spesifikasies vir addisionele beskerming, 1973-03-30.

¹³³ B. Pottinger, *The imperial presidency, P.W. Botha, the first ten years*, pp. 24-25.

¹³⁴ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 141.

hier in die Baakensstraat-polisiestatie opgesluit voordat hy na die interneringskamp by Koffiefontein in die Oranje-Vrystaat gestuur is. Na sy aftrede is hy gereeld gesien waar hy in die Port Elizabethse park met sy polisiewag gaan stap het.¹³⁵

Dit was by Oubos waar die Vorster-egpaar werklik hulleself kon wees. Oubos is 'n pragtige klein private oord waar net mense met 'n sleutel of 'n afspraak kon kom. Daar kon hulle uit die kollig leef en ontspan.¹³⁶

Die woning daar was volledig met hulle eie besittings toegerus. Hulle het alles daar gehad en kon dadelik intrek as dit moet. Mevrouw Vorster het daarna uitgesien om daar te gaan aftree.¹³⁷ Vorster het gereeld op die strand gaan stap en met 'n rubberboot op die rivier gevaar.¹³⁸ Op Oubos kon mev Vorster 'n gewone dagrok aantrek en Vorster in sy safaripakke rondloop. Die kinders sou by hulle kuier en Vorster sou tyd hê om sy gunsteling "cowboy"-boeke te lees. Mevrouw Vorster sou op haar beurt weer tyd hê om oor plante of antieke meubels op te lees. Hulle was op hulle gelukkigste wanneer hulle kinders by hulle was.¹³⁹



Figuur 88: Vorster voor sy strandhuis op Oubos

Uit: Anoniem, *John Vorster - 10 Jaar* (Kaapstad 1976), foto 46.

- 135 B. Pottinger, *The imperial presidency, P.W. Botha, the first ten years*, pp. 25-26.
136 B. Pottinger, *The imperial presidency, P.W. Botha, the first ten years*, p. 141.
137 J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, pp. 276-277.
138 Anoniem, *John Vorster - 10 jaar*, p. 14.

Baie van Vorster se drome van détente met Afrika is deur die Soweto-onluste van 1976 en die Inligtingskandaal vernietig. Vriende en raadgevers van Vorster het hom in die steek gelaat. Dit was vir hom 'n bittere ervaring. Dit het daarna gelyk asof hy hom afgesluit het en nie na buite gereageer het nie. Hy het min reaksie by gesprekke getoon en sy gedagtes vir homself gehou.¹⁴⁰

Volgens sy dogter, Elsa, het die Inligtingsdebakel hom oud gemaak. Sy vriende wat hy heeltemal vertrou het, het sy lojaliteit misbruik. Hy was teleurgesteld deur mense wat hom misbruik het en so sy planne verwoes het. Maar volgens sy dogter was hy nie verbitterd nie. Hy het gevoel dat hy baie ontvang het. Hy het wel baie probleme gehad, maar hy het ook prinse en konings ontmoet. Sy siening was dat jou verantwoordelikhede in balans moes wees met die hoogtepunte en genietinge van die lewe.¹⁴¹

Vorster het op 10 September 1983 gesterf nadat emfiseem 'n ernstige wending geneem het. Hy is op 13 September op die dorp Kareedouw, nie ver van Oubos nie, te ruste gelê. Ooreenkomstig sy wense is hy na 'n gewone kerkdienste net langs die Nederduitse Gereformeerde kerk begrawe.¹⁴²

Volgens mev Vorster het sy nooit geglo dat sy die enigste vrou was wat aan die hoof van Grootse Schuur of Libertas kon staan nie, net soos haar man nie die enigste een was wat die land kon

139 Libertaslêer, Libertas. A. Malan, At home with Mrs. Vorster, *Personality*, 1972-12-15, p. 25.

140 D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 99.

141 H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19.

142 D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 145., H. Retief, My Pa, die Premier, *Sarie*, 1990-02-07, p. 19

bestuur nie. Sy het ervaar dat sy net eendag in die posisie was en dat daar weer eendag iemand sou wees wat die posisie en pligte by haar sou oorneem. In haar woorde was nòg sy nòg haar man onvervangbaar.¹⁴³

143 J. D'Oliveira, *Vorster - the man*, p. 270.

HOOFTUK X

LIBERTAS WORD PRESIDENTSWONING IN DIE TYD VAN DIE BOTHAS, 1976-1989

A PW BOTHA EN SY GESIN

"Op sy knieë voor sy stoel soos 'n klein kind voor sy bed, so bid die Eerste Minister in sy kantoor saam met my", vertel die gewese hoofkapelaan van die Weermag, Koos van Zyl. PW Botha het 'n lang openbare loopbaan agter die rug gehad en in sy leiersposisie het hy elke dag sy diepe afhanklikheid van Christus bely. Hy het geglo dat "the success or failure of a culture is deeply related to the religion of the people". Volgens hom het politiek niks met godsdiens te doen nie, maar is die kerk die geestelike en morele vesting vir volk en gesin. Hy was 'n Bybelstudent en dikwels is hy met sy Bybel en 'n kommentaar gevind, besig om sy eie aantekeninge te maak. In die kantlyne van sy toesprake het dikwels verwysings na Bybeltekste voorgekom.¹

Pieter Willem Botha is op 12 Januarie 1916 op Telegraaf, 'n plaas in die distrik Paul Roux in die Vrystaat, gebore. Hy het sy skoolloopbaan op Paul Roux begin en dit op Bethlehem voltooi. Hy is daarna na die Universiteit van die Oranje-Vrystaat maar het nie gegraduateer nie, omdat hy op twintigjarige ouderdom besluit het om die politiek sy loopbaan te maak.² Sy vader het die besluit van Botha met ongemak aanvaar, maar sy moeder se raad was dat hy sy hart moes volg.³ Volgens FW de Klerk was PW Botha die laatlammetjie van bejaarde ouers en is gesê dat hy baie deur hulle bederf is en altyd sy sin gekry het.⁴

Botha is deur DF Malan as politieke organiseerder vir die Nasionale Party in die Kaapprovinsie aangestel. Later was hy verantwoordelik vir die advertensieveldtog vir die 1948-verkieping wat onverwags deur die Nasionale Party gewen is. In dié verkieping het Botha ook 'n setel in die Parlement verower en dit 36 jaar, die langste van alle lede, verteenwoordig. In 1948 is hy as die Sekretaris van die Nasionale Party in Kaapland aangestel.⁵

¹ D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, pp. 45-46.

² P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 346.

³ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 46.

⁴ F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, p. 83.

⁵ P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

In 1958 is hy as Adjunk-minister van Binnelandse Sake in HF Verwoerd se Kabinet aangestel. Drie jaar later het hy Minister van Binnelandse Sake geword en in 1966 Minister van Verdediging. Gedurende sy termyn as Minister van Verdediging het die verdedigingsbedryf nuwe hoogtepunte bereik. In sy ampstermyn van veertien jaar as Minister van Verdediging het die verdedigingsbegroting ongeveer twintig keer verdubbel, die wapenbedryf het te midde van internasionale sanksies grootliks selfonderhoudend geword en is nuwe geleenthede vir vroue in die Suid-Afrikaanse Weermag geskep.⁶

Sy persoonlikheid en dryfkrag was sy sterkpunte. Hy het nie geweifel om van raadgewers gebruik te maak nie en as die besluit eers geneem was, was hy die een wat dit deurgevoer het. Vir sy vriende en die kiesers het hy deur al die jare dieselfde gebly. Hy het nie op seremonie aangedring nie. Genl. Hein du Toit het as direkteur van militêre inligting gereeld saam met Botha as Minister van Verdediging gereis. Botha het in die ekonomiese klas gereis, self sy bagasie gehanteer en op gewone busse en treine gereis. Van spesiale reëlins vir hom wou hy niks weet nie.⁷

Hy het hard op kantoor gewerk, maar tyd tuis het aan sy gesin behoort. Hy het nie sorg van die kantoor af gebring nie, maar soms het sy vrou hom aangetref waar hy in sy studeerkamer besig was om te bid. Dan het sy geweet dat hy leiding van Bo nodig gehad het. Hy was glad nie moeilik om mee saam te leef nie en was bedagsaam teenoor sy vrou. Hy kon sukkelaars en ploeteraars nie verdra nie en niemand moet iets twyfelagtigs by hom gewaag nie. Hy het vinnig besluite geneem en sy werk afgehandel soos dit voor hom gekom het. Hy het nie uitgestel of daarmee gesloer nie en hy het dieselfde van ander mense verwag. Volgens sy vrou was hy glad nie kwaai nie; hy het net vir effek so geklink. Barend du Plessis – wat in die tyd van Botha ‘n lid van die Kabinet was - het as skerp waarnemer die uitbarstings beskryf as "niks anders nie as georkestreerde styl" nie.⁸ Volgens Botha self was hy nie ‘n lamsak wat almal tevrede wou stel of ‘n drilvis wat deur almal rondgestoot kon word nie.⁹

⁶ P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

⁷ D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, p. 118.

⁸ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, pp. 54-55, 119.

⁹ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 59.

Javier Pérez de Cúellar (1982-1992), die voormalige Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, het opgemerk dat van al die wêreldleiers wat hy al ontmoet het, Deng Xiaoping en PW Botha hom die meeste beïndruk het met die persoonlike mag wat hulle uitgestraal het.¹⁰ Alan Paton, die bekende Suid-Afrikaanse skrywer, het gesê: "In my tyd was daar agt Eerste Ministers en van hulle is PW Botha die beste."¹¹

In 1978 het eerste minister BJ Vorster bedank en het Botha hom op 28 September 1978 opgevolg. Daar was 'n groot verskil in die bestuurstyl van die twee Premiers. Die Kabinetsvergaderings is in Vorster se tyd sonder veel struktuur aangepak en daar is sommer in 'n A4-boek deur die mees junior minister notules gehou. Daar was geen vaste komitees nie en gevolglik het baie *ad hoc*-komitees ontstaan. Met Botha se oornome is die reëlins ingrypend verander. Die Kabinet het 'n sekretaris gekry wat behoorlik notule gehou het en vaste komitees is aangewys om na spesifieke sake om te sien. Sy bestuurstyl het 'n beduidende verbetering in die bestuursdoeltreffendheid van die regering en staatsdepartemente gebring.¹²

Hy het 'n uitmuntende organisasievermoë gehad en was baie lojaal teenoor dié wat lojaal aan hom was. Hy was genadeloos teenoor dié wat hom teengestaan of ondergrawe het. PW Botha het aan die hoof van Kabinetsvergaderings gestaan: soms soos 'n vader en soms soos 'n dreigende arend. Sy bestuurstyl het nie oop en vrye bespreking aangemoedig nie. Hy het ministers wat 'n ander weg as hy wou volg, baie gou en soms hardhandig op hulle plek gesit.¹³

Die nuwe Eerste Minister het die nodigheid vir hervormings in die land ingesien en die land in daardie rigting probeer stuur. Hy het die mense ingelig dat hulle moet aanpas of ondergaan. Interne struwelinge in die Nasionale Party tussen die konserwatiewes en die res van die lede het die hervorming vertraag. Met die wegbreek van die konserwatiewes in 1982 kon Botha met sy hervorming voortgaan en is die driekamer-parlement ingestel, wat stemreg aan Kleurlinge en Indiërs gegee het. Die nuwe stelsel het ook meegebring dat die amp van Eerste Minister deur een

¹⁰ F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, p. 86.

¹¹ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 118.

¹² F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, pp. 84, 87.

¹³ F.W. de Klerk, *Die laaste trek - 'n nuwe begin*, pp. 83, 85.

van Uitvoerende President vervang is.¹⁴ Daarmee saam het die posisie van Libertas verander van die woning van die Eerste Minister na die woning van die President.

Pieter Willem Botha en Anna Elizabeth (Elize) Rossouw, die dogter van ds. Servaas Hofmeyr Rossouw van Senekal, buurdorp van die dorp waar Botha gebore is,¹⁵ se paadjies het op Stellenbosch gekruis. Die twee het tydens 'n vertoning van die rolprent *Gone with the wind* op mekaar verlief geraak.¹⁶ In haar tweede studiejaar aan die Universiteit van Stellenbosch het hulle verloof geraak. Die ligte sjarme van die blou-oog-pastoriedogter het die ernstige Pieter betower en sy was beïndruk deur sy erns, toewyding en onverskrokkenheid. Sy was baie lewenslustig en het vroulikheid met intelligensie gekombineer. Sy kon die wêreld met gemak betree en tog nog haarself bly.¹⁷

Hulle is op 13 Maart 1943 getroud nadat Elize Rossouw haar BA-graad behaal het. Veertig jaar later het Botha nog gesê dat dit die beste ding was wat in sy lewe gebeur het. Dit was 'n gemeentetroue waarmee al die vrouens behulpsaam was. In die skrapse na-oorlogsjare was dit maar moeilik om die 1 600 gaste, wat later 2 000 geword het, te onthaal. Dr DF Malan het van Kaapstad af gekom om 'n tjek namens hom en ander Volksraadslede aan die paartjie te oorhandig (fig.89).¹⁸ Uit die huwelik is vyf kinders gebore: twee seuns, Pieter en Rossouw, en drie dogters, Elanza, Amelia en Rozanne (fig.91).¹⁹

Die Botha-gesin was die toonbeeld van die Afrikaanse gesin en volgens die skrywer van 'n biografie oor Botha, B Pottinger, het slegs Botha se gebrek aan persoonlike sjarme die gesin daarvan weerhou om tydens sy bewindsjare meer in die kalklig te tree.²⁰

¹⁴ P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 347.

¹⁵ D. de Villiers & J. de Villiers, *PW*, p. 48.

¹⁶ I. Wessels, Mev Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

¹⁷ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 48.

¹⁸ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

¹⁹ I. Wessels, Mev Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

²⁰ B. Pottinger, *The Imperial presidency*, p. 69.



Figuur 89: Die Botha-egpaar op hulle troudag, 1943-03-13.

Uit: *Bylae by die Burger*, 1986-05-01, p. 2.

Hulle het in 'n woonstel in Tamboerskloof gaan woon, waar mev Botha baie tyd alleen deurgebring het, terwyl haar man sy aandag aan die sake van die Nasionale Party gewy het. Haar pastorie-agtergrond het haar op 'n lewe saam met PW Botha voorberei. Die voorbeeld van haar pastoriemoeder het haar gehelp om die ongereeldheid van haar man se program, onberispelike gasvryheid en die begroting met die min geld te trotseer. Van haar vader het sy haar wye belangstelling en patriotisme gekry.²¹ Haar vader was die eerste predikant wat in Afrikaans gepreek, mense in die huwelik bevestig en kinders gedoop het.²²

Elize Botha was volgens haar man 'n hedonis veral as sy dit so met 'n verjaarsdag en die feestelikheid daarvan kon geniet. "Jou verjaardag," het die Eerste Minister vir sy vrou gesê "is soos 'n Swazi-begrafnis: dit hou 'n week aan met eet en drink!" Hulle persoonlikhede het mekaar aangevul. Haar kalme rustigheid en milde humorsin het sy intensiteit en dryfkrag afgerond. Die man wat met die stroewe politiek en regeringsake te doen gehad het, is deur haar bruisende lewensliefde gesteun.²³

²¹ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

²² I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

²³ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 49.

Voor Botha Premier geword het, het Elize Botha 'n aneurisme gehad waarvoor sy geopereer moes word. Dit was vir haar gesin 'n spanningsvolle tyd maar haar herstel was volkome. Daar was geen gevolge van breinbloeding nie. Botha het net voor sy verkiesing tot Kaaplandse leier die Nasionale Party gewaarsku dat as sy vrou se gesondheid nie verbeter nie, hy die politiek sou verlaat. Haar gesondheid het verbeter en hy het in die politiek gebly.²⁴



Figuur 90: Mnr. PW Botha lewer sy eerste toespraak as Eerste Minister, 1967-09-28.

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd, dramas rondom die uittrede van pres. P.W.Botha*, (Kaapstad, 1990), p. 2.

Die gesin het as 'n baie hegte eenheid saamgewerk. So het die gesin tydens die groot breinoperasie van mev Botha mekaar so gesteun en haar bygestaan dat die ondervinding vir haar net mooi herinneringe ingehou het.²⁵

²⁴ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, pp. 54, 112.

²⁵ I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

Met Botha se verkiesing tot hoofleier van die Nasionale Party was sy eerste woorde voordat hy met sy toespraak begin het: "Waar is my vrou?" Eers nadat sy op die trappe van die Senaatsaal langs hom gaan staan het, het hy sy eerste toespraak as hoofleier gehou (fig.90).²⁶ Sy kort toespraak is afgesluit met 'n dankie aan sy familie en sy "liewe vrou."²⁷

Hulle kinders moes deur die jare baie opoffer as gevolg van hulle vader se posisie en mev Botha wou nie gehad het dat hulle nog verder daardeur benadeel word nie. By geleentheid het 'n onderwyser aan die Hoërskool Jan van Riebeeck in Kaapstad aan haar gesê dat haar kinders nie spesiale behandeling moes verwag omdat hulle ministerskinders was nie. Haar antwoord aan hom was dat die teenoorgestelde ook waar was. Sy sou dit nie duld dat teen haar kinders gediskrimineer word net omdat hulle pa belangrik was nie. Sy onthou nog een van haar dogters se antwoord op die vraag of sy nie PW Botha se dogter was nie. Haar antwoord was dat sy is, maar dat hulle dit nie teen haar moet hou nie.²⁸

B DIE BOTHAS IN LIBERTAS

Botha het op 14 September 1984 Suid-Afrika se eerste Uitvoerende Staatspresident geword. Daarmee saam het Libertas die President se ampswoning geword.²⁹

Die Bothas het Libertas bo die Herbert Baker-ontwerpte Presidensie as ampswoning verkies. Libertas was volgens mev Botha baie goed ingerig vir die ontvangs van besoekers en tog ook gerieflik vir 'n gesin. Buitelandse besoekers het dit as 'n besondere ampswoning beskou. Die pragtige uitsig en die tuine was 'n groot bate. In die warm somermaande was die swembad 'n definitiewe voordeel, maar die woning was in die wintermaande soms 'n bietjie koud.³⁰

Volgens John Reinders, voormalige kontroleur van die huishouding, het die Bothas hulle selde in Libertas bevind. Tydens die maande wat Botha in Pretoria moes wees, het hy van Maandag tot Woensdag in Libertas gebly het en dan vir die res van die tyd terug Kaap toe gegaan. Omdat haar jongste seun nog op skool in die Kaap was, het mev Botha byna nooit in die woning oornag nie,

²⁶ D. Prinsloo, *Stem uit die Wilderness*, p. 81.

²⁷ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p.112.

²⁸ I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, pp. 23, 25.

²⁹ G. van Rensburg, FW moet trek, Nelson wil Libertas hê, *Beeld*, 1994-06-08, p. 1.

³⁰ Skriftelike mededeling: E. Botha, Die Anker, Wilderness, 6560, 1997-02-27.

maar slegs vir 'n dag vir 'n spesifieke geleentheid na Libertas gekom.³¹ Volgens Marike de Klerk het die twee verweerde stoele voor die beeldradiostel in die klein sitkamertjie boekdele gespreek oor waar Botha en sy perssekretaris baie ure deurgebring het.³²

Mevrou Botha het gevoel dat sy deur die jare vir 'n huislike en private atmosfeer gesorg het waar ook al die gesin gewoon het. Dit was omdat sy geglo het dat haar man na 'n lang dag op kantoor na 'n rustige, huislike plek moes terugkeer. Amptelike huise was al wonings wat haar kinders geken het en daarom het sy gesorg dat die ampswonings vir hulle 'n tuiste was. Elkeen moes 'n plekkie hê wat haar of sy eie was. Rossouw Botha was sedert Marietjie Malan die eerste kind wat in die ampswonings ingewoon het en sy ma het seker gemaak dat hy in elke verblyfplek minstens twee vertrekke net vir homself gehad het. " 'n Ou seuntjie moet tog speelplek hê. Dit is al huis wat hy het, laat hom speel", was haar siening. Vir die jongste dogter, Rozanne, was daar altyd 'n plekkie waar sy haar vriende kon onthaal en plate kon speel as sy wou.³³

Mevrou Botha was lief daarvoor om haar eie goed om haar te hê. Sonder haar eie goed het sy nie tuis gevoel nie en haar hand kon baie gou in 'n ampswoning waargeneem word. Botha het altyd gesê dat sy 'n versamelvoël was.³⁴ Van die amptelike wonings was Westbrooke in die Kaap die Bothas se gunsteling (fig.91). Dit was natuurlik dat hulle die Kaapse ampswoning sou verkies omdat hulle hulle daar soveel meer tuis gevoel het.³⁵ Mevrouw Botha het, soos Tini Vorster oor Groote Schuur, navorsing oor Westbrooke gedoen. Sy het meegewerk aan 'n brosjure oor Westbrook wat in 1982 die lig gesien het. Dit het van die talle treffende items in die woning beskryf.³⁶

31 Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

32 M. Maartens, *Marike, a journey through winter and summer*, p.137.

33 I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 23.

34 I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 36.

35 Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

36 Anon, 'n Statige woning, *Suid-Afrikaanse Panorama*, Desember 1983, p. 46.



Figuur 91: Westbrooke (nou Genadendal)

Foto: J. Reinders, s.a.

1. *Inrigting*

Die binnenshuisversierders van die Departement van Openbare Werke is die personeel wat by die versiering van die verblyfplekke van die staat betrokke is. Hulle werk gewoonlik volgens 'n meesterplan sodat hulle hulle aankope goed beplan en nie onnodig geld bestee nie. Hulle kies die kleurskemas sodat hulle nie artikels hoef te vervang wat nog goed is nie. Die styl van die woning lei hulle ook in hulle keuses omdat die meubilering by die woning moet aanpas. Hulle werk egter nie net met huise nie, maar ook met inwoners en moet by die keuses van die kleure en idees die mense se smaak in gedagte hou. Soms moet die versierders heeltemal van hulle idees afsien om die inwoners tevrede te stel.³⁷

In die Botha-era is die mure van die Pierneefkamer geverf om by die kleure van die twee skilderye aan te pas. Mevrou Botha het 'n voorliefde vir ligroos gehad en wou graag dié kleur so ver moontlik in die binnenshuiseversiering gebruik (fig.92).³⁸

³⁷ L. van Zyl, Hulle is kunstenaars in eie reg, *Publico*, June 1995, pp. 24-25.

³⁸ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 0001, 1998-04-09.



Figuur 92: Die Pierneefvertrek in Libertas in die Bothas se tyd.

Foto: J. Reinders, (s.a).

'n Paar van die stoele in die Pierneefvertrek is met pienk damas oorgetrek en van die slaapkamers is versier met blou en pienk materiaal wat heeltemal te helder vir die woning was. Die materiaal is by mev Botha aanbeveel deur 'n persoon wat Libertas nog nooit besigtig het nie en die versiering van die slaapkamers was dus 'n duur ramp. Van die noordelike slaapkamers is later deur die Departement van Openbare Werke herversier, maar party het onveranderd gebly, behalwe vir die grootste foute wat reggestel is.³⁹ Marike de Klerk vertel dat die groot brokaat-en-kant gedrapeerde bed in die hoofslaapkamer, die stoele wat duidelik herhaaldelike kere oorgetrek is en die te styf-oorgetrekte oorgrootkussings van die meubels haar by haar intrek in Libertas geskok gelaat het.⁴⁰

'n Slaapkamer aan die noordwestelike end van die eerste verdieping is in 'n eetkamer vir die gesin omgeskep. Dit was geselliger as die groot formele eetkamer op die grondvlak.⁴¹

³⁹ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

⁴⁰ M. Maartens, *Marike, a journey through winter and summer*, pp.137-138.

⁴¹ Mondelinge mededeling: S.Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

'n Groot instapkoelkamer is vir die wild van die jageisoen aangebou. Dit kon tot twintig karkasse op 'n keer hou; genoeg vir die wildsbiltong. Verder is 'n ontsnappingstonnel uit die wynkelder na buite die ampswoning gebou.⁴²



Figuur 93: Mnr en mev Botha in Libertas se kombuis.


Die personeel is besig om wildsvleis te bewerk.

Foto: J. Reinders (s.a.).

Van die veranderinge aan Libertas tydens die Botha-era was dat die eerste verdieping se klein noordelike stoepe en die ingangsportaal toegebou is om aan die hoofslaapkamersuite 'n groter aantrek- en badkamer te gee (fig. 94, 95).⁴³

⁴² Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.


⁴³ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Korannabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, Julie 1997.



Figuur 94: Die hoofslaapkamer van Libertas, ca. 1989.

Op die plan kan gesien word hoe die portiek, die “*sleeping porch*” toegebou is vir ‘n badkamer.

Uit: Oorgeneem van en aangepas uit planne van die Departement van Openbare Werke.



Figuur 95: Die oorspronklike planne vir die hoofslaapkamer van Libertas

Op dié oorspronklike plan van Moerdyk kan die uitleg van die hoofslaapkamer gesien word. Die “*sleeping porch*” is in Botha se tyd toegebou om die badkamer te vergroot.

Uit: Oorgeneem van en aangepas uit die planne van die Departement van Openbare Werke.

Gedurende die Bothas se tyd is al die geskenke wat ontvang is in die eetkamer uitgestal. Baie van die geskenke soos tapisserieë, was afkomstig uit die TBVC-state - Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei. Die vertrek het later so 'n Afrika-tema ontwikkel dat Botha baie politiees onaanvaarbaar na die vertrekke in die woning as die Pierneefkamer, die kiaatkamer en die “kafferkamer” verwys het.⁴⁴

Die *porte-cochère* om mense by die trappe op pad na die voordeur teen die elemente te beskerm, is teen die middel van die tagtigerjare van die vorige eeu aangebou. Die ontwerp daarvan is deur die Departement van Openbare Werke gedoen (fig. 96).⁴⁵ Daarmee is die probleme opgelos van reën wat by die voordeur invloei en wat reeds sedert Smuts se tyd bestaan het.



Figuur 96: Die inryportaal (“porte-cochère”).

Foto: R. Simpson, *Libertas*, (s.a) n.p.

In die tyd is begin met 'n inventaris van die protea-silwerware wat in *Libertas* gebruik is. Voorheen het geen volledige inventaris van die silwerware bestaan nie.⁴⁶ Of die protea-silwerware dieselfde is as dié wat in Malan se tyd in gebruik geneem is, is nie duidelik nie.

⁴⁴ Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁴⁵ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁴⁶ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

2. *Tuine*

Mevrou Botha was lief vir blomme. Soms was sy lus om sommer iemand van die straat af te gaan roep om te gaan kyk hoe lyk die blomme in haar tuin of woning.⁴⁷ Mevrou Botha het baie van die rangskikkings vir die huise, veral in Westbrooke, sommer self met vars blomme uit die tuine gedoen.⁴⁸

3. *Personeel*

Die huishouding van Libertas het onder die beheer van die kontroleur van die huishouding, John Reinders, gestaan. Hy het die administrasiesetel toegepas wat Botha ingestel het, en dit voldoen steeds aan die toenemende eise wat tans aan die Kantoor van die Presidensie gestel word. Volgens Reinders het Botha nooit toegelaat dat administrasie ophoop nie. 'n Personeelid sou met papierwerk in sy kantoor instap en dan weer met dit afgehandel daar uitstap: 'n administrateur met uitstaande vermoëns.⁴⁹

Elias Aphone het Botha as 'n sterk persoonlikheid beskryf. Hy was egter warm en vriendelik en het sy personeel goed behandel. Met sy terugkeer na Libertas het hy altyd die personeel met 'n handdruk gegroet. Met Kerstyd het hy vir elke personeelid 'n geskenk gekoop en almal het in die gange vergader om Kerswense te wissel. John Camala het tydens die Botha-era steeds by Libertas gewerk. Vir hom was Botha 'n heeltemal ander man as die een wat op televisie so vinger gewys het. Hy was gemoedelik met Camala en het altyd 'n tydjie gehad om met hom te gesels voordat hy in die motor geklim het. Hy was vriendelik met die huishoudingpersoneel en hulle het dit geniet om vir hom te werk. Hy het selfs aan Camala vertel van sy ontmoeting met Nelson Mandela. Hulle het vir 10 jaar baie goed saamgewerk, sodat Camala gevoel het dat Botha vir hom soos 'n vader was. Vir Camala was dit onaangenaam toe Botha siek geword het en dit was 'n hartseerdag toe hy Libertas verlaat het. Dit was soos om 'n familielid te sien weggaan.⁵⁰

⁴⁷ I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 26.

⁴⁸ J. Reinders-lêers: Ongedateerde koerantknipsel, n.p.

⁴⁹ Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁵⁰ E.Yayiya, Madiba's men, *Pace*, 1995-09, pp. 45-46.

Mevrou Botha het die voorstelle vir spyskaarte goedgekeur en stilweg haar eie smaak op elke geleentheid afgedruk. Een van haar eerste besluite was om die servette met afbeeldings van die ampswonings daarop te vervang deur fyn geborduurde servette. Haar liefde vir blomme het ook uiting gevind in die opdrag dat 'n vars blom in die piering van elke gas se teekoppie geplaas moes word.⁵¹

Aanvullende huishoudingpersoneel is op versoek van mev Botha uit die Suid-Afrikaanse Weermag gekry omdat sy die verbintenis van Botha met die Weermag wou behou. Elke keer wat hulle tyd by Die Anker, hulle vakansiehuis in die Wilderness, deurgebring het, het die huishoudingpersoneel van die amptelike wonings ook saamgegaan.⁵²

4. Onthale en besoekers aan Libertas

Die feit dat die Bothas die Kaap - en spesifiek Westbrooke - bo Libertas verkies het, het beteken dat al die belangrike en groot onthale in die Kaap gehou is. Die jaarlikse staatsbanket het in die Kaap plaasgevind en daar is vir twee aande na mekaar by Westbrooke amper 600 gaste op 'n keer na 'n banket genooi. Nie net het al die belangrike onthale daar plaasgevind nie, maar buitelandse besoekers was in die ontstuiimige jare tagtig van die vorige eeu min.⁵³ Gevolglik het geen onthale van belang by Libertas plaasgevind nie.

Oorsese besoekers aan die Kaap soos die Vise-Premier van die Republiek van China, Chuang-huan Chiu, is in 1983 in die Kaap met 'n banket ontvang, 'n staatsbanket vir regeringshoofde van die TBVC-state is in Februarie 1984 in die Hotel Cape Sun aangebied en die oorhandiging van die Staatspresidentsporttoekennings en die sportmerietotoekennings het in Mei 1987 in Tuynhuis plaasgevind.⁵⁴

⁵¹ I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie Marais* 13, 1978-12-03, p. 36.

⁵² Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁵³ Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, huidig Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁵⁴ J. Reinders-lêers: koerantknipsels, spyskaarte en amptelike programme.

Onthale wat wel in Libertas aangebied is, was skemeronthale, formele etes en funksies wat gespruit het uit die verpligtinge wat met die Transvaalse gedeelte van die Nasionale Party en die regering nagekom moes word. Soms is 'n tent op die noordelike terras opgeslaan om so die eetkamer vir meer sitplek te vergroot (fig. 97). Kleiner etes is in die kleiner eetkamer aangebied. Botha het dikwels individue vir middagete genooi, waartydens privaat in die klein eetkamer geëet is.⁵⁵



Figuur 97: Die tent wat soms gebruik is om die onthaalruimte te vergroot.

Let op die gebruik van die eetkamerstoele uit Libertas se eetkamer.

Foto: J. Reinders (s.a.).

In Libertas se gasteboek is aanduidings dat onthale intiem en meestal polities van aard was. In 1979 was FW en Marike de Klerk van Bryntirion 18, van die gaste. In 1982 het Barry Ronge, bekende joernalis, in Libertas gekuier en ook in 1982 was die De Klerk-egpaar en andere saam met H Kissinger, Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake in Libertas.⁵⁶ By laasgenoemde geleentheid het die spyskaart gemarineerde springbokboud, brandewyntert en plaaslike wyne van die KWV ingesluit. Die uitslae van die referendum oor die driekamer-parlement is in ook

⁵⁵ Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁵⁶ Libertas-gasteboek, 1979-1984: Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, n.p.

Libertas ingewag saam met mense soos RF Botha, toenmalige Minister van Buitelandse Sake (fig. 98).⁵⁷



Figuur 98: Die uitslae van die referendum oor 'n driekamerparlement word by Libertas afgewag.

Een van die gaste wat voor die bord met die uitslae staan, is RF Botha, toenmalige Minister van Buitelandse Sake (regs).

Foto: J. Reinders (s.a.).

Die eerste teepartytjie wat mev Botha by Libertas aangebied het, is bygewoon deur die Presidentsvrou, mev Tini Vorster, die vrouens van ander hoogwaardigheidsbekleërs en van besoekende Ministers van Buitelandse Sake vir die beraad oor Suidwes-Afrika (Namibië) in Pretoria.⁵⁸

Tydens meer formele geleenthede het mev Botha daarvan gehou dat Libertas se silwerware gebruik word. Sy sou ook versoek dat daar vir elke dame 'n skouerruikertjie moes wees wat sy persoonlik, saam met 'n kort gesprekkie, vir elke vrou aangesteek het.⁵⁹

⁵⁷ J. Reinders-lêers: Koerantknipsels, spyskaarte en amptelike programme.

⁵⁸ I. Wessels, Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront, *Sarie* 13, 1978-12-03, p. 25.

⁵⁹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

5. *Uittrede van Botha*

In Januarie 1989 het Botha in Westbrooke 'n beroerte-aanval gehad (fig. 99), maar nie uit die politiek getree nie. Daar was druk op hom om te bedank, maar hy het geweier. Hy het gewys dat hy nog baie politieke durf in hom gehad het deur op 5 Julie 1989 'n ontmoeting by Tuynhuis met die politieke gevangene Nelson Mandela te hê. Die ontmoeting is beskou as 'n deurbraak in die onderhandelinge op die pad na 'n demokratiese Suid-Afrika. Op 6 Mei 1990 het Botha amptelik bedank en FW de Klerk het die leisels van die land by hom oorgeneem. Botha en sy vrou het hulle na Wilderness naby George in die Kaap teruggetrek waar hy steeds in die kalklig was.⁶⁰



Figuur 99: Botha na sy beroerte-aanval.

Hy word vir mediese versorging weggeneem.

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd, dramas rondom die uittrede van pres. PW Botha*, (Kaapstad 1990), p. 2.

Die Bothas se woning in die Wilderness, Die Anker, was altyd hulle toevlugsoord. Hulle het hulle jaarlikse somervakansie saam met hulle gesin daar deurgebring en Botha het gewoonlik sy

⁶⁰

P.K. Byers, (ed.), *Encyclopedia of World Biography*, p. 348.

verjaarsdag daar gevier. Dit is ook hierheen dat Botha gegaan het om na sy beroerte-aanval aan te sterk. Hy het nadat hy beter was, gereeld sy kantoor in Kaapstad besoek, maar daarna weer na Die Anker teruggekeer.⁶¹ Die Bothas het ook elke Paasnaweek by Die Anker deurgebring (fig.100).⁶²



Figuur 100: Die Anker, die Bothas se woning by Wilderness.

Foto: J. Reinders, (s.a).

Die Bothas se betrokkenheid by die Kaapse dorp George het tot dié dorp se vooruitgang gelei. Botha het gesê dat dit groot vreugde aan hom verskaf het om te sien hoe die lewensomstandighede van die plantasiewerkers verbeter het en dat 'n revolusie in die landbou in die distrikte George en Knysna plaasgevind het. Hy het dit nie eiehandig tot stand gebring nie, maar het 'n aandeel daarin gehad om te sien hoe armoede wyk.⁶³ Botha en sy vrou het bepaal dat hulle op George begrawe wil word.⁶⁴

⁶¹ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, pp. 77, 154, 157.

⁶² Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 1999-11-24.

⁶³ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 48.

⁶⁴ D. de Villiers & J. de Villiers, *P.W.*, p. 46.

Die Bothas het waarskynlik nie moeilik van Libertas afskeid geneem nie. Dit was duidelik dat mev Botha haar min in Libertas bevind het en slegs vir amptelike geleenthede⁶⁵ na Pretoria gegaan het. As sodanig het sy nie so 'n groot invloed op Libertas gehad soos ander Premiersvroue wat meer tyd daar deurgebring het nie. Botha self het ook 'n groter voorliefde vir die Kaap gehad en het hom net vir werksdoeleindes in Pretoria bevind. Derhalwe is slegs die allernoodsaaklikste aandag aan die ampswoning gegee. Gelukkig sou Libertas onder die volgende Presidentsvrou, Marike de Klerk, baie meer aandag en sorg ontvang.

⁶⁵ M. Maartens, *Marike*, pp. 139-140.

HOOFSTUK XI**LIBERTAS WORD TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID
VERKLAAR IN DIE TYD VAN DIE DE KLERKS, 1989-1994****A FW DE KLERK EN SY GESIN**

"It is just a change of initials from PW to FW" was aartsbiskop Desmond Tutu se mening oor FW de Klerk se opvolging van PW Botha. 'n Ander kenner het De Klerk beskryf as: "strongly loyal to National Party interests and a cautious, not bold mover." Nog 'n mening oor De Klerk was dat hy 'n man is wie se hemp en pak nooit gekreukel was nie. Dit het daarop gedui dat hy 'n perfeksionis is. Hy is die sagsprekende diplomaat, baie bewus van sy beeld en 'n beter luisteraar as spreker. Hy het gelyk asof hy nooit luidrugtig en aggresief word nie, maar te alle tye toeganklik was; 'n vaderlike leier.¹ Vir diegene wat sodanige standpunte gehuldig het, moes sy opspraakwekkende toespraak van 2 Februarie 1990 in die Parlement 'n groot verrassing gewees het. Daardie dag het hy die vrylating van Nelson Mandela en die wettiging van politieke partye soos die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC) aangekondig.²

Frederik Willem de Klerk is op 18 Maart 1936 in Johannesburg gebore. Hy was dalk bestem vir die politiek in ag geneem dat sy oom eerste minister JG Strijdom was.³ Sy vader was senator Jan de Klerk wat in Strijdom se Kabinet gedien het. De Klerk het baie vroeg reeds sy vader met werwingswerk vir die Nasionale Party gehelp en strooibiljette versprei.⁴ Hy was op 'n jeugdige ouderdom reeds lid van die Nasionale Jeugbond, jeugafdeling van die Nasionale Party.⁵ Hy het aan die Universiteit van Potchefstroom gestudeer en daarna as prokureur in Vereeniging gepraktiseer.⁶

As jong prokureur kon De Klerk en sy eggenote bekostig om te trek uit die woonstel waarin hulle gebly het. Hulle het vir hulle 'n woning op 'n akker grond aan die oewer van die Vaalrivier laat bou. Nadat hy in 1972 Parlements lid vir Vereeniging geword het, het hulle besef dat sy

¹ M. Maartens, *Marike*, pp.134-135.

² P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 466.

³ P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 466.

⁴ A. Ries & E. Domnisse, *Leierstryd*, p.103.

⁵ C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 54.

⁶ P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-467.

inkomste nie genoeg was om hulle groot woning in stand te hou nie en moes hulle na 'n meer beskeie woning in dieselfde buurt trek en hulle droomhuis verkoop.⁷

Met De Klerk se verkiesing tot Parlements lid het die De Klerks in die parlementêre woonbuurt Akasiapark in die Kaap gaan woon. Mevrou De Klerk het gehou van die eenvoudige leefwyse in die klein huisies met die goedkoop meublement sonder ruimte vir versierings, blomme en ornamente. Hier kon sy selfs kaalvoet in die straat loop.⁸

In 1978 het De Klerk Minister in Vorster se Kabinet geword. Hy het verskeie Kabinetsposte in daaropvolgende jare beklee soos Pos- en Telekommunikasie, Binnelandse Sake en Nasionale Opvoeding. In 1982 het hy leier van die Transvaalse Nasionale Party geword.⁹

As Minister in die Kabinet van Vorster het Bryntirion 10 die De Klerks se woning geword. Die ou woning met die breë vensterbanke, groot vertrekke en houtvloere was 'n groot verandering na die woning in Akasiapark. Hulle was daarna in Olivierstraat 300, Pretoria, woonagtig toe De Klerk tot President verkies is. Hulle het daar uitgetrek en in Libertas gaan woon.¹⁰

In Januarie 1989 het De Klerk vir Botha as President van die Republiek van Suid-Afrika opgevolg en in 1990 het hy die aanvanklik veelgeroemde stappe gedoen vir 'n demokraties verkose meerderheidsregering in Suid-Afrika. Na die aankondiging van die hervormingstappe het De Klerk en Mandela op 7 Mei 1990 hulle eerste ontmoeting gehad. Beide leiers het die ontmoeting as vrugbaar beskryf. In 1993 het die twee leiers die Nobelprys vir Vrede gedeel,¹¹ wat beteken dat Libertas deur twee opeenvolgende Nobelprysweners bewoon is.

Aan PW Botha het De Klerk nie veel erg gehad nie, omdat hy nie deel van sy binnekring was nie en omdat hy nie altyd met Botha se bestuurstyl saamgestem het nie.¹² De Klerk se eie leierstyl as President was een van toeganklikheid en ontspannendheid. Dié leierskap het die klimaat vir 'n

⁷ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 153.

⁸ M. Maartens, *Marike*, pp. 76-77.

⁹ P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-467; P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 66-67.

¹⁰ M. Maartens, *Marike*, p. 77.

¹¹ P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, pp. 466-468.

¹² L. de Lange, De Klerk nie spty oor enige van sy besluite nie, *Beeld*, 1999-01-20, p. 3.

onderhandelde skikking geskep, binnelandse spanning verlig en die land se aansien in die buiteland verhoog.¹³

In 1994 het die Nasionale Party die verkiesing verloor en het De Klerk die amp van Vice-president in die regering van nasionale eenheid beklee. Libertas was nou vir die eerste keer, al was dit vir slegs 'n kort tyd, die amptelike woning van een van die Vice-presidente van die land. Nadat die grondwet goedgekeur is, het hy in 1996 uit die regering van nasionale eenheid bedank. Die Nasionale Party het die amptelike opposisie geword.¹⁴ In 1997 het De Klerk die politieke toneel verlaat met die verklaring dat hy glo dat dit in die beste belang van sy land en sy party was.¹⁵ Hy het nie uit die politiek getree as gevolg van sy verhouding met Elita Georgiadis nie, maar het in ag geneem dat dié verhouding sou ontwikkel en daarom het hy persoonlike redes ook as 'n rede vir sy bedanking aangevoer.¹⁶

De Klerk het sy eerste eggenote, Marike, aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys ontmoet. Marike Willemsse is op 29 Maart 1937 in Pretoria gebore. Na haar vader se dood in 1945 is haar moeder met 'n boer van Standerton getroud en het Marike Willemsse daar skoolgegaan, maar later op Potchefstroom gematrikuleer.¹⁷ Sy was 'n B.Com.-student wat as die beste vrouestudent in haar finale jaar aangewys is. Haar uitstekende akademiese prestasies het De Klerk ook aangevuur om harder aan sy studies te werk. Volgens hom kon hy nie toelaat dat sy meisie hom op akademiese gebied uitstof nie. Die gevolg was dat hy sy LL.B-graad *cum laude* verwerf het. Hulle is op 11 April 1959 getroud en drie kinders Jan, Willem en Susan is deur hulle aangeneem (fig.101).¹⁸

¹³ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 101.

¹⁴ C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 55.

¹⁵ P.K. Byers, *Encyclopedia of World Biography*, p. 468.

¹⁶ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 386.

¹⁷ A. Ries & E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 108.

¹⁸ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, pp. 52, 56.



Figuur 101: Die De Klerk-gesin

Uit: A. Ries en E. Dommissie, *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van pres. P.W. Botha* (Kaapstad, 1990), p.3.

Vriende van Marike de Klerk vertel dat sy maar 'n valerige vrou tjie was wat trui e gebrei, gelees en 'n toegewyde ma vir haar kinders was. De Klerk het haar by die politiek en sosiale lewe betrek. Sy het later geword wat sy 'n beroepseggenote genoem het. Sy was sy "arm" - aanvullend tot haar man.¹⁹ Sy het alles saam met haar man probeer doen, want anders sou hulle, volgens haar, mettertyd in twee afsonderlike wêrelde geleef het. Haar man het dit waardeer dat sy hom ondersteun en haar bydrae gelewer het. Hulle het deur die jare gewone mense gebly. De Klerk het daarvan gehou om met sy eie motor na Warmbad in die Noordelike Provinsie te ry om by hulle kinders te gaan kuier.²⁰

Volgens De Klerk was die band tussen hom en sy vrou baie heg. Sy het die spanning 'n bietjie van hom afgekeer. Hy het haar sy "kierie" genoem. Hy het haar lojaliteit, krag en intelligensie as kenmerke uitgesonder. Sy was steeds 'n individu wat op haar eie voete kon staan en was nie heeltemal van hom afhanklik nie.²¹ Met sy verkiesing tot leier van die Nasionale Party was sy eerste gedagte om dit met sy vrou te deel. Sy het die oggend gaan inkopies doen en hy het sy kantoorpersoneel opdrag gegee om haar met haar terugkeer in sy kantoor te hou, totdat hy haar kon sien. Daar het hy haar emosioneel vertel wat gebeur het. So het hy ook na sy belangrike

¹⁹ M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9 (2) Augustus 1994, pp. 42-43.

²⁰ E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Huisgenoot*, 1994-09-29, pp. 21-22.

²¹ E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, pp.14-15, 85.

toespraak in Februarie 1990 vir haar gevra of sy met dit alles sou kon saamleef. Haar antwoord was ‘n stralende: “Natuurlik”.²²

Haar lewe as ‘n politikus se vrou het baie veranderinge gebring. Sy het in verskeie huise gewoon en nooit die blomme sien blom nie wat sy geplant het. Sy was voortdurend besig om tasse te pak: kinders wat terug kosskool toe gaan, De Klerk wat iewers heen vlieg en sy self wat baie gereis het. Baie take het sy alleen uitgevoer, want haar man het nie tyd daarvoor gehad nie.²³ Susan de Klerk, dogter van die De Klerks, het hulle gedurige getrek verwoord toe sy haar ouers opgewonde gevra het of die nuwe skilderye wat hulle gekoop het saam met hulle sal gaan na al die nuwe huise wat hulle nog gaan bewoon.²⁴

Mevrou De Klerk het die hoop uitgespreek dat hulle eendag as ouma en oupa nog hulle dae saam kon slyt en dat sy weer vir hulle etes kon kook soos lank gelede. Dan sou hulle rustige etes kon geniet sonder dat iets hulle jaag.²⁵

Hulle vakansiewoning by Hermanus was die plek waarna hulle as die geheime plek verwys het. Volgens mev De Klerk kon haar man daar ontspan en weer glimlag soos voor hulle troue en kon hulle lewens weer normaal wees. Hulle het tyd gehad om met hulle kinders deur te bring en hulle weer te leer ken.²⁶ Die woning lê aan ‘n rotsagtige baai, tussen die oseaan en ‘n bergreeks wat met inheemse plante oortrek is. Hulle het dit geniet om hier saam met vriende en familie te ontspan. Hulle het gholf gespeel, in die borrelbad ontspan, lang ente op die strand gaan stap en vleis gebraai.²⁷

Die presidensiële vakansiehuis, 220 kilometer oos van Kaapstad, is Lekkerwater genoem. Die woning was heeltemal afgesonder en kon net per vierwielaangedrewe voertuig of helikopter bereik word. Die weer was gewoonlik onstuimig en branders het woes teen die rotsagtige kuslyn

22 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, pp. 153, 183.

23 M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

24 M. Maartens, *Marike*, pp 77, 144.

25 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

26 M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

27 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, p. 179.

gebreek.²⁸ Die woning is in die De Hoop-natuurreservaat. Hier het De Klerk in 1993 gehoor dat hy en Nelson Mandela die Nobelprys vir Vrede gewen het.²⁹

Volgens De Klerk was hulle lewens soos uitgebeeld in die rolprent *The American President*. Hulle kon nie iewers heen gaan sonder hulle veiligheidspersoneel nie en kon nie gaan flik nie, sonder dat die veiligheidspersoneel eers drie rye sitplekke moes leegmaak. Hulle kon nie 'n pakkie sigarette by die hoekkafée gaan koop of 'n winkelsentrum besoek sonder dat dit in 'n hele gebeurtenis ontaard het nie. Mense in die De Klerks se gunstelingrestaurant sou handtekeninge vra of raad uitdeel oor hoe die land bestuur moes word. Hy is selfs nie toegelaat om sy eie motor te bestuur nie. Die dag toe hy 'n nuwe Mercedes Benz ontvang het, het hy 'n pet laag oor sy oë getrek en tot groot ontsteltenis van sy veiligheidspersoneel 'n entjie alleen gaan ry. Dit was vir hom 'n heerlike ervaring.³⁰

De Klerk was gemoedelik en vriendelik maar het nie van foto-sessies gehou nie. Hy speel graag gholf en lees die werke van Wilbur Smith en Robert Ludlum asook politieke essays. Dit het hom gehelp om, in sy eie woorde, "die kop so 'n bietjie uit die skrum te trek en te kyk wat aangaan". Hy kom nie sommer tot rus as die son sak nie, want hy is 'n nagmens. Hy kon die kere wat hy voor halftwaalf gaan slaap het, op sy een hand aftel. Hy is in die oggend nie op sy beste nie en aanvaar dus nie maklik uitnodigings na 'n sake-ontbyt nie. Hy is lief vir jag en daar was dus gereeld wildsvleis in Libertas.³¹

In 1998 het sy jarelange buite-egtelike verhouding met 'n getroude Griekse vrou, Elita Georgiadis (fig.102), bekend geword, waarna hy besluit het op 'n egskeiding van sy vrou.³² Die De Klerks en die Georgiadis-egpaar was vir jare goeie vriende.³³

Nadat mnr. Georgiadis van die verhouding bewus geword het, het De Klerk en Elita Georgiadis besluit om beide aan hulle huwelike te werk. Vir twee jaar het De Klerk en Elita Georgiadis

28 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 311-312.

29 M. Maartens, *Marike*, pp. 100, 103, 195-196.

30 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 312.

31 E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, pp.14-15, 85.

32 C. Saunders & N. Southey, *A dictionary of South African history*, p. 55.

33 Anon, Elita lief vir FW, maar onseker oor skeiding, *Rapport*, 1998-02-01, p. 5.

mekaar nie gesien nie en toe besluit dat hulle hulle onderskeie huwelike sou beëindig. Hy het Marike de Klerk na talle gesprekke verlaat.³⁴

Dit is bekend dat Marike de Klerk die huwelik nie wou beëindig nie, maar dat De Klerk met die egskeiding wou voortgaan. Hy het dit jammer gevind dat sy gekritiseer is, want sy het hom te alle tye op 'n uitnemende wyse bygestaan.³⁵ Hy het ten volle verantwoordelikheid vir die mislukking van hulle huwelik aanvaar en dit gestel dat hulle vir baie jare 'n goeie huwelik gehad het. Hy het haar baie liefgehad en het steeds die hoogste agting vir haar. Sy was 'n baie goeie moeder en lojale en ondersteunende eggenote.³⁶

In November 1998 - 'n week nadat sy egskeiding van Marike de Klerk afgehandel was - is De Klerk met Elita Georgiades getroud.³⁷ Marike de Klerk se mening was dat dit nie moeilik was om die nuwe opwinding in die lewe van 'n weerlose, oorwerkte, miskende middeljarige man te word nie.³⁸



Figuur 102: Marike de Klerk en Elita Georgiades.

Uit: *Beeld*, 1999-01-20, p.3.

³⁴ E. Tempelhoff, FW het belof om boek te bring – Marike, *Beeld*, 1999-01-18, p.1.

³⁵ W. Pretorius, Elita se Tony vry glo na 'n Kaapse vrou, *Beeld*, 1998-02-16, p.1.

³⁶ E. Tempelhoff, FW het belof om boek te bring – Marike, *Beeld*, 1999-01-18, p.1.

³⁷ Korrespondent, FW Elita mis ontbyt na huweliksnag, sy straal voor vertrek, *Beeld*, 1998-11-09, p. 1.

³⁸ M. Maartens, *Marike*, p. 212.

B DIE DE KLERKS IN LIBERTAS

Die De Klerks het kort na sy aanwysing as President in Libertas ingetrek en sy verkiesing daardie aand met 'n familie-ete gevier.³⁹ Libertas was bekend aan Marike en FW de Klerk van voor sy dae in die politiek, as gevolg van besoeke aan Strijdom.

Met De Klerk se verkiesing tot President het Rena Roux, die toenmalige direkteur-generaal van die Kantoor van die Staatspresident, dr Jannie Roux, se eggenote, mev De Klerk so met haar inwoning in Libertas gelukgewens: "Ek is jammer dat jy in daardie ou kasarm moet gaan bly, want sy dak lek en hy lyk maar treurig van binne." In die woorde van een van die huishoudingpersoneel was dit "hierdie plat dak wat die probleme veroorsaak. Die muurpapier sal bly loskom solank as die water hier tussen die dubbelmure inloop."⁴⁰ Die kombuis, kantoor, musiekkamer en amptelike studeerkamer se dakke het nog steeds geleek omdat die tweede verdieping nooit gebou is nie.

Volgens mev De Klerk het die hol klanke, kilheid, afwesigheid van 'n vroulike hand en die togetrekte gordyne met haar aankoms in Libertas duidelik verklap dat mev Botha net tydens amptelike geleenthede na Libertas gekom het. Libertas was, in mev De Klerk se woorde, aanvanklik nie 'n "leefhuis, 'n tuiskomplek nie" en haar eerste begeerte was om van al die kantgordyne ontslae te raak en die uitsig weer deel van die ampswoning te maak.⁴¹

Sy het die gordyne oopgetrek en die soliede kaaatvensterrame en kunswerke bewonder. Die skoonmakers het opdrag gekry om die houtrame en hortjies met meubelolie te voed. Die hortjies moes voortaan oopstaan. Die swak gestoffeerde meubels en die klam mure kon nie haar vreugde in die kunswerke, hout en uitsig demp nie. Die formele eetkamer het sedert sy die eerste keer by Libertas besoek afgelê het, haar asem weggeslaan.⁴²

³⁹ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 168.

⁴⁰ M. Maartens, *Marike*, pp. 137, 140.

⁴¹ M. Maartens, *Marike*, pp. 139-140.

⁴² M. Maartens, *Marike*, pp. 92, 140.

Sy het nooit haar vreugde in Libertas verloor nie. Vir haar was Libertas se amptelike onthaalkamers baie mooi, maar groot en onpersoonlik. Die Suid-Afrikaanse kunswerke van Pierneef en Van Wouw het aan die ampswoning atmosfeer gegee.⁴³ Sy het van Libertas gepraat as 'n lieflike ampswoning,⁴⁴ 'n swierige plek, maar ook 'n tuiste. 'n Plek waar jy jou skoene kon uittrek en in 'n stoel kon neersak. Vir haar was dit belangrik om dit tuis vir haar man gesellig te maak, al is sy probleme ook hoe groot. By die ampswoning moes hulle saam lag, raas, kuier, mekaar bemoedig en godsdiens beoefen.⁴⁵

Vir mev De Klerk was dit belangrik dat haar kinders, wat so baie van woning verwissel het, in die huise tuis moes voel. Hulle moes nooit later in hulle lewe twyfel oor hulle antwoord op die vraag watter van die baie plekke wat hulle bewoon het, hulle as hulle ouerhuis beskou het nie.⁴⁶

Mevrou de Klerk het die sitkamer regoor die amptelike studeerkamer van die Premier in haar studeerkamer omgeskep. Dit is met 'n televisiestel en gemakstoele ingerig. In die vertrek het sy baie tyd deurgebring en gekuier. Die informele eetkamer met die mooi suidelike uitsig oor die tuine is ook graag deur die gesin gebruik om hulle etes te geniet. De Klerk het egter baie min ontspanne oomblikke gehad en baie ure - veral snags - in sy studeerkamer deurgebring.⁴⁷ Sy het hom dikwels geselskap gehou.⁴⁸

Met hulle intrek in Libertas het sy en 'n vriendin die De Klerks se persoonlike besittings uit hulle vorige verblyfplek na Libertas verskuif. Daar het die huishoudingpersoneel alles vir hulle uitgepak. Die personeel het foto's na hulle goedgeske opgehang en die boeke uitgepak. Die gevolg was dat sy tot op die dag toe hulle uit Libertas getrek het, na goed gesoek het. Terwyl haar man dus in die internasionale arena oplossings gesoek het, het mev De Klerk in Libertas na foto's, FW se sokkies, kamme en rekverbande gesoek.⁴⁹

43 Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

44 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 15.

45 M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

46 M. Maartens, *Marike*, p. 77.

47 Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

48 E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

49 M. Maartens, *Marike*, p. 152.

1. *Libertas word tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar*

Libertas is op 4 Junie 1993 deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) tot gedenkwaardigheid verklaar. Die binne- en buitekant van die gebou is tot deel van die land se erfenis van beskermde geboue verklaar. In daardie stadium het die RNG ook die moontlikheid ondersoek om die meubels en skilderye in die woning tot kultuurskat te verklaar.⁵⁰ Indien die staat later enige veranderinge aan die ampswoning wou aanbring, sou die RNG eers toestemming daarvoor moes gee.

Die RNG het Libertas in 1999 beskryf as gebou in die styl van die Hollandse klassisisme wat sy oorsprong by Nederlandse argitekte soos Philip Vingboom gehad het. Vingboom en sy kollegas het onder die invloed van die Italiaanse styl omstreeks 1650 talle soortgelyke geboue in Nederland opgerig. Die sterk plat lyne van die bouwerk, die plat dak en afwesigheid van oormatige versierings is kenmerke van die Hollandse klassisisme. Verder het Moerdyk kenmerke van die 18de-eeuse Kaapse argitektuur soos vensterrame met hulle klein hortjies, luike aan die vensters op die grondvlak, smal lysies bokant vensteropeninge, swaar houtdeure met koperbeslag daarop en klein balkonne by die ontwerp van die gebou geïnkorporeer.⁵¹

Op 5 Mei 1994 is die gedenkplaat by Libertas deur mev De Klerk onthul waarvolgens Libertas tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Op dieselfde dag is 'n gedenkplaat by die Uniegebou onthul om Meintjeskop tot 'n natuur-erfenisgebied te verklaar.⁵²

Beeld spreek in dié tyd sy bedenkinge uit of die posisie van gedenkwaardighede in die nuwe bedeling gehandhaaf sou word.⁵³ Marike de Klerk het ook haar vrese uitgespreek of beskaafde norme nog in die toekoms in Libertas gehandhaaf sou word. Joernaliste het haar toe gevra of sy gedink het dat die volgende inwoners nie beskaafd sou wees nie!⁵⁴

⁵⁰ R. Rademeyer, Staatspresident se ampswoning in Pta word gedenkwaardigheid, *Beeld*, 1993-06-02, p. 3.

⁵¹ Skriftelike mededeling: F. Erasmus, Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Johannesburg, 1999-04-13.

⁵² Lêer van Department van Openbare Werke, Pretoria: Libertas, Program van verrigtinge van onthulling van gedenkplate by die Uniegebou en Libertas, 1994-05-05.

⁵³ Redaksioneel, Libertas, *Beeld*, 1993-06-02, p. 6.

⁵⁴ M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9:2 1994 Augustus, p. 41.

2. *Inrigting*

Met die oog op die ope dag wat die De Klerks in 1994 by Libertas gehad het, is 'n brosjure oor die woning saamgestel en uitgegee. Dit is 'n waardevolle bron van inligting oor hoe die woning in daardie jare gelyk het en die omvattendste bron van inligting oor die woning tot op hede. Marike de Klerk het baie tot die sukses van die navorsing oor die ampswoning bygedra.

'n Inligtingspamflet wat deur Interplan Argitekte vir die ope dag saamgestel is, het die waarde van die 2 200 m² Libertas op R9 000 000 geraam en bereken dat die prys oor tien jaar sou verdubbel.⁵⁵

Enkele veranderinge is in die tyd van die De Klerks aan Libertas aangebring. Gedurende die tyd waartydens aan die woning gewerk is, het die De Klerks in die presidensiële gastehuis, voorheen die Presidensie, gewoon. Die presidensiële gastehuis was nie 'n gerieflike woning om in te woon nie, want dit was te groot⁵⁶ maar hulle verblyf daar het dit moontlik gemaak om aan Libertas te werk. Dit was 'n probleem wat vorige inwoners gekortwiek het wanneer aan die woning gewerk is.

Mevrou De Klerk het nie die hoofslaapkamersuite van Libertas laat herversier nie. Sy was bereid om dit te laat soos mev Botha dit versier het. Sy het dit beskryf as: "'n oorfloed van drapeersels, kant en brokaat." Daar het 'n kolos van 'n bed gestaan en mev De Klerk het gemeen dat as haar kinders jonger was, die enorme binneveermatras vir hulle 'n groot versoeking sou gewees het.⁵⁷

Die hoofslaapkamersuite is wel in 1990 verander om twee badkamers te hê. Een van Moerdyk se oorspronklike noordelike stoepe op die tweede verdieping is toegebou as 'n badkamer vir De Klerk. Mevrouw De Klerk se badkamer is verander om 'n stort in te sluit. Die oorspronklike badkamerstel is behou en net herrangskik en so is die styl van die badkamer behou.⁵⁸ 'n


⁵⁵ Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

⁵⁶ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

⁵⁷ M. Maartens, *Marike*, p. 139.

⁵⁸ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

Aangrensende slaapkamer aan die westekant is in 'n aantrekkamer vir mev De Klerk verander (fig. 103).⁵⁹




Figuur 103: Veranderinge wat deur die De Klerks aangebring is.

Die nuwe aantrekkamer en badkamers vir die hoofslaapkamer, die TV-kamer ("lounge") reg langs die hoofslaapkamer en die oordekte oostelike balkon vir braaivleis.

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

⁵⁹

Departement van Openbare van Werke: Planne Libertas, tekening 22490/5 April, 1990.



Figuur 104: Die oorspronklike Moerdyk-planne vir die eerste verdieping.

Die portiek by die hoofslaapkamer ("sleeping porch") en 'n portaal ("lobby") is verander in die nuwe aantrekkamer

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

Die slaapkamer aan die noordwestelike punt van die verdieping, wat die Bothas as eetkamer gebruik het, kon weer as 'n slaapkamer gebruik word nadat 'n slaapkamer langs die hoofsuite ingerig is om as 'n eetkamer, TV-kamer en sitkamer vir die gesin te dien. Kombuistoebehore, soos 'n wasbak en mikrogolfoond is agter houtdeure in die leefvertrek van die suite versteek.⁶⁰ Hier kon die kleinkinders maar na hartelus omkrap⁶¹ en het die De Klerk-egpaar "nessie kon skop." Die woning was gevul met foto's van die eerste kleinseun, FW. Daar het ook altyd speelgoed vir hom reggestaan.⁶² Die kinders kon nooit gou genoeg in "Die Nes", soos dié


⁶⁰ Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

⁶¹ Skriftelike mededeling: M. de Klerk, Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

⁶² M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie* 1992-01-08, p. 16.

gedeelte genoem is, in vlug nie. Die groot ampswoning met sy massiewe onthaalvertreke het hulle soos kuikens na hoekies en klein ruimtes laat vlug.⁶³

Die dameskleedkamer, wat 'n ingang uit die voorportaal gehad het, is in die tyd van die De Klerks vergroot. Dit het nie meer aan die vereistes voldoen nie. Dit kon groter gemaak word deur die jaskamer langs die vertrek deel van die kleedkamer te maak (fig.105). Die oorspronklike wasbakke is weer gebruik en die resultaat was 'n baie vroulike vertrek (fig.106).⁶⁴




Figuur 105: Die vergrote damesgastekleedkamer in die voorportaal.

Uit: Oorgeneem en aangepas van planne van die Departement van Openbare Werke.

⁶³ M. Maartens, *Marike*, p. 193.

⁶⁴ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.



Figuur 106: Die nuwe damesgastekleedkamer.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a.), n.p.

Die De Klerks het baie van braaivleis gehou en op die dak van die oostelike vleuel van *Libertas* is daar 'n braaiplek met 'n wye uitsig op die stad gebou (fig.107).⁶⁵ Die kombuis is ook opgegradeer om aan al die moderne vereistes van 'n staatshoof se woning te voldoen. Met die verbeterings van die woning in 1999-2000 was dit nie nodig om veel aandag aan die kombuis self te gee nie. Die onbevestigde bedrag wat genoem is om die kombuis te verbeter, was R800 000. Die kombuis was uiteindelik 'n produk wat die huishoudingpersoneel as die ideale kombuis beskryf het.⁶⁶

⁶⁵ M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

⁶⁶ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.



Figuur 107: Die braaiplek op die oostelike vleuel se dak.

Foto: X. Barnard, 1999.

Tydens die De Klerks se bewoning van Libertas is van die slaapkamers herversier. Dit is gedoen omdat die versiering in die Botha-era onsuksesvol was. Twee van die slaapkamers wat noord front, is deur die binnenshuisversierders oorgedoen, maar drie ander wat suid front, is onveranderd gelaat (fig.108). Slegs die opvallendste foute daarin is reggestel.⁶⁷



Figuur 108: Van die slaapkamers wat gelaat is soos dit in die Bothas se tyd was.

Foto: X. Barnard, (1999).

⁶⁷

Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

Een van die slaapkamers wat opgeknop is, was die weelderige groen kamer. Dit is die kamer waarin die Georgiadis-egpaar geslaap het wanneer hulle die De Klerks in Libertas besoek het (fig.109).⁶⁸



Figuur 109: 'n Slaapkamer wat herversier is. Dit is die slaapkamer waarin die Georgiadis-egpaar gewoonlik oornag het.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Die studeerkamer van die President en die sitkamer wat mev De Klerk as studeerkamer gebruik het, is met nuwe gordyne en oortreksels oorgedoen (fig.109). Die Pierneefvertrek se mure is 'n ligte mentgroen - wat baie goed saam met die skilderye deur Pierneef gegaan het - gelaat soos wat dit in die Bothas se tyd geverf is, maar die kleure van die skilderye is in die materiaal van die nuwe oortreksels herhaal. *Petit point*-materiaal wat vantevore vir kantoorstoele gebruik is, is afgehaal en op ander stoele gebruik. Vier nuwe sitkamerbanke is ook vir die vertrek aangekoop en ou meubels is gerestoureer.⁶⁹

⁶⁸ Anon, Elita lief vir FW, maar onseker oor skeiding, *Rapport*, 1998-02-01, p. 5.

⁶⁹ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.




Figuur 110: Mevrou De Klerk se sitkamer regoor die President se kantoor.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Vir die kiaatkamer is nuwe gordyne gemaak en die meubels, banke en ottomans is nuut oorgetrek (fig.112). In die hele ampswoning, behalwe die eetkamer en die Pierneefvertrek, is die volvloermatte uitgehaal wat in mev Vorster se tyd ingesit is. Die houtblokkiesvloere het weer tot hulle reg gekom. Die vloere is geskuur en behandel volgens die tradisionele metode wat op vloere in die ou Kaaps-Hollandse huise gebruik is.⁷⁰ Die matte in die eetkamer en die Pierneefkamer kon nie verwyder word nie, want die houtvloere het nie die hele vloer bedek nie. Die gedeeltes wat eers stoepe was en later toegebou is, het sementvloere gehad. Die matte kon gevolglik nie suksesvol verwyder word nie (fig. 110).⁷¹

⁷⁰ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

⁷¹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.



Figuur 111: Die Pierneefkamer met sy sagte mentgroen kleurskakering.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a) n.p.



Figuur 112: Die kiaatkamer in die tyd van die De Klerks.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Mevrou De Klerk het waarskynlik die hervorsiering van Libertas aangepak soos wat sy dit in die geval van Groote Schuur gedoen het. Daar het sy die beperkte begroting oor drie jaar gerek om duur materiale en werkmanskap te kon bekostig.⁷²

In die voorportaal was 'n massiewe Bataafse geelhoutkis met koperbeslag wat op 15 Junie 1936 in Kaapstad van Evans & Company gekoop is.⁷³ Die Karolingiese stoel en die replika daarvan met die skulphoutsneewerk is weerskante van die geelhoutkis geplaas. Die inkstander, gemaak uit die telefone en wat deur generaal Hertzog aan die huis geskenk is, was op die telefoontafeltjie in die voorportaal. Aan die regterkant van die portaal het die okkerneuthoutlaaikas uit die tydperk van Lodewyk XV gestaan. Op die laaikas was 'n kopersamowar (1830-1840) en in die trapgang links van die voorportaal was twee armstoele uit die tydperk van Lodewyk XV (fig.113).⁷⁴



Figuur 113: Die voorportaal.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

⁷² P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 37.

⁷³ M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

⁷⁴ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Twee negentiende-eeuse Japanse Imari-vase was in 'n nis naby die telefoon. Die twee vase het 'n kobaltblou onderglasuurlaag en is met baksteenrooi emaljewerk oorgeglasuur. Nog 'n Japanse Imari-vaas met 'n feniks-voëlmotief in kobaltblou en met koperoksied as onderglasuur, het op 'n Morgan-houtvoetstuk gestaan.⁷⁵

Die voorportaal is deur twee Kaaps-Hollandse armoires oorheers. Die een is deur DH Schmidt gemaak en die ander was 'n geskenk van sir Herbert Baker. Van die opvallendste werke was die beeldhouwerke van Anton van Wouw. Een van die interessantste skilderye in die voorportaal was 'n studie deur Frans Oerder van Anton van Wouw. Ander skilderye in die oos- en wesgange was 'n baailandskap (1938) deur Terence McCaw, 'n werk deur Sydney Taylor en WJ Huggens se *Frigate and man of war*. Vier skilderye deur die Hongaarse skilder G Udvary, wat in 1936 vir Libertas aangekoop is, het saam met drie skilderye deur Gwelo Goodman in die gange gehang. Daar was ook 'n skildery deur JA Smith en een deur Nils Andersen *Farm near Hex River*.⁷⁶

In die oosvleuel van die gang was 'n vertoonkas met 'n porselein-uitstalling. Dit het bestaan uit 'n aantal blou-en-wit stukke uit die Qing-dinastie (1644-1722) en het ook porselein ingesluit uit die Kangxi-tydperk (1662-1722) en 'n 18e-eeuse *chine-de-command* uit die Qianlong-tydperk (1735-1795) wat vir die Europese mark gemaak is.⁷⁷

Die kiamtkamer het 'n aantal interessante meubelstukke bevat. Een daarvan was 'n reproduksie van 'n 16de-eeuse skryftafel deur Alessandro Allori. 'n Rolluiklessenaar met hout-inlegwerk was ook in die vertrek. Teen die suidelike muur het twee staanhorlosies gestaan - een deur Jan Henkel en die ander een deur JP Kroese. Weerskante van die horlosies was 19de-eeuse stoele in die Queen Anne-styl met inlegwerk. Dit is die einste stoele waaroor mev Vorster nie kon besluit of hulle almal na Groote Schuur verskuif moes word of nie. Verder was gemaklike rusbanke en stoele in die vertrek geplaas. Hierdie meubels was met ryk tapisseriemateriaal gestoffeer wat die warmte van die kiamt aangevul het. Daar was ook 'n skildery getiteld *Kaapse Toneel* (1935) deur JA Smith (fig.114).⁷⁸

⁷⁵ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁷⁶ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁷⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁷⁸ R. Simpson, *Libertas*, n.p.



Figuur 114: Die kiaatkamer met die staanhorlosie en inlegstoele.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

In die brosjure van Simpson word na die eetkamer as die banketsaal verwys. Die eetkamertafels en -stoele was dié wat gemaak was van die mvulihout wat deur Uganda geskenk is. Die twee tapisserieë deur Juanita Grant, *Koffietyd* en *Middagskof* (1956), was ook in die eetkamer.⁷⁹

Die Pierneefkamer is vernoem na die twee skilderye deur JH Pierneef wat in die vertrek gehang het. Die vertrek se subtile kleurskema is deur die twee skilderye geïnspireer. Die meubels en gordyne het pienk, groen en tikkies pastelskakerings gehad. Die festoene en plooisels van die vensterbehangsels het aan die vertrek 'n gevoel van onderbeklemtoonde elegansie gegee.⁸⁰


In die Pierneefkamer het Frans Oerder se skildery, *Apiesrivier* en een van Maggie Laubser, *Bantoemeisie*, teen dieselfde muur gehang.⁸¹ 'n Werk deur Gwelo Goodman, *Stellenberg*

⁷⁹ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁸⁰ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁸¹ M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Mieke, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

(1919) (fig.115), het teen die westelike muur gehang en twee werke deur Gregoire Boonzaier, 'n landskap en 'n stillewe van 'n vaas met blomme, was ook in die vertrek.⁸²



Figuur 115: Die Pierneefkamer met die skildery *Stellenberg* deur Gwelo Goodman teen die muur.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Onder *Stellenberg* was 'n boekrak/buro van knoets-okkerneut wat in 1751 deur Michael Donk van Amsterdam vervaardig is. 'n Kaaps-Hollandse vertoonkas met silwerbeslag en -handvatsels het een van die waardevolste historiese ornamente in *Libertas* gehuisves - die Arita Imari-porseleinveisskottel wat spesiaal vir die VOC gemaak is met die letters "VOC" aan die voorkant. Nog belangrike stukke was 18de-eeuse voorbeelde van Delftse erdewerk, 'n Chinese porseleinbord met 'n jagtoneel uit die Kangxi-tydperk (1662-1722) en 'n laat 18de-eeuse Mintonbord uit Engeland.⁸³

⁸² R. Simpson, *Libertas*, n.p.

⁸³ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Op 'n tafel onder die Pierneef-skilderye was 'n tabakhouer uit die laat 19de of vroeg 20ste eeu vervaardig deur die Drie Klokkens-fabriek in Delft. Die tabakhouer het 'n koperdeksel en die inskripsie “*varinas.*” Aan die noordekant van die gegroefde suile het twee Engelse reproduksies van Imari-vleisskottels gehang.⁸⁴

Die President se kantoor het 'n manlike atmosfeer gehad wat geskep is deur die leergebinde boeke, gestreepte Thompson-syweefstowwe en die stewige lessenaar en stoele (fig.116). Mevrouw De Klerk se studeerkamer was gevul met private aandenkings en gesinsfoto's. Die geblomde en geborduurde weefstowwe het 'n rustigheid en intimiteit aan die elegante vertrek gegee.⁸⁵



Figuur 116: Die President se studeerkamer.

Uit: R. Simpson, *Libertas*, (s.a), n.p.

Op die boonste vlak van die woning - in die galery - was interessante meubelstukke soos die Lodewyk XV-okkerneuthoutklerekas. Daar was ook 'n Hollandse eikehoutkis uit die 16de eeu en 'n 17de eeuse hoekkas wat uit stinkhout en kanferhout met koperpasstukke gemaak is.⁸⁶

84 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

85 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

86 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Van die ses slaapkamers het vier eie badkamers gehad. Die slaapkamers het 'n moderne gevoel gehad wat geskep is deur die oordeelkundige gebruik van materiaal en meubels, sonder om die atmosfeer van die woning te skend.⁸⁷

3. Tuine

Die tuin wat in 1935 deur Moerdyk ontwerp is, is tipies van die Barok-tuinstyl. Die tuin is deur die jare deur die verskillende inwoners aangepas en verander. Die verskillende terrasse is in formele en informele gedeeltes verdeel. Die noordelike helling is toegelaat om in 'n 'natuurlike' tuin te ontwikkel met inheemse grassoorte, bome en struik. Aan die noordekant van die woning is 'n klipprieel wat met 'n bougainvillea bedek is, wat om die woning tot in die suide by die swembad gaan. 'n Pragtige Kaapse kanferfoelie (*Tecomaria capensis*) groei teen die oostelike muur van die woning.⁸⁸

Aan die oostekant is 'n rypvrye skadutuin wat met sleutelblomme, affodille, boomvarings, koprosma, filodendron, vye (*Ficus benjamina*), inheemse piesangbome, impatiens en cineraria beplant is. Aan die oostekant van die rypvrye skadutuin is die wilde koppiegedeelte met natuurwandelpaaie. Daar groei spekbome (*Portulacaria afra*), rooisingbome (*Burkea africana*), aalwyne en doringbome.⁸⁹

Die formele voortuin is aan die suidekant en is verdeel tussen 'n oostelike en westelike gedeelte. Die sentrale waterfokus van dammetjies, fonteine en watervalle oorheers die gedeelte. Op die onderste terras aan die oostekant is die roostuin met gesiggies, krisante, papierblomme en viooltjies om die rand daarvan. Die onderste terras aan die westekant bestaan uit 'n enorme grasperk wat vir formele tuinpartye gebruik word.⁹⁰

87 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

88 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

89 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

90 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

4. *Personeel*

Die huishoudingpersoneel is in die De Klerk-tyd heelwat verminder sodat geen onnodige besteding aan staatsgelde plaasgevind het nie. Altesaam twaalf permanente personeel was by Libertas betrokke. Die kontroleur van die huishouding, mnr. F Ferreira, is bygestaan deur ses personeellede wat die kok en die privaatsekretaresse van mev De Klerk ingesluit het. Vyf skoonmakers het die personeelgetal voltooi.⁹¹

John Camala, wat die motors moes versorg, het gesê dat De Klerk 'n goeie President was, al was sy ampstermyn baie kort. De Klerk het die eerste dag wat hy aan hom voorgestel is, geweet wie hy was en het altyd baie nederig opgetree en na sy gesin se welstand verneem. Elias Aphane, wat sedert 1965 by Libertas gewerk het, het 'n paar Premiers en Presidente sien kom en gaan. Sake het drasties verander toe De Klerk oorgeneem het. Hy was vriendelik en die personeel het in sy tyd baie gereis om funksies in Durban en Kaapstad te beman.⁹²

Van De Klerk se huishoudingpersoneel het aangevoer dat hulle 'n diepe lojaliteit teenoor hom ontwikkel het gedurende die tyd wat hulle in sy diens was. Hy het die personeel baie oor die bestuur van daaglikse sake geleer en was nooit bang om verskoning te vra wanneer sake skeef geloop het nie. Daar was minder spanning in die huishouding in sy tyd as tydens die era van Botha.⁹³

Op hulle beurt het die De Klerks met hulle personeel se wel en wee saamgeleef; soos die kok wat Saterdagmiddae haar hartseer en moedeloosheid in die groot kombuis van die ampswoning weggebak het en die jong veiligheidswag van mev De Klerk wat gehuil het omdat sy saam met haar kinders uit sy sorg weggeglip het om hamburgers en skyfies te gaan eet.⁹⁴

De Klerk sê dat hulle hulle veiligheidspersoneel oor die jare baie goed leer ken het en dat hulle later amper soos lede van die gesin geword het. Die lyfwagte het hulle oral vergesel en was altyd

⁹¹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

⁹² E. Yayiya, *Madiba's men*, *Pace*, 1995-09, pp. 45-46.

⁹³ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

⁹⁴ M. Maartens, *Marike*, p.185.

binne hoorafstand, selfs in die buiteland. Oor die gebrek aan privaatheid het die De Klerks nooit die personeel verkwalik nie.⁹⁵

Libertas het sy eie twee kokke om tydens amptelike geleenthede en onthale reg te staan, maar mev De Klerk het dikwels bykomende voorstelle gemaak en met die spyskaart raad gegee.⁹⁶ Met groot onthale is van die personeel van die Suid-Afrikaanse Lugmag gebruik gemaak om te help kook, tafels te dek en te bedien. As dit 'n staatsgeleentheid was, was die protokolpersoneel in beheer van die geleentheid. So byvoorbeeld moes die personeel tydens die besoek van president Arab Moi van Kenia voor die tyd uitvind watter geregte en gebruike vir hom aanvaarbaar was en die tradisionele Suid-Afrikaanse spyskaart daarby aangepas. Vir onthale vir vriende en familie het FW en Marike de Klerk self die protokol bepaal.⁹⁷

Die verhaal van hoe De Klerk leer jag het, is verbind aan die Bryntirion-landgoed. Die staatskoonmaker by Bryntirion het die woning met 'n ysterhand geregeer. Met hom in die omgewing het die De Klerks soos loseerders in die huis van 'n baie, baie streng eienaar gevoel. Aan die einde van die winter van 1979 het hy gevra of De Klerk nie 'n bokkie huis toe gaan bring nie. Op sy antwoord dat hy nie skiet nie, het die skoonmaker geantwoord dat hy dan nie 'n "regte" minister is nie. Die gedagte het seker vasgesteek, want De Klerk het later begin jag; in so 'n mate dat die kinders as hulle kom kuier het, gevra het dat daar tog net nie wildsvleis op die spyskaart moes wees nie. Die aand van die inhuldigingsete van De Klerk as Staatspresident was daar tog wildsvleis op die spyskaart! FW de Klerk se moeder het opgemerk dat sy, nes haar kleinkinders, hoop dat mev De Klerk nie gaan verval in die gewoonte van die vorige Premiersvroue nie om net wildsvleis vir etes aan te bied.⁹⁸

Die huishoudingpersoneel, veiligheidspersoneel en personeel van die Kantoor van die President het baie nou met mekaar saamgewerk om so die beste moontlike diens te lewer. Hulle sou die

⁹⁵ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 312.

⁹⁶ M. Möller, 'n Tuiste vir FW en sy Miekie, *Sarie*, 1992-01-08, p. 16.

⁹⁷ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, *Libertas*, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

⁹⁸ M. Maartens, *Marike*, pp. 143, 147.

kleinste brokkie inligting oor die daaglikse program met mekaar deel om die verloop van sake so vlot moontlik te maak.⁹⁹

5. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Min van die onthale in Libertas het die sosiale bladsye van die koerante gehaal en die huishouding het nie eintlik die besoekersboek deur gaste laat teken nie. Kosbare inligting oor besoekers aan die woning het op dié wyse verlore geraak.¹⁰⁰

Daar is streng by die sesmaandelikse verdeling van die inwoning van die amptelike wonings gehou. Soos in die geval van die Bothas, het die groot en belangrike onthale meer in die Kaap plaasgevind en is kleiner en intiemer onthale by Libertas gehou. Staatsonthale was min en amptelike buitelandse gaste is selde by Libertas ontvang. Lede van die Kabinet en die Nasionale Party asook mense uit die besigheidswêreld is gereeld ontvang en mev De Klerk het dikwels damesgroepe met 'n oggendtee of ligte middagetes onthaal.¹⁰¹

Soms is vergaderings met ministers of krisisvergaderings in die Pierneefkamer gehou. Die huishoudingpersoneel is dan aangesê om net skinkborde met eetgoed, drankies en koffie in die eetkamer te plaas waarna die aanwesiges hulleself sou help en die huishoudingpersoneel nie die hele tyd daar hoef te wag nie.¹⁰²

Vriende en private persone is baie meer gereeld onthaal as aan die Kaap waar meer staats en amptelike geleenthede tydens die sitting van die Parlement plaasgevind het. By Libertas is gaste soos die Georgiadis-egpaar en die Administrateur-generaal van Suidwes-Afrika, Danie Hough en

⁹⁹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹⁰⁰ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹⁰¹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹⁰² Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

sy vrou Mignon, asook die Pretoriase sakeman Johan Roode en sy vrou Lente onthaal.¹⁰³ Die Griekse koningspaar was gereelde gaste van die De Klerks.¹⁰⁴

Een so 'n privaat-aangeleentheid was die viering van De Klerk se twintig jaar in die Parlement. Op 'n Sondagmiddag is vriende en familie uitgenooi om die geleentheid met hulle te kom deel. By dié geleentheid het 'n onbehendige kelner vonkelwyn oor die matriag van etiket in Suid-Afrika, mev Emsie Schoeman, gestort!¹⁰⁵

In 1993 het mev De Klerk in samewerking met die Departement van Openbare Werke Libertas aan die publiek oopgestel. Die inkomste van die toegangsgeld is aan liefdadigheid geskenk. Die Prinshof- en Sonitusskole vir gehoor- en gesigsgestremde kinders het voordeel uit die dag getrek.¹⁰⁶

Begeleide toere is onder leiding van kenners soos argitekte en museumkundiges aangebied. Stephan Welz, 'n kenner op die gebied van oudhede, het 'n praatjie oor die geskiedenis van Libertas gelewer. Gaskunstenaars soos Christa Steyn en Jannie du Toit het opgetree by die teeparty wat in 'n groot markiestent op die grasperk gehou is.¹⁰⁷ Die Leër- en Vlootorkes, sangers van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, lede van die Oos-Randse Jeugkoor en die tamboermeisies van die St. Dominic's Senior School het die gaste vermaak.¹⁰⁸ Tydens die ope dag was die hele Libertas, behalwe die private suite van die De Klerk-egpaar, vir die publiek oop. Die De Klerks se private kunsversameling is saam met die staat se kunswerke in die woning uitgestal. Hulle het 'n voorkeur vir moderne Suid-Afrikaanse skilders soos Bettie Cilliers-Barnard.¹⁰⁹

¹⁰³ M, Waldner, Introvert Marike en sonnige vroue het heerlijk geklets..., *Rapport*, 1998-02-01, p. 5

¹⁰⁴ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹⁰⁵ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹⁰⁶ C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

¹⁰⁷ Anon., Almal kan môre by Libertas instap, *Beeld*, 1993-10-22, p. 11.

¹⁰⁸ Anon., 'n Fees by Libertas, *Sarie*, 1994-01-05, p. 104.

¹⁰⁹ C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

Mevrou De Klerk het ook die amptelike wonings Groote Schuur en King's House in Durban aan die publiek oopgestel. Die ope dae was baie geslaagd.¹¹⁰

Een van die meer opsienbare funksies wat wel by Libertas gehou is, het op 8 Mei 1994 plaasgevind; die inhuldigingsdag van president NR Mandela. Gaste is reeds sedert die oggend vir ontbyt tot tienuur die aand op hoflikheidsbesoeke by Libertas ontvang. Van die gaste wat vir ontbyt ontvang is, was die presidentsvrou van Amerika, mev Hillary Rodham Clinton, asook die vise-president van Amerika, Al Gore en sy vrou Tipper. Hulle het nie baie geëet nie en het daarna na die Uniegebou vertrek. Hulle groot groep veiligheidspersoneel wou soos gewoonlik die Presidentsvrou en Gore in Libertas vergesel, maar is deur die kontroleur van die huishouding die huis verbied met die opmerking dat dit 'n privaatwoning was en dat hulle onnodig was, aangesien plaaslike veiligheidspersoneel aan diens was. Hulle kon dus buite wag, wat hulle toe teen wil en dank moes doen!¹¹¹

Van die gaste wat later op die inhuldigingsdag by Libertas onthaal is, was mnr. K Klingel, die Duitse Minister van Buitelandse Sake, prins Phillip van Brittanje, prins Phillipe van Spanje en mev Benazir Bhutto, President van Pakistan.¹¹²

6. Libertas moet vir Overvaal verruil word

Mandela het na sy inhuldiging as President eers in die Presidensie, ook op die Bryntirion-landgoed, gebly. Die Presidensie was vroeër die ampswoning van die Britse Goewerneur-generaal. Met republiekwording in 1961 het dit die Staatspresident se amptelike woning geword. Die Presidensie het onbewoond geraak toe die ampte van Staatspresident en Eerste Minister saamgesmelt het en PW Botha, in sy hoedanigheid as Staatspresident besluit het om in Libertas aan te bly. Die Presidensie is toe as staatsgastehuis en konferensiesentrum gebruik. Die verskil

¹¹⁰ C. Naidoo, Marike opens her doors to public for charity, *Sunday Times*, 1993-10-24, p. 4.

¹¹¹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

¹¹² Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

tussen die twee ampswonings was dat die Presidensie 'n "kouerige plek met groot vertrekke" en Libertas 'n "warm en gerieflike huis" was.¹¹³

Volgens De Klerk het Dave Steward, die hoof van De Klerk se kantoor, Mandela kort na die verkiesing na die Presidensie geneem sodat hy dit kon besigtig. Mandela was vergesel van Barbara Masekela, latere Suid-Afrikaanse ambassadeur in Parys, en 'n tweejarige kleinseun. Mandela het deur die weergalmende sale van die enorme herehuis gestap en sy tevredenheid met die woning uitgespreek. Mandela het toe aan De Klerk gesê dat hulle maar in Libertas kon aanbly.¹¹⁴

Later in 1994 het Mandela gesê dat hy op Libertas as sy ampswoning besluit het. Dit sou behels dat De Klerk, as Vise-president, na 'n ander ampswoning moes trek.¹¹⁵ Mandela het De Klerk ingelig dat die African National Congress (ANC) druk op hom plaas om in Libertas in te trek omdat dit die tradisionele tuiste van die regeringshoof is. Hy het voorgestel dat die De Klerks die Presidensie bewoon, maar net toe hulle hulle in die idee berus het om daar te gaan woon, het die ANC te kenne gegee dat hulle ander planne met die Presidensie het. Die De Klerks kon hulle intrek in Overvaal, die vroeëre ampswoning van die Administrateur van Transvaal, neem.¹¹⁶ Dit sou van onderlinge reëlings tussen Mandela en De Klerk afhang wanneer Libertas vir die President beskikbaar sou wees.¹¹⁷

Vir mev De Klerk was dit 'n hartseer dag om uit Libertas te trek, omdat hulle daar gelukkig was. Dit was vir haar 'n voorreg om soggens wakker te word en oor Pretoria te kon uitkyk - veral die tye wanneer die jakarandas, petrias en bougainvilleas geblom het.¹¹⁸ Hulle was ook baie nou betrokke daarby om Libertas as kultuurerfenis tot sy reg te laat kom. Sy het persoonlik baie gedoen om Libertas op te bou tot 'n werklike bate vir die land en om dit tot 'n nasionale gedenkwaardigheid te laat verklaar.¹¹⁹ Vir haar was die ampswoning uiteindelik verteenwoordigend van die allerbeste in Suid-Afrika. "Ek het geweet dat ek nie vir ewig in

113 G. van Rensburg, FW moet trek, Nelson wil Libertas hê, *Beeld*, 1994-06-08, p. 1.

114 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 356.

115 Politieke redaksie, Mandela se nuwe tuiste is Libertas, *Die Burger*, 1994-06-08, p. 9.

116 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, p. 356.

117 Politieke redaksie, Mandela se nuwe tuiste is Libertas, *Die Burger*, 1994-06-08, p. 9.

118 E. Rossouw en J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 13.

119 E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

Libertas kan bly nie", was haar woorde oor die skinderstories wat die rondte gedoen het oor haar "forced removal" uit die woning.¹²⁰

Die indruk wat in die media geskep is dat hulle verbete aan Libertas wou vasklou, was volgens haar verkeerd. Die feit dat hulle die ampswoning moes ontruim, het haar nie ontstel nie, wel die manier waarop die aangeleentheid gehanteer is.¹²¹ Vir haar was dit genoeg dat hulle hulle eie stukkie van die Kaap besit het - hulle vakansiewoning by Hermanus.¹²²

In 1999 skryf De Klerk in sy outobiografie dat hulle verhuising uit Libertas slegte gevoelens geskep het. Vir hom wat dit van geen belang waar hy gewoon het nie, maar vir sy vrou was dit baie belangrik. Sy het dit ervaar as 'n georganiseerde poging van Mandela om hulle in die verleentheid te stel. Haar gevoelens het daartoe gelei dat sy daarna baie krities teenoor Mandela gestaan het en haar ook so uitgespreek het.¹²³

Teen Oktober 1994 het die De Klerks klaar uit Libertas na 'n ander ampswoning, Bryntirion 8, getrek. Hulle het daar gewoon totdat opknappingswerk aan Overvaal afgehandel was.¹²⁴ Overvaal is 'n pragtige woning, maar het na die mening van die Departement van Openbare Werke en die De Klerks baie opknappingswerk nodig gehad. Die opknapping het weer tot kwade gevoelens tussen De Klerk en Mandela gelei. Mandela het saam met die argitek deur die huis gestap om te kyk of opknapping werklik nodig was.¹²⁵

Mevrou De Klerk het Overvaal probeer verpersoonlik deur hulle eie skilderye van Zakkie Eloff en Bettie Cilliers-Barnard teen die muur te hang en foto's van kleinkinders oral uit te stal. Mevrouw De Klerk was ook baie nou betrokke by die opknappingswerk aan Overvaal en by die inrigting van haar man se nuwe kantore in die Uniegebou.¹²⁶

120 M. Meiring, Marietjie, Marike, Meraai, *De Kat*, 9 (2) Augustus 1994, p. 40.

121 E. Louw, Vaarwel aan die lewe van eerste vrou, *Die Huisgenoot*, 1994-09-29, p. 22.

122 E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 14.

123 K. Liebenberg, Mandela denies FW book claim, *The Citizen*, 1999-01-18, p.2.

124 Eie kantoor, Mahlamb'ndlovu byna reg vir President, *Die Burger*, 1994-10-22, p. 6.

125 F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 357.

126 E. Rossouw & J. Jordaan, Agter die voordeur by FW en Marike, *Rooi Rose*, 1994-12-28, p. 12.

Dit was vir De Klerk glad nie belangrik waar hy gewoon het nie en volgens hom, het hulle ironies genoeg, baie lekker in Overvaal gewoon. Dit was 'n heerlike ampswoning en uiteindelik het hulle dit verkies bo al die ander ampswonings wat hulle bewoon het. In die Kaap het Mandela verkies om in Westbrooke te bly en die De Klerks het in Grootte Schuur aangebly.¹²⁷

¹²⁷ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – n nuwe begin*, p. 357.

HOOFSTUK XII**LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU IN DIE ERA VAN NR
MANDELA, 1994-1999****A NELSON MANDELA EN SY GESIN**

"This is really my home, where my roots are" was die woorde van Nelson Mandela tydens 'n besoek aan Qunu, Transkei, omtrent 35 km van Umtata. Dit was daarheen wat hy gegaan het om van stres, internasionale reise en die politiek te ontsnap. Dit was daar waar hy gesê het sy hart was. Dit het vir hom al hoe belangriker geword hoe ouer hy geword het om terug te keer na plekke wat vir hom wonderlike herinneringe gehad het. Dit was daar waar hy sy jeug deurgebring het, geleer het om wilde heuning te oes, in die skoon, koue strome geswem het en met 'n slingervel gejag het.¹

Nelson Rolihlahla Mandela is op 18 Julie 1918 op Mvezo, geleë aan die Mbasherivier, gebore en het in Mqhekezweni, die voormalige koninklike woning van hoofman Dalinyebo, waarnemende regent van die Themboe, gewoon totdat hy sestien jaar oud was.² Hy is as lid van die koninklike familie in die tradisies van die Xhosa-nasie opgevoed. Hy was bestem om 'n hoofman te word. Toe hy tien jaar oud was, het sy vader, Henry Mgadla Mandela, gesterf en soos dit die gebruik is, het die mees senior lid van die Madiba-familiegroep die verantwoordelikheid vir sy opvoeding op hom geneem. So het hy onder die sorg van David Dalinyebo gekom.³

Hy het as student aan die Heathdown Methodist Boarding School gemartikuleer en aan die Universiteitskollege van Fort Hare ingeskryf. By Fort Hare het hy Oliver Tambo, latere president van die African National Congress, ontmoet en in 1940 is hulle as gevolg van hulle deelname aan 'n studentestaking saam uit die universiteit geskors. Later het hy die Transkei

¹ A. Hadland, Walk of freedom, *Drum*, February 1996, pp. 12-13.

² A. Hadland, Walk of freedom, *Drum*, February 1996, p. 14.

³ M. Kromberg, (ed.), Mr Nelson Mandela - Profile of a President, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, p. 46.

verlaat, deels om 'n voorafgereelde huwelik te ontvlug. Hy het na Johannesburg gegaan waar hy 'n polisieman by 'n myn geword het.⁴

In hierdie tyd het hy Walter Sisulu ontmoet wat daarin geslaag het om vir Mandela 'n betrekking as regsclerk by 'n regsfirma te bekom. Mandela het sy B.A.-graad deur Unisa voltooi en sy LL.B-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf. In 1952 het hy en sy ou vriend Oliver Tambo hulle eie regspraktyk in Johannesburg geopen.⁵

Dit was aan Sisulu se huis waar Mandela sy eerste vrou, Evelyne Mase, ontmoet het. Sy was ook uit die Transkei afkomstig en was besig om opleiding as verpleegster te ontvang. Hulle is in 1944 getroud en het hulle in Orlando gevestig. Sy was toegewy aan haar ambisieuse man, hoewel sy nie veel in politiek belanggestel het nie. Volgens vriende van Mandela was dit in die atmosfeer van toegewyde steun van sy vrou dat Mandela in sy politieke lewe gegroei en gebloei het.⁶

Die oudste kind, Thembi, 'n seun, is 'n jaar na hulle huwelik gebore, maar het in 1969 gesterwe. 'n Dogter, Makaziwe, is in die tweede jaar van hulle getroude lewe gebore, maar sy is op die ouderdom van nege maande oorlede. Daarna het hulle nog twee kinders, Maki, 'n dogter, en 'n seun, Makgatho, gehad.⁷

Mandela het Evelyne as 'n sjarmante en aangename persoon beskryf vir wie hy respek gehad het, selfs gedurende die stadium toe hulle huwelik verbrokkel het.⁸ Die rede vir die verwydering wat tussen hulle gekom het, was die feit dat sy daarop aangedring het dat hy die politieke stryd moes afsweer en eerder die geloofstryd saam met haar moes aanpak. Sy het geloof bo die politieke stryd geplaas en verwag dat hy dieselfde moes doen. Dit wou hy nie doen nie. "A man and a

⁴ M. Kromberg, (ed.), Mr Nelson Mandela - Profile of a President, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, p. 47.

⁵ M. Kromberg, (ed.), Mr Nelson Mandela - Profile of a President, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, p. 47.

⁶ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 36.

⁷ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, pp. 36, 254-255.

⁸ P. Green & P. Wilhelm, A beacon for the world, *Leadership SA* 13(2) 1994, p. 16.

woman who hold such different views of their respective roles in life, cannot remain close,” is Mandela se eie woorde oor die huwelik.⁹

Saam met Thambo en Sisulu het Mandela in 1944 aan die stigting van die radikale ANC Youth League (ANCYL) deelgeneem. Die ANCYL het 'n drastiese invloed op die karakter van die organisasie gehad in die sin dat dit die weg van politieke verset in plaas van parlementêre politiek gekies het. Mandela het nasionale President van die ANCYL en die provinsiale President van die ANC se Transvaal-streek geword. Hy is in 1952 gearresteer en vir nege jaar ingeperk. In 1956 is hy weer gearresteer en saam met 156 ander politieke aktiviste vir beweerde hoogverraad aangekla (fig.117). Op 29 Maart 1961 is hy onskuldig bevind.¹⁰



Figuur 117: Die beskuldigdes in die hoogverraadsaak in 1957.

Mandela is in die middel van die derde ry van voor af.

Uit: A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, (London, 1999), n. p.

Op 14 Junie 1958 het hy vir die tweede keer getrou (fig.117). Nomzamo Winifred (Winnie) Madikizela was die sesde van elf kinders van CK Madikizela van Bizana in Pondoland. Sy het

⁹ N. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 240.

¹⁰ M. Kromberg, (ed.), Mr Nelson Mandela - Profile of a President, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, p. 47.

dus opgegroeï nie te ver nie van waar Mandela self in die Transkei grootgeword het. Tydens hulle ontmoeting was sy die eerste swart maatskaplike werker by die Baragwanath-hospitaal in Soweto. “The first moment I glimpsed Winnie Nomzamo, I knew I wanted to have her as my wife,” is hoe Mandela sy gevoelens oor haar beskryf.¹¹

Winnie Mandela sou as gevolg van haar huwelik met hom ook ‘n probleem vir die staat word. Selfs op haar huweliksdag was daar reeds ‘n paar ongenooide gaste: veiligheidspolisie. Sy sou ook deur die staat ingeperk word.¹²



Figuur 118: Nelson en Winnie Mandela op hulle troudag, 1958-06-14.

Uit: A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, (London, 1999), n.p.

Hulle het twee dogters, Zeni en Zindzi. Mandela was altyd bekommerd dat sy kinders nie al hulle drome sou kon bewaarheid nie, omdat hy nooit daar was om hulle te help met hulle probleme nie. Hy was baie bekommerd oor hulle onderwys en sou hulle aanmoedig om so goed

¹¹ N. Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 249-250.

¹² N. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 252.

as moontlik te doen, hy sou selfs so ver gaan om hulle besoeke aan hom te weier totdat hulle punte verbeter het.¹³

In Junie 1961 het Mandela en ander leiers van die ANC besluit dat 'n militêre vleuel geskep moes word. Hy is as die hoof aangestel van Umkhonto we Sizwe (MK) wat "Spies van die nasie" beteken. Vroeg in 1962 het hy Suid-Afrika verlaat en verskeie Afrikalande besoek en in Algerië militêre opleiding ontvang. Hy het in Julie 1962 na Suid-Afrika teruggekeer en is in Augustus dieselfde jaar gearresteer en tot vyf jaar tronkstraf gevonniss. Die arrestasie van die ANC se ondergrondse hoofbevel by Lilliesleaf Farm, Rivonia, het daartoe gelei dat hy saam met die hoofbevel 'n verdagte was en hy is voor die hof gedaag. Op 12 Junie 1964 is hy skuldig bevind en tot lewenslange tronkstraf gevonniss.¹⁴

Die viering van sy een en sewentigste verjaardag in 1989 was vir hom 'n wonderlike ervaring. Byna sy hele familie het hom by sy woning op die terrein van die Victor Verster-gevangenis besoek. Dit was die eerste keer dat hy sy vrou, kinders en kleinkinders op een plek bymekaar gehad het. Die vreugde is net getemper deur die pyn van al die jare wat hy dergelyke geleenthede ontbeer het. Met die viering van sy sewe en sewentigste verjaardag het sy hele familie weer bymekaargekom. Hy het die meeste van die tyd deurgebring deur met sy kleinkinders te speel. In 'n stadium moes hy 'n twis tussen twee kleintjies oplos en het opgemerk dat dit veel moeiliker was as om oor 'n einde aan apartheid te onderhandel.¹⁵

Mandela was deel van die jarelange stryd om vryheid en in 1986 het hy gesprekke met die regering van die dag onder PW Botha begin voer. Wêreldwye druk van leiers soos Margaret Thatcher, die Britse eerste minister, en George Bush, president van die Verenigde State van Amerika, is op die Suid-Afrikaanse regering geplaas om Mandela vry te laat. Nege dae na FW de Klerk se historiese toespraak in die Parlement in 1990 waarin hy die ontbanning van politieke

¹³ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, pp. 306, 254.

¹⁴ M. Kromberg, (ed.), *Mr Nelson Mandela - Profile of a President*, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, p. 48.

¹⁵ Anon, *A Family affair*, *Pace*, 1995-09, pp. 14-15.

partye aangekondig het, was Mandela 'n vry man. In 1991 is hy tot President van die ANC verkies en in 1994 het hy President van Suid-Afrika geword.¹⁶

Mandela het altyd geglo dat 'n man 'n woning moes besit wat binne sig was van die woning waar hy gebore is. Daarom het hy kort na sy vrylating begin om vir hom 'n woning op Qunu te bou. Teen die herfs van 1993 is die woning voltooi. Die plan is gegrond op die ontwerp van die woning waarin hy op die terrein van die Victor Verster-gevangenis gewoon het. Dit was die eerste ruim en gerieflike woning waarin hy gewoon het en hy het baie daarvan gehou. Hy was goed met die woning se afmetings bekend en het gevoel dat hy in die woning op Qunu nie in die aand sal verdwaal as hy na die kombuis wou gaan nie.¹⁷ Dit is ook die plek waar hy sy eerste ervaring van groter vryheid ervaar het en hou aangename herinneringe vir hom in.¹⁸

Die erf op Qunu is kort na Mandela se vrylating deur die inwoners van die dorpie vir hom opsy gesit, omdat hulle hom vir sy opofferings wou bedank. Hulle wou graag hê dat hy een of ander tyd na sy tuisdorpie terugkeer. Die woning is baie nederig en hy het een Kersvakansie daar deurgebring sonder dat die watertoevoer reeds voltooi was. Hy het gesê dat dit hom min gepla het en dat hy die probleem met miljoene ander Suid-Afrikaners gedeel het.¹⁹

In 1996 het Mandela sy tweede vrou, Winnie, om 'n egskeiding gedagvaar en gesê dat sy in die tyd sedert sy vrylating nooit na sy bed gekom het nie.²⁰ Na sy vrylating het hy haar tydens haar hofsak oor die moord op Stompie Sepei bygestaan, maar in 1992 het hy sy vervreemding van sy vrou aangekondig. “Tensions that have arisen owing to differences between ourselves on a number of issues in recent months,” is hoe Mandela dit gestel het. Hy het ook opgemerk dat dit klaarblyklik die lot van vryheidsvegters was om onstabiele gesinslewens te ervaar. Wanneer jou lewe die stryd om vryheid is, is daar nie plek vir ‘n familie nie.²¹

¹⁶ M. Kromberg, (ed.), Mr Nelson Mandela - Profile of a President, *RSA Review / RSA Oorsig* 7(3), 1994, pp. 48, 49.

¹⁷ N. Mandela, *Long walk to freedom, the autobiography of Nelson Mandela*, p. 599.

¹⁸ A. Hadland, Walk of freedom, *Drum*, February 1996, p. 13.

¹⁹ E. Gibson, Mandela laat huis bou in Maputo se rykmansbuurt, *Beeld*, 1999-04-06, p. 1

²⁰ C. Lamb, The woman who stole Mandela's heart, *Fair Lady*, 1997-12-24, p. 39.

²¹ N. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 719.

Die nuwe liefde in die lewe van Mandela was Graça Machel, weduwee van die eertydse ontslape Mosambiekse leier, Samora Machel. Hulle het in 1990 ontmoet en in 1992 het hulle besef dat hulle verlief was.²²

Machel is het 'n graad in die regte, kan vier tale praat en was 'n minister van onderwys in Mosambiek en die sekretaresse in die Mosambiekse vroue-organisasie. Sy het ook aan die hoof gestaan van die VVO se studie oor die impak van die gewapende stryd op kinders.²³

Die eerste geleentheid toe Suid-Afrikaners vir Graça Machel gesien het, was met die historiese verdrag van Nkomati in Maart 1984 (fig.119). Sy was daar aan haar man se sy. Met die uitklim uit die trein het sy gesukkel om haar balans te herwin en het mev Elize Botha, eggenote van PW Botha, haar aan die arm geneem en gehelp. Vandaar af het die twee vroue ingehaak verder gestap.²⁴



Figuur 119: Graça Machel en Elize Botha tydens die ondertekening van die Verdrag van Nkomati, Maart 1984.

²² C. Lamb, The woman who stole Mandela's heart, *Fair Lady*, 1997-12-24, p. 40.

²³ Sunday Times reporters, Married, *Sunday Times*, 1998-07-19, p.1.

²⁴ S. Moyana, Madiba and Mama Machel, *Drum*, October 1995, p. 9.

Mandela en Machel het besluit om hulle verhouding in 1996 tydens 'n besoek aan Parys, Frankryk, bekend te maak. Mandela was daar op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse ambassadeur in Frankryk, Barbara Masikela. Hulle het later aangekondig dat hulle nadat hulle daarvoor gedink het, daarteen besluit het om te trou. Hulle sou mekaar tog gereeld sien en Machel sou twee weke uit elke maand in Houghton, Johannesburg, by Mandela deurbbring. Verder sou sy hom op amptelike besoeke begin vergesel.²⁵

Hy het vir hom 'n woning in Johannesburg gekoop. Later het hy dié woning verkoop en met die hulp van Graça Machel 'n ander een uitgesoek. Sy het aangevoer dat dit nie met haar verbintenis met Mandela verband hou nie. Dit was maar net 'n geval dat die eerste woning oud was en baie onderhoud geverg het. Sodra die een probleem opgelos was, het die volgende een opgeduik. Sy kon nooit verstaan waarom hy in so 'n ou huis gebly het nie, maar hy het gevoel hy was oud en kon maar in 'n ou huis gewoon het. Die dak het egter begin lek en toe koop hy maar 'n nuwe huis waarin hy saam met sy familie kon woon.²⁶ “Any house in which a man is free, is a castle when compared with even the plushiest prison,” is sy gevoel oor 'n woning.²⁷ Die nuwe woning wat Mandela in Houghton gekoop het, was in die mediterreense styl gemeubileer, wat Machel se gunsteling styl is.²⁸

In 1999 is in die pers bespiegel dat Mandela vir hom 'n woning in 'n spogbuurt van Maputo, die hoofstad van Mosambiek, gaan bou. Die woning van R8 miljoen in Summer Shield sou 'n uitsig op Maputobaai hê en in skerp teenstelling met die woning op Qunu wees. Die Mandela-egpaar sou hulle tyd tussen die huise in Maputo, Johannesburg en Qunu verdeel.²⁹

Volgens Graça Machel het sy gewoonnd geraak aan Mandela wat so vroeg opstaan en sy bedrukte hemde, hoewel sy hom in 'n pak verkies. Sy dink hy lyk eleganter in 'n pak klere. Almal merk

²⁵ Sunday Times reporters, Married, *Sunday Times*, 1998-07-19, p.1.

²⁶ C. Lamb, The woman who stole Mandela's heart, *Fair Lady*, 1997-12-24, p. 42.

²⁷ N. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 682.

²⁸ L. de Lange, Mandela 'straal van liefde en respek', *Beeld*, 1998-07-20, p.3.

²⁹ E. Gibson, Mandela laat huis bou in Maputo se rykmansbuurt, *Beeld*, 1999-04-06, p. 1.

op dat dit vir Mandela goed is om nie meer eensaam te wees nie, maar daar word vergeet dat dit ook vir haar geld.³⁰ Mandela het gevoel dat hy dit amper nie kon glo dat hulle weer soveel geluk kon vind na soveel pyn wat hulle beide ervaar het nie.³¹

Kritiek op hulle verhouding het nie ontbreek nie. Die leier van die African Christian Democratic Party (ACDP), eerw Kenneth Meshoe, het gevoel dat die President as die leier van die land, moraliteit moet bevorder. Dit was onaanvaarbaar dat 'n man van sy statuur saam met 'n vrou leef met wie hy nie getroud is nie. Meshoe het sommer FW de Klerk se kop ook gewas oor sy buitewegtelike verhouding met 'n getroude vrou en hom aangeraai om na sy vrou terug te keer.³²

In 1998, met sy tagtigste verjaarsdagvieringe, is Mandela en Machel tydens 'n intieme plegtigheid in sy woning in Johannesburg getroud. Hulle was van plan om met hulle pendellewenstyl soos voor hulle troue voort te sit, want die nuwe mev Mandela sou nog haar werk in Mosambiek voortsit.³³

Een uitstaande kenmerk van die President is die liefde wat hy vir sy familie het. Hy probeer om verlore tyd in te haal deur soveel moontlik tyd by sy kleinkinders deur te bring. Hy het nie sy eie kinders sien verlief raak nie en hulle kon nooit hulle pa om raad vra nie. Hy wil die dinge nou met sy kleinkinders deel. Hy geniet dit dat van die kleinkinders saam met hom in sy privaatwoning woon.³⁴

Na al die jare alleen in die tronk het Mandela hom met sy kinders en kleinkinders omring (fig.120). Hy geniet dit om net met hulle te gesels. Gedurende die verkiesingstryd in 1994 het hy dikwels die huis verlaat voordat die kinders wakker geword het en eers lank na hulle bedtyd teruggekeer. Dat hulle hom ook gemis het, het duidelik uit vrae geblyk soos: "Where does Grandpa stay?"³⁵

³⁰ C. Lamb, The woman who stole Mandela's heart, *Fair Lady*, 1997-12-24, p. 41.

³¹ Sunday Times reporters, Married, *Sunday Times*, 1998-07-19, p. 1.

³² A. Kotzé, Mandela moet trou, FW moet ander man se vrou los, sê ACDP, *Beeld*, 1998-02-12, p. 3.

³³ Sunday Times reporters, Married, *Sunday Times*, 1998-07-19, p.1.

³⁴ M. Behr, All the President's women, *Fair Lady*, 1995-10-18, p. 47.

³⁵ P. Green and P. Wilhelm, A beacon for the world, *SA Leadership*, p. 16.



Figuur 120: Mandela omring deur sy kleinkinders.

Uit: A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, (London, 1999), n.p.

Die eerste indruk wat De Klerk van Mandela gehad het, was een van waardigheid, hoflikheid en selfvertroue. Hy was 'n goeie luisteraar en het sy saak goed gestel soos wat 'n mens dit van 'n opgeleide regsgeleerde verwag.³⁶

B LIBERTAS WORD MAHLAMBA NDLOPFU ONDER MANDELA

Nadat hy in April 1994 tot President verkies is, het hy 'n keuse gehad of hy die Presidensie of Libertas as sy ampswoning wou hê.³⁷ Om sy besluit te vergemaklik, het Mandela 'n aantal kenners van die geboue soos B Brownlee, hoofargitek van die Department van Openbare Werke, die direkteur-generaal van die Departement van Openbare Werke, en dié Departement se binnenshuisversierders ontmoet om hom oor die wonings en hulle geskiedenis in te lig.³⁸

³⁶ F.W. de Klerk, *Die laaste trek – 'n nuwe begin*, pp. 175, 198.

³⁷ N. Bezuidenhout, Dis oos, wes, tuis bes vir Nelson in sy nuwe huis, *Beeld*, 1994-11-19, p. 4; Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

³⁸ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

Hy het selfs terwyl die De Klerks in Libertas gewoon het, die huis gaan besoek om dit vir homself te verken. Tydens die besoek aan Libertas was hy baie sjarmant en bedagsaam met die personeel. 'n Brosjyre oor Libertas is aan hom gegee en daarna is hy op 'n begeleide toer deur die woning geneem. Mandela het nie veel kommentaar oor die versiering of inrigting van die woning gelewer nie. Hy het net die openbare vertrekke van die woning besoek, die uitsig bewonder en uit sy pad gegaan om nie die inwoners se privaatheid te skend nie. Na 'n vlugtige draai deur mev De Klerk se foto-gevulde kantoor het hy opgemerk dat hy kan sien dat dit moeilik vir hulle sou wees om die woning te verlaat.³⁹

Die Departement van Openbare Werke het aanbeveel dat hy eerder in Libertas moes gaan woon. Hy self het ook gevoel dat hy eerder die kleiner, huisliker Libertas as sy ampswoning wou hê. Hy het dus teen November 1994 by Libertas ingetrek.⁴⁰ Daar moet onthou word dat die Presidensie reeds sedert Botha se tyd as staatsgastehuis en konferensiesentrum gebruik is. Dit is dus te verwagte dat daar 'n redelike toeloop van mense by die gastehuis was en dat dit nie werklik as die woning van die President kon dien nie.

Met dié stap het Nelson Mandela die eerste nie-Afrikaner geword om in die skepping van die uitgesproke Afrikaner, Gerard Moerdyk, te woon. Sou hy hom tuis voel tussen die tipiese Afrikaner-kunswerke en -geskiedenis?

Mandela het die naam van Libertas spoedig na Mahlamba Ndlopfu verander. Hy het die nuwe Sjangaan-naam, wat "aanbreek van 'n nuwe era" beteken, self gekies.⁴¹ Sy keuse van 'n naam het berus op die beskouing dat die Sjangaan-taal en -kultuur in die verlede geïgnoreer is en dat alle gemeenskappe opgehef moes word.⁴² Mandela se woordvoerder, Parks Mankahlana, het later gesê dat die nuwe naam letterlik beteken "hy wat die olifante was," maar die figuurlike betekenis daarvan is "die begin van 'n nuwe tydperk."⁴³

³⁹ Mondelinge medeling: I. Oberholzer, Trumperstraat 827, Waverley, Pretoria, 2000-06-14.

⁴⁰ N. Bezuidenhout, Dis oos, wes, tuis bes vir Nelson in sy nuwe huis, *Beeld*, 1994-11-19, p. 4; Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekto, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

⁴¹ N. Bezuidenhout, Dis oos, wes, tuis bes vir Nelson in sy nuwe huis, *Beeld*, 1994-11-19, p. 4.

⁴² C. Keeton & S. Matthewson, Libertas to get new name, *Pretoria News*, 1994-09-09, p. 1.

⁴³ M. van Heerden & N. Bezuidenhout, Libertas en Uniegebou herdoop: nóg kan volg, *Beeld*, 1994-09-12, p. 4.

Met Mandela se intrek was die rigtingwysers met die naam Libertas reeds verwyder.⁴⁴ 'n Woordvoerder van die Departement van Openbare Werke het gesê dat die ou naamborde van Libertas iewers bewaar sou word.⁴⁵

Die naamsverandering het plaasgevind as deel van 'n reeks naamsveranderinge in die land. Tom Andrews van die Genootskap Oud-Pretoria het gevoel dat die naamsverandering geen probleme sou veroorsaak nie, aangesien die naam Libertas geen historiese verband gehad het nie. Die Afrikanervolksfront se reaksie was dat die naam Libertas van Latynse oorsprong was, wat “vryheid” beteken en daarom geen verband met enige spesifieke kultuurgroep het nie. Volgens dié party was die nuwe naam 'n stap agteruit. Die Nasionale Party het gevoel dat naamsveranderinge 'n sensitiewe aangeleentheid was en dat uitgebreide onderhandelinge nodig was voordat so iets aangepak word.⁴⁶ Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), Junior Rapportryers en Afrikaner-volkswag was teen die naamsverandering gekant. Dié organisasies het gemeen dat dit nie in die gees van versoening was nie en dat die ou naam internasionaal aanvaarbaar was. Hulle het ook aangevoer dat die nuwe naam baie moeilik was om uit te spreek.⁴⁷ Volgens Mandela kon hy woorde soos *apartheid*, *gewetenloos* en *wreedheid* uitspreek en daarom moes ander mense leer om die nuwe Sjangaan-naam van sy woning uit te spreek.⁴⁸

In die Kaap het Mandela in Westbrooke ingetrek en die De Klerks het in Groote Schuur aangebly.⁴⁹ Westbrooke, Mandela se amptelike woning in die Kaap, het ook 'n naamsverandering ondergaan. Hy het die woning vernoem na Genadendal, die eerste Morawiese sendingstasie in Suid-Afrika. Volgens Mandela was Genadendal 'n simbool van hoop, waar mense van verskillende rasse deur samewerking hulle deur verskeie selfhelpprogramme opgehef het. Die naam sou die regering se voorneme simboliseer om alles reg te maak, op te bou en te

⁴⁴ N. Bezuidenhout, Dis oos, wes, tuis bes vir Nelson in sy nuwe huis, *Beeld*, 1994-11-19, p. 4

⁴⁵ Eie kantoor, Mahlamb'andlovu byna reg vir President, *Die Burger*, 1994-10-22, p. 6.

⁴⁶ C.Keeton & S. Matthewson, Libertas to get new name, *Pretoria News*, 1994-09-09, p. 1.

⁴⁷ M. van Heerden & N. Bezuidenhout, Libertas en Uniegebou herdoop: nóg kan volg, *Beeld*, 1994-09-12, p. 4.

⁴⁸ W. Pretorius, Almal moet leer om Mandela se huisnaam uit te spreek, *Beeld*, 1994-10-17, p. 4.

⁴⁹ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 496.

laat herleef wat deur jare se ongeregthede vernietig is.⁵⁰ Dit is duidelik dat die keuses van name vir die President se amptelike wonings 'n boodskap uitdra.

Mandela het nie baie tyd by sy ampswonings bestee nie. Dit is nie verblyfplekke waarin hy tuis gevoel het en sy skoene kon uitskop nie. Hy het hom maar in sy slaapkamersuite gemaklik gemaak as hy daar was. Sy tuiste in Johannesburg is baie meer na sy smaak, want sy familie kan hom daar besoek. Dié woning is ook geselliger - gevul met familiefoto's. Mahlamba Ndlopfu met al sy kosbare kunsskatte en antieke meubels was nie die plek vir sy kleinkinders nie. Hy moes hulle die hele tyd verbied om in die woning te speel omdat hulle dalk iets kon breek.⁵¹

1. *Inrigting*

Die algemene voorkoms van die woning was nog baie dieselfde as in die De Klerks se tyd. Die rangskikking van die meubels en die kunswerke het nog baie daar uitgesien soos wat dit in die tyd van die De Klerks was.

Veranderinge aan die ampswoning was hoofsaaklik beperk tot die binneversiering van die hoofslaapkamersuite. Deur die keuse van materiaal vir die meubels en gordyne - dieselfde as by die Uniegebou - is 'n meer manlike atmosfeer aan die vertrekke gegee (fig.121). Mandela wou nie veel verander nie, want volgens hom was dit net 'n verkwisting van geld.⁵²

⁵⁰ C. Landman, Die susters van die Broederkerk - 'n verhaal van vrouens in die Morawiese Kerk, *Skrif en kerk* 16(2), 1995, p. 361.

⁵¹ Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.

⁵² Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.



Figuur 121: Die President se slaapkamer.

Foto: X. Barnard (1999).



Figuur 122: Die eetkamer met die groot seetoneel deur João Tavares teen die muur.

Foto: X. Barnard (1999).

Die groot eetkamer het koud en leeg voorgekom met die baie tafels en stoele, maar baie min ander versiering. In die plek van *Middagskof* het 'n groot tapisserie van 'n seetoneel deur João

Tavares gehang wat van die Presidensie gebring is (fig.122) 'n Antieke muurkas met silwerware was uitgestal en teen die ander muur was die borduurstuk *Koffietyd* aangebring. Die vertrek het seker heelwat meer elegant gelyk as die tafels vir onthale gedek en die vertrek versier was, maar andersins was dit 'n barre vertrek met opvallende pilare.

Die kiaatkamer is veel beter daaraan toe met sy gesellige geselsruimtes wat geskep is deur die sitplekke intiem te groepeer. Die houtplafon en -vloere en die versierings, waarvan baie van die Presidensie en die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geleen is,⁵³ dra tot die meer gesellige atmosfeer by. Teen die mure hang kunswerke en los Persiese tapyte is op die houtvloere geplaas. Die houtwerk in die woning is baie mooi gedoen, al gee die swaar kiaatplafon 'n bekrompe gevoel aan die vertrek. Die groot houtdeur na die stoep staan gewoonlik oop en laat die helder sonlig die vertrek binnestroom, hoewel die uitsig deur die vensters deur kantgordyne verberg word. Die stoep buite die kiaatkamer word gereeld deur die President en sy gaste gebruik om die media te woord te staan. Dan is die bloedrooigeverfde stoepe van die woning opvallend.



Figuur 123: 'n Tafel in die Pierneefkamer gedek vir een.

Foto: X. Barnard (1999).

⁵³

Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.

Die Pierneefvertrek het 'n volvloertapyt wat die kleure van die Pierneefskildery mooi herhaal. Die President het soms sy middagete in die vertrek genuttig omdat dit baie geselliger as die reuse eetkamer is. Mandela het met sy rug na die venster gesit sodat die baie lig wat ten spyte van die gordyne deur die vensters val, nie sy sensitiewe oë verder pla nie (fig.123).⁵⁴ Die mure was geverf met die sponsmetode, maar dit het amateuragtig gelyk en die groot lugvloei-inlaat in die een muur het 'n swak indruk gemaak. Die informele eetkamer wat nog in die De Klerks se tyd in gebruik was, het as gevolg van die nat mure diens as 'n magasyn gedoen. Die gebrek aan 'n intieme eet- en sitkamer was derhalwe voelbaarder - veral as in die groot Pierneefkamer 'n tafel vir een gedek word!

Die Pierneefkamer was saam met die kiaatkamer die twee mooiste vertrekke in die ampswoning. Behalwe vir dié twee vertrekke en die nuwe hoofslaapkamer, het die res van die binneversiering veel te wense oorgelaat. Veral die gasteslaapkamers het oud-modieus voorgekom en die badkamers het aandag nodig gehad. Die badkamers het almal dieselfde styl sanitêre ware in verskillende kleure gehad. Van die badkamers was nog oorspronklik met teëls en al, maar ander het reeds veranderings ondergaan.

Met die uitsondering van enkele vertrekke het Mahlamba Ndlopfu baie aandag nodig gehad om te lyk soos die woning waarin die belangrikste burger van die land gewoon het en waarin gaste soos koninklikes en Presidente in luukse kon oornag en kuier. In hierdie stadium was die woning in so 'n toestand dat nie daarmee gespog kon word nie.

Die informele ontbytkamer kon nie gebruik word nie, omdat die mure klam gebly het en die verf afgedop het. Die mure by die westelike trap, die môrekamer en een van die slaapkamers op die tweede verdieping het ook tekens van vog getoon. Die môrekamer se noordelike vensters se hortjies kon nie oopgemaak word nie omdat onooglike lugversorgingseenhede reg voor die vensters gestaan het. So het baie van die waarde van die vertrek verlore gegaan. Die woning was in 'n toestand van verwaarlosing en het opknapping dringend benodig. Die staanhorlosies in

⁵⁴ Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.

die woning was nie opgewen nie, want in die stil woning was hulle klank naderhand 'n oorverdwende lawaai.⁵⁵

Daar is tydens 'n gesprek aan Mandela voorgestel dat Mahlamba Ndlopfu se stoepe weer teruggeplaas word om die woning na sy oorspronklike ontwerp te herstel. Dit sou die temperatuurprobleme oplos wat met die toebou van die stoepe ontstaan het. Hy het die planne afgekeur. Toe die planne om Overvaal te vergroot met hom bespreek is, het hy laggend opgemerk dat dit by Overvaal goedgevind is om stoepe toe te bou, maar by sy huis wil die argitekte die stoepe oopbreek.⁵⁶

Baie van die kunswerke en voorwerpe in die ampswoning was van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria en van die Presidensie geleen. In die eetkamer het 'n groot weefwerk, wat van die Presidensie geleen is, gehang om die kaal mure te bedek. Orals in die woning is pragtige gebinde weergawes van klassieke boeke uitgestal met die naam Government House op die omslae.⁵⁷ Met die verhuising van die De Klerks, het hulle van die kunswerke uit Libertas na Overvaal saamgeneem.⁵⁸

Van die eg-Afrikaanse kunswerke, soos die Van Wouw-beelde en die een tapisserie, *Middagskof* deur Grant, is deur die Departement van Openbare Werke uit die woning verwyder. Die kunswerke is gratis aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geskenk en die Departement van Openbare Werke het afstand van enige regte daarop gedoen. Die Departement van Openbare Werke het aangedui dat die werke aan die nageslag behoort, maar omdat hy hulle nie meer "suksesvol" in enige van die amptelike wonings kon gebruik nie, is hulle aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum geskenk. Die Museum het dit as 'n waardevolle toevoeging tot sy versameling beskou. Die skenking het die borsbeelde van dr A Murray, pres. MT Steyn, Onze Jan Hofmeyr, John X Merriman, generaal JBM Hertzog en generaal JH de la Rey ingesluit.

55 Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03

56 Skriftelike mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

57 Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.

58 Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 1998-04-09.

Verder was die die Grant-tapisserie, volfiguurbeeld van pres. MT Steyn en die beeld van die twee hande van die kunstenaar ook daarby ingesluit.⁵⁹ Dit is onduidelik wat van die beelde *Kruger in Ballingskap*, *Boerenooientjie (Nooientjie van die Onderveld)*, *Slegte tyding* en *Verkenners* geword het.

In 1996 het die Universiteit van Pretoria, as die kurator van die Anton van Wouw-museum navraag gedoen of van die werke wat in Mahlamba Ndlopfu was nie aan dié museum geleen kon word nie. Jeff Radebe, toenmalige Minister van Openbare Werke, het geantwoord dat hulle van die werke opgespoor het, maar dat die saak eers met Mandela en ander politieke ampsdraers bespreek moes word voordat die versoek oorweeg kon word. Die Departement van Openbare Werke het nie al die Van Wouw-beeldhouwerke gelys wat veronderstel was om in Mahlamba Ndlopfu te wees nie⁶⁰ en waar daardie werke was, is onbekend.

In die plek van genoemde kunswerke was van die eerbetonings en kunswerke geplaas wat aan Mandela geskenk is. Van die kunswerke was *Eyewitness*, 'n moderne kunswerk wat die inval van die Suid-Afrikaanse Weermag in Gaborone in Botswana in 1985 gedenk het (fig.124). In die voorportaal het 'n groot skildery van Mandela gehang (fig.125) en in die Pierneefkamer was twee houtskulptuurmodelle wat geskenke van ander lande aan Mandela was. In die galery was etlike skilderye en kunsvoorwerpe wat aan die President geskenk was. In die kantoor was verskeie eerbetonings aan hom soos UNICEF se Child's Champion Award vir 1995 en die Glass Award van die Hollywood Foreign Press Association vir 1995.⁶¹

⁵⁹ Skriftelike mededeling: L. Emke, Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Sunnyside, Pretoria, 0002, 1998-09-28.

⁶⁰ Mondelinge mededeling: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

⁶¹ Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.



Figuur 124: "Eyewitness", een van die nuwe kunswerke in die woning.

Foto: X. Barnard (1999).



Figuur 125: 'n Skildery van die President in die voorportaal van Mahlamba Ndlopfu.

Foto: X. Barnard (1999).

Die meeste kunswerke wat in Mahlamba Ndlopfu vertoon was, verteenwoordig pionierkunstenaars uit die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse kuns. Die waardering van die kunsversameling in Mahlamba Ndlopfu was in die tyd baie anders as met die vorige beoordeling daarvan. Die waardevolste werk, hoewel nie Suid-Afrikaanse kuns nie, *Frigate and man of war* deur Huggens, was in die gang in 'n hoekie langs 'n kas weggesteek. Dit was een van die kunstenaar se min werke en die gehalte daarvan was baie goed. Die werk was ook betreklik onbekend aan die kunswêreld. Die skildery was in die tyd etlike honderduisend rand werd, maar is voorheen nie as waardevol beskou nie.⁶²

Die Pierneefskilderye was in Mandela se tyd nie as baie waardevolle werke beskou nie, omdat hulle uit Pierneef se latere tyd dateer. Die werke sou na verwagting sowat R50 000 elk op 'n veiling behaal. Die werke van Gwelo Goodman sou as dit groot werke was, nagenoeg R30 000 tot R40 000 op 'n veiling behaal. Oerder se werk *Apiesrivier* was bykans R50 000 werd en die waarde van die portret van Van Wouw was as gevolg van die seldsaamheid daarvan op ongeveer R30 000 beraam.⁶³ Die waarde van die werk van Van Wouw genaamd *Kunstenaar se hande* was sowat R50 000, omdat dit een van net twee oorspronklike Italiaanse gietsels was. Die werke van Wenning, Pilkington en Palmer was baie skaars en tussen R10 000 en R20 000 werd. Werke van JA Smith is moeilik bekombaar en die invloed van Smith op Pierneef dryf die waarde van sy werke op. Daarom was dit bykans R20 000 werd. Die skilderye van T Mccaw, Andersen en Curain was nie baie werd nie en sou nie meer as R5 000 stuk behaal nie.⁶⁴

2. Tuine

Van die aangeplante proteatuine uit die eras van Verwoerd en Vorster het nie veel oorgebly nie. Dit is as gevolg daarvan dat daar nie genoeg water gegee is nie en omdat proteas maar in dié geweste sukkel. Die tuin word net in stand gehou, maar nie juis verbeter nie. Daar mag nie struktureel aan die tuine verander word nie, aangesien dit deel uitmaak van 'n

⁶² Mondelinge mededeling: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

⁶³ Mondelinge mededeling: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

wêrelderfenisgebied. Daar was planne om die paadjies wat die koppie deurkruis in die toekoms weer in stand te hou.⁶⁵

3. *Personeel*

Met sy intrek in Mahlamba Ndlopfu het Mandela die huishoudingpersoneel verbaas deur hulle almal, tuiniers ingesluit, met die hand te groet en 'n rukkie met elkeen te gesels. De Klerk het opgemerk dat Mandela die gawe het om elke mens met wie hy in aanraking kom, spesiaal te laat voel. Dié gawe van Mandela het gelei tot 'n nuwe gevoel van intimiteit in Mahlamba Ndlopfu.⁶⁶

Ella Govender, voormalige personeellid, was met die taak belas om na Mandela se persoonlike behoeftes om te sien – dit het take ingesluit soos om sy bed in die aande gereed te kry. Sy het vyfster-behandeling gegee aan die man wat sy 'tata' (vader) noem. Sy het sy toiletsakkie gepak, klere vir droogskoonmaak geneem en selfs oogdruppels in sy sensitiewe oë gegooi. Sy was ook in beheer van die 29 personeellede in sy amptelike verblyfplekke oor die land heen. Haar take het die spyseniering, onderhoud en begrotings vir die wonings ingesluit. Volgens haar het Mandela 'n eerlike belangstelling in sy personeel gehad. Waar tuiniers onder vorige ampsdraers byna onsigbaar was, het hy hulle saam met die res van sy huishoudelike personeel na 'n ete uitgenooi. Hy het hulle ook saamgenooi vir die helikopterrit na die Nuweland-rugbystadion met die wêreldbekerrugbytoernooi in 1995. Hulle het nie afgeklim nie, maar dit het baie vir hulle moreel beteken.⁶⁷

⁶⁴ Mondelinge mededeling: Prof. A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

⁶⁵ Mondelinge mededeling: M. Bester, Departement van Openbare Werke, Tuine-afdeling, Pretoria, 0001, 1998-07-28.

⁶⁶ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 36

⁶⁷ M. Behr, *All the President's women, Fair Lady*, 1995-10-18, p. 47.

'n Voormalige huishoudster by Mahlamba Ndlopfu, Gaile Kriel, meen dat Mandela sy personeel soos familie behandel het. Haar pligte was om te sorg dat die President goed versorg was in sy woning. Dit het beteken om teen 4:30 op te staan sodat sy beskikbaar was wanneer die President, wat vroeg opstaan, haar in die oggende benodig het. Sy het die eenvoudige etes wat hy verkies en die lekkernye waarvan hy hou, soos veselperskes, verskaf en seker gemaak dat hy met sy rug na die lig sit sodat sy sensitiewe oë beskerm is. Sy wou graag meer Afrika-sentriese kuns en selfs kelners in Afrika-drag in Mahlamba Ndlopfu inbring. Sy erken dat die feit dat daar nie 'n mev Mandela was nie, haar werk vergemaklik het. Volgens Mandela was die feit dat hy wit personeellede gehad het 'n aanduiding van die versoeningsproses in die land.⁶⁸

Elias Aphone het begin as skoonmaker van motors en het hom later hom tot huishulp opgewerk. Hy voel dat om vir Mandela te werk die hoogtepunt van sy loopbaan was. Hy het hom ervaar as 'n trappie bo die ander. Hy was meer van 'n vader vir die personeel met sy warm persoonlikheid en heerlike sin vir humor. Maar hy is ook 'n baie private persoon wat soms alleen wil wees. Vir John Camala was daar onder Mandela minder spanning in die wonings en was hy 'n vriendelike man wat graag grappies met hulle gemaak het. Hy het egter baie min in die Kaap gekom en hulle het hom gemis. Andile Somdaka was die kok by Genadendal in Kaapstad. Hy het van die baie bekende Mount Nelson Hotel na Genadendal verskuif. Met sy aankoms in die huis is hy in detail oor Mandela se eetgewoontes ingelig; selfs Mandela se kleindogter het hom van raad bedien oor Mandela se dieet. Mandela hou van tradisionele kos en sagte pap. Hy het 'n gesonde dieet en drink baie melk en vrugtesap. Hy eet hoofsaaklik hoender en vis, maar baie min rooivleis. Mandela het hom met sy aankoms by Genadendal persoonlik verwelkom en hom vertel dat hy alles van hom af weet. Volgens Andile Somdaka is 'n kompliment van Mandela af oor sy kookkuns soos 'n goue handdruk.⁶⁹

Elize Wessels, voormalige assistent-privaatsekretaresse van Mandela, beskryf hom as baie maklik om tevrede te stel. Hy kla byna nooit nie, verhef nooit sy stem nie en het 'n baie goeie sin vir humor. Hy was nie voortdurend besig om sy personeel se werk na te gaan nie, omdat hy hulle

⁶⁸ C. Lamb, My miracle housekeeper - President Mandela, *Drum*, 1995-05, pp. 107-108.

⁶⁹ E. Jayiya, Madiba's men, *Pace*, 1995-09, pp. 45-46.

vertrou het om hulle pligte professioneel uit te voer. Hy was baie toeganklik vir sy personeel en het hulle aangemoedig om hulle gedagtes en idees met hom te deel, al verskil hulle van hom.⁷⁰

4. *Onthale en besoekers aan Libertas*

Mandela het nie baie aande in sy ampswoning bestee nie. Meestal het hy die ampswoning gebruik om middagete te geniet of om vir 'n funksie voor te berei. Hy geniet hoë internasionale aansien en het baie amptelike besoekers ontvang - meestal by Mahlamba Ndlopfu; waarskynlik omdat dit so naby aan die Uniegebou is. Hy het gereeld gaste, soos die konings en kroonprinses van Swede, Jordanië en Denemarke en koninklikes soos prinses Anne van Groot-Brittanje, BB Ghali, voormalige sekretaris-generaal van die VVO, by die woning ontvang. Die Presidente van Costa Rica, Switserland, Zimbabwe en Namibië is daar ontvang. Musieksterre soos Stevie Wonder, Michael Jackson en die popgroep die *Spice Girls* is ook van die baie gaste wat daar onthaal is.⁷¹

Met die ontvangs van amptelike gaste aan die huis, werk die Protokolkantoor en die Departement van Buitelandse Sake saam met die huishoudingpersoneel aan die beplanning van die geleentheid. Die program word tot in die fynste besonderhede beplan en daar word streng daarby gehou. Net soms veroorsaak die spontane optrede van gaste dat van die program en protokol afgewyk word. Met die besoek van die Britse popgroep die *Spice Girls* aan Mahlamba Ndlopfu het hulle van die program afgewyk deur soos 'n warrelwind deur die woning te beweeg en heel eerste die dameskleedkamer te besoek. Hulle het bewonderend opgemerk dat die kleedkamer baie swierig was.⁷²

Van die interessantste onthale in Mahlamba Ndlopfu was die ontvangs van negentien dames in Julie 1995. Die vrouens was die weduwees en eggenote van voormalige vryheidsvegters, Eerste Ministers en Presidente van Suid-Afrika. Die “versoeningsete” het ten doel gehad om vrouens

⁷⁰ M. Behr, *All the President's women, Fair Lady*, 1995-10-18, p. 44.

⁷¹ Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1996-04-03.

⁷² Mondelinge mededeling: J. Human, Assistent-huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1998-07-22.

wat in die verlede aan weerskante van die politieke skeidslyn was, in 'n gemeenskaplike strewe na die beste vir Suid-Afrika en sy mense te verenig. Die vrouens het ingesluit Marietjie Viljoen, vrou van voormalige Staatspresident Marais Viljoen, Albertina Sisulu, vrou van Walter Sisulu, Gladys Marks, weduwee van JB Marks, N Biko, weduwee van Steve Biko, en Susan Strijdom, weduwee van JG Strijdom. Vrouens soos Betsie Verwoerd en Angelina Sobukwe, wat om gesondheidsredes nie die besoek aan Mahlamba Ndlopfu kon meemaak nie, is later persoonlik tuis deur Mandela besoek.⁷³ Volgens Mandela was sy ontvangs in Orania by mev Betsie Verwoerd net so gul soos in Soweto.⁷⁴

Tydens die onthaal het Mandela die eer vir die ontstaan van die idee van die ete aan mev Marga Diederichs, weduwee van die ontslape voormalige Staatspresident, N Diederichs, gegee. Volgens Mandela was Marga Diederichs ook die eerste vrou wat hom met sy inhuldiging as President gelukkiggewens het.⁷⁵

Al die vroue het die ete as 'n mooi versoeningsgebaar beskou en self versoenende hande na mekaar uitgehou. Mevrouw Elize Botha het gesê dat sy verras was met hoe die ampswoning gelyk het. Al die skilderye uit haar tyd was nog in die woning. Al verandering was dat 'n skildery van Maggie Laubser wat in haar kantoor gehang het, na die ontvangsvertrek verskuif is. Sy was beïndruk deur die goeie smaak van die President. Mevrouw Tinie Vorster wat 13 jaar in die ampswoning gewoon het, het niks gesien wat verander het nie. Alles was vir haar mooi. Aan die huis het sy goeie herinneringe, want drie van haar kinders het daar grootgeword en haar kleinkinders het die ampswoning ook baie besoek.⁷⁶

⁷³ M. Ley & F.Lötter, Skaduwees agter, nou ry hulle vorentoe, *Beeld*, 1995-07-29, p. 9.

⁷⁴ Anon. The president, the boeretannie and the koeksisters, *You*, 1995-08-24, p. 11.

⁷⁵ M. Ley & F.Lötter, Skaduwees agter, nou ry hulle vorentoe, *Beeld*, 1995-07-29, p. 9.

⁷⁶ M. Ley, Mandela huis “nog dieselfde”, *Beeld*, 1995-07-29, p. 2.

In 1998 het die familiefeesvieringe van Mandela se tagtigste verjaarsdag by Mahlamba Ndlopfu plaasgevind. Daar was sowat 70 tot 80 familielede in die ampswoning byeen. Van die gaste het van die Transkei en Mosambiek gekom. Baie van die gaste het in Mahlamba Ndlopfu oornag en oral het kinders rondgehardloop. Die onthaal was 'n buffetmiddagete waar Indiese geregte, lasagne en hoender bedien is. Heildronke op Mandela is deur sy twee dogters Zindzi en Zinani ingestel. Tydens die feesvieringe het Mandela en mev Machel hulle intiemste familielede na die Pierneef-vertrek geroep en hulle ingelig dat hulle later daardie middag in die huwelik sou tree. So het die verjaarsdagvieringe ook 'n huweliksfees geword (fig.126).⁷⁷



Figuur 126: Mandela op sy tagtigste verjaarsdag, 1999-07-18.

Die verjaardagvieringe het ook 'n huweliksonthaal geword. Op die foto is Mandela, Graça Machel en Zinzi Mandela-Hlongwane in Mahlamba Ndlopfu se eetkamer.

Uit: *Sunday Times*, 1999-07-19, p. 3.

Voor hulle vertrek na Frankryk om aan die wêreldbekersokkertoernooi te gaan deelneem, het Suid-Afrika se nasionale sokkerspan, oftewel die Bafana Bafana, 'n besoek aan die President by Mahlamba Ndlopfu gebring. Hulle is op koek en tee onthaal en die President het met hulle

⁷⁷ Mondelinge mededeling: J. Human, Assistent-huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 1998-07-22.

geskerts. Hy het gesê dat sy volgende haarstyl soos die van die doelwagter, Brian Baloyi, se witgebleikte kapsel gaan lyk.⁷⁸

Gaste aan Mahlamba Ndlopfu het nie net beroemdes en hooggeplaastes ingesluit nie. Die debatsgroep van die St. Michaels-skool in Bloemfontein het op 'n besoek aan Pretoria by die Bryntirion-landgoed se hekke stilgehou en gevra of hulle die President kon sien. Die hekwagte het hulle versoek geweier, maar 'n briefie van hulle na die President geneem. Op die briefie was hulle onderwyseres se selfoonnommer. Hulle het voortgegaan met hulle besigtiging van die Uniegebou toe die telefoon lui en hulle na die President se ampswoning genooi is. Die meisies het van opwinding gegil. Hulle het die besoek aan die President baie geniet.⁷⁹

5. *Uittrede van Mandela*

In 1999 het Mandela die tuig as President van die land neergelê en het Thabo Mbeki hom opgevolg. Die invloed van Mandela op Mahlamba Ndlopfu was beperk omdat hy die ampswoning nie werklik as tuiste gebruik het nie. Die grootste veranderinge was die naamsverandering, die versiering van die hoofslaapkamer en die verwydering van sommige kunswerke, maar die woning het nog baie soos vantevore gelyk; 'n feit wat vorige Eerste Ministers- en Presidentsvroue in 1995 met hulle besoek aan Mandela bevestig het. Die ampswoning was in 1999 in 'n erg verwaarlose toestand met mure wat klam gebly het en gekraak was.

⁷⁸ C. Lessing, Mandela "in die gees" met Bafana Bafana, *Beeld*, 1998-05-19, p. 3.

⁷⁹ Korrespondent, President nie te besig om met leerlinge te gesels, *Beeld*, 1998-04-03, p. 2.

HOOFSTUK XIII**MAHLAMBA NDLOPFU BELEEF 'N RENAISSANCE ONDER TM
MBEKI, 1999-****A THABO MBEKI EN SY EGGNOTE**

Hierdie hoofstuk handel hoofsaaklik oor die herstelwerk aan en die kritiek op die woning in 1999-2000, en aangesien TM Mbeki (fig.128) tot met die studie nog nie lank in die ampswoning gewoon het nie, word aspekte soos onthale of personeel net terloops aangesny. Die hoofstuk sluit af met veranderinge wat in 1999-2000 aan die woning aangebring is.

Na die verkiesing van 1999 het Thabo Mbeki die Presidentskap en dus ook Mahlamba Ndlopfu by Mandela oorgeneem. Thabo Mvuyelwa Mbeki, seun van die bekende ANC-lid Govan Mbeki, is op 18 Junie 1942 in die Transkei gebore en het daar skoolgegaan. Terwyl hy nog op skool was, het hy by die ANC aangesluit. Hy was tot 1961 aktief in die ondergrondse afdeling in die Johannesburg-Pretoria-area.¹

In 1962 het hy die land in opdrag van die ANC onwettig verlaat en in 1966 'n meestersgraad in ekonomie aan die Universiteit van Sussex, Brittanje, behaal. Tot in 1970 het hy in die ANC se Londense kantoor gewerk, militêre en politieke opleiding in die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR) ondergaan en is daarna na Lusaka in Zambië verplaas. Hy het toenemend 'n leiersrol in die ANC begin speel en het in 1971 die assistant-sekretaris van die rewolusionêre raad geword, asook die ANC-vertegenwoordiger in Swaziland en Nigerië. In 1975 is hy tot die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee verkies. Hy het as sekretaris van die President van die ANC gedien en het later die direkteur van die ANC se departement van internasionale aangeleenthede geword.²

¹ P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171; E.L. Bute & H.J.P. Harmer, *The black handbook*, p. 41.

² P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171; E.L. Bute & H.J.P. Harmer, *The black handbook*, p. 41.

In 1974 het hy in die huwelik getree met Zanele Dlamini wat ook in Londen gewerk het. Zanele Dlamini is in Alexandra buite Johannesburg gebore, maar het naby Durban opgegroeï. Sy was aanvanklik 'n verpleegster, maar het daarna aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer. Hulle het in 1961 tydens 'n studentekonferensie in Londen ontmoet. Sy het ekonomie aan die Universiteit van Londen bestudeer en later haar doktorsgraad in Amerika verwerf. Sy het vir die Verenigde Nasies se hoë kommissaris vir vlugteling gewerk en het as sodanig oor die hele wêreld gereis. Hulle het geen kinders nie.³ Na hulle huwelik was sy die enigste broodwinner totdat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het. Sy was nou betrokke by die ontstaan van die Women's Development Bank, wat finansiering vir mikro-ondernemings aan arm vroue verskaf het.⁴ Zanele Mbeki staan nie graag onderhoude oor haarself toe nie en is derhalwe nog onbekend aan die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Sy word beskryf as haar man se vertroueling, maar met 'n onafhanklike mening en perspektief oor sake. Sy is nie net "Thabo se vroujie" nie.⁵

In 1987 het Mbeki die ANC se afvaardiging na Dakar gelei vir onderhandelinge met blanke sakelui, skrywers, joernaliste en politici uit Suid-Afrika. Na die ontbanning van die ANC was Mbeki 'n prominente figuur in onderhandelinge tussen die regering en die ANC, veral by die Groote Schuur-samesprekings in Mei 1990. Hy is verkies tot die ANC se werkskomitee en het 'n groot rol in die onderhandelinge oor 'n nuwe grondwet gespeel.⁶

In 1993 is hy op aandrang van die ANC se Jeugliga tot Vice-president van die ANC verkies. Na die verkiesing van 1994 is hy aangewys as die eerste Vice-president van die land en daarmee saam as waarskynlike opvolger van Mandela.⁷

Die paadjie na die Vice-presidentskap was nie so eenvoudig nie, aangesien hy 'n belangrike teenstander vir die amp gehad het, naamlik Cyril Ramaphosa. Mbeki, wat die protégé van Oliver Thambo was, het hom met sy opleiding in ekonomie en deur diplomاسie as 'n goeie

³ A. Botha, Mbeki se masker kom af..., *Insig*, p. 23.


⁴ T. Mbeki, *Africa, the time has come, selected speeches*, p. xiii.

⁵ A. Botha, Mbeki se masker kom af..., *Insig*, p. 23.

⁶ P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171.

⁷ P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171.

onderhandelaar bewys. As die seun van Govan Mbeki het hy nou bande met die Transkei en die radikale politiek gehad, wat hom 'n goeie keuse as Vise-president gemaak het.⁸



Figuur 127: Thabo Mbeki in ontspanne luim met sy pyp.

Uit: *Pretoria News*, 08-06-2000, p. 9.

⁸

A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 492.

As Vice-president het Mbeki homself bewys as 'n bedrewe diplomaat, tuis en internasionaal. Teen die einde van 1997 het hy Mandela as President van die ANC en daarmee saam as die volgende President van Suid-Afrika opgevolg.⁹

Mbeki is in sekere opsigte baie anders as Mandela. Volgens Mandela het Mbeki as kind nooit gespeel nie. Hy haal graag Shakespeare en Yeats aan, skryf self poësie en praat op 'n raaiselagtige manier. Sommige Afrikane voel dat dit 'n aanduiding is dat hy te lank in Brittanje was. Hy is 'n man wat nie maklik oop kaarte speel nie; eienskappe van iemand wat baie tyd met ondergrondse aktiwiteite deurgebring het. Hy knoop nie verhoudings met blanke sakelui en joernaliste aan nie en baie van sy adviseurs is uit die swart bewussynsbewegings gekies. Hy tree baie soos Thambo op en probeer op dieselfde manier algemene ooreenstemming bereik deur geduldig te luister. Hy is altyd sensitief oor die strominge in die ANC en kan spanning en selfbelang behendig ontloot.¹⁰

Hy is 'n veeleisende werkgewer en verslaaf aan sy werk. Hy is deur sy politieke opponente as ontoeganklik, dogmaties en onwrikbaar beskryf. Kabinetslede ervaar hom as interaktief en oop vir debat. Tydens besprekings kies hy nie kant nie, maar stel voortdurend vrae aan die deelnemers. Party Parlementslede beskuldig hom van intellektuele arrogansie en op 'n afstand van die gewone mense. Party mense beskou dit as natuurlike teruggetrokkenheid en voer aan dat sy sjarme en humor nie gereeld deur die mense waargeneem word nie.¹¹ Mbeki word gekarakteriseer as welsprekend, minsaam, sjarmant en hoogs bevoeg om Suid-Afrika te lei.¹² Hy onderhandel en bewerkstellig oplossings deur sy klein groepie vertrouelinge. Hy voer in die aand laat gesprekke en, anders as Mandela, is hy nie so stip op tyd gesteld nie.¹³

'n Goeie aanduiding van die tipe mense wat die Mbeki-egpaar is, is die feit dat hulle nooit die voordeur van Mahlamba Ndlopfu gebruik wanneer hulle na 'n dag se werk by die ampswoning aankom nie. Hulle gebruik sonder uitsondering die ingang by die kantoor van

⁹ P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171.

¹⁰ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, pp. 544-545.

¹¹ Z. Jaffer, Mbeki: competent, clever but too cold, *Pretoria News*, 2000-06-08, p. 9.

¹² P. Joyce, *A concise dictionary of South African biography*, pp. 170-171.

¹³ A. Sampson, *Mandela, the authorised biography*, p. 499.

die President. Hulle is nie mense wat ver wag dat daar 'n ophef oor hulle gemaak moet word nie.¹⁴

B MBEKI EN MAHLAMBA NDLOPFU

Nadat Mbeki aangedui het dat hy in die ampswoning wil woon, het die Departement van Openbare Werke besluit om die instandhoudingswerk daaraan so gou moontlik te laat doen, omdat Mbeki tydelik nog in Oliver Tambo-huis (voorheen Overvaal) kon woon. Die Departement van Openbare Werke het ver wag om die werk teen November 1999 af te handel.¹⁵ Die feit dat Mbeki nog in sy vorige woning kon woon, het dit vir die Departement van Openbare Werke moontlik gemaak om onverpoos aan Mahlamba Nlopfu te werk, terwyl dit in die eras van vorige ampsdraers soos Malan nie moontlik was nie.

In Augustus 1999 het die Departement van Openbare Werke aangekondig dat herstelwerk en opknappingswerk aan Mahlamba Ndlopfu 'n aanvang sou neem. Die beoogde R5 miljoen vir die werk aan die ampswoning het 'n oproer in die Parlement en media veroorsaak. Bongani Khonjwayo, Gautengse streekbestuurder van die Departement van Openbare Werke, het verklaar dat dit nader aan R10 miljoen sou kos om die woning behoorlik op te knap, maar dat daar net nie soveel geld beskikbaar is nie. Die Department sou dus net konsentreer op die noodsaaklikste en mees kritieke werk wat gedoen moes word. Die projek sou die algemene binneversiering, restourering van die ampswoning tot sy oorspronklike toestand, en die oprigting van twee nuwe onderdakstoepe op die twee vleuels insluit.¹⁶

Die tendervoorwaardes het voorsiening gemaak vir R128 000 se werk aan die kombuis, R60 000 vir rakke, kabinette en TV-eenhede, R300 000 vir verbeteringe aan die personeelkwartiere, R10 000 vir skadunette vir motors en R10 000 vir die installasie van 'n mobiele stoombadeenheid. Die stoombadeenheid behoort aan die Mbeki's en die koste daaraan verbonde was om dit van hulle woning in Johannesburg te verskuif.¹⁷

¹⁴ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08.

¹⁵ E. Gibson, Mbeki-woning 'hét werk nodig', *Beeld*, 1999-08-18, p. 7.

¹⁶ H. Ludski, Mkbeki's R5m facelift, *Sunday Times*, 1999-08-15, p. 5.

¹⁷ H. Ludski, Mkbeki's R5m facelift, *Sunday Times*, 1999-08-15, p. 5.

Daar is om spesiale tenderprosedures aansoek gedoen sodat die projek gouer afgehandel kon word. Die versoek is geweier, maar die tydperk vir die tenderadvertensie is tot twee weke verkort sodat gouer met die werk begin kon word.¹⁸

Opposisiepartye het sterk teen die beoogde werk aan die ampswoning te velde getrek. Hulle het aangevoer dat dit nie sin maak dat soveel miljoene aan 'n huis bestee word nie as in ag geneem word dat hospitale, skole en maatskaplikke dienste ernstige geldtekorte ondervind. Lede van die opposisiepartye het daarop aangedring om die woning te besoek om te kyk of dit werklik nodig was om R128 000 op die kombuis en R10 000 op 'n stoombad te bestee.¹⁹ Daar is ook gemeld dat Mbeki reeds R3 miljoen aan opknappingswerk aan Oliver Thambo-huis tydens sy inwoning aldaar bestee het.²⁰ Die Demokratiese Party, Nuwe Nasionale Party en United Democratic Movement het almal geprotesteer omdat R47 miljoen aan Mbeki se inhuldiging as President bestee is, R20 miljoen vir luukse motors vir ministers en nog geld aan die woning bestee word, terwyl aan staatsamptenare byna geen verhoging gegee is nie. Agterstande in behuising en miljoene mense wat geen toegang tot sanitasie, onderwys of gesondheidsdienste het nie, sou kon baat by die geld wat die regering so kwistig bestee. Die PAC het aangevoer dat hoewel die President in 'n ordentlike ampswoning moes woon, die geld beter bestee kon word in 'n land waar werkloosheid hoogty vier.²¹

Die Departement van Openbare Werke het aangevoer dat die President nie betrokke was by die besluit om die ampswoning te restoureer nie. Die besluit om aan Mahlamba Ndlopfu te werk, is geneem nog voordat hy President geword het. As staatseiendom moes die Departement na die instandhouding van die ampswoning omsien en dit was bo-aan die lys van eiendomme wat aandag nodig gehad het. Volgens die Departement het behoorlike instandhouding laas in 1985 plaasgevind en is net noodherstelwerk intussen gedoen. Die massiewe aard van die ampswoning maak dat die koste ook baie hoog sou wees, maar dat geen onnodige of luukse verbeterings aangebring sou word nie. Die President se kantoor het juis gemeen enige veranderinge moes eenvoudig, neutraal en glad nie uitspattig wees nie. Die Departement se woordvoerder het

¹⁸ H. Ludski, Mkbeki's R5m facelift, *Sunday Times*, 1999-08-15, p. 5.

¹⁹ Politieke redaksie, Opposisie vies oor werk aan ampswoning, *Beeld*, 1999-08-17, p. 11.

²⁰ H. Ludski, Mkbeki's R5m facelift, *Sunday Times*, 1999-08-15, p. 5.

²¹ Politieke redaksie, Opposisie vies oor werk aan ampswoning, *Beeld*, 1999-08-17, p. 11.

aangevoer dat enkele luukses soos die stoombad uit verband geruk is en dat dit Mbeki se persoonlike eiendom was wat hy aan die einde van sy termyn weer sou verwyder.²²

Die Minister van Openbare Werke, Stella Sigcau, het die opposisieparty en die media geroskam oor wat sy as “sensasiewekkende” reaksie op die herstelwerk aan die Presidentswoning beskou het. Volgens haar sou die koste R5 miljoen beloop, maar is geen regulasies met die tenderprosedures oortree nie, soos sommige mense beweer het. Sy het die werk as standaardherstelwerk beskou wat moes verhoed dat staatseiendom so agteruitgaan dat dit ‘n verlies vir die belastingbetaler word. Volgens haar is kleiner opknappingsprojekte sedert 1940 gedoen, maar is geen groot herstelwerk sedert 1990 gedoen nie en het die ampswoning drasties agteruitgegaan. Probleme het ‘n dak wat erg lek en ‘n gevaarlike elektrisiteitstelsel ingesluit.²³

Die strukturele herstelwerk aan Mahlamba Ndlopfu was op die Departement se program, maar dit is bemoeilik omdat die woning deurentyd bewoon was. Die Mbeki-egpaar het hulle intrekdatum uitgestel sodat behoorlik aan Mahlamba Ndlopfu aandag gegee kon word. Die Mbeki’s is oor die beoogde wysigings soos die kantoorgeriewe en studeerkamer geraadpleeg sodat dit by hulle werkstyl kon inpas. Die R5 miljoen was ook deel van die Departement se begroting vir onderhoud aan staatsgeriewe.²⁴

Later is aangekondig dat Mbeki se ampswoning in die Kaap, Genadendal, ook teen R2,6 miljoen opgeknep sou word. Dit was deel van die onderhoudsagterstand wat die Departement gehad het om in te haal. Van die staatseiendom sou verkoop moes word om die koste aan ander geboue te betaal. Protes het opgeklank omdat R10,6 miljoen oor twee jaar bestee is aan wonings waarin Mbeki gewoon het.²⁵

22 E. Gibson, Mbeki-woning ‘hét werk nodig’, *Beeld*, 1999-08-18, p. 7.

23 Politieke redaksie, Sigcau kap terug oor Mbeki se huis, *Beeld*, 1999-08-20, p. 5.

24 Politieke redaksie, Sigcau kap terug oor Mbeki se huis, *Beeld*, 1999-08-20, p. 5.

25 H. Ludski, Now Mbeki’s Cape home is to get a R2,6-m facelift, *Sunday Times*, 1999-08-22, p. 2.

Dit is duidelik dat die protes van opposisiepartye en die media een van talle redes is waarom vorige inwoners nie broodnodige instandhouding van die ampswoning gedoen het nie. Die gevolg is dat die huis werklik baie aandag nodig gehad het en dat die openbare debat oor die geld net uitgestel is.

1. Vroeëre voorstelle vir die herstel van die woning

Deur die jare is probleme by Mahlamba Ndlopfu geïdentifiseer en is gereeld voorstelle gemaak om die ampswoning te verbeter of verander.

Van die eerste aanbevelings was om die toegang na die woning te maak soos Moerdyk dit ontwerp het. Dit sou behels dat die hoofhekke na die woning uit Kerkstraat moes wees. Die pad sou dan reguit ophoop van Hillstraat na die voordeur van die woning wat volgens Moerdyk die huis baie imponanter sou laat vertoon en aan die besoeker 'n gevoel van afwagting sou gee. Die teeroprit moes ook deur 'n geplaveide oprit vervang word.²⁶

Die toegeboude stoepe moes weer oopgemaak word en die vensters en deure op hulle oorspronklike plekke teruggeplaas word. Dit sou die sirkulasie tussen die drie hoofontvangsvertrekke vergemaklik omdat die gaste van die stoepe gebruik kon maak om die ander vertrekke te bereik. Die bedekte stoepe sou sitplek aan gaste kon verskaf en hulle teen reën en die son beskerm. Die swaar gordyne sou gevolglik uit die ontvangsvertrekke geneem kon word omdat die stoepe die sonlig en hitte uit die woning sou weer. Die vensters sou oop gelaat kon word om 'n koel briesie in die woning te verseker en die onooglike lugversorgingseenhede kon verwyder word. So sou die uitsig uit die woning en van die stoepe af weer gewaardeer kon word.²⁷ Die suksesvolle gebruik van die noordelike uitsig was juis een van die redes waarom Moerdyk die kompetisie gewen het.

Die groot bome op die noordelike terras sou nie meer nodig wees nie en kon verwyder word omdat hulle nie by die skaal van die woning gepas het nie - veral die een boom wat as 'n "puisie"

²⁶ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

²⁷ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

beskryf is. Die dienste van landskapargitekthe kon benut word om die noordelike terras tot sy volle potensiaal te ontwikkel.²⁸

'n Verdere voorstel was om aan die woning sy twee oorspronklike vleuels wat nooit gebou is nie, te besorg en die oorspronklike dakontwerp terug te plaas.²⁹ Die hoofslaapkamersuite soos Moerdyk dit gevisualiseer het, is van sy nederige noordelike stoepe beroof. Daar is aanbeveel dat die slaapkamer in 'n slaapkamersuite vir gaste omgeskep word en dat 'n nuwe presidensiële suite van 'n honderd vierkante meter oor die oostelike vleuel se balkon gebou word. Dit kon 'n bedekte terras aan die oostekant insluit, wat oor die tuine uitkyk. Die toegang tot die suite kon van die sentrale eerste verdieping se gang deur 'n ingangsportaal verkry word. Die slaapkamer kon aan die noordekant met die badkamer en aantrekkamer aan die suidekant wees. Die argitektuur moes by die oorspronklike ontwerp aansluit.³⁰

Om argitektoniese balans te verseker, moes 'n westelike vleuel ook gebou word. Dit kon as 'n konferensie-, familie- of eetkamer gebruik word. Dit was 'n goeie opsie omdat dit geleë is langs die sekondêre trap wat na die kombuis direk onder die vleuel lei.³¹ Die vleuels sou ook die instandhoudingskoste van die woning verlaag as die dakke nie meer so lek nie.³²


²⁸ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

²⁹ Mondelinge mededeling: H. Meiring, , Middelstraat, New Muckleneuk, 0181, 1997-07-15.

³⁰ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

³¹ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

³² Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekthe, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.



Figuur 128: Voorstelle vir die westelike vleuel met die gasteslaapkamers en waskamers.


Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke, 1990.

In 1990 is voorgestel dat die oostelike vleuel ‘n familiekamer, eetkamer, kombuis en balkon insluit. Die westelike vleuel moes twee gasteslaapkamers en badkamers, ‘n sitkamer, waskamer en strykkamer met ‘n gedeelte vir ‘n wasgoeddraad insluit (fig.129).³³

In 1995 het die Departement van Openbare Werke aan verdere voorstelle vir die woning gewerk. Dit het ingesluit dat die stoepe wat in Vorster se tyd toegebou is, weer oopgemaak word en die eetkamer en die Pierneefkamer tot hulle oorspronklike grootte herstel word. Dit sou aan die kiaatkamer weer toegang tot die stoepe gee en die oorgang van binne na buite geleidelik maak. Die skaduwee van die groot bome sou nie meer benodig word nie en hulle kon saam met die groot lugversorgingseenhede verwyder word.³⁴

³³ Departement van Openbare Werke, voorlopige voorstelle vir Mahlamba Ndlopfu, Julie 1990.

³⁴ Departement van Openbare Werke, voorlopige voorstelle vir Mahlamba Ndlopfu, Junie 1995.




Figuur 129: 'n Voorstelling van die woning se oostelike aansig met stoepe.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke, s.a.

Die eerste verdieping sou volgens die nuwe voorstelle uitgebreide veranderinge ondergaan. Die vleuels wat aangebou sou word, sou nie soos die oorspronklike Moerdyk-voorstelle gelyk het nie, maar eerder vierkantig soos die woning tans daar uitsien. Die oostelike stoepe sou toegebou word om 'n nuwe presidensiële suite te vorm (fig.131). Dit sou aan die suidekant 'n slaapkamer, aantrekkamer en badkamer insluit. Oorkant die slaapkamer aan die noordekant sou daar, geskei deur 'n ingangsportaal, 'n sitkamer wees. Daar sou ook 'n onderdakstoepe wees sodat die oostelike uitsig geniet kon word. Dit sou ook die waterprobleem op die onderste verdieping oplos en aan die studeerkamer en die musiekkamer 'n oostelike onderdakstoepe gee.³⁵

³⁵

Departement van Openbare Werke, voorlopige voorstelle vir Mahlamba Ndlopfu, Junie 1995.



Figuur 130: Voorstelle vir 'n Presidensiële suite op die eerste verdieping.


Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke, Junie 1995.

Die bestaande hoofslaapkamer kon omgeskep word in 'n sitkamer met 'n stoep na die noorde. Die huidige gesinskamer, die aantrekkamer en badkamer kon die belangrikste gastesuite word. 'n Gedeelte van die groot aantrekkamer kon in 'n badkamer vir die slaapkamer aangrensend aan die westelike kant van die aantrekkamer verander word. Die bestaande badkamer en aantrekkamer van die President kon vir die aangrensende slaapkamer aan die oostekant gebruik word, aangesien dit tans 'n badkamer deel. Dit sou beteken dat daar ses slaapkamers sou wees, elkeen met 'n eie badkamer. Die westelike stoep sou ook toegebou kon word om 'n gesinskamer of konferensiefasiliteite en 'n klein kombuisie in te sluit. Die huishoudingpersoneel het gevoel dat laasgenoemde vertrek baie nuttig vir die President sou wees.³⁶

In 'n later stadium het die Departement van Openbare Werke ook planne vir die noordelike terras opgestel. Dit sou sowel nuwe plaveisel om die bome as 'n fontein en 'n visdam met kleipotte en klipkeermure insluit om by die bestaande klipwerk aan te sluit (fig.132).³⁷

³⁶ Departement van Openbare Werke, voorlopige voorstelle vir Mahlamba Ndlopfu, Junie 1995.

³⁷ Departement van Openbare Werke, voorlopige voorstelle vir Mahlamba Ndlopfu tuin, s.a.



Figuur 131: Voorstelle vir die noordelike terras se tuine.

Uit: Planne van die Departement van Openbare Werke, s.a.

2. *Benarde toestand van die woning*

"Damaged by improvements" is hoe Brian Brownlee, voorheen hoofargitek in diens van die Departement van Openbare Werke betrokke by ampswonings, die toestand van Mahlamba Ndlopfu beskryf.³⁸

Die eerste probleme het ontstaan as gevolg van die weglating van die twee oorspronklike vleuels op die eerste verdieping ter wille van besparings. Die gevolg daarvan was dat die dakke lek. Dit het tot skade gely.³⁹ Die vierkantige geute op die dak het na al die jare geroes en begin lek. Dit laat die mure klam word wat die pleister laat kraak (fig.133).⁴⁰

³⁸ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 1997-07.

³⁹ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 1997-07.

⁴⁰ Mondelinge mededeling: C.J. Pieterse, Projekbestuurder, Groot Projekte, Departement van Openbare Werke, Pretoria, 0001, 1997-07-13.



Figuur 132: Duidelike krake in die mure bokant die President se kantoor.

Foto: X. Barnard, 1999.

In 1995 het die Departement van Openbare Werke 'n ondersoek na die ampswoning se toestand ingestel. Daar is gevind dat die dak nie net lek nie, maar dat verwering van die waterdigting op die balkonne en die plat betondak plaasgevind het. Voorts is grootskeeps verwering aan die houtvensters en -deure deur die weer veroorsaak. Die kombuis en dienstegedeeltes het groeste pype en geute gehad en die kombuis se borswering en daklig na die boonste verdiepings het waterlekkere veroorsaak. Die buitenste sandsteenvoetstukke vir die gewels moes herstel en skoonmaak word. Van die badkamerware, die elektriese stelsel en die veiligheidstelsel moes opgegradeer word. Die riool- en waterpype was uitgedien en moes ook vervang word.⁴¹ Daar het egter nie veel van die aanbevelings gekom nie.

In 1998 het die argiteksfirma Stauch Vorster MOM 'n ondersoek na die toestand van Mahlamba Ndlopfu gedoen. Die firma het aanbeveel dat meer opknapping as instandhouding gedoen moes word en dat die ampswoning, wat 'n vertoonvenster van die land is, in 'n uitstekende toestand moes wees. Hulle het aangevoer dat daar 'n aantal probleme bestaan en blote herstelwerk van die skade nie toereikend sou wees nie, maar dat die grondliggende probleme opgelos moes word.

⁴¹ Lêer van Department van Openbare Werke: Memorandum from J.C. Pieterse, Office of the Chief Directorate Architectural Services – Mr. B. du Preez, 1996-10-31.

Dit moes langtermynoplossings bied en nie net oppervlakkige lapwerk wees nie. Daarvoor het hulle verwag dat die woning vir sewe maande onbewoon en vir herstelwerk beskikbaar moes wees.⁴²

Omdat die ampswoning 'n nasionale gedenkwaardigheid is, moes die argitek nou met die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) saamwerk. Die argitek moes hulle by die algemene riglyne vir die bewaring van geboue hou. Die argitektoniese geskiedenis, riglyne vir die instandhouding, herstelwerk, veranderings en moontlike aanbouings moes in samewerking met die RNG opgestel word. Omdat Stauch Vorster MOM die eerste argitek was wat sedert die ampswoning tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, aan Mahlamba Ndlopfu sou werk, was geen riglyne nog opgestel nie. Die firma het dus in noue kontak met die RNG gewerk en waar meer as een moontlikheid vir herstelwerk bestaan het, is die keuse in die hande van die RNG gelaat.⁴³

Die vogtige mure was volgens Stauch Vorster MOM te wyte aan verskeie redes. Die belangrikste oorsaak was dat die meeste vensterbanke nie geseël was nie. Al die vensters moes verwyder word en waterseëlaar onder al die vensterbanke geplaas word. Daarna moes die vensters weer teruggeplaas word. By ander plekke het ander oorsake vir die vog bestaan. In die wagkamer en die ontbytvertrek was die nat mure die gevolg van lekkende waterpype na die nabygeleë badkamers. Die westelike trapskag se klammigheid was waarskynlik toe te skryf aan watersypeling van die stoepe daarnaas. Die oostelike gang op die boonste verdieping se klammigheid was moontlik deur die lekkende parapetmuurtjies op die dak veroorsaak. Dié muurtjies moes met 'n goeie produk behandel word nadat die geutlap vervang is. 'n Doelmatige helling vir die val van die nuwe geutlap na die dak moes uitgewerk word. Die vog in die mure van die sitvertrek langs die Pierneefkamer was die resultaat van water wat tussen die parapetmure en die geutlap ingekom het. Al die vierkantige geute moes waterdigting kry. Van die slaapkamers se vog is veroorsaak deur water van die nabygeleë terras. Die westelike terras se

⁴² Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, p. 6.

⁴³ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, p. 6.

geute en waterafvoere was nie meer in 'n goeie werkende toestand nie, wat tot die waterprobleme kon bygedra het.⁴⁴

Die terrasse van die wes- en oosvleuel moes ook met 'n goeie waterdigtingsmiddel behandel word om die vertrekke daaronder en langsaan te beskerm. Om die oorspronklike planne van die argitek uit te voer, naamlik om die terrasse te teël, sou ook waterdigting bevorder. Van die badkamers se wateruitlate en storte was nie waterdig genoeg nie en dit het byvoorbeeld veroorsaak dat die kookkamer vogprobleme gehad het. Daar is aangevoer dat die waterdigtingsmetodes wat tydens die jare vyftig gebruik was, nie baie geslaagd was nie, maar dat die moderne metode van butimien-membraanwaterdigting baie effektief is om die probleme op die dak op te los. Daar is ook aanbeveel dat 'n ondeurdingbare waterwerende laag een meter wyd reg rondom die woning gegooi word en dat die hele omtrek van die woning met 'n goeie middel teen vogtigheid behandel word. Die binnemure, soos die damesgastetoilet, die oostelike trapskag, die sekretaris se kantoor en die President se kantoor, waar klammigheid voorgekom het, moes van pleister gestroop word en vir twee tot drie dae gelaat word om uit te droog, voordat dit weer gepleister word. Op plekke is die gipsbordplafonne ook beskadig en dit moes vervang word. Die blomme- en waskamer het ook vogprobleme gehad wat toegeskryf is aan die feit dat die vensters om sekuriteitsredes nie kan oopmaak nie. Daar is feitlik nie 'n vertrek wat nie klammigheid in die mure gehad het nie.⁴⁵

Die ontbytvertrek aan die suidekant was onnadenkend geplaas, want in die winter was dit in die oggende baie koud, aansien die vertrek nie son kry nie. Die inrigting van die hoofslaapkamersuite met 'n informele eetgedeelte is ook gekritiseer omdat geregte van die onderste vlak met die trap na bo gedra moes word. Dit was 'n baie onpraktiese gebruik, net soos die braaiplek op die oostelike vleuel. Die braaiplek het 'n baie mooi uitsig gebied, maar die verversings en breekware moes van die kombuis op die grondvlak van die westelike vleuel aangedra word.⁴⁶

⁴⁴ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, p. 6.

⁴⁵ Verslag, *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 1-5,8,11,17,19,22 24,26,28.

⁴⁶ Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekto, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

Die eetkamer kon nie 'n groot groep gaste akkommodeer nie. Van die algemene en koste-effektiefste oplossings vir akkommodasieprobleme by amptelike wonings was om die stoepe van huise toe te bou. Dit het gewoonlik ander probleme veroorsaak, want die oorspronklike planne het nie voorsiening vir lug- en ligtoevoer na 'n toegeboude stoep gemaak nie. Die oplossing van een probleem het gevolglik weer tot 'n ander probleem gelei.⁴⁷



Figuur 133: Die onooglike groot lugversorgingseenheid buite die vensters van die môrekamer.

Dit versper die uitsig na die noorde heeltemal. Let op die boom wat geplant is om die masjinerie te verberg.

Foto: X. Barnard, 1999.

'n Goeie voorbeeld hiervan is duidelik met die toemaak van Mahlamba Ndlopfu se stoepe te sien. Die verskuiwing van die vensters het veroorsaak dat daar geen stoep was om die son uit die aangrensende vertrekke te hou nie. Die oplossing was om die vensters, en dus die pragtige noordelike uitsig, met swaar gordyne toe te maak. Groot lugversorgingsmasjinerie is ook aan die buitekant van die woning geïnstalleer om die huis koel te hou. Die masjinerie het nie slegs lawaai nie, maar dit het ook tot lekkasies gelei. Die onooglike masjinerie moes versteek word deur struik daarvoor te plant (fig.133). Die pragtige hout van die vensters en deure moes ook

⁴⁷

Skryflike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

behandel word om hulle te beskerm teen skade deur ultravioletlig, waaraan hulle na verskuiwing blootgestel is. Die behandeling het veroorsaak dat die hout swart geword het.⁴⁸

Die gebrek aan skaduwee het ook daartoe gelei dat vier bome op die noordelike terras geplant is. Dit was 'n afwyking van Moerdyk se idee dat die uitsig aan die noordelike kant gebruik moes word. Die beperkte wydte van die terras maak groot bome onvanpas. Die bome het baie groot geword en belemmer nie net die noordelike uitsig nie, maar geen gras het onder hulle gegroei nie (fig.134). Dié probleem is in 'n mate opgelos deur plaveisel om die bome aan te bring. Die bome lig egter die plaveisel op en gevolglik lyk die hele area baie onnet.⁴⁹



Figuur 134: Die bome wat die uitsig na die noorde belemmer.

Foto: X. Barnard, 1999.

Die ampswoning het nou geen stoepe waar daar in die skaduwee ontspan en die uitsig bewonder kan word nie. Gaste kan nie uit die eetkamer na die stoepe beweeg om na 'n elegante maal koffie onder die sterre te drink en die stadsliggies te bekyk nie. 'n Personeellid het gesê dat Mandela sonder 'n stoep soos "a prisoner in his own home" gevoel het.⁵⁰ Die woning vloei nie uit in die tuin en die tuin vorm derhalwe nie deel van die leefareas nie. Die inwoners kan maklik ingehok voel. Oliver Thambo-huis is 'n goeie voorbeeld van 'n ampswoning waar die tuin deel van sy

⁴⁸ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

⁴⁹ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

⁵⁰ Skriftelike mededeling: B. Brownlee, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

leefarea is.⁵¹ 'n Mens kan jou net indink wat Moerdyk van die woning sonder stoepe sou gesê het.

Die toebou van die stoepe het ook veroorsaak dat die eetkamer en die Pierneefkamer 'n ry pilare in die vertrek het wat die vertrekke visueel verdeel (fig.135). Die Pierneefvertrek se pilare is versier om by die res van die vertrek aan te pas, maar dit is nie die geval by die eetkamer nie. Die huishoudingpersoneel ondervind as gevolg van die pilare probleme met die plasing van tafels in die eetkamer en die meubels in die sitvertrek. Die eetkamer is ook te leeg en onversier as die tafels nie gedek is nie. Dan is daar net groot leë tafels, onversierde mure en baie stoele in die vertrek; nie juis 'n vertrek om mee te spog nie.⁵²



Figuur 135: Die eetkamer met die opvallende pilare.

Let op hoe donker die vertrek vertoon.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁵¹ Mondelinge mededeling: S. Boonzaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, 0083, 1998-04-09.

⁵² Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 0083, 1996-04-03.



Figuur 136: Die pilare in die Pierneefvertrek.

Die verskil in lig tussen die eertydse stoepe, regs, en die res van die vertrek is opvallend.

Foto: X. Barnard, 1999.

Die noordelike slaapkamers het balkonne nodig om die uitsig oor die berge te geniet. Op die oomblik moet verskeie lae gordyne weggetrek word om die uitsig te bewonder. Dit is veral die gevolg van die toebou van die balkonne van die hoofslaapkamersuite.⁵³

Die hele woning het 'n doelmatiger lugversorgingstelsel nodig. Die woning moet in die winter verwarm word en die boonste slaapkamers word in die somer baie warm. Die muurpapier van een van die slaapkamers is van die een of ander natuurlike materiaal met 'n onaangename reuk gemaak en moet verwyder word. Mahlamba Ndlopfu se traliewerk het dringend aandag nodig en die hoofkandelaar in die voorportaal kan nie skoongemaak word nie, want dit kan nie laat sak word nie. Dit is gevolglik buite die personeel se bereik. Die woning het ook nie voldoende nooduitgange nie.⁵⁴

⁵³ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, 0083, 1998-04-09.

⁵⁴ Mondelinge mededeling: B. Damon, Huishoudbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, 0083, Pretoria, 0083, 1996-04-03.

Nog 'n groot probleem wat deur Stauch Vorster MOM geïdentifiseer is, is die elektriese bedrading. Dié bedrading wat op die oppervlak aangebring is, is onooglik. Die vloerlyste kan verwyder, die pleister afgekap en die geleibuis, wat die telefoon, sekuriteits- en elektriese kables bevat, ingebou word. Die vloerlyste kan dan teruggeplaas word en gevolglik kan alles netjies versteek word. Van die gedeeltes waar die oppervlakbedrading die opvallendste is, is die hooftrap, die ingangsportaal, die musiekkamer, die sekretaris se kantoor en die gange.⁵⁵

Die hele woning en buitegeboue het nuwe elektriese bedrading nodig. Die bestaande stelsel is 'n BBP-stelsel wat nie meer aan die vereistes voldoen nie. Nuwe standaard vereis PVC-bedrading, volgens SABS voorskrif 0142. As gevolg van die ouderdom van die bestaande stelsel, instandhouding en herstelwerk is die aansluitings baie bros. Dit kan baie maklik 'n kortsluiting en 'n brand veroorsaak. Daar is aanbeveel dat aangesien die lig- en kragkakelaars verkleur het, dit deurgaans deur nuwes vervang word. Die buiteligte wat bestaan het uit sekuriteitsligte wat teen die mure van die woning gemonteer is, moet op aanbeveling van die RNG verwyder word. Volgens die RNG doen dit afbreek aan die argitektoniese skoonheid van Mahlamba Ndlopfu. Die ligte moet op pale gemonteer en bedrading aan die buitekant van die woning vermy word. Benewens die feit dat die radiomas aan 'n skoorsteen vasgemaak is, wat die skoorsteen laat kraak, ontsier dit ook die skoonheid van die ampswoning.⁵⁶

Vir die badkamers het die argitekte aanbeveel dat die bestaande teëls en badkamerware behou word omdat sommige items oorspronklik is. Die argitekte het aanbeveel dat die ligte op verskeie plekke in die vertrekke vervang word⁵⁷ sonder om in ag te neem of baie van die betrokke ligte nog van die oorspronklike toebehore van die woning is.

Die telefoonstelsel is ook beskryf as onnet en swak geïnstalleer. Oortollige kables kon verwyder word. Die firma het aanbeveel dat die hele stelsel wat met verloop van tyd en na behoefte onbeplan aangegroei het, verwyder moes word. 'n Volledig beplande nuwe stelsel, wat aan al die vereistes voldoen, moes die oue vervang. Die nuwe netwerk moes daarna volgens Telkom se

⁵⁵ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 2-3, 7-8.

⁵⁶ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 2-3, 7-8.

⁵⁷ Verslag: *Renovations to Mahlamba-Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 19, 21.

nuutse metodes en vereistes geïnstalleer word. Die houtvloerlyste om die mure kon gebruik word om die kabelwerk te versteek. Die televisienetwerk se kables moes weggesteek word en die hele televisienetwerk moes herontwerp word.⁵⁸

Die sekuriteitstelsel is deur die argitektoets en daar is gevind dat dit nie werk nie. Die stelsel kon nie die plek van betreding aandui nie en die paniek-alarmknoppie en die opsporingseenheid buite die woning het nie gewerk nie. Daar is gevind dat die beheerpaneel wat buite die woning geplaas was, ook buite werking was. Gevolglik is aanbeveel dat die hele stelsel hersien word.⁵⁹

Watersirkulasie is as toereikend beskou, maar daar is voorgestel dat die waterverwarmer op die dak op 'n ander plek geplaas moes word, aangesien dit 'n baie swak ligging vir die verwarmer was. Die meeste van die waterverwarmers was nog in 'n goeie werkende toestand. Daar was tien waterverwarmers in die woning wat die elektriese koste opgestoot het en die argitektoets het aanbeveel dat tydskakelaars gebruik word om die koste te besnoei. Drie badkamers het nuwe waterpype nodig gehad.⁶⁰

Alle buitedeure, veral die kiamer se deur wat gekraak was, en vensters sou verwyder, afgeskuur, herstel en weer vernis moes word voordat hulle teruggeplaas word. Al die skuifraamvensters moes herstel word. Gekraakte teëls in die mansgastetoilet en matte in die trapsgagte en die Pierneefkamer moes vervang word en die aluminiumblindings by die hoofslaapkamer, wat 'n bevestiging van die temperatuurprobleem in die woning is, moes vewyder word.⁶¹

⁵⁸ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 2-3.

⁵⁹ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, p. 3.

⁶⁰ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, p. 4.

⁶¹ Verslag: *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 2, 5, 8-9, 19.

Geen vertrek het aan die kritiek van die argitekte ontsnap nie. Die hele woning moes oorgeverf word en op plekke waar die pleister gekraak was, moes dit verwyder en vervang word. In die Pierneefkamer en die eetkamer moet die gekrapte son- en veiligheidsfilm op die vensters, waarskynlik ook daar vanweë die lig- en hitteprobleme, vervang word. Verder het die argitekte ook 'n stapelmuur om die pilare in die eetkamer aanbeveel. Die kombuis het ook 'n aantal gebreke getoon, soos lekkende pype, klam mure, vloerlyste wat verrot en dus onhigiënies is en die vinielvloerbedekking wat ontoereikend is. Die wasbakke moet met emalje herbedek word, die waskamer moet 'n meganiese waaier kry om die vog uit die vertrek te onttrek en die muurteëls moet verwyder word om die klammigheid teen te werk. Laastens het die argitekte ook aanbeveel dat die biltongmagasyn afgebreek word.⁶²

Die grootste gebreke wat die woning toon, is dus klammigheid, pleister wat kraak, swak en onaansienlike telefoon- en elektriese bedrading, asook probleme met die lugversorging.

3. Bewaringsbeleid van die Departement van Openbare Werke rakende Mahlamba Ndlopfu

In 2000 het die Departement van Openbare Werke 'n bewaringsbeleid vir Mahlamba Ndlopfu opgestel. Die beleid is deur prof RC Fisher van die Universiteit van Pretoria se Departement Argitektuur en Landskapsargitektuur geformuleer.⁶³

Die bewaringsbeleid is nodig "to alert those privileged to engage the past to the values these artefacts hold". In ooreenstemming met dié beleid moet toegesien word dat persone in beheer van die aktiwiteite by Mahlamba Ndlopfu verantwoording aan toekomstige geslagte moet doen. Mahlamba Ndlopfu behoort aan die mense van Suid-Afrika en daarom moet die koste wat met die ampswoning aangegaan word, as 'n belegging in belang van die mense van die land beskou word.⁶⁴

⁶² Verslag, *Renovations to Mahlamba Ndlopfu, proposed extent of work, 22 August 1998*, Stauch Vorster MOM Architects, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 1998-08-22, pp. 8-9, 11, 13-14.

⁶³ N. Botes, (ed.), *Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29*, n.p.

⁶⁴ N. Botes, (ed.), *Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29*, p. 4.

As gevolg daarvan dat Mahlamba Ndlopfu tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, moes 'n permit eers van die RNG verkry word voordat enige veranderinge daaraan gedoen kon word. Dit het ingesluit herstelwerk van enige skade, verbouings, asook uitsigte op of van die woning af en die voorkoms van Mahlamba Ndlopfu self.⁶⁵

Daar is aanbeveel dat die hele Bryntirion deur die staat as bewaringsgebied beskou moes word. Die verklaring as nasionale gedenkwaardigheid het slegs Mahlamba Ndlopfu as sodanig behels, maar die wet het bepaal dat enige veranderinge aan die omliggende terrein, soos veranderinge aan die paadjies, tuinuitleg en die bou van strukture, in oorleg met die RNG moes geskied. Die oorspronklike planne moes die riglyne vir veranderings aan die woning vorm.⁶⁶

Aanbevelings oor die styl van die gebou, het behels dat gepoog moes word om die voorkoms van die woning te behou en dat 'n moderne herinterpretasie van die styl gemaak kon word. Die oorspronklike endemiese stylelemente, byvoorbeeld. boligte, soos deur die argitek gebruik, moes voortgesit word. Nuwe byvoegings moes afgeskaal word sodat die oorspronklike gebou nog die dominante struktuur bly. Die bestaande daklyn moes behou word en enige byvoegings moes onafhanklik staan. Daar is ook aanbeveel dat as die beplande veranderinge meer as 20% van die oorspronklike vloerarea sou beslaan, 'n nasionale kompetisie uitgeskryf moes word om 'n gepaste plan vir veranderinge aan die woning te vind. Internasionale deskundiges kon deel van die paneel beoordelaars te wees.⁶⁷ As dié aanbeveling aanvaar was, sou dit sterk herinner het aan die gebeure in die dertigerjare van die vortige eeu met Moerdyk as wenner van die kompetisie.

Aangesien die gebruik van plaaslike materiale vir Moerdyk van so groot belang by die bou van die ampswoning was, is aanbeveel dat dieselfde praktyk weer gevolg word. Alle oorspronklike deure en vensters en ander materiale moes weer gebruik word. Waar oorspronklike materiale nie meer beskikbaar was nie, moes van neutrale, gepaste moderne materiale in die styl van die woning gebruik gemaak word.⁶⁸

⁶⁵ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, p. 4.

⁶⁶ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, p. 4.

⁶⁷ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, p. 5.

⁶⁸ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, pp. 5-6.

Oor die akkommodasie en gebruik van die woning, is aanbeveel dat so ver moontlik, by die oorspronklike gebruik van vertrekke gehou moes word. Waar dit prakties moontlik was, moes gepoog word om vertrekke wat vir ander doeleindes gebruik is, weer vir hulle oorspronklike doel te benut. Enige aanvullende akkommodasie moes argitektonies by die woning aansluit. Strukture soos priële of tuinhuisies moes liggewig van aard wees, tensy hulle permanent was, wanneer hulle deel van 'n omvangryke beplanning van die ampswoning en terrein moes vorm. Toegang vir gestremde persone moes so min moontlik inbreuk op die bestaande voorkoms van Mahlamba Ndlopfu maak.⁶⁹

Aanbouings aan die dienste-areas en dienste aan die woning soos lugversorging en telefoon- en rekenaarkabels, moes by die bestaande struktuur geïntegreer word, aangesien die huidige situasie veel te wense oorlaat met opsigtelike en onpraktiese plasings.⁷⁰

Daar moes gepoog word om in die ampswoning die verpersoonliking van al die diverse kulture, verlede en hede, van die land te verenig.

4. Herstelwerk in 1999-2000

Net sommige van die vroeëre voorstelle is oorweeg en gebruik toe die projek om die woning te herstel in 1999 van stapel gestuur is. As gevolg van verskerpte sekuriteitsregulasies is planne van die nuwe veranderings nie deur die Departement van Openbare Werke beskikbaar gestel nie en kon dit dus nie by die studie ingesluit word nie. Die argitek van die projek, Reedwan Vally, het nietemin die veranderinge bespreek.

Die opdrag om die ontwerpwerk aan Mahlamba Ndlopfu te doen, is op 'n rotasiegrondslag aan Reedwan Vally van Reedwan Vally Architects in Laudium, Pretoria, toegesê. Hy het die projek beskryf as moeilik en, soos Moerdyk, as nie baie aangenaam nie. Daar was slegs dertien weke beskikbaar om al die werk af te handel. Hy moes die ontwerpwerk in slegs drie weke afhandel en was deurentyd baie nou met die RNG in verbinding. Reedwan Vally voel dat die

⁶⁹ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, p. 6.

⁷⁰ N. Botes, (ed.), Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu, 1999-12-10 – 2000-02-29, p. 6.

veranderinge simpatiek met die bestaande gebou en die oorspronklike Moerdyk-planne uitgevoer is. As gevolg van die tydsbeperking en die voorskrifte van die RNG was die uiteindelijke resultaat nie in alle opsigte vir die argitek bevredigend nie.⁷¹

Die buite-aansigte is verander deurdat die westelike en oostelike vleuels in 'n mate toegebou is en by die dienstevleuel 'n gedeelte aangebou is. Die aangeboude gedeelte van die dienstevleuel moes van die oorspronklike gedeelte geïdentifiseer kon word deur die nuwe gedeelte 'n paar sentimeter agtertoe te bou.⁷²

Die dienstevleuel het nou nuwe badkamers en personeelgeriewe bevat. Die waskamer en die blommekamer is na die noordwestelike hoek van die dienstevleuel verskuif. Die oorspronklike was- en blommekamer is in kantore vir die huishoudingpersoneel verander, wat ook toegangbeheer en aflewering aan die kombuis vergemaklik het. Die kantoor naaste aan die uitgang, is in 'n sekuriteitsmoniteringskantoor vir die veiligheidsdienste met monitorskerms van kameras in die woning omgeskep. Die binneplein is opgeknep en die biltongskuur afgebreek.⁷³

Die hele buitekant se pleister is verwyder en waarna dit oorgepleister is. Die stoepe aan die noordelike kant wat met 'n laag bloedrooi stoepverf bedek was, is gerestoureer tot 'n natuurliker kleur. Die sinkdak is vervang en al die lekplekke is herstel. Die dakvenster kon weer lig inlaat, nadat die sinkdakke verwyder is wat dit bedek het.⁷⁴

Die elektriese bedrading is ook vervang tydens die eerste verbetering van die woning sedert dit in 1940 voltooi is. Die elektriese stelsel het lankal nie meer aan die hedendaagse vereistes van veiligheid en funksionaliteit voldoen nie en 'n groot deel van die telekommunikasie-, rekenaar-

71 Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

72 Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, Pretoria, 2000-05-15.

73 Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-Landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

74 Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

en elektriese bedrading was opsigtelik op die mure aangebring soos wat dit deur die jare nodig was.⁷⁵

Volgens wet moet alle staatsgeboue toegange vir gestremde persone hê. Mahlamba Ndlopfu het nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Die oplossing was om die bestaande ontbytkamer op die grondvlak, wat as gevolg van die swak toestand daarvan nie gebruik kon word nie, in 'n ingang vir gestremdes te verander. Die stoep voor die ontbytkamer is omgeskep in 'n rolstoeltoegang. Die oorspronklike skuifvenster is behou as ingang na die woning. Dié mure van dié gedeelte is met sandsteen uitgevoer om by die bestaande gedeelte van die woning aan te pas.⁷⁶ Dalk sou die bejaarde Malan en Mandela hierdie ingang as 'n verbetering ervaar het.

Die vroeëre ontbytvertrek het ook plek gemaak vir 'n badkamer vir gestremde persone met 'n groot genoeg ingangsportaal na die woning toe. Die portaal is met 'n boekrak en stoeltjie versier.⁷⁷

Die ontbytkamer is na die noorde verskuif, na die vertrek wat eers as die huishoudingbestuurder se kantoor diens gedoen het. Dit is nie duidelik wanneer hierdie vertrek as kantoor vir die personeel ingerig is nie, want op Moerdyk se oorspronklike planne word dit as 'n sitkamer aangedui. As dit daardie funksie behou het, sou dit die woning vir die huisgesin baie geriefliker gemaak het, aangesien dit klein genoeg is om deur die gesin as privaatsitvertrek gebruik te word. Dit is 'n baie sonnige vertrek met 'n uitsig na die noorde en is naby aan die kombuis geleë.⁷⁸ Die meubels vir die vertrek is uit ander vertreke van die woning geneem. Die Grant-tapisserie *Koffietyd* is uit die formele eetkamer daarheen verskuif en het pragtig by die geel-en-groen gordyne in die vertrek aanklank gevind. Dit is 'n warm, ontvanklike vertrek waar die gesin etes

⁷⁵ Mondelinge mededeling: E. Maritz, BVI Raadgewende Ingenieurs, Posbus 2967, Pretoria, 0001, 2000-05-15.

⁷⁶ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, Pretoria, 2000-05-15.

⁷⁷ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

⁷⁸ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

kan geniet. Dit was dus 'n suksesvolle oplossing vir die probleem van 'n intieme eetvertrek vir die gesin.⁷⁹

Die mans- en dameskleedkamers is ook verander om aan nuwe vereistes te voldoen. Die manskleedkamer het nog 'n toilet gekry en die urinale is verskuif om nie meer direk langs die wasbakke te wees nie. Die dameskleedkamer se deur is van die noordekant na die suidekant verskuif sodat nog 'n toilet ingepas kon word.⁸⁰ Daar is ook baie versierwerk aan die twee kleedkamers gedoen. Die dameskleedkamer het 'n portretreëling gekry en daar is muurskilderinge van inheemse blomme aangebring. Dit is nou twee elegante vertrekke.⁸¹

Aan die oostekant van die woning is op die grondvlak pilare op die oop stoepe gebou om 'n pried-effek te verkry en waarskynlik die temperatuur beter te reguleer. Die oostelike stoep lyk nou net soos die noordelike en suidelike stoepe gelyk het voordat hulle in die Vorsters se tyd toegebou is. Die pilare is ook op die eerste verdieping se westelike en oostelike vleuels herhaal sodat die aansigte van die woning nou heelwat anders daar uitsien as vroeër, maar baie sterk herinner aan die stoepe wat die Verwoerds sou geken het.⁸² Die stoepe en die nuwe vertrekke op die vleuels is met leiklip geteël en nuwe volvloermatte is in die hele huis aangebring.⁸³

Die tweede verdieping het die meeste veranderinge ondergaan. Soos reeds vermeld, het die twee oop stoepe op die vleuels ingrypende veranderinge ondergaan. Aan die westelike kant is 'n nuwe vertrek gebou wat as 'n gesinskamer vir die Presidentsgesin kan dien. Die vertrek is toegerus met 'n beeldradiostel, mikrogolfoond, yskas en stoof. Daar is kombuiskaste, 'n eetkamerstel en 'n sitkamerstel sodat die gesin hulle privaattyd daar kan deurbring, na televisieprogramme kan kyk en ligte etes kan voorberei. Soos in die res van die woning, is los Persiese tapyte op die

⁷⁹ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

⁸⁰ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

⁸¹ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

⁸² Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

⁸³ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

vloere geplaas. Sommige van die tapyte is staatseiendom en baie daarvan is die persoonlike eiendom van die Mbeki-egpaar.⁸⁴



Figuur 137: Een van die slaapkamers wat in 'n kantoor verander is.

Foto: X. Barnard, 1999.

Die oostelike gedeelte van die vleuel het die grootste veranderings ondergaan. Drie van die slaapkamers is in kantore verander, een vir die Presidentsvrou, een vir haar sekretaresse en een vir algemene administratiewe take. Die badkamer tussen die twee nuwe kantore mag as gevolg van die riglyne vir die bewaring van Mahlamba Ndlopfu, nie verander geword het nie en kan deur die personeel gebruik word. Die nuwe vertrek op die oostelike vleuel dien as 'n konferensiekamer of bymeakaarkomplek.⁸⁵ Die vertrek is, soos die een in die westelike vleuel, met kombuiskaste, 'n stoof, 'n eetkamerstel en rusbanke vir die gebruik van die personeel toegerus. In die kantore is losstaande kaste en rakke geplaas.⁸⁶

84 Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

85 Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

86 Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

Deur die deure na die oostelike vleuel te sluit en net van die trap in daardie vleuel gebruik te maak, word die oostelike gedeelte 'n amptelike kantoorgedeelte en die ander deel die woongedeelte. Die verlies aan drie slaapkamers word nie belangrik geag nie, aangesien beplan word dat amptelike gaste voortaan nie in Mahlamba Ndlopfu sal oornag nie. Daarvoor sal die presidensiële gastehuis, voorheen die Presidensie, gebruik word.⁸⁷

Die stempel van die Mbeki-egpaar is duidelik te sien in die vertrek wat eers as mev De Klerk se kantoor diens gedoen het. Dit is verander in 'n wagkamer vir besoekers aan Mbeki. Die binneversiering in hierdie vertrek is heeltemal verander. Bruin leerrusbanke, houtmeubels, dierevelle, kunswerke en kleurskema het die vertrek omgeskep in 'n manlike, maar elegante vertrek in 'n Afrika-styl. Na bewering hou president Mbeki baie daarvan hoe die vertrek nou lyk.⁸⁸

Met die binnenshuise versiering van die woning, het die Departement van Openbare Werke en die Mbeki-egpaar eers op die openbare vertrekke op die grondvlak gekonsentreer. Die beperkte begroting wat deur elke inwoner van die woning ervaar is, het nie verdere veranderinge aan die binneversiering moontlik gemaak nie. Omdat van die slaapkamers nou kantore is (fig.137), is slaapkamermeubels en gordyne wat nie meer in gebruik is nie, in ander slaapkamers benut. Daar is gevoel dat die materiaal van byvoorbeeld gordyne en dekens van so 'n goeie gehalte was dat geen rede bestaan het om dit te vervang nie. Gedeeltes van gordyne wat met verloop van tyd verbleik het, is afgesny, die gordyne net omgestik en weer gebruik. Gordyne is van een vertrek na 'n ander verskuif in plaas daarvan om nuwes te koop (fig.138). Die materiale wat in party van die slaapkamers gebruik is, vertoon reeds oudmodies, maar is nog in so 'n goeie toestand dat daar geen rede - behalwe die mode - is om dit te vervang nie. Verdere veranderinge sou moes wag vir 'n volgende begroting. Natuurlik was dit nie nodig om die hoofslaapkamer se versiering te vervang nie, aangesien dit met 'n baie elegante materiaal en styl vir Mandela gedoen is.⁸⁹

⁸⁷ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

⁸⁸ Mondelinge mededeling: S. Hein, Departement van Openbare Werke, Privaatsak X56, Pretoria, 0001, 2000-06-12; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

⁸⁹ Mondelinge mededeling: S. Hein, Departement van Openbare Werke, Privaatsak X56, Pretoria, 0001, 2000-06-12.



Figuur 138: Die slaapkamer wat in 'n administratiewe kantoor verander is.

Die gordyne word steeds in die kantoor gebruik.

Foto: X. Barnard, 1999.

Deur die woning is van die Mbeki-egpaar se eie Persiese tapyte, kunswerke en besittings uitgestal. Hulle styl van versiering is een van "minder is meer". Meubels is met materiaal in stemmige kleure en met vae dierepatrone oorgetrek. Afrika-kunswerke soos potte en diereprente is gebruik. In die voorportaal is 'n luiperdvel op die Persiese tapyt - maar volgens die huishoudingpersoneel is dit net tydelik. Moderne tegnologie het uiteindelik sy weg na die woning gevind met 'n grootskerm-beeldradiostel en videomasjien in elke slaapkamer. Die binneversiering, ongetwyfeld onvoltooid, is 'n mengsel van die oorspronklike stukke wat al baie jare daar was en van nuwe motiewe en smake. Die resultaat is gemaklik en smaakvol.⁹⁰

⁹⁰ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08; waarnemings deur skrywer tydens 'n besoek aan Mahlamba Ndlopfu op 2000-06-08.

Aan die sekuriteit van die ampswoning - wat vantevore baie kritiek uitgelok het - is ook aandag gegee. Om veiligheidsredes word die sekuriteitstelsel nie in detail bespreek nie, maar daar is aangedui dat die ou sekuriteitstelsel verbeter is. Nuwe elemente is by die stelsel gevoeg sodat dit nou aan presidensiële standaarde voldoen. Van die nuwe elemente het rookverklikkers, bewegingsensors en paniekknoppies ingesluit. Kameras is buite die woning opgerig. In die kelder in die westelike vleuel is die standaard-beveiligingstelsel opgegradeer, maar meer inligting oor die sekuriteitsaspekte van die woning is nie beskikbaar nie.⁹¹ Die stoorkamers onder die oostelike vleuel se stoepe is verander om aan die sekuriteitspersoneel badkamer- en ontspanningsfasiliteite te gee. Rondom die woning is 'n nuwe veiligheidsheining aangebring op wat Mahlamba Ndlopfu se erfrens sou wees.⁹²




Figuur 139: Die oorspronklike veiligheidsheining aan die agterkant.

Die heining is uitgebrei om die hele erf te omgrens.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁹¹ Mondelinge mededeling: E. Maritz, BVI Raadgewende Ingenieurs, Posbus 2967, Pretoria, 0001, 2000-05-15.

Die lugversorging het ook welverdiende aandag gekry. Die groot opvallende lugversorgingseenhede is deur ingeboude, onopvallende eenhede (fig.140) vervang waarvan die veel kleiner lug-uitlate in die dakke en mure ingebou is. Van die mure is verdik sodat masjinerie daarin versteek kon word sonder dat 'n mens daarvan bewus is. In party gevalle was daar nie plek vir ingeboude lugversorgingseenhede nie en is van losstaande eenhede gebruik gemaak.⁹³



Figuur 140: Opvallende lugversorgings-uitlate is deur kleiner eenhede vervang.

Foto: X. Barnard, 1999.

⁹² Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15

⁹³ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15.

Die werk is bemoelik deur die vereistes van die bewaringsbeleid rakende die woning en - ten spyte van die bespiegeling in die koerante daaroor - die beperkte begroting. Baie van die werk is gestrem deurdat die bouers nie net mure kon stukkend kap nie. Daar kon glad nie aan die teëls en sanitêre ware in die badkamers geraak word nie. Dit het veroorsaak dat daar byvoorbeeld van buite badkamers aan die ander kant van mure, aan die bedrading gewerk moes word. Dit het die koste aansienlik opgestoot en groot moeite veroorsaak. Baie van die werk wat verrig is, is nie met die eerste oogopslag opvallend nie, aangesien dit verbeteringe soos die wegsteek van ou oppervlakbedrading ingesluit het. So het die beperkte begroting byvoorbeeld meegebring dat die sekuriteitstelsel nie as die hoogtepunt van tegnologie beskryf kan word nie.⁹⁴

Die amptelike funksies van die woning het groter vertrekke vereis. Gevolglik is nie gepoog om die eetkamer en Pierneefkamer te verklein deur die stoepe te herstel nie.

Ten spyte van al die spekulاسie in die koerante het die stoombad van R10 000 ook nie sy opwagting in Mahlamba Ndlopfu gemaak nie! Die finale bedrag wat aan die opknapping van die woning bestee is, is nie bekend gemaak nie, waarskynlik as gevolg van die moontlike opslae wat dit in die pers kon maak.

5. Die woonbuurt verander

Daar is ook ongewenste veranderinge aan die woonbuurt om Mahlamba Ndlopfu aan die gang. Die woonbuurt Arcadia is deur die Uniegebou gekenmerk. As gevolg daarvan dat die Uniegebou se teenwoordigheid so oorweldigend is, kan die buurt nie as 'n gewone woonbuurt beskou word nie. Dit was die buurt waar prominente beroepslui en sakemanne hulle wonings van hoogstaande argitektoniese gehalte laat bou het. Bryntirion self het hooggeplaaste regeringsamptenare en Kabinetslede gehuisves en die boomryke buurt het goeie skole en kerke gekry.⁹⁵

⁹⁴ Mondelinge mededeling: R. Vally, Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, 0037, Pretoria, 2000-05-15; E. Maritz, BVI Raadgewende Ingenieurs, Posbus 2967, Pretoria, 0001, 2000-05-15.

⁹⁵ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 34.

Die eerste aanslag op die tuinkarakter van die woonbuurt was met die bou van woonstelblokke oorkant die Uniegebou-tuine in Kerk- en Pretoriusstraat. Die Munisipaliteit van Pretoria het gaandeweg toestemming begin gee vir verdere nie-residensiële ontwikkelings in die buurt. Dit het geblyk dat die munisipaliteit net korttermyn doelwitte in gedagte gehou het en nie die aard van die ontwikkelinge volledig ondersoek het nie. Toestemming is gegee vir die oprigting van hoë veelverdiepingkomplekse wat die Uniegebou omring en die woonbuurt insypel. 'n Groot aantal ambassades is ook in Arcadia gevestig, soos die Franse ambassade waarvoor Merton Keep verwoes is om aan ambassadevereistes te voldoen; om van die ambassade van die Verenigde State van Amerika nie te praat nie. Dit word beskryf as 'n bombastiese gebou wat heeltemal onvanpas in die buurt is.⁹⁶

Met die sonering van Arcadia vir ambassade-doeleindes is die term “ambassade” vertolk as ambassadeurswonings, en nie as ambassadekantoorgeboue nie. Ambassadeurswonings sou tot die prestige van die buurt bygedra het, maar 'n verkeerstoename en onaansienlike ambassades is geen aanwinste nie. Baie van die kantoorgeboue, soos die funksionele Duitse ambassade en die onsuksesvolle aanbouings aan die Britse ambassade, is nie in harmonie met die bestaande geboue nie; om van die nuttelose post-apartheid-ambassade van Bophutatswana nie eens te praat nie. Die gebou is tot twee verdiepings beperk slegs na 'n ernstige protes van die Arcadia inwonersvereniging. Ambassades hou 'n ernstige bedreiging vir die karakter van die woonbuurt in.⁹⁷

Dit is nie net die ambassades wat onsensitief teenoor die geskiedenis van die buurt staan nie. Die munisipaliteit en die regering dra ook hulle deel tot die agteruitgang van die buurt by. Die polisie het 'n aantal betonstrukture opgerig en met die Polisie-gedenkteken die simmetrie van die Uniegebou se tuine vernietig. Die munisipaliteit was verantwoordelik vir die oprigting van die Pieter Delpport Burgerlike Beskermingsgebou in Goewermentslaan. Die gebou se nabyheid aan die Uniegebou verklaar seker die Hitleragtige bunkervoorkoms daarvan.⁹⁸

⁹⁶ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 34.

⁹⁷ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 35.

⁹⁸ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 35.

kilometer van die stadskern te koop, die binnekant te vernietig deur dit in kantore te verander en die tuine in parkering te omskep, is goedkoper as om in die sentrale stadskern besigheid te doen. Dit ten spyte van die bestaande soneringsregulasies van die stadsraad wat dit as onwettig verklaar. Klein besighede wat uit huiskantore bedryf word, sluit in loodgieters, fotografe, ingenieurs, argitekte en dokters. Die stadsraad het met huiwering 'n deurvervaardiger gelas om sy deure te sluit, nadat sy aansoek misluk het om die gebied as vir ligte nywerheid verklaar te kry. Klein besighede dra tot die toename in verkeer en geraas by en skep 'n veiligheidsprobleem omdat die geboue oornag verlate is. Een klein besigheid het selfs 'n gesondheidsgevaar ingehou.⁹⁹

Dit alles lei tot die ontvolking van die woonbuurt en die leegloop van die stad se beste skole soos die Afrikaans Hoër Seunskool, Afrikaans Hoër Meisieskool, Pretoria Boys' High en die Pretoria Girls' High School. Die buurt gaan baie gou lyk soos die byna vernietigde Hatfield en daarmee saam die tuinkarakter van die woonbuurt om Mahlamba Ndlopfu.¹⁰⁰

As Verwoerd onvanpaste ontwikkeling om Libertas gevrees het, het Mbeki baie meer rede om 'n stok in die wiel van die onvanpaste ontwikkelings om Mahlamba Ndlopfu te steek.

⁹⁹ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 35.

¹⁰⁰ Report by the Arcadia Residents Association, Arcadia: the reluctant office park, *Architecture SA*, 7.8/91, 1991 July & August, p. 35.

HOOFSTUK XIV**EVALUASIE VAN LIBERTAS, TANS MAHLAMBA NDLOPFU****A KRITIEK OP MOERDYK SE ONTWERP**

As 'n mens 'n oordeel oor die ontwerp van Moerdyk wil uitspreek, moet in gedagte gehou word dat die woning nie die oorspronklike Moerdyk-ontwerp is nie.¹

Volgens die bekende Pretoriase argitek Hannes Meiring, was Moerdyk se oorspronklike ontwerp veel beter as die uiteindelige produk. Hy beoordeel Moerdyk as nie gelykstaande aan Herbert Baker of Norman Eaton nie en is van mening dat Moerdyk se grootste bydrae tot die argitektuur op die gebied van die kerkboukuns was. Moerdyk was volgens hom ook suksesvol in sy vermenging van Afrika en Europa, soos te sien is in die Merensky-biblioteek by die Universiteit van Pretoria.² Volgens Hans Fransen is geeneen van Moerdyk se wonings of ander ontwerpe van dieselfde gehalte as sy kerke nie,³ terwyl Leon Roodt meen dat Moerdyk nie daarin geslaag het om 'n nuwe styl te skep wat in die waardes, behoeftes, landskap, klimaat of landskap van Suid-Afrika gevestig is nie.⁴

Libertas, nou Mahlamba Ndlopfu, toon duidelike invloede van die agtiende-eeuse Kaapse dorpshuise, maar die eindproduk ontbreek aan twee baie belangrike kenmerke van die styl, naamlik eenvoud en harmonieuse verhoudings.⁵ Volgens Roger C Fisher is Moerdyk se groot swakheid sy hantering van die binneruimtes van die woning. Moerdyk was vasgevang in die Beaux Arts-tradisie van die kompartementalisering van binneruimtes, maar sonder die gesofistikeerde gepaste proporsies in die derde dimensie.

¹ R. Simpson, *Libertas*, s. p.

² Mondelinge mededeling: H. Meiring, Middelstraat, New Muckleneuk, 0181, 1997-07-15.

³ H. Fransen, *Drie eeue Suid-Afrikaanse kuns*, p. 155.

⁴ D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek III*, p. 639.

⁵ A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca 1860 tot 1940)*, M.A.-verhandeling, Potchefstroom se Universiteit vir C.H.O., 1980, p. 106.

In sy ontwerpe word ruimtes gewoonlik in die rangorde van hulle sosiale belang gerangskik en selfs die afmetings van sy geboue volg die formule. Hoe meer Moerdyk in simbolisme verval het, hoe meer het hy die ruimtelike aspekte van sy geboue afgeskeep.⁶ Die ingangsportaal van die ampswoning skep die indruk van beknoptheid omdat daar nie groot oop hoogtes is nie. Omdat die houtplafonne in die ontvangsvertrekke so swaar voorkom, skep dit ook die indruk dat die vertrekke lae dakke het. Die ander houtwerk, soos die deure, is egter van hoogstaande gehalte en skoonheid.⁷

Dr WHJ Punt se beskouing was dat die siening foutief is dat die Kaaps-Hollandse styl net tot sy reg kom teen die agtergrond van Kaapse heuwels of berge. Suid-Afrikaanse gewelbou kom van die lae, vlak en berglose lande aan die Noordsee soos die Nederlande, Pole, Swede en Noordwes-Frankryk. Hy het die uitbreiding van die boustyl na die hele land sterk bepleit.⁸

Argitektuur, meer as enige ander kunsvorm, is nou met heersende politieke en sosiale omstandighede verweef.⁹ Die gebruik van die Kaaps-Hollandse boustyl kan beskou word as deel van die opbou van nasietrots soos ervaar in die jare dertig en wat veral uiting gevind het in die nasionalisme van die tyd. Moerdyk se argitektuur bied 'n insig in die estetiese behoeftes en inspirasies van die Afrikaner in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog.¹⁰

Die argitektoniese idees van die tyd het beslis 'n invloed op die ontwerp van Mahlamba Ndlopfu gehad. Dit was nie net die Kaaps-Hollandse styl wat deur Moerdyk in die ontwerp gebruik is nie. Die moderne styl, ook bekend as die Internasionale Styl, het in Pretoria se woonbuurte soos Brooklyn en Rietondale 'n houvas gekry. Die purisme van die moderne styl het uiting gevind in die "wit vierkant" - wit huise met plat dakke, soos Mahlamba Ndlopfu.¹¹

6 Skriftelike mededeling: R.C. Fisher, Unionlaan 48, Kloofsig, 0157, 1997-07-17.

7 Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

8 A. Kuijers, *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur...*, p. 105.

9 E.A. Mare, Importance of architects' views to architectural history, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis* 1(4), 1987, p. 78.

10 A. Kuijers, *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur...*, pp. 106, 133.

11 R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Mahlamba Ndlopfu verteenwoordig 'n poging om argitektuur met 'n eie Afrika-identiteit te skep. Die resultaat is eerlik, maar selfbewus. Die ligging op die Hoëveld maak die Kaaps-Hollandse invloede dalk nie gepas nie, maar daar is ook duidelike invloede van die Transvaalse moderne styl. Die beskaafdheid en verligte intellek van die argitek Gerard Moerdyk word deur Mahlamba Ndlopfu weerspieël.¹²

C Harrop-Allin het die voorgewel van die woning gekritiseer as "overloaded with elaboration" en aangevoer dat die sytleuels die proporsies heeltemal vernietig. Volgens hom was die hele ontwerp 'n plattelandse ontwerp wat nie in die hele opset gepas het nie.¹³

Vandag word Moerdyk beskou as 'n belangrike oorgangsfiguur in die argitektuur. Hy word geposisioneer tussen die neo-klassieke styl van Herbert Baker en die Internasionalisme van Rex Martienssen.¹⁴

B VOLDOEN DIE WONING AAN MOERDYK SE EIE VEREISTES?

In *Die Volkstem* van 9 Mei 1933 het Moerdyk riglyne vir 'n woonhuis uiteengesit. Volgens hom moes die ampswoning se ligging met die ingang na die straat en die woonvertrekke na die tuin wees. In Pretoria moes die woonvertrekke noord front om die winterson te kry en die somerhitte te vermy. Hy het dit belangrik geag dat alle vertrekke op spesifieke tye van die dag son moes kry, maar nie te veel aan hitte blootgestel moes wees nie. Om met die temperature te help, het hy luike voor die vensters aanbeveel. Die ideale woning moes volgens Moerdyk twee verdiepings beslaan. Die werkvertrekke, soos die kombuis en spens, moes op die grondvlak wees en die slaapvertrekke op die boonste verdieping. Die woning moes ekonomies beplan wees sodat dit binne die beplande begroting kon bly.¹⁵

¹² R. Simpson, *Libertas*, n.p.

¹³ A. Kuijers, 'n *Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur*..., p. 141.

¹⁴ I. Vermeulen, *Man en monument*, p.110.

¹⁵ A. Cooper, *Gerard Moerdyk – sy lewe en werk*, p. 85.

Ander riglyne vir die bou van geboue was dat dit bodem-eg met 'n nasionale styl moes wees. Waar dit moontlik was, moes met die oprigting van die woning van inheemse materiale gebruik gemaak word. Die omgewing en klimaatstoestand moes by die ontwerp van die woning in ag geneem word. Die ontwerp moes altyd aan die doel van die gebou voldoen en die argitek moes by alle onderafdelings van die gebou, soos beligting, akoestiek en versiering betrokke wees. Vir dié doeleindes moes die argitek nie net van bouwerk nie, maar van alle ander kunsvorme kennis dra.¹⁶

Die ontwerp is wel verander van die wen-ontwerp na die ampswoning soos dit vandag daar uitsien, maar Moerdyk was steeds by die beplanning betrokke en daarom kan die ontwerp wel as sy werk beoordeel word. Gemeet aan Moerdyk se eie standarde, het Mahlamba Ndlopfu aan party daarvan voldoen, maar nie aan ander nie.

Die eerste vereiste waaraan die woning nie voldoen het nie, was dat die koste daaraan verbonde binne die begroting moes bly. Die begrote bedrag wat vir die oprigting beskikbaar was, was £25000, maar die bedrag het uiteindelik by voltooiing £68 000 beloop.¹⁷

Moerdyk het die korrekte fronte van die woning aanbeveel om die temperatuur binne te reguleer, maar die toebou van die stoepe in die Vorster-tydperk het veroorsaak dat die eetkamer, Pierneefkamer en kjaatkamer ongemaklik warm word. Dit kan waarskynlik nie as 'n ontwerpfout van Moerdyk geklassifiseer word nie, aangesien die veranderinge later aangebring is.

Of die styl van die woning as bodem-eg en nasionaal beskryf kan word, hang af van die beskrywing van *nasionaal* wat aanvaar word. Moerdyk het duidelik dit as die gepaste nasionale styl beskou. Dieselfde geld vir die funksionaliteit van die woning. Volgens party van die eertydse inwoners en personeel is dit baie funksioneel as gesins- en ampswoning, maar volgens ander is dit nie baie suksesvol nie.

Aan die vereistes van die gebruik van plaaslike materiale, soos die Marble Hall-marmer in die voorportaal, asook die wenslikheid van twee verdiepings, het die woning duidelik voldoen. Dat

¹⁶ A. Cooper, *Gerard Moerdyk – sy lewe en werk*, pp. 85-86.

¹⁷ R. Simpson, *Libertas*, n.p.

Moerdyk nougesette aandag aan alle aspekte soos deure, boligte en vloere gegee het, is nie te betwyfel nie en dat hy kennis van ander kunsvorme gehad het, is duidelik uit sy vriendskap met Van Wouw en andere. Van Wouw het selfs 'n aandeel in die ontwerp van die boligte van die deure gehad.¹⁸ Moerdyk het derhalwe waarskynlik Mahlamba Ndlopfu as suksesvol en gepas beskou.

C VOLDOEN DIE WONING AAN DIE VEREISTES VIR 'N AMPSWONING?

Mahlamba Ndlopfu is doelspesifiek as die ampswoning van die Eerste Minister ontwerp en daar kan aangeneem word dat die argitek en die regering van die dag dit as 'n gepaste ontwerp beskou het. Daar moet bepaal word hoe die verblyfplek aan die vereistes vir 'n ampswoning, soos in hoofstuk I uiteengesit, voldoen in vergelyking met bekende ampswonings soos die Palais de l'Elysée en die Wit Huis. Vir die doeleindes sal die woning beoordeel word soos hy na die veranderings in 2000 lyk.

Soos die meeste ander ampswonings is Mahlamba Ndlopfu in privaat- en openbare gedeeltes verdeel. Die eerste verdieping bestaan uit 'n presidensiële suite met twee badkamers, twee aantrekkamers en 'n kleinerige sitkamertjie. Op die westelike vleuel is in 2000 'n informele vertrek aangebou wat ingerig is om deur die huisgesin as kombuis en sitkamer gebruik te word. Vorige inwoners het die gebrek aan so 'n vertrek as 'n leemte van die woning ervaar en daar is etlike oplossings vir die probleem op die proef gestel, maar geen doelmatige oplossing kon voor 2000 gevind word nie.

Daar is drie gasteslaapkamers en twee badkamers op die eerste verdieping, maar dit word nie verwag dat baie amptelike gaste by die huidige Presidentspaar sal oornag nie, aangesien die staatsgastehuis daarvoor beskikbaar is.

Mahlamba Ndlopfu het drie groot ontvangsvertreke wat uit die ruim voorportaal vloe. Die kiamer is ruim genoeg om 'n groot aantal gaste te ontvang en na die veranderinge in die tyd van die Vorsters kan die eetkamer sowat 70 mense aan tafel huisves.

¹⁸ Mondelinge mededeling: A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

Die Pierneefkamer is saam met die eetkamer vergroot toe die stoepe toegebou is en is 'n heerlike, sonnige vertrek. Die môrekamer het deur die jare onder meer as musiekkamer, sitkamer vir die gesin en kantoor vir die vrou van die woning diens gedoen. Tans word dit gebruik as wagkamer vir persone wat die President wil spreek.

Die kombuis is in die tyd van die De Klerks opgegradeer en die ander geriewe is in 2000 verbeter sodat die woning gladweg as tuiste en amptelike onthaalplek vir die President van Suid-Afrika kan funksioneer. F Ferreira, voormalige kontroleur van die huishouding, het gevoel dat die opgegradeerde kombuis tydens die De Klerk-era die ideale kombuis was om in te werk en dat die woning goed beplan was om die werkers se taak te vergemaklik. Die vloei van die woning was baie goed uitgewerk tussen die eetkamer, kjaatkamer en die Pierneefkamer. Vir die huishoudingpersoneel wat 'n aanvoeling vir onthaal gehad het, was Mahlamba Ndlopfu 'n grasiëuse plek waar kreatiewe onthale gehou kon word. Die drie stappe het dit vir die huishoudingpersoneel moontlik gemaak om deur die woning te beweeg terwyl hulle werk, sonder dat die Premiersgesin of gaste van hulle bewus was. Volgens Ferreira het die pilare in die eetkamer nie tydens geleenthede probleme verskaf nie. Hy voel dat die eetkamerstoele uitsonderlik goed ontwerp is, want gaste kon baie lank sit sonder dat hulle moeg word. Die trap in die voorportaal en die silwerware het groot lof van die huishoudingpersoneel ontvang omdat dit soveel tot die atmosfeer van die woning bygedra het. Die personeel het glad nie gehou van die tentgeleentheid wat in Mahlamba Ndlopfu se tuine gehou is nie, want dit was ver van die geriewe in die kombuis en het hulle taak bemoeilik. Die Pierneefkamer en mev De Klerk se kantoor was in die oggende heerlik knus omdat dit sonnig was, maar dit kon in die somer later gedurende die dag 'n bietjie bedompig raak.¹⁹

¹⁹ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

Aan onthaalgeriewe vir groot amptelike funksies het die woning nie 'n tekort nie. Een van die leemtes van die woning was juis dat daar nie 'n geskikte plek vir kleiner, minder formele onthale was nie. Die probleem is in 2000 opgelos deurdat 'n nuwe kleiner eetkamer geskep is in die vertrek wat in die De Klerk-era die kantoor van die huishoudingpersoneel was. In die kleiner eetkamer kan tot agt gaste aan tafel ontvang word.

Die grondvlak met die kantore en die vier nuwe kantore op die eerste verdieping verskaf voldoende kantoormuimte aan die President en sy vrou. Tydens die verbeteringe en opknapping in 2000 is die hele telekommunikasie- en rekenaarstelsel verbeter sodat daar nou aan al die administratiewe vereistes vir moderne kantore voldoen word.

Een vertrek wat Mahlamba Ndlopfu nie met verskeie ander ampswonings in gemeen het nie, is 'n kabinetskamer. Die Wit Huis, 10 Downing Street, Hôtel Matignon en Palais de l'Elysée beskik oor kabinetskamers waarin gereeld deur die regerings van daardie lande vergader word. Die akkommodasieskedule van Mahlamba Ndlopfu vir die kompetisie het nie 'n kabinetskamer vereis nie, net 'n kantoor vir die Eerste Minister, sy sekretaris en 'n wagkamer. Die Departement van Openbare Werke het nie in gedagte gehad dat die woning die amptelike kantoor van die Eerste Minister moes wees nie. Die kantoor was klaarblyklik bedoel vir na-uurse werk en die Eerste Minister se amptelike kantoor en die kabinetskamer was in die Uniegebou. Hieruit kan afgelei word dat Mahlamba Ndlopfu meer as 'n tuiste vir die Eerste Minister as 'n werkplek bedoel was.

Gerard Moerdyk het reeds met die bekendstelling van sy wenontwerp die gebruik van die woning as 'n versamelplek van volksskatte en kuns beskou. Hy het die galery spesifiek uitgesonder as die plek geskik vir die uitstal en bewaarplek van kuns, toekennings en volksskatte. Dié beskouing van hom is duidelik in sy gebruik van inheemse plante as uitbeeldings op die boligte, die gekopieerde rotstekeninge op die teëls om die vuurherd in die kjaatkamer en die simboliese ontwerp van die woning.

Ongelukkig is nie veel verder gevorder op daardie pad nie. Kunswerke soos talle Van Wouws, die werke van Juanita Grant en Pierneef is aangeskaf, maar die kunsversameling in die woning was nooit van hoogstaande gehalte nie. Dit het nie die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap verteenwoordig nie en die werke wat wel in die woning was, was nie van die beste voorbeelde van die werke van die kunstenaars nie. Na 1994 het die hele gedagte van 'n versamelplek van

volkskatte vervaag en vandag kan die kunswerke in Mahlamba Ndlopfu meestal net as versiering gesien word.²⁰

Daar is 'n duidelike gebrek aan items in die woning wat vorige inwoners in herinnering roep. In die Wit Huis is daar vertrekke soos die Lincoln-slaapkamer wat gemeubileer is met meubels uit die tyd van Abraham Lincoln (1809 – 1865), en in 10 Downing Street is borsbeelde en portretstudies van voormalige Britse Eerste Ministers.

Die tuine van Mahlamba Ndlopfu is in verskillende tye as minder of meer belangrik beskou. JG Strijdom en mev Verwoerd het gepoog om die tuine te verinheems deur proteas en ander inheemse flora aan te plant en uitheemse plante te verwyder. Hoewel die tuine as erfenisgebied beskerm word, is dit tans nie in 'n baie goeie toestand nie.

Die veiligheid van die inwoners is 'n aspek van die woning wat met verloop van tyd ontwikkel het. Net die feit dat die huis in die woonbuurt Bryntirion is, maak toegang na die woning reeds moeiliker. Sekuriteit is geleidelik opgeknop van die tyd dat mens die tuine van Mahlamba Ndlopfu vrylik as deurgang kon gebruik tot tans, waar 'n heining om die erf aangebring is en hoogs gesofistikeerde sekuriteitsapparaat in die woning geïnstalleer is wat voortdurend deur die polisie gemonitor word.

Een vereiste van 'n ampswoning waaraan Mahlamba Ndlopfu voldoen, is dat dit naby aan die administratiewe kantore van die regering moet wees. Die nabyheid aan die Uniegebou het moontlik bygedra dat die nodigheid vir meer kantore en 'n kabinetskamer nie tydens die kompetisie ingesien is nie.

'n Verdere vereiste vir 'n ampswoning is dat dit die karakter van die land moet simboliseer, soos 10 Downing Street of die Wit Huis. Moerdyk het daarin geslaag om die woning soos die Kaaps-Hollandse huise te laat voorkom, maar oor die vraag of dit verteenwoordigend van die hele Suid-Afrikaanse bevolking is, kan gedebatteer word. Die ampswoning was dalk 'n nasionale simbool

²⁰ Mondelinge mededeling: A.E. Duffey, Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 2001-01-09.

vir die mense in politieke beheer in die tyd toe dit opgerig is, maar of dit in die toekoms as nasionaal beskou sal word, moet nog gesien word.

As veranderinge aan ampswonings om dit meer aanvaarbaar vir elke generasie te maak, soos George Washington dit in die vooruitsig gestel het, 'n kenmerk van ampswonings is, slaag Mahlamba Ndlopfu die toets. Daar is reeds tydens die oprigting van die verblyfplek aan die plan verander deurdat die twee vleuels weggelaat is. Die toebou van die stoepe, kleiner veranderinge aan slaap- en badkamers en die veranderinge in 2000 het 'n ampswoning geskep wat Moerdyk moeilik sou herken het.

Dit is op simboliese vlak dat Mahlamba Ndlopfu nie met ander bekende ampswonings vergelyk kan word nie. In lande soos die Verenigde State van Amerika en Frankryk is die naam van die ampswoning sinoniem met die amp van President of Eerste Minister. In Suid-Afrika is die naam Libertas asook Mahlamba Ndlopfu byna onbekend aan die burgers van die land. Tydens president Mandela se bewindstydperk was die meeste mense bekend daarmee dat hy in Johannesburg gebly het, maar hulle het nie geweet dat dit nie sy amptelike woning was nie. Die woning was en is nie herkenbaar as deel van die Eerste Minister of die President se identiteit nie.

Die feit dat die Eerste Minister of President nie sy amptelike kantoor in die ampswoning het nie, dra daartoe by dat dit nie as deel van sy amp ervaar word nie. Die Uniegebou is deel van die President se identiteit in Pretoria.

Ampswonings soos die Palais de l'Elysée en 10 Downing Street word gesien as simbole van kontinuïteit en stabiliteit wat nie party-polities gebonde is nie. Die ampswoning verteenwoordig meer as net een politieke party of bedeling. Dit simboliseer die hoogste amp en die land. In Suid-Afrika was Libertas lank die simbool van die Afrikaner en die Nasionale Party. Die twis wat ontstaan het om die naamsverandering van Libertas na Mahlamba Ndlopfu het getoon dat daar moeilik van dié simbool afstand gedoen is. Soos baie ander geboue, strate en plekke waarvan die name na 1994 verander is, het Libertas, tans Mahlamba Ndlopfu, 'n simbool van verandering vir sommige mense en 'n verlies vir ander beteken. Dit dien wel as simbool van kontinuïteit soos die Wit Huis, maar versinnebeeld nog nie die eenheid van die burgers van die land nie. Daar moet nog baie water in die see loop voordat dit bereik sal word, maar 'n goeie begin is gemaak toe dit in 1994 nie deur 'n ander ampswoning vervang is nie.

D VOLDOEN MAHLAMBA NDLOPFU AAN DIE VEREISTES VIR 'N GESINSWONING?

“Jou huis plaas jou in die wêreld”, aldus die Afrikaner-filosoof Marthinus Versfeld. Net soos jou siel jou liggaam huisves, moet jou liggaam in 'n huis geplaas word. "Waar hy staan, bepaal jou uitsig, en soos hy daar binne uitsien, bepaal hoe jy die wêreld daar buite gaan insien."²¹ 'n Ampswoning stel egter besondere eise. Dit moet waardigheid uitstraal. Dit is 'n verhoog vir 'n groot aantal glansryke staatsfunksies en -bankette. Dit moet 'n vertoonstuk na buite wees, van die beste in die land – maar dit moet ook 'n tuiskomplek vir sy inwoners wees.

Oor hoeveel van die Premiers- en Presidentsgesinne wat in Mahlamba Ndlopfu gewoon het, die woning as meer as net akkommodasie vir die liggaam beskou het, kan 'n debat gevoer word. Smuts het waardering vir historiese geboue gehad, die omgewing om Groote Schuur baie geniet, maar hom nooit in Libertas tuis gemaak nie.

Party inwoners soos mev Verwoerd het nou betrokke by die tuin geraak en ander - soos mev De Klerk - by die woning, maar almal het 'n ander plekkie gehad waarheen hulle gereeld ontsnap het. Malan het Môrewag in Stellenbosch verkies en die Verwoerds het gereeld na Bettysbaai en Stokkiesdraai ontvlug. Strijdom het sy woning op Nylstroom gehad, die Vorsters het na Oubosstrand gegaan en die Bothas het hulle woning, Die Anker, in die Wilderness verkies. Die De Klerks het by Hermanus en Lekkerwater gaan uitspan. Mandela het sy eie woning met sy familie in Johannesburg verkies en hom nie gemaklik in Mahlamba Ndlopfu gevoel nie.

Die tydelike aard van die amp van die persoon wat die ampswoning bewoon, maak dat die inwoners nie kan verwag om die woning vir baie jare te bewoon nie. Die woning behoort aan die staat en dit is nie hulle eie woning nie. Dit is gevul met meubels en kunswerke wat deur die staat gekies en aangekoop is en dikwels nie in die smaak van die inwoners val nie. Bestudeer mens foto's uit die verlede van Mahlamba Ndlopfu is dit duidelik dat die meeste van die meubels en versierings in die woning oor die jare nie baie verander het nie. Party meubelstukke staan selfs al jare op dieselfde plek! Die inwoners kan nie breek en bou aan die woning om by hulle behoeftes te pas nie. Daar moet altyd deur die betrokke Departement te werk gegaan word om die geringste verandering aan te bring. Veranderinge bring die besteding van fondse mee en kan

²¹A. Marais, “Jou huis plaas jou in die wêreld”, *Beeld Huisgids*, 1998-04-24, p. 20.

ook 'n politieke speelbal word waardeur kritiek van verkwisting teen die regering geslinger word, soos Hertzog, Botha en Mbeki kon getuig.

Vir die grootste gedeelte van die ampswoning se geskiedenis is dit deur Afrikanerleiers bewoon. Die binneversiering en kunswerke het dit uitgebeeld, soos die Van Wouws en die afbeeldings van die verskeie historiese figure. Met die regeringsoorname deur die ANC in 1994 het die woning 'n nuwe bedeling binnegegaan. 'n Naamsverandering het met die verwydering van sommige Afrikanerkunswerke gepaard gegaan.

Al die vorige inwoners van die woning het gevoel dat dit gerieflik was om in te leef, maar die veranderinge soos om 'n privaateetkamer en gesinskamer vir die Premiers- of presidensiële gesinne, soos die Bothas, De Klerks en Mbeki's in te rig, dui daarop dat die oorspronklike ontwerp in dié opsig tekort geskiet het. Daar was groot en imposante onthaalvertrekke, maar dit is darem te veel gevra van 'n gesin, dikwels net twee mense, om in die groot eetkamer te eet of in die Pierneefkamer te ontspan en televisie te kyk.

Geen kommentaar kon opgespoor word of toegang vir gestremdes 'n oorweging by die ontwerp van die huis was nie. Daar is voor die voordeur 'n stel trappe na die woning se ingang met geen voorsiening vir rolstoele nie. Om van die voorportaal na die res van die woning te beweeg, moet nog 'n trap oorkom word. Die res van die onderste vlak bied geen verdere hindernisse nie. Al die slaapkamers is op die tweede verdieping en die badkamers is nie ingerig vir gestremdes, nie wat dit vir gestremdes wat daar oornag moeilik kon maak. Malan en Mandela wat beide as gevolg van hulle hoë ouderdomme moeilik beweeg het was seker dankbaar vir die hysbak wat op Hertzog se aandrang geïnstalleer is. Tog is die hysbak te klein om 'n rolstoel te akkommodeer en daar is eers in 1999-2000 voldoende voorsiening vir toegang vir gestremdes gemaak .

Volgens Sylva Moerdyk, Moerdyk se vrou, wou Moerdyk 'n ampswoning ontwerp wat aan die vereistes van sowel 'n deftige woning vir die regeringshoof as 'n tuiste vir die gesin voldoen het. Sy voel dat hy sy ideaal bereik het, want verskeie eggenotes van Eerste Ministers het teenoor haar getuig dat "mens lekker woon." Dit was volgens haar die grootste kompliment wat 'n argitek oor sy werk kan kry.²² Daarteenoor meen Hans Botha, argitek van Interplan Argitekte, wat by die Departement van Openbare Werke en Mahlamba Ndlopfu betrokke was, dat die

22

NFVK: Moerdykversameling: 154/76: Biografiese besonderhede.

woning nie gesinsvriendelik is nie. Overvaal, nou Oliver Thambo-huis, is volgens hom 'n beter gesinswoning. Mahlamba Ndlopfu is hard en onpersoonlik, nie 'n aangename leefwoning nie.²³

As personeellid wat baie jare in Mahlamba Ndlopfu gewoon het, het Annatjie Boshoff - sekretaresse vir beide die Verwoerds en die Vorsters - vir 'n tydperk van twintig jaar Mahlamba Ndlopfu ervaar as 'n baie leefbare, gerieflike woning, nie net vir onthale nie, maar ook vir gewone mense om heerlik daar te leef. Die ampswoning met sy ideale ligging op die koppie en sy besondere uitsig oor die stad, die pragtige tuine met die interessante paadjies en plantegroei was vir haar 'n heerlike huis om in te woon, terwyl dit aan die Verwoerds en Vorsters 'n ware tuiste verskaf het.²⁴ Volgens haar het Mahlamba Ndlopfu aan beide gesinne met hulle verskillende geaardhede en behoeftes 'n baie gerieflike en vriendelike heenkome gebied. Vir die Verwoerds was die ampswoning soos wat hulle hom gevind het, geskik genoeg om in te leef en die Vorsters was baie tevrede met die geriewe na die veranderinge. Mevrouw Vorster het dikwels Mahlamba Ndlopfu se sonnige en gerieflike moderne argitektuur geprys in teenstelling met Groote Schuur se donker houtpaneelbekleding.²⁵ Santie Boonzaaier, voormalige binnenshuisversierder vir die Departement van Openbare Werke, het gevoel dat Mahlamba Ndlopfu 'n gesinshuis was waar die kinders kon baljaar en die swembad in die warm Pretoriase somers groot byval gevind het.²⁶

Baie ander probleme verbonde aan Mahlamba Ndlopfu wat met verloop van tyd ontstaan het - soos die klammigheid van die mure en die temperatuurprobleme - maak dat dit nie die gerieflikste woonplek moontlik is nie. Die oplossing van dié probleme en broodnodige veranderinge in 1999 -2000 het daartoe bygedra dat die woning aan die eise van die tyd en die inwoners voldoen.

Dit is duidelik dat elke Premier en President uit die aard van sy karakter en agtergrond van Mahlamba Ndlopfu sou hou of nie. Diegene soos Malan en Botha met 'n Kaapse agtergrond, het hulle nie baie tuis in Mahlamba Ndlopfu gevoel nie, terwyl dié met Transvaalse agtergronde, soos Strijdom en Verwoerd, baie meer tuis daar was. Persoonlike smaak en voorkeure het 'n

23 Mondelinge mededeling: H. Botha, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13

24 Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 1999-08-12.

25 Skriftelike mededeling: A. Boshoff, "Baie Dankie", Posbus 116, Orania, 8752, 1999-08-12.

26 Mondelinge mededeling: S. Boonzaaier, Arcadiastraat 976, Arcadia, 0083, 1998-04-09.

groot rol in die voor- of afkeur aan die woning gespeel. Van die inwoners het baie nou by die woning betrokke geraak soos die Verwoerds en mev Marike de Klerk, maar ander het baie min tyd daar deurgebring soos mev Botha en president Mandela. In sodanige gevalle is die spreekwoord van onbekend maak onbemind, seker van toepassing op die ervaring van die woning deur die bewoners.

Die vrouens van die woning was ook baie meer betrokke by die bestuur van die huishouding en daarom het hulle waarskynlik 'n baie intiemer ervaring van die woning gehad. So het verskillende vrouens dit op hulle geneem om die geskiedenis van die onderskeie wonings te boek te stel, soos mev Vorster met Groote Schuur, mev Botha met Westbrooke en mev De Klerk met Mahlamba Ndlopfu.

Vir party was Mahlamba Ndlopfu waarskynlik maar net nog 'n verblyfplek op 'n lang lys van amptelike wonings, terwyl ander dit as tuiste, simbool van die Afrikanerdom, geskiedkundige gebou of verpligte akkommodasie ervaar het. Vir party was dit 'n tuiskomplek en vir andere 'n verwydering van dit wat as 'n tuiste beskou is.

E VERGELYKING MET ANDER AMPSWONINGS IN SUID-AFRIKA

1. *Groote Schuur*

Groote Schuur en Mahlamba Ndlopfu is gereeld vergelyk. Mahlamba Ndlopfu is as die teenhanger van die Kaapse ampswoning beskou. In 1940 is die ampswoning as groter en imponanter as Groote Schuur beskryf. Dit was groter met die doel om meer gaste te huisves.²⁷

Volgens die skrywer van die artikel "When General Smuts returns to Groote Schuur", was Groote Schuur tydens die bewind van Smuts nog gevul met die gees van Rhodes. Die meubels, porselein, tapisserieë en boeke in die biblioteek was nog alles sy keuses. Al die bediendes behalwe die huishoudster, was nog Rhodes se bediendes. Rhodes se geld het vir alles betaal, behalwe vir die kos en drank van die inwoners. As iets gebreek het, het die Rhodes-trust vir die vervanging daarvan betaal. Rhodes se slaapkamer was nog nooit sedert sy dood gebruik nie. Die

27

NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Evening News*, 1940-05-30.

gevoel wat die Kaapse ampswoning uitgestraal het, was dat die opeenvolgende Eerste Ministers slegs besoekers aan en glad nie inwoners van Rhodes se tuiste was nie.²⁸

Selfs wanneer daar vir Groote Schuur materiaal vir die gordyne en meubels gekies moes word, was die materiaal wat die beste by die woning gepas het, gewoonlik Britse produkte.²⁹ Dit het die gevoel verder versterk dat die woning 'n produk van 'n Britse persoon was.

Klaarblyklik het die Malans Groote Schuur as nie veel meer as bloot 'n amptelike woning beskou nie. Hulle het net af en toe daar gewoon en verkies om soveel as moontlik tyd by hulle eie woning, Môrewag, in Stellenbosch deur te bring. Die Strijdom-kindere, Estelle en Gerhard, het Groote Schuur opwindend en oorweldigend gevind. Soos mev Smuts het hulle gevoel dat hulle in 'n museum tussen kosbare antieke meubels en delikate, onvervangbare stukke gewoon het. Dit was asof daar orals onsigbare kennisgewings gehang het wat jou aangeraai het om aan niks te raak nie.³⁰

Harold Macmillan, toemalige Britse eerste minister en sy eggenote, het tydens hulle besoek aan Suid-Afrika in 1960 in Groote Schuur vertoef en die woning se atmosfeer as "strangely grim" beskryf. Dit kon moontlik ook toegeskryf word aan die posisie waarin hulle met hulle gasheer, Verwoerd, verkeer het.³¹

Die Vorsters het hulle verblyf in Groote Schuur baie geniet, hoewel die eetkamer daar, net soos in Mahlamba Ndlopfu ook nie groot genoeg vir hulle was nie en hulle allerlei planne vir ekstra ruimte moes beraam. Botha het verkies om in Westbrooke te bly en staatspresident Marais Viljoen en sy vrou het in Groote Schuur gebly. Die Viljoens het egter net vir baie kort tydperke in Groote Schuur gewoon.³²

Sarie van Zyl, wat van 1951 tot 1975 die huishoudster van Mahlamba Ndlopfu was, voel dat Mahlamba Ndlopfu 'n goed ingerigte woning is. Dit was vriendelik teenoor kinders al was daar baie trappe. En in die tuin was swaaie vir die jongspan. Volgens haar is daar geen vergelyking

28 NASA, Pretoria. A1: Smutsversameling, persknipsels: *Cape Times*, 1939-11-04.

29 P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 37.

30 P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 32.

31 P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 33.

32 P.B. Simons, *Groote Schuur, great granary to stately home*, p. 34

tussen Mahlamba Ndlopfu en Groote Schuur nie. Mahlamba Ndlopfu is baie modern, terwyl Groote Schuur meer soos 'n museum is.³³

Vir Isobet Oberholzer, administratiewe sekretaresse vir mev De Klerk, was dit asof die gesin gelukkiger in Mahlamba Ndlopfu voorgekom het. Daar was veel meer van hulle persoonlike besittings soos kunswerke en foto's in Mahlamba Ndlopfu as in Groote Schuur. Volgens haar slaan die imposante Groote Schuur jou asem weg en selfs as jy al 'n tydjie daar gewerk het, kon jy steeds maklik verdwaal.³⁴

Francois Ferreira, voormalige kontroleur van die huishouding vir die De Klerks, beskryf Groote Schuur as 'n koue, kil plek wat jou laat voel asof jy 'n indringer is, terwyl Mahlamba Ndlopfu jou met 'n warm omhelsing verwelkom.³⁵ Santie Boonzaaiër, voormalige binnenshuisversierder vir Departement van Openbare Werke, is van mening dat Groote Schuur jou maklik kan oordonder met sy geskiedenis en luukse voorkoms. Volgens haar is daar geen huis in die suidelike halfgrond om met Groote Schuur te vergelyk nie. Die wonderlike woning met sy ongelooflike leef- en eetkamer het haar in vervoering gehad.³⁶ Vir 'n binnenshuise versierder is daar nie veel werk by Groote Schuur nie en 'n mens moet maar “ 'n lae profiel” handhaaf.³⁷ Mahlamba Ndlopfu sou aan die inwoners die geleentheid bied om hulle eie stempel, goed of sleg, op die ampswoning af te druk.

2. *Presidensie, tans die presidensiële gastehuis*

Die ampswoning wat Moerdyk ontwerp het, word as gevolg van sy ligging naby die Presidensie gereeld met die Baker-ontwerp vergelyk. Die terrein van Mahlamba Ndlopfu naby dié van die Engelse Baker kon tot die ontwerpskeuse van Moerdyk bygedra het. Die verskille tussen die twee wonings is nogtans opmerklik. Die Presidensie se styl dakke, groot aantal skoorstene en verskeie gewels vorm 'n skerp teenstelling met Mahlamba Ndlopfu se sterk horisontale lyne, geen skoorstene nie en 'n gelyke en aaneenlopende fasade.³⁸

³³ Skriftelike mededeling: S. van Zyl, Posbus 138, Clocolan, 9735, 1998-08-11.

³⁴ Mondelinge mededeling: I. Oberholzer, 827 Trumperstraat, Waverley, Pretoria, 0186, 2000-06-14.

³⁵ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

³⁶ Mondelinge mededeling: S. Boonzaaiër, Arcadiastraat 976, Arcadia, 0083, 1998-04-09.

³⁷ L. van Zyl, Hulle is kunstenaars in eie reg, *Publico*, 15:3, Junie 1995, p. 26.

³⁸ M. Naudé, Libertashuis en tuine, *Arcadian*, Oktober 1992, p. 7.

Daar moet onthou word dat toe Botha en Mandela die vrye keuse gehad het om hulle amptelike wonings te kies, hulle die Moerdyk-woning bo die Baker-woning verkies het.³⁹ Een van die redes hiervoor is waarskynlik die grootte van die woning. Toe daar tydens die De Klerks se tyd aan Mahlamba Ndlopfu gewerk is, het die Presidentsgesin in die presidensiële gastehuis oftewel die Presidensie, gewoon. Die huishoudingpersoneel het die grootte van die Presidensie deeglik besef, want van die kombuis tot by die hoofslaapkamer is dit byna 'n kilometer om te stap. 'n Koppie koffie sou redelik lous by die eindpunt opdaag. Die Presidensie het soos 'n kasteel voorgekom wat gebou is om mense te beïndruk eerder as om 'n warm gesinswoning te wees.⁴⁰

3. *Westbrooke, tans Genadendal*

Westbrooke, tans Genadendal, kan beskryf word as 'n weelderige 19de-eeuse woning wat heelwat argitektoniese wysigings ondergaan het. Die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika het in Westbrooke gewoon totdat Suid-Afrika in 1961 'n republiek geword het en dit die Staatspresident se amptelike Kaapse woning geword het. In 1978 het dit die woning van Botha en sy gesin geword wat dit as ampswoning bo Groote Schuur verkies het en die gesin het baie meer tyd daar deurgebring as in Libertas. Volgens mev Botha het Westbrooke met sy pragtige tuin en historiese agtergrond 'n bekoring en luister uitgestraal wat deur haar, haar eggenoot en gesin verstaan en waardeer is.⁴¹ Sy was by die uitgee van 'n brosjure oor Westbrooke betrokke.

Vir John Reinders, kontroleur van die huishouding in die Bothas se tyd, was die weer by Westbrooke soos net Kapenaars daaraan gewoond kon raak. Die wind was baie rukkerig, dit sou daar reën al reën dit glad nie elders nie en in die winter was dit net van agtuur die oggend tot vyfuur die middag lig. Tog het hy die woning as werkplek bo Mahlamba Ndlopfu verkies.⁴²

³⁹ Skriftelike mededeling: R.C. Fisher, Unionlaan 48, Kloofsig, 0157, 0157, 1997-07-17.

⁴⁰ Mondelinge mededeling: F. Ferreira, voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

⁴¹ Anon. 'n Statige woning, *Suid Afrikaanse Panorama*, Desember 1983, pp. 2, 46-47.

⁴² Mondelinge mededeling: J. Reinders, voormalige Kontroleur van die Eerste Minister en later die President se Huishouding, 1980-1989, tans Hoof van Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Uniegebou, Pretoria, 0001, 1999-11-24.

Volgens die huidige kontroleur van die huishouding van Genadendal, mnr. E White, is Genadendal 'n beter operasionele woning as Mahlamba Ndlopfu in die sin dat dit meer oop ruimtes as Mahlamba Ndlopfu het waarin baie meer mense ontvang kan word. Die gevoel van ruimte in Genadendal word ook versterk deur die hoë plafonne. Die eetkamer kan een lang tafel huisves sodat dit eleganter as die tafelplassings in Mahlamba Ndlopfu se beperkte ruimte lyk. Daar is ook nie sulke leë mure soos in die geval van Mahlamba Ndlopfu se eetkamer nie. Volgens White is die daaglikse lewe in Genadendal makliker as in Mahlamba Ndlopfu, aangesien Genadendal meer slaapkamers, badkamers en allerlei moderne geriewe het en die antieke meubels nie daaglikse gebruik hoef te word nie.⁴³

F WAT IS DIE HISTORIESE BETEKENIS VAN MAHLAMBA NDLOPFU?

"The old houses of South Africa are a common heritage of which all South Africans are proud and are precious links binding all together in noble traditions and great memories of our past," aldus JC Smuts.⁴⁴ Smuts het nie na Mahlamba Ndlopfu verwys nie, maar die sentiment is ook van toepassing op dié woning wat in 2000 sestig jaar oud was. Van die grootste figure in die Suid-Afrikaanse politiek sedert 1935 was by dié ampswoning betrokke. Die amptelike verblyfplek is gebou gedurende die bewindstyd van generaal JBM Hertzog en na hom het gevolg generaal JC Smuts, dr DF Malan, adv JG Strijdom, dr HF Verwoerd, adv BJ Vorster, mnr. PW Botha, mnr. FW de Klerk en mnr. NR Mandela. Die Renaissance wat die ampswoning in 1999-2000 onder president Thabo Mbeki ondergaan het, plaas dit in die hoofstroom van eietydse gebeure in die land.

Die ampswoning was en is dus 'n deel van die politieke, en belangriker, persoonlike lewens van party van die belangrikste figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit is hier waar hulle daaglik oor die toekoms van die land besin en beplan. Groot politieke momente en intieme persoonlike gebeure het hier plaasgevind en vind steeds hier plaas.

⁴³ Mondelinge mededeling: E. White, Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08.

⁴⁴ P.B. Blanckenberg, *The thoughts of General Smuts*, p. 18.

Dit sou raadsaam wees om met die inhoud van die woning – kunswerke, meubels en toebehore - te werk te gaan soos wat in die Amerikaanse Wit Huis die geval is. In 1961 het die Amerikaanse kongres ‘n wet aanvaar wat alle eiendom van die Wit Huis onvervreemdbaar deel van ‘n permanente Wit Huis-versameling maak. Daar is ook bepaal dat dele van die Wit Huis ‘n museumkarakter het wat behou en uitgebrei moes word.⁴⁵ So ‘n wet sal verhoed dat kunswerke of meubels uit Mahlamba Ndlopfu verwyder word as gevolg van veranderende modes, voorkeure van inwoners of as gevolg van ‘n veranderende politieke opset.

Daar moet gepoog word om vorige bewoners se nagedagtenis in herinnering te roep deur voorwerpe uit te stal wat aan hulle gekoppel kan word. Tans is daar niks in die woning wat die besoeker spesifiek aan die vorige bewoners herinner nie. Voorwerpe wat as herinneringstekens dien, moet nie polities-gelaaide voorwerpe wees nie. In dié opsig kan die Amerikaanse Wit Huis as ‘n goeie voorbeeld dien met sy kunswerke en meubels wat die geskiedenis van die land en die voormalige Presidente uitbeeld. Mahlamba Ndlopfu is nie net ‘n woning vir die presidensiële gesin nie. Dit behoort ‘n weerspieëling van die kultuur en geskiedenis van die land en al sy mense te wees. Deur die woning vir besoekers oop te stel, soos die Wit Huis en die Hôtel Matignon, sal dit by die bevolking bekend raak as ‘n simbool van die eenheid in verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse samelewing.

45

W. Seale, *The President's house, a history*, II, p. 1054.

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

1 ONGEPUBLISEER

Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria

Aanwinste

NASA A1 Smutsversameling - koerantknipsels soos saamgestel deur mev IM Smuts.
NASA A286 Libertas, (Libertas, Pretoria: besonderhede i.v.m meubels) sa
NASA A131 Strijdomversameling 1910-1973
NASA A32 Hertzogversameling

Argief van die Departement van Openbare Werke

PWD 566 2/1310 Libertas, 1935-1947.
PWD 1418 26/4374 Buildings, General. Drawing number register, s.a.
PWD 565 2/1310 Pretoria Bryntirion Estate House for Prime Minister, erection, 1935-1937.
PWD 565 2/1310 Pretoria Bryntirion Estate House for Prime Minister, erection, 1937-1938.
PWD 1184 7/2969 Buildings - General. Competitions for Government buildings. Procedure to be followed, 1933-1948.
PWD 566 2/1310 Pretoria Bryntirion Estate. House for Prime Minister. Erection, 1941-1947.

Argief van die Eerste Minister

PM EM 4/2, 152 Akkommodasie, meubels en uitrusting, wonings van die Eerste Minister A. Groote Schuur B. Libertas, 1917-1937.
PM EM 4/2, 152 Akkommodasie, meubels en uitrusting, wonings van die Eerste Minister A. Groote Schuur B. Libertas, 1937-1945.

Argief van die Minister van Gemeenskapsontwikkeling en van Openbare Werke

MGO 75 M/D/11 Ministerswoningen. Libertas, 1967-1967.
MGO 184 MO2/6 Openbare werke. Eerste-ministerswoning, Pretoria, Libertas, 1971-1973.

Argief van die privaatsekretaris van die Eerste Minister

MEM 1/345 A1/14 Privaatsekretaris: Dr. H.F. Verwoerd. Groote Schuur en Libertas.
Amptelike wonings en telefoon, 1954-1966.

Argief van die Tesourie

TES 3096 F13/63/1 Public Works Department. Stocktaking of stores : Prime Minister's residences (Libertas and Groote Schuur), 1951-1966.

Argief van die Stadsraad van Pretoria, Erasmuskloofbrandweerstasie, Pretoria.

Mahlamba Ndlopfu, erf 1, 26, 27 Bryntirion, Pretoria.

Kelderplan, Seksie A-A, Seksie B-B.

Fondasieplan, Seksie a-a, Oos aansig.

Sleutelplan, noord-aansig van kelder, suid-aansig van kelder.

Seksie- en halfduim-detail van fondasie.

Seksie deur noord-terraswal.

Departement van Openbare Werke Argief (DOW), Pretoria

Lys van planne:

- 20234 Pretoria, (Lisdogan) Presidensie en Libertas, 4 wonings vir lyfwag en motorbestuurder.
- 4758 Pretoria, Prime Minister's residence.
- 5477 Pretoria, proposed new guard room at Libertas.
- 9647 Pretoria, Prime Minister's residence.
- 17048 Libertas, Enlargement of Dining room.
- 11552 Pretoria, Prime Minister's house.
- 15900 Pretoria, Guard room as State President's house and Libertas.

Libertas/ Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, Pretoria

Libertasleër, Versamelde knipsels, korrespondensie en inligting, ongeorden.

Nasionale Film-, Video- en Klankargief (NFVKA), Pretoria

Moerdyk-versameling, biografiese besonderhede 154/766.

Moerdyk-versameling 38(61): Castalia.

Strijdomhuis-museum-argief, Nylstroom

Ongeordende argiefstukke.

Universiteit van Pretoria (UP), Akademiese Inligtingsdiens, Afdeling Besondere Versamelings, Pretoria

Gerard Moerdyk-versameling, ongeorden.

II REGERINGSPUBLIKASIES

Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad (Hansard), derde sitting - sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, saamgevat in dele 24 en 25, Kaapstad, 1935.*

III PERIODIEKE PUBLIKASIES

Architect and builder, 3(11), 1953-11.

Bylae by *Die Burger*, 1986-05-01.

Codicillus, Life in the political arena up to April 27 1994, Regsfakulteit UNISA XXXVI(1) May 1995.

Financial Mail, 110(8) 1988-11-25; 126(7), 1993-01-04.

Lockhead's guide, handbook and directory of Pretoria, Pretoria, 1913.

Pretoria News, 1935-04-25, 1935-04-26, 1948-05-26, 1948-06-01, 1948-06-02, 1948-06-04.

Rand Daily Mail, 1935-04-26, 1935-05-31.

Sarie, 45(14), 1994-01-05.

Sunday Times, 1993-10-24.

Die Taalgenoot, 62(5), Mei 1993.

Die Volkstem, 1935-04-26.

You, 410, 1995-08-24.

IV TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ALLEN, V. Libertas and its treasures. *Pretoria News*, 1971-11-12.

ALLIGHAN, G. The private life of Dr. Verwoerd. *Personality*, 1961-03-23.

ANON. A family affair. *Pace*, 1995-09.

ANON. Almal kan môre by Libertas instap. *Beeld*, 1993-10-22.

ANON. Betekenis vir SA van nuwe Eerste Ministerswoning. *Die Vaderland*, 1935-05-24.

ANON. Council castled. *Financial Mail* 113(1), 1989-07-14.

ANON. Elita lief vir FW, maar onseker oor skeiding. *Rapport*, 1998-02-01.

ANON. Interview. 'People have forgotten how much we've done'. *Newsweek* 126(19), 1995-11-06.

ANON. Kommentaar. Waar is my kamera? *Finansies en Tegniek* 49(12), 1997-03-28.

- ANON. Landscaping for a great occasion. *Parks and grounds, The journal for the entire green industry* 1994/79, 1996-07-08.
- ANON. Leading articles. When the charm runs out. *Financial Mail* 126(7), 1992-11-13.
- ANON. Dr Gerard Moerdyk – in memoriam. *Pretoriana, mondstuk vir die Genootskap Oud-Pretoria*, (29), April 1959.
- ANON. Professional notes and news. *South African Architectural Record* 20, 1935.
- ANON. Rubriek: Gister en vandag, Bryntirion-huise uit Milner-tydperk. *Beeld Huisgids*, 1997-08-22.
- ANON. Report of the Arcadia residents association: Arcadia: the reluctant office park. *Architecture SA* 7, August 1991.
- BARRET, R. Libertas. *South African Garden and Home*, 1978-01-09.
- BEHR, M. All the President's women. *Fair Lady* 29(22) 1995-10-18.
- BEZUIDENHOUT, N. De Klerk het uit Libertas getrek. *Beeld*, 1994-10-24.
- BEZUIDENHOUT, N. Dis oos, wes, tuis bes vir Nelson in sy nuwe huis. *Beeld*, 1994-11-19.
- BOSHOFF, A. Tien jaar saam met die Vorsters aan huis. *Die Huisgenoot*, 36/2837, 1976-09-10.
- BOSHOFF, A. Mev. Vorster, tien vervulde jare as Premiersvrou. *Die Huisgenoot*, 1976-09-17.
- BOSMAN, F.C.L. In memoriam Gerard Leendert Moerdyk 4 Maart 1890 - 29 Maart 1958. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns* nuwe reeks XVIII(2), Oktober 1958.
- BOTES, S.M. Die oprigting van die derde Presidensie in Bloemfontein, 1885-1886. *Navorsing van die Nasionale Museum* 12(7), November 1996.
- BOTHA, A. Mbeki se masker kom af..., *Insig*. Februarie 2000.
- CASSON, H. Pretoria - the mushroom capital. *Architectural Review* (87), Jan-June 1940.
- CREMER, A & D. ESTERHUIZEN. Strijdomhuis, 'n monument vir die Leeu van die Noorde, *Rooi Rose*, 35(26), 1979-07-18, p. 100.
- CLUVER, G. Pragtige oudhede versier Libertas. *Die Huisgenoot* 42(2464), 1969-06-20.
- DUVENAGE, I. Sendingstasie kry nuwe aansien - dal van genade. *Sarie* 46(21), 1995-04-12.
- EATON, N. The Prime Minister's residence: comment. *South African Architectural Record* 20(5), May 1935.
- EDITORIAL COMMENT. When bullying backfires. *Finance Week* 37(3), 1988-04-21-27.

- EIE KANTOOR. Mahlamb'andlovu byna reg vir president. *Die Burger*, 1994-10-22.
- FROST, T.B. College for teachers. *Neon* 53, 1998.
- GIBSON, E. Mandela laat huis bou in Maputo se rykmansbuurt. *Beeld*, 1999-04-06.
- GIBSON, E. Toe dans hulle, en 2000 juig. *Beeld*, 1998-07-20.
- GREEN, P & P. WILHELM. The presidency: a beacon for the world. *Leadership SA* 13(2), 1994.
- HADLAND, A. Walk of freedom. *Drum*, February 1996.
- HARTLEY, R. Growing with age. *Sunday Times*, 1998-07-19.
- JAFFER, Z. Mbeki: competent, clever but too cold. *Pretoria News*, 2000-06-08.
- JOHNSON, W. The mystery woman in Madiba's life. *Drum*, 1996-01-22.
- JONKER, H.J. Die woning van ons eerste burger. *Die Brandwag*, 1944-09-29.
- KEETON, C & S. MATTHEWSON & POLITICAL STAFF REPORT. Libertas to get new name. *Pretoria News*, 1994-09-09.
- KORRESPONDENT. FW Elita mis ontbyt na huweliksnaag, sy straal voor vertrek. *Beeld*, 1998-11-09.
- KORRESPONDENT. President nie te besig om met leerlinge te gesels. *Beeld*, 1998-04-03.
- KOTZÉ, A. Mandela moet trou, FW moet ander man se vrou los, sê ACDP. *Beeld*, 1998-02-12.
- KROMBERG, M (red). Mr. Nelson Mandela - profile of a President. *RSA Oorsig/Review* 7(3). 1994.
- KRUGER, N. Kunsweke vir Libertas. *Die Brandwag*, 1957-02-01.
- LAMB, C. My miracle housekeeper - President Mandela. *Drum* (193), May 1995.
- LAMB, C. The woman who stole Mandela's heart. *Fair Lady*, 1997-12-24.
- LANDMAN, C. Die susters van die broederkerk - 'n verhaal van vrouens in die Morawiese Kerk in Suid-Afrika. *Kerk en Skrif* 16(1), 1995.
- LESSING, C. Mandela "in die gees" met Bafana Bafana. *Beeld*, 1998-05-19.
- LEY, M. Mandela huis "nog dieselfde". *Beeld*, 1995-07-29.
- LEY, M. & F. LÖTTER. "Skaduwees is agter, nou ry hulle vorentoe". *Beeld*, 1995-07-29.
- LIEBENBERG, K & SAPA-AP. Mandela denies FW book claim. *The Citizen*, 1999-01-18.

- POLITIEKE REDAKSIE. Mandela se nuwe tuiste is Libertas. *Die Burger*, 1994-06-08.
- POLITIEKE REDAKSIE. Gastehuis was staatshoofde se ampswoning. *Die Burger*, 1990-08-07.
- PRETORIUS, A. Franse oefen al vir eleksie. *Beeld*, 2000-07-07.
- PRETORIUS, A. Smuts se reputasie staan nog sterk by Cambridge. *Beeld*, 1999-03-23.
- PRETORIUS, W. Almal moet leer om Mandela se huisnaam uit te spreek. *Beeld*, 1994-10-17.
- PRETORIUS, W. Elita se Tony vry glo na Kaapse vrou. *Beeld*, 1998-02-16.
- RABE, L. Dit bekommer, ons meneer die President ! *Sarie* 49(2), 1997-07-16.
- RADEMEYER, R. Staatspresident se ampswoning in Pta word gedenkwaardigheid. *Beeld*, 1993-06-02.
- REDAKSIONEEL. Libertas. *Beeld*, 1993-06-07.
- RETIEF, H. My pa, die Premier. *Sarie*, 1990-02-07.
- ROSSOUW, E & J. JORDAAN. Agter die voordeur by FW en Marike. *Rooi Rose* 52(26), 1994-12-18.
- STAFF REPORTER. City 'white house' opens doors. *Pretoria News*, 1994-03-22.
- TEMPELHOFF, E. FW het beloof om boek te bring – Marike. *Beeld*, 1999-01-18.
- VAN HEERDEN, M & N. BEZUIDENHOUT. Libertas en Uniegebou herdoop: nóg kan volg. *Beeld*, 1994-09-12.
- VAN DER LINGEN, B. Die man agter die skerms vertel. *Publico* 14(5), Oktober 1994.
- VAN NIEKERK, A.J. The man who made the monument. *The Outspan*, 1955-04-01.
- VAN DER SCHYFF, P. 'n Dolk beëindig 'n era. *De Kat* 3(9), April 1988.
- VAN RENSBURG, G. FW moet trek, Nelson wil Libertas hê. *Beeld*, 1994-06-08.
- VAN ZYL, L. Hulle is kunstenaars in eie reg. *Publico* 15 (3), Junie 1995.
- VILJOEN, M. 'n Ouma moet op haar tone wees. *Rooi Rose*, 32(15), 1976-02-18.
- WALDNER, M. Introvert Marike en sonnige vrou het heerlijk geklets. *Rapport*, 1998-02-01.
- WALE, L. (Ed) Obituary, Dr. Gerhard Moerdyk. *Architect and builder*, 8(5) May 1958.
- WESSELS, I. Mev. Elize Botha bewaak die tuisfront. *Sarie* (13), 1978-12-03.

V LITERATUUR

- ALLIGHAN, G. *Verwoerd – the end, a look-back from the future*. England, 1961.
- ANDREWS, T & J. PLOEGER. *Straat- en plekname van ou Pretoria*. Pretoria, 1989.
- ANON. *Die President Pretorius-museum*. S.l., s.a.
- ANON. *John Vorster 10 jaar*. Kaapstad, 1976.
- ANON. *Het Kasteel de Goede Hoop*. S.l., s.a.
- ANON. *Westbrooke, the residence of the State President, Cape Town, South Africa*. Pretoria, 1989.
- BARNARD, F. *13 Jaar in die skadu van dr H. F. Verwoerd*. Johannesburg, 1967.
- BASSETT, B. *The buildings of Pietermaritzburg*. Pietermaritzburg, 1986.
- BASSON, J. L. *Die politieke loopbaan van adv. J.G. Strijdom, 1929-1945*. D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1980.
- BERMAN, E. *South African art and artists*. Cape Town, 1970.
- BEUKES, P. *The romantic Smuts, women and love in his life*. Cape Town, 1992.
- BEYERS, C.J(red). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, IV*. Durban, 1981.
- BEYERS, C.J(red). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, V*. Pretoria, 1987.
- BIERMAN, B.E. *Boukuns in Suid-Afrika, 'n Beknopte oorsig van ons boustyle en bouwyse*. Kaapstad & Amsterdam, 1951.
- BLANCKENBERG, P.B. *The thoughts of General Smuts, compiled by his private secretary*. Cape Town & Johannesburg, 1951.
- BOSHOFF, A. *Betsie Verwoerd, die vrou*. Pretoria, 1993.
- BOSHOFF, A. *Sekretaresse vir die Verwoerds. Dankbare herinneringe*. Kaapstad & Pretoria, 1974.
- BOTES, M. *Museum Ou Presidensie*. Bloemfontein, 1985.
- BOTES, N (ed). *Conservation policy: Mahlamba Ndlopfu*. Commissioned and compiled on the behalf of the Department of Public Works, 10 December 1999- 29 February 2000.
- BOTES, S.M. *Van Residensie tot Presidensie: 'n Kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900*. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1993.

- BUTE, E.L. & H.J.P. HARMER. *The black handbook, The people, history and politics of Africa and the African diaspora*. London, 1997.
- BYERS, P.K (ed). *Encyclopedia of World Biography*. Detroit, 1998.
- CAMERON, T. *Jan Smuts, an illustrated biography*. Cape Town, 1994.
- COETSEE, G. *Hans Strijdom, lewensloop en beleid van Suid-Afrika se vyfde Premier*. Kaapstad, 1958.
- COOPER, C.A. *Gerhard Moerdyk - sy werk en lewe. Ongepubliseerde BA-skripsie*, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, s.a.
- CRAFFORD, F.S. *Jan Smuts - a biography*. Cape Town, 1945.
- DE BONSAARI, C. *Cape Dutch houses and farms, their architecture and history together with a note on the rôle of the C.J. Rhodes in their preservation*. Cape Town, 1953.
- DE HAAS, H& I. HAAGSMA. *Architects in competition – international architectural competitions of the last 200 years*. London, 1988.
- DE KLERK, F.W. *Die laaste trek – 'n nuwe begin, die outobiografie*. Kaapstad, 1989.
- DE KLERK, W. *FW de Klerk – die man en sy tyd*. Kaapstad & Rosebank, 1991.
- DE KOCK, W.J. *Die Krugerhuis, Pretoria*. Pretoria, 1955.
- DE KOCK, W.J (red). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, I*. Kaapstad, 1986.
- DE KOCK, W.J. & D.W. Kruger (red). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek, II*. Kaapstad, 1972.
- D'OLIVEIRA, J. *Vorster - the man*. Johannesburg, 1977.
- DE VILLIERS, D & J. DE VILLIERS. *P.W.* Kaapstad, 1984.
- DU TOIT, M. *Die President Pretorius-museum, Potchefstroom*. S.l., s.a.
- The ENCYCLOPEDIA Americana, international edition, XXVIII*. Danbury, 1992.
- ENGELBRECHT, S.P, (red). *Pretoria (1855-1955) geskiedenis van die stad Pretoria uitgegee in die eeufeesjaar 1955 deur die Stadsraad van Pretoria*. Pretoria, 1955.
- FAIRBRIDGE, D. *Historic houses of South Africa*. London, 1922.
- FRANSEN, H. *Drie eeue kuns in Suid-Afrika. Beeldende kuns, boukuns, toegepaste kuns*. Pietermaritzburg, 1981.

FRANSEN, H & M.A. COOK. *The old houses of the Cape, a survey of the existing buildings in the traditional style of architecture of the Dutch settled region of the Cape of Good Hope.* Cape Town, 1965.

FRANSEN, H & M.A. COOK. *The old buildings of the Cape, a survey and description of old buildings in the Western Province.* Cape Town, 1980.

FISHER, R.C. & S. LE ROUX. *Die Afrikaanse woning. Herdrukke uit die Boervrou, 1919-1931.* Hammanskraal, 1989.

FISHER, R.C., S. LE ROUX, & E. MARÉ. (Eds.). *Architecture of the Transvaal.* Pretoria, 1998.

GLANCEY, J. *The story of architecture.* London, 2000.

GRIMBEECK, P. *Recreating the historic house interior: with special reference to the Smuts House Museum.* Unpublished mini thesis, Diploma in Museology, University of Pretoria, 1994.

GROBBELAAR, P.W. *Man van die volk, Gedenkalbum H.F. Verwoerd.* N.p. 1966.

HANCOCK, W.K. *Smuts - the fields of force, 1919-1950.* Cambridge, 1968.

HARROP-ALLIN, C. *Norman Eaton: Architect, A study of the work of the South African architect Norman Eaton 1902-1966.* Johannesburg, 1975.

HARTDEGEN, P. *Our building heritage: an illustrated history.* Halfway House, 1988.

HEARD, A.H. *The Cape of Storms, A personal history of the crisis in South Africa.* Johannesburg, 1990.

HEPPLE, A. *Political leaders of the Twentieth century, Verwoerd.* England, 1967.

HOLBERTON, P. *The world of architecture.* London, 1988.

IMMELMAN, R.F.M (ed.). *The preservation and restoration of historic buildings in South Africa.* Cape Town, 1968.

INGHAM, K. *Jan Christian Smuts, The conscience of a South African.* Johannesburg, 1986.

JENKINS, G. *A century of history, The story of Potchefstroom.* Cape Town, 1971.

JONES, E & C. WOODWARD. *A guide to the architecture of London.* London, 1983.

JOYCE, P. *A concise dictionary of South African biography.* Cape Town, 1999.

JUDIN, H & I. VLADISLAVIC'. *Blank _____(Space) Architecture, apartheid and after.* Pretoria, 1998.

KEEGAN, J (ed). *Who's who in World War II.* New York, 1978.

D.W. KRUGER & C.J. BEYERS (reds.). *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, III. Kaapstad, 1977.

KUIJERS, A. *'n Kunshistoriese besinning oor die stylherlewingstendens in die Suid-Afrikaanse argitektuur met verwysing na die argitektuur van Potchefstroom (ca 1860-1940)*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit van CHO, 1980.

LEAN, P.S. *One man in his time. A pictorial review of the life of Jan Christiaan Smuts, May 24 1870- September 11 1950*. Johannesburg, 1964.

LE ROUX, S. *Plekke en geboue van Pretoria, 'n Oorsig van hulle argitektoniese en stedelike belang 1*. Pretoria, 1990.

MAARTENS, M. *Marike a journey through summer and winter*. Vanderbijlpark, 1998.

MAARTENS, M. *Marike, 'n reis deur somer en winter*. Vanderbijlpark, 1998.

MANDELA, N.R. *Long walk to freedom. The autobiography of Nelson Mandela*. Randburg, 1994.

MACDONALD, T. *Ouma Smuts, the first lady of South Africa*. London, 1955.

MARAIS, J.A. *Die era van Verwoerd*. Pretoria, 1992.

MAREE, B. *Groote Schuur, 'n kosbare erfenis*. Pretoria, 1993.

MBEKI, T. *Africa, the time has come. Selected speeches*. Cape Town, 1998.

MEIRING, P. *Ons eerste ses Premiers, 'n persoonlike terugblik*. Kaapstad & Johannesburg, 1972.

MINCHER, K. *I lived in his shadow. My life with General Smuts*. Cape Town, 1965.

MOERDYK, G.L. *Kuns deur die eeue. Die geskiedenis van die boukuns*. Pretoria, 1935.

MORISON, S.E. & H.S. COMMAGER & W.E. LEUCHTENBURG. *Growth of the American Republic*, II. New York, 1980.

MULLER, C.F.J. (red). *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria, 1968.

NIENABER, P.J. *Skone kunste in Suid-Afrika*. Johannesburg, 1951.

PICTON SEYMOUR, D. *Historical buildings in South Africa*. Cape Town, 1989.

PICTON SEYMOUR, D. *Victorian buildings in South Africa, including Edwardian and Transvaal Republican styles 1850-1910*. Cape Town 1976.

PLOEGER, J. *Overvaal, die geskiedenis van 'n ampswoning*. Pretoria, 1963.

- PLOEGER, J (red). *Bewaring van ons erfenis I – Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels*. Kaapstad, 1966.
- POTGIETER, D.J.(Ed). *Standard Encyclopaedia of Southern Africa III*. Cape Town, 1971.
- POTGIETER, D.J.(Ed). *Standard Encyclopaedia of Southern Africa IV*. Cape Town, 1971.
- POTTINGER, B. *The imperial presidency, PW Botha, the first ten years*. Johannesburg, 1988.
- PRETORIUS, Z. *Marthinus Wessel Pretorius 1819-1901. Eerste Staatspresident van Transvaal*. Pretoria, s.a.
- PRINSLOO, D. *Stem uit die Wilderness, 'n Biografie oor oud-president Botha*. Mosselbaai, 1997.
- QUEEN FREDERIKA OF THE HELLENES. *A measure of understanding*. London, 1971.
- RIES, A. & E. DOMMISSE. *Leierstryd. Die dramas rondom die uittrede van pres. P.W. Botha*. Kaapstad, 1990.
- RHOODIE, E. *PW Botha, the last betrayal*. Melville, 1989.
- ROBINS, E. *This man Malan*. Cape Town, 1953.
- ROODT, L. *The architecture of the Orange Free State Republic 1854-1902. A comparative study of the cultural conflicts and building achievements of a Model Republic*. Ph.D. thesis, University of the Orange Free State, 1987.
- SAMPSON, A. *Mandela, the authorised biography*. London, 1999.
- SAUNDERS, A. *The art and architecture of London*. Oxford, 1984.
- SAUNDERS, C. & N. Southey. *A dictionary of South African history*. Cape Town, 1998.
- SCHOEMAN, K. *Boukunsskatte van die Vrystaat*. Roodepoort, 1985.
- SCHOEMAN, K. *Vrystaatse erfenis. Bouwerk en geboue in die 19de eeu*. Kaapstad, 1971.
- SCHOLTZ, G.D. *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, II*. Johannesburg, 1974.
- SCHOLTZ, J.J.J. *Die moord op dr. Verwoerd*. Kaapstad, 1967.
- SCHOLTZ, J.J.J.(samesteller), *Vegter en hervormer, grepe uit die toesprake van PWBotha*. Kaapstad, 1988.
- SEALE. W. *The President's house, a history, I, II*. Washington D.C., 1986.
- SEALE. W. *Recreating the historic house interior*. Nashville, 1979.

- SEALE, W. *The tasteful interlude – American interiors through the camera's eye, 1860-1917*. Nashville, 1982.
- SIMONS, P.B. *Groote Schuur, great granary to stately home*. Vlaeberg, 1996.
- SIMPSON, R. *King's House*. S.I. 1993.
- SIMPSON, R. *Libertas*. S.l., s.a.
- SMUTS, F. *Stellenbosch drie eeue*. Stellenbosch, 1979.
- SMUTS, J.C. *Jan Christiaan Smuts*. Cape Town, 1952.
- STAUCH VORSTER MOM ARCHITECTS: *Renovations to Mahlamba-Ndlopfu, proposed extent of work 22 August 1998*, P.O. Box 1125, Pretoria, 0001, 22 Augustus 1998.
- SUZMAN, H. *Memoirs: In no uncertain terms*. London, 1993.
- TEMPELHOFF, J.W.N. *Townpeople of the Soutpansberg. A centenary history of Louis Trichardt (1899-1999)*. Louis Trichardt, 1999.
- THATCHER, M. *The Downing Street years*. London, 1993.
- THOM, H.B. *DF Malan*. Kaapstad, 1980.
- VAN DEN HEEVER, C.M. *Generaal JBM Hertzog*. Johannesburg, 1943.
- VAN HEERDEN, M. *Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1960): 'n kultuurhistoriese studie. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling*, Universiteit van Pretoria, 1997.
- VAN HEERDEN, M. *Stokkiesdraai, die Verwoerdversameling in beeld en dokument*. Pretoria, 1984.
- VAN SCHOOR, A.M. (red). *Die Nasionale boek - gewy aan 25 jaar van Nasionale bewind (1948-1973)*. Braamfontein, s.a.
- VERMEULEN, I. *Man en monument, die lewe en werk van Gerard Moerdyk*. Pretoria, 1999.
- VINEY, G. *Colonial houses of South Africa*. Cape Town, 1987.
- WALKER, J. *Bibliography of South African architects (up until approximately 1940)*. Unpublished manuscript 1999.
- WHITE HOUSE HISTORICAL ASSOCIATION. *The White House an historic guide*. Washington DC, 1970.

VI ELEKTRONIESE INLIGTING

www.anc.org.za
<http://babel.altavista.co./translate.dyn>;
www.elysee.fr.
www.explore.up.ac.za
www.number-10.gov.uk
www.pagesjaunes.fr.../pt./sites/htm
www.pm.gov.au
www.premier-ministre.gouv.fr.
www.whitehouse.gov.

VII PERSOONLIKE MEDEDELINGS

1 Mondeling

ANDREWS, mr. T., Emageni Collection, 41 Douglas Street, Colbyn, 0083, 1997-11-08.

BOTHA, mnr., H., Argitek, Interplan Argitekte, Embankmentweg 1262, Verwoerdburgstad, 7441, 1996-12-13.

BESTER, me. M., Departement van Openbare Werke, Tuine-afdeling, Pretoria, 0001, 1998-07-28.

GIACCHETTI, mnr. V., voormalige Italiaanse krygsgevangene, Shongweni 201, Schreuderstraat, Groenkloof, Pretoria, 0181, 1999-04-26.

DAMON, mev. B., Huishoudingbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, Pretoria, 0083, 1996-04-03.

DUFFEY, prof A.E., Departement Beeldende Kunste, Universiteit van Pretoria, 0002, 1998-08-14.

ESTERHUIZEN, me. V., Kurator: Van Tilburg-versameling en Van Gybland-Oosterhof-versameling, Universiteit van Pretoria, Pretoria, 0002, 2001-06-30.

FERREIRA, mnr. F., voormalige Kontroleur van die Huishouding, Libertas, Posbus 678, Seepunt, 8060, 2000-02-06.

HEIN, mrs S., Principal Architect, Department of Public Works, Private Bag X65, Pretoria, 0001, 2000-06-12.

HUMAN, mnr. J., Assistent-huishoudingsbestuurder, Mahlamba Ndlopfu, Bryntirion, Pretoria, 0083, 1998-07-22.

MALAN, mev. A.J., Lynnwoodoord 72, The Hillside, Pretoria, 0001, 1996-10-17.

MEIRING, mnr. H., argitek, Middelstraat, New Muckleneuk, 0181, 1997-07-15.

PIETERSE, mnr. J.C., argitek, Departement van Openbare Werke, Privaatsak X65, Pretoria, 0001, 1996-10-31.

REINDERS, mnr. J., Hoof: Protokol en Seremoniële Dienste, Kantoor van die Presidensie, Privaatsak X83, Uniegebou, Pretoria, 0001, 1999-11-24.

WHITE, mnr. E., Kontroleur van die Huishouding, Genadendal, Groote Schuur-landgoed, Rondebosch, 7700, 2000-06-08.

OBERHOLZER, mev. I., voormalige Administratiewe Sekretaresse (1993 – 1994) vir mev. M de Klerk, Trumperstraat 827, Waverley, Pretoria, 0186, 2000-14-06.

2 Skriftelik

BOONZAAIER, mev. S., voormalige Hoofbinnenshuisversierder, Departement van Openbare Werke, Arcadiastraat 976, Arcadia, Pretoria, 0083, 1998-04-09.

BOSHOFF, mej. A., Posbus 116, Orania, 8752, 1999-05-26.

BOTHA, mev. E., Die Anker, Wilderness, 6560, 1997-02-27.

BROWNLEE, mnr. B., voormalige Hoofargitek, Departement Openbare Werke, Koranabergweg 77, Waterkloofrif, Pretoria, 0181, 1997-07.

DE KLERK, mev. M., Posbus 1692, Groenkloof, 0027, 1997-03-03.

EMKE, me. L., Nasionale Kultuurhistoriese Museum, De Villiershof, Mearsstraat 139, Sunnyside, Pretoria, 0002, 1998-09-28.

ERASMUS, mnr. F., Nasionale Monumenteraad, Johannesburg, 2000, 1999-04-03.

FISHER, prof. R.C., Departement Argitektuur, Landskapsargitektuur en Binnenshuise Ontwerp, Universiteit van Pretoria, Unionlaan 48, Kloofsig, 0157, 1997-07-17.

MARAIS, Ms. L., Librarian, Department of Public Works, Private Bag X65, Pretoria, 0001, 2000-05-16.

MARITZ, mnr. E., BVI Raadgewende Ingenieurs, Posbus 2967, Pretoria, 0001, 2000-05-15.

PIETERSE, mnr. J.C., argitek, Departement van Openbare Werke, Privaatsak X65, Pretoria, 0001, 1996-10-31

SOPHIA, HER MAJESTY, THE QUEEN OF SPAIN., Palacio de la Zarzuela, Madrid, Spain, 1998-07-27.

VALLY, Mr. R., Reedwan Vally Architects, 30 Jewell Heights, Laudium, Pretoria, 0037, 2000-05-13.

VAN ZYL, mej. S., voormalige Huishoudster Libertas, Posbus 138, Clocolan, 9753, 1998-08-11.

VORSTER, mev. M., Serenitas 55, Strand, 7140, 1997-02-26.

VORSTER, mnr. W., Posbus 696, Somerset-Wes, 7129, 1999-06-08.

OPSOMMING

Die praktiese en simboliese funksie van 'n ampswoning word bespreek aan die hand van 'n aantal bekende ampswonings soos die *Wit Huis*, Washington D.C. en *10 Downing Street*, Londen. Voormalige en huidige ampswonings in Suid-Afrika word beskryf.

Die besluit om Libertas (nou Mahlamba Ndlopfu) te laat bou, die kompetisie vir die ontwerp, en die wenontwerp het wyd kommentaar uitgelok. GL Moerdyk, die wenner van die kompetisie, se agtergrond en sy beskouings oor die argitektuur het hom in konflik met die Departement van Openbare Werke gebring.

Tydens die oprigting van die ampswoning het die boukoste die begrote bedrag oorskry en daar moes gevolglik besnoei word om uitgawes te beperk. Die woning lyk derhalwe baie anders as die Moerdyk-wenontwerp.

Die woning is in 1940 deur die Departement van Openbare Werke voltooi en gemeubileer. Eerste minister JC Smuts het verkies om in sy eie huis in Irene te bly en die woning is as staatsgastehuis gebruik. Mevrou IM Smuts het die woning die naam Libertas, die naam van haar geboortehuis by Stellenbosch, gegee.

Die eerste inwoner van die woning was DF Malan en sy gesin. Van die begin af het die woning sekere probleme gehad soos die dak wat lek en dat die huis nie volledig ingerig was nie. Na Malan het opeenvolgende Eerste Ministers in Libertas gewoon en verbeteringe soos 'n silwerkluis en veranderings aan die binneversiering aangebring. Latere veranderinge het groter badkamers, aantrekkamers en verbeteringe aan die kombuis ingesluit.

In B.J. Vorster se tyd is die grootste veranderinge aan Mahlamba Ndlopfu aangebring deurdat die noordelike stoepe toegebou is om die eetkamer en die Pierneefkamer te vergroot. Dit het die noordelike aansig en die binnekant aansienlik verander. Die suidelike aansig is ook verander met die aanbou van die *porte-cochère* in die tagtigerjare van die vorige eeu.

Die ampswoning is in die regeringstydperk van FW de Klerk tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar en in NR Mandela se tyd is die naam daarvan tot Mahlamba Ndlopfu verander. Jarelange verwaarlosing het in 1999-2000 baie werk aan die woning genoodsaak. Die werk het 'n aantal probleme opgelos en meer kantooruimte verskaf. Die gebrek aan 'n klein privaatleefvertrek vir die gesin is met verloop van tyd op verskeie wyses die hoof gebied, maar eers in 1999-2000 is 'n vertrek vir dié doel gebou.

Die invloed van die verskillende Eerste Ministers en hulle gesinne op die ampswoning het baie te doen gehad met hulle belangstelling in Mahlamba Ndlopfu, soos mev Vorster en die Verwoerds maar PW Botha en NR Mandela het die woning slegs gebruik as dit noodsaaklik was.

Volgens voormalige inwoners en personeellede verbonde aan die ampswoning het persoonlike voorkeur beslis of dit suksesvol as amps- en gesinswoning beskou is.

Mahlamba Ndlopfu het egter nie sinoniem met die ampte van Eerste Minister en President, soos die Wit Huis in die VSA, of 'n simbool van die eenheid in die Suid-Afrikaanse samelewing geword nie. Daar behoort daadwerklik beplan word om die woning in die toekoms dié doel te laat vervul by wyse van kuns- of museumversamelings.

SUMMARY

The practical and symbolic functions of an official residence are discussed with reference to some well-known examples as the White House, Washington DC, and 10 Downing Street, London. Past and present official residences in South Africa are also discussed.

The decision to build the residence, the subsequent competition to select a design and the winning design elicited widespread comment. The winner of the competition, GL Moerdyk's background and views on architecture brought him into conflict with the Department of Public Works.

The budgeted amount of money was exceeded early in the process and major changes had to be made to the winning design to accommodate the cut in costs. Thus the residence ultimately built is very different to Moerdyk's design.

The residence was completed in 1940 and furnished by the Department of Public Works. Prime Minister Smuts preferred his own home at Irene and used the official residence as a Government guesthouse. Mrs. Smuts called the residence Libertas after her parents' home in Stellenbosch.

The first Prime Minister to occupy the residence was Dr DF Malan and his family. From the start there were problems with some aspects of the residence such as the leaking roof and it was not yet completely furnished. After Malan all Prime Ministers and Presidents lived in the residence and various improvements were made to the residence for example a silver room and also changes to the interior decorating. Subsequent changes included bigger bathrooms, dressing rooms and improvements to the kitchen.

During the time of BJ Vorster some of the biggest changes were made to the residence. This included enlarging the dining room and Pierneef room by enclosing the verandas. This changed the northern view and inside of the residence considerably. The southern view of the residence was also changed in the 1980s by the addition of the porte-cochere.

The residence was declared a national monument in the time of FW de Klerk and the name changed to Mahlamba Ndlopfu by President NR Mandela. Years of neglect eventually necessitated major work to the residence during 1999-2000. This solved several problems and provided more office space. Attempts to solve the lack of a private living room for the family had been made over time but was only solved by building a room in 1999-2000.

The influence of the different Prime Ministers and their families on the residence had much to do with whether they were interested in the residence or not. Some were closely linked to the residence like the Verwoerds and Mrs. Vorster but others like PW Botha and NR Mandela used it out of necessity only.

According to previous inhabitants and staff members personal preference determined whether the residence was considered a successful official and family home.

The residence neither became synonymous with the position occupied by the inhabitant like the White House, nor a symbol of the unity of the South African society. This can be remedied in future, perhaps by museum or art collections.

SLEUTELTERME

Libertas

Mahlamba Ndlopfu

Bryntirion

Meintjieskop

GL Moerdyk

Ampswoning / Official residence

Eerste Minister / Prime Minister

President

Nasionale gedenkwaardigheid / National monument

Argitektuur / Architecture